

# ALMANAK 2020

## DAGSTUKKIES
## van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

# Die Koninkryksweg van God is volmaak

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Bybelse Dagstukkies
# 2020

Vir gebruik met:

- Persoonlike Bybellees
- Huisgodsdiens

Tema:
Die Koninkryksweg van God is volmaak

*Menings uitgespreek in die dagstukkies is die verantwoordelikheid van die skrywer.*

# *Voorwoord*

Ons is die Here dankbaar dat daar weer 'n nuwe *Almanak* in die kerke versprei kan word. Die Deputate het besluit om voort te gaan met die behandeling van Bybelboeke, met 'n afwyking van die program hier en daar. Ons hoop om uiteindelik met 2021 se uitgawe van die *Almanak* 'n groot gedeelte van die Bybelboeke te kon behandel.

Ons wil eerstens ons grootste waardering uitspreek teenoor ons skrywers wat, ten spyte van druk programme, tyd ingeruim het om dagstukkies te skryf. Wees verseker dat hierdie wyse van Woordbediening meer mense binne en buite die kerke bereik as wat ons kan dink.

Weereens baie dankie vir die groot werk wat deur Wymie du Plessis en Joey Fourie gedoen is om hierdie *Almanak* se inligting, statistiek en dagstukkies gereed te kry.

Baie dankie aan di. Arie Stavast, Wilhan Jobse, Karel Steyn en Hannes Lee wat die dagstukkies beplan en ook nagesien het. Dankie ook aan di. Chaka Matundela en Thomas Masase vir die reël van die dagstukkies in ander Afrikatale. Verder wil ons aan die personeel by die Administratiewe Buro vir die verpakking van die Almanakke 'n hartlike dankie sê. Ons gee ook graag erkenning aan Karien Brink vir die omslagontwerp.

Laastens wil ons weer vir dr. Hennie van Wyk bedank vir 'n QR-kode wat by baie gemeentes voorsien is. Wanneer 'n mens hierdie kode met jou slimfoon skandeer en dit in “Google maps” oopmaak, verkry jy rigtingaanwysings na die betrokke gemeente (laai net 'n “QR Reader” af as dit nie reeds op u foon is nie). Gemeentes wat nog nie 'n QR-kode het nie, kan die ligging op *Whatsapp* oplaai en aan die Admin Buro deurstuur. Dit sal intussen op die webblad aangebring word en in volgende jaar se Almanak geplaas word.

Mag 2020 se Almanak vir ons kerke tot seën wees!

*– Ds. Ronald Bain (Voorsitter)*

## JANUARIE
## 1 en 2 SAMUEL en 1 KRONIEKE 11 – 29: Die HERE is Koning oor álles

Die HERE regeer vir 400 jaar oor sy volk deur middel van die rigters. Daarna breek 'n nuwe tydperk van 400 jaar aan waar die volk deur konings geregeer word. Hierdie geskiedenis word beskryf in die volgende ses boeke, wat aanvanklik een bundel was: 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, en 1 en 2 Kronieke. Partykeer word dieselfde verhaal in meer as een boek vertel, dan gaan ons dit gesamentlik behandel. In Januarie behandel ons die Samuel-boeke en 1 Kronieke 11 – 29.

1 Samuel is 'n inleiding tot die bundel van ses boeke. In 1 Samuel 1:3,11 word die benaming *"HERE van die Leërskare"* vir die eerste keer gebruik om daardeur te beklemtoon dat die HERE die Koning oor álles is (vergelyk Sondag 10). 1 Samuel 1 – 12 bevat Samuel se lewensgeskiedenis, en in die res (1 Samuel 13 – 31) word die geskiedenis van die eerste twee konings (Saul en Dawid) vertel. Die volk wil soos die heidense volke 'n koning hê. God staan dié versoek toe, maar laat die eerste koningskap (Saul) misluk om die volk te leer dat geen mens God se Koningskap kan inneem nie.

Terwyl Saul koning is, word Dawid tot koning gesalf, maar hy moes vir 'n lang tyd wag en kort-kort vir sy lewe vlug voordat hy koning kon word (1 Samuel). Koning Dawid se koningskap word in 2 Samuel en 1 Kronieke 11 – 29 beskryf. In 2 Samuel word gefokus op sy militêre en politieke optrede, terwyl 1 Kronieke meer fokus op die dinge wat Dawid vir die tempeldiens in Jerusalem gedoen het. 1 Kronieke 1 – 9 beskryf ook geslagsregisters wat van Adam tot by die ballinge wat uit Babel teruggekeer het, strek. Die geslagsregisters wil sê dat ons almal een geslag is wat deur God geskape is om Hom te soek.

Ons leer Dawid ken as 'n teokratiese koning wat in álles die HERE wil soek en dien, en wat Gód as die ware Koning erken. Dawid bly egter 'n sondaar, maar wat sy sonde bely in die vertroue dat die HERE in genade dit bedek het (Ps. 32). Dawid se koningskap is 'n heenwysing na die Messias (Jesus Christus) wat volkome die vyande van God (Satan, die bose wêreld en ons sondige natuur) gaan verslaan (vergelyk Rom. 8:31-39). Dawid se gehoorsame dienskneggestalte wys heen na Christus wat tot die dood toe volmaak aan die Vader gehoorsaam was (Fil. 2:6-8). In 2 Samuel 7:12-16 en 1 Kronieke 17 beloof die HERE 'n ewige Koning wat uit Dawid se lendene gebore sou word. Daarom word Jesus Christus *"Seun van Dawid"* genoem (bv. Matt.21:9).

Dwarsdeur hierdie ses boeke sien mens hoe God sy volk bewaar sodat hierdie belofte gestand gedoen kan word.

*– Ds. AH Stavast (Kroonstad)*

**Woensdag 1 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-28**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:3, 11, 28**

## Geheel en al in die HERE van die Leërskare se diens!

Wat is jou nuwejaarsvoorneme? In 1 Samuel lees ons van verskeie mense wat voornemens gehad het.

Elkana het hom voorgeneem om 'n nageslag te hê. Sy lieflingsvrou se skoot is egter toegesluit. Hy maak, nes vader Abraham, 'n plan buite God se huweliksinstelling om (Gen. 2:24) en trou met 'n tweede vrou.

Die volk het in hoofstuk 8:5 hulle ook voorgeneem om 'n koning soos die heidennasies te hê. Daarmee het hulle die HERE hulle God verwerp wat hulle uit al hulle onheile en node verlos het (10:17-19).

Elkana se lieflingsvrou, Hanna (bekoorlikheid, lieftalligheid), het haar ook voorgeneem om 'n nageslag te hê. Sy kry baie swaar, want die Here het haar skoot gesluit en sy word bitterlik geterg deur haar mededingster. Die plan wat Hanna maak om gestand te doen aan haar voorneme, is om na God te gaan. Sy maak 'n gelofte aan die *HERE van die Leërskare* dat as Hy haar in hierdie voorneme sou seën, sal sy die seuntjie geheel en al aan Hom afstaan (1:11, 28).

Die benaming *"HERE van die Leërskare"* in verse 3 en 11 kom hier vir die eerste keer in die Bybel voor. Waarom nou juis in 1 Samuel? Die boek Samuel handel oor Wié Koning in jou lewe is. Die Hebreeuse woord *seba'ot* word met "leërskare" vertaal na aanleiding van Josua 5:14 waar 'n engel hom voorstel as die hoof van God se leër wat vir Josua sal beskerm. God se leër bestaan uit God se volk, maar ook uit alle skepsels – engele, bye, son, sterre, winde, weerligstrale – wat God in sý diens kan gebruik (vgl. Ps. 104, 105). Hy ís mos "die Here die Almagtige" (1983-vertaling) – die Koning van die konings, Here van die here!

Wie is jóú Koning na Wie toe jy gaan met al jou voornemens vanjaar? Die konings van Israel/Juda in die boeke van Samuel, Konings en Kronieke het afwisselend na en weg van die HERE van die Leërskare gegaan. Elkana was koning in sy eie oë, hoewel sy naam ironies "God

het geskape" beteken. Hanna het egter na die HERE van die Leërskare gegaan omdat sy Hom bely as die Almagtige wat oor alles regeer. Sy het haarself en haar seuntjie geheel en al in sý diens gestel.

*Sing: Psalm 46-1:4, 6*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Donderdag 2 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1 – 2:11; Filippense 4:6, 7**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:10, 11; Filippense 4:6 (1983-vertaling)**

## Here, Almagtige: Koning van ons verwagtinge en teleurstellings

Ons het gewoonlik een of ander verwagting van verskillende aspekte van ons lewens. Maar dinge gebeur nie altyd soos wat ons verwag nie. Wanneer dit nie so gebeur soos ons dink dit moet gebeur nie, is die teleurstelling baie erg.

In 1 Samuel 1 lees ons van Hanna wat baie graag 'n kind vir haar man, Elkana, wou gee. Sy was egter onvrugbaar. Verskeie gebeure in hierdie gedeelte het daartoe gelei dat sy baie bitter was. Sy was só bitter dat sy nie eers wou eet nie. Elkana het probeer om haar te bemoedig, maar dit was tog hol woorde. Selfs Eli se versekering was nie genoeg om haar te vertroos nie. Hanna doen iets wat anders is as hierdie mense se raad. Sy gaan na die *"Here, Almagtige"* toe. Die Koning van gelowiges. Sy maak haar *"begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend"* (Fil. 4:6). Sy gaan bid tot ons Vader wat die mag het om lewe te gee waar daar dood is. Hanna is onvrugbaar, maar die volk is ook onvrugbaar.

Die Here is egter Koning, Hy gee lewe. Hy laat Hanna swanger word en sy bring 'n seun in die wêreld, Samuel. God gebruik hierdie seun om weer lewe te gee aan die volk.

Wanneer ons met teleurstellings in die lewe gekonfronteer word, is daar net een plek waarheen ons kan gaan met ons verwagtings en teleurstellings, en dit is na die *"Here, Almagtige"*. Hy gee ware hoop vir

daardie verwagtinge en Hy gee ware troos wanneer ons teleurgesteld is. Ons kan met geruste harte alles in ons lewe voor God, ons Koning, neerlê – en daarin vind ons ware lewe.

*Sing: Psalm 84-1:5, 6*

*Ds. J Cronje (Jaco) (Aliwal-Noord)*

**Vrydag 3 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-28**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:11**

## Samuel – van die HERE gebid

Hanna leef in 'n tyd wat die deformasie in Israel groot is. Dit is sigbaar in die geheel. In Silo het die volk offers aan die Here gebring. Daar het die ark van die Here op die oomblik gestaan. Maar juis daar waar die erediens aan die Here verrig word, is die boosheid aanwesig.

In Silo was Hofni en Pineas, die twee seuns van Eli, priesters. Hierdie twee mans was slegte mense, hulle het die Here nie erken nie (1 Sam. 2:12). Waar die priesters van die Here wegbeweeg, daar lei hulle die volk die afgrond in.

Die deformasie is ook sigbaar in die gesin van Elkana. Penina het vir Hanna bitterlik geterg omdat sy nie kon kinders kry nie. Dit het nie net een keer gebeur nie. Van jaar tot jaar is sy oor haar onvrugbaarheid geterg. Dit is liefdeloos om iemand oor so 'n kwesbare saak te spot.

Ondanks die donker wolke in Hanna se lewe en in die lewe van God se volk, gaan sit hierdie vrou nie in sak en as nie. Met haar nood gaan sy na God toe. Sy weet Hy is die enigste wat uitkoms kan gee. In haar hartseer bid sy en spreek die Here aan as HERE van die leërskare. Sy maak 'n gelofte aan die almagtige God. Die gelofte is 'n hoë, intensiewe vorm van omgang met die Here. Sy wil 'n seun van die Here ontvang om hom ook weer aan die Here af te staan. Op dié manier wil sy diensbaar wees in die koninkryk van God.

Die Here gebruik dié vrou in sy Raadsplan. Sy sal geboorte gee aan

Samuel. ’n Seun wat later as profeet vir die Here sal dien. Die Here sal hom gebruik in sy verlossingsplan. Die geskiedenis van God se volk gaan so gereeld oor die onmag van mense, maar nooit het dit die werke van die Here gekeer nie. Sy verbond gaan voort.

Hierin vind ons troos vandag. Uit die verbond is Jesus Christus gebore. Die Here se Raadsplan staan vas, hoe swaar die omstandighede van die dag ook al is. Hoe uitsigloos sommige sake ook vir mense kan lyk, ons weet vanuit die geloof dat ons altyd tot God kan nader. Jesus Christus is nou in die hemel aan die regterhand van God. Daar waar ons vanuit ons nood bid, tree Hy vir ons as Voorspraak in.

Die HERE is Koning!

*Sing: Psalm 145-1:1, 12*

*Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg)*

**Saterdag 4 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 3:1 – 4:1**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:10**

## Samuel – deur die HERE geroep

In die tyd van Samuel was die Woord van die Here skaars. Min mense het in verhouding met die Here geleef. Selfs Samuel, wat in die huis van ’n priester opgegroei het, het die Here nie geken nie (1 Sam. 3:7).

Daarom praat die Here direk met Samuel. Hy gee vir hom ’n boodskap. Hy vertel vir hom wat Hy met die volk gaan doen. Die volk Israel sal die Here tot stilstand ruk. Die verbondsvolk moet onthou Wie die Here is. Hierdie boodskap moet Samuel as profeet verkondig. Dit is baie belangrik, want uit die volk moet die Verlosser gebore word. As hulle van die Here wegdwaal en tot niet gaan, dan kan Jesus Christus nie gebore word nie. Daarom gryp die Here in en bewerk Hy hervorming onder sy volk.

Vandag hoor ons die Here se stem uit sy Woord. Uit die Bybel. Daardeur praat die Here direk met ons. Hierin hoor ons die lewende evangelie.

Die werke van Jesus Christus is in sy volheid aan ons geopenbaar.

As Christene is elkeen van ons geroepe dienaars van die Here. Ons mag dien in die amp van die gelowige. Daarin is ons priesters, profete en konings. As priesters is ons geroep om ’n lewe van dankbaarheid voor God te leef. As profete om sy Woord te verkondig, dit met woord en daad. As konings is ons geroep om die skepping te beskerm en te bewaar. Die Here stel ons aan as rentmeesters.

Die Here het jou gemaak om Hom te dien en eer. Dit is die doel van jou lewe. Daar waar jy is, daar mag jy jou lewenskrag gebruik tot sy eer, tot opbou van sy koninkryk. Met alles wat jy is en het.

Die Here is Koning!

*Sing: Psalm 97-1:1*

*Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg)*

**Sondag 5 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 4:2-22**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 4:20-22**

## Gee aan die Here die eer wat Hom toekom

’n Seuntjie word gebore in die huis van die priester Pinehas. Geboorte is gewoonlik rede vir vreugde. Maar nie in Pinehas se huis nie. Die seuntjie se ma lê op sterwe as sy geboorte skenk. Sy pa is vroeër die dag op die slagveld dood. Sy oupa Eli, die hoëpriester, het op dieselfde dag van sy stoel geval, sy nek gebreek en gesterf. Die baba word weeskind by geboorte. Drie sterftes op een dag. Dis nou buiten die 30 000 manne wat op die slagveld teen die Filistyne gesneuwel het.

Die seuntjie wat op daardie noodlottige dag gebore is, kry ’n naam. Sy sterwende ma noem hom *Ikabod*. Dit beteken: geen eer nie. Die ma het haar kind met rede so genoem: “Weggevoer is die eer uit Israel, omdat die ark van God geneem is.”

Dis eintlik ’n hartseer geskiedenis wat aan klein Ikabod se geboorte voorafgaan. Israel leef in ’n staat van yslike godsdienstige verval. Pries-

ters maak soos hulle wil (1 Sam. 2). Die diens aan God word bespotlik gemaak. Die HERE het sy oordeel by monde van die jong seun Samuel daaroor aangekondig (1 Sam. 3). Die oordeel is vinniger voltrek as wat iemand ooit kon vermoed.

Israel word deur die heidense Filistyne verdruk. Hulle besluit om die juk af te werp. By Ebenhaeser word die stryd besleg. Israel word verslaan. Die volksleiers kla: Hoe is dit moontlik? “Waarom het die HERE ons vandag voor die Filistyne verslaan?” So al asof die oudstes nie weet hoe en hoe erg die volk die HERE minag nie. ’n Plan word beraam: “Laat ons die verbondsark van die HERE uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande.”

Hierdie plan getuig van vermetele goddeloosheid. Die HERE word immers nie soos ’n afgod in ’n ark van goud en hout rondgeskuif nie. Hy laat Hom nie hiet en gebied deur ’n volk wie se hart nie op Hom gerig is nie. Dit is geen wonder dat God sy ark laat wegvoer nie. As die volk nie by Hom wil leef nie, is Hy ook nie langer by hulle nie.

Weg is die ark. Weg is die eer. Die HERE se eer. Ikabod se naam spel dit in soveel woorde uit.

Gee ons aan God die eer wat Hom toekom? Of is Hy ’n spaarwiel in ons lewe? Christus het gekom om die eer van God te herstel (Luk. 2:14). Word dit sigbaar en hoorbaar in jou lewe? Ikabod dwing ons tot besinning: Gee aan die Here die eer wat Hom toekom.

*Sing: Psalm 99-1:1, 5*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*

**Maandag 6 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 8:1-22**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 8:7**

## Die Alleen-Koning is alleen Koning

Wat het skeefgeloop? Die HERE het mos by monde van Moses belowe dat Hy vir sy volk ’n koning sal gee (Deut. 17:15)? Hy het selfs belowe

dat hulle ’n koning sal hê soos die volke wat rondom hulle is (Deut. 17:14).

Rigters is nie konings nie. As Samuel se twee seuns die rigtersamp op ’n korrupte manier misbruik, is dit tog seker logies dat die volk ’n koning wil hê wat op die paaie van die HERE loop? Tog is Samuel diep ongelukkig oor die volk se wens. En die HERE is te na gekom. Die volk het met hulle wens om ’n koning te hê, Hom as Koning verwerp. Wat het skeefgeloop?

Die antwoord staan geskrywe in vers 8. Die volk se soeke na ’n koning was nie volgens Moses se bevel in Deuteronomium 17 nie. Hulle soek ’n koning wat hulle saak moet dien. Hulle begeer ’n koning wat hulle stryd stry met wapens wat hulle verkies. Geen Teokrasie (God regeer) nie, maar Demokrasie (die volk regeer).

Die HERE beskik dit so dat die volk kry waarvoor hulle vra. Hulle kry ’n koning wat by hulle ideale pas: ’n man van statuur, groot, sterk, magtig. Onmiddellik moes die rooi ligte vir hulle begin flikker het. Saul is immers nie uit die koningstam Juda afkomstig nie (sien Gen. 49:10), maar uit Benjamin. Saul word nie die koning wat “’n man na God se hart is” nie. Inteendeel, die HERE tugtig sy ongehoorsame volk met Saul. Die volk kry die koning wat hulle verdien, omdat hulle God as hulle Koning verwerp.

Hoe anders sou koning Dawid uit die geslag van Juda wees! Dawid word heenwyser na Koning Christus, die Koning van die konings. Intussen moet die volk ’n dure les geleer word. Baie nederlae word gely. Baie bloed vloei. Baie gesinne en families word in ellende gedompel deur Saul se harde regering. Die res van 1 Samuel spel die hartseer verhaal uit.

Wie begeer en erken en dien jy as koning? En as Koning? Wie het die eerste en laaste sê in jou lewe? Wat en w(W)ie beheers jou denke, planne, toekomsideale? Ons kan nie God en Mammon tegelyk dien nie, sê Christus in Matteus 6:24. Ook nie God en enige ander ding wat as god in jou lewe verhef word nie. Hy alleen wil volgens sy wet aanbid en verheerlik word. Hy laat nie met sy Konings-eer mors nie.

*Sing: Psalm 99-1:2, 3*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*

**Dinsdag 7 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 9:1-17; Heidelbergse Kategismus, Vr 28**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 9:15-17**

## God gebruik jou hede en stuur jou na sy toekoms

Hierdie nuwe jaar kan baie onsekerheid inhou. Daarom moet ons hoor dat God in beheer is. Ons lees van ’n reeks gebeure wat uitloop op die salwing van Saul as Israel se eerste koning. Toe die volk ’n koning vra, gee die Here self ’n man. Hy kom uit ’n stam sonder aansien: Benjamin. Uit ’n klein familie, sonder aansien. Die verhaal begin met ’n soektog na donkies. Omdat sy pa, Kis, ’n ryk man was, lyk dit na ’n vermorsing van tyd en moeite om so te soek na ’n paar donkies.

Tog het die hele soektog ’n baie goeie doel. Dit teken die Here se beplanning om Saul en Samuel bymekaar te bring. Daar bestaan nie “toevallig” nie. Die Here beheer die situasie sodat sy plan kan gebeur. Saul bestee baie tyd en reis ver sonder sukses. Hy wil omdraai, maar die slaaf keer hom. Hulle is presies by die dorp waar Samuel, die profeet van die Here, is. Kyk weer na die detailbeskrywing van die soektog na die donkies. Die hele pad deur die streke van Israel is die oopvou en ontvouing van God se plan. God voorsien self – daarvan getuig die feit dat die slaaf weet dat Samuel in die dorp is. Tot die drie gram silwer is so beskik. Die Here openbaar dan self aan Samuel dat Saul “die gestuurde man” is. Sonder dat Saul dit besef, is verlore donkies, ’n slaaf en klein bietjie geld die skakels tussen hom en koningskap.

Lastige dinge, ’n vrugtelose soektog en eenvoudige mense word God se instrumente in ons lewe. So ook is die offer, die ete en die ontmoeting in die poort deel van God se plan. God stuur ons gedagtes en lewe in ’n bepaalde rigting sodat alles vir ons ten goede kan meewerk. Saul se lewe verander dramaties ná hierdie ontmoeting. Hy word die eerste koning van God se uitverkore volk. Dit is ’n baie besondere roeping. Hy word later gesalf om te heers. Hy ontvang God se Gees om goed te heers. Ons Here Jesus Christus verneder Homself en begin sy lewe op aarde nederig, sonder aansien in ’n stal. Hy ontvang die Heilige Gees by sy doop en word as Messias – Koning – gesalf. Hy kom om ’n baie

besondere diens te verrig. Hy verkondig sy Vader aan ons sodat ons die Here kan loof vir sy plan wat daagliks gebeur. Die Here gebruik elke tyd en omstandigheid in ons hede om ons die toekoms in te stuur as sy geroepenes. Ons moet bly getuig dat God nie net in beheer is nie, maar oppad is met elke gelowige na ’n besondere doel. Ons lewe is nie doelloos nie, ons is geroep as profete, priesters en konings. Die Here rus ons toe deur die Gees en die Woord om ons roeping uit te voer.

Bid dat God vandag vir jou insig sal gee om as gelowige kind jou werk met ywer te verrig.

*Sing: Psalm 25-1:1*

*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*

**Woensdag 8 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 10**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:1**

## ’n Nuwe era begin met gehoorsaamheid aan God

Hoofstukke 10 en 11 leer ons die geskiedenis van die eerste koning van Israel, Saul. Die Here stel die feit dat die volk die teokrasie – God se regering – verwerp. Hulle wil ’n eie, aardse koning sien. Ons kan met dankbaarheid weet dat alle gesag en regerings op aarde ’n duidelike grens het wat deur God bepaal word. Elke leier op aarde word deur God aangestel, ook heidene. Hulle is God se instrumente.

Saul word deur Samuel as koning gesalf. Salwing beteken om tot ’n spesiale diens/amp geroep te wees. Die salfolie is die simbool van die verkwikkende en bekwaammakende krag van die Heilige Gees. Saul profeteer daarom ook saam met die profete, omdat hy deur God innerlik verander word. Hy ontvang sy regeergesag uit God se hand. Die Here bly die Koning. Daarom hoor ons die troos in Openbaring 1 dat Jesus Christus die Koning van alle konings is. Hy is die Heerser oor die konings van die aarde. Saul se regering moet in gehoorsaamheid aan God gebeur.

Die Here gee hom ná sy salwing drie tekens om sy geloof en roeping te versterk. God self bevestig dat hy wettig geroep is om Israel se koning te wees. Sy gesindheid verander later in sy koningskap om meer aan homself en mense gehoorsaam te wees. Sy eiesinnigheid kos hom die koningskap.

Die Ou-Testamentiese konings wys na Jesus Christus as dié Gesalfde van God. Hy bly tot in die donker van die dood en die hel gehoorsaam aan sy Vader. By sy doop maak die hemel oop en ontvang Hy die Heilige Gees met die bevestiging: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."

Jesus word gesalf as Messias. In Grieks is dit die woord "Christus". Hy word deur die Bose getoets en Hy oorwin. Hy oorwin die dood en die graf. Hy staan op en vaar na die hemel. Sy roeping is dat Hy Profeet, Priester en Koning is. Op grond daarvan word ons geroep tot besondere dienste as gelowiges. As profete is ons geroepe verkondigers in woord en daad. As priesters offer ons 'n lewe van dankbaarheid en gehoorsaamheid wat deur die Heilige Gees in ons gewerk word. As konings moet ons oor die bose en ons ou natuur heers met die hulp van die Here (HK, Vraag 32).

Wanneer aardse regerings ons teleurstel of ons onderdruk, kan ons die troos kry dat hulle net so ver kan gaan as wat God dit toelaat. Hy roep ons om elke dag 'n nuwe geleentheid te sien om die Here te dien. Oud en jonk is deel van die liggaam van ons Here Jesus Christus. Daarom moet ons as geroeptes ons krag in God se Woord en tekens vind. Die Here gee die doop en die nagmaal as versterking en versekering dat ons in sy diens is, toegerus vir ons dienswerk.

*Sing: Psalm 28-1:6*

*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*

**Donderdag 9 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 13**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 13:11-14**

## Bely God se grootheid

God is groot. Hy waak oor sy grootheid. Dit moet ons onthou in die belydenis en belewenis van ons geloof. As ons, soos Saul sê, sy aangesig om genade smeek, as ons sy guns soek, moet ons bely: Hy is groot.

Saul het nie kans gesien om sonder die guns en die medewerking van die HERE te gaan veg nie. Hy wou dat sy manskappe moed hou. Daarom het hy hom sterk gehou en die offers aan die HERE gebring. Dan moet hy hoor: "Wat het jy gedoen? … Jy het dwaas gehandel …"

Dít het hy gedoen! Hy het nie na die profetiese Woord geluister nie. Hy het nie lank genoeg gewag nie. Hy wou die sterke wees. Hy het nie daarmee rekening gehou dat die HERE groot is nie. Een Skrifverklaarder noteer hierby: "Daar is nie 'n klein sonde nie, want daar is nie 'n klein God om teen te sondig nie." Dit is waarom dit gaan. Saul wou groot wees. Die HERE moes hom ondersteun. Hy moes met Saul se besluite saamstem.

Dit mag nie. Ons vra nie Hy moet saam met ons kom nie. Ons vra Hy moet ons saam met Hom neem. Dit is anders. Dit is om sy grootheid te bely.

Ons moet Christus navolg. Hy het Homself nie gedien nie, maar gebid: "Laat u wil geskied." Hy het sy Vader groot gemaak. So moet ons in Hom deur sy Gees leef en bid: Maak my minder sodat U meer kan word. Laat my U, wat groot is, hoor!

*Sing: Psalm 48-1:4, 5*

*Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Petrus) (Marble Hall)*

**Vrydag 10 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:3-28**

## Ongehoorsaamheid is soos afgodery

Ons hoor soms: "Ek gaan nie kerk toe nie, want ek dien die Here net so goed in die natuur." Of: "Ek kwets wel soms mense, maar ek praat altyd reguit." Ons kan iets gou goedpraat as ons nie doen wat die Here beveel nie. Gewoonlik het mense ook 'n "goeie", of selfs verwronge Bybelse argument om hulleself te regverdig.

Saul moes alle Amalekiete en hulle besittings met die swaard en vuur vernietig weens hulle sonde. Dit was God se uitdruklike bevel. Saul het egter beter geweet. Hy het koning Agag ná die oorwinning nie doodgemaak nie, want hy wou van die bangoed aan die Here offer, of so het hy vir Samuel gesê. Die Here antwoord egter ondubbelsinnig dat "eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery is" (vs 23).

Saul het dalk regtig bedoel om aan die Here te offer. Die oomblik dat ons egter begin "verbeter" op die Here se opdragte, begin ons eie wil, en selfs ons sondige selfsug saampraat.

Saul was seker baie populêr toe hy van die bangoed vir sy soldate gegee het. Moontlik wou hy ook nog sy eie beuel gaan blaas as hy, soos die gebruik destyds was, die oorwonne koning Agag in kettings voor hom uit die stad Gibea of Gilgal instuur.

Eiewillige godsdiens eindig altyd by 'n afgod. Die afgod is óf jyself óf een of ander verwronge idee van God, of van dit wat Hy van ons eis.

Die Here straf ongehoorsaamheid!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1*

*Ds. KA Janse van Rensburg (Anton) (Emeritus)*

**Saterdag 11 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7, 13 (1933/53-vertaling)**

## Die Here kies en die Here rus toe

Vantevore al het God gesê dat Hy vir Hom ’n man na sy hart gesoek het in die plek van Saul (1 Sam. 13:14). Dan stuur die Here vir Samuel om een van die seuns van Isai van Betlehem as koning te gaan salf.

By die offermaaltyd waarheen Isai en sy seuns genooi is, sê die Here vir Samuel dat Hy nie na die dieselfde dinge as die mens kyk nie. Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.

Nie een van die sewe seuns van Isai wat by die maaltyd was, is deur die Here gekies nie. Die jongste seun, Dawid, moes van agter die skape gehaal word. God het hom gekies.

Ná die salwing het God die Heilige Gees hom toegerus met die gawes wat hy as koning nodig gehad het. Vir Israel het God se voorsiening van ’n koning beteken dat hulle ’n toekoms gehad het. Die Here het vir Hom ’n man na sy hart gesoek. Die Here sien die hart aan. Dit is ook daar, in jou hart, waar die Here jou verander.

Vir hulle wat God verlos het deur die Seun van Dawid, gee God nuwe harte. Hy verwyder die harte van klip en Hy gee aan hulle harte van vlees. Hy maak hulle geestelik lewend. Hy verander hulle van binne af, sodat hulle glo in dié Koning, Jesus Christus, uit Dawid se nageslag.

God die Heilige Gees rus hulle toe om Hom wat hulle gekies en geroep het, te gehoorsaam. Hulle diens aan die Here is nie net uiterlike vorm nie, maar dit het ook inhoud. Hulle doen dit van harte vir Hom wat hulle harte ken. En hulle het ’n toekoms, ’n heerlike toekoms.

*Sing: Psalm 33-1:6, 10, 11*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*

**Sondag 12 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 17**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 17:45-47**

## Verlossing van 'n reuse vyand

Hoe is Dawid en Israel daardie dag verlos? Was dit deur die slingervel en die klip? Was dit deur Dawid se vlugvoetigheid, deur sy vaardigheid en akkuraatheid? Alhoewel God al hierdie dinge gebruik het, was dit uiteindelik Hy wat die oorwinning gegee het. Dit is God wat verlos het – nie deur die swaard of die spies nie.

Dit was ook nie deur die swaard of die spies dat dié Koning uit die nageslag van Dawid ons verlos het nie. Hy het ons met sy bloed verlos. Hy het dit gedoen aan die kruishout. En weet u: dit was ter wille van Hom, van Jesus, dat God op daardie dag vir Dawid bewaar het. Daarom kon Goliat nie Dawid se vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee nie. Want in Dawid was inbegrepe en uit sy nageslag moes die Verlosser van die wêreld gebore word. Die Een wat God se volk kom verlos het uit elke stam en taal en volk en nasie.

Agter Goliat was daar 'n baie groter vyand nog as die reus. Daar was 'n draak, die slang van ouds, wat die duiwel en Satan genoem word. As hy vir Dawid kon vernietig, kon hy die beloofde Saad, die Nasaat, vernietig.

Maar God het Dawid verlos. Hy het Israel verlos. Hy het ons verlos deur sy Seun, Jesus Christus. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

Ons het magtige vyande. In ons Kategismus praat ons van doodsvyande (HK Sondag 52). Maar ons vyande is nie magtiger as die Here aan Wie ons behoort nie. Hou dit in gedagte en bring dit in berekening wanneer die vyand jou wil bang maak en intimideer.

Bring God deur die geloof in berekening. Soek sy eer en stry in sy krag, in die krag van sy Heilige Gees.

*Sing: Psalm 18-1:1, 9, 15, 20*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*

**Maandag 13 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 18 en 19**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 18:12 (1933/53-vertaling)**

## Die HERE is Koning!

In ons daaglikse omgang met mekaar en die wêreld waarin ons leef, raak die gesegde van *"die mens wik, maar God beskik"* meer en meer vreemd. In die gelese teksgedeelte vanuit die boek 1 Samuel raak hierdie saak vir ons baie meer duidelik aangaande die wil van mense en die wil van God. Vroeg reeds in 1 Samuel 8:5-9 vind ons die weerbarstige wil van die mense, die volk van God. Hulle soek 'n koning!

Die Koning van die volk wat hulle tot stand gebring het, hulle verlos het uit Egipte en hulle daagliks gedra en versorg het, het nie meer plek in hulle lewe gehad nie. Die wil van God en die Wet van God was verontagsaam en van min tot geen belang meer nie. Ná talle mislukte pogings om onder die regering van 'n koning te oorleef en te groei, kom God en salf sy eie koning onder die mense, Dawid (1 Sam. 16:13). Saul het teen die wil van God opgetree en die mense gevrees en só sy heilige vrees vir God verloor. Dawid, uit wie se nageslag ons Verlosser gebore sou word, is deur God verkies en aangestel vir die volk.

Ongeag van die wil van die volk, van die tyd of die mense van die dag, bly God steeds Koning, ons enigste Koning. Waar ons ook vandag so maklik opkyk na leiers en mense, kan ons heilige ontsag en vrees vir ons Koning verlore raak. Verheerlik vandag en elke dag jou Koning in die hemele en moet jou nie op mense verlaat nie.

Ons getroue Verbondsgod bly Koning vir elke geroepe kind van Hom. Soek daarom allereers die wil van God vir en in jou lewe bo die wil van jouself of ander mense. Om die wil van die Koning te doen, bring ook die seën van die Koning!

*Sing: Psalm 48-1:1, 4*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*

**Dinsdag 14 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 24:1-23**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 24:11**

## Die G(g)esalfde van die Here

Vanuit menslike oogpunt het Dawid hier 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om vir eens en vir altyd met Saul af te reken. Hy sou seker die volste reg daartoe gehad het om Saul dood te maak. Die geskiedenis wys hoedat Saul Dawid onskuldig wou doodmaak. Saul was jaloers omdat hy geweet het die Here het hom as koning verwerp en Dawid gekies.

As mens net na die omstandighede kyk, lyk dit asof die Here Saul in Dawid se hand oorgee. Die manskappe het Dawid ook aangepor om sy hand teen die Here se gesalfde te lig. Dawid het egter die dieper insig in die situasie gehad. Daarom: *Ek sal my hand nie teen my koning oplig nie, want hy is die gesalfde van die Here* (vs 11). Wat beteken dit om *gesalfde van die Here* te wees? In Hebreeus is dit die woord "Messias". Die woord beteken:

- Afsondering vir God se diens (Lev. 8:12).
- Dit is *God* se gesalfde en moet daarom gerespekteer word (2 Sam. 12:7).
- Die Heilige Gees werk in God se gesalfde (1 Sam. 10:10; 16:13).
- Gesalfde van God is afbeelding van die Messias, Jesus Christus (Jes. 9:1-7; 11:1-5).

Die salwing het met 'n spesiale salfmengsel plaasgevind en het die werk van die Heilige Gees gesimboliseer. Die voorskrifte van die salfolie lees ons in Eksodus 30:22-33. Om gesalfde van die Here te wees, het groot verantwoordelikheid ingehou en hy moes tot God se eer optree. Profete, priesters en konings is tot hulle dienswerk gesalf.

Vandag het ons nie meer gesalfdes in daardie sin van die woord nie. Tog kry ons die beginsel terug in ons onderskeie ampte in die kerk. Predikant (profeet), diaken (priester) en ouderling (koning). Hulle word deur God geroep en bevestig in sy diens. In die verskeie bevestigingsformuliere kry ons hulle opdragte. Teenoor God se ampsdraers moet met die nodige

respek opgetree word; ons moet hulle eer ter wille van hulle roeping.

Uiteindelik wys alles heen na Jesus, die Gesalfde van die Here. Hy is deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ewige Koning. As gelowige het ek ook deel aan sy salwing en word dus geroep om as gesalfde te leef (HK So. 12).

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*

**Woensdag 15 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 28 – 31**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 28:6; 29:6; 30:8; 31:6**

## Waar die menslike konings misluk, gee God die volmaakte koningskap van Christus

Dit waarteen Samuel die volk gewaarsku het, het toe gebeur. In 1 Samuel 8 het die volk vir ’n aardse koning gevra. Hulle was nie meer tevrede met God as Koning in hulle lewens nie. Ons lees die Here se reaksie op hulle versoek: *Hulle het jou nie verwerp nie; hulle het My verwerp as koning oor hulle*.

In gister se dagstukkie het ons gefokus op die G(g)esalfde van die Here. Die gesalfde van die Here (Saul) het klaaglik misluk. Hierdie deel van die geskiedenis eindig op ’n baie droewige noot. Die volk het die Here verwerp, Saul het die Here verwerp, daarom het die Here hom verwerp. Ons sien baie duidelik dat geen mens God se plek kan inneem nie.

Hoe ver Saul al van die Here afgedwaal het, sien ons in die feit dat hy ’n dodebesweerster geraadpleeg het toe hy in die nood was. Hy het hom vanweë sy ongehoorsaamheid van die Here vervreem. Daarom het die Here hom nie geantwoord nie. Hierdie besoek aan die waarsegster was die laagtepunt in Saul se lewe. Dit sou ook sy doodsvonnis en einde van sy koningskap bevestig. Aan die begin van sy koningskap was hy vervul

met die Heilige Gees en het hy die wil van God uitgevoer. Nou het God hom verlaat en moet hy sy toevlug tot bose geeste neem.

Genadiglik het God alreeds vir Dawid as sy opvolger gesalf. 'n Man na God se hart. Ons lees in hoofstukke 29 en 30 ook van Dawid se nood. Hy het die Here geraadpleeg. Die Here het hom geantwoord en uit sy nood gered. Dawid se koningskap wys heen na die volmaakte koningskap van Christus. In hoofstuk 29:6 hoor ons uit die mond van Akis 'n profetiese woord: *... het ek niks verkeerds by jou gevind nie, maar jy is nie aanvaarbaar vir die regeerders nie*. Woorde wat ons byna net so hoor in Lukas 23:4 en Johannes 18:36 ten opsigte van Jesus.

In hoofstuk 30 lees ons hoedat Dawid dié wat aan hom behoort, van die Amalekiete gered het en groot buit geneem het. Baie duidelik is hy hierin skadubeeld van Jesus Christus in sy reddende en volmaakte koningskap.

Hoofstuk 31 sluit af met die einde van Saul se tragiese lewe. Oor alles heen staan geskrywe: God is Koning! Ten spyte van die mense se sonde en onvolmaaktheid hanfhaaf God sy koningskap. Laat ons in alles net op die Here, ons Koning, vertrou en aan Hom gehoorsaam wees.

*Sing: Psalm 48-1:1*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*

**Donderdag 16 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 1:1-4, 24-28; Handelinge 17:22-34**
**Fokusgedeelte: Handelinge 17:26-28**

**Ons is God se geslag wat Hy in Christus kom opsoek het!**

Wonder jy ook wie jy eintlik is? By Wie hoort jy? Die skrywers van die Kronieke-boeke het die antwoord onder andere gesoek in die geslagsregisters wat strek van Adam tot by die ballinge wat uit Babel teruggekeer het. Ons is vandag geneig om by hierdie klomp name verby te lees. Maar tog bevat dit belangrike inligting rondom die Ou-Testamentiese geskiedenis. En dan het die skrywers verder soekend beskryf

hoe die godsdienstige gebeure in die tyd van die konings verloop het. Daar is veral klem gelê op die aanbidding van die Here in Juda tydens die regering van Dawid en sy nageslag. Kan ek myself in hierdie godsdienstige gebeure vind? Die geslagsregisters wil sê dat ons almal een geslag is. God het ons almal geskape. Paulus sluit by hierdie gedagte aan wanneer hy vir die Ateners op die Areopagus leer Wie die sogenaamde "onbekende God" is vir Wie hulle ook 'n altaar gebou het. Hierdie God is die Een wat die wêreld gemaak het en alles en almal daarin. Hy het aan almal lewe en asem gegee en hulle oor die hele aarde laat versprei, terwyl Hy voorafbepaalde tye en grense van hulle woonplekke vasgestel het. Óók van die volke in Suid-Afrika! Óók van jou! Hy het al die nasies uit een bloed (Adam) gemaak. Dis waar 1 Kronieke ook begin: Adam, Set, Noag, Sem, Abraham, ensovoorts. Daar was ook ander stamlyne van Gam en Jafet, maar die Here wou aanvanklik sý kerk uit Sem en Abraham bou. Hieroor gaan Paulus verder deur te sê wat die doel van hierdie godgegewe gebeure van die mensdom is, naamlik: *"... sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons ... en is ons ook sý geslag."* Weet jy nou al wie jy is?

Paulus gaan nog verder. Die mense moet God opsoek en hulle tot Hom bekeer. Baie mense doen dit egter nie. Daarom het God in sy genade sy Seun, ons Here Jesus Christus, na die wêreld gestuur om óns, sy uitverkore kinders, te kom opsoek. Hý het dit wat skeiding maak tussen ons en God uit die weg geruim deur aan die kruis vir ons sonde te betaal. God se oordeel oor ons het op Hóm gekom. En om vir ons die sekerheid daarvan te gee, het Hy Hom uit die dood opgewek. Toe die Ateners van die opstanding uit die dode hoor, het baie van Paulus af weggegaan. Maar sommige het wel by hom aangesluit en gelowig geword. Dan word daar in Handelinge 17:34 'n paar manne en vroue se name genoem. Weet jy nou wie jý is? Is jy 'n gelowige wat deur die genadige werking van die Heilige Gees tot geloof gekom het? Dán is jou naam ook in God se register opgeskrywe! Jy is van God se geslag wat Hy in Christus kom opsoek het!

*Sing: Psalm 84-1:1, 2, 3*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Vrydag 17 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 2:1-16, 48-50; Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 28**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 2:49**

## Sluit by die ware kerk aan en bou die medegelowiges op!

Jy is mos 'n gelowige deur die genadige werking van die Heilige Gees. En jou naam is mos in God se register opgeskrywe omdat jy van God se geslag is wat Hy in Christus kom soek het. Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus leer: Slegs diegene wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aangeneem het, is salig. Jy aanvaar God se Woord as vasstaande en jy vertrou die evangelie dat God uit loutere genade op grond van Christus vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid geskenk het.

Hierdie geslag van God en verlostes is verplig om hulle by die ware kerk van God, die versameling van verlostes, aan te sluit en hulle daarmee te verenig en die eenheid daarvan te bewaar (Ef. 4; NGB 28). En hulle doen dit volgens die gawes wat God vir hulle gegee het om die medegelowiges op te bou.

In 1 Kronieke 1 – 9 lees ons van die name van die kerk tot met die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap. Telkens lees ons so-en-so is die seun van die-en-die. Maar in 1 Kronieke 2:49 lees ons van Agsa ("Aksa", 1983-vertaling), die *dogter* van Kaleb. Tussen 'n klomp seunsname staan hierdie dogter se naam uit.

Kaleb – een van daardie spioene wat Moses gestuur het om die Beloofde Land te gaan verken – het met 'n vaste vertroue verslag gelewer dat die Israeliete met die krag van God die Kanaäniete kán verslaan. Hierdie geloofswaarheid het hy sy dogter geleer. Sy het by die versameling van verlostes (die ware kerk) aangesluit en God se Woord as vasstaande aanvaar en ten volle op God vertrou.

Jare later trou sy met 'n gelowige man, Otniël. Sý naam beteken "die HERE is my sterkte!", en met sy vertroue op die HERE verslaan hy vir Debir. Ná die dood van Josua en Kaleb word Otniël die eerste rigter. Rigters 3:10 vertel dat die Gees van die Here op hom was en daarom

kon hy die vyand verslaan en die kerkmense weer teruglei na God toe.

Jóú naam staan mos ook in God se register. Verenig jy jou met God se kerk? Dien jy jou medegelowiges tot opbou van die geloof? Leer jy jou seuns en dogters van die waarhede van die geloof?

*Sing: Psalm 128-1:3*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Saterdag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 1:1-27**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 1:17-27**

## Gesalfdes sal rekenskap gee

Nooit vantevore het ’n jong man soveel potensiaal getoon en soveel moontlikhede vir sy lewe gehad soos Saul nie. Nie alleen het hy kop en skouers bo die volk uitgestaan nie, maar is hy ook as mooi beskryf. Hy het soveel gawes van die Here ontvang. Hy was nederig, beskeie, het sy vader in ag geneem en was dapper.

Maar hy tree eiewillig op en breek sy verhouding met die Here. Sy uiteinde is tragies. ’n Amalekiet vermoor hom. Die gesalfde van God sterf, en Dawid is ontroer omdat hy God se gesalfde was. Toe Dawid die geleentheid gehad het om die reg in eie hande te neem, het hy hom daarvan weerhou. Saul is deur die Here aangewys. Ons sou dink dat Dawid net oor sy boesemvriend Jonatan sou huil en sing (onthou dat hy ’n digter/sanger was). Sy respek vir Saul is ten diepste respek vir God. Dat die Amalekiet doodgemaak word, is grusaam, maar teken Dawid se integriteit en lojaliteit.

Niemand het die reg om die gesalfde van God dood te maak nie, al het hy van die Here verwyderd geraak. Dawid treur in sy treffende klaaglied roerend oor die verwoesting van die trots van Israel, Saul en Jonatan. Drie keer verwoord hy sy pyn met die frase: Hoe het die helde geval. Veral oor Jonatan, sy boesemvriend, is sy hartseer groot.

Dawid sing die lied met ’n waarderende gesindheid. Hy wil dat die

volk die goeie oor Saul en Jonatan onthou. Dawid en Jonatan was bondgenote van mekaar. Daar is eedswering betrokke. Daarom ook deernis en respek vir mekaar. Dawid sing oor die kompleksiteit van verhoudings. Die lewe is brutaal en mooi. En God is daarin alles. Hy is in die droë plekke en tye van my lewe. Hy is daar wanneer ek oorvloed geniet. Dawid sing van benoudheid, vrees en smart. Jonatan, die wettige troonopvolger, het Dawid se lewe gered nadat hy as koning gesalf is. Daarom is sy hartseer groot.

Ons mag die mooi van 'n vriendskap koester, maar ons moet nie die pas daar markeer nie. Ons het 'n roeping – soos Dawid wat die nuwe verantwoordelikheid van koningskap moet aanneem. Die realiteit van die lewe is: groei en leef na God toe. Getroos deur die Gees, salf die Here ons wonde om steeds verder diensbaar in sy Koninkryk te wees.

*Sing: Psalm 145-1:4*

*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*

**Sondag 19 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 2**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 2:1**

## Vra wat die Here wil

Dawid se lewe verander van vlugteling na koning. Saul het eiesinnig begin handel. Hy offer self en wag nie op die Here se profeet nie. By Dawid, die skaapwagter sonder aansien, sien ons iets heeltemal anders. Die Here maak hom koning, want sy innerlike lyk anders. Die Here sal, ten spyte van Dawid se sonde, 'n koning hê na sy Vaderhart. Opvallend is dat Dawid niks doen sonder om die Here te raadpleeg nie. En hy is baie spesifiek in sy vrae: Moet ek na Juda toe gaan? En nadat die Here bevestigend antwoord, vra hy: Na watter stad in Juda moet ek gaan? Die Here stuur hom na Hebron. Dat Dawid baie na aan die Here wil lewe, is die kern van sy koningskap en dit onderskei hom van Saul.

Hebron is 'n baie betekenisvolle plek. Dit is waar Abraham, die

vader van die gelowiges, en Sara begrawe is (Gen. 23, 25). Isak, Jakob, Rebekka en Lea is ook hier begrawe. Dit is die stad wat die hoogste geleë is in Israel, en is ongeveer 30 km suid-suidwes van Jerusalem. Dit was ook een van die vrystede in Israel. Dit is die enigste deel van die beloofde land wat Abraham ooit besit het.

Dit is die plek waar Dawid se koningskap begin. Hy regeer sewe en ’n half jaar hier. Hier word vir hom ses seuns gebore. Hebron is geleë in ’n vrugbare landbougebied. Dawid se troonsbestyging in Hebron is sinnebeeld van die Here wat seën en voorspoed gee. Dawid wil saam met die Here lewe. Ons ken sy liedere in die Psalmbundel wat getuig van die vaste vertroue en geloof wat hy in die Here het. Dawid het waarlik onder die leiding van die Heilige Gees geleef.

Maar daar is ook ’n baie hartseer deel van Dawid se vroeë regering. Dit is die voortslepende konflik tussen Saul se nageslag en Dawid, en hoe dit uiteindelik alle mense in Israel en Juda raak. Dawid word egter deurgaans as beginselvas geteken. Hy is ook vrygewig: hy betoon simpatie met Saul se familie. Dit oortuig nie vir Abner, die hoof van Saul se leër, nie. ’n Hewige geveg breek tussen Israel en Juda uit. Broer veg teen broer. Gelowige teen gelowige.

Hoe hardvogtig kan ons nie soms wees nie. Daarom moet ons na die wil van die Here vra in ons afhanklikheid van die Heilige Gees se lig en leiding.

Die Here Jesus Christus het teenstand ondervind omdat Hy aan sy Vader gehoorsaam wou wees. Die Fariseërs wou Hom doodmaak daaroor. As gelowiges moet ons altyd vra waarmee ons regtig besig is. Is ons nog regtig kerk wat ’n impak in die samelewing maak? Ons moet die Blye Boodskap van versoening en vergifnis bly verkondig.

Vra eerste: Is dit God se wil, of my eie wil?

*Sing: Psalm 48-1:5*

*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*

## Maandag 20 Januarie

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 3:1-4; 1 Kronieke 11:1-19 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 11:16-19**

### Bloed as setel van lewe kom God alleen toe

Dawid was in ’n bergvesting waar hy kon afkyk op Betlehem wat deur die Filistyne beset was. Hy kon nie maar veilig verskans daar bly nie, hy moes tot eer van die Here optree teen die vyand.

As Dawid dan vra: “Wie sal vir my water gee om te drink uit die put van Betlehem wat by die poort is?” beteken dit dat diegene wat die water gaan haal, eers by die vyand verby moes kom. As drie manne dan gaan water skep en vir Dawid bring, beteken dit daar is dapperheid in Israel om God se vyand te verslaan – hulle sal hulle lewens daarvoor op die spel plaas.

Daarom drink Dawid nie die water nie, maar giet dit as offer vir die Here uit. Die manne was bereid om hulleself in die geloof te offer vir die eer van die Here en daarom sien Dawid in die water hulle bloed. As hy die water wat hulle met lewensgevaar gebring het, drink, sal hy as’t ware hulle bloed drink wat die setel van die lewe is en wat God alleen toekom.

Dawid se stryd teen Saul se huis (2 Sam. 3 en 4) en teen die Filistyne (1 Kron. 11) maak duidelik hoe belangrik dit vir hom was om geen onskuldige bloed in ongehoorsaamheid aan die sesde gebod te laat vloei nie. Tog het dit later by geleentheid gebeur dat hy in swakheid onskuldige bloed vergiet het toe hy Uria op die voorpunt van die oorlog laat plaas het in ’n poging om sy sonde met Batseba te verberg. Dawid, wat hoeveel keer die Filistyne verslaan het, was nie die volmaakte koning wat al die vyande van God en sy volk finaal kon verslaan nie, hy was ’n sondaar.

Ons is ook sondaars wat dikwels in stryd met die sesde gebod ons naaste doodslaan deur byvoorbeeld gedagtes en woorde van haat, belediging, ontering, in plaas van om hulle lewe in beskerming te neem en hulle lief te hê soos onsself. Daarom het God die volmaakte Koning, sy Seun Jesus Christus uit die geslag van Dawid, gestuur dat sy

onskuldige bloed aan die kruis vergiet moes word as offer om ons van die doodsvyande – Satan, die wêreld en ons ou natuur – te verlos.

Hy het ook sy Gees aan ons gegee om ons weergebore te laat word sodat ons nie met woorde, dade of gedagtes ons naaste se lewe verwoes nie, maar onsself in dankbaarheid aan God offer deur Hom bo alles lief te hê en ons naaste soos onsself.

*Sing: Psalm 4-1:3*

*Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)*

**Dinsdag 21 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 5:1-25; 1 Kronieke 12:1-40 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 5:2-3, 10-25**

## Erkenning van Dawid as koning is ’n erkenning van God se gesag

In 2 Samuel 5 vind ons die derde keer wat Dawid as koning gesalf word. Die eerste was “in die geheim” toe Samuel Dawid tydens Saul se koningskap reeds as Saul se opvolger gesalf het (1 Sam. 16:3, 13). Die tweede was ná Saul se dood toe die manne van Juda Dawid as koning oor Juda gesalf het (2 Sam. 2:4) terwyl Saul se seun Isboset oor Israel koning gemaak is (2 Sam. 2:8-10).

Eers ná Isboset se dood het die stamme van Israel daartoe gekom om God se gesag te erken dat Hy Dawid as koning oor sy volk aangestel het. Hulle bely in 2 Samuel 1 en 2 dat hulle been en vlees van hom is en dat die Here aan Dawid gesê het: “Jý moet my volk Israel oppas, en jý moet ’n vors wees oor Israel.” Hulle bely die Here het Dawid aangestel as herder wat God se kudde Israel moes oppas en versorg, en as koning wat Israel as vors moes beskerm – dit at hy in die tyd van Saul as krygsman eintlik alreeds gedoen het (1 Kron. 12). Daarom het ons hier met sy salwing die openbare bevestiging deur die volk Israel van wat daar in die geheim gedoen is deur Samuel (1 Kron. 11:3) met sy salwing van Dawid.

En ná hierdie gebeure, as die volk so God se gesag erken en Dawid

as koning erken, kon Dawid daartoe kom om die vyand te verslaan, Jerusalem te verower wat die stad van Dawid – maar uiteindelik die Godstad – sou word (2 Sam. 5:6-12). Ook kon hy, omdat hy volgens die Here se wil wou regeer, die groot vyand, die Filistyne, verslaan nadat hy die Here geraadpleeg het (2 Sam. 5:17-25).

Uit Dawid se geslag het die ware Herder-Koning Jesus Christus gekom, been en vlees van ons, want Hy het die ware menslike natuur aangeneem, uitgesonder die sonde. Hy is in die openbaar gesalf as die Christus deur die Heilige Gees as profeet, priester en koning. Hy het so volkome volgens God se wil opgetree om die vyand te verslaan dat Hy sy lewe as Herder-Koning vir ons, sy kudde, gegee het deur as Priester Homself te offer om ons ewig van die vyand, Satan, die sonde en ons ou natuur te verlos en hierdie verlossing as Koning vir ons te bewaar en ons ewig te beskerm.

Daarom moet ons deur die Heilige Gees se werking in ons elke dag daartoe kom om Hom, die Goeie Herder as Gesalfde van die Here, as Enigste Verlosser en Ewige Koning te dien en eer na God se wil.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)*

**Woensdag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 13:1-14**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 13:1-2**

## ’n Mooi gedagte, maar verkeerd uitgevoer

Israel se vyande was nou onderwerp en het nie meer bedreiginge vir hulle ingehou nie. Nou kon Dawid aan binnelandse sake aandag gee. En die eerste wat moet gebeur, is dat die volk weer op ’n gesonde voet kom in hulle aanbidding van die Here. Daarom moet die verbondsark – teken van God se teenwoordigheid by sy volk (Eks. 25:22) – na Jerusalem toe gebring word.

Dit is ’n rein gedagte van Dawid – die Here moet die middelpunt van

die volk se lewe wees. Dit is immers met offerbloed op die deksel van die ark wat daar versoening gedoen word vir die volk. Wanneer dit by diens aan die Here kom, is ’n rein gedagte egter nie genoeg nie. Die wyse waarop die rein gedagte uitgevoer word, is ook belangrik.

In plaas daarvan om die Here te raadpleeg en sy voorskrifte na te gaan (Num. 4:1-20), raadpleeg Dawid die leiers in die volk. Almal was opgewonde oor die plan en Dawid organiseer ’n indrukwekkende prosessie sonder gelyke – ’n nuwe wa, musiek, gedans en gejubel van die volk sal die ark na Jerusalem begelei. Die Here het egter die hele prosessie in sy spore gestuit met die dood van Ussa.

Diens aan die Here geskied soos Hy dit voorskryf en nie op die manier wat nou populêr is onder die mense nie. Met baie kunsmatige goed en dingetjies wat gewild is in die samelewing wil mense vandag ook die Here dien. Om te die Here te dien, is ’n mooi en edel gedagte. Maar dan doen jy dit op die wyse wat Hy voorskryf.

Wat vir mense ouderwets en dwaas lyk, wil die Here gebruik. Hy maak Homself deur sy Woord en die prediking daarvan aan mense bekend. Dit is met die lewende verkondiging van sy Woord dat die Heilige Gees mense tot geloof in Christus bring en in die geloof aan Christus vashou tot lof en eer van God.

*Sing: Psalm 96-1:1, 2, 3*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*

**Donderdag 23 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 15:1-16, 25**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 15:12-13**

## Staan op, maak reg en doen weer die Here se wil!

Ons Here is Koning en Hy is heilig en terselfdertyd is Hy regverdig. Hy weet dat sy mense maar stof is (Ps. 103:14) en Hy weet vooraf dat hulle in die sonde sal struikel (Luk. 22:31-34). Dit maak my struikeling egter nie reg nie. Omdat ek die genade en regverdigheid van God ken,

staan ek op uit my sonde, maak reg en doen weer die wil van die Here.

Drie maande het verbygegaan nadat die Here Dawid se eerste indrukwekkende prosessie tot stilstand gebring het met die dood van Ussa. Dit was gedurende hierdie tyd dat Dawid agtergekom het wat hy verkeerd gedoen het. Uit die Woord van die Here het hy te wete gekom dat niemand anders behalwe die Leviete die ark van God mag dra nie.

Daarop het Dawid die familiehoofde van die Leviete bymekaar geroep en hulle aangesê om hulle en hulle broers te reinig sodat hulle die ark van God na Jerusalem kan bring. Ook teenoor hulle erken Dawid sy eiewilligheid van vroeër. Omdat die Leviete nie aan die begin betrek is nie, is die Here se heilige toorn opgewek en Ussa is uit die volk weggeskeur.

Gelei deur die Heilige Gees het Dawid uit die Woord sy verkeerde optrede teen die Here opgemerk. Die Heilige Gees het hom gelei om op te staan en reg te maak, sodat hy die Here se wil behoorlik kon doen. Daarom kon hulle met feestelike stemming die ark uit Obed-Edom se huis bring na die plek wat Dawid daarvoor voorberei het.

Voel jy soos ’n mislukking omdat jy heeltemal verkeerd teenoor die Here en jou naaste opgetree het? Jy hoef nie in jou sonde te bly lê nie. In Christus het jy die versekering dat die Here ’n ewige verbond met jou opgerig het. In sy Naam kan jy opstaan en by die Here en jou naaste regmaak sodat jy weer die wil van die Here kan doen.

*Sing: Psalm 25-1:3, 7*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*

**Vrydag 24 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-16**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:11-13**

## Die Seun van Dawid bou die kerk as God se tempel

Dawid sit gemaklik in sy weelderige paleis en beplan hoe hy vir God ’n beter woonplek wil bou. Die Here maak egter duidelik dat dit Hy is

wat vir Dawid sorg, nie andersom nie. God woon tussen sy volk in ’n tent, omdat Hy besig is om hulle te versorg en om deur sy verlossing aan hulle rus te verskaf.

Hy herinner Dawid dat Hy hom as herder vir die volk aangestel het met die doel om hierin mee te werk. Dawid is veronderstel om sy roeping uit te leef en die volk te lei, nie om rustig in luuksheid agteroor te sit nie. So word ons ook geroep tot diens in sy koninkryk en nie om gemaklike passasiers in die kerk te wees nie.

Die Here belowe egter dat Hy Dawid se koningskap in sy nageslag tot in ewigheid sal bevestig en dat sy seun vir God ’n tempel sal bou. Dawid se seun Salomo het toe wel ’n kliptempel gebou.

Maar die ware vervulling van die profesie sou eers baie later kom toe die eintlike Seun van Dawid gebore is. Deur Jesus Christus as Koning verlos die Here sy volk volkome van al hulle vyande (ook die duiwel en die dood) en bewerk Hy vir hulle die ware rus waarin ons ewig kan deel. Deur sy Seun bou God sy kerk as die tempel waarin Hy woon en deur Wie Hy sy versoening aan die wêreld bedien.

Daarom word God nie gedien in tempels wat met hande gemaak is nie, maar in die eredienste van die gelowiges waar hulle toegerus word vir hulle dienswerk in hierdie wêreld.

*Sing: Psalm 100-1*

*Ds. HB Hattingh (Bernard) (Warmbad)*

**Saterdag 25 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 14**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 14:10-12**

## Gesagsdraers, erken God se gesag!

Die Here het aan Dawid bevestig dat Hy hom as koning aangestel het. Dawid kon dit weet deurdat buitelandse konings soos Hiram hom as koning erken het, dat hy kon vestig in ’n waardige paleis en dat die Here vir hom ’n groot nageslag gegee het.

Dawid reageer op hierdie sekerheid deur te erken dat dit alles die Here se genade is en dat Hy die eintlike Koning is. Daarom raadpleeg Dawid die Here in alles wat hy aanpak, gee publieke erkenning dat sy sukses eintlik die Here se werk is, en hy verbrand alle afgode waarmee hy te doen kry.

Alle regeerders is deur God aangestel (vgl. Rom. 13:1-7). As God se profete het die kerk die verantwoordelikheid om regeerders daarop te wys en hulle op te roep om daarom ook die Here te raadpleeg in hulle besluitneming en om die afgode te vernietig. Die riglyn geld vir alle gesagsdraers, insluitend ouers, onderwysers en werkgewers.

Deur die verlossing deel elke Christen egter in Christus se salwing om (naas priester en profeet) ook koning te wees. Vanuit die oorwinning in Christus en deur die krag van die Heilige Gees kan ons heers oor die sonde, die duiwel en ons ou natuur (selfbeheersing). Ons kan dit egter nooit in ons eie krag doen nie. In eie krag faal ons en verloor die stryd.

Daarom moet ons biddend lewe (die Here raadpleeg) en die afgode verbrand. Dan sal ons meer as oorwinnaars wees wat kan getuig dat dit God is wat deur ons hande die boosheid wegspoel.

*Sing: Psalm 18-1:20 / 18-2:12*

*Ds. HB Hattingh (Bernard) (Warmbad)*

**Sondag 26 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 9:1-13; 16:1-4; 19:24-30**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 16:1-4**

## Siba, geen ware rentmeester nie!

Siba was aanvanklik in diens van koning Saul. Hy was ’n opsigter of rentmeester. ’n Rentmeester was iemand wat met groot noukeurigheid iemand anders se besittings en geld bestuur het.

Siba se lewensverhaal vertel egter die teendeel. Hy is deur gierigheid en selfsug gedryf om meer en meer vir homself in te palm.

Koning Dawid het vir Siba aangestel om na Saul se gebreklike

kleinseun, Mefiboset, om te sien en sy belange te bestuur (hfst. 9). Wanneer Dawid tydens Absalom se opstand uit Jerusalem vlug, ontmoet hy onverwags vir Siba met kosvoorrade (hfst. 16). Dit lyk egter asof dit nie so “onverwags” was nie. Siba het dit so beplan: eerstens om Dawid se goeie guns daardeur te wen, en ook om die geleentheid te kry om sy baas te beskinder en by Dawid van ontrouheid te beskuldig. Met die leuens probeer hy ’n houvas op Mefiboset se besittings kry. Dawid reageer presies soos Siba gehoop het en gee al Mefiboset se besittings aan hom. Wanneer Dawid uiteindelik na Jerusalem terugkeer (hfst. 19), verseker Mefiboset hom van sy lojaliteit. Dit is duidelik dat Siba leuens aan Dawid vertel het. Dit lyk asof Dawid nie oortuig is nie, want hy gee opdrag dat Mefiboset en Siba die grond moet deel.

Die geskiedenis van Siba leer ons hoe ons nie as rentmeesters van die Here mag optree nie. As rentmeesters van die Here besit ons niks as ons eie nie. Alles behoort aan Hom. Die Here vertrou egter sekere goed aan ons toe wat ons moet bestuur. Dit moet ons getrou doen, sodat ons ook ander kan help wat behoeftig is. Ware rykdom is om as getroue rentmeesters ryk in Christus te wees. Hy het, hoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword, sodat ons deur sy armoede ryk kon word (2 Kor. 8:9).

*Sing: Psalm 4-1:3, 4*

*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*

**Maandag 27 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 8:1-18**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 8:14, 15 (1983-vertaling)**

## Geen sukses sonder God se bystand

Dawid se sukses as staatsman word hier beskryf. Omdat Dawid sy roeping as koning in afhanklikheid van die Here uitgevoer het, kon hy groot sukses behaal en het die Here hom daartoe bekwaam en ryklik geseën. Ons lees hoe hy die Filistyne en die Moabiete verslaan het en

belastings van die Moabiete ontvang het. Om ’n handelsroete na die Eufraatrivier oop te stel, het hy koning Hadad-Eser van Soba verslaan. Hy kon ook wapentuig as buit afneem. Hy het die Arameërs wat vir Hadad-Eser kom help het, verslaan en militêre poste in Aram oprig om sy belange te beskerm en belastings in te vorder. Hy kon ook baie buite neem. Dan hoor ons die refrein deur die hoofstuk: *“Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het”* (vs 6, 14).

Dawid het die waardevolle artikels asook die oorlogsbuit aan die Here gewy. Dit wys vir ons met watter gesindheid hy hierdie oorloë geveg het. Hy roem nie op homself nie, maar gee aan God die eer. Want die Here is Koning. Omdat hy sy roeping in afhanklikheid van die Here uitgevoer het, kon hy sy volk met reg en billikheid regeer en ’n suksesvolle regeringsadministrasie daarstel.

Dawid kon sukses behaal omdat hy sy roeping in afhanklikheid van die Here nagekom het. Dit wil die Here vir ons uit hierdie geskiedenis leer. In al die roepinge wat Hy op ons lê, kan ons net suksesvol wees as ons dit in afhanklikheid van Hom nakom. Jesus leer ons dit ook in Johannes 15:5: *“Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”* Ons almal wil ’n sukses van ons lewe maak. Maar alles wat jy uit eie kragte wil doen en waar jy jou eie wil soek, sal noodwendig op ’n mislukking uitloop. Alleen met die Here se bystand en seën kan ons sukses verwag.

*Sing: Psalm 31-1:5, 19*

*Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)*

**Dinsdag 28 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-25**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:13, 14 (1983-vertaling)**

## Vergifnis van sonde neem nie die gevolge van die sonde weg nie

Die profeet Natan spreek Dawid aan oor sy gruwelike sonde van owerspel met Batseba en die moord op Uria, haar man. Hy vertel ’n

gelykenis van die ryk man wat die arm man se ooilammertjie slag. Dawid is uitspraak is: die doodstraf vir die skuldige en vergoeding vir die benadeelde persoon. So spreek hy sy eie vonnis uit omdat hy die skuldige is.

In vers 9 wys Natan hom dat hy deur sy sonde vir God geminag het. Sonde is ’n aantasting van God se eer. In die eerste gebod eis die Here dat ons Hom alleen moet dien en met alle nederigheid en geduld ons aan Hom moet onderwerp (vgl. HK 34:94).

Die groot troos in hierdie gedeelte is dat die Here Dawid se gruwelike sondes vergewe en ten spyte daarvan hom nie laat sterf soos hyself die uitspraak gegee het nie. Omdat die Here toornig is oor die sonde en dit nie ongestraf kan laat bly nie, verdien die mens die dood. Maar omdat God ’n genadige God is, het Hy sy Seun Jesus Christus in ons plek gestraf, sodat daar vir ons vergifnis kan kom.

Wie sy sonde bely, ontvang vergifnis. Dit bely Dawid in Psalm 32:5: *“Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: Voor die Here bely ek my opstandigheid; en U het my skuld vergewe.”*

Ons weet dus vandag as ons ons sondes in opregtheid bely, dan vergewe God ons om Christus ontwil.

Maar alhoewel die Here vir Dawid vergewe het, word die gevolge van sy sonde nie weggeneem nie. God se eer is op die spel, en daarom laat Hy die buite-egtelike kind sterf. Die gevolge van die sonde is verskriklik.

In Psalm 32:9 waarsku Dawid ons om nie onverstandig te wees nie. Vlug eerder weg van die sonde, want al vergewe die Here jou volkome, word die gevolge van die sonde nie ongedaan gemaak nie en kan dit jou lewe vernietig.

*Sing: Psalm 32-1:1, 3*

*Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)*

**Woensdag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 13**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 13:32**

## Die droewige gevolge van 'n slegte voorbeeld!

Kinders doen nie noodwendig altyd wat ouers vir hulle sê nie. Hulle doen eerder dit wat hulle by hulle ouers SIEN! Koning Dawid moes dit leer uit die optrede van sy seuns, Amnon en Absalom. Sy sonde het nie ongesiens verbygegaan nie. Dit het baie hartseer tot gevolg gehad. Al was sy berou opreg (Ps. 51) en al het die HERE sy skuld vergewe (2 Sam. 12:13), het hy baie gely onder die gevolge van sy sonde – soos die HERE inderdaad gesê het: *"Ek sal onheil uit jou huis oor jou verwek"* (12:11).

Die "onheil" begin met Amnon wat sy halfsuster, Tamar, verkrag (13:1-17). Dit is die "onheil" op Dawid se owerspel met Batseba! Hy het gegryp wat nie aan hom behoort nie. Dan volg Absalom se woede en die listige manier waarop hy op sy halfbroer, Amnon, wraak neem (13:13-29). Dit is die "onheil" op Dawid se moord op Batseba se man, Uria! Absalom doen ook wat hy nie mag doen nie. Die wraak kom hom nie toe nie (Rom. 10:19; Heb. 12:30). En Dawid? Hy bly stil – al is Amnon se bloedskande en Absalom se moord albei halsmisdade wat die doodstraf verdien (Lev. 20:17; Gen. 9:6)!

Vergifnis van sonde deur die bloed van Christus vee nie die gevolge van ons sonde heeltemal uit nie. Gelowiges dra dikwels swaar aan die gevolge van ons sonde! Ons verkeerde voorbeelde veroorsaak baie hartseer.

Vlug ook met dié hartseer gevolge van 'n verkeerde voorbeeld na God toe. Soek jou troos by Hom. En lê jou dan met nuwe dankbaarheid daarop toe om die regte voorbeeld te stel deur die genade van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)*

**Donderdag 30 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 15:7-14, 25-29; 16:5-12**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 15:25-26; 16:10**

## Rus, my siel, jou God is Koning!

Daar is seker geen dieper seerkry as die seerkry wat jou kind jou aandoen nie! Dawid beleef dié onbeskryflike hartseer van sy eie seun wat teen hom in opstand kom. Onder dekmantel van ’n gelofte wat Absalom aan die HERE sou gedoen het (15:7), nooi hy 200 onskuldige manne uit Jerusalem (15:11) asook Agitofel, die gesoute raadgewer van Dawid (15:12) na Hebron.

Absalom kies die plek vir sy staatsgreep met lis. Dawid is in Hebron tot koning gesalf (2:3, 4). In die hartland van Dawid se ondersteuning – daar val Absalom sy pa aan. Magsugtige ambisie is die swaard waarmee Absalom sy pa se hart deurboor!

Dawid vlug! Sy liefde vir sy seun weerhou hom van ’n geveg. Sadok en die Leviete vat die verbondsark om saam met Dawid te vlug (15:24). Hy stuur hulle terug, want die HERE se saamgaan as Koning is nie aan die verbondsark vasgebind nie. Hy is Koning – oral en altyd! Daaruit kry Dawid sy troos.

By Bahúrim word Dawid se vertroue op die HERE getoets. Simeï, uit die familie van Saul, vloek hom (16:5, 6). Sy getroue dienaars wil Simeï se kop afkap.

Maar Dawid kéér. As sy eie seun hom wil doodmaak, hoeveel méér rede het Saul se familie nie om hom te haat nie? En sê nou net die HERE het Simeï gestuur om Dawid te vloek?

Dawid se vertroue in die HERE hou hom staande! Al verstaan hy nie wáárom Simeï hom so vloek nie, hy glo: Die HERE weet – en dit is vir hom genoeg!

Antwoorde op die waaroms bring nie rus nie! Rus kom deur vertroue in God se Koningskap. Hy weet wat Hy doen. Deur Christus regeer Hy oor alles en almal.

Sy heerskappy is ’n genadige heerskappy. Dit bring rustigheid in die dieptes van hartseer en worsteling. Die skroeiende hitte in die smeltkroes

van lyding laat die suiwer gouddruppels van geloof uitkom. Rus, my siel, jou God is Koning! Hy wéét wat Hy doen!

*Sing: Psalm 42-1:1, 3*

*Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)*

**Vrydag 31 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 24**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 24:17**

## Sonde het altyd gevolge!

Daar is een deel van die Gereformeerde leer wat totaal verkeerd verstaan word, en dit is die keuse van die mens. Ons het die idee dat omdat ons geen keuse in die uitverkiesing het nie, ons ook geen verantwoordelikheid het nie.

Inderdaad is God in volle beheer – dit sluit egter nie die feit uit dat God nie aan die mens 'n baie groot verantwoordelikheid gee nie. Ons Koning maak ons konings (HK So. 12) en 'n koning het 'n groot verantwoordelikheid.

Dawid is, as hierdie geskiedenis afspeel, 'n gesoute koning en het al met die volheid van God se genade en toorn kennis gemaak. Eintlik is dit totaal onlogies dat Dawid eiewillig optree. God laat dit toe. Dawid is verantwoordelik! God keur dit egter nie goed nie – en daarom word Dawid tot verantwoording geroep.

Vir 'n tweede keer (ná 2 Samuel 12) moet Dawid bieg: "Ek het gesondig!" (vs 10). Soos tevore die appèl op God se genade (vs 14).

God antwoord ons sonde op twee maniere: Christus sterf vir sondaars (Rom. 5:8). Dit was ook Dawid se enigste pleitgrond. MAAR! Dis 'n verskriklike groot MAAR: Selfs al vergewe God in Christus asof ons nooit die sonde gedoen het nie (HK v/a 60), beteken dit nie dat die gevolge van die sonde uitgewis word nie. Eers sterf een kind (2 Sam. 12:18), nou sterf 70 000.

God kan ingryp. Hier word die straf verkort, God keer dat Satan nie

Job self dodmaak nie. God hoef egter nie in te gryp nie! Ons het ’n verantwoordelikheid. Ons moet besef: Ons het soveel meer kennis van God en sy wil. ’n Hele Bybel! Ook ’n groot verantwoordelikheid, ons weet wat die regte ding is om te doen.

Dis nie God (of Satan) se skuld as ons sondig nie. Dis MY besluit. EK het gesondig. DINK! Dink voor jy doen. JY is begenadig – tree verantwoordelik op in al jou besluite!

*Sing: Psalm 38-1:15, 17*

*Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)*

## FEBRUARIE:
## 1 en 2 KONINGS en 1 en 2 KRONIEKE: Die HERE is waarlik die ewige Koning oor álles

Daar waar 2 Samuel ophou, gaan 1 Konings aan. Die dood van Dawid (927 vC) word beskryf, en dan begin die regeertyd van Salomo. Maar ná Salomo skeur die koninkryk in twee: Juda en Benjamin (in die suide, o.l.v. Salomo se seun Rehabeam) en Israel (die Tienstammeryk in die noorde, o.l.v. Jeróbeam, seun van Nebat). Daarna word die geskiedenis van die eerste konings van Juda en Israel tot by Josafat en Ahasia beskryf.

Soos wat Dawid se regering 'n vooruitwysing na Christus se oorwinning oor Satan se magte was, wys Salomo se roem en rykdom na die majesteitlike heerlikheid van Christus se ewige Koningskap. Salomo bou 'n luisterryke tempel en paleis.

Maar, ook Salomo is 'n sondaar. Dit maak ook sy koningskap onvolmaak en bring 'n versugting na die eintlike Koningskap van God. Daarom skeur die koninkryk in twee. Die verval en goddeloosheid en die bekering volg mekaar herhaalde kere op. Elke koning se optrede word voordurend geweeg aan die gehoorsaamheid aan God.

In 2 Konings lees ons hoe die profeet Elia in die hemel opgeneem is en dat Elisa hom as profeet opgevolg het. Die drie dele is:

- Elisa se optrede, veral ten opsigte van die Arameërs en húlle koning (2 Kon. 1 – 8).
- 2 Konings 9 – 17 behandel die laaste konings van Israel en Juda afwisselend totdat Israel in ballingskap weggevoer is.
- 2 Konings 18 – 25 behandel die geskiedenis van Juda tot húlle ook in ballingskap weggevoer word.

Israel word beskryf as toonbeeld van afvalligheid. Sameswerings en moorde het uiteindelik die hele koningsfamilies uitgeroei.

Maar, Juda se geskiedenis wys telkens op God se genade wanneer daar godsdienstige hervormimgs plaasvind onder die godvresende konings soos Joas, Hiskia en Josia. Die genade van die HERE kom navore dat Hy altyd sorg dat daar 'n nakomeling van Dawid op die troon bly. Dis só omdat die HERE altyd sy belofte aan Dawid dat daar 'n ewige Koning (Jesus Christus) uit sy lendene na vore sal kom wat God se volk volkome sal regeer en verlos (2 Sam. 7:16), in gedagte hou.

Die boek 2 Kronieke vertel van die prinse uit die koningshuis van Dawid tot met die ballingskap. Soms is daar woordelikse ooreenkomste met 1 en 2 Konings. In 2 Kronieke val die klem egter meer op Juda en ook op die tempel en tempeldiens. Die boek is 'n heenwysing na die koninkryk van Jesus Christus waarin almal die Here dien en Hom gehoorsaam. Teenoor die ontrou van die goddelose konings word HERE se verbondstrou uitgelig. Teenoor die oordeel van God dat Hy die ballingskap laat plaasvind het, bly God se genade staan.

In die laaste twee verse (2 Kron. 36:23, 24) lees ons dat die Persiese koning, Kores, in opdrag van die HERE die volk weer terug laat kom het (sodat Jesus Christus uit die nageslag van Dawid in Betlehem gebore sou kon word).

*– Ds. AH Stavast (Kroonstad)*

**Saterdag 1 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:5**

## My beste vir die Here

Een van die grootste teleurstellings wat Dawid seker beleef het, was dat die Here hom verbied het om ’n tempel te bou. Die Here het genoegsaam rede gegee: Jou lewe is gekenmerk deur bloed en geweld! Dawid kan nie stry nie. Hy besef dit. Nie net is die bloed van sy vyande aan sy hande nie, maar ook binne sy eie gesin.

Dit verhoed Dawid egter nie om nie steeds iets te doen nie. Hy maak bymekaar. Hy tref voorbereidings, berei die materiaal en die middele voor om vir die Here die beste te gee – selfs beter as wat hy homself gegun het.

As ’n mens kyk na die hoeveelhede goud, silwer en yster wat hier genoem word, kan ons verstand dit nie begryp nie. Of die vertalers die hoeveelhede reg verstaan het, is nie belangrik nie – wat wel belangrik is, is die oorvloed. Waarom? Ons lees van Dawid se gesindheid in 1 Kronieke 17:1: Hy sien wat hyself het, en wil vir die Here iets beters gee as wat hy homself gun. Let op: hy kyk na die houtversiersels en maak goud, silwer en brons bymekaar. Sy eie lewe is gekenmerk deur sonde en bloedvergieting, maar sy seun se lewe sou deur die teenoorgestelde gekenmerk word: vrede. Daarom die naam: Salomo. Vrede! Met sy geboorte die naam Jedidja (die Here het hom lief), nou die wese van liefde in sy tweede naam: Vrede. Vrede wat die gevolg van liefde is.

Kyk na die gesindheid wat die Here hier vir ons leer! Dawid se beste vir die Here. God het egter ’n stappie verder gegaan. Wanneer Hy die ware Vredevors, sy Seun gee, is die prys en waarde meer as al die goud en silwer in die wêreld: bloed. Sy lewe. Dis die beste wat die Here vir my gee.

Wat antwoord ek Hom? Wat is my beste vir die Here?

*Sing: Psalm 144-1:4, 5*

*Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)*

**Sondag 2 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 23:1-7 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 23:5**

## God bevestig sy Koningskap in ’n ewige verbond

Koning Dawid se laaste woorde … Maar nie, soos verwag, ’n terugroep van die verlede nie, wel ’n toekomsgerigte lied. In die voorafgaande danklied het Dawid teruggekyk na wat agter lê en hy loof en dank God vir sy vasstaande en onveranderlike verbondsbelofte aan sy koningshuis gegee. Hier in hoofstuk 23 is hy egter besig met ’n profetiese Godspraak (vs 2a) oor wat in die verre toekoms nog sal geld (vs 5b). In hierdie lied is die fokus op die Dawidsbelofte, naamlik dat die Here belowe het dat daar altyd van sy nageslag op die troon sou sit. Hierdie belofte wat in die volgende eeue so ’n groot invloed op die geskiedenis van Juda sou uitoefen. Die belofte het hier in die eerste plek betrekking op die huis van Dawid, maar is ook ’n profesie wat wys op die Messias. Dit beteken dat God Hom reeds teenoor Dawid met hierdie belofte verbind het, naamlik dat God aan Dawid se nageslag ’n blywende koningskap sal skenk, wat strek tot in die verre toekoms, met die beloofde Messias wat ewig sal heers. Jesaja 9:5-6: *“Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer ... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid.”* God se genade is juis vir ons in hierdie Messiaanse belofte opgesluit deurdat dit nie aan menslike meewerking oorgelaat is nie, maar geheel en al in God self berus. Met ander woorde: in die sekerheid waarmee Dawid spreek, blyk God se verbondsbepalinge dat dit sal gebeur ten spyte van die afvalligheid van sy troonopvolgers. Wat ’n heerlike troos om te weet dat God getrou bly aan sy beloftes ten spyte van ons eie swakhede. Jesus Christus voer sy heerskappy uit oor elkeen van ons se lewe.

*Sing: Psalm 45-1:1, 10*

*Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)*

**Maandag 3 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 28:1-7; 29:20-25 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 28:4-5; 29:23**

## Die Here seën Salomo met 'n koninklike majesteit soos geen een voor hom ontvang het nie

Koning Dawid kom aan die einde van sy koningskap en sy lewe, maar eers roep hy 'n vergadering byeen van al die volksleiers en hooggeplaasdes. Daar in die vergadering maak hy dan bekend dat die Here uit sy seuns sy troonopvolger uitgekies het (1 Kron. 28:5-7). So, onder die genadevolle en seënende hand van die Here, kan hy sy seun Salomo aanwys as sy troonopvolger.

Maar Salomo? Nie soos gebruiklik die oudste seun, dus nie Amnon of Absalom nie, maar deur God gekies en aangewys, die seun van Batseba. Batseba, vroeër die vrou van Uria, die vrou met wie Dawid owerspel gepleeg het. 'n Oortreding waaroor Dawid diepe berou toon wanneer die profeet Natan hom daaroor konfronteer (Ps. 51). Hierin ontvang Dawid 'n volgende wonder van God wanneer Salomo nie net as troonopvolger deur God aangewys word nie, maar ook as die koning van vrede wat die tempel, wat Dawid nie waardig was om te bou nie, vir God mag oprig as ontmoetingsplek vir die Here met sy volk Israel. Dit beteken: deur die genade van die Here is die ongeregtigheid van Dawid met Batseba weggeneem (Ps. 32:5). Dit gee Dawid die versekering van God se belofte dat sy geslag die troon van die Here sal inneem (1 Kron. 28:5; 29:23). Dit beteken dat ons Here die eintlike Koning van Israel is; die aardse koning is alleen maar sy orgaan – die persoon deur wie God regeer – sy heerskappy in Christus duur tot in ewigheid!

Met hierdie geskiedenis word ons verseker van God se genadevolle verkiesing tot koningsheerskappy. God kies mense in Christus om sy heerskappy te handhaaf oor alles wat verkeerd en sondig is, oor Satan en sy magte en oor ons eie vlees.

*Sing: Psalm 32-1:1, 3*

*Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)*

**Dinsdag 4 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 1**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 1:9-10, 30-32**

## Soek eers die Koninkryk van God!

Wat ’n begeerlike koninkryk sou Dawid nalaat! Israel se grondgebied is tot sy maksimum uitgebrei, al die omliggende volkere het die knie voor Dawid en sy helde gebuig, Israel is op ’n absolute finansiële hoogtepunt! Dawid se opvolger sou net kon instap en die voorspoed waarvoor Dawid met sy sweet en bloed gesorg het, kon geniet!

Geen wonder nie dat Adonia die geleentheid wou aangryp om die opvolging van Dawid in sy guns te probeer swaai. Selfs om agterbaks en slinks op te tree sou elke sent uiteindelik die moeite werd maak.

Hy probeer om alles so wettig te laat lyk: hy kry Joab, Dawid se leërowerste, aan sy kant. Ook die priester Abjatar, wat hom destyds by Dawid geskaar het toe hy vir Saul gevlug het, kry hy aan sy kant – Abjatar aan wie Dawid lewenslank beskerming verleen het …

Die kroningsfees is gereed, die heerlikste kos is in oorvloed en die belangrikste en mees invloedryke mense is daar! Maar God is nie daar nie … Want die priester van God vir daardie tyd, Sadok, was nie genooi nie – en die profeet van God vir daardie tyd, Natan, was nie genooi nie … God was nie genooi nie!

In die Ou Testament, die belofte-testament, het God sy regspraak, sy oordeel, sy beloftes, sy seën altyd gegee waar Hy self in sy geroepe en gesalfde diensknegte teenwoordig was. Sonder hulle, was sonder God!

Dit gebeur wanneer mense in hulle dwaasheid en selfsug en eie eer wil indring waar hulle nie hoort nie! Ons kan ons maar net indink wat sou gebeur as Adonia koning geword het. Geweld, korrupsie, grootskaalse wetteloosheid …

Die HERE laat Hom en sy wil egter nie stuit nie! Hy wil in die opvolging van Dawid, die man na God se hart, die vinger na die verre toekoms laat wys: Eenmaal sal daar Een kom in Wie Koning, Priester en Profeet sal saamtrek! (Kyk ook HK Sondag 12.)

Nie eie menslike plannetjies nie, maar gehoorsaamheid aan God! Dit

vra ons HERE van elkeen van sy kinders in ons alledaagse lewe, in ons besluite, in ons lééf van die evangelie. Soek eers die Koninkryk van God, waarvan Jesus die Koning van alle konings is, en sy geregtigheid, sy wil … en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word (Matt. 6:33).

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)*

**Woensdag 5 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 3:3-13 (sien ook 2 Kronieke 1:7-13)**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 3:7-9**

## Wysheid kom van God

Salomo bestyg die troon as ’n jong man, in sy eie oë nog ’n seun (vs 7). So bewus van sy onkunde en gebrek aan ervaring! Hy moet oor ’n baie groot volk regeer, só talryk dat hulle nie getel of bereken kan word nie. Israel is op die piek van sy bestaan!

Waarskynlik het Salomo nie gedink dat hy vir Dawid sou opvolg nie – daar was immers ouer broers. Hy was een van die jongste seuns van Dawid. Ons kan die huiwering en onsekerheid in sy gemoed verstaan.

Hy begin sy koningskap deur vir die HERE, wat hy liefgehad het (vs 3) offers te bring, ’n duisend brandoffers! Dan verskyn die HERE aan hom en nooi hom uit om te kies wat hy vir sy koningskap as gawe van die HERE begeer. (Wat sou jou keuse wees as jy in sy skoene was? Rykdom, ’n lang lewe van koning-wees, uitbreiding van jou grondgebied …) Salomo verkies wysheid! Daarmee saam gee die HERE ook aan hom verstand, rykdom en ’n lang lewe!

Wat is wysheid? Wysheid beteken nie noodwendig dat die houer daarvan ’n vlymskerp verstand het nie. Ons lees in Job 28:28: “… Kyk, die vrees vir die HERE is wysheid, en om van die kwaad af te wyk, is verstand.” Vir Salomo gee die HERE beide: wysheid én verstand, meer as enigeen voor of na hom (vs 12)!

Vir ons is dit in Christus ’n heerlike werklikheid: Christus is die

wysheid van God (1 Kor. 1:24)! Wie in Hom glo, hét wysheid. Maar ons mag ook wysheid begeer. Vra dit van ons HERE, en Hy gee dit (Jak. 1:5). Wysheid, niks anders nie, laat ons 'n sinvolle lewe leef, laat ons vervul en vergenoeg en tevrede deur ons hele aardse lewe gaan, in voorspoed en teëspoed.

Wysheid laat jou nou oor die duiwel, die wêreld en jou eie sondige natuur heers as koning, en laat jou eenmaal saam met Christus regeer (HK Sondag 12)! Want wie Jesus, die Wysheid van God, het, het die LEWE!

*Sing: Psalm 19-1:4*

*Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)*

**Donderdag 6 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 6 – 8:27; 1 Korintiërs 6:12-20**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 8:12, 13**

## Ons is die tempel van die Koning

Ons is die tempel van die Koning. Staan u in absolute verwondering hieroor? Die Koning van die heelal woon in stof soos u en ek. Die aarde is sy voetbank en die hemel is sy troon. Die hoogste hemel kan Hom nie bevat nie, en tog … tog verklaar hierdie Koning: Ek wil onder my volk woon. Die Een in ontoeganklike lig, die Een wat weens sy heiligheid totaal verwyder is van hierdie sondige wêreld, tree nader en soek gemeenskap met sy volk.

As ons die geskiedenis lees van die bou van die tempel, moet ons veral daarop let dat die Koning sentraal staan. Hy staan absoluut sentraal in die uitleg van die tempel, en Hy staan absoluut sentraal in die doel van die tempel.

Eerstens: God self bepaal hoe sy huis gebou moet word. Ons hoor hoe Salomo presies dieselfde uitleg gebou het as die uitleg van die tabernakel. Die tabernakel wat die HERE in detail aan Moses verduidelik het. Die huis van die HERE word versier presies soos God se besluit, op geen

ander manier nie. Tweedens: Die doel van die tempel lê juis daarin dat die Koning se Naam daarin woon.

In die Nuwe Testament hoor ons: Ons is die tempel! Kan u dit bedink? Die Koning wou nie bloot in ’n gebou woon nie, nee, Hy wil met sy volk wandel soos in die tuin van Eden, Hy wil in hulle woon!

Is u ywerig op soek na hierdie intieme gemeenskap met die Koning? Word u versier met goeie werke soos die Koning bepaal het sy tempel versier moet word? Verlang u na die voleinding, die doel van alles? Wanneer die aarde van die Koning se heerlikheid vol sal wees?

Die teenwoordigheid van God is nie net die doel van die tempel nie, maar die doel van die ganse evangelie!

*Sing: Psalm 43-1:3, 4*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*

**Vrydag 7 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 8:55 – 9:9**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 9:3-5**

## Verbondsvernuwing deur die inwyding van die tempel

God was altyd en wil nog altyd seënend by sy volk teenwoordig wees. Daarom was Hy nie net die God van die verlossende uittog uit Egipte nie, maar ook die God van die deurtog deur die woestyn. Sedert die Here se verbondsluiting met die volk by Sinai, was Hyself seënende teenwoordig in die tabernakel, wat voortdurend saam met die volk geskuif het deur die woestyn.

En nou is die volk in die beloofde land. Die tempel wat koning Dawid wou bou, is deur sy seun Salomo klaar gebou. Met goeie rede is die tempelwyding nie sommer as ’n formaliteit vinnig afgehandel nie. Die seënende teenwoordigheid van die Here is vir die volk van God deurslaggewend. Die tempel is as woonplek vir God gebou, daarom vind magtige gebeure in die tekshoofstuk plaas.

Salomo as koning-priester gaan die volk voor net voordat die tempel

gedurende die huttefees (gedenkfees aan die woestynreis) ingewy word. Hy lei die volk in verootmoediging en gebed voor God se aangesig. In die teks lees ons van die magtige oomblikke wanneer God aan die Woord kom: Hy verhoor Salomo se gebed. As Hy Homself verbind aan sy kinders, is dit iets geweldig. Hy belowe dat Hy Homself nie net aan die tempel as gebou verbind nie, maar dat Hy Salomo se koningskap oor sy volk bestendig, soos hy Dawid se koningskap bestendig het.

Tog is daar in sy beloftes ’n ondertoon van profetiese waarskuwing: die Here bestendig hierdie koningsheerskappy op voorwaarde dat Salomo en die volk aan Hom gehoorsaam moet bly. Solank Christus se kerk aan Hom gehoorsaam bly, sal sy seën nie uitbly nie. Die uitermate vreugde van God se kinders gaan oor God se seënende nabyheid in alleenheerskappy en die onderlinge meelewing met mekaar!

*Sing: Psalm 122-1:1, 2*

*Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)*

**Saterdag 8 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 10:1-29; Psalm 99:1-3; Matteus 2:1-11**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 10:9, 23, 24**

## Volmaakte roem, heerlikheid en koningsheerskappy

Die teksgedeelte verduidelik Salomo se koninkryksheerskappy wat wêreldbekend geword het. Die Here het sy belofte gehou en Salomo geweldig groot in sy koningsheerskappy en wysheid gemaak. Daar was nooit sy gelyke as dit by heerserskap en wysheid gekom het nie.

Nadat die koningin van Skeba Salomo ontmoet het en met hom gepraat het, het sy agtergekom dat die helfte haar nie vertel is oor die indrukwekkendheid van Salomo as koning van Israel nie. Sy kan nie anders nie as om die God van Israel raak te sien in die wyse waarop Salomo geseën is met rykdom en wysheid.

Die lande en konings rondom het almal uit Salomo se wysheid geput en sy skatkamers het al hoe groter geword. Uiteindelik was hy amper ’n

tipe van ’n wêreldheerser in sy tyd.

Die seën van die Here is geweldig groot wanneer Hy met die keur van sy seëninge sy kinders seën. Sy kinders ervaar dit elke dag wanneer die Here deur sy Gees seënend teenwoordig is in hulle lewens.

In 2 Kronieke 9:29-31 word eenvoudig geopenbaar: Daarna het Salomo met sy vaders ontslaap en is begrawe in die stad van sy vader Dawid; en sy seun Rehabeam het in sy plek koning geword … die begin van die einde van die indrukwekkende koninkryk van koning Salomo … die skeuring van die 12 stamme van Israel.

Sy geweldige koninkryk wys heen na die volmaakte roem, heerlikheid en koningsheerskappy van God in Christus – hierdie koninkryk van God is vir ewig!

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)*

**Sondag 9 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 11:26-36; 1 Konings 12:1-17**
**Fokusgedeelte 1 Konings 12:15**

## God beskik en dit gebeur

Salomo se seun Rehabeam was besig om oorleg te pleeg met die leiers van die tien stamme. Dawid het destyds hierdie tien stamme by die stamme van Juda en Benjamin gevoeg, sodat die volk Israel saam in een ryk deur een koning geregeer is. Maar ... nou was daar sprake van skeuring in die lug.

Die regering van koning Salomo was ’n bloeityd in die geskiedenis van die volk Israel. Die land was ’n land van melk en heuning ... van oorvloed en van prag en praal. Daar was vrede en voorspoed. Die belasting en die werk in die paleis en vir koning Salomo was vir niemand te veel gevra nie.

Waarom was daar dan sprake van skeuring? Omdat die Here aan Jerobeam gesê het (1 Kon. 11:31) dat hy eendag oor die tien stamme sal

regeer. Die Here sou toelaat dat die tien stamme hulle van Juda en Benjamin afskeur. Só sou God koning Salomo se ontrouheid straf.

Daarom het Rehabeam die tien stamme se versoek met minagting hanteer. Met domastrantheid het hy 'n wig tussen hulle ingedryf. Die Here het sy verstand toegemaak vir goeie raad. In plaas van om te regeer deur te dien, wou hy regeer deur dwang. So het die koning nie na die volk geluister nie … "Dit was 'n beskikking van die Here …" (vs 15) Hy het ook nie die Here in die saak geken nie. Nêrens lees ons dat hy die Here om raad vra nie. Hy vra slegs die raad van menslike raadgewers.

Hierdie gebeure was 'n waterskeiding in die geskiedenis van die volk Israel. Nooit weer sou Israel dieselfde hoogtes en eenheid bereik as onder Dawid en Salomo nie. En die Here het die skeuring binne die volk Israel beskik. Tog sou die Judastam nooit geheel en al ten gronde gaan nie. En dit, omdat God getrou bly aan Homself. Omdat Hy belowe het dat die Verlosser uit die stam van Dawid gebore sou word.

Wat 'n troos! Wat God ook al vir my lewe beskik … dit gebeur. En vir my, sy kind, is dit wat Hy laat gebeur, altyd ten goede (Rom. 8:28).

*Sing: Psalm 33-1:6*

*Dagstukkie Almanak 2010*

**Maandag 10 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 12:1-33**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 12:15, 24**

## Die vervulling van God se Woord roep ons tot gehoorsaamheid

Ongeveer 2 950 jaar gelede het daar 'n skeuring in Israel plaasgevind – politieke skeuring (vs 20-25) sowel as godsdienstige skeuring (vs 26-33). 'n Skeuring wat 'n blywende impak op Israel gehad het, met gevolge wat die ganse mensdom raak.

Vandag 161 jaar gelede het daar met die ontstaan van die GKSA 'n skeuring in die kerke van Suid-Afrika plaasgevind. 'n Skeuring met 'n blywende impak op baie mense se lewens, waaroor daar al baie gepraat

en geskryf is.

In ons tyd vandag hoor ons steeds van skeurings en berigte van skeurings op godsdienstige sowel as ander terreine. Telkens wil ons hierdie skeurings en die gevolge daarvan evalueer en die goeie en/of die slegte daarvan regverdig.

In 1 Konings 12 kry ons nie ’n evaluasie van die goeie of slegte gevolge van die skeuring nie, maar slegs dat dit van God af kom. In hoofstuk 11 lees ons dat God twee maal vir Salomo tot gehoorsaamheid gemaan het, twee maal die straf aangekondig het, en nou word die vervulling van God se Woord twee maal bevestig (vs. 15, 24).

Soos by die toring van Babel (Gen. 11:1-9) laat God nie onbepaald toe dat die mens die eer wat Hóm alleen toekom, deel met afgode, hulleself of enigiets anders nie. Hy alleen regeer en bly volkome in beheer. Ooreenkomstig sy belofte straf Hy ongehoorsaamheid. Deur die werking van die Heilige Gees besef Rehabeam dit (vs 24). Die bombastiese Rehabeam (vs. 11, 18, 21) druk sy eie trots en eer in sy sak en gehoorsaam God!

Daardeur beskik God dat sy beloftes uit die nageslag van Dawid uiteindelik in Christus vervul word. Sy *belofte van straf* wat Christus tot die dood toe gedra het, sowel as sy *belofte van verlossing* saam met Christus se oorwinning en opstanding! Laat die vervulling van God se beloftes ons tot gehoorsaamheid dring, tot sý eer alleen!

*Sing: Psalm 18-1:10, 11*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)*

**Dinsdag 11 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 14:1-31**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 14:9, 10**

## Die Here eis dat ons Hom alleen sal dien

Die Ryk het geskeur. Rehabeam is Juda (die suide) se koning en Jerobeam is Israel (die noorde) se koning. Beide hierdie konings het gedoen

wat verkeerd is in die Here se oë. Jerobeam probeer God afbeeld deur twee goue kalwerbeelde te laat maak. Hy het God probeer inperk toe hy gesê het dat die beelde God verteenwoordig. Maar God kan nie afgebeeld of ingeperk word nie (vgl. 2 Sam. 7:7). Tog gaan Jerobeam voort en eis van sy volksgenote om voor hierdie beelde te buig, want hy was bang die volk gaan aanbid in Jerusalem en volg koning Rehabeam na (1 Kon. 12:26-28).

Omdat Jerobeam in sy sonde volhard het, gaan die Here die koningshuis van Jerobeam uitroei (1 Kon. 14:10). Die Here duld dit nie as sy kinders Hom tweede in hulle lewens stel nie (vs 15). In sy liefde verwag God van sy volk om Hom alleen te vertrou. Die Here het sy verbondsvolk afgesonder om slegs aan Hom gehoorsaam te wees (vgl. Deut. 7:9-11). En daarom tree die Here op teenoor diegene wat nie sy woorde ernstig opneem nie. *"Toe het Jerobeam se vrou teruggegaan Tirsa toe. Net toe sy oor die drumpel van die paleis stap, het die kind gesterf"* (vs 17).

Dieselfde geld vir die ander koning, Rehabeam. Onder sy regering het Juda ook afgode gemaak en hulle vertroue daarop gestel (1 Kon. 14:22-24). Die Here tree ook teenoor hom op en laat toe dat Egipte die tempel plunder.

Hierdie twee konings, en baie leiers na hulle, laat die kinders van die Here sug na 'n betroubare Koning (vgl. Rom. 8:22, 23). Die koms van die ewige Koning, Jesus Christus, bring verligting, want Hy regeer volgens God se wil. Noudat ons gewaarsku is, kom ons dien die Here.

*Sing: Psalm 48-1:1, 5*

*Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)*

**Woensdag 12 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 15:1-16, 28; 2 Kronieke 13 – 16**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 13:1 – 16:14**

## Die beloftes en eise van die Here dring ons tot volhoubare gehoorsaamheid

Koning Abia volg in sy pa, Rehabeam, se voetspore. 1 Konings 15 sê dat Abia ook nie so getrou aan die Here was soos wat Dawid was nie. Ook hý voer oorlog teen koning Jerobeam van Israel.

Maar wanneer ons 2 Kronieke 13 lees, hoor ons dat die Here vir Abia gehelp het met sy veldslae teen Jerobeam (vs 10-12). Tog was die Here by Abia, want hierdie nuwe koning het gefokus op die Here se beskerming en die verbond wat God met Dawid gesluit het (2 Kron. 7:18). Abia het gefokus op die belofte dat God sal sorg dat iemand altyd sy volk sal regeer. Maar daar was nog iets in die verbond waarop Abia nie gefokus het nie: die feit dat God gehoorsaamheid aan Hom alleen eis (2 Kron. 7:17-22).

Na Abia se dood het sy seun Asa hom as koning opgevolg. Asa was een van die min konings wat *"reg gedoen het"* in die Here se oë (1 Kon. 15:11-15). Maar selfs die beste leiers neem soms swak besluite. Al het Asa meeste van die tyd reg opgetree, het hy later jare verkeerde besluite geneem. Koning Asa besluit om 'n ooreenkoms met die heidense koning Ben-Hadad aan te gaan sodat Juda sterker as Israel kan word. Asa het nie die Here in hierdie besluit geraadpleeg nie (2 Kron. 16:7-9). Twee jaar voor sy dood het hy ernstig siek geword en wéér nie die Here geraadpleeg nie.

Kom ons leer uit Abia en Asa se foute. Kom ons fokus op God se vólle verbond: Hy beloof beskerming aan sy kinders, maar eis ook gehoorsaamheid en toewyding van sy kinders. Mag die Heilige Gees in ons werk sodat ons regdeur ons lewe onsself aan ons ewige Koning, Jesus Christus, sal toewy.

*Sing: Psalm 89-1:2, 6*

*Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)*

**Donderdag 13 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 16:29 – 18:46**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 18:36, 37; Heidelbergse Kategismus Sondag 45**

## DIE HERE, HY IS GOD – tot Wie ons ootmoedig, vasvertrouend bid

Sondag 45 se sentrale gedagte is dat dit vir die Christen noodsaaklik is om gereeld en reg te bid. Wanneer jy bid (HK 45:117, 118), vra aan jouself vier vrae:

- TOT Wie bid jy? – Die enige ware God.
- HOE is jy ingesteld? – Ootmoedig, want ék is in nood.
- HOE is jy ingesteld? – Vertrouend dat God my gebed ter wille van Christus sekerlik wil verhoor.
- WAT kan jy vra? – Alle geestelike en liggaamlike behoeftes.

Elia kry verskillende opdragte om te bid. Hy leef in die tyd van koning Agab (1 Kon. 16:29-34) en Isébel wat vir Baäl aanbid, moord, omkopery, korrupsie en onsedelikheid pleeg.

Hy bid vir jarelange droogte! As bywoner (17:1) word hy self swaar getref: by die Kritspruit sorg kraaie vir brood en vleis. Later word hy deur die weduwee van Sarfat met daaglikse brood uit die bodemlose meelkruik versorg.

Die tweede gebed bid Elia in sy bokamer nadat die weduwee se seuntjie sterf (17:17-24). Elia bely biddend dat die HERE heil en onheil voortbring (Sb. 2-2:1), maar ook dat die HERE, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms kan gee (Ps. 68-1:9). Elia bid TOT die enige, ware "HERE, my God". Sy ingesteldheid is ootmoedig en vasvertrouend. Die HERE verhoor.

By die derde en vierde gebed beveel die HERE – *Gaan na Agab, want Ek wil weer reën gee.* Vasvertrouens gáán Elia. Hy staan man-alleen teenoor die 850 afgodsprofete, Agab en die volk. Hy wéét: God sal ter wille van sý kerk verhoor. Baäl hoor egter nie, want Baäl slaap seker … Maar Elia wéét die HERE sluimer of slaap nie (Ps. 121:4). Elia bid om die eer van die HERE; dat die HERE weer bekend sal word in Israel; en

dat die volk hulle tot die HERE sal bekeer (18:36, 37). Dit klink soos: *"Laat u Naam geheilig word en u Koninkryk kom …"*

Die HERE verhoor oorvloediglik: die brandoffer is verteer, die volk kom buigend tot bekering. Hulle bely: DIE HERE, Hy is God! In die geloof hoor Elia al die gedruis van die reën. Tog moes hy wag op God se tyd. Eers ná die sewende kykslag het die groot reën gekom.

Is jou toekoms donker, uitkomsloos? Baie bekommernisse? Dink aan die TOT-, HOE-, HOE-, WAT-vereistes van jou gebed. Dink daaraan dat God soms onverwags, maar op sy tyd uitkoms gee. Dink aan die Kritspruit, die weduwee se meel, die seuntjie se opstanding, die vertering van die offer en die groot reën wat deur die HERE bewerkstellig is. Bely Hom as: DIE HERE, Hy is God! Hý beskik oor droogte, reën, kos, water … én lewe!

*Sing: Psalm 46-1:1, 3, 6*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Vrydag 14 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 19:1-21**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 19:14, 18**

## By moedeloosheid – gaan dit om sukses of seën?

Op 10 Februarie was die GKSA 161 jaar oud! En jy? En jou eie nuwejaarsvoornemens? Was daar sukses? Het die kerke in Suid-Afrika gegroei? Het jy jou nuwejaarsvoornemens of jou eie lewensverwagting suksesvol aangepak? Het jy die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22-25) gedra en vol van die Heilige Gees geword (Ef. 5:18) sodat jy suksesvol as 'n waardige tafelgenoot aan die tafel van die Here mag aansit?

Ons leef mos in 'n sukses-gedrewe samelewing. Jy móét slaag en iets bereik …! Arme Elia – juis toe hy gedink het dat hy sukses behaal het, tuimel alles inmekaar. Soos 'n boef vlug hy vir sy lewe. Al sy werk onder die volk van God, sy moed voor die goddelose Agab, sy geloofsvoorbeeld, sy gebede, sy geloof was tevergeefs!

*"Ek het baie geywer vir die HERE ... ék het alleen oorgebly ... hulle soek mý lewe ..."* Misluk! *"... die kinders van Israel het ú verbond verlaat, ú altare afgebreek en ú profete ... gedood ..."* Ek én u … het misluk!

Die Bybel is vol van sulke mislukkings: Adam, Eva, Jakob, Petrus. En Christus aan die kruis … morsdood!? En jou en my lewe – vol van mislukkings, nè?! *Die goeie wat ek wil, doen ek nie; en die kwade wat ek nie wil nie, doen ek wél ...* (Rom. 7:15-24).

Vir die moedelose Elia sê die HERE: Dink 'n bietjie weer! Ek het 'n groter plan as jou korttermyn sukses-idee. Ek maak deur verdrukking, benoudheid en mislukkings heen vir My 'n volk bymekaar wat volhard in die geloof. *"Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie"* (vs 18). Die gelouterde oorblyfsel uit alle volke en tye sal die Nuwe Jerusalem beërwe. Dit gaan nie om jóú sukses nie, maar om God se seën!

Het jy al só na jóú lewe en mislukkings gekyk? Wou God jou nie miskien daardeur seën, jou daardeur louter om jou óók deel van daardie volk van Hóm te maak nie?

Hulle roep: "Hosanna!", en 'n week later: "Kruisig Hom!" Jesus sterf vernederend aan 'n vloekhout! Geen sukses vir Jesus nie – menslik gesproke 'n mislukking? Maar tog, sý kruis was die grootste seën ooit! Ook vir jou. Die "mislukking" van die kruis bring Jesus uit by die sukses van die opstanding en die ewige lewe.

Vir die moedelose Elia (en vir jou) sê die HERE: Daar is werk vir jou in my koninkryk! *"Gaan salf vir ..."* (vs 15-18). Volhard in die beproewinge en in die geloof. God is op pad na Sion. Jou swaarkry in die geloof is vir jou wins in Christus!

*Sing: Psalm 42-1:1, 5, 7*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Saterdag 15 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 2:1-12; Handelinge 1:9**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 2:1, 11**

## Elia en Jesus se hemelvaarte

Aan die begin van die boek 2 Konings word die einde van Elia se tyd en dienswerk op aarde aan ons beskryf.

Elia was ’n merkwaardige profeet en sy tyd op aarde word ook op ’n merkwaardige manier beëindig! Die Here het vir Elia in ’n stormwind in die hemel opgeneem (vs 1, 11) terwyl ’n wa van vuur en perde van vuur vir Elia en Elisa van mekaar geskei het. In ’n stormwind vaar Elia op na die hemel. Dit het Elisa laat uitroep: “My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!”

Elia het dus nie gesterf en is ook nie begrawe soos ’n gewone mens nie, maar “is in ’n stormwind op, die hemel in” (2:11). Deur sy profeet se lewe op aarde op so ’n merkwaardige manier te beëindig, herinner God ons daaraan dat Hy mag oor lewe en dood het, dat Hy almagtig is, dat Hy nie gebind is aan die dinge waaraan mense gebind is nie. Hy kan mense opneem in die hemel as Hy wil!

Eeue later sou ons van Jesus Christus lees dat Hy gesterf het onder die las van ons sonde, ten volle vir al ons sondes aan die kruis betaal het, en op die derde dag uit die dood opgestaan en só die dood vir ons oorwin het. Veertig dae later het Hy opgevaar na die hemel (Hand. 1:9-11)!

Elia se hemelvaart was dus ’n vooruitwysing na ons Hoogste Profeet, Jesus Christus, se hemelvaart. Die groot verskil was: ons Here Jesus het eers gesterf en opgestaan uit die dood en sy kinders vir ewig verlos voordat Hy 40 dae later na die hemel opgevaar het. Boonop gaan Hy net so terugkom soos wat Hy opgevaar het!

*Sing: Psalm 47-1:3, 4*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)*

**Sondag 16 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 4:1-44; Matteus 14:14-21**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 4:2**

## Gebruik die bietjie wat jy het in God se diens!

Die eerste deel van die boek 2 Konings fokus op die profeet Elisa se dienswerk en toon duidelik aan, deur middel van die wonders wat die profeet doen, dat God Koning is.

Ons lees byvoorbeeld van die weduwee van ’n ander profeet wat by Elisa kom kla oor ’n skuldeiser wat haar opkeil. Elisa vra vir haar: “Wat het jy in jou huis?” En haar antwoord was: “Ek het niks in die huis nie behalwe ’n erdekannetjie olie.” Elisa beveel haar toe om soveel as moontlik kruike te leen en hulle dan vol olie te maak uit die kannetjie. God laat ’n wonderwerk gebeur en sy kon al die kruike vol maak en die olie verkoop om al haar skuld te betaal en ook nog geld oorhou om van te leef!

Eeue later sou Jesus Christus en sy dissipels te doen kry met ’n honger skare. Die dissipels wou hulle wegstuur, maar Jesus het gesê: “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Hulle sê toe vir Hom: “Ons het hier net vyf brode en twee visse.” Jesus het die seën gevra en toe die brood en die vis vir sy dissipels gegee om uit te deel. Almal het genoeg geëet en daar het ook nog 12 mandjies oorgebly!

Die punt is: God is Koning, en as jy die bietjie wat jy het in sy diens gaan aanwend, sal Hy sorg dat dit genoeg is! Begin net om die spreekwoordelike kruike vol te maak, soos die weduwee. Begin net om die spreekwoordelike brood en vis uit te deel, soos die dissipels. In God se koninkryk is ’n bietjie nooit te min as dit in God se diens aangewend word nie!

*Sing: Psalm 104-1:1, 8, 9*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)*

**Maandag 17 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-19a**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:15**

## Naäman – 'n eenvoudige wonderwerk lei tot 'n heerlike belydenis!

Naäman was 'n baie gesiene man onder die Aramese leër. Onder sy bevel het die Here vir Aram 'n oorwinning gegee. Hy was egter melaats. Die melaatsheid was bloot die begin om hierdie goddelose man tot inkeer en bekering te lei. Sy siel was siek en onrein en het genesing nodig gehad. Deur middel van 'n kind se geloof (dogtertjie uit Israel) word Naäman beweeg om na Israel te gaan. Vir die koning van Israel het dit natuurlik na 'n politieke krisis gelyk wat op hande is. Elisa vind egter uit van Naäman se besoek en reël dat hy onmiddellik na hom toe kom. Met sy aankoms by Elisa se huis gebeur daar iets merkwaardig: Elisa kom self nie uit om hom te ontmoet nie, maar gee hom die eenvoudige opdrag om hom sewe maal in die Jordaan te gaan was. Vir die suksesvolle en dapper hoofleëraanvoerder was dit 'n verskriklike belediging. Hy het nie al die pad gekom om met hom te laat spot nie. Nee, hy verwag 'n skouspelagtige wondergenesing – iets soos openbare gebed en handoplegging. Gelukkig kon sy amptenare hom rustig ompraat en tot insig bring. Naäman voer die opdrag uit en die resultaat is heerlik: hy word ten volle van sy melaatsheid genees. Die heerlikste van alles is egter dat sy siel ook nou genees en rein is. Op hierdie eenvoudige wonderwerk van die Here volg die heerlike belydenis van 'n gelowige: die Here is God en niemand anders nie! Hoe baie maal is ons nie geneig om die eenvoudige werke (wonders) van die Here in ons eie lewe mis te kyk nie? Ons verwag mos dat alles op skouspelagtige wyse in ons lewe moet gebeur. Om elke nuwe môre te mag opstaan as 'n verloste kind van die Here is op sigself 'n wonderwerk vanuit sy hand. Elke nuwe môre moet ons belydenis wees: die Here is ons God alleen! Word vir 'n oomblik stil en aanskou die eenvoudige werke van sy hande in jou lewe.

*Sing: Psalm 136-1:2, 3*

*Ds. W Jobse (Wilhan) (Jeffreysbaai)*

**Dinsdag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 6:1 – 7:20**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 6:1, 2, 17; 7:1, 2, 14**

### Die Here is Koning! Is ons oë oop?

Baie keer gebeur daar dinge rondom ons, maar ons sien dit nie raak nie. Hoeveel keer gaan daar dinge by ons verby wat ons moes raaksien? Soos Elisa se slaaf, is ons oë soms blind en toe (2 Kon. 6:17).

Die groot vyand vir die volk van die Here was op daardie tydstip die Arameërs. Ons merk op dat hulle gereeld die beloofde land kom inval het en gereeld gepoog het om die koning te verslaan en die land te vernietig. Dit was vir die Arameërs tevergeefs! Want hulle het gedink die werklike koning is ’n aardse koning. Wat is besig om te gebeur wat hulle nie kan sien nie? Ook nie net die Arameërs nie, baie van die Here se kinders se oë is ook blind. Wat is besig om te gebeur wat baie nie sien nie? Die profete se skool brei uit, al broei daar oorlog en onsekerheid (6:1, 2). Die Arameërs omsingel die stad waar Elisa is, en Elisa se slaaf raak bang. Maar Elisa het geweet: die Here regeer, sy hand is oor ons. Die Here se leërmag is baie groter as enige ander aardse koning of regering s’n. Elisa se slaaf se oë moes daarvoor oopgemaak word (6:17). Die Here self maak sy oë daarvoor oop. Verder was Samaria omsingel, alles het hopeloos gelyk. Maar die Here gee uitkoms, want Hy is Koning! Party wou dit nie glo nie (7:1, 2). Ons wat op die Here vertrou en hoop, vir ons word die bevel gegee: “Gaan kyk” (7:14).

Ons Here Jesus Christus self maak ons oë oop. Dink maar aan die Emmausgangers. Die Here laat hulle sien dat Hy die dood oorwin het, en dat Hy eers moes ly aan die kruis voordat Hy sy in heerlikheid ingaan. Wat die Emmausgangers nie ingesien het nie, laat die Here hulle sien: “Toe gaan hulle oë oop …” (Luk. 24:31).

Ons het die Heilige Gees ontvang en Hy hou ons oë op ons Koning gerig, maak nie saak wat om ons gebeur nie! Is ons oë oop?

*Sing: Psalm 25-1:2, 7*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)*

**Woensdag 19 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22:1 – 23:21 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:3, 4; 23:3, 16, 21**

## Moenie Ahasia navolg nie, volg die HERE na!

Vandag waarsku God ons deur Ahasia: hy het, net soos sy moeder, glad nie op die HERE vertrou nie! Maar ons leer óók dat die HERE altyd getrou is, ons moet liewer volkome op Hóm vertrou!

Daar was twee konings met die naam Ahasia, wat ironies genoeg "die HERE hou vas" beteken, terwyl húlle eintlik nié aan die HERE vasgehou het nie. Die eerste Ahasia, van Noord-Israel, was die seun van die goddelose Agab en Isébel. Die tweede Ahasia, van Juda (2 Kron. 22 en 23), se pa en ma, Joram en Atalia, moes eintlik nooit getrou het nie – Joram was die seun van die godvresende koning Josafat van Juda, terwyl Atalia die dogter van die goddelose Agab en Isébel was.

Toe Ahasia van Juda sy pa Josafat opvolg, kom ons agter dat hy onder die slegte invloed van sy goddelose ma en ooms (2 Kron. 3, 4) gekom het. Hulle het die voorbeeld gestel ten opsigte van goddelose dade en om met goddelose mense saam te werk. Ons leer hieruit: moenie trou met 'n ongelowige nie, en moenie ongelowige raadgewers aanstel nie! Volg nie vir Ahasia na nie! Maar ons leer óók uit hierdie geskiedenis dat die HERE altyd sy kerk in stand hou. Die poorte van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie. Die HERE doen dit volgens ons teks deur drie soorte mense:

- Die breë kerkvolk weet Wie die HERE is en wie sy kinders is, en wie nie. Volgens 2 Kronieke 21:20 word die goddelose koning Joram nie in die grafte van die konings begrawe nie, maar volgens 2 Kronieke 22:9 is Ahasia ter wille van sy godvresende oupa Josafat wél in die grafte van koning Dawid begrawe. Want die kerkvolk het aan die beloftes van die HERE vasgehou.
- Die tweede groep mense is die gelowige familie van Ahasia. Toe Ahasia sterf, het sy goddelose ma, Atalia, die leisels oorgeneem en al die moontlike troonopvolgers doodgemaak. Maar Ahasia se gelowige suster, Josabat, het Joas, Ahasia se seun, gesteel en wegge-

steek sodat daar volgens die beloftes van die HERE altyd ’n nakomeling van Dawid op die troon kan bly. Ons leer uit hierdie gebeure dat God vir Hom ’n volk uitkies en dat Hý aan hulle die geloof gee. Ahasia en Josabat het dieselfde goddelose ouers gehad – Ahasia bly goddeloos, maar Josabat word gelowig, en trou selfs met die hoëpriester Jojada.

- Die derde groep mense is die besondere ampte van die kerk. Ná ses jaar skep die hoëpriester Jojada moed. Hy versamel die gelowiges, wys hulle op die verbond van die HERE wat met Dawid gesluit is, herorganiseer die tempeldiens, en kroon die gelowige Joas as die wettige troonopvolger. Atalia word gedood en die kerk dien die HERE weer met blydskap en in rustigheid.

Jy, broer, suster, oom of tannie van kinders van goddelose ouers word deur middel van jóú gelowige voorbeeld, jou Bybellees, katkisasie, kerkbesoek en betrokkenheid geroep in diens van God se kerk! God hét sy belofte nagekom – Jesus is die ewige troonopvolger uit die huis van Dawid soos God belowe het. Deur sy uitverkiesende genade is jy ’n gelowige én geroep om sy kerk in stand te hou!

*Sing: Skrifberyming 15:1, 2, 6, 7 (16-1)*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Donderdag 20 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22:1 – 24:27**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:10 – 23:21**

## Die Here bewaar sy kerk in die donkerste van tye

Daar is tye in die geskiedenis waar donker wolke oor die voortbestaan van die kerk gehang het. Die kerk beleef haar eerste donker tyd in die paradys met Satan se aanval en verleiding. Maar die Here is genadig en bewaar sy kerk in die verbond. Die kerk sal nie ondergaan nie!

In 2 Samuel 7 ontvang die kerk die belofte dat Dawid se troon nooit leeg sal wees nie. Israel sal altyd ’n koning hê. Hier in Kronieke lyk die

prentjie weereens donker. Waar is die koning? Op die oomblik is daar 'n koningin wat haar weg na die troon deur moord bewerk het!

In Eksodus 15 lees ons dat al die Joodse seuntjies doodgemaak moet word. Onder hierdie kinders was Moses. In Matteus 2 hoor ons weer dat die seuns doodgemaak moet word, omdat Herodes bang was vir die koms van die Messias. En hier in Kronieke gebeur presies dieselfde.

Atalia, die koningin, het beveel dat al die seuns doodgemaak moet word. Dit alles is Satan se strategie om die koms van Christus te probeer smoor. Deur die geskiedenis gryp die Here wonderbaarlik in! Moses word gered deur 'n biesiemandjie; hier sien ons Joas, die koning uit Dawid se geslag, word gered deur 'n priestergesin en bevestig as koning; en eindelik word Christus gered wanneer sy ouers na Egipte vlug.

Al lyk die prentjie vir ons baie keer donker, gebruik die Here die kwaad van Satan om alles vir sy kerk ten goede te laat meewerk (Rom. 8:28). Deur die lyn van die verbond verseker die Here dat die Dawidstroon bly voortbestaan. Hy het ons aangeneem as sy kinders in die verbond, Hy het sy Seun gestuur om die kerk te bevry van die sonde.

So sal die HERE ons bewaar tot Christus weer kom.

*Sing: Psalm 68-1:1-3*

*Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)*

**Vrydag 21 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 26:1 – 27:9**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 26:4, 5, 16; 27:3, 6**

## Vertrou nie op prinse

Ons elkeen ken die woorde van Psalm 146:3 ... *Vertrou nie op prinse ... by wie geen heil* (redding) *is nie*. Hierdie Bybelse woorde het al 'n bekende spreekwoord geword: *"Moet nie op prinse vertrou nie."* Dit is waarop die hele Skrif ons wys ... dat ons op God ALLEEN moet vertrou en NIE op mense nie.

In ons Skrifgedeelte word twee Bybelse figure vir ons voorgehou,

Ussia en Jotam. Elkeen was op sy eie manier "groot" konings. MAAR die "grootheid" van elkeen het drasties verskil! Wanneer ons na dié twee persone kyk, het die einde van hulle aardse paaie verskillend geëindig. Die een het as hoogmoedige in sy melaatsheid gesterf (26:23) en die ander een het in geloofsnederigheid eervol as koning gesterf (27:8-9). Aan die een kant vind ons die *waarskuwing van hoogmoed* en aan die anderkant die *getrouheid van geloofsbelydenis*!

Dit is nie om dowe neute dat die Skrif ons juis hierop wys nie. Ons sien juis by ons Here Jesus Christus dat Hy as die ware nederige nog steeds as ware Koning opgetree het! Filippense 2 getuig daarvan. Dit is kragtens die Heilige Gees wat die geloofsnederigheid in ons harte bewerk word. Daardie geloofsnederigheid vloei voort vanuit Christus se offer, waar Hy deur sy bloed ons voor God stel! Deur sy opstandingskrag regeer Hy as ware Koning deur sy Woord en Gees in ons harte deur die geloof!

As gelowige het ons die opdrag om Hom as Koning te eer en te gehoorsaam! Natuurlik sal ons teen die ou hoogmoedige mens moet stry! Ons kan dit doen! Ons stry deur die geloof in die krag van ons Here Jesus Christus as Koning! Dit is Hy wat in ons harte werk deur sy Heilige Gees, sodat ons in nederigheid sy wil sal soek! Ons is hier met 'n taak en 'n heilige roeping voor die Here as Koning! Erken sy Koningskap in jou lewe en in jou hart!

Leef daardie geloofsroeping elke dag uit!

*Sing: Psalm 45-1:1*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)*

**Saterdag 22 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 18:1-37**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 18:5-7, 11-12, 22, 30, 32**

## Bly staande in die geloof

Ons elkeen ken die vermanende woorde: "*Pasop dat jou naam jou nie vooruit loop nie*"... of: "*Pas jou naam mooi op, want as jy jou naam eers*

*verloor het, het jy alles verloor*." Ons het weereens in ons teks te doen met 'n teenstelling (soos in gister se dagstukkie). Die *ongehoorsame* Israel word teenoor die *gehoorsame* Hiskia gestel. Wanneer ons die naam van koning Hiskia hoor, dan is daar 'n goeie en positiewe getuienis wat van hom uitgaan! Ons lees daarvan in vers 6: *... hy het die HERE aangehang sonder om van Hom af te wyk en sy gebooie onderhou ...* Hierdie getuienis is NIE soseer gebaseer op hóm as persoon, maar op die werk wat die Heilige Gees deur die geloof in hom bewerk het! Die Heilige Gees het kragtens die geloof die ware Koningskap van Christus in sy hart bewerk! Hy het nie op homself vertrou nie! Dit verg geloofsinspanning! Hy het (soos vs 7 sê) *deur die geloof* opgestaan téén "... *die koning van Assirië en hom nie gedien nie*". Hy het bly vashou aan die HERE! Hierdie getuienis word weer later in ons teks deur die *hoof-adjudant* herhaal in vers 31 & 32: dat Hiskia hom nie in die geloof laat onderkry het deur die dreigende vyand, Assirië, nie! 'n Geloofsbelydenis as getuienis na BUITE ... oor wat BINNE in sy hart geleef het! Die gevaar van die sonde is altyd daar om na ons te wink en ons weg te roep van die HERE. Die stryd van die sonde om jou as geloofskind van die HERE te vervreem sodat jy nie meer die HERE se Koningskap in Christus sal raaksien en uitleef nie! As ware Verbondsgod weet ons in die lig van die Nuwe Testament dat Jesus Christus die Ware Koning is wat in die Ou Testament verkondig is as ware Verbondsmiddelaar wat vir ons sondes kom sterf het. Hiskia het juis deur die geloof daaraan vasgehou! Hy het nie op homself vertrou nie. Hiskia het nie geskroom om in die geloof staande te bly nie, want hy het óók geweet dat die ware Verbondsgod in sy Koningskap aan hóm as sy kind vashou! Deur die genade en liefde van die HERE wat getrou is aan sy verbondsbeloftes het die HERE vir hom geloofskrag, geloofsmoed en geloofsvolharding gegee om sy roeping uit te leef! Hy kón dit doen omdat sy naam en God se Naam hemels aanmekaar gebind is deur die bloed van sy Seun! Dié wete, dat ons naam en God se Naam hemels aan mekaar gebind is, gee vir ons 'n geloofsbesef dat ons nie vir onsself moet/mag leef nie (HK Sondag 1)! Leef daardie geloofsbesef in die Naam van Christus uit!

*Sing: Psalm 33-1:7*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)*

**Sondag 23 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 19:1-37**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 19:19, 29, 31, 34**

## Hoop op God, in Hom weer rustig!

Een van die hoogtepunte in die geskiedenis van Juda is die regering van koning Hiskia. Alhoewel hy die seun van die goddelose Agas was, het Hiskia gedoen wat reg was in die oë van die HERE. Hiskia het in baie moeilike politieke omstandighede geleef: die Tienstammeryk is deur Assirië verower en in ballingskap weggevoer; Assirië het daardie gebied met afgodsdienaars bevolk; Assirië probeer nou ook die koninkryk van Juda verower deur Jerusalem te beleër (omsingel).

Tydens hierdie omsingeling beledig en laster die Assiriërs die HERE: (1) Hiskia het 'n onvermoë om die volk te red omdat hy op die leë beloftes van God staatmaak (18:30-32; 19:10); (2) Daar is geen gode (en ook nie die HERE nie) wat kan staande bly teen die sogenaamde "oppermag" van Assirië nie (18:33-35; 19:11-13)! (3) Assirië meen dat hy net so magtig soos God is wat riviere kan laat opdam sodat die volk droogvoets daar deur kan trek (19:24)! Uiteindelik kom dit daarop neer dat Juda gespot word: "Waar is julle God?" (vgl. Ps. 42).

Toe Hiskia al hierdie lasteringe hoor, gaan hy ootmoedig op na die huis van die HERE. Het Jesus ons nie ook geleer dat jy in die binnekamer jou voor die Here moet verootmoedig nie (Matt. 6:6-13)?

Hiskia grond sy gebed daarop dat God se Naam geheilig en geëer moet word en dat sý koninkryk moet kom. "U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, Ú het die hemel en die aarde gemaak!" (19:15). Die gode van die nasies is maar net hout en klip (19:17, 18)! "Verlos ons dan nou tog uit sy hand, HERE onse God, dat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, HERE, alleen God is" (19:19)! (vgl. Sondag 45-52).

Die HERE antwoord: Ek het jou gebed gehoor! (vs 20). Assirië hét teen die Heilige gelaster (vs 22). Hy sal Assirië verslaan en daar sal 'n oorblyfsel van God se volk weer in die besette gebiede gaan woon en Hy sal hulle beskut.

Hoekom doen God dit? Verse 31 en 34: Dis die ywer (liefde) van die HERE van die leërskare en sy getrouheid aan sy belofte aan Dawid dat daar ’n ewige Koning (Jesus Christus) uit sy nageslag gaan kom.

Beleef jy ook ’n moeilike tyd? Spotters wat sê: Waar is jou God? Gaan gelowig en ootmoedigend na die HERE van die leërskare – Hy hoor en sál rus gee!

*Sing: Psalm 42-1:1, 2, 7*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Maandag 24 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 20:1-11**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 20:6**

## Die HERE genees Hiskia ter wille van Homself en sy Kneg

Hiskia vra die HERE vir genesing en Hy gee dit vir hom. Die genesing is Hiskia ten goede: hy kan weer na die huis van die HERE gaan om Hom daar te aanbid.

Die genesing is ter wille van die HERE Self en sy kneg Dawid. As Hiskia op daardie stadium sou sterf, sou die volk gesukkel het om staande te bly teen hulle vyande, die Assiriërs. Hiskia word genees omdat die HERE hom nog wil gebruik. Hiskia word genees ter wille van die HERE se kneg Dawid, aan wie die HERE belowe het: “En jou juis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid” (2 Sam. 7:16).

Hiskia staan in ’n lyn van konings uit wie die ware Koning, die Kneg van die HERE, Jesus Christus, gebore sou word. Daarom kry ons ook Hiskia se naam in Jesus se geslagsregister in Matteus 1. Waar die HERE vir Hiskia gebruik het om sy volk veilig te hou teen Assirië, het Jesus Christus gekom om God se kinders se grootste vyande, die sonde en die dood, te oorwin. Waar Hiskia genees was, het Jesus Christus Godsverlate aan die kruis gehang. Omdat dit tot die HERE se eer strek. Omdat dit God se plan van redding vir sy kinders is.

As gelowiges lewe ons met die sekerheid dat ALLES wat met ons gebeur, vir ons ten goede is. Dat dit uit ons hemelse Vader se hand kom en dat Hy dit toelaat en gebruik ter wille van Homself en sy Kneg, Jesus Christus. Lewe met die troos dat die HERE in beheer is en dat jy ewig aan Hom behoort wanneer jy in sy Kneg, Jesus Christus, glo. Sy Kneg wat ons Koning is.

*Sing: Psalm 33-1:2, 6*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*

**Dinsdag 25 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 29:1-36**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 29:17**

## Hiskia herstel die tempeldiens

Die HERE se toorn het oor Juda en Jerusalem gekom omdat hulle nie die tempeldiens in stand gehou het soos Hy hulle beveel het nie. Hiskia besef dit en daarom herstel hy die tempeldiens aan die HERE. Hy dink nie sy eie planne uit oor hoe hulle die HERE moet aanbid nie, maar hou hom by die HERE se voorskrifte.

Ook in die manier waarop die tempel gereinig is, het Hiskia hom by die HERE se voorskrifte gehou, daarom was dit die priesters wat die reinigingswerk gedoen het. Nadat die tempel gewy is, is daar offers gebring vir die koningskap, die heiligdom en Juda – al drie hierdie groepe was betrokke by die afvalligheid wat onder Agab begin het.

Daar is nie net vir Juda nie, maar die hele Israel geoffer. Hiskia het hom beywer vir ’n verenigde koninkryk. Die volk se reaksie was aanbidding en die vreugdevolle sing van psalms. Die volk kon weer offers bring! Deur die offers het die HERE hulle aan die hand gelei na die Messias wat sou kom. Die Een wat Homself as die volmaakte offer sou gee om ons ewig met God te versoen. Die volk was bly oor wat God vir hulle berei het. Hulle was bly daaroor om Hom te aanbid soos Hy sê.

Vandag reageer ons op dieselfde manier op die HERE se genade. Ons

reageer met aanbidding en lofprysing. Ons vind ons vreugde daarin om te doen wat die HERE sê. Ons bring nie meer allerhande offers nie, want ons is deur Jesus Christus se offer ewig aan God gewy.

Moenie vir jouself lewe nie, lewe vir die HERE! Moenie jou eie kop probeer volg nie, maar dien die HERE soos Hy in sy Woord sê. Dit is op hierdie manier wat ons vir Hom wys dat ons Hom liefhet.

*Sing: Psalm 118-1:13, 14*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*

**Woensdag 26 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 31:1-21**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 31:2, 21; Heidelbergse Kategismus So 50**

**Die erediens is daar om God te soek!**

Hiskia is ’n egte Gereformeerde. Hy gaan voort om te reformeer, om terug te vorm soos wat die Here dit voorskryf. Nou konsentreer hy op die instandhouding van die erediens. Hy begin by die dienswerk van die priesters en die Leviete, wat deur die HERE gegee is vir sy kerk, *“in die poorte van die laers van die HERE”* (vs 2, 1933/53-vertaling).

Die doel van die dienste (ampte) is om die kerkvolk voor te gaan in húlle dienswerk, naamlik om te dien, om te loof en te prys, om te dank en om God te soek. Dit is tog waaroor dit ook in vandag se erediens gaan – die dominee, ouderling en diaken is voorgangers in die gemeente, in diens van God. Die hele ontmoetingsbyeenkoms is om in ons hulpverklaring en ook met ons gebede, sang, belydenis, voorlesings, kollektes en prediking vir die HERE te sê dat ons Hom wil dien, loof, prys en dank. Ons soek Hom op. Ons wil by Hom wees. Ons wil weer hoor wat Hy beveel en hoe Hy vir ons sorg en hoe Hy gedank wil word. Ons wil graag sý seën ontvang.

Een van die bevele wat die HERE gegee het, was die *Eerstelinge* (vs 5), ook genoem *Tiendes* (vs 6). Vandag praat ons van *Kerklike*

*Bydraes*. Die HERE gee eers vir ons 'n oes (*ons daaglikse brood*) wat uit 'n verskeidenheid soorte inkomstes kan kom. Verse 5 en 6 praat van diere, koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het. Ons sal vandag kan praat van winste, salaris, pensioen en diakonale versorgingsgelde wat ons ontvang het. Die HERE gee éérs, en dán verwag Hy dat ons in dankbaarheid die eerste gedeelte of tiende daarvan vir Hom moet teruggee.

Hierdie *Eersteling-dankoffer* word gebruik om die erediens (die diens tot eer van God) in stand te hou. Die dinge wat nodig is om byvoorbeeld die brandoffers en feeste te hou (vs 3). Vandag praat ons van die gebou, meubels, orrel, elektrisiteit, armversorging, brood en wyn. Vers 4: om die priesters en Leviete te versorg sodat hulle onbesorgd oor waar húlle daaglikse brood vandaan gaan kom, hulle "aan die wet van die HERE met al hulle krag kon wy". Met ander woorde, die *"traktement"*.

Toe Hiskia die volk gewys het op hulle dankoffer, het hulle in getrouheid, goedheid, met hulle hele hart gegee *voor die aangesig van die HERE*. En die HERE se seën het nie uitgebly nie. Daar was oorvloed en voorspoed.

Nes in die Ou Testament, gee die HERE in Christus vandag nog in oorvloed. Hy verlos só dat ons méér as oorwinnaars is (Rom. 8:37), en dán eers eis Hy dankbaarheid en dat ons aan God welgevalllige offers moet wees (Rom. 12:1)!

*Sing: Psalm 100-1:1, 2, 3, 4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Donderdag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 34:1-33**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 34:2, 21**

## Die HERE is genadig teenoor 'n berouvolle sondaar!

Josia is óók 'n egte Gereformeerde. Hy ervaar en bely dat alles maar net genade is (*sola gratia*) – *God* se uitverkiesende genade!

Op agtjarige ouderdom word hy koning. Wie sal sy rolmodel wees? Oupagrootjie Hiskia wat "gedoen het wat goed was en reg en trou was voor die aangesig van die HERE sy God" (31:20)? Ja! Of was dit sy oupa Manasse wat aanvanklik goddeloos was, maar later deur die HERE tot bekering gebring is (33:12, 13)? Ja! Of was dit sy pa Amon wat "gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE" (33:22)? Nee! … Pa, ma, oupa, ouma: Sien jy dat jy 'n groot rol in jou kind of kleinkind se lewe speel? Dis 'n groot verantwoordelikheid, nè!

Uiteindelik lees ons tot tweemaal toe dat hierdie jong koning egter kies om volkome te wandel in die weë van sy vader Dawid (34:2, 3). Dawid, die eerste godvresende koning. Die man na God se hart. Die koning wat die HERE in alles gesoek het en sy sterkte in die HERE gevind het. Dawid wat sy sonde bely het, wetende in die geloof dat God in genade die berouvolle sondaar se sonde bedek (Ps. 32). Dawid met wie die HERE 'n ewige verbond gesluit het dat uit sy lendene 'n ewige Koning gebore sou word wat die gelowige van alle sonde sal verlos. Dawid wat in Psalm 135:18 bely: "Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep *in waarheid*."

Op 16-jarige ouderdom begin Josia die HERE daadwerklik te soek in alles. Op 20 breek hy alle heilige plekke van die afgode in Juda én Israel af. Op 26 herstel hy die huis van die HERE en ook die tempeldiens. In hierdie herstelproses word die wetboek van die HERE, wat deur Moses gegee is, in die verwaarloosde tempel herontdek.

Hierdie ontdekking het verskillende optredes by Josia teweeggebring: groot vreugde en dankbaarheid (34:15), maar ook groot berou en ootmoed en trane. Dis 'n sonde-erkenning. Josia gaan die volk voor in die lees van die Woord. Hy lei die volk om die HERE te vrees en diensbaar te wees in sý koninkryk. Hy word húlle rolmodel.

Die HERE antwoord: deur sy genade aan 'n berouvolle sondaar te betoon, in die plek van verdiende onheil, gee die HERE sý vrede. Vir die berouvolle Christen gee God volkome vrede in Christus se soenverdienste aan die kruis! Alles genade! Christus alleen! Alleen deur die geloof! Wéés so 'n rolmodel!

*Sing: Psalm 145-1:11, 12*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

**Vrydag 28 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 35:1-27 (lees ook Deut. 16:1-8; 2 Kon. 23)**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 35:1, 18**

## Die k(K)oning se uitsonderlike Pasga

Die hoogtepunt van Josia se reformasie is die Pasga wat hy in Jerusalem vier. Waarom oortref sy Pasga dié van Hiskia?

In die eerste plek omdat almal betrokke die Here se voorskrifte so stiptelik gehoorsaam: die koning het bekeer met sy hele hart; die verbondsluiting met die Here is hernu; die priesters en Leviete het hulle geheilig sodat die Pasga in die eerste maand kon plaasvind; die oorblyfsel van Israel het hulle gereinig en kon verenig met Juda die Pasga in Jerusalem vier.

In die tweede plek oortref Josia se Pasga ook dié van Hiskia in die getal diere wat geslag is, en die hoeveelheid bloed wat gestort is. Gevolglik was alles dié Paasfees in plek om die aandag te fokus op die bloedstorting in Jerusalem! En tog kon hierdie uitsonderlike Pasga nie die vloek wat die verbondsboek aangekondig het, wegneem nie. Uiteindelik is ook Juda in ballingskap weggevoer!

Maar dit wat 37 600 paasoffers en 3 800 beeste se bloed nie kon regkry nie, dit doen God die Vader met één Paaslam in Jerusalem. Bo-aan die vloekhout waar hierdie Lam van God sy bloed stort en my vloek op Hom laai, staan geskryf: Koning van die Jode! Hierdie Seun van Dawid vervul die wet waarvolgens Josia gereformeer het, sodat ons kan sê: Só ’n Pasga was daar nie gewees sedert die dae van die uittog uit Egipte en (selfs) die uitdryf uit die paradys nie!

Elke Nagmaal wil ons laat deel in hierdie laaste Pasga, sodat ons onder sy Koningsheerskappy en regering deur sy Woord en Gees in ’n versoende verhouding met God, elke dag, reformerend kan leef.

*Sing: Psalm 40-1:3-5*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*

**Saterdag 29 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 36:1-23; 2 Konings 24:3, 4**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 36:12-17, 23**

## Die HERE bly dié getroue Koning!

Vandag kom ons aan die einde van die ses boeke (1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke) wat die HERE se bemoeienis met sy volk tydens die regering van die verskillende konings van Israel en Juda beskrywe.

Die HERE openbaar Hom in al hierdie Boeke as dié Een wie se wil geskied. Hý is Koning! Niks gebeur buite sý wil om nie. Geen haar val van ons koppe af nie – elke haar is getel! Die HERE bring die heil én onheil voort (Sb. 34:1 / Sb. 2-2:1).

Só het die HERE byvoorbeeld vir Dawid geseën (= heil), én aan die einde van die koningstyd dit beskik dat die Babiloniese ballingskap móés aanbreek (= onheil). “Sekerlik het dit volgens die bevel van die HERE oor Juda gekom, om hulle van sy aangesig te verwyder vanweë die sondes …” (2 Kon. 24:3). “So het Hy dan die koning van die Chaldeërs teen hulle laat optrek … Hy het alles in (die Chaldeërs se) hand gegee” (2 Kron. 36:17).

Ten spyte van die afvalligheid in die tyd van die laaste konings van Juda (vgl. 36:5, 9, 12), bly die HERE getrou aan sy verbond. Die HERE het medelye met sy volk en sy woning gehad en vroeg en laat boodskappers gestuur dat hulle hul moet bekeer, maar hulle is uitgelag (36:15, 16). Maar toe die woord van die HERE vervul is, het die HERE, die ewige Koning, vir Kores verwek en opgeroep om ”vir Hom ’n huis te bou in Jerusalem” (36:23). Die ballingskap is beëindig.

Van die eerste verse van die ses Boeke tot op die laaste vers toe bewys die HERE van die Leërskare (1 Sam. 1:3, 11), die ewige Koning, Hom genadig en almagtig, én getrou aan sy beloftes van ’n ewige Koning vanuit die huis van Dawid. Hierdie beloofde Koning het in Jerusalem met ’n doringkroon gesterf en is met ons sondes in die graf neergelê. Maar Hy het as Oorwinnaar oor die dood uit die graf opgestaan en sit nou aan die regterhand van die Vader.

Dis Christus wat die skuld wou dra …! Niks kan ons van Gods liefde skei wat ewig-vas in Christus bly!

*Sing: Psalm 23-1:1, 2, 3*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*

## MAART:
## SINOPTIESE EVANGELIES

Hierdie maand kyk ons na spesifieke gegewens wat aan ons in die sinoptiese Evangelies geopenbaar word, spesifiek die geboorte van Christus. Rondom hierdie gebeurtenis is daar drie sake waarop gefokus word. Hieronder gee ons kortliks 'n inleiding van hierdie sake.

- *Die belofte van die koms van Christus*

Reeds in Genesis 3:15 maak God die belofte dat die Een uit die geslag van die vrou gebore sal word wat die Verlosser van God se kerk sal wees. Die hele Ou Testament is 'n ontplooiing van hierdie belofte, en ons sien in die geslagsregister van Jesus Christus hoe God oor gebeure en mense regeer het om die belofte van die komende Messias te bewaarheid.

Nader aan die geboorte van Christus was die belofte van sy koms aangekondig deur figure soos Sagaria en Johannes die Doper, aan wie dit gegee is om daarvan te weet en daaroor te profeteer. Josef, aardse vader van Jesus, ontvang ook kort voor die geboorte van Christus by monde van 'n engel van die Here tyding oor wie Hy is wat sal kom.

- *Gebeurtenisse rondom die geboorte van Christus*

Jesus is gebore, en Josef het Hom die naam gegee wat die engel hom beveel het. Die koms van Jesus Christus was 'n tyd van groot omwenteling, groot blydskap, maar ook groot hartseer. Hierdie gebeurtenis kon nie net ongemerk gelaat word word nie, en God maak dit op verskeie maniere bekend.

Ons lees van die besoek van die wyse manne uit die Ooste, wat van ver af gekom het om Christus te kom besoek nadat God aan hulle in die natuur sy koms geopenbaar het. Ook die skaapwagters in die veld is vertel van die koms van Christus, en het Hom gaan besoek.

Die hartseer van Christus se koms lê in die gewelddadige poging van die duiwel om Christus te laat doodmaak voor Hy sy aardse sending kon begin. Herodes word beweeg om al die klein seuntjies onder twee jaar oud dood te maak in 'n poging om Christus dood te maak. Josef en Maria moet met Hom vlug na Egipte om hieraan te ontkom.

- *Gebeurtenisse ná die geboorte van Christus*

Hier gaan ons kyk na die optrede van Christus as kind wat aan ons geopenbaar word, voor Hy deur Johannes die Doper gedoop is.

*– Ds. SJB Lee (Hannes) (Messina)*

**Sondag 1 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:1-17**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:1, 17**

## God vervul sy belofte van ’n Koning in Jesus

Hoe lank nog? Dis vir ons ’n bekende vraag, want ons as mense is haastig vir hulp. Kitsoplossings is waarna ons soek. Maar die Here werk anders. Op die regte tyd, deur Hom bepaal en op sy manier word sy beloftes vervul. Aan Abraham gee Hy die belofte: “… in jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees” (Gen. 12:3). Maar wanneer kom die Een in Wie hierdie belofte vervul sal word? Veertien geslagte later word hierdie belofte aan Dawid herbevestig: “… Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid” (2 Sam. 7:13). Maar wanneer kom hierdie ewige Koning tog? Nog veertien geslagte later kom die belofte aan die volk in ballingskap, van Een wat verbrysel sal word as skuldoffer vir baie en daarna op ’n ereplek sal sit en regeer (Jes. 53). Maar wanneer kom hierdie regverdige Koning nou? Dan, in die volheid van die tyd, word die beloftes van die Ou Testament vervul. Die lank beloofde Koning kom! Lukas wys juis op die vervulling van die belofte wat van Abraham deur Dawid loop, in hierdie geslagsregister wat uitloop op Jesus. Jesus, die Seun van Dawid én die Seun van Abraham. Maar dan Jesus, nie Seun van Josef nie. Nee, Josef, man van Maria uit wie gebore is Jesus … Nie Josef nie, maar God self is verantwoordelik vir die koms van sy Seun uit die nageslag van Dawid. Dis die troos wat Jesus se geslagsregister bring. Dit getuig van die koms van ons Verlosser, nie uit toeval nie, maar uit God se verbondstrou. Hy is Jesus, ons Verlosser soos reeds beloof aan ons eerste ouers, Adam en Eva (Gen. 3). Hy het die ware en volkome verlossing gebring vir al die geslagte van die aarde, ook vir ons wat glo. Daarom kan ons ook vandag weet: Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewe. Want Hy, ons HERE, bly altyd getrou aan sy beloftes.

*Sing: Psalm 89-1:1, 2, 11*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*

**Maandag 2 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:5-20**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:19, 20**

## ’n Brandende hart wil juig en getuig!

Martin Luther het graag na die evangelie verwys as *“die blye tyding, goeie nuus, ’n boodskap wat jou laat jubel, juig en getuig”*. En dit is presies wat die evangelie aan ’n gelowige hart doen. ’n Mens wat die heerlike beloftes van die Here in geloof omhels, kan nie anders as om dit met ander te deel nie.

Die probleem was net: Sagaria kon nie! Hy was stom. Die Here het sy mond gesluit omdat hy getwyfel het. Stel jou net voor hoe groot hierdie priester se frustrasie was. Hy ontvang die beste nuus ooit, sy hart brand van begeerte om dit met almal te deel. Hy wil praat, hy wil sing en juig, hy wil uitroep en getuig, maar hy kan nie! Hy wil aan die gemeente en wêreld uitbasuin dat hy in sy ouderdom pa gaan word, dat sy seun Johannes die wegbereider van die Messias-Koning sal wees, dat die lang verwagte Verlosser binnekort gebore sal word. Maar helaas, daar kom nie ’n woord oor sy lippe nie.

Lukas deel met ons die verhaal van Sagaria se ongeloof sodat ek en jy versterk kan word in ons eie geloof. Dat ons geïnspireer sal word om met gloeiende harte te vertel van die goeie nuus van God se genadige ingryping in hierdie wêreld deur sy Seun, ons Verlosser.

Ons deel in die vreugde van Sagaria, meer nog, ons deel in al die beloftes wat God gedurig deur sy Heilige Gees in ons aanwakker. Die verskil is net, ons is nie stom nie. Ons kan dit, nee, ons moet dit met die wêreld deel. Ons moet jubel en juig en van God se goedheid getuig!

Hoe dan anders? ’n Brandende hart wat vol is van God se beloftes, sal dit doen.

*Sing: Psalm 45-1:1, 16*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*

**Dinsdag 3 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:21-25**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:25**

## Gryp vas aan God se beloftes en leef dit!

Dis tipies van Lukas om op te merk dat die goeie nuus van die evangelie vir seerkry-mense bedoel is. In ons teks val die fokus op wat die evangelie vir Elisabet beteken het. Die evangelie was vir al die nasies van die wêreld, maar ook vir die individu, ook vir haar! Vir mense soos sy, ’n vrou wat genade in die oë van die Here ontvang het.

Elisabet reageer op God se Woord in die geloof en neem dit ter harte. Die oomblik toe sy besef dat sy swanger is, het sy haarself afgesonder in haar huis, om te rus, in gebed met die Here om te gaan en met verwagting uit te sien na die vervulling van God se beloftes.

Die Here het haar gebede verhoor. Die tyd van hartseer en smaad is verby. Anders as haar man, kon sy haar stem laat hoor om te sing en te getuig oor die Here se wonderlike goedheid en seën. Sy loof en prys God oor al sy almagswerke, ja, sy sing oor die vreugde wat in haar hart leef.

Dit is wat die Here ook van ons verwag: ’n kinderlike, opregte en onwrikbare geloof. God verwag dat ons altyd op Hom sal bly wag, op Hom sal vertrou en sal vashou aan sy beloftes. Die evangelie getuig van ’n Verlosser wat sy lewe kom gee het as losprys vir sonde. Die evangelie vertel van Christus wat die hoogste offer bring aan ’n kruis, sy lewe aflê vir sy kinders en op die derde dag opstaan uit die dood.

Die evangeliebelofte verkondig die waarheid dat elkeen wat in Jesus Christus glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe beërwe. Die Woord kondig vergifnis en versoening van sondes aan elkeen wat Christus in die geloof omhels as hulle Here. God beloof dat Hy jou nooit sal verlaat en jou nooit in die steek sal laat nie. Dis evangelie!

Wat ook al jou probleme of uitdagings, hartseer of bekommernis is, die Here sal jou bystaan, beskerm en help tot aan die einde. Onthou ook die belofte dat Jesus Christus weer sal kom om te oordeel oor die wêreld. As dit vir jou waar is, wees elke oomblik gereed en wag op sy

koms. Keer jou rug op die sonde en vestig jou hart, vertroue en lewe op Jesus.

*Sing: Psalm 118-1:1, 2*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*

**Woensdag 4 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-33**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:30**

## Deur God in diens geneem

Dit was ’n dag soos alle ander dae. Maar toe verander alles ineens. Die jong, verloofde vrou Maria ontvang ’n besoeker in haar huis. En watter besoeker! Die engel Gabriël. Gabriël se naam beteken “Man van God”. God stuur Gabriël uit die hoogste hemel na Nasaret, ’n onbeduidende dorpie in Galilea.

Gabriël groet Maria as begenadigde. Hy sê dat die Here met haar is. Hy sê ook vir haar dat sy geseënd is onder die vroue. Die Here sou haar op ’n besondere manier gebruik. Die God van hemel en aarde het Maria uitgekies om geboorte te gee aan die lank beloofde Messias, sy eniggebore Seun. Van alle vroue in die hele wêreld en wêreldgeskiedenis is dit die eenvoudige jong vrou Maria wat hierdie weldaad van God ontvang. Nie omdat sy iets besonders was of beter was as al die ander vroue nie, inteendeel. Net omdat God dit so wil. Dat Maria die moeder van die Here Jesus mag word, is louter genade.

Maria is ontsteld oor die engel se groet en sy boodskap. Wie sou nie ontsteld wees nie? Maar Maria haak nie vas by ontsteltenis nie. Deur die w(W)oord van die engel werk God geloof in haar. Sy dink na oor Gabriël se woorde – en sy vrees. Sy is totaal oorweldig.

Opnuut verseker Gabriël haar van God se genade in haar lewe. Toe verduidelik hy vir haar wat die rede vir sy besoek en sy besondere groet is. Sy sal aan ’n seuntjie geboorte skenk en sy moet Hom Jesus noem. Hy sal die Verlosser wees waaroor die profete reeds eeue lank gepraat

het. Hy sal Seun van die Allerhoogste wees en vir ewig op die troon van sy vader Dawid sit.

Die boodskap uit die hemel is helder en duidelik. Maria is oorweldig. Word ons ook nog oorweldig by die lees en aanhoor hiervan? Besef ons genoeg dat God gewone mense wat in gewone dorpe en stede woon, in sy diens gebruik om ongewone, groot dinge vir Hom te doen? Maria word deur God in diens geneem om aan sy Seun geboorte te skenk. Dit is uniek. Sy is werklik die geseënde onder die vroue.

Maar dit is nie minder uniek nie dat God elkeen van sy kinders ook in diens neem om sy Woord te hoor en dit op 'n praktiese manier te doen. So word die werke van God sigbaar in ons elkeen se lewe en Hy word daardeur verheerlik (Matt. 5:16). Wees wat jy is, wat God jou gemaak het: arbeider in sy koninkryk.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*

**Donderdag 5 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:34-38**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:37**

## Onvoorwaardelik diensbaar

Gabriël se verskyning en woorde aan Maria gryp 'n mens aan die hart. Maria word deur God gekies en geroep om geboorte te skenk aan sy eniggebore Seun. Haar Kind sal vir ewig Koning wees op die troon van Dawid.

Maria is oorweldig. Sy hoor en sy glo. Tog staan sy voor 'n groot raaisel. Hoe sal sy 'n seuntjie kry? Sy is wel verloof, maar nie getroud nie. Maria bly nie stil oor hierdie uiters praktiese en relevante vraag nie. In geloofsvrymoedigheid vra sy: "Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie"?

As ons so gelowig, afhanklik ons vrae aan die Here stel, kom daar antwoord. Nie "hoekom" nie, maar "hoe"? Die raaisel word vir Maria op-

gelos. "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Die seun wat gebore word, sal geheel en al die werk van die Here alleen wees. Geen man sal 'n aandeel hierin hê nie. Niemand sal die eer vir die verlossing van die wêreld hê as net God alleen nie.

Maria mag boonop 'n teken saam met die woord van die engel ontvang. Om te bevestig dat dit alles so sal wees soos wat Gabriël sê, kan Maria maar na haar tante, Elisabet, toe gaan. In haar hoë ouderdom het sy ook 'n kosbare geskenk van God ontvang: sy is ook swanger.

Maria het gelowig gevra vir die ontknoping van die raaisel. Sy het die antwoord gelowig verstaan. Geen ding sal by God onmoontlik wees nie. Toe buig sy voor die almagtige God en verklaar: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Sonder om verdere vrae te vra, sonder om alles presies te verstaan en deurgrond, bely sy: geen ding is vir God onmoontlik nie; hier is ek, gebruik my soos U wil. Dit is hoe onvoorwaardelike diensbaarheid aan God lyk. Menslike besware word agtertoe geskuif. Geen ge-ja-maar nie. Geen verskonings van "geen tyd, geen lus, geen geld, geen gawes" nie. Net dit: "Laat dit met my gaan volgens u woord." Dit verg selfopoffering wat alleen uit die krag van die Gees kan plaasvind. Bid vurig dat jy onvoorwaardelik diensbaar mag wees. En dien dan uit die krag van jou gebed.

*Sing: Psalm 116-1:9*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*

**Vrydag 6 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:39-56**

## Dank die Here saam met Maria vir sy verbondstrou

Na haar ontmoeting met die engel Gabriël móés Maria haar hart teenoor iemand oopmaak. Die vreugde was te groot om dit alleen te dra, daarom

besoek sy vir Elisabet, ’n vertroude familielid, in die bergstreek van Judea. Dan sing Maria haar bekende loflied. Dit is ’n tipiese lofpsalm, vol temas uit die Ou Testament. Wat opvallend is, is die skerp kontraste tussen die armes of geringes, en die rykes of aansienlikes. Maria sing daaroor dat God arm en eenvoudige mense (soos sy) nie verag nie, maar Hom oor hulle ontferm.

In die Lukas-Evangelie is die tema van rykdom en armoede uit die staanspoor baie belangrik. Armes word deurlopend getroos (vgl. bv. sy weergawe van die saligsprekinge in 6:20-26), terwyl rykes teen die gevare van rykdom gewaarsku word. In 12:16-21 laat hy die gelykenis van die ryk dwaas eindig met die waarskuwing: “So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.”

Dit is duidelik dat dít waaroor Maria in haar loflied sing, ’n definitiewe tema sou word in die res van die evangelie: die Here God bemoei Hom met die lot van die armes; Hy is die Verlosser wat na die geringes omsien. Van hierdie troosryke waarheid was die kindjie in Maria se skoot vir haar ’n heerlike bewys. Meer nog was die kindjie ’n bewys van God se verbondstrou teenoor Israel, want Hy was die vervulling van God se belofte aan Abraham dat in hom “… al die volke van die aarde geseën sal wees” (Gen. 12:3b).

Dit is die diepste rede vir Maria se blydskap: die feit dat God bewys het dat Hy getrou is aan sy beloftes en barmhartig is teenoor mense. Dit is ook die eintlike betekenis van Kersfees, naamlik dat God deur die Kind in Maria se skoot sê dat Hy aan Homself en sy beloftes getrou is en jou daarom nie in ’n gebroke wêreld harteloos aan jouself uitlewer nie.

Wat die aard van jou nood ook al mag wees, wees verseker daarvan dat God jou raaksien. Hy ontferm Hom oor mense in nood. Dank Hom saam met Maria daarvoor in jou lofsange en gebede!

*Sing: Skrifberyming 1:1, 2, 6*
*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*

**Saterdag 7 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:57-80**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:57-80**

## Die Here is genadig; getuig daarvan

As straf vir sy ongeloof was Sagaria stom (en waarskynlik ook doof) gedurende die verloop van Elisabet se swangerskap. Dan breek die agtste dag ná die geboorte van hulle seuntjie aan, en tot verbasing van die familie en bure dring beide ouers daarop aan dat hy *Johannes* ("die Here is genadig") genoem sal word. Nog groter was die omstanders se verbasing toe Sagaria onmiddellik hierna sy spraak herwin.

Die eerste woorde wat hy uitspreek, is 'n loflied aan God wat ná 400 jaar van stilte weer met sy volk praat. Eers kyk Sagaria in verse 68-75 dankbaar terug en daarna spreek hy in verse 76-79 'n profesie uit oor die rol wat Johannes sal speel as wegbereider vir die Messias. As die een wat "… voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak" (vs 76), sal Johannes vir sy volk die koms van verlossing aankondig. Nie verlossing in die sin van politieke bevryding van die Romeinse juk nie, maar verlossing van sonde. Dit was die eintlike vyand waarvan hulle bevry moes word.

Die verlossende optrede van ons Here kan nouliks mooier beskryf word as in die ligbeelde van verse 78b en 79. Soos die môreson, skyn Hy oor ons en lei ons voetstappe op die pad van vrede. Hy, die Son van geregtigheid, lei ons deur sy verlossende optrede uit die duisternis van sondeverlorenheid na die pad van lig en vrede en 'n herstelde verhouding met God!

Toe Sagaria hierdie profetiese woorde uitgespreek het, was daar 'n groot stuk geestelike duisternis in die wêreld. Wanhoop en pessimisme het mense se lewens gekenmerk.

En vandag? Ten spyte van die uitwendige vertoon, is daar by die moderne mens opnuut 'n deerniswekkende leegheid en pessimisme te bespeur. Vir sulke mense moet u gaan sê: Jesus Christus is steeds God se enigste en volkome antwoord op ons behoefte aan verlossing en ons soeke na geluk.

Wanneer Hy deur 'n ware geloof as enigste Verlosser aangeneem word (Joh. 1:2), maak die leegheid plek vir ongekende blydskap en rotsvaste toekomsverwagting.

*Sing: Skrifberyming 2:1, 4, 5*

*Ds. JJ Cloete (Koos (Emeritus)*

**Sondag 8 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:57-66**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:66**

## Die wegbereider vir die Koning is gebore

"Johannes is sy naam." Sagaria en Elisabet se beslistheid oor die naam verbaas almal teenwoordig. Trouens, in die hele bergstreek van Judea is daar oor die kindjie en sy naam gepraat. Die vraag op almal se lippe is dieselfde: "Wat sal hierdie kindjie eendag word?"

Een ding is duidelik oor hierdie kindjie: die Here is by hom. Hy is spesiaal! Hierdie kindjie se lewe, sy hele bestaan, is nie op homself gerig nie, maar op Iemand anders, Iemand groter as hy. Dit is waarvoor hy gebore is: hy is die wegbereider vir die evangelie. *Johannes is die wegbereider vir Christus – die brug tussen die Ou en die Nuwe Testament.*

Dit is wat ons moet raaksien in hierdie gedeelte. By Kersfees is ons so lief om te fokus op Josef en Maria, die wyse manne of die herders, maar in hierdie gedeelte word daar vir ons iets wonderbaarlik duidelik gemaak. Dit is die band tussen die Ou en die Nuwe Testament – meer besonder die band tussen die profesie van die Ou Testament en die kindjie Jesus Christus. In Christus word al God se beloftes van die Ou Testament bewaarheid.

Hierdie geskiedenis waarby ons stilstaan, is nie die geskiedenis van Johannes die Doper nie. Dit is die geskiedenis van God se genade in Jesus Christus, wat deur die eeue heen in stand gehou is tot vandag toe. Trouens, selfs die name van die mense in hierdie stuk geskiedenis wys vir ons daarop. Sagaria beteken *God onthou sy verbond!* Elisabet beteken

*God is die absolute getroue*. Johannes beteken *God is genadig*.

Alles in hierdie teksgedeelte wys op een ding: nie die belangrikheid van Johannes nie. Nee, dit wys op die belangrikheid van die kindjie van Josef en Maria, vir Wie Johannes die wegbereider is.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1*

*Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)*

**Maandag 9 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:67-80**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:69**

## Die wegbereider vir die Koning is gebore (2)

Die eerste ding wat Sagaria in sy loflied vir ons uitlig: Jesus is die Messias volgens die patroon van die Ou Testament. Deur die verloop van die Ou Testament het dit al duideliker geword dat God self sou sorg vir iemand om as Messias, sy gesalfde Profeet, Hoëpriester en Koning op te tree …

- wat as Profeet God se wil aan ons bekendmaak soos geen ander voor en na Hom nie;
- wat as Hoëpriester Homself aan God sou offer om ons van die sonde te verlos, sodat ons lewe aan God gewy sal wees;
- wat as Koning die mag van God se teenstander, Satan, sou vernietig sodat ons weer as gewillige onderdane van God kan leef.

Dit is die Christus wat gebore moes word, volgens die Ou Testament! Hier kom Sagaria en hy verklaar onomwonde aangaande Jesus: *"God het met 'n eed dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe."*

Dit is waar die rol van Johannes die Doper in hierdie gedeelte ter sprake kom. Hy was die een van wie die Ou Testament gesê het: *"Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. Iemand roep in die woestyn: Maak 'n pad vir die Here gereed, maak die paaie vir*

*Hom reguit."* Johannes moes die mense oproep tot bekering. Bekering daarin dat hulle tot die diepe besef van hulle eie sonde en ellende kom. Hulle skuld voor God bely en raaksien dat ware verlossing en redding nie lê in verlossing van die Romeinse juk wat op hulle gerus het nie, maar in verlossing van die sonde en die magte van die duisternis.

In hierdie Lig van liefde en genade wat in ons Verlosser Jesus Christus na ons toe gekom het, moet ons vandag nog na ons eie sonde en ellende kyk.

*Sing: Skrifberyming 1-6:1, 3*

*Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)*

**Dinsdag 10 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:22-23**

**Die teken word waar, Immanuel word gebore!**

Hoe ver voel die Here nie soms van ons nie? As die spotters lag, die beproewings druk, siekte toeslaan of die lewensgolwe oor ons slaan, voel ons dikwels so eensaam. Hoekom voel ons alleen? Weens die ontsaglike groot kloof wat ons self met die sondeval tussen ons en God gebring het.

En tog hoor die Here sy volk se geroep en soek Hy ons in sy genade op. Keer op keer help Hy sy volk en verseker Hy ons van sy troue hulp. Maar steeds bly ons twyfel. Daarom gee die Here aan koning Asaf in sy vrees die teken: "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem" (Jes. 7:14).

Hoe wonderlik word hierdie belofte dan in Matteus 1 vervul. Maria, 'n maagd, word swanger. Sy bring 'n Seun in die wêreld en noem Hom Immanuel. God se belofte word waar! Jesus is God wat mens geword het. Wat na die mens toe kom en by ons kom woon! Wat ons van ons sondes kom verlos, sodat ons nou teen die sonde kan stry en ewige gemeenskap met God kan hê!

Wat ’n troos bring Christus se koms nie! God het by ons kom woon, Immanuel. En na sy belofte in Matteus 28:20 sal Hy nooit weer van ons af weggaan nie. Deur sy Gees sal Hy tot die voleinding van die wêreld met ons wees. Daar waar ons woon en werk, daar waar ons worstel en woel, daar waar ons feesvier en lag, daar is Hy met ons. Elke oomblik van elke dag kan ons nou met God en vir God leef.

So woon en werk ons in afwagting op die heerlike dag wanneer ons sal hoor: “Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God” (Op. 21:3).

*Sing: Psalm 71-1: 1, 8, 14*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*

**Woensdag 11 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-7**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:1, 7 (1933/53-vertaling)**

## Die magtigheid van ’n keiser, slegs instrument in die hand van die Here

Dit is buitengewoon dat ’n keiser se naam in die Woord van die Here genoem word. Tog vind ons in Lukas 2:1 dat keiser Augustus beveel het dat daar ’n volkstelling gehou moes word.

Kyk ons na Augustus se magsposisie as keiser, dan sou ons kon dink dit is die rede waarom sy naam in die Woord van die Here genoem word “Oktavius”; dit is eers in 27 vC dat die Romeinse Senaat aan hom die titel en naam van Augustus gee. Ons sien uit sy karakter dat hy genadeloos was in sy poging om die hoogste mag te beklee, maar nadat hy homself as keiser gevestig het, was hy baie meer gematig. Hy het vrede in die Romeinse Ryk bewerk en ’n oorlog-moeë Rome herbou.

Een van die beter keisers, sal ’n mens sê. Dalk verdien hy dat sy naam genoem word? Van nader bekyk, sien ons egter dat Lukas 2 geensins oor Augustus handel nie. Hy, as ongelowige, was slegs ’n instrument in

die hand van die Here om die Ou-Testamentiese profesieë in vervulling te laat gaan. Josef was uit die geslag van Dawid, daarom moes hy vir die volkstelling na Betlehem terugkeer (Miga 5:1), waar die Messias gebore sou word.

In die wêreld se oë was Augustus dalk die magtigste persoon wat geleef het, maar in die hand van die Here was hy bloot 'n instrument wat meegewerk het aan die rypheid van die tyd vir Jesus Christus om gebore te word.

Selfs die magtigheid van 'n keiser kon God nie keer in die uitvoering van sy raadsbesluite nie – Jesus Christus is vir ons gebore, het vir ons gesterf, het vir ons uit die dood opgestaan, sodat ons die plek wat Hy gereedmaak, mag beërwe.

*Sing: Psalm 2-1:2, 4*

*Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)*

**Donderdag 12 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-12**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:2**

## Cirenius, die man met 'n verkeerde vriend

Hoe kom 'n man soos Cirenius bo uit? Hy is nie as 'n hooggeplaaste gebore nie, en tog het hy groot hoogtes in sy lewe bereik: hy word goewerneur van die provinsie Sirië, wat Judea en Jerusalem ingesluit het.

Hy kon hierdie hoogtes bereik omdat hy 'n vriend van die keiser was. Hierdie vriendskap was vir hom baie kosbaar, en hy sou alles doen om dit te behou en te verstewig. Toe die keiser die sensus uitroep sodat belasting beter ingevorder kon word, is Cirenius voor in die koor: hy sal sorg dat dit gebeur en goed gebeur! Hy is bereid om bloed te laat vloei solank die keiser net sy vriend kan bly – 'n vriendskap wat hy met belastinggeld in stand hou.

Uit historiese bronne weet ons dat Cirenius die opstand wat deur Judas die Galileër gelei is, bloedig onderdruk het (vgl. Hand. 5:37).

Terwyl Cirenius sy loopbaan bou, gebeur daar iets reg onder sy neus wat blykbaar heeltemal by hom verbygaan: die Verlosser word gebore. Mens wil dit amper uitskreeu: "Cirenius, jou Heiland is hier!" Dit is egter vir hom nie belangrik nie, sy vriendskap met die keiser is.

Ons hoor nooit weer van Cirenius nie. Al sy gejaag na die hoogste sport was inderdaad 'n gejaag na wind. Vir al wat ons weet, het hy Jesus misgeloop, en Jesus was so naby. As mens Cirenius se lewensverhaal lees, klink hy so modern. Hy het alles gegee vir 'n verkeerde vriendskap. Sy lewe is nie roemryk nie, maar tragies, want dit is sonder Jesus.

In ons wêreld is daar baie soos hy. Mans en vrouens wat so naby aan Jesus verby skuur en Hom nogtans nooit ontmoet nie. Dit is ons voorreg om Jesus aan sulke mense voor te stel.

*Sing: Psalm 119-1:22*

*Ds. D van't Zand (Dirk) (Witpoortjie)*

**Vrydag 13 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:13-16**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:14**

### Eer God vir sy vrede en welbehae in Christus!

Calvyn skryf in sy Kategismus dat God die mens geskep en op die aarde gestel het sodat Hy in ons verheerlik kan word. Ons lewens, wat ons aan Hom te danke het, moet aan sy heerlikheid toegewy word.

Juis daarom is die proklamasie van die evangelie deur die enkele engel, en dan die leërskare van hemelse boodskappers, so aangrypend. Die beloofde Verlosser is gebore! Laat die ganse skepping daarom God loof en prys. Ja, dat God die weg tot verlossing vir sy mense beskik het, sy uitverkore kinders in wie Hy 'n welbehae het, is die wonderlikste moontlike nuus.

Die engele jubel dit uit: Eer aan God in die hoogste hemel! Ja, eer God vir sy groot genade dat Hy nie sy Seun spaar nie, maar ter wille van sy geregtigheid oorgee. Dat die Seun, hoewel Hy ryk was, ter wille van

God se kinders arm sou word, die vloek van die mens dra en sy Gees in hulle harte uitgiet sodat hulle onwrikbaar in hierdie verlossing sal glo.

Romeine 8:19 eggo Lukas 2: “Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.”

Haastig gaan die skaapwagters na Betlehem om die goeie nuus in vlees en bloed te aanskou, die welbehae van God oor sy kinders.

As ons dan terugskou op die aankondiging van die engele, hulle woorde van lof oordink, laat die hele skepping, laat ons harte van blydskap jubel: Deur sy geregtigheid is ons geopenbaar as God se kinders, daar is vrede tussen ons en God. Hoe meer ons Hom vir hierdie vrede en genade eer, hoe groter word die vrug daarvan in ons lewens.

*Sing: Psalm 59-1:1*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)*

**Saterdag 14 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:17-20**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:20**

## Verkondig, verwonder, verander, verhoog!

Die skaapwagters vind presies wat aan hulle geëvangeliseer is: Josef, Maria en die Kindjie in die krip. Dit is die waarheid!

Meteens kan hulle dit nie inhou nie – ten spyte van hulle lae status, ten spyte daarvan dat hulle moontlik bespotlik gemaak kan word, bring hulle oral hierdie woord: Die Verlosser, die Messias, is gebore in Betlehem. Hy is die Een gestuur ter wille van sondige mense om God met mense te versoen. Só oortuig van die waarheid dat hulle dit uitbasuin, dat die verkondiging nie gestuit kan word nie.

Natuurlik is almal wat dit hoor, diep verwonder daaroor, dit klink te goed om waar te wees: die volkstelling, die hemelse boodskappers, die Kind in die krip wat in ’n stal, van alle plekke, gebore is. Ja, dat God mens sou word – dit laat ’n mens verwonderd staan oor die almag en soewereiniteit van God.

Maar verwondering op sigself is nie goed genoeg nie. Dit moet na iets anders, iets beters lei, dit moet ’n mens se hart verander – soos by Maria die geval is. Sy oordink die woorde, sy bewaar hierdie waarheid in haar hart, waarskynlik haar hele lewenspad tot op hierdie punt: die besoek aan Josef, die heilige ontvangenis, die skaapwagters se woorde oor die engele. Wat ’n ingrypende gedagte: sy aanbid die Een aan wie sy geboorte gegee het.

Tog is die verandering waaroor Lukas berig, nêrens duideliker as in die lewens van die herders nie. Hulle verhoog die Naam van die Here met woorde van lof en prys.

So werk die verkondiging van die evangelie verwondering in die harte van mense wat dit dan verander, tot eer van die Naam van die Here. Laat ons dan met lof en prys sy Naam verhoog!

*Sing: Psalm 135-1:1, 2, 8*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)*

**Sondag 15 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:21-24**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:23**

## In ons plek vervul Hy die wet

Daar is ’n aantal godsdienstige verpligtings waaraan voldoen moes word by die geboorte van Jesus. Drie, om die waarheid te sê.

Eerstens is Jesus op agt dae besny, volgens die voorskrif. By hierdie geleentheid het die babaseuntjie dan ook gewoonlik sy naam ontvang. Josef en Maria is gehoorsaam en gee Hom die naam soos die engel dit beveel het.

Veertig dae later vind die lossing plaas. Elke eerste babaseuntjie behoort eintlik aan die Here, maar later het die Leviete daardie plek ingeneem en kon die eersgeborenes van die ander stamme losgekoop word. Simbolies beteken dit dat die kind aan die Here behoort.

Laastens vind die reiniging van die moeder plaas. Deur geboorte te

gee aan ’n sondaar (wat al van voor geboorte af met sonde besmet is), word die ma seremonieel onrein. Daar moet dus ’n offer gebring word om haar te reinig.

Die normale voorskrif volgens Levitikus 12:6 is ’n jaaroud lam as brandoffer en ’n jong duif of tortelduif as sondoffer. Josef en Maria offer twee duiwe, omdat Levitikus 12:8 sê indien ’n lam nie bekostig kan word nie, moet twee tortelduiwe of jong duiwe geoffer word.

Jesus voldoen aan hierdie vereistes: besnydenis, lossing, reiniging, omdat Hy van geboorte af aan die wet onderworpe is. Daardeur vervul Hy die wet – in ons plek. Hy doen dit wat ons nie kan nie. Hy neem die onnoembaar sware las wat ons nie kan dra nie en dra dit. Ons word vrygespreek, ons is regverdig in Hom.

Dit is die kern van die evangelie: Christus se plaasvervangende lyding en gehoorsaamheid wat ons toegereken word. Ons is duurgekoop. Met die besef van ons geregtigheid leef ons soos dit ons Vader behaag.

*Sing: Psalm 51-1:1*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)*

**Maandag 16 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-6**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:1-6**

## Die langverwagte Koning het gekom – as Herder-Koning

Met Psalm 72 wek die Heilige Gees in God se volk die verwagting na die Koning wat Hy beloof. En hoe meer die volk van God die Psalm sing, hoe meer laat God die Heilige Gees die verwagting in hulle groei. Dit is God se toekoms ... Hy wat na hulle toe kom. In die wêreld aanbid die mens sy ideale, begeertes, sy mag, sy selfverheerliking. Maar God maak deur die Psalmgesang duidelik dat hierdie Koning nie bloot magsbelus soos Herodes is nie, maar juis Herder sal wees.

Van hierdie Herder profeteer Psalm 72:12-14: “Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukte en dié wat geen helper het nie; hy sal

hom oor die swakke en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm. Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle lewens sal kosbaar wees in sy oë."

Herodes, met sy wrede magsbeheptheid, was maar 'n marionet van die keiser in Rome. Vir hom is die koms van die Koning 'n bedreiging vir sy magsposisie. Die belang van die volk wat aan sy leiding toevertrou is, wek by hom geen empatie nie. Hy kan alleen maar in die paradigma van politiek en mag dink. Maar 'n herder lei en regeer sy skape met ontferming, beskerming en bevryding. Israel se verwagting van die koning was binne dieselfde paradigma as die denkpatroon van Herodes. God gee egter groter, meer as wat die mens verwag. Hy gee 'n Herder-Koning.

*Sing: Psalm 72-1:1, 2, 6*

*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*

**Dinsdag 17 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:7-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:7-12**

## Die langverwagte Koning het gekom – verwondering en bedreiging

Wanneer 'n hond sy eienaar na 'n tyd van afwesigheid weer sien, waai sy stert en lek die hond sy eienaar se hand. Dit teken onderwerping, afhanklikheid en blydskap. Twee keer spreek hierdie gedeelte van "hulde". Herodes wil weet waar hy hierdie Koningskind wat gebore is, kan vind. Want hy wil gaan om hulde te betoon.

Dit is egter die sterrekykers wat Hom vind. Nie deur hulle wetenskaplike navorsing nie, maar omdat God hulle op die pad bring na die Herder-Koning. Wat hulle vind, is groots. Veel groter as hulle wetenskap. Ruimtewetenskap bring groot resultate. God se genadewetenskap bring die sterrekykers by 'n veel groter resultaat, by die Herder-Koning. Al die jare was God vir hulle afwesig. Nou kom hulle by Hom uit.

Daar is blydskap. Hulle onderwerp hulle aan Hom. Hulle bring hulde.

Herodes se tong verberg sy sluwe, skerp tande. Hy is ontsteld. Hy wil verskeur. Agter die front van hulde betoon, slyp hy tande om die Herder-Koning dood te maak. Want hy wil sy posisie, sy lewe behou.

Hierop kom die Herder-Koning met die antwoord: Wie sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou. Kom na Hom in afhanklikheid. Onderwerp jou aan Hom. Wees bly in Hom, want Hy is jou lewe.

*Sing: Psalm 23-1: 1, 3*

*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*

**Woensdag 18 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-15**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:13-15**

## Die langverwagte Koning het gekom … soos voorspel is!

Die Koning van alle konings word gebore in ’n wêreld waar sý koningskap nie geduld word nie. Herodes wil koning wees. Die Koning in die Betlehemstal gebore moet dood. Uit die pad met Hom ...

Maar die Here sorg en laat sy werk nie deur aardse konings keer nie. Sy plan gaan deur. Psalm 33 bewoord dit so:

*“Nasies en tiranne smee verniet hul planne*
*in die vlam van haat. Hy wat groot van mag is,*
*weet wat daar bedag is en verbreek hul raad.”*

Die raadsplan van die lewende Here loop (nooit) skeef nie. Die planne van tiranne wel. Die Kind van Betlehem sal nie as baba sterf nie, maar wel in die fleur van sy lewe ... soos deur die Vader beplan!

En die Here verskyn in ’n droom aan Josef. Almagtig en alwetend. Hy kan inkyk in die hart en verstand van Herodes. ’n Vlugplan is deel van die Here se raadsplan. Egipte toe met die Jesuskind totdat die Here sê om terug te kom. Geeneen op aarde sal keer dat die langverwagte Koning vir ewig sal regeer nie ... Die woorde in Hosea 11:1 word waar.

Egipte, eens land van slawerny vir die Godsvolk. Eens daaruit bevry om Kanaän te kon betree. Uiteindelik sal die Messias uit Egipte teruggeroep word om die ewige Kanaän vir God se kinders te bewerk.

Die langverwagte Koning het gekom. En Hy beleef die deurmekaar en stukkend van die lewe. Te midde van die dring en dryf van die wilde heidendom, die geraas van volke in opgewondenheid, gedugte konings wat gereed staan om God almagtig na die kroon te steek en saam teen sy Gesalfde op te staan, word die Jesuskind in Egipte weggesteek. Want teen sy besluit is geen verweer nie; bestendig duur dit vir altyd.

Die langverwagte Koning en die lewe van elke dag. Onvoorspelbaar. Onseker. Maar wat 'n onbeskryflike genade om kinderlik-afhanklik, gedagtig aan Matteus 2:13-15 te kan sê:

*"Salig wie tevore deur Hom is verkore*
*as sy erf en lot; wie so hoog geëer is,*
*dat die Heer mý Heer is en die God mý God ... "* (Ps. 33-1:6)

*Sing: Psalm 33-1:2*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*

**Donderdag 19 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-18**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:16-18**

## Die langverwagte Koning het gekom … soos voorspel is! (2)

Die kindermoord in opdrag van Herodes, wat eintlik veronderstel was om seker te maak dat die Jesuskind nie sal oorleef nie ... Wat 'n onbeskryflike tragedie. Menseseuns van twee jaar en jonger in Betlehem en die hele omgewing word afgemaai. Want onder hulle, so het die magsugtige Herodes gedink, sou Jesus ook tel. En met Hom uit die pad, kon Herodes selfvoldaan sý pad loop. Sy mag laat geld. Koning wees en bevel voer. Reëls maak. 'n Herodes-koninkryk in ere hou.

Die lewe en wêreld van mag- en eersug. In die lewe van maghebbers én onderdaanmens. Met geen grens en perk om my eie koninkryk te

laat realiseer nie. Kindermoord in vele gestalte! Mense en hulle lewe. Eiebelang en voorkeur. En Herodes wat Psalm 2 se woorde nie verstaan het nie ...

*"O heersers van die aarde gee dan ag,*
*want julle moet Hom onderdanig wees;*
*die Here moet gedien word met ontsag,*
*eerbiedig, en met siddering en vrees."*

Maar die woorde van Jeremia 31:15 word waar. Die Jeremia-teks en die Matteus-woord op een bladsy in die werklikheid. Die kindermoord van die farao destyds en Ragab wat die smart van moeders verklank. En die vrouens in Bethlehemstad en omgewing treur saam.

Maar die langverwagte Koning oorleef! By die tweejaar-merk verby om 33 jaar op aarde te kan lewe. Om as God se eerstelingskind uiteindelik te sterf, nie op Herodes se bevel nie, maar sy Vader se bevel. En Ragel huil en Ragel jubel. Die Seuntjie lewe! Jesus, die Koning in tyd en ewigheid. Hy het die kindermoord oorleef sodat mensekinders (van alle ouderdomme) kan lewe!

Ragel se weeklag was die voorsang tot elke Godskind se lofsang:

*"Jesus lewe en daarom*
*wek Hy ons tot nuwe lewe.*
*Nou sluit Hy die toekoms oop.*
*Hy gee my 'n vaste hoop ..."*

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*

**Vrydag 20 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:19-23**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:22, 23**

## Die langverwagte Koning het gekom, soos voorspel is! (3)

Die lewende Here sorg ... Elke dag, heeldag. Altyd. Die langverwagte Koning, vir eers in Egipte "weggesteek". Maar die engelboodskap klink.

Die mense wat die Koningskindjie se lewe gesoek het, is dood. Herodes én andere het ondanks die wrede kindermoord nie in hulle doel geslaag nie. Die Kindjie lewe!

Maar oppad na Israel besef Josef dat Judea, as gevolg van Argelaos se regering, nie veilig is nie. Voortdurende sorg van die Vader. Gedurig en altyddeur met rigtingwysers en koersbepalings. Die landstreek van Galilea … Woon- en leefplek vir die Jesuskind van Betlehem. Veilig toegevou in die raadsplan van die Vader vir die wêreld en vir die mensdom.

Nasaret as woonplek. Nie 'n "voordorp" nie. Bekend vir ongerymdhede en roekelose mensedinge. Sondaarwêreld sonder gelyke. Geen veilige omgewing vir Betlehem se Kind nie.

Die langverwagte Koning op aarde. Tussen mense. Naby aan sondaar en sondares. Nie in die koningskamers van swierige paleise nie, maar in Nasaret. Bekend en berug. Die plek waarvan almal praat. Selfs Natanael wat in Johannes 1:46 vir Filippus vra: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?"

En in Nasaret woon die langverwagte Koning. Die Nasarener soos die profete vertel het. Die Verlosser. Die Kenner van menselewens en harte. Tussen die mense. Die Nasarener van Nasaret. Nasaret en die wêreld. Dorpe en stede. Mense in die strate van die lewe. En Jesus van Nasaret wat 'n mensdom aanraak en koninklik met die boodskap van die lewe bedien. Leefplek en werkplek. 33 jaar. Op voetsoolvlak ... Verlosser in die tyd. Koning vir tyd en ewigheid! En ons lofsing elke dag:

*"Die Woord het vlees geword*
*en onder ons gewoon.*
*Die heerlikheid van Hom*
*wat van die Vader kom,*
*wat vol van genade en derenis*
*en vol van waarheid is ..."* (SB 4-8)

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*

**Saterdag 21 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:25-33 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:25**

## Die langverwagte Messias-Koning kom vertroos

Simeon, 'n getroue en vroom Jood, sien hartstogtelik uit na die vertroosting van Israel. Die volk smag na bevryding. Die Messias is belowe. Die profete in die Ou Testament het die volk dit op die hart gedruk. Daar sal iemand kom wat uitkoms sal bring, wat Israel sou red.

Tans druk die politieke situasie, die optrede deur die wrede koning Herodes, die swaar laste wat die Joodse leiers op die volk plaas met hulle wettiese godsdiens, die stilswye van die profete nou al vir 400 jaar. Daar word ook uitgesien na die vervulling van die beloftes van ewige verlossing.

Die Heilige Gees wakker Simeon aan in sy verwagting. Hy gaan tempel toe. Daar kry hy die geleentheid om die kindjie Jesus in sy arms te neem. Dit bring vir hom groot vertroosting. Hy kan nou in vrede sterf.

Hy profeteer dat hierdie Kindjie se vertroosting ook wêreldwyd sal strek. Hy is nou God wat sigbaar is in die midde van die volk Israel, Hy het gekom as 'n lig vir die nasies en Hy bring die verlossing wat God gereed gemaak het voor die oë van al die volke.

Vir elkeen wat glo, bring die Messias-Koning ook geweldige vertroosting. Hy is my getroue Verlosser wat met sy bloed vir al my sondes ten volle betaal en my ook beskerm en bewaar. Hy stuur die Heilige Gees om ons ook in dit alles te vertroos. Vind jou troos in die langverwagte Messias-Koning wat gekom het.

*Sing: Skrifberyming 11-2:1, 4; 12-6:1-3*

*Ds. HG Schutte (Garrie) (Suidkus)*

**Sondag 22 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:34-35**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:34-35**

## Die langverwagte Messias-Koning kom verdeel

Die langverwagte Messias-Koning kom troos nie net nie, maar kom ook om te laat val, te verdeel, om teengestaan te word. Simeon bring meer perspektief op die gevolge van die Messias-Koning se koms. Nie alle mense sal gered word nie. Hulle sal in hulle sonde volhard en weier om te glo in hierdie Verlosser.

Selfs onder Israel sal daar ook skeiding kom. Hulle wat nie glo nie, sal tot ’n val kom. Hulle sal uit die koninkryk van God gesluit word. Hulle sal nie deel in die ewige vreugde om by God te wees nie. Dit gaan oor hulle verhouding met die Messias-Koning. Dit sal bepaal wat hulle lot vorentoe is en tot in alle ewigheid sal wees. Omdat hulle Hom verwerp, sal Hy hulle ook verwerp. Ons almal se toekoms staan of val daarby of ons in Hom glo of nie.

Die diepste gedagtes en planne van hulle wat Jesus verwerp, sal nie verborge bly nie. Geen mens kan neutraal staan teenoor Jesus nie. Mense sal óf in vreugde Hom as hulle enigste Verlosser aanvaar, óf Hom heeltemal verwerp.

Vir almal wat glo, bied selfs die feit dat Hy skeiding bring en nog gaan bring, groot vertroosting. Vir hulle staan dit vas en seker: Niks sal ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus, ons Here!

*Sing: Skrifberyming 5-4 (SB 10):1, 5, 6*

*Ds. HG Schutte (Garrie) (Suidkus)*

**Maandag 23 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:36-38**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:38**

## ’n Onverwagse ontmoeting met die langverwagte Koning

In die gedeelte wat ons gelees het, ontmoet ons ’n persoon wat ons nie in hierdie tyd of omstandighede sou verwag het nie. ’n Mens kan dit sommer ’n vreemde verskynsel noem. ’n Profetes van gevorderde ouderdom met die naam Anna. Anna is een van vyf (egte) profetesse wat in die Bybel genoem word, ’n buitengewone verskynsel.

Daarby was sy seker een van die min Israeliete wat haarself kon vereenselwig het met die stam Aser. Aser is een van die sogenaamde verlore stamme van Israel. Nadat Israel verower is deur die Assiriërs, het die onderskeid tussen die stamme basies opgehou.

In sy vertelling van die evangelie hou Lukas daarvan om op mense en hulle reaksie op Christus te fokus. So kry ons dan vir die vreemde Anna, wat ’n uiterste unieke persoon was, se reaksie op Christus. Dan sien ons nie vir Anna in die lig van haar eie omstandighede en haar eie geskiedenis nie. Ons sien vir Anna in die lig van die hoop wat sy nog al die jare gekoester het. Terwyl hierdie ’n onverwagse ontmoeting was vanuit ons menslike oogpunt, het Anna al baie jare uitgesien om die Here te ontmoet.

Die Here het Anna se lewe so ingerig dat haar hoop op Christus bevestig sou word. So is die Here ook besig met elkeen van ons in ons eie unieke omstandighede. Ons elkeen sit met ons eie stories en met ons eie lewenspad. Tog is ons verenig met die hoop op die verlossing en met die oë gerig op ons langverwagte Koning, Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 7-2:1-2*

*Ds. Z van’t Zand (Zander) (Middelburg-Noord)*

**Dinsdag 24 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:39-40**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:40 (1983-vertaling)**

## Die langverwagte Koning word vir ons groot

Tot dusver in Lukas het ons nog net gelees van reaksies op Jesus. Hy was nog nie die aktiewe persoon in die evangelie nie. In die gedeelte wat ons gelees het, lees ons die eerste aktiewe werk wat Jesus self doen. Ons lees dat Jesus, die Kindjie, gegroei het.

Vir ons klink dit glad nie besonders nie, want ons sien dit tog elke dag. Kindertjies wat groei, is 'n normale deel van die lewe. Tog is Jesus se groei die enigste keer in die geskiedenis waar daar 'n sondelose kind groei. Jesus is gebore sonder smet of sonde. Hy was 'n sondelose kind te midde van 'n gevalle mensdom.

Ons lees verder dat die Kindjie, Jesus, vol wysheid was. Dit is nie 'n woord waarmee jy 'n gewone kind sal beskryf nie. Wysheid begin met die dien van die Here. Jesus Christus was van sy kindertyd af wys, sy diens aan die Here het van sy geboorte af begin. Jesus Christus se diens aan ons het ook van sy geboorte begin.

Dan kan ons besef dat Jesus Christus se perfekte lewe wat Hy vir ons toegereken het, al in sy kinderdae begin het. God gee vir ons die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus, asof ons self ons hele lewens gehoorsaam was. Dit is nie net Jesus Christus as volgroeide man wat vir ons geleef het nie. Dit was Jesus Christus, sondelose Kindjie, wat vir ons geleef en gegroei het in totale gehoorsaamheid.

Daarom is ons hele lewe, selfs ons kinderdae, heilig voor God, want Hy sien nie ons lewe nie, maar die lewe van Jesus die Kindjie, Jesus die Verlosser.

*Sing Skrifberyming 16-1:1, 2, 7*

*Ds. Z van't Zand (Zander) (Middelburg-Noord)*

**Woensdag 25 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:41-52**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:46-48**

## Jesus die Koningskind tussen leraars

Die Kind, Jesus, ons langverwagte Koning, bevind Hom as 12-jarige tussen die leraars. Die rede hoekom Hy daar is, is dat ’n Jood ’n opdrag het om as pelgrim Jerusalem toe te gaan (Eks. 23:17; Deut. 16:16). Jesus het saam met sy aardse ouers as Joodse Seun gegaan.

Nadat hulle klaar was met die fees, het sy ouers huis toe vertrek en Hy het agtergebly in Jerusalem. Ná die eerste dag vind Josef en Maria dat Hy nie met hulle saamgegaan het nie, en hulle keer terug Jerusalem toe om Hom te gaan soek. Hulle vind Hom in die tempel in die midde van die leraars, en soos ’n Wyse het Hy geluister en vrae gevra (Luk. 2:46).

Jesus Christus, die sondelose, het ook aan die leraars onderrig gegee. Die hoorders was baie verbaas oor sy verstandelike vermoë en sy antwoorde.

As gelowiges moet ons besef dat die werking van die Heilige Gees nooit betwyfel moet word nie. Aan gelowige kinders word ook wysheid deur die Heilige Gees gegee.

Jesus Christus het egter as sondelose buitengewone insig en helderheid van verstand gehad. Daar is dus ’n onderskeid tussen Hom as Seun van God en Seun van die mens en ons sondige kinders. Omdat ons nog in hierdie sondige bedeling is, moet ons bid vir wysheid (Jak. 1:5) vir ons en ons kinders, sodat die regte onderrig gegee word.

Mag die Heilige Gees ons die genade gee om God se onderrig te gee soos Hy wil.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)*

**Donderdag 26 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:41-52**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:52**

## Jesus Christus as langverwagte Koning groei op

Die enigste vers wat Jesus Christus as Seun van God, Seun van die mens se lewe verbind van sy 12de tot 30ste jaar, is vers 52. Hierdie vers wys terug na Jesus Christus se lewe voor sy 12de jaar, naamlik: "Die Kindjie het gegroei en sterk geword en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom" (Luk. 2:40).

Die Hemelse Vader het sy Seun voorberei vir sy taak. Hy is die tweede Adam wat moes kom herstel het wat die eerste Adam verbrou het. Sy Vader het Hom ryklik geseën en begenadig. Hy het Hom bygestaan en laat opvoed deur sy aardse ouers. Hy is slegs vir hulle geleen. As aardse ouers is ons kinders net vir ons geleen. Die Here bly Eienaar.

Jesus Christus as tweede Adam het as't ware Beeld kom wys hoe die Vader Hom laat opvoed het. Dit word vir ons vasgevat in vers 52: "En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem."

Dit is belangrik dat hierdie vier aspekte raakgesien word, want dit is die vier aspekte wat die tydperk tussen 12 en 30 jaar uitspel. So staan Jesus Christus in verhouding tot Homself, sy Vader en die mense om Hom. In sy verhouding tot Homself is daar twee aspekte ter sprake, naamlik sy verstandelike groei in sy opvoeding, maar ook sy liggaamlike groei. In die toepassing hiervan moet ons ook ons kinders opvoed ten opsigte van hulle wysheid (verstand) en liggaamlik. Dit geskied deur Jesus Christus wat ons tot alles in staat stel deur sy Gees (Fil. 4:13).

Die volgende twee aspekte is die verhouding tot Jesus se Vader. Dit is die belangrikste, naamlik dat Hy en sy Vader Een is. Hy het in guns gegroei met sy Vader. Hy het verder in guns gegroei in sy verhouding tot die mense. Toegepas is dit dat kinders in die eerste plek kinders van God is kragtens sy genade. Die belangrikste is om in die genade van God te leef as 'n grypende gegrypte om God bo alles lief te hê en ook jou naaste soos jouself. Om daardie guns ter sprake ten opsigte van die

naaste uit te leef, moet ons mekaar aanvaar soos Christus jou aanvaar het (Rom. 15:7).

Mag ons wat Christus navolg as Beeld van God in die regte verhouding wees met God, jouself en jou naaste.

*Sing: Psalm 89-1:7*

*Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)*

**Vrydag 27 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:1-6**
**Fokusgedeelte: Lukas 3:3**

## Die laaste profesie oor die koms van Christus roep en bevestig ons bekering

Die Evangelie volgens Lukas is daarop gerig om vanuit die geskiedenis te bewys dat Christus waarlik die langverwagte Messias is.

’n Saak wat vir ons uitstaan, is die woorde van vers 2: Johannes het opgetree tydens die hoëpriesterskap van Annas en Kajafas. In dié term sien ons die wanorde wat geheers in die Joodse godsdiens in die tyd van Johannes die Doper. Dringende reformasie was nodig in die kerk van die Ou Testament.

Die kruks van die reformasie kry ons in vers 3: Johannes verkondig die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Hier word veral verwys na die proselietedoop: heidene wat oorgekom het na die Joodse godsdiens, was eers gedoop om die afwassing van sondes uit te beeld. Maar tog sê Johannes daar is meer aan die doop: Die doop van Johannes is ’n teken van skuldbelydenis en die begeerte om te bekeer van ons sondige weg, asook die versekering dat God die sonde sal vergewe. Dit is ’n heenwysing na die koms van Christus wat finaal ons sondes kom skoonwas.

Tesame met die geskiedkundige gebeure wat deur die evangelieskrywer aan ons bekendgemaak word, word die inspirasie van Johannes se werk ook aan ons openbaar: Hy het opgetree in opdrag van God, sodat die

profesie van Jesaja vervul kon word. In wese het Johannes se werk die identiteit van Christus bekendgemaak. Christus is dus die hooftema van Johannes se prediking.

Die doop van Johannes roep nog na die werk van Christus, ons verbondsdoop wys terug na die werk van Christus. Ons wat reeds gedoop is, word verseker dat ons sondes deur die offerwerk van Christus skoongewas is, en ons word daarom in Romeine 12:1 opgeroep om ons hele lewe aan God te wy: die ware bekering.

*Sing: Psalm 32-1:1 ,3, 6*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*

**Saterdag 28 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:7-9**
**Fokusgedeelte: Romeine 12:1**

## Ware geloof dra vrugte van ware bekering

Die profesie oor die koms van Christus dra ’n duidelike boodskap: die oproep tot ware bekering. Hier moet ons verstaan hoe die Jode gedink het oor verlossing in die algemeen. Veral het die Jode geredeneer dat God hulle sal verlos omdat hulle uit die geslag van Abraham gebore is. Die Here het die genadeverbond met Abraham gesluit en belowe dat hy ewig hulle God sal wees, en dat hulle ewig sy volk sal wees (Gen. 17).

Die Jode het egter die kruks van die verbond nie verstaan nie, en dit is om God lief te hê soos wat God beveel het in Deuteronomium 6:5. Liefde vir God is die rede vir wetsonderhouding, en nie vir verlossing nie. Bloedlyn was nie genoeg om verlossing te bring nie. Johannes verkondig nie dat ons gered word op grond van ons dade nie.

Om sy prediking reg te verstaan, moet ons Johannes 1:29 ook lees: hier getuig Johannes wanneer hy vir Jesus sien dat Hy die Lam van God is wat die sonde van die wêreld kom wegneem. Verlossing lê dus in Christus, maar die groot vraag is: Wat maak ons met die verlossing wat aan ons gegee word deur die Lam?

Dit is hier waar ons fokusgedeelte inkom. Op grond van die weg van verlossing wat Paulus in die voorafgaande hoofstukke van Romeine verkondig het, word ons nou opgeroep om ons hele lewe aan God te wy. Paulus sluit aan by Johannes se prediking wat in wese oor dankbaarheid gaan.

Hoe verkondig ons ons doop? Die doop wat ons inlyf in die verbond met Abraham en wat getuig van God se genade in Christus? Johannes verkondig wat ons moet doen, Paulus sê vir ons hoe ons dit moet doen. Dankbaarheid wat getuig van 'n nuwe lewe in Christus.

*Sing: Psalm 40-1:4, 5*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*

**Sondag 29 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:1-14**
**Fokusgedeelte: Lukas 3:10**

## God vestig sy Koninkryk deur die Woordverkondiging

God vestig deur sy Woord(verkondiging) sy Koninkryk in ons harte. Hiervoor gebruik Hy mense soos Johannes die Doper, Elia en baie brose verkondigers van sy Woord.

Hy Self breek deur dié Woordverkondiging kragtig deur die Gees sy Koninkryk deur daar waar mense (saam met Hom) besig is om volgens hulle gawes en persoonlikhede binne hulle eie, unieke konteks sy Koninkryk uit te dra en uit te beeld.

Hiervoor giet Hy ons nie in dieselfde vorm, om byvoorbeeld net soos Johannes die Doper as askete in die woestyn te lewe nie! Hy laat ons nie van beroep, adres en persoonlikheid verander nie. Wat wel verander, is ons innerlike: ons hart, ons denke, ons gesindheid! (Paulus roep die gelowiges in Rome op om hulle denke – innerlike gesindheid – te verander.)

As 'n Koninkrykskind word jou hart sag om daar waar jy in liefde kan help, te help. 'n Tollenaar wat 'n koningskind word, hou op om

ander tot sy eie voordeel uit te buit. Hy bly ’n tollenaar, maar dien ander mense eerlik en dra só God se Koninkryk uit (dink aan Matteus). ’n Soldaat wat voorheen mense gewelddadig afgepers en gedreig het, lei mense dienend tot ’n eerlike, gehoorsame en ordelike lewe. In plaas daarvan om ander uit te buit, vertrou so ’n mens op God se versorging en is dankbaar en tevrede daarmee.

Watter impak het God se Koninkrykswoord op ons lewens? Watter sigbare getuienis van die Drie-enige God se vernuwende krag blyk in die lewens van ons as Koninkryksburgers? Dit blyk uit die impak wat dié Woordverkondiging in ons lewens bring. Dan word die verkondiging van die Woord nie iets opsioneels nie, maar ’n belangrike middel in die Drie-enige God se hand om sy ryk te laat deurbreek.

Gaan let so op die impak van die langverwagte Koning se koms in ons lewens!

*Sing: Psalm 48-1:1, 4*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*

**Maandag 30 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:10-17**
**Fokusgedeelte: Lukas 3:16**

## ’n Nuwe era breek aan!

Die Heilige Gees het in die Ou-Testamentiese bedeling – waarvan Johannes die Doper die laaste was – die wêreld gereed gemaak vir die nuwe bedeling: die koms van Hom wat met die Heilige Gees en met vuur doop.

Kyk dan aan watter bedeling behoort jy? Sommige glo vandag nog steeds aan die ou bedeling. Mense glo die aardse bedeling met politieke en ekonomiese voordele is die antwoorde op hulle probleme. (Dié verwagtinge was toe al onder mense wat Johannes as ’n messias gesien het.)

Jesus Christus lei ’n nuwe era in: ’n era waarin die Heilige Gees en die

Woord lewensvernuwend en koninkryksgerig in mense werk. So bring die uitstorting van die Heilige Gees ’n radikale verandering in lewens. Soos vuur gouderts tot suiwer goud verbrand, so brand die Heilige Gees alles in ons wat in die pad van sy Koninkryk staan weg om ’n Geesvervulde en Geesgeleide lewe in sy diens uit te straal.

Let op die moed en vasberadenheid waarmee gelouterde koningskinders geleenthede in negatiewe dinge soos die huidige landspolitiek, bedrog, korrupsie, onderlinge faksiegevegte, ’n kwynende ekonomie en die droogte raaksien om hierdeur te groei en God se Koninkryk uit te straal. Deur sy Gees en Woord word die kerk as gemeenskap van die nuwe era die draer van ’n blywende hoop met beloftes wat ewigheidswaarde het – so anders as dié wat by die ou era bly vassteek.

Tog moet elkeen wat by die ou era los van Christus vassteek, weet dat so ’n lewe eendag op die vuur van ’n vernietigende oordeel afstuur. Hulle ervaar selfs nou die gevolge daarvan soos ’n onvervulde lewe wat deur die werke van die sondige aard beheers word. Dit is die begin van die volledige en onuitbluslike oordeelsvuur wat op hulle wag.

Leef dan vervuld onder die leiding van die Heilige Gees ’n gelouterde lewe wat uitloop op die allesoortreffende glans van God se nuwe wêreld wat kom!

*Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*

**Dinsdag 31 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:10-22**
**Fokusgedeelte: Lukas 3:21**

## ’n Geopende hemel: God met ons!

Baie sondaars kom berouvol na Johannes die Doper om gedoop te word. Ook Jesus as die Sondelose. Hy gaan nie om te pleit vir versoening van sy sondes nie, maar om Hom te vereenselwig met gebroke sondaarmense en só Hom by sondaars te skaar! Nie om hulle sondes goed te praat nie.

Eerder om redding en versoening te bring.

Lukas maak melding van die feit dat Jesus bid! Hy soek gemeenskap met sy Vader. Op sy gebed gaan die hemel vir onwaardige sondaars oop. Hy het daarvoor gekom. Die hemel wat vir mense as gevolg van hulle sonde geslote gebly het, gaan oop! So openbaar God Hom as die Redder van sondaars! Daarby daal sy Heilige Gees in ’n sigbare vorm met die grasie van ’n duif neer. So rus die Gees sy Seun toe om deur die kruis en opstanding die sondaars by wie Hy Hom skaar, te verlos en so nuwe hoop en lewe te gee (Jes. 61).

Hierdie openbaring kom tot ’n hoogtepunt wanneer die Vader sy eniggebore Seun as uitverkore Werktuig daarvoor aanwys! Sy guns en vriendelike aanwysing vergesel Hom.

So word hierdie Doop ’n innerlike geestelike verandering wat Hy deur sy Woord en Gees binne-in elkeen by wie Hy Hom skaar, aanbring. Hy kom na hierdie wêreld toe – nie om haar lewenswyse aan te neem nie, maar om met hierdie wêreld in al haar nood, veral die sonde – te wees en vir haar hoop te bring. So word daar vir gebrokenes die hemel – God se regering in hulle lewe – deur sy Gees geopen om enersyds nuwe hoop te bring, maar andersyds om van hulle hoopdraers te maak.

Hoe lewe ons onder ’n geopende hemel om juis in alles wat hier gebeur, weer hoop te bring?

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*

# APRIL
# SINOPTIESE EVANGELIES

Die gedeeltes wat ons tydens hierdie maand se blik op die sinoptiese evangelies gaan behandel, werp die lig op Christus se bediening in Galilea. Ons sien hoe Christus deur middel van sy prediking en sy handelinge aan mense die koninkryk van God aankondig, maar dit ook openbaar. Reg van die begin van sy Galilese bediening maak Christus dit duidelik dat Hy die Seun van God is, en alles wat Hy doen met Goddelike gesag doen.

Die prediking van Christus was 'n aankondiging dat die koninkryk van God sal aanbreek, maar ook 'n oproep tot bekering weg van sonde. Die wonderwerke wat Hy gedoen het, het hierdie prediking ondersteun en onderstreep. Christus het prakties gewys dat Hy, wat gekom het om die sonde te vernietig, dit volkome doen: Hy neem alle oorsake en ewige gevolge van die sonde weg.

Christus wys ook deur sy bediening dat Hy die Een is wat die lewe gee, omdat Hy die dood gaan vernietig. Soos Hy mense gesond gemaak en selfs uit die dood opgewek het, sal Hy alle bedreigings van die kinders van God se ewige lewens vir ewig wegneem.

Terwyl Hy bedien, is Hy die voorbeeld van volkome gehoorsaamheid. Hy het die dissipels wat Hy geroep het, en ons, gewys hoe die optrede is van iemand wat 'n kind van God is, ten spyte van teenstand en vyandigheid.

Christus maak die oproep tot gehoorsaamheid aan elkeen van ons wat die koninkryk van ons Hemelse Vader begeer.

*– Ds. SJB Lee (Hannes) (Messina)*

**Woensdag 1 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:12-17**
**Fokusgedeelte: Matteus 4:17**

## Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby!

Jesus se intreepreek word ook sy aanvangsproklamasie genoem. Hy proklameer dat die koninkryk van die hemel naby is. Met die koninkryk van die hemel (Matteus) of die koninkryk van God (Markus en Lukas) word veral bedoel dat God Koning is en regeer. Maar die koninkryk is nog nie hier nie! Dit is naby! So leer Jesus ons dan ook bid: "Laat U koninkryk kom!"

Maar God is dan nog altyd Koning! Dit is waar. God is ons ewige Koning. Sy koninkryk is egter nog nie volledig en volmaak hier nie. Dit is omdat daar 'n teë-koning is, die duiwel. Hy wil in God se plek koning wees. Ná sy opstand en die sondeval van die mens eis hy die wêreld vir homself op. Hy matig homself die posisie aan van "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 14:30). Hy verlei mense om voor hom te buig. Om die wêreld weer volledig onder sy heerskappy te stel, stuur God sy Seun na hierdie wêreld. Hy moet herstel en nuut maak wat die sonde en Satan gebreek en verniel het.

Hy begin met die mens. Die mens word opgeroep: Bekeer jou. Dit beteken: draai om, keer terug na die Here, buig in gehoorsaamheid voor Hom en dien Hom onvoorwaardelik. Stry teen die sonde en die duiwel en sy magte.

Die oproep kom daagliks ook tot ons. Die koninkryk van God is nog nie volledig hier nie. Ons sien maar min mense wat buig voor God as Koning. Ons merk nie veel van God se koningsheerskappy op in die wêreld nie, eerder opstand en wetteloosheid.

Daarom moet ons elke dag in gehoorsaamheid God as Koning dien en teen die vyande van sy koninkryk stry. Ons doen dit as oorwinnaars in Christus en in verwagting van die volmaakte koms van sy koninkryk.

*Sing: Psalm 145-1:1, 8*

*Ds. AL Pelser (Abrie) (Bethlehem)*

**Donderdag 2 April**

**Skrifgedeelte: Markus 5:21-43**
**Fokusgedeelte: Markus 5:36**

## Jaïrus – Bly maar net (in die God van wonders) glo!

Min mense het nog nie in hulle lewe ’n teleurstelling beleef nie. Selfs gelowiges beleef teleurstellings. En wat ’n teleurstelling moes Jaïrus (God verlig) nie beleef het nie. Behalwe dat hy ’n raadslid was, weet ons nie veel van hom af nie. Uit die gebeure is dit tog duidelik dat hy geweet het watter wonders Jesus al gedoen het, en daarom val hy voor die voete van Jesus neer en smeek dat Jesus sy dogtertjie gesond moet maak.

Sy poging om by Jesus uit te kom en sy smeking was nie verniet nie – Jesus gaan saam met hom. Op pad draai Jesus egter eers om na ’n oënskynlike “onbekende” en “onbelangrike” vrou wat vanweë haar siekte uit gemeenskap weggestoot is. Sy vertraag die genesing wat Jesus moet bewerkstellig in so ’n mate dat Jesus “te laat” is. Die oënskynlike “bekende” en “belangrike” man se dogtertjie het gesterf. Boonop sê Jesus dan ook vir hom om maar net te bly glo. Dit is dan wat hy gedoen het! Die wonders waaraan hy geglo het, is nie vir hom en sy gesin beskore nie. Sy kind is dood.

Dalk is dit partykeer ook die probleem met ons geloof! Wanneer ons by ’n kruispad in ons lewe kom, staar ons onsself dikwels so blind teen die uitkoms wat die Here vir óns moet gee, dat ons Hóm nie raaksien nie.

Daarom ook vandag die boodskap, ongeag hoe belangrik of bekend ons dink ons mag wees: Sien die wonders van ons Here raak, maar kyk verder, sien Hom raak wat die wonders doen en glo maar net ...

Glo NET in Hom wat mag oor die dood het. Hy wat nie net die dogtertjie van Jaïrus (en andere) uit die dood opgewek het nie, maar vir jou en my die ewige dood met sy sterwe aan die kruis oorwin het.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*

**Vrydag 3 April**

**Skrifgedeelte: Markus 1:16-20**
**Fokusgedeelte: Markus 1:20 (1983-vertaling)**

## Die bediening van die koninkryk aan mense

Jesus het gewone vissers na Hom toe geroep. Gewone mense met ’n ongewone opdrag. “Volg My.” Die krag van die Gees het hulle só oorweldig dat hulle in opgewonde gewilligheid, sonder teenkanting, die roepstem van Jesus gehoorsaam.

Die aangrypende van sy geroepenes is dat hulle as mense geroep word om God se koninkryk op aarde aan ander te verkondig. Die wonder van die Woordbediening is dat Jesus mense roep en gebruik om sy koninkryk uit te dra. Dit is die eerste saak wat die geroepene moet verstaan.

Die reaksie van die mense in ons gelese gedeelte op die roeping, val die leser dadelik op. Daar was geen voorwaardes gestel nie, daar was nie eers ’n navraag nie. ’n Gewillige tevredenheid en gehoorsaamheid aan die roepstem wys vir ons dat hulle hierdie stem gesagvol en bindend ervaar.

Die instemming was verder ook onmiddellik. So moet almal wat deur Christus uitgenooi word, reageer. Daar moet nie ’n oomblik gemors word om hierdie eerbare pad te kies nie, want dit is ’n oomblik om te begeer en met blydskap aan te gryp.

Die dissipels se reaksie wys ook vir ons iets van selfopoffering. Hulle laat hulle boot en nette, hulle beroep en selfs van hulle familie agter. Dit alles net om Jesus te kan volg. Hierdie roeping van die eerste dissipels leer reeds vir ons die opregte liefde, oorgawe en geesdrif wat by al Jesus se volgelinge teenwoordig moet wees.

Jesus as Roeper gee vir jou ’n roeping – so word jy ’n visser van mense.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)*

**Saterdag 4 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 4:33-37**
**Fokusgedeelte: Lukas 4:35**

## Die bediening van Jesus se koninkryk bring bevryding

Die spanningslyn bou op. Jesus se volgelinge is so opgewonde. Daar is egter ’n bose mag wat dit wil stuit. Satan gebruik nou demone as sy spreekbuis.

Ons het gister gesien hoedat Jesus mense gebruik om sy koninkryk op aarde te bedien. In vandag se gelese gedeelte sien ons hoedat Satan hierdie waarheid probeer naboots. Die duiwel wil voorgee dat Hy ook mense kan gebruik.

Dit is in hierdie geskiedenis egter duidelik dat Satan glad nie met mense werk soos wat Jesus dit doen nie. Inteendeel, ’n duiwelbesete persoon se optrede getuig van ’n totaal ander praktiese styl. Hierdie besetene vertoon nie blydskap, oorgawe en toewyding nie – wel woede, haat en agressie. Die duiwel se gees neem die man se liggaam om as instrument te dien vir sy demoniese aktiwiteit. Hy wil voorgee asof die mens niks met Jesus te doen wil hê nie en ook nie in Jesus se koninkryk belangstel nie. Hy skreeu dat Jesus hom moet uitlos en maak asof Jesus gekom het om te vernietig.

Die duiwel se boodskap is ’n boodskap van skeiding tussen Jesus en die mens. Dit wil voorgee asof die mens geen begeerte tot die koninkryk het nie.

Jesus spreek egter glad nie die man as persoon aan nie, maar beveel die bose gees om te swyg. Hy beveel die bose gees ook om die besetene te verlaat.

Satan word nie toegelaat om die mens op so ’n wyse te misbruik nie. En hy moet Jesus gehoorsaam. Jesus vermaan ook nie die man nadat die bose gees verdwyn het nie. Dit mag lyk asof die duiwel die mens se liggaam kan besit, maar die mens se gees is die Here se eiendom. Nadat die Here die bose gees uit die man se liggaam gewerp het, is die slagoffer genees.

In Jesus se koninkryk is daar geen plek vir Satan nie, selfs nie eers vir

sy nabootsing van Jesus se krag nie. Jesus se koninkryk bring bevryding aan sy volgelinge. Satan kan ons nie bind nie.

*Sing: Psalm 16-1:1, 4*

*Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)*

**Sondag 5 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11**
**Fokusgedeelte: Lukas 5:8, 10b**

**Die Here wek in sy koninklike almag ootmoedige en kragtige volgelinge**

Aanvanklik was Petrus net ’n bewonderaar van Jesus. Hy het Jesus geken en noem Hom eers “meneer”. Maar in ons teksvers val hy op sy knieë voor Jesus en noem Hom “Here”.

Met die wonderlike visvangs kom Petrus tot die besef van die Here se koninklike mag. Hy is die Here van die visse. Hy kan hulle gebied en stuur soos Hy wil. Nou moet Petrus ook Jesus se goddelike gesag oor sy eie lewe erken; Hy is die Here wat ook mense kan gebied en stuur soos Hy wil. Petrus besef dan dat hy, die sondige man, nie werd is om in die sondelose Jesus se diens te staan nie. Op sy knieë roep hy uit: “Gaan weg van my, Here, want ek is ’n sondige man.”

Hy wat Here is oor visse en mense, is ook die Here oor lewe en dood. Hy het die dood oorwin deur uit die dood en die graf op te staan. Hy is die Here wat alle mag in die hemel en op die aarde het, wat sit aan die regterhand van God die Vader in die hemel.

Ware en diepe verootmoediging is die reaksie wat by jou moet opkom as jy voor die heilige en almagtige God te staan kom. Wanneer die besef jou op jou knieë voor God dwing, sal jy nie moedeloos word nie, maar juis met aandag na Hom luister.

Jesus se eerste woorde is vol bemoediging: “Vrees nie!” Dan sê Hy: “Van nou af sal jy mense vang.” Simon se verootmoediging maak hom gereed vir sy werk as Petrus, die rots waarop Christus sy kerk wil bou.

Dan gebeur daar merkwaardige dinge. Hulle het alles op die strand net so laat lê en sy volgelinge geword.

Dit is net so merkwaardig dat Hy ook jou wil gebruik om die net van sy evangelie tot by die uithoeke van die wêreld uit te gooi. Dan is jy nie net 'n bewonderaar nie, maar ook sy volgeling.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)*

**Maandag 6 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:1-8**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:6, 7**

## Die Here se koninklike almag waarborg ons sondevergifnis en nuwe lewe

Wat verwag jy van die Here? En wat verwag die Here van jou? Hierdie vier manne met die verlamde man kom na Jesus toe met 'n gebed en 'n verwagting: Maak hierdie man gesond! Help hom in sy nood! Maar dan doen en sê Jesus wat hulle nie verwag het en waarvoor hulle nie gevra het nie: "Vriend, jou sondes is jou vergewe!" Jesus het gekom om die wortel van alle nood aan te spreek.

Dit is duidelik dat die skrifgeleerdes dit ook nie verwag het nie. Sondes kan vir hulle net deur God by die tempel met 'n offer vergewe word, daarom spreek Jesus vir hulle godslasterlik.

Jesus se reaksie is reeds koninklik, want Hy weet wat die skrifgeleerdes dink en daarom gaan Hy vir hulle bewys dat Hy mag het om sondes te vergewe. Daarom beveel Hy die verlamde man om op te staan, sy bed te vat en huis toe te gaan. Die verlamde staan toe op en loop daar uit.

Hiermee openbaar Jesus sy goddelike almag. Hy kan mense gesond maak. Hy kan lammes laat loop. Maar Hy het in die eerste plek mens geword vir dit wat die mens die nodigste het – die vergewing van ons sondes. Wie God reg ken en vertrou, sal die regte verwagtinge van God hê en sal nooit in God teleurgestel wees nie.

Wat verwag God van ons wat gehoor het: Jou sonde is vergewe? Die Here verwag van ons om op te staan, om te loop, om huis toe te gaan, in die wêreld in te stap, om te gaan leef as ’n verloste mens! Gaan leef by jou huis en in die wêreld as iemand wat vrygespreek is. Gaan leef as iemand wat God se kind is – vrygespreek van al ons sonde en swakheid. Nuutgemaak, sodat ons ook ander rondom ons nuut kan laat lewe.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)*

**Dinsdag 7 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 7:11-17**
**Fokusgedeelte: Lukas 7:13, 16**

**Die Here se koninklike almag waarborg die lewe**

’n Begrafnisstoet verander in ’n feestelike optog. Die geheim is opgesluit in die woorde: “En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel.”

Dit is die eerste keer dat Lukas na Jesus verwys as die “Here”. Vir die ou Grieke beteken die woord: om oor iets of iemand mag te besit; om volle beskikkingsreg of reg tot beheersing te hê. Die jammerte van Jesus kom dus van Hom wat tegelyk ook Here is wat alleen die lewe, wat deur die sonde en dood verwoes is, kan herstel.

Volgens Joodse gebruik sou Jesus en sy gevolg langs die pad moes staan om die begrafnisstoet te laat verbygaan. Die dood kry voorrang. Daar is mos niemand wat teen dié mag sy lewe kan behou nie. Behalwe waar Jesus, die Here, die Vors oor die dood is. Waar Hy is, moet die dood stop en kry die Lewe die reg van deurgang.

Die dood het ’n groot offer van haar geneem. Maar dis asof Jesus vir haar sê: Jy moet nie ween nie. Ek, Jesus, die Here, is self die bewys van ’n groter offer as joune. God die Vader het sy eniggebore Seun nie gespaar nie, maar Hom juis vir jou en vir baie wat soos jy vasgevang is deur die angste van die dood, oorgelewer tot in die dood. Christus het

die dood oorwin. Daarvoor het Hy die toorn van God oor ons sonde op Hom geneem. Die angel van die dood is nou vir elke Christengelowige weggeneem. Die dood is nou net ’n deurgang na die ewige lewe.

Jesus is Here ook terwyl ons lewe. Soos Jesus die opgestane seun aan sy moeder teruggegee het, so gee Hy ook vir jou die nuwe lewe wat Hy verwerf het, terug. Jy kan die toekoms met nuwe hoop aanpak. Dit is ’n nuwe lewe waar ons verlos is van die mag van die sonde, en waar ons met vreugde en hartelus volgens die wil van God lewe.

*Sing: Psalm 23-1:1*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)*

**Woensdag 8 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 8:18-22**
**Fokusgedeelte: Matteus 8:19**

## Ware dissipelskap verg toewyding en opoffering

Daar word talle kere in die Bybel verwys na dissipels of dissipels van die Here. Dit is belangrik om te weet dat ’n dissipel iemand was wat ’n volgeling van iemand anders was. Hy het daardie persoon gevolg omdat hy daardie persoon se leer wou bestudeer; hy het in daardie persoon se leer geglo. Al het Christus sy dissipels gekies, is dit wat hulle gedoen het.

In ons Skrifgedeelte kry ons met twee mense te doen wat graag ook dissipels van Christus wou word. Wanneer Christus die opdrag aan die dissipels gee dat hulle moet vertrek, kom ’n skrifgeleerde en verklaar (vs 19): “Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan.” Dit is presies die bedoeling van wat ’n dissipel doen.

Maar besef die skrifgeleerde wat hy sê? Weet hy wat dit beteken om Christus se volg? Dit is moeilik. Christus se antwoord in vers 20 laat hom besef dat dit nie aldag maklik is nie. Daar word gedurig getrek van een punt na die ander. Daar is verwerping by alles wat Christus meemaak, betrokke: geen plek by die herberg, verwerping uit Gadara

(8:34), Galilea verwerp hom (Joh. 6:66), en so is daar talle voorbeelde. Uiteindelik beleef hy die verlating van God self in Matteus 27:23.

Om Christus te volg, vra opoffering. Meer nog, dit vra ook toewyding. Een van die ander volgelinge wil eers sy vader gaan begrawe. Vanuit Christus se antwoord is dit duidelik dat daar altyd iemand anders is wat dit kan doen. Om Christus te volg, vra toewyding.

As ons graag dissipels van Christus wil wees, vra dit opoffering, dit beteken soms swaarkry, verwerping en selfs vervolging. Dit vra onvoorwaardelike toewyding aan Hom, selfs al gebeur daar soms dinge wat dit moeilik maak. Sorg dat jy bereid is om op te offer en om toegewyd te wees as dissipel van ons Here, Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 17-1:6*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*

**Donderdag 9 April**

**Skrifgedeelte: Markus 4:35-41**
**Fokusgedeelte: Markus 4:40**

## Geen vrees te midde van geloof

Ons beleef in hierdie verhaal 'n kontras van twee uiterstes. Enersyds het jy 'n skuit in 'n storm, met die dissipels wat vreesbevange is. Vol paniek, bevrees dat hulle enige oomblik gaan sink en sterf. Andersyds het jy ons Here Jesus Christus wat slaap, op die oog af salig onbewys van wat om hom aangaan.

Die oomblik wat die dissipels Jesus wakker maak, raak Hy nie paniekbevange nie, maar in alle rustigheid roep Hy uit na die storm: "Hou op! Bedaar!"

Wie is hierdie man? Die dissipels is met groot ontsag vervul. Soveel so dat Jesus vir hulle vra in vers 40: "Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?" Let wel, Hy vra nie waarom *was* hulle bang nie, maar gebruik die woord "IS". Hulle besef nie werklik wie Jesus is nie. Hulle wonder selfs wie Hy is dat Hy die vermoë het om selfs die wind

en die see bevele te gee. Jesus is besig om sy dissipels te leer dat Hy die Messias is, dat Hy deur sy Vader gestuur is om die dood en die sonde te oorwin. Hierdie wonderwerke wat Hy doen, is daar om sy almag te bevestig.

Ons beleef baie keer in ons eie lewens krisisse, tye van storms en vrees en angs. Maar die Here kan ons netsowel vra waarom is ons bang? Het ons dan nie geloof nie? Hou op en weet: Ek is die Heer (Ps. 46).

As Hy die belofte maak dat Hy vir ons ’n ander Trooster stuur, en ook die belofte dat Hy met ons sal wees al die dae van ons lewe tot aan die voleinding, hoekom het ons enige vrese in ons lewe? Die skrywer van die Hebreër-brief leer ons dat ons ons oog op Jesus Christus moet hou, die Begin en Voleinder van ons geloof, sodat ons uiteindelik nie geestelik moeg word en uitsak in hierdie wedloop van die lewe nie (Heb. 12:2-3).

*Sing: Skrifberyming 17-1:1*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*

**Vrydag 10 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 8:26-39**
**Fokusgedeelte: Lukas 8:32**

## Christus bring kalmte vir die kinders van God

Die land van die Geraseners was ’n heidense gebied waarin Jesus Homself nou bevind. In hierdie heidense land dryf Jesus ’n menigte bose geeste uit ’n man. In dieselfde weergawe in Matteus 8 word van twee mense gepraat wat van duiwels besete was. Dit gaan egter nie oor hoeveel mense vol bose geeste was nie, maar wat Jesus gedoen het.

In die vorige nag (Matt. 8:22-25) het Jesus sy almag gewys oor die natuur toe Hy die storm op die see stilgemaak het. Hier in die land van die Geraseners sien ons ook die krag wat Jesus het oor die bose geeste. Wanneer Jesus hulle bevele gee, moet hulle gehoorsaam. Jesus dryf ’n menigte bose geeste uit hierdie man en hulle verlaat hom en Jesus laat

hulle toe om in die varke in te vaar.

Ons sien dat die duiwel die vernietiger is van alles wat goed is. Die bose geeste het hierdie man van Gadara se lewe hel gemaak. Die mense om hom se lewe was hel wanneer hy naby hulle was. Dit wat die bose aanraak, word vernietig. Ons sien dit ook in die varke waarin die legio bose geeste ingevaar het. Hulle het almal die berghang af gehardloop en in die see verdrink.

In teenstelling met die bose sien ons dat Jesus Christus vrede en kalmte bring vir hulle in wie God ’n welbehae het. Die storm op die see word stil wanneer Jesus praat. Die besetene van Gadara word geestelik gesond gemaak. Die almag van God word ten toon gestel voor die wêreld.

Aan die kruis op Golgota het Jesus ook sy mag oor die dood gewys. Daar het Hy herstel bewerk het tussen ons en ons hemelse Vader deur vir ons sondes te sterwe.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*

**Saterdag 11 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:9-13**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:12**

## Christus bring genesing vir die sondaarmens

Die naam Fariseërs beteken “afgesonderdes”. Hulle het met ’n houding geleef van “ons” en “hulle”. Ons is op die regte pad en al die ander mense is op die verkeerde pad. Die Fariseërs was die manne wat die Woord van God tot die letter gevolg het, en soveel gefokus het op wat ander mense verkeerd doen dat hulle hul eie sondes nie raakgesien het nie. Daarom dat hulle so maklik oor ander geoordeel het.

Dit is sekerlik nie verkeerd om die Woord van God met alles in jou gehoorsaam te wees en ander so te leer nie. Dit is egter belangrik dat daar nie oor die mens geoordeel moet word nie.

Jesus het nie gekom vir dié mense wat op hulleself roem dat hulle op

die regte pad is nie, maar vir dié wat sondaars is. Dié mense wat hulle afhanklikheid van God besef. Christus se houding teenoor sondaarmense is heeltemal anders as dié van die Fariseërs. Hy veroordeel nie die sondaarmens nie, maar die sonde ín die sondaarmens.

Christus het gekom om sondaarmense tot bekering te roep sodat hulle hele lewe in ’n ander rigting gestuur word. Om tot bekering te kom, beteken dat Christus jou deur sy Woord en Heilige Gees ontvanklik maak vir sy Woord. Jy kom tot die besef dat jy self nie sonder Christus van die geweldige swaar las wat die sonde op jou plaas, ontslae kan raak nie. Die persoon wat werklik sy sonde besef, draai na Jesus en sy lewe draai saam met hom.

*Sing: Psalm 25-1:1, 2*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*

**Sondag 12 April (Paassondag)**

**Skrifgedeelte: Markus 2:18-22**
**Fokusgedeelte: Markus 2:18-22 (1933/53-vertaling)**

## Die Bruidegom bring feesvreugde

Met Jesus se koms kon niks dieselfde bly nie. In die Evangelie volgens Markus se tweede hoofstuk word die radikale koms van God se koninkryk beskryf in terme van vier titels waarmee die Here Homself beskryf: *die Seun van die Mens* (Mark. 2:10 n.a.v. Dan. 7:13), *die Geneesheer* (Mark. 2:17 n.a.v. Jes. 57:18, 19), *die Here van die sabbat* (Mark. 2:28 n.a.v. Gen. 2:2, 3) en hier in ons Skrifgedeelte *die Bruidegom van Israel* (n.a.v. Jes. 62). Al vier titels dui daarop dat die Messias self in hulle midde was.

Hierdie was ’n heerlike nuwe begin vir die volk en niks sou ooit weer dieselfde kon wees nie. Die Goddelike bruilof waarvan die Ou Testament profeteer, was op hande. Die Here Jesus was die Bruidegom en sy dissipels was die bruilofsgaste. Ten spyte daarvan dat die Fariseërs en Johannes die Doper se dissipels deur hulle vasgebruike in vroomheid

geskitter het, is so iets nou met die aanbreek van die Bruilofsfees heeltemal onvanpas. Ná die Bruidegom se vertrek, ná sy opstanding en hemelvaart sal daar weer 'n geleentheid wees waar die volk van God hulle verlange sou kon uitdruk deur te vas. Maar nou is daar slegs rede tot vreugde.

Nou, met die Bruidegom se eerste koms, sal dit 'n fout wees om die nuwe bedeling en die ou bedeling met mekaar te probeer vermeng. Die Here Jesus gebruik twee voorbeelde uit die alledaagse lewe om die dwaasheid daarvan aan te toon: nuwe materiaal vol elastisiteit kan nie vasgewerk word op 'n ou lap wat al bros geword het nie. Net so sal die ou wynsakke nie geskik wees om 'n jong wyn, wat nog gistend is, te berg nie. Beide die ou lap en die ou wynsak sal gou skeur en verlies tot gevolg hê.

Nou kan elkeen van ons onsself die volgende afvra: Het ek al die vreugde van die Christus se eerste koms in my lewe ervaar, en het ek nou 'n opregte verlange vir sy tweede koms?

*Sing: Psalm 45-1:1, 9*

*Ds. G Opperman (Gustav) (Matlabas)*

**Maandag 13 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 8:40-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 8:40-56 (19833/53-vertaling)**

## Redding kom deur geloof alleen

Weereens word dit vir Israel duidelik gemaak dat Jesus self die goeie nuus is. Om Hom aan te raak en om in Hom te glo, is genoeg om herstel van lewe te verkry. Dit waarvan die profete Elia en Elisa se lewens en optrede getuig het (2 Kon. 1-13), word nou 'n werklikheid deur die bediening van Jesus Christus. Hy het immers gekom dat sy broers en susters *lewe en oorvloed* mag hê.

Twee skynbaar uitsiglose situasies word in ons Skrifgedeelte verstrengel: in die een geval 'n vrou wat deur die dokters as 'n hopelose geval

opgegee was, en in die ander ’n reeds gestorwe dogtertjie wie se dood deur die wenende roubeklaers bevestig word. In beide gevalle tree die Here Jesus as die Groot Geneesheer van Israel op.

Die wonderwerke wat die ongelowige sinagoge-gangers in Lukas 4 ontwyk het, word hier geopenbaar aan twee uiteenlopende gelowiges (Jaïrus en die bloeiende vrou), wat slegs een ding in gemeen het: hulle geloof in die Here Jesus Christus.

Die wonderbaarlike genesing van die vrou wat aan chroniese bloeding gely het, en die opwekking van Jaïrus se dogtertjie, het destyds gedien om die waarheid van Jesus se woorde te onderstreep. Beide het intussen soos alle ander mense gesterf, maar vir ons wat vandag in Hom glo, wag daar ’n *ewige lewe in die eeu wat kom* (Luk. 18:30).

Daarom is ons wat nou in die laaste dae in Hom glo, baie meer bevoorreg as die skares en dissipels wat destyds agter die Here Jesus aangetou het met die hoop om ’n wonderwerk te beleef. Ons leef binne die tydvak van die volle openbaring van God, die volle evangelie van Genesis tot Openbaring, al die woorde van Jesus, sy profete en apostels.

Maar meer nog, ons leef in die tyd van die uitgestorte Heilige Gees wat ons oortuig dat hierdie woorde waar is, wat ons geloof daarin skenk en wat ons verseker van die ewige lewe.

*Sing: Psalm 147-1:1, 2*

*Ds. G Opperman (Gustav) (Matlabas)*

**Dinsdag 14 April**

**Skrifgedeelte: Markus 10:46-52**
**Fokusgedeelte: Markus 10:46-52**

## Van blinde bedelaar tot dissipel van Jesus Christus

’n Blinde bedelaar word ’n volgeling (dissipel) van Jesus Christus deur die geloof. Dit is in kort die aangrypende geskiedenis van Bartimeus.

Die ewige Koning is op sy laaste reis voor sy kruisdood en opstanding. Hy is op pad na Jerusalem vir sy Koninklike intog (11:1-11), maar ook

die dieptepunt van sy lyde. Op hierdie laaste reis is Hy omring deur ’n groot skare opgewonde mense. Maar hier by Jerigo, die eerste stad wat op wonderbaarlike wyse geval het met die intog in die beloofde land, die stad van die prostituut Ragab, die stad van Saggeus die tollenaar wat pas tot bekering gekom het, reik Hy uit na die eensame, blinde bedelaar. Hy hoor, uit al die stemme, hoe Bartimeus na Hom roep. En Hy hoor, en roep hom nader.

Bartimeus roep Hom aan as Messias met die titel “Seun van Dawid”. Hy vra dat ’n Messiaanse teken aan hom mag geskied: “Dat ek mag sien.” En dan gaan in vervulling wat Jesus in Matteus 11:5 aan Johannes die Doper gesê het: “Blindes sien weer …” (vgl. ook Jes. 35:5). Jesus genees hom egter nie net van sy liggaamlike blindheid nie. Hy sê vir hom: “Gaan, jou geloof het jou gered.” Hy word gered (verlos) deur die geloof. En hy volg Jesus.

So is ons ook verlos van ons geestelike blindheid. Ons is saam met Hom gekruisig en het saam met Hom opgestaan in ’n nuwe lewe. Elke dag mag (en moet) ons Hom volg, uit dankbaarheid vir sy onverdiende genade. Dit beteken dat ons sy evangelie uitleef en uitdra in ’n verlore wêreld.

Hoeveel geestelike blindes gaan vandag jou pad kruis?

*Sing: Skrifberyming 5-3:3, 4*

*Prof. CFC Coetzee (Callie) (Emeritus)*

**Woensdag 15 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:35-38**

## Die opdrag van die goeie Herder, die Here van die oes

Jesus as die goeie Herder, ons hoogste Profeet en enigste Hoëpriester, is besig om die evangelie van die Koninkryk te verkondig en genesingswonders te doen (vs 35). Op sy reis leer Hy ook die geestelike toestand van die volk ken.

Dit word geteken met die aangrypende beeld van skape sonder ’n herder. Hulle is verward en verstrooid. Soos skape wat op ’n dwaalspoor gaan en uiteindelik uitgeput neerlê. Die herders wat hulle gehad het, het hulle verkeerd gelei, was in werklikheid nie herders nie (vgl. Eseg. 34).

Voordat Jesus sy 12 dissipels in die volgende hoofstuk uitstuur, wil Hy hulle oë vir hierdie ontsaglike nood open. En dan verskuif die beeld: van die herder en skape na arbeiders op die saailand. Die dissipels moet in die ellendige toestand van die volk ’n oes sien, ’n reusagtige arbeidsveld. Daarom moet hulle bid dat die Here van die eos arbeiders sal stuur om die oes in te samel.

Ons fokusgedeelte konfronteer ons met ’n paar lastige vrae. Kyk ons met dieselfde oë as die goeie Herder na die kudde en na die verwarde, verstrooide, soekende mense buite die kerk? Kry ons hulle innig jammer, soos Hy? Is die herders bo alles en uitsluitlik besig om die kudde te versorg en die evangelie van die goeie Herder te verkondig en uit te leef? En bid ons gereeld dat die Gees jongmanne sal roep om vir predikant te studeer? Ons moet onophoudelik bid vir arbeiders. Maar ons het ook ’n roeping om arbeiders te soek en toe te rus (vgl. Artikel 19 Kerkorde).

Dit is ons roeping, vandag en elke dag. Bid en werk op die saailand. En dit alles in kinderlike geloof dat die goeie Herder, die Here van die oes, nie sal toelaat dat een skaap en een saadkorrel verlore gaan nie.

*Sing: Skrifberyming 16-1:4, 5*

*Prof. CFC Coetzee (Callie) (Emeritus)*

**Donderdag 16 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:1-16**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:1a**

**Jesus stuur ons om te getuig en leer ons ook hoe om dit te doen**

In Matteus 10 lees ons hoe Jesus sy dissipels, die eerste sendelinge,

uitstuur om die evangelie te verkondig aan ’n wêreld onder God se oordeel. Jesus se dissipels moes sommer vroeg-vroeg leer dat daar werk op hulle wag – hulle moes vissers van mense wees. Die beginsel is eenvoudig: dissipels maak nuwe dissipels.

Dit is steeds vandag hoe God sy kerk laat groei. Maar so baie keer word die vraag gevra: “Dominee, hoe kan ek die evangelie aan ongelowiges verkondig? Ek het dan geen opleiding nie.”

Hier leer ons n paar basiese beginsels wat Jesus aan sy dissipels geleer het, maar wat deur die eeue nog net so goed werk:

- Jesus leer sy dissipels om te bid vir die oes wat ingesamel moet word (Matt. 9:38).
- Niks in die lewe mag jou aandag aftrek van jou doel en taak om die evangelie te verkondig nie.
- Daar is net een boodskap en dit is Jesus Christus.
- Deur liefde aan mense te bewys, sluit God die deur oop dat die koninkryk verkondig kan word.
- Die opdrag is om nie net lukraak te verkondig nie. God se kerk word gebou deur verhoudings. Daarom die opdrag om nie van huis tot huis te gaan nie, maar te bly waar jy ontvang word.
- Bid vir vrede in elke huis. Wanneer Jesus aan sy dissipels verskyn, is sy woorde altyd: “Vrede vir julle.” Dit is omdat Hy die prins van vrede is, en ware vrede net by Hom gevind kan word.
- Verkondig aan dié wat ontvanklik is vir die boodskap. Nie almal is deur God uitverkies nie. Maar die mens wat deur God voorberei is, op hom sal die vrede waarvoor gebid is, bly.

*Sing: Psalm 66-1:1, 7*

*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*

**Vrydag 17 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:17-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:22**

## Volhard in lyding en teenkanting, want Jesus het enduit volhard – en oorwin!

Wanneer Jesus sy dissipels uitstuur, waarsku Hy hulle om teenkanting en selfs vervolging te verwag. Hulle is op ’n gevaarlike missie, naamlik om ongereddes na die koninkryk van Christus te wen. Hulle moet egter nie verwag dat die wêreld die evangelie en sy boodskappers met oop arms sal ontvang nie: *As die wêreld die Meester vervolg het, sou dit sy dienaars sekerlik vervolg* (Joh. 15:20)*, en ’n tyd sal binnekort kom wanneer diegene wat sy volgelinge doodgemaak het, eintlik sou dink dat hulle ’n diens aan God was”* (16:2).

Die doel is egter nie om hulle te ontmoedig nie, maar juis die teenoorgestelde. Hulle kan vashou aan die wete dat nog voordat hulle begin met die werk, Jesus reeds die oorwinning behaal het. Deur die diepste lyding aan die kruis het Hy volhard todat alles volbring was en die oorwinning behaal is.

Die Here sal stuur dus die 12 onder wolwe in, maar Hy belowe ook om sy Gees te stuur, om hulle te bemoedig, te bemagtig en aan te moedig. Dit was voordelig en nodig dat Jesus weggaan, sodat die Heilige Gees, die Goddelike Helper en Trooster, na hulle kon kom (vs 7). *“Hierdie dinge het ek met julle gespreek,”* het Jesus vir hulle gesê, *“dat in My julle vrede kan hê. In die wêreld het julle verdrukking, maar hou moed; Ek het die wêreld oorwin”* (vs 33). En daarom kan hulle die missie enduit volvoer. Hulle kan volhard totdat hulle die wenstreep oorsteek.

Vervolging verbrand vinnig kaf in die kerk. Diegene wat slegs ’n oppervlakkige geloof het, het nie ’n nuwe natuur om hulle te motiveer om vir Christus te ly nie, en geen goddelike krag om hulle in staat te stel om dit te verduur nie.

*Sing: Psalm 91-1:1, 7*

*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*

**Saterdag 18 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-33**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:29**

## Moenie bang wees, God sal sorg

Iemand wat Jesus Christus daadwerklik dien, beleef die volgende:

*Openlik oor jou geloof* – Eerstens: Jesus beklemtoon dat gelowiges hulle nie skaam vir hulle verbintenis aan die Here nie (vs 26, 27, 32). Navolgers van Jesus is nie geheimsinnig oor wat hulle glo nie. Jesus maak dit duidelik dat ons dit wat ons gehoor het, openlik moet bekendmaak (Matt. 5:13-16). Jy moet jou kleure wys. Jy moet die Here dien en navolg. Dit vereis totale selfverloëning.

*Beskerming* – Wanneer mens toegewyd aan Jesus leef, kan jy egter getroos wees: jy leef onder die beskerming van die Vader. Daarom moet Christene vir niemand bang wees nie. Ons vrees nie die dood of dreigemente en aksies van vyandiggesinde mense nie. Hulle kan die lewe wat God gegee het, nie wegneem nie. Ons vrees vir vervolging en bespotting is omdat ons met ’n eendimensionele werklikheid werk. Ons dink dat hierdie werklikheid die enigste is. Ons dink dat as ons ons lewe, waardigheid, reputasie, werk of gewildheid ter wille van Christus verloor, dit die einde is. Dit is nie. As ons egter doelbewus kies om eerder na onsself as na sy Naam om te sien, is dit wel die einde. Die keuse vir of teen Jesus is ’n saak om lewe en dood – ewige lewe en ewige dood. Ons eer en aanvaar die gesag van Hom wat mag oor ewige lewe en dood het. Daarom bly ons getrou aan ons roeping.

Wanneer ons ons lewe vir Christus verloor, sê ons teks, is ons Vader by ons (10:29). Die NAV het ongelukkig gekies om in 10:29 woorde in te voeg (in hakies aangedui) wat nie in die oorspronklike teks staan nie: *“En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder (die wil van) julle Vader nie.”* Daar is ’n wêreld se verskil tussen hierdie twee vertalings. *“God wil nie dat die mossie val nie”* versus: *“God is daar as die mossie val.”*

Die laaste is die korrekte vertaling. God is dus daar wanneer sy mense ter wille van die evangelie ly.

Die woord van die troostende en sorgende aanwesigheid van God gee aan die woorde *"nie sonder julle Vader"* 'n heel ander betekenis as die grieselrige *"God wil dit so"*.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1-5*

*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*

**Sondag 19 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 10:1-16**
**Fokusgedeelte: Lukas 10:12-15 (1983-vertaling)**

**Die evangelie kan enigiemand bekeer …**

In Lukas 9 lees ons hoe Jesus sy 12 dissipels uitstuur om die Koninkryk van God te gaan verkondig. Lukas 10 beskryf hoe Jesus 'n groter groep van 70 (of 72) dissipels uitstuur. Hy gee dan spesifieke opdragte oor hoe hulle moet werk, want hulle gaan soos skape tussen wolwe wees. Maar so sal sy Koninkryk van vrede die bose wêreld red.

Dan, in vers 12, is dit asof die gedagte aan mense wat die evangelie gaan verwerp, Jesus baie diep tref. Dit is te verstane teen die agtergrond van Johannes 3:16: *"So lief het God die wêreld dat Hy sy Seun gestuur het om te sterf vir verlorenes."* Hy het beskryf hoedat die evangelie mense gaan red; nou beskryf hy hoedat die seën van die evangelie van die hardkoppiges weerhou sal word. Die oordeel eindig egter nie hier nie, dit sal hulle volg tot en met die oordeelsdag.

Twee stede wat hulle verhard, is Gorasin, 'n klein dorpie 'n paar kilometer van Kapernaum waar Jesus kragtig gewerk het, en Betsaida, waar meer as 5 000 mense gevoed is deur die vermeerdering van die brood. En Jesus sê hulle is slegter as die bose stede Sodom (Gen. 13), Tirus (Rigt. 19) en Sidon (Gen. 10).

Gorasin en Betsaida se straf gaan erger wees as dié van die bose Sodom. Maar Jesus wil veral die fokus plaas op die krag en effektiwiteit van die evangelie. Hy sê dat die slegste van stede hulle sou bekeer het as die evangelie so kragtig daar verkondig sou word as by hulle. Die

evangelie is só kragtig dat dit bose mense "lankal" (verwys na spoed) sou bring tot sak en as (verwys na intensiteit van berou).

Maak erns met die uitdra van die evangelie. Dit is só kragtig dat dit Sodom en Tirus en Sidon kan bekeer …

*Sing: Skrifberyming 16-7:1, 3*

*Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)*

**Maandag 20 April**

**Skrifgedeelte: Markus 2:23-28**
**Fokusgedeelte: Markus 2:27 (1983-vertaling)**

**Die Sabbat in ons diens …**

Die onderhouding van die Sabbatdag (Sondag) is vir baie gelowiges ’n saak van erns, maar ook onsekerheid. Hoe moet die sewende dag van die Ou-Testamentiese bedeling en die eerste dag van die Nuwe-Testamentiese bedeling verstaan word? Wat het verander? In hierdie gedeelte gee Jesus ’n baie eenvoudige oplossing. *Die Sabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbat nie.* Jesus verwys nog na die Ou-Testamentiese sewende dag, Sabbat. Die Sabbat staan in diens van die mens.

Dit beteken dat die Sabbat en die onderhouding daarvan die mens geleenthede bied om God te verheerlik. God skep nie vir ons geleentheid en gee ons krag sodat ons die Sabbat kan verheerlik nie, want die Sabbat is nie die voorwerp van ons aanbidding nie. En God verwag dat ons alles gewillig en met dankbaarheid en oorgawe aan Hom doen.

Wie die Sabbat so verstaan, kan nooit wonder wat op die Sabbat gedoen mag word en wat nie. Ons sê dankie vir een hele afgesonderde (heilige) dag in die week waarop ek op God kan fokus om Hom saam met medegelowiges te ontmoet en Hom in die afwesigheid van my daaglikse werk en ander verpligtinge te kan verheerlik. Wette was nooit bedoel om oor die mens te heers nie, maar om die mens te dien. Wette staan ons by om God en ons naaste lief te hê en te dien.

Om dit te verduidelik, verwys Jesus na ’n voorval waarin Dawid van die offerbrood geëet het toe hy op vlug was vir koning Saul. Hierdie brood was slegs bedoel vir die priester wat aan diens was. Jesus sien Dawid se vlug as Koninkrykswerk en daarom ’n edel missie wat hom die voorreg gee om van die brood te eet.

Moenie ’n slaaf van ’n dag wees nie. Die Sabbatdag behoort aan Jesus en Hy gee dit vir jou om God te verheerlik.

*Sing: Psalm 25-1:2, 5*

*Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)*

**Dinsdag 21 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:15-21**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:15, 16**

## Die swyggebod

Soms is dit nodig om te praat. Daar is egter ook tye wanneer dit beter is om te swyg. Al praat jy die waarheid, kan dit soms gevaarlik wees om dit te vertel. Dit leer ons in hierdie gedeelte, van Jesus. Kort tevore het Jesus op die Sabbat ’n man met ’n gebreklike hand genees. Die Fariseërs het niks daarvan gehou nie. Daarom het hulle planne begin beraam om Jesus dood te maak (vs 14). Jesus het dadelik vertrek en het voortgegaan om almal gesond te maak wat na Hom gekom het. Hy het egter baie duidelik aan elkeen gesê dat hulle nie van Hom in die openbaar moet praat nie. Hy wou gehad het dat die mense Hom nie net sal volg omdat Hy wonders doen nie. Hy stel nie belang in propaganda nie. Nee, Hy sien Homself as ’n Dienaar van sy Vader. So word in die boek Jesaja geprofeteer. Hy is die gesalfde van die Here. Hy sal God se doel bereik langs die pad van sagmoedigheid, deur verkondiging van die reg van God en deur te ly en te sterf vir almal wat in Hom glo en sal glo. Die swyggebod staan in verband met die kruis. Die mense moet Jesus nie sien as koning wat heers en regeer nie. Hulle moet glo in ’n koning wat langs die pad van lyding tot heerskappy sal kom.

Daar is tye wanneer ons die vrymoedigheid moet hê om mense van Jesus te vertel. Dit is wanneer mense met gewillige harte bereid is om te luister. Daar is egter ook tye wanneer ons moet swyg, wanneer ons weet dat die tyd nie reg is om van Jesus te getuig nie. Dan is mense nie gereed om met gewillige harte na jou te luister nie.

*Sing: Psalm 138-1:1*

*Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)*

**Woensdag 22 April**

**Skrifgedeelte: Markus 14:3-9**
**Fokusgedeelte: Markus 14:4, 5**

## Wat is Jesus vir jou werd?

Ons lees dat Jesus in die huis van Simon die melaatse teenwoordig was vir ’n maaltyd. Sodra die gaste aangesit het, kom daar ’n vrou (Maria) met ’n albaste-fles kosbare nardusolie die vertrek in. Hierdie nardusolie was duur, baie duur. Dit moes uit die Ooste, uit Indië, ingevoer word. Dit lei geen twyfel nie dat Maria baie daarvoor moes betaal het nie. Sy het egter nie omgegee nie. Sy het ook nie ’n bietjie gekoop nie. Nee, sy koop ’n halfliter egte, kosbare nardusolie. Sy gaan reguit na Jesus, breek die fles oop en giet die inhoud in ’n stroom oor Jesus uit. So salf sy vir Jesus van sy hoof tot by sy voete terwyl almal onthul word met ’n wolk van die allersuiwerste geur. In hierdie daad bewys sy haar dankbaarheid aan Jesus. Daarom gee sy aan Hom die beste wat sy kan vind. Soveel is Jesus vir haar werd. Skielik is daar ’n fluistering onder die mense. Daar word kommentaar gelewer. Gou-gou word daar ’n berekening gemaak. Hierdie nardusolie kos ten minste 300 silwerstukke. Met dié bedrag kon 5 000 mense gevoed word. Dit is baie geld. Almal stem saam, dit is verkwisting. Wat sê Jesus? Hy sê: “Laat haar staan … Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis … Oral waar die evangelie verkondig word, sal ook vertel word wat sy gedoen het.” Aan die kruis toon Jesus ook wat ons vir Hom werd is. Want aan die kruis op

Golgota knak God se albaste-fles met allerkosbare nardusolie in skerwe, sodat strome van sy heil oor ons lewens kan vloei. Dit gebeur wanneer Hy Hom gee as 'n offer vir ons sondes. Nou die belangrike vraag: Wat is Christus vir jou werd?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)*

**Donderdag 23 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 11:14-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 11:16, 29**

## Christus en wonderwerke

Die Fariseërs stel Christus op die proef: Gee ons 'n teken en ons glo! Nadat Christus juis 'n duiwel uitgedryf het, beproef hulle Hom nogtans. Hulle vergeet egter: Geloof word nie bewerk of versterk deur wondertekens nie, maar slegs deur die evangelie van die gekruisigde Christus. Dit is dan ook die enigste teken wat Christus gee, naamlik die teken van Jona (vs. 29). Jona wat na drie dae as 't ware uit die dood (die ingewande van die vis) na die lewe terugkeer. Soos Jona, sal die Christus ook na drie dae uit die dood opstaan en lewe! Niks kan jou red nie, behalwe Jesus Christus. Hy is die enigste hoop vir elke verlore sondaar. Tekens of wonders kan jou nie red nie, ook nie die wetenskap of tegnologie nie: slegs die teken van Jona. Ja, die "Jona" van die Nuwe Testament is die enigste Redder! Hoe maklik soek ons nie ook in krisistye wonders nie! Ons hoor hier uit die mond van Christus dat as jy siek is of pyn ervaar, of worstel met kommer en hartseer; met nood en armoede – dan is Christus die antwoord. Sy dood en opstanding kan jou red en ewig laat lewe! Glo dit, en gaan heen en wees vandag 'n ligdraer van die Here (vs. 33-36).

*Sing: Psalm 145-1:3, 9*

*Ds. NW Ligthelm (Emeritus)*

**Vrydag 24 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:22-24, 31-37**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:36**

## Wees versigtig met jou uitsprake

Die Griekse woord vir "ligsinnig" kan ook met waardeloos, niksseggend, oneffektief, gewigloos en selfs lasterlik vertaal word. Dit sê Jesus na aanleiding van die Fariseërs se lasterlike uitspraak dat Hy duiwels deur Beëlsebul sou uitdryf (Matt. 12:24).

In die brief van Jakobus word die lesers teen die mag van die woord – of "tong" soos hy dit noem – gewaarsku. Hy vergelyk die tong met 'n roertjie in 'n groot skip, 'n stang in die bek van 'n perd en 'n klein vlammetjie wat 'n hele bos in vlamme kan laat opgaan. Almal baie klein, maar met die vermoë om groot verwoesting te saai. Dink maar net aan die gevolge van die woorde uit die bek van die slang teenoor Adam en Eva. Dit het die mens die paradys gekos! Of dink aan die uitroepe van die Jode: "Kruisig Hom", asook: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom" (Matt. 27:23, 25). Daarmee het die Jode hulleself tot vyande van Christus verklaar tot vandag toe. Die gevolge van daardie uitroepe is te verskriklik om te bedink.

Daarom moet ons uiters versigtig wees wat ons voor ander sê – veral voor persone wat ons uitsprake hulle eie sal maak, soos kinders en soos ander wat ons hoog ag. Dink veral ook aan jou uitsprake met betrekking tot die Omkeerstrategie waarmee die kerke groot erns maak. Ons glo tog vas dat die Heilige Gees ons lei en met hierdie saak tot hiertoe gebring het. Wees dus versigtig – rekenskap sal op die oordeelsdag geëis word.

Vergeet ook nie wat Jesus hier openbaar nie, naamlik dat dit wat jy sê, uit die oorvloed van jou hart voortkom. Dit wat jy uitdra, verraai dus die innerlike ingesteldheid wat óf goed óf sleg is. Soos jy 'n boom duidelik aan sy vrugte kan uitken – sò ook elke mens.

*Sing: Psalm 45-1:1, 2*

*Dagstukkie Almanak 2014*

**Saterdag 25 April**

**Skrifgedeelte: Markus 4:1-9**
**Fokusgedeelte: Markus 4:4, 5, 7, 8**

## Vier harte, maar net een klop werklik

In die koninkryksgelykenis van die saaier is die saad die Woord van God en die saaiers diensknegte wat die Woord verkondig (1 Kor. 3:5-9). Die menslike hart is soos grond waarop gesaai word en die gelykenis maak onderskeid tussen vier soorte harte (grond).

Die eerste hart is die harde hart (vs 4). Die hardheid van die sonde weerstaan die Woord van God en maak dit maklik vir die voëls (Satan) om dit op te pik. Harde harte moet omgeploeg word voordat dit saad kan ontvang, en dit kan ’n baie pynlike ervaring wees (Jer. 4:3, 4; Hos. 10:12).

Die tweede hart is die vlak hart (vs 5-6). Baie min grond op die harde rots. Die wortels kry nie diepte nie. Dit laat dink aan die emosionele hoorder wat aanvanklik die Woord met blydskap aanvaar, maar later vermaan word soos Efese (Op. 2) dat hulle die Here nie meer so liefhet soos in die begin nie.

Die derde hart is die oorgroeide hart (vs 7). Die Woord is ontvang, maar bekering om die onkruid uit die hart te verwyder, ontbreek. Hierdie hoorder het te veel sade in sy hart – wêreldse begeerlikhede, begeerte vir rykdom, begeerte vir die sinlike, en laat te min ruimte vir die saad van die Woord om te groei. Hierdie hoorder wil die smal en die breë pad saam loop.

Die vierde hart is die vrugbare hart (vs 8). Dit teken die gelowige wat die vrug van bekering dra en dit is duidelik in sy lewe dat hy ’n nuwe mens is (2 Kor. 5:17). Die Heilige Gees het soos vir Paulus en Lidia (Hand. 16:14, 1993/53-vertaling) hierdie hart oopgemaak en daar is groei en vrug van die geloof in Jesus Christus.

Hoe lyk jou hart? Klop jou hart reg vir die evangelie?

*Sing: Psalm 9-1:7*

*Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)*

**Sondag 26 April**

**Skrifgedeelte: Markus 4:13-20**
**Fokusgedeelte: Markus 4:20**

## Stry teen die doodsvyande en dra vrug van dankbaarheid

Christus kondig as Koning van die hemelse koninkryk sy nuwe koninkryk aan. Hy gebruik gelykenisse wat aanvanklik gesien kan word as ’n prentjie, om dan in ’n spieël te verander waarin jy jouself moet raaksien. Indien jy dan deur die geloof kyk, word dit ’n venster waardeur ons God en sy Waarheid, Jesus Christus, sien.

Die eerste drie harte, soos in die vorige dagstukkie, was harte met geen of weinig vrug en harte wat bedreig word deur ’n vyand, spesifiek ’n doodsvyand. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 52 (v/a 127) bely ons dat ons drie doodsvyande het, naamlik die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur wat nie ophou om ons aan te val nie.

In die gelykenis van die saaier kan ons die drie doodsvyande toepas op die eerste drie harte. Met die *harde hart* is dit die duiwel wat keer dat die saad wat gesaai word, ontkiem en pik dit so gou moontlik op. Met die *vlak hart* sien ons die sondige natuur wat die liefde vir die sonde bo die liefde vir God kies. Met die *oorgroeide hart* laat die dinge van die wêreld die geestelike groei só verstik dat geen groei in die geloof moontlik is nie.

Die pad wat die kind van die Here loop, is nooit maklik nie. Dit is ’n pad van daaglikse bekering, die afsterwe van die ou mens, die stryd teen die doodsvyande, want ons word geroep om vrug te dra.

En hier is die genade weer so duidelik: ons het nie almal dieselfde talente, gawes of vermoëns (waaronder geldelik) nie. Die hoeveelheid vrug verskil, die een 30, die ander 60 en nog ’n ander honderdvoudig, maar almal kosbaar in die oë van die Here, want die vrug is nie betaling nie, maar dankbaarheid vir God se genade.

*Sing: Psalm 92-1:7*

*Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)*

**Maandag 27 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 13:24-52**
**Fokusgedeelte: Matteus 13:24-52**

## Die uitnemende waarde van die koninkryk

Die koninkryk van God is iets van onskatbare waarde. Dit word eerstens met ’n skat in ’n saailand vergelyk. Tweedens word dit met ’n pêrel van onskatbare waarde vergelyk. As hierdie skatte gevind word, kos dit ’n baie groot prys om dit te betaal.

Die koninkryk van God is egter nie te koop nie. Dit kan nie deur eie inspanning of verdienste verkry word nie. God skenk dit uit genade aan sy kinders. Die hoë waarde daarvan lê juis daarin dat dit iets hemels is wat op aarde ontdek word.

Jesus Christus het onverwags by baie mense uitgekom en hulle geroep – soos die dissipels en Paulus. Hy het hulle geroep en hulle het dadelik gekom. So het baie reeds van kleintyd af – soos Timoteus – van Jesus geleer. Hy word egter steeds elke dag geopenbaar.

Wat is die prys wat daarvoor betaal moet word? As ons besef hoe kosbaar en belangrik die koninkryk is, dan is daar niks wat in ons pad mag staan om God uit dankbaarheid, met al ons krag en verstand, te dien nie. In die gelykenis het hulle alles wat hulle het, gaan verkoop om die skat in die hande te kry. Jesus het in Matteus 19:21 vir die ryk jongman gesê om alles te verkoop wat hy het, dan sal hy ’n skat in die hemel hê.

Ons moet bereid wees om alles ter wille van Jesus Christus op te offer. Ons hele lewe moet van hierdie groot genadegawe in ons lewens getuig. Jesus Christus het gekom en Hy lewe en ek behoort aan Hom deurdat Hy my duur met sy kosbare bloed gekoop het.

*Sing: Psalm 98-1:8*

*Ds. GS Kruger (Gerrit) (Centurion)*

**Dinsdag 28 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 9:37-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 9:46-50**

## Slaag jy die toets van selfverloëning en ware liefde?

Op die vooraand van sy laaste reis na Jerusalem ervaar Jesus groot droefheid oor die dissipels se verkeerde gesindheid. Terwyl Jesus wil hê dat hulle met Hom één sal wees in die komende gebeure, sien hulle kans om op selfsugtige wyse steeds die trompet van selfhandhawing te blaas.

Eers stry hulle oor wie van hulle die belangrikste is. Dan verbied hulle ’n man om in die Naam van Jesus duiwels uit te dryf, en dit net omdat hy nie tot die dissipelkring behoort het nie.

In beide hierdie insidente het die dissipels se selfgesentreerdheid en jaloesie daartoe gelei dat hulle die toets van ware dissipelskap jammerlik gedruip het.

In sy reaksie trek Jesus ’n klein kindjie nader om die dissipels te beskaam. Hulle moet soos hierdie kindjie wees en na dergelike “kleintjies”, sonder sosiale status, moet hulle in die Naam van Jesus uitreik as hulle ware grootheid wil leer ken.

Wat die tweede geval betref, moet hulle begryp dat daar in die koninkryk van God plek is vir heelwat meer mense as net vir hulle en diegene wat presies soos hulle dink. Selfs al was daar nog baie gebreke in die man se diens aan Jesus, en al was hy in die oë van die dissipels nog ’n “kind”, was hy nogtans ’n opregte gelowige en moes hulle hom met respek behandel het, want “… wie nie téén julle is nie, is vír julle”.

Min dinge veroorsaak in die kerk van Jesus Christus meer droefheid as *hoogmoed, heerssug* en *onverdraagsaamheid* van lidmate. Hoe kan dit ook anders? Dit is dan die presiese teendeel van Jesus se eie optrede teenoor sondaars.

Maak dit daarom jou erns om met liefde en selfverloëning *in die Naam van Jesus* uit te reik na almal wat op jou weg kom. Dit sluit uitdruklik die “kleintjies” in wat nie sosiale aansien geniet nie, asook Christene uit ander denominasies wat die Here nie in dieselfde styl as jy aanbid nie.

Dán handel jy in harmonie met die Koning van die kerk en is jy op die pad van ware grootheid!

*Sing: Psalm 66-1:1, 7*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*

**Woensdag 29 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9**
**Fokusgedeelte: Matteus 15:2, 9**

**Nie menslike reëls nie … dit is nie diens aan God nie!**

Jesus se prediking op aarde het in besonder ingehou dat Hy as die ewige Koning sy hemelse koninkryk aan mense hier op aarde verkondig. Wanneer en waar Hy besig was met sy bediening, het baie mense Hom gevolg en na Hom geluister.

Hier lees ons dat daar 'n klompie baie belangrike mense van Jerusalem gekom het en met Jesus kom praat het. Nie oor die bediening van sy hemelse koninkryk nie, want daarteen kon hulle niks sê nie. Hulle is skrifgeleerdes en Fariseërs wat die wet tot die letter gehou het – en sommer nog 'n paar wette rondom die Wet neergelê het. Hulle kom na Hom met aanvalle en kritiek, wat daarop gemik is om Jesus verdag te maak by die volk.

Vir hulle gaan dit nie oor wat God wil hê nie, maar eerder om te wys op dit wat hulle sê Jesus verkeerd doen. *"Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie."* Dit gaan dus nie oor wat God wil hê nie, maar eerder oor wat vir die Fariseërs en skrifgeleerdes swaarder weeg. Die oorgelewerde gebruike waarna hulle verwys, is deel van daardie selfgemaakte wette en reëls wat rondom die Wet van God gebou is.

Jesus gebruik hulle selfgemaakte reëls om hulle te wys hoe verkeerd hulle optree en ongehoorsaam is aan God. Om leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou, is om self god te wil wees. Het Jesus sy eie reëls gemaak toe Hy vir jou sondeskuld verhoor, gevonnis en

gekruisig is? Nee! Hy het aan God gehoorsaam gebly ter wille van jou.
Moenie God probeer dien met leerstellings van mense nie, maar leef in dankbaarheid naby aan Hom omdat Jesus jou met God versoen het. Dra só die boodskap van die hemelse Koninkryk uit.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. MP Fourie (MP) (Emeritus)*

**Donderdag 30 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 15:11-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 15:18**

## Ware diens aan God … dankbare gehoorsaamheid

Gister het ons stilgestaan by die Fariseërs en skrifgeleerdes se kritiek op Jesus se volgelinge se verontagsaming van oorgelewerde gebruike deur nie hulle hande te was voordat hulle eet nie. Jesus se teregwysing aan hulle was dat God nie gedien kan word deur die nakoming van menslike leerstellings nie.

Nadat Hy die Fariseërs en skrifgeleerdes tereggewys het, het Hy die menigte, wat Hom gevolg het, nadergeroep en aan hulle verduidelik dat die hemelse Koninkryk nie gebou is op menslike reëls, voorskrifte en wette nie. Jesus sê egter nie net wat die verkeerde vorm van godsdiens is nie, Hy sê ook baie duidelik wat die regte godsdiens is. Diens aan God word nie bewys deur uiterlike handelinge te verrig, reëls na te kom en voorskrifte te gehoorsaam nie. Die ware godsdiens is nie God plus mense se voorskrifte nie.

Na aanleiding van die Fariseërs en skrifgeleerdes se vrae oor die was van hande (vs 2), gebruik Jesus die omstandighede, waarna die vraag wil wys, om die Koninkryk van die hemel te verkondig. Só duidelik stel Hy dit wat wetsonderhouding (hande was in dié geval) nie reinheid kan waarborg nie. Onreinheid is nie iets wat van buite kom, gekou en ingesluk word nie. Dit kan nie jou verhouding met die Here (dankbare gehoorsaamheid) direk benadeel nie en kan nie jou reinheid beïnvloed

nie. Iets van buite maak jou nie onrein nie.

Dit roep die saligspreking van Matteus 5:8 in gedagte – “Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.” Om God te sien, moet ons rein van hart wees, en dit is alleen ons deel in Christus wie se geregtigheid aan ons geskenk is in sy gehoorsame versoeningswerk aan die kruis.

Die nagmaalsformulier verwys na die ware selfondersoek: ken jou ellende, glo dat Christus se geregtigheid aan jou geskenk is, en bewys met jou hele lewe dank aan God. Dra só die boodskap van die hemelse Koninkryk uit.

*Sing: Psalm 25-1:6*

*Ds. MP Fourie (MP) (Emeritus)*

**MEI**

**Die Sinoptiese Evangelies – Jesus Christus se lydenstyd**

Maartmaand het gefokus op Jesus se geboorte en koms na hierdie wêreld. Aprilmaand het gefokus op sy Galilese bediening. Hierdie maand fokus ons op die lydenstyd van Jesus Christus. Ja, sy lyding het al begin met sy menswording, met sy geboorte uit die maagd Maria, met sy neerlê as babatjie daar in 'n krip in 'n stal in Betlehem. Sy lyding bereik egter 'n klimaks in die laaste hoofstukke van die Sinoptiese Evangelies. “Hierop stuur die Evangelies doelgerig af. Dit is die hart van die Bybel. Dit is ook die beslissende keerpunt in die kosmiese oorlog om die Koninkryk, oor wie koning van die heelal is: die Kruis en Opstanding van ons Here Jesus Christus” (Van der Walt, T. 2007. Die Messias het gekom. p 231).

By Jesus se intog in Jerusalem begin die lydensweek wat klimaks vind met sy kruisiging, Godverlatenheid en sterwe. Alhoewel ons graag in diepte elke dag van Jesus se lydensweek sou wou bestudeer, is een maand daarvoor heeltemal te kort. Daarom fokus ons slegs op die laaste dae se gebeure in die lydensweek. Ons kyk na elkeen van die Sinoptiese Evangelies se skrywers, Matteus, Markus en Lukas, se beskrywing van die laaste dae se gebeure in die lydensweek. Kenmerkend is dat die Heilige Gees die skrywers elkeen inspireer om die klem of fokus op iets anders te plaas, maar tog met die goue draad wat deur die Skrif loop, in gedagte. Die skrywers weerspreek mekaar nie, maar wanneer ons hulle saam lees, kry ons 'n geheelbeeld van die lydensgebeure. Die diepte en rykdom van God se genadige verlossingswerk deur sy Seun moet altyd ons harte aangryp!

Wat die laaste dae van die lydensweek betref, volg ons die volgende indeling wat elk aan die orde sal kom in hierdie maand se dagstukkies:

| | |
|---|---|
| Woensdag: | Jesus word gesalf in Betanië;<br>Sy dood word beplan onder verraad van Judas Iskariot. |
| Donderdag: | Die instelling van die nagmaal;<br>Jesus word gevange geneem in Getsemane en Hy verskyn voor die Joodse Raad; Petrus verloën Jesus. |
| Vrydag: | Judas Iskariot pleeg selfmoord; Jesus word deur die wêreldse owerheid verhoor en oorgelewer om gekruisig te word; Hy sterwe aan die kruis en word begrawe. |
| Saterdag: | Jesus se liggaam in die graf, maar sy gees by sy Vader. |
| Sondag: | Die graf is leef – Hy het opgestaan! Jesus verskyn aan die vroue, dissipels, Emmausgangers. |

**Vrydag 1 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:6-13**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:6-13**

## Doen NOU mooi dinge vir Christus, later mag te laat wees!

Ons elkeen het ’n lang lys van goeie dinge wat ons aanhou en aanhou uitstel. Soos blits snel die tyd verby en kom ons net nooit uit by dit wat ons graag wil doen nie. Hoeveel dinge is daar nie wat ons nog vir Christus wil doen nie, maar ons is net te besig met ons eie dinge?

Enkele dae voor Jesus se kruisiging het Maria (Joh. 6:3), gedryf deur ’n diepe dankbaarheid teenoor Jesus, ’n fles met baie duur reukolie oor Jesus gegooi. As al Jesus se dissipels baie “verontwaardig” is hieroor, wys Hy hulle daarop dat sy *“’n goeie daad aan My gedoen”* het.

Deur haar beste en duurste vir Jesus te gee, het sy nie net die laaste kans aangegryp om Jesus lief te hê nie, maar Hom ook vir sy begrafnis voorberei. Destyds was ’n liggaam vir die graf voorberei deur die liggaam letterlik van kop tot tone met reukolie te smeer. Jesus het by verskeie geleenthede aangedui dat Hy gaan sterf, daarom het Maria die geleentheid aangegryp om liefde aan Jesus te betoon. Hierdie daad van liefde moes vir Jesus in sy laaste paar dae van lyding baie beteken het.

Ná die kruis en opstanding van Christus het ons soveel meer rede as Maria om dankbaar te wees. Verder spoor die Gees ons ook daartoe aan om onsself as ’n dankoffer aan God te gee. Elke dag is besaai met geleenthede om goeie dinge aan Christus te doen. Hierdie liefdesoffer bereken nooit die koste nie, dit kyk ook nooit met hoe min kan ek wegkom nie; ook laat dit nie ’n geleentheid verbygaan nie, maar elke geleentheid word dankbaar aangegryp om my beste vir my Koning te gee.

*Sing: Psalm 40-1:1, 4*

*Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)*

**Saterdag 2 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:3-9**
**Fokusgedeelte: Markus 14:3-9**

## Oorweldig deur Jesus, is ek spandabelrig vir Hom

Spandeer jy te veel op Jesus … of dalk nie genoeg nie? Hierdie vrou se naam was Maria (Joh. 12:3). Waarskynlik die Maria wat vroeër uit prostitusie tot bekering gekom het. Die tipe vrou wat hierdie tipe parfuum sou gebruik en kon bekostig. Maar nou was sy die tipe dissipel wat nie meer 'n beter doel vir haar parfuum kon sien as Jesus nie. En sy gebruik nie 'n paar druppels nie. Sy breek die kleikraffie se nekkie en gooi die volle halfliter uit. Oordadig. 'n Vermorsing. Spandabelrig. Die ander dissipels het kwaai met haar geraas. Prakties en nugter gesproke, kon daardie geld baie verder kom. Dit klink baie edel, maar was eintlik baie ydel. Húlle het van beter geweet … geweet wat regtig belangrik is. Maar sy het beter geweet. Sy het dalk ydel voorgekom met haar duur parfuum, maar dit was eintlik baie edel. Dink aan Jesus se woorde in Lukas 7:47: "… omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde."

Is jy edel of ydel in jou ere-diens aan Jesus? Ons steek dikwels ons selfgefokusde godsdienstigheid weg agter edele woorde en gedrag. "Daardie kos die kerk te veel." "Dis tog meer prakties op hierdie manier." Ons laat goeie goed soms sleg klink. En slegte dinge laat ons goed klink – omdat ons onsself in die oog het, eerder as Jesus.

Maar, oorweldig deur Jesus se genade, doen ek wat ander nooit sou doen nie. Onprakties, dalk duur. Maar 100% logies, omdat dit oor Jesus gaan. Só het hierdie vrou onwetend Jesus vir sy dood voorberei en gesalf. 'n Voorreg waarby die ander in hulle ydelheid nooit sou kon kom nie.

En Jesus belowe dat hierdie les só belangrik is; ek en jy lees tot vandag toe daarvan. Edel of ydel?

*Sing: Psalm 40-1:1, 5*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*

**Sondag 3 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:1-5, 14-16, 20-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:14-15**

## Wat is Jesus vir jou werd?

As ons na hierdie drie gelese gedeeltes kyk, sien ons ’n opvallende lyn regdeur al drie dele. Eers kom die priester- en familiehoofde saam met Kajafas die hoëpriester bymekaar en beplan saam Jesus se dood. Hulle beplan hoe hulle Jesus op ’n slinkse manier gaan laat doodmaak. Die tyd het aangebreek. Jesus moet nou dood. Hulle het met Hom probeer redeneer, maar baie keer moes hulle tot hulle eie skande wegstap. Nou is gevangeneming en die dood die enigste opsie wat oorbly. Maar hoe en op watter grond en wanneer en waar? Dood moet ’n geldige klag hê, maar wat sal dit wees? Dit alles word nou by hierdie vergadering beplan.

Dis egter nie al nie. Uit die bloute kom Judas, een van Jesus se binne-12 na vore. Hy sal Jesus vir hulle uitlewer vir 30 silwer muntstukke. Nie veel meer as ’n maand se loon nie. Dit speel so goed in die hand van die priesterhoofde. Ideaal. Hoe nader aan Jesus sy verraaier is, hoe beter. Hy is dan die man wat die sondebok gemaak sal kan word as die hele komplot dalk skeefloop. Dit help natuurlik ook om die lig van hulle af te haal en maak dat hulle bietjie in die agtergrond kan bly. Die planne word gemaak. Die verhoog is voorberei!

Die vraag is vandag: Wat is Jesus vir jou werd? Vir Judas was Hy niks meer werd as ’n maand se karige loon nie. Het Hy ’n prys vir jou, of besef jy dat jy nooit genoeg dankbaar sal kan wees vir die groot verlossing wat Hy vir jou en my gebring het nie? Vir Judas het Jesus ’n prys gehad (nie eers ’n baie hoë een nie). Erken en bely jy Jesus oor die “voordele” wat jy uit Hom kan kry, of omdat jy in ’n ware, opregte verhouding met Hom staan?

*Sing: Psalm 40-1:1, 5*

*Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)*

**Maandag 4 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:1-2, 10-11, 17-21**
**Fokusgedeelte: Markus 14:2**

## Skeefloop is regloop

Die mens wik, maar God beskik. Soms is hierdie waarheid vir ons 'n groot frustrasie. Jy maak planne, jy werk hard, maar in plaas daarvan dat dinge regloop, voel dit vir jou asof dit net al hoe meer skeefloop.

Jesus se kruisiging en opstanding móés tydens die Paasfees en die fees van die ongesuurde brood gebeur. Dit was nie toeval nie. Dit is twee patrone van dieselfde saak wat presies oor mekaar gepas het. Die evangeliepatroon herhaal: 'n God wat 'n Lam voorsien om sy mense te bewaar van sy straf en te bevry uit 'n situasie waaruit hulle nie self kon kom nie. Die kruisgebeure is Paasgebeure. Die priesterhoofde en skrifgeleerdes wou hierdie sameloop van gebeure keer vir hulle eie rede: om opstand te verhoed. Dit sou hierdie evangelievervulling kon omkrap.

*Maar God laat hulle skewe planne skeefloop sodat sy raadsplan regloop.* Hoe? Onverwags vir hulle kom 'n geleentheid toe Judas Iskariot hulle nader. 'n Agterdeur in. Verraad deur sy eie. Dit draai dinge egter weer terug sodat Jesus wel presies oor die feestyd die ware Lam van verlossing kon wees. Judas steek sy hand in die skottel en Jesus stuur hom weg om sy konkelwerk vinnig te gaan uitvoer (Joh. 13:27). Jesus dikteer uiteindelik self die verloop, ongeag mense.

God se insig is ondeurgrondelik (Jes. 40:28). Sy weë onnaspeurlik (Rom. 11:33). Die mens wik, maar God beskik. Soms 'n pynlike frustrasie, maar uiteindelik baie eerder 'n troos. Dit het die werk van Christus vir my en jou oopgesluit. En dit sluit steeds sy raadplan in ons lewens oop. In my dood en swakheid vind ek weer sy lewe en krag. Ons grootste skat. Mag ons daarom in verwondering volg in vertroue op sy alwysheid.

*Sing: Psalm 34-1:1*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*

**Dinsdag 5 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:1-6, 21-23**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:1-6, 21-23**

## Die komplot teen Jesus

Jesus se lyding het nie eers begin toe Hy verraai en gevange geneem is nie. Jesus se lyding het al 33 jaar vantevore begin toe Hy – Seun van God – mens kom word het. Tog bereik die lyding van Jesus in Lukas 22 en 23 ’n absolute klimaks.

Wat hierdie lyding van Jesus nog soveel skerper maak, is die feit dat iemand wat baie naby aan Hom is, Hom verraai. Die verset teen Jesus in die hart van Judas het só gegroei dat Judas besluit het om Jesus te verraai. Dit was natuurlik baie goeie nuus vir die Joodse leiers wat Jesus uit die weg wou ruim. Nou het hulle iemand in Jesus se binnekring gehad wat hulle kon help om Hom op die mees geskikte geleentheid te vang.

Die verloop van gebeurtenisse bewys egter dat Judas hieraan niks kon doen nie. Jesus self skep vir Judas die geleentheid om Hom aan die Joodse leiers oor te lewer. Al het Judas ’n gemene daad gepleeg, en al dra hy volle verantwoordelikheid daarvoor, was sy optrede tog ingeskakel in die uitvoering van God se raad. In vers 22 bevestig Jesus hierdie feit as Hy sê: *“Met die Seun van die mens sal dit gaan soos dit voorbeskik is ...”*

God se plan moet vervul word. God bly in beheer. Hierdie feit hou vir ons as gelowiges groot troos in. Selfs in tye en omstandighede wat dit vir ons lyk of Satan in beheer is, kan ons seker wees dat God nog steeds regeer en beskik.

*Sing: Psalm 93-1:1-4*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*

**Woensdag 6 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:17-19, 26-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:26-30**

## Nagmaal is vir ons die fees van verlossing en van hoop

Die woorde *"En terwyl hulle eet"* vat ons terug na die laaste Paasfees, maar ook die heel eerste nagmaal wat Christus saam met sy dissipels gevier het. Die Joodse Paasfees het 'n vaste patroon gehad met vier hoofmomente wat hulle aan die vier beloftes van God in Eksodus 6:5-6 herinner het:

- Die *eerste beker*: "Ek sal julle van die dwangarbeid van Egipte bevry."
- Die *tweede beker*: "Ek sal julle van die verknegting verlos."
- Die *derde beker*: "Ek sal julle vry maak met mag en met groot reddingsdade."
- Die *vierde beker*: "Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees."

Christus stel die nagmaal in met die aanbreek van die derde beker. Daarom is nagmaal vir ons dié *fees van verlossing*. Met die tekens van brood en wyn word ek opnuut verseker dat ek in Christus van alle sondeskuld losgemaak is én dat ek tot kind van God nuutgemaak is. Daar is niks wat keer dat ek en die lewendige God in mekaar se teenwoordigheid kan wees nie.

Nagmaal is egter ook 'n *fees van hoop*. Nadat Christus die derde beker gedrink het, stel Hy dit duidelik dat Hy nie weer uit die Paasbeker sal drink nie *"tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink"*. Dit is by die groot bruilofsmaal van die Lam waar ons saam met Hom die vierde beker gaan drink.

Dan sal God se koninkryk finaal deurbreek en Hy sal by ons bly as ons God, en ons gaan volmaak by Hom wees as sy kinders.

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)*

**Donderdag 7 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:12-16, 22-25**
**Fokusgedeelte: Markus 14:24**

## Vat dit!

Dit is tyd vir reinheid (ongesuurde brood-fees) en voorbereiding van die paaslammers vir die komende Paasfees. ’n Fees van genade toe die lam se bloed verlossing gebring het uit Egipte.

Jesus tref sy eie reëlings vir sy eie ware Paasfees: ’n afskeidsete. Maar sy gaste gaan nie rein wees nie. Die gaste wat hy nooi, is maar ’n jammerlike lot. Voor, tussenin en ná die beskrywing van die Paasmaal word hier in die teks vertel van sy gaste se verraad, verloëning en afvalligheid. Tot die laaste een hét Hom ook in die steek gelaat. Hulle was sy leerlinge, sy vriende.

Hy het geweet dit kom. Maar Hy reël dit nog steeds. Hy nooi hierdie spul nog steeds. Hy verduidelik nog steeds dat dit vir hulle is. Hy verduidelik nog steeds dat hulle dit moet vat en eet en drink. Hy sê nog steeds dat dit vir hulle is.

Al is hulle salig onbewus van waarmee Hy eintlik besig is, is Hy presies bewus van waarmee Hy besig is. Voorbereiding om Homself te gee vir vriende wat hulleself nie vir Hom sou gee nie.

Jesus het jou ook daardie aand in gedagte gehad. Deel van die jammerlike spul. Hy weet wat Hy nie in jou het nie – nie iemand wat deur dik en dun lojaal is nie. Jy verraai Hom, jy verloën Hom, jy raak afvallig van Hom. Hy het geweet waarvoor Hy Homself inlaat deur ’n verbond met jou te sluit met sy bloed. Daarom het dit sy bloed gekos, en nie joune nie. Daarom nooi Hy nog steeds, verduidelik Hy nog steeds, en vra Hy nog steeds dat jy sal vat.

Vat net.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 4*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*

**Vrydag 8 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:7-20**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:7-20**

## Die paaslam – en dié Paaslam

’n Mens besef nie altyd hoeveel voorbereidings getref moes word voor die Paasfees gevier kon word nie. Om seker te maak dat al hierdie voorbereidings behoorlik getref word, stuur Jesus twee van sy dissipels wat die naaste aan Hom is: Petrus en Johannes.

Maar eers moet hulle by die regte adres uitkom. Jesus gee die adres op ’n vreemde manier sodat Judas nie die adres vir die geestelike leiers kan deurgee nie. Jesus wil graag vir die laaste keer rustig saam met sy dissipels wees.

By die viering van die Paasfees deur Jesus en sy dissipels het die skaduwees werklikheid geword. Voor hulle staan Jesus Christus as die ware Paaslam wat weldra “geslag” gaan word en op dié wyse ’n baie groter verlossing sal bewerk as die verlossing van Israel uit Egipte. Christus sou dit sekerlik aan sy dissipels verduidelik het.

En as Hy dan aan hulle sê: *“Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word ...”* en: *“Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed ...”* dan laat Hy hulle verstaan dat die Pasga oorgegaan het in die nagmaal. In hierdie woorde van Jesus kan die heerlike vervulling van die belofte van God dat die sondaar verlos sal word, gehoor word.

Soos die Pasga gereeld gevier moes word sodat Israel God se verlossing uit Egipte nooit kon vergeet nie, so wil God ook dat ons verlossing uit die Egipte van sonde dood deur Christus (Op. 11:8) nooit deur sy kerk vergeet moet word nie. Daarom het Christus ook beveel: *“Gebruik dit tot my gedagtenis”* (1 Kor. 11:24). Dit beteken: gebruik dit sodat julle kan onthou.

Mag ons by elke nagmaal Jesus Christus se verlossingswerk onthou en dankbaar God daarvoor prys.

*Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*

**Saterdag 9 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:36-56**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:42**

## Tot die uiterste vir die Vader se eer!

In hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus hartseer en bang is oor dit wat gaan gebeur (vs 37). Die lydensbeker wat Hy moet drink, is swaar en moeilik, die omvang daarvan is eintlik onmoontlik om in woorde vas te vang. Let maar op hierdie gedagte van vers 38 dat Jesus "doodsbenoud" geraak het hieroor. Jesus was op aarde om die Vader te eer deur sy lewe te gee vir die mensdom wat in sonde verlore geraak het. Ons sien hier hoe Hy worstel en bid: "Vader, laat hierdie beker by my verbygaan, maar nogtans nie My wil nie, maar U wil." Daarom stel Hy Hom gewillig vir die werk wat Hy moet doen, omdat Hy weet dat dit die wil van die Vader is (vs 54) ongeag hoe groot en menslik ondraaglik die lyding onder God se straf oor die sonde van die mens is.

Dit is baie mooi om raak te sien en 'n voorbeeld om te volg: die Vader het Hom gestuur en Hy was gewillig, al was dit hoe swaar en moeilik. Hy oorwin aan die kruis en vervul sy roeping. In sy oorwinning slaag Hy in sy doel, vir ewig. Hy is ewig die Oorwinnaar en Koning oor alles, aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op aarde (Matt. 28:18).

As dissipels van Jesus hoef ons, deur die volmaaktheid van Jesus se offer in die genade en liefde van God, nooit vir ons sondes betaal nie, ons kan dit trouens nooit doen nie. Dit is in Jesus alleen wat ons verlos is en daarby saam ook vol van die Heilige Gees 'n nuwe lewe gegee is. Ons moet egter 'n lewe leef waar ons onder die roeping van God Jesus Christus, ons Here, elke dag aktief en vol vrug volg. Elke oomblik bely "Vader, nie my wil nie, maar u wil" en aktief in sy wil leef.

Dit is so dat die uitleef van hierdie roeping ons "bang" maak en dat dit moeilik is, maar dit is ook so dat Jesus ons Here en ewige Oorwinnaar ons hierin bekwaam maak, rig en in sy mag uitstuur.

*Sing: Psalm 49-1:1, 6*

*Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)*

**Sondag 10 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:32-52 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Markus 14:36**

## Getsemane vertel ook iets van hoe duur die prys was wat Jesus vir ons betaal het

By die ingang van Getsemane los Jesus die meeste van sy dissipels en neem net Petrus, Jakobus en Johannes saam. Jesus is doodsbenoud, want Hy weet wat kom! Hy beveel die drie om te waak, sodat Hy nog vir oulaas tyd saam met sy Vader kan spandeer. Dit word egter gou pynlik duidelik hoe alleen Jesus daar in Getsemane is. Nie een van sy dissipels kan eers in hierdie krisissituasie wakker bly om saam met Hom te waak nie! Ook nie Petrus wat sy bystand by herhaling beloof het nie! Ook dít moet Jesus alleen doen! En dan bid Jesus hierdie byna onbegryplike gebed van ons fokusgedeelte. ’n Gebed wat ons sien Hy by herhaling gebid het. Hoekom sê ons dit is byna onbegryplik? Want Hy het hoeveel keer in sy lewe aangekondig dat Hy gaan sterf. Trouens, dit is die doel waarom Hy mens geword het. Ons is gebore om te lewe! Hy is gebore om hier te sterwe! En noudat Hy op die punt is om te sterf, nou bid Hy dat dit nié moet gebeur nie! Hoe moet ons hierdie gebede van Jesus verstaan? Die sleutel om iets van hierdie byna onbegryplike gebed van Jesus te verstaan, is die eerste woordjie in ons fokusgedeelte “Abba”. “Abba” is ’n kinderwoord. Dit is hoe die klein kindertjies destyds hulle pa aangespreek het. Jesus was dus hier besig om sy hart kinderlik voor ons Vader uit te stort. Hieruit kan ons baie leer oor gebed, ook as ons krisissituasies beleef, nie waar nie? Maar ons kan ook dink wat deur ons Vader se hart moes gegaan het, toe Hy sy geliefde Seun so hoor pleit het. As ons dus iets wil besef van hoe onsettend duur ons gekoop is, en hoe verskriklik die prys was wat ons Here Jesus én ons Vader betaal het, dan moet ons nié net na Golgota kyk nie, maar ook na hierdie angswekkende oomblikke wat daar in Getsemane afgespeel het.

*Sing: Skrifberyming 5-2:3-5 (Melodie Ps. 18)*

*Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)*

**Maandag 11 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:39-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:42**

## Christus se gebed – die begin van sy lyding

Dit is besonders wanneer ons lees dat Christus se lyding voorafgegaan word deur gebed. Tog sien ons op Wie Christus vertrou in hierdie benarde tyd van sy lewe. Tweedens sien ons die inhoud van Christus se gebed wat aan ons openbaar hoe ons moet reageer op swaar tye in ons lewe.

Christus vertrou alleen op sy Vader om Hom te dra deur hierdie angs wat Hy beleef, en nog meer gaan beleef. Angs wat eers aan die kruis gaan eindig wanneer Christus sy Gees gaan oorgee in hande van die Vader. Dit is die Vader wat Christus gestuur het juis vir hierdie werk (Joh. 3:16), daarom sal die Vader ook vir Christus die krag gee om hierdie werk te kan deurvoer.

Die tweede aspek van Christus se gebed is die manier waarop Hy vir uitkoms vra. In afhanklikheid vra Hy dat die Vader hierdie lyding van Hom sal wegneem. Maar in gehoorsaamheid voeg Christus by: nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied. God neem egter nie hierdie lyding van Christus af weg nie, maar versterk eerder vir Christus om deur hierdie lyding te kan gaan.

Christus se gebed openbaar die manier waarop ons ook moet bid in tyd van smarte. Ons mag in afhanklikheid ons Vader vra vir uitkoms, maar ons mag nie sy wil probeer voorskryf nie. Christus het gekom om die wil van sy Vader te doen, sodat sy Vader geëer kan word en ons verlos kan word.

God neem nie altyd ons lyding weg nie, al vra ons daarvoor. Eerder versterk Christus ons met die Gees sodat ons in lyding nog steeds die wil van ons Vader kan uitvoer.

Bid in afhanklikheid, maar bid ook in gehoorsaamheid sodat jy God in alle omstandighede kan eer.

*Sing: Psalm 34-1:1, 2*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*

**Dinsdag 12 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:57-68**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:60**

## Jesus: Onskuldig en tog skuldig "bevind"!

Ons sien in hierdie gedeelte hoe die hoëpriester en skrifgeleerdes aanklagte en skuld teen Jesus probeer inbring. Dit lyk so in die taalgebruik of hulle nogal groot moeite hiermee gedoen het, maar gesukkel het, want die waarheid is dat daar geen skuld in Hom is nie.

So lees ons in vers 60 daar het baie vals getuienisse ingekom, baie mense wat dinge beweer het en met groot moeite stories opgemaak het, maar dit alles is as vals bewys. Hulle kon niks vind nie, want daar was niks nie. Jesus as mens was heilig, volmaak en onskuldig. Juis daarom was die offer van sy lewe aan die kruis volkome perfek en is dit so bevestig deur die Vader wat die voorhangsel laat skeur en die einde aankondig van die skeiding tussen God en sy mense.

Wie wel baie maklik skuldig bevind sou word, is ek en jy, vol sonde en gebrokenheid en van nature geneig om liefdeloos, selfvoldaan en verlore te lewe. Juis daarom moet Jesus daar staan, gespot, beledig, verneder en dan die ergste van alles aan die kruis onder die toorn van God, omdat ek en jy verdien het om daar te staan. Ons het daardie straf verdien, maar Jesus kom en gee Homself in ons plek sodat ons verlos en nuut kan wees. Ons sien Jesus onskuldig en tog as skuldige vervolg, omdat ons skuldig is maar in Hom onskuldiges gemaak word.

As dissipel van Jesus moet jy daarom baie bewus leef van jou afhanklikheid van die Here en van sy voorbeeld van offer. Om volgelinge te wees wat ook alles offer omdat ons dankbaar is dat Jesus onskuldig vir skuldiges alles geoffer het. Om volgelinge te wees wat nie die offer van Jesus ligtelik opvat deur sy roeping vir jou lewe "ligtelik" te hanteer nie.

*Sing: Psalm 54-1:1, 2*

*Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)*

**Woensdag 13 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:53-65 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Markus 14:62-63**

## Jesus maak openlik aan sy vyande bekend Wie en Wat Hy is

Vroeg die Vrydagoggend is Jesus voor die Joodse Raad. Hulle het klaar besluit Hy is skuldig, en Hy moet die doodstraf kry (Joh. 11:49-59). Daar is egter een lastigheid: die aanklag is nog nie duidelik nie! Eers word ’n aantal vals beskuldigings ingebring. Die probleem is egter dat die getuienisse nie ooreenstem nie, want nie een praat die volle waarheid nie. Dan kom daar ’n klag teen Jesus in, dat Hy sogenaamd gesê het dat Hy die tempel sou afbreek. Ook dié klag is nie die volle waarheid nie (vgl. Joh. 2:19), en weereens stem die getuienis nie ooreen nie, soos mens kan verwag.

Jesus is al die pad stil. Soos ’n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos ’n skaap wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie gekla nie (Jes. 53:7). Maar dan kom die hoëpriester Kajafas na vore en vra: “Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?” Nou kan Jesus nie langer stilbly nie. Ook sy vyande moet weet Wie en Wat Hy is! En daarom antwoord Hy: “Ek is, en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.”

Jesus is doodseker van sy oorwinning! Maar Hy rig tegelykertyd ook hiermee ’n ernstige waarskuwing tot sy vervolgers! Hulle sal Hom nog sien as Koning en Regter aan die regterhand van sy Vader, en hulle sal Hom ook sien as Hy weer op die wolke kom, om as Regter te oordeel!

In sy belydenis vind die Joodse Raad genoeg grond dat Hy die doodstraf moet kry. Die belydenis maak geen verskil aan hulle nie. Die meeste bly verhard. Jesus sê ook vir jóú ... Hy is die Oorwinnaar, die Koning aan die regterhand, die Een wat weer op die wolke kom! Hoe reageer jy daarop?

*Sing: Skrifberyming 5-1:1-3*

*Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)*

**Donderdag 14 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:63-71**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:69-70; Filippense 2:6-11**

## Christus se lyding baan die weg tot sy verheerliking

Ons almal weet wat die doel is waarom Christus aarde toe gekom het, dit was om vir ons sonde te kom sterf.

Ons fokus baie op die kruis en die fisiese gebeure rondom die kruisiging. Inherent het Christus se lyding reeds begin die dag toe Hy gebore is as mens op aarde. Dit was die begin van Christus se vernedering, soos wat ons gelees het in Filippense 2. Die geskiedenis van Christus se lyding bou op tot 'n mespunt – tot op 'n punt wat vir sy dissipels op daardie stadium gelyk het as die einde, dat daar geen meer hoop is nie.

Christus se verskillende verhore voor die Joodse raad (Sanhedrin) is die punt waar Christus se vernedering die laagste is: Hy wat God is, moet sy Godheid verdedig voor mense. Tog sien ons ‘n wending in vers 69: Vir die eerste keer openbaar Hy aan die Joodse raad Wie Hy werklik is.

Christus openbaar Homself op twee maniere in die teks: eers as die Seun van die mens en dan as die Seun van God. Die Seun van die mens verwys na die vernedering wat Christus moes verduur, en die Seun van God verwys daarna dat Hy weer verhoog gaan word tot die regterhand van God. Christus maak hier alreeds bekend dat sy vernedering en dood nie finaal gaan wees nie, maar dat Hy as oorwinnaar gaan opstaan uit die dood.

Ons deel in verheerliking van Christus deurdat ons as oorwinnaars saam met Hom gereken word (Rom. 8:37) en ons ook verheerlik gaan word met die dag van Christus se wederkoms.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*

**Vrydag 15 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 27:3-10**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:5**

## Waarheen gaan jy met jou sonde?

As die verkeersbeampte ons aftrek omdat ons te vinnig gery het, is ons gewoonlik baie spyt. Dis nie ware berou nie, dis net spyt dat ons uitgevang is. Spyt en opregte, ware berou is nie dieselfde ding nie.

Judas het spyt. Hy besef wat hy gedoen het, is nie reg nie. Hy voel skuldig. Die uitdaging is: skuldgevoel beteken nog niks. Dit beteken nie daar is ware berou oor sonde nie. Ongelowiges ervaar ook skuldgevoel. Die hartseer is sy optrede hierná.

Judas se skuldgevoel of spyt lei hom nie terug na Jesus toe nie. Inteendeel, dit lei hom na die dood toe. Dit lei hom nie na ware berou nie. Hy wil die bloedgeld nou net weg van hom af gooi. Dis wat die sonde doen. Dit laat ons skuldig voel. Die geld wat hy ontvang het, het so goed gelyk en so geblink in sy sak. Hy het al gesien hoe hy daardie geld spandeer. En nou? Nou is dit niks meer as geld wat met bloed bevlek is nie.

Die priesterhoofde se reaksie is ook skokkend. Hulle beskuldig Judas. Hulle is egter glad nie onskuldig nie. Hulle was die meesterbrein agter die hele komplot. Hulle is die harteloses wat nie eers skuldig voel nie. Hulle is net te dankbaar dat hulle van Jesus ontslae is.

Wat maak jy met jou skuldgevoel en jou sonde? Steek jy dit weg en hoop niemand vind daarvan uit nie? Bring jy dit na die Here toe en bely dit voor Hom as sonde en vra Hom om jou daarvan te verlos? Is jy dalk al so gewoond aan jou sonde dat jy nie eers meer skuldig voel daaroor nie, al wys mense jou daarop? Waarheen gaan jy met jou sonde? Wat maak jy met jou sonde?

*Sing: Psalm 19-1:1, 6, 7*

*Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)*

**Saterdag 16 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:31-35, 69-75**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:31-35, 69-75**

## Veg … vlug … vou

Hoe vinnig word die bravade van ’n mens nie afgebreek nie! Die een oomblik is almal nog vuur en vlam: Ek sal dit doen, ek kan dit doen, of soos Petrus: Ek sal U nooit verraai nie! Die volgende oomblik word die hele mat onder jou uitgeruk. Jou hele lewe word platgeslaan.

Wanneer hierdie tipe keuses voor mens gebring word, is daar gewoonlik drie maniere om te reageer: veg, vlug of vou. Petrus veg eers, hy kap Malchus se oor af. Wanneer hy nie meer kan veg nie, vlug hy. Hy gaan kruip weg, maar besluit om later om tog te gaan hoor wat met Jesus gebeur het. Wanneer hy gekonfronteer word, verloën hy sy Here. Al wat vir hom oorbly, is om te vou. Om bitterlik te begin huil en platgeslaan die wêreld in te gaan.

Die wonderlike van die evangelie is dat Jesus opgestaan het, en daarmee almal saam met Hom, in Hom, opgehef het. Petrus word aangestel as die leier, as die een wat kragtig preek met die uitstorting van die Heilige Gees. Die mens se eerste impuls, die veg-vlug-vou idee, word verander in iets wonderliks.

Ons kan veg vir die waarheid, veg vir die regte dinge, veg teen ons sondige natuur. Ons kan vlug, weg van dit wat verkeerd is, vlug in die oop arms van ons Verlosser en Saligmaker in. Dan, natuurlik, kan en moet ons ook vou, ons hele wese invou in die wonder van ons verlossing in. Ons hoef nooit meer op aardse maniere enige moeilike tye of beproewing in die gesig te staar nie, want die Heilige Gees wat kragtig in ons werk, wys ons ook hoe ’n gelowige kan veg, vlug of vou.

*Sing: Psalm 38-1:1, 13*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)*

**Sondag 17 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:26-31, 66-72; Johannes 21:15-17**
**Fokusgedeelte: Markus 14:72; Johannes 21:15-17**

## Vergifnis vir die verloënende sondaar

Hoe kan ek vergewe word? Sal ek ooit weer in ’n intieme verhouding met die Here kan leef? Ek het dan so swaar gesondig. Ek het verkeerd opgetree, ek het verkeerd gesê en gedoen. Ek het in woord en in daad die Here verloën. Hoe kan daar vir my vergifnis wees?

Elke gelowige vra êrens deur die loop van hulle lewe hierdie vraag. Ons kan ook dink dat Petrus hierdie vraag gevra het. Hy wat vir so lank saam met die Here Jesus geleef het. Hy wat Jesus se prediking gehoor het, hy wat die wonders gesien het wat Jesus gedoen het. Hy is die een wat die Here Jesus so verskriklik verloën het. Hoe kon dit gebeur het?

Petrus is onder die indruk van sy eie vermoëns en sy eie krag. Wanneer die Here Jesus in die aand voor sy kruisiging die dissipels waarsku dat hulle op vlug sal slaan (Mark. 14:27), antwoord Petrus amper selfvoldaan dat die ander dalk sal, maar hy sal beslis nie. Hy sal selfs vir Jesus sterf.

Selfs as Jesus hom waarsku dat sy versaking nog ’n graad erger sou wees, word hy nie tot selfondersoek gedwing nie. Hy verhef homself met ’n besliste versekering van trou.

Opmerklik dat al die dissipels saam met hom stem. Hierdie verstrooiing van dissipels moet wel plaasvind om te vervul wat in Sagaria 13:7 geprofeteer is.

Dan word Jesus gevange geneem, Sagaria 13:7 word waar. Die Herder word geslaan en die skape word verstrooi. Nie net word hulle verstrooi nie, maar daar word drie maal deur Petrus ontken dat hy die Here ken. Die laaste maal selfs met swetsende vloektaal. Wanneer die haan dan die laaste maal kraai, verander Petrus se selfverheffing in bittere rou.

Tog is hierdie nie die einde van die verhaal van Petrus nie. Die Here los hom (en ons) nie in die berou van sonde nie. Ná sy opstanding kom die Here Jesus weer tot Petrus en verseker Hom dat Hy hom steeds wil gebruik. Hy herstel Petrus in sy amp, net soos wat Hy elke gelowige

vandag steeds roep en gebruik.

Mag die Here deur sy Gees ons ook begenadig om in gehoorsaamheid te antwoord.

*Sing: Psalm 130-1:1-4*

*Ds. FH Lee (Hardus) (Derdepoort)*

**Maandag 18 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:31-46**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:31-33, 40, 46**

## Gebedstryd

Satan het sy bose plan in werking gestel. Dit sou nie net die Here Jesus raak nie, maar ook sy dissipels. Die Here sê vir Simon Petrus: *"Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif."*

Die Here sien vooruit dat Petrus in die aanslag gaan val (vs 32). Let net op Petrus se bravade: *"Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan"* (vs 33). Ons weet egter wat dieselfde nag nog gebeur het toe hy die Here verloën het.

Die Here staan nie verwytend oor wat Hy vooruitsien nie. Hy tree op deur te bid. Hy bid vir Petrus se behoud. Hy bid vir Petrus se bekering en voortgesette diens om sy medegelowiges te versterk. Die Here Jesus is ons Hoëpriester, wat vir ons intree by sy Vader. Vandag kan Hy dit in die hemel doen op grond van 'n volmaakte soenoffer.

Die Here vra dat ons ook saam met Hom moet bid. So het Hy sy dissipels, wat saam met Hom voor die aanslag van Satan gestaan het, gevra. Hy vra hulle egter nie om vir Hom te bid nie, maar vir hulleself: dat hulle nie in versoeking kom nie. Moet tog nie dink dit was 'n gebed vir eie behoeftes nie. Ook dié gebed was deel van die stryd tussen twee koninkryke. Bid jy daagliks só saam met Christus?

*Sing: Psalm 25-1:3*

*Dagstukkie Almanak 2011*

**Dinsdag 19 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 27:1-2; 11-31**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:11**

## Jesus is die ewige Koning!

Jesus het klaar voor die Joodse Raad verskyn en hulle het besluit dat Hy skuldig is aan godslastering en dat Hy die dood verdien (vgl. Matt. 27:57-67).

Maar Israel was deel van die Romeinse Ryk en die Joodse Raad het nie die mag gehad om iemand met die dood te straf nie. Daarom bring hulle vir Jesus na Pilatus toe, wat die Romeinse goewerneur was.

Voor Pilatus verander die Joodse Raad hulle aanklag na ’n politieke aanklag (vgl. Luk. 23:1, 2). Hulle weet dat Pilatus hom nie aan ’n aanklag van godslastering sal steur nie, en daarom kla hulle Jesus aan vir opstand teen die Romeinse regering.

In sy ondersoek vra Pilatus vir Jesus: “Is jy die Koning van die Jode?” En dan antwoord Jesus: “Dit is soos u sê.” Letterlik staan daar: “U, u sê.”

Jesus se antwoord is doelbewus dubbelsinnig en baie betekenisvol. Aan die een kant is Hy nie ’n koning wat besig is om ’n opstand teen die Romeine te beplan nie – dit kan duidelik gesien word in die feit dat Hy niks geantwoord het op al die beskuldigings teen Hom nie. Maar aan die ander kant is Hy wel ’n koning. Hy is die ewige Koning wat gekom het om die sonde, Satan en die dood te oorwin. Vir hierdie oorwinning lê Hy sy lewe af (vgl. Joh. 10:17, 18).

Tydens Jesus se verhoor word Barabbas vrygelaat. Hy is ’n krimineel wat die doodstraf verdien. Maar hy word vrygelaat en Jesus wat onskuldig is, word gekruisig.

Wat met Barabbas gebeur het, gebeur op ’n dieper vlak met elke gelowige. Jesus wat onskuldig is, word gekruisig sodat ons wat skuldig is, vrygespreek kan word. Barabbas se naam beteken *“seun van die vader”*. Die ware Seun van die Vader sterf vir ons sondes, sodat ons God se seuns en dogters kan wees.

Gelowiges is dus “Barabbasse” – seuns en dogters van God. Omdat

ons sy seuns en dogters is, gee Jesus aan ons die Heilige Gees om soos sy kinders te leef – ook vandag!

*Sing: Psalm 107-1:1, 10*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*

**Woensdag 20 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 15:6-20**
**Fokusgedeelte: Markus 15:18**

### "Die koning van die Jode" is waarlik ons Koning!

Die kerkleiers van die Jode haat Jesus. In Markus 14:61 vra die Joodse Raad*: "Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?*" *"Ek is",* antwoord Jesus. Godslastering! roep die Raad uit.

Baie vroeg op die Vrydagoggend van Paasfees vergader die Joodse Raad om amptelik die aanklag teen Jesus op te stel. Hulle lewer Jesus oor aan goewerneur Pilatus. *"Is jy die Koning van die Jode?"* vra Pilatus. *"Dit is soos U sê",* antwoord Jesus (Jes. 53:5-7 word vervul). Baie ander klagte. Hy swyg. Pilatus vind Jesus onskuldig, want hier voor Hom staan geen politieke rebel nie (Joh. 18-19).

Papbroek Pilatus laat die besluit oor aan die burgery: *"Wil julle hê dat ek die Koning van die Jode vir julle loslaat?"* Nee, Barabbas, die moordenaar! Die skuldige word vrygelaat. *"Wat moet ek met hom maak wat julle die Koning van die Jode noem?" "Kruisig Hom!"* skreeu die mense met haat.

Die soldate neem Jesus na hulle hoofkwartier. Die spot begin. 600 soldate spot Hom. Eers is Hy gegesel. Hier kom die spottery. Hulle trek vir hom 'n pers mantel aan sodat Hy kammakastig lyk soos 'n Oosterse koning met 'n purperkleed. Hulle gee 'n swakke riet as septer. Hulle bons 'n doringkroon op sy hoof en slaan sadisties daarop. Sarkasties buig hulle spoegende: *"Ons groet u, Koning van die Jode!*"

Ek en jy is met die sondige dinge in ons lewe medeverantwoordelik vir Jesus se onskuldige skuldverklaring! Hy wat onskuldig is, word

skuldig in ons plek. Hy neem ons straf op Hom sodat ons ware vrede kan ontvang. Jesus het geswyg sodat ons kan praat.

Roep in dankbaarheid uit tot God. Lewe soos iemand wat ontsettend dankbaar is dat jy nie jou skuld moet betaal nie. Lewe soos iemand wat klaar gespot is. Roep Jesus Christus aan as ware Koning, Oorwinnaar wat vir jou oorwinning gee!

*Sing: Psalm 67-2:1 (op die wysie van Ps. 33)*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*

**Donderdag 21 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:1-25**
**Fokusgedeelte: Lukas 23:22-25**

## Jesus, die Onskuldige, skuldig verklaar!

Pilatus sê vir hulle: *"Watter kwaad het die man gedoen?"* Pilatus was 'n wrede man. Hy het nie geskroom om Joodse opstande hardhandig te onderdruk nie. Dit sou vir hom niks gewees het om Jesus skuldig te bevind nie. Tog was hy ook 'n gesoute en ervare administrateur wat die Romeinse reg geken het. Hy sien egter in Jesus geen skuld nie. Hy sien wel die nydigheid van die Joodse leiers. Daarom sê hy beslis en by herhaling aan die Jode: Hierdie man is onskuldig!

Wat daarna gebeur, is hartseer: die skare wat aangegroei het voor die vesting Antonia begin skree, harder en harder. Kruisig Hom, kruisig Hom, kruisig Hom! Alle redelikheid en nugterheid het hulle verlaat en bloedlus en groepsmentaliteit het oorgeneem. Heel moontlik wou hulle die Romeine nie hulle sin gee nie. Pilatus sit met 'n dreigende opstand en kies die lafhartige uitweg: hy offer Jesus, wat hy so pas onskuldig bevind het, op aan die Jode en hulle neem Hom weg. Jesus, die Onskuldige, word skuldig verklaar!

Met sy hemelvaart het Christus, die Onskuldige wat skuldig verklaar is, die regterstoel ingeneem waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. Die gedagte maak ons bang, veral as ons aan

ons sonde en ons sondige geaardheid dink. Ons sal eendag voor die regterstoel van die heilige Seun van God moet gaan staan.

Tog moet ons nie vrees nie. Die Regter wat kom, is niemand anders nie as ons HERE Jesus wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het.

As jy weet wat reg is, moenie toegee aan die oortuiging van die meerderheid nie! Sê wat jy moet. Bid dat die HERE jou sal help om op te staan vir wat reg is.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*

**Vrydag 22 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 22:1-19; Matteus 27:32-44**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:33**

## Jesus is die Koning wat oorwin deur te sterf en uit die dood op te staan

Jesus se kruisdood is die vervulling van die Ou Testament. Psalm 22 beskryf presies wat met Jesus in Matteus 27 gebeur – sy kruisiging, sy klere wat verdeel word deur te loot, die bespotting en die Godverlatenheid.

Bokant sy kop hang die aanklag teen Hom: "Dit is Jesus, die koning van die Jode." Hierdie aanklag is baie ironies, want dit waarvoor Hy aangekla word, is die waarheid! Hy ís die Koning van die Jode, en ook die Koning van die hele heelal.

Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" Die sondige wêreld glo dat jy jouself moet laat geld. Hulle dink nie dat Jesus kan oorwin deur eers te sterf nie.

Ook vandag is daar mense wat so dink. Hulle wil mense beheer met mag. Hulle wil mense verander met mag. Hulle wil ander red deur eers hulleself te red.

Jesus kon van die kruis afgekom en die Romeine weggevee het. Maar dit sou ons niks gehelp het nie. Ons sou dan nog steeds in die mag van die sonde gewees het. Daar sou net nuwe politieke onderdrukking gekom het. Want politieke onderdrukking, siekte, pyn, hartseer en die dood is alles gevolge van die sonde.

Die oorsaak van al die probleme in hierdie wêreld is die sonde self. Jesus het gekom om die sonde met wortel en tak uit te roei. Om dit te doen, moes Hy verneder word en die straf op die sonde dra. Hy is die Koning wat oorwin het deur te sterf en uit die dood op te staan.

Omdat Jesus oorwin het, kan ons diensbaar wees. Ons het nie nodig om onsself te bewys of te laat geld nie. Met die evangelie red en verander God mense, nie met wêreldse mag nie. God het aan ons 'n nuwe lewe gegee – 'n lewe waarin ons die evangelie leef en verkondig. Dit is jou roeping vandag!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*

**Saterdag 23 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 15:21-32**
**Fokusgedeelte: Markus 15:26, 30, 32**

## "Die Koning van die Jode" is waarlik ons Koning!

Jesus is die Lam wat geslag gaan word om elkeen wat in Hom glo, te red. Vier soldate neem Jesus na Kopbeenplek, net buite die stadsmuur op 'n heuwel. Al die mense sien wat gebeur vanaf die hoofweg. Jesus is self so gemartel dat Hy te swak is om sy kruis te dra. Simon van Sirene word opgekommandeer om die kruis te dra. Jesus weier om die verdowingsdrankie te drink vir die pyn (Ps. 69:22 vervul). Hy kies om die "dood van die 1000 dode" te verduur en te sterf.

Presies om 09:00 word Jesus gekruisig. Die rede vir sy vonnis is: *"Die Koning van die Jode!"* Dit staan duidelik op 'n bordjie vasgespyker. Ja, die Koning van die konings en die Here van alle here volvoer sy taak as

Seun van God en seun van die mens.

Die rowwe soldate is min gepla. Net slawe en rowwe misdadigers word gekruisig. Dis normaal vir hulle. Hulle gooi dobbelsteentjies oor Jesus se klere! (Ps. 22:19 vervul). Onaangeraak! Die verbygangers speel saam met die spottery: *"Red jouself en kom van die kruis af!"* Die kerkleiers sê spottend vir mekaar: "*Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!"* Sarkasties, want hulle wou nie die evangelie glo nie en hulle sal ook nie.

Is ons nie dalk ook al so gewoond aan die evangelie dat dit ons minder aanspreek nie? Is jy onaangeraak in die erediens omdat die prediker nie preek soos wat jy dit wil hoor nie? Ek en jy kan onsself van niks red nie. Geen geld kan ons loskoop nie. Geen spot kan ons vrywaar nie. Jesus is die Christus wat gekom het, met spotgesanik vasgespyker is en net met sy Goddelike krag die menslike pyn kon verduur.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*

**Sondag 24 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:26-43**
**Fokusgedeelte: Lukas 23:26**

## Om Jesus se kruis te dra!

Christus se lydenspad was verskriklik. Hy het uitgeput, verwond en bebloed, al struikelende die pad gestap! En gedreineer van byna alle lewe en krag het Hy telkens onder die gewig daarvan geval. Toe Jesus, menslik gesproke, nie meer in staat was om sy eie kruis te dra nie, gryp die Romeinse soldate 'n niksvermoedende man uit die skare en sit die bloedbesmeerde kruis op hom. Op dié manier doen Simon van Sirene vir Jesus die wonderlike genade aan om sonder die las van die kruis voort te gaan.

Baie mense het baie dinge vir Christus gedoen op sy aardse lewe, maar

Simon se diens staan alleen. Marta kon Hom ’n ete gee. Die sondares kon haar salf op sy voete uitgiet. Iemand het sy huis aangebied vir die laaste avondmaal. Maar net Simon het sy kruis gedra. Simon se lewe is daardeur onherroeplik verander.

Ná Jesus se dood het Simon en sy vrou dissipels geword. En sy seuns, Alexander en Rufus, later leiers in die gemeente. Heelwat later sê Paulus dat Simon se vrou vir hom soos ’n eie ma is. Vir ’n kort rukkie het Simon hom bevind in die lig wat van die Seun van God afstraal. Dit het sy lewe vir die ewigheid verander.

Niemand kom voor die Seun van God verby en word nie verander nie. Niemand stap onaangeraak by Golgota verby nie. Mens laat jou óf aantrek deur God se liefde óf jy verhard jouself tot jou eie verderf.

*Op watter kruispad bevind jy jou vandag?* Waar jy jou ook al bevind: *“As iemand agter My aan wil kom, moet hy sy kruis opneem en My volg.”* Wees vandag ’n kruisdraer vir Hom, getuig van Hom, leef naby Hom!

*Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*

**Maandag 25 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 22:1-4; 22-25; Matteus 27:45-56**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:46**

## Nooit weer deur God verlaat nie!

Aan die kruis roep Jesus uit: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Hierdie vierde kruiswoord is die vervulling van Psalm 22:2 en die jaarlikse versoendag (Lev. 16:20-22). Op hierdie dag het die hoë-priester sy hande op ’n bok se kop gesit en die volk se sondes bely. Daarna is die bok, wat die sondebok genoem is, die woestyn ingejaag – weg van die Here en die volk af.

Die sondebok het vooruit gewys na Jesus Christus wat al ons sonde op Hom geneem het. Buite die stad is Hy in ons plek aan ’n kruis gespyker

en deur sy Vader verlaat. Die Godverlatenheid wat Jesus gely het, kan ook gesien word in die duisternis wat vir drie ure toegesak het. Die duisternis wys op God se oordeel en straf wat Hy alleen moes dra.

Hoe is so iets moontlik? Hoe kan Jesus wat self God is, deur sy Vader verlaat word? Ons kan dit nie verstaan nie, want dit is te groot vir ons verstand. Tog het dit gebeur, want enigiets is vir God moontlik. God het dit so beplan sodat gelowiges vrye toegang tot Hom kan hê en sy kinders kan wees.

Dat ons nou vrye toegang tot God het, sien ons in die voorhangsel van die tempel wat middeldeur geskeur het. Jesus het die skeiding tussen God en sy kinders afgebreek. Gelowiges kan nou vrylik na God toe gaan, omdat Jesus die prys vir ons sonde betaal het.

Miskien het jy ook al in jou lewe gevoel dat God jou verlaat het. Dat jy bid, maar dat die Here jou nie hoor nie. Dat jy hartseer en benoud is, maar dat die Here jou nie vertroos nie. Hou in sulke tye vas aan die Here se beloftes. "God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.' Daarom kan ons met vertroue sê: 'Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?'" (Heb. 13:5, 6).

In Psalm 50:15 gee die Here die wonderlike belofte: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal my eer."

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*

**Dinsdag 26 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 15:33-39**
**Fokusgedeelte: Markus 15:39**

## Jesus Christus, Seun van God, gee vir ons oorwinning deur sy ontsagwekkende kruisdood

Kyk net na die verrassende belydenis wat die offisier in beheer van Jesus se kruisiging is, sê: *"Hierdie man was werklik die Seun van God."*

Wat het die offisier hiervan oortuig? Die Heilige Gees moes in hom gewerk het. Hy het gehoor en gesien wat met Jesus gebeur en wat Hy sê. Van 12:00 tot 15:00 was daar duisternis. Jesus het onuitspreeklike lyding beleef en uitgeroep na God. Die volle oordeel van God op ons sondes het op Jesus neergekom. Hy is sonde vir ons gemaak (2 Kor. 5:21); Hy was die vloek vir ons (Gal. 3:13).

Gewoonlik sterf die gekruisigde van volslae uitputting oor 'n paar dae. Die mense wat so gekruisig het, het stadig maar seker gesterf. *"Dit is volbring*" (Joh. 19:30). Met 'n ontsagwekkende uitroep gee Hy sy Gees oor aan die Vader*: "Vader, in U hande gee ek my gees oor"* (Luk. 23:46). Jesus besluit om op daardie oomblik liggaamlik te sterf en Hy blaas sy laaste asem uit. Die offisier het besef dat Jesus beslis nie 'n gewone mens is nie. *"Hierdie man was waarlik die Seun van God".*

Ek en jy ontvang nou die vrug van die laaste asem wat Jesus vir ons uitgeblaas het. Ons asem die genade in wat Jesus as Seun van God kom skenk het. Hy neem die duisternis in ons lewens weg sodat ons elke dag in sy lig lewe. Hy het sy gees met sy kruisdood in die Vader se hand oorgegee sodat ons weet ons gees is in ons Vaderhand!

Staan vandag op en neem Jesus se hand wat Hy na jou uitsteek. Hy verander jou huil in die mees vervullende glimlag.

*Sing: Skrifberyming 8-3:1*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*

**Woensdag 27 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:44-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 23:44-49**

## In die veilige hande van my Vader!

Christus se uitroep aan die kruis: *"Vader, in u hande gee ek my gees oor",* sê vir ons dat Hy nie op passiewe wyse gesterf het uit kragteloosheid nie, maar dat sy sterwe in die volle sin van die woord 'n aktiewe daad van Homself was. Die dood het nie die laaste asem uit Hom

uitgepers nie, maar Hy het dit uit eie wil self uitgeblaas. Of om dit anders te stel: Hy is nie passief die dood ingeruk nie, maar het as ’n kragtige oorwinnaar die vesting van die dood ingestap om die dood in sy eie woning te oorweldig.

Ons sien in hierdie gebed die bevestiging van Christus se eie woorde toe Hy in die gelykenis van die goeie herder gesê het: "*Niemand neem my lewe van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem*" (Joh. 10:18). Omdat Jesus gedoen het wat Hy tot op daardie stadium moes doen, mag Hy sy gees nou in die hande van sy Vader toevertrou. Jesus het vir geen oomblik getwyfel nie, aangesien Hy geweet het dat daar geen beter hande is om sy gees in oor te gee nie. Hy het volle vertroue in sy Vader gehad.

Met sy lewe het Jesus ons gewys hoe om te lewe. Nou wys Hy ons hoe om te sterwe: *"In u hande ..."* Een ding in hierdie lewe is seker en dit is dat ons moet sterf. Wat anderkant die dood lê, bly onseker ... tog weet ons nou dat vir ons ’n deurgang na die lewe saam met God is. Is daar vir ons ’n groter troos as om te mag weet ek is in die veilige hande van my Vader?

*Sing: Skrifberyming 5-1:6, 7*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*

**Donderdag 28 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:1-10**
**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Matteus 28:8**

## Jy het die mega-vreugde: jy is verlos! Ons is verlos!

Mens kry die indruk dat ons ons vreugde met allerhande moeilike dinge demp. Dis ons eie skuld, want ons spits ons aandag nie toe op God se almag nie, maar op wat ek moet of wil doen. Ons probeer ook vreugde in die dinge van ons sondige natuur vind.

Nou wil ek jou vra om eerlik te antwoord: Kan vrye seks, pornografie, lelike sms’e, ateïsme, satanisme, spookjagtery, wraak, woordewisselings,

drankmisbruik, dwelms, medikasie-misbruik en sulke dinge jou enige vreugde bied? Nog net een keer …

Nee, vreugde kom van binne jou, want die Heilige Gees woon in jou. "Vreugde" is Deel 2 van die vrug van die Gees. "Chara" is die Griekse woord. *Chara* beteken: blydskap, opgewektheid, vreugde, blymoedigheid, vrolikheid. Ja, *chara* beteken dat jy in 'n staat of toestand van blydskap is, dit is 'n ekstatiese toestand van vreugde! Jou hart dans, al is jou omstandighede nie so mooi en maklik nie.

Toe Jesus uit die dood opgestaan het, het daar vroue na sy graf gaan kyk. Hulle sien toe dat die graf oop is en Jesus se liggaam is weg. Die boodskap word aan hulle gegee: Jesus het uit die dood uit opgestaan. Jesus staan skielik daar reg voor hulle en Hy stuur hulle om 'n boodskap te gaan gee. Hulle is ekstaties bly, *bang*, *maar bly*!

So het jy ook mega-ekstatiese vreugde: jy is verlos! Ja, jy is bang omdat jy 'n mens is, maar jy is ontsettend bly omdat jy die Heilige Gees binne-in jou het. Al is daar dalk nou dinge wat jou baie bang maak, in jou gees is daar spontane blydskap.

Mag die vreugde in jou sterker word en mag jy ander mense ook ekstaties bly maak met die boodskap: Ons is verlos! Jy is verlos!

*Sing: Psalm 32-1:4*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*

**Vrydag 29 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 16:1-18**
**Fokusgedeelte: Markus 16:1-8**

### Jesus, die Nasarener, Hy wat gekruisig is – Hy is opgewek

Ons lees hier dat drie vroue die Sondagmôre baie vroeg na Jesus se graf toe is om sy liggaam te balsem. Toe hulle daar aankom, sien hulle dat die klip voor die graf weggerol is en skrik vir 'n jong man in wit klere wat binne die graf sit. Hierdie engel is gestuur om die goeie nuus van Jesus se opstanding met die vroue te deel.

Hy begin deur vir die verskrikte vroue te sê: “Moenie verskrik wees nie.” Wanneer mense hierdie magtige wesens ontmoet, is dit telkens nodig dat die engele hulle kalmeer. Die boodskap wat die engel moet bring, is nie ’n skrik-boodskap nie, maar ’n blye-boodskap.

“Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is”, sê die engel. Hulle soek ’n dooie liggaam, die lyk van Jesus, die Nasarener wat gekruisig is. Maar hulle gaan Hom nie in die graf vind nie, want “Hy het opgestaan”. Meer letterlik staan daar dat *Hy opgewek is*. Jesus het die mag om die lewe wat Hy afgelê het, weer op te neem (Joh. 10:17-18), want dit is onmoontlik dat die dood Hom kan vashou (Hand. 2:24) – en Hy het dit ook gedoen! Maar hier word die werk van God die Vader (Hand. 4:10; 5:30) en God die Heilige Gees (Rom. 8:11; 1 Pet. 3:18) beklemtoon. Die opstanding of opwekking van Jesus is ’n werk van God Drie-Enig.

Die vroue word met die blye boodskap van Jesus se opwekking gestuur na die dissipels toe. Hulle het Jesus se dooie liggaam by die graf gaan soek, maar ontmoet later die lewende Jesus in Galilea.

Glo in Hom wat lewe in Homself het, sodat jy ook die ewige lewe kan hê (1 Joh. 5:10-13). Verwerp Hom en val dan in die hande van die lewende God (Heb. 10:31).

*Sing: Psalm 2-1:4,6*

*Ds. DJ Malan (Danie) (Uitschot)*

**Saterdag 30 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:1-12**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:11**

**Glo dat Jesus uit die dood opgestaan het!**

Ten spyte van die feit dat Jesus sy dissipels telkens daarop gewys het dat Hy uit die dood sou opstaan, was hulle steeds verbaas toe hulle die nuus kry dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Tomas het selfs gesê dat hy die opstanding alleen sal glo indien hy self sy hande in Jesus se wonde kan druk.

Nie die Jode, Grieke of Romeine het geglo dat God ’n individu uit die dood sal laat opstaan nie. Die geloof in die opstanding van Christus was vir die mense van daardie tyd moeilik om te aanvaar. Dit het teen hulle wêreldbeeld ingedruis, net soos vandag.

Daar moes dus iets indrukwekkend gebeur het om soveel mense se wêreldbeeld in so ’n kort tydjie te verander. Dit moes so indrukwekkend gewees het dat dit al hulle vooropgestelde idees kon vernietig, want ons lees dat duisende mense ná Christus se hemelvaart tot geloof gekom het (vgl. Hand. 21:20). So ’n wêreldbeeldverandering kon net plaasvind indien hierdie gelowiges Jesus ná sy opstanding gesien het.

Daar is ook ’n sterk rasionele bewys in hierdie gedeelte dat dit wat ons in die Bybel lees oor die opstanding van Jesus, waar is. Dit handel rondom die eerste getuies wat uitgestuur is om te gaan vertel van Jesus se opstanding.

Die heel eerste getuies was vroue. Maria Magdalena, Johanna en Maria word na die dissipels toe gestuur om vir hulle te gaan sê dat Jesus uit die dood opgestaan het. Teoloë en geskiedkundiges voel dit eens dat vroue nie in daardie tyd as betroubare getuies geag is nie. Indien die dissipels daarom ’n storie sou wou opmaak oor die opstanding van Jesus, sou hulle beslis nie hierdie vroue genoem het as die eerste getuies nie.

So waarom het die skrywers van die evangelie, in hulle weergawe van wat gebeur het, genoem dat hierdie vroue moes vertel van die opstanding? Omdat dit werklik gebeur het. JESUS HET OPGESTAAN!

*Sing: Psalm 66-1:1, 7*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*

**Sondag 31 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:15-18**

## Stop! Kyk dieper …

Dit is asof hierdie reisigers só besig is om te tob oor die dinge van die

verlede dat hulle nie in staat is om hulle nuwe reisgenoot te erken nie. Die opgestane Jesus, in sy verheerlikte liggaam, loop daar langs hulle. Selfs nadat Hy aan hulle die Woord so mooi en duidelik uitlê, besef hulle nog steeds nie wie Hy is nie.

Laat dit jou nie ook dink aan ons daaglikse gejaagde lewe nie? Ons konsentreer so hart om by die volgende dorp in ons lewe uit te kom. Daardie volgende mylpaal. Wanneer ons nie besig is om vir ons 'n toekoms aanmekaar te sit nie, hou ons onsself weer besig met kommer oor ons donker toekoms.

Maar … is die toekoms nie vir ons donker omdat ons na die toekoms kyk sonder die bril van die geloof nie? Is dit nie donker omdat ons nie besef dat Jesus Christus by ons is nie? Hy is langs ons op ons lewenspad. Hy lei ons na ons ewige bestemming.

Net soos die Emmausgangers redeneer ons ook onophoudelik oor alles sonder om Jesus Christus in dit alles te erken. Sonder om God se raadsplan in ons lewens te sien ontvou.

Daarom is dit belangrik dat ons vandag vir 'n oomblik moet stop. Ons moet rustig word! Ons moet Jesus Christus raaksien. Hy is hier met ons. Ons fokus moet op Hom wees. Ons moet sy stem herken wanneer Hy deur sy Woord met ons praat. Hy is nie net 'n vreemde reisiger wat by ons aansluit nie, Hy is ons Verlosser. Hy is die Een wat die verlede, hede en toekoms met mekaar verbind deur sy verlossingswerk.

Ons moet die Woord oopbreek sodat ons Jesus as Verlosser daarin kan sien. Ons moet sien hoe elke belofte van verlossing, geloof, verheerliking, vryspraak en kindskap in Christus tot vervulling gekom het. Ons moet sien hoe ons toekoms van hoop in Hom oopgaan.

Wees entoesiasties oor hierdie Woord wat vir jou en my gebreek is. Gaan en verkondig hierdie goeie nuus!

*Sing: Skrifberyming 3-3:1, 6*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*

## HANDELINGE

## Die handelinge van die Heilige Gees in die vestiging van Christus se kerk

Na alle aanduidings was dit Lukas wat die boek Handelinge in ongeveer 63 nC geskryf het. Hy rig die boek aan Theophilus. Dis dieselfde persoon aan wie hy sy weergawe van die Evangelie gerig het. Die beste samevatting van Handelinge kry ons in Handelinge 1:8. Die Heilige Gees sal die apostels krag gee om getuies van Jesus Christus te wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld.

Die boek Handelinge gaan ten diepste oor die handelinge van die Heilige Gees in die vestiging van die kerk in die nuwe bediening van die verbond, oor die hele wêreld. Daarom gaan dit ook oor die handelinge van die mense (die apostels), deur wie die Heilige Gees die kerk van die Nuwe Testament gevestig het.

In hierdie werk van die Heilige Gees sien ons duidelike konsentriese sirkels. Eers in Jerusalem en die omliggende Judea word die evangelie verkondig. Dan lees ons van die vervolging van Stefanus in Jerusalem en hoedat Filippus die evangelie aan die Samaritane bring en hoe hulle die Heilige Gees ontvang (Hand. 8). Verder lees ons in Handelinge 10 van Petrus wat die evangelie aan heidene bring en hoedat hulle ook die Heilige Gees ontvang.

Van daar kring die evangelie verder uit as ons lees hoedat die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas uitstuur om in al groter wordende kringe die evangelie te bring (Hand 14). Uiteindelik lees ons van Paulus se gevangenskap na sy derde sendingreis en hoedat hy die evangelie selfs tot in Rome gaan verkondig het. Trouens, Lukas laat ons met die gedagte dat Paulus uiteindelik die evangelie selfs aan die keiser gebring het.

In die boek Handelinge lees ons van die magtige triomftog van die evangelie deur die wêreld, ten spyte van swaar vervolging en teëstand. Ons lees hoedat die Here Jesus die getuies van sy kruis en opstanding gebruik om die kerk van die Nuwe Testament te vestig. Dit dien tot 'n oneindige troos vir elke gelowige en tot 'n heerlike openbaring van God se ewige werk deur sy Gees.

*– Ds. RA Bain (Ronald) (Potchefstroom)*

**Maandag 1 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-11**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:8 (1983-vertaling)**

## Wees getuie van Christus deur die krag van die Heilige Gees

Jesus is gekruisig. Hy het opgestaan uit die dood, en in die 40 dae ná sy opstanding het Hy gereeld aan sy apostels verskyn en gepraat oor die koninkryk van God. Die apostels verwag egter nog steeds ’n koninkryk vir Israel. Hulle begin onrustig raak … wat gaan volgende gebeur? Is dit nou die tyd vir Israel se herstel? Nee, die tyd is in God se hand en so ook die bou van sy koninkryk, wat nie meer beperk is tot Israel nie, maar wat oor die ganse aarde gevestig moet word.

Dit bly God wat bou, en daarom kry die apostels die opdrag in vers 4 om te wag op die gawe wat die Vader belowe het voordat hulle enigiets moet doen. Hulle kan nie op eie krag staatmaak nie! Nee, hulle moet wag op die krag wat God sal gee. Hulle moet wag tot die Heilige Gees oor hulle kom.

Ja, dié wat Hy uitgekies het (vs 2), sal deur die Heilige Gees krag ontvang om as getuies op te tree, in Jerusalem sowel as in Judea en in Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld. Ja, hulle moet instaan vir die waarheid, hulle moet getuig van die verlossing in Christus. Die evangelie moet verkondig word vanaf die kleinste, intiemste kring in al hoe groterwordende sirkels, tot in die uithoeke van die wêreld.

Die Here is steeds besig om sy koninkryk te bou en Hy kies jou om getuie te wees. Getuig, staan in vir die waarheid van Jesus Christus se kruisdood en opstanding, Hy wat lewend opgevaar het na die hemel en wat aan die regterhand van die Vader as Koning oor sy koninkryk regeer.

Wees getuie in jou gesin, by jou vriende, werkplek, gemeenskap en tot in die uithoeke van die wêreld. Jy kan dit doen, met die krag van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 96-1:1, 2*

*Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)*

**Dinsdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:12-16**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:14 (1983-vertaling)**

## Voer jou opdrag biddend uit

Die apostels is gehoorsaam aan Jesus se opdrag en keer terug na Jerusalem om daar te wag. Maar wat doen hulle terwyl hulle afwagtend is? Hulle het almal eendragtig volhard in die gebed. Dit was die eerste gemeente, die begin van die kerk van die Here, wat ons daar in die bovertrek biddend aantref. Ja, die eerste gemeente was ’n biddende gemeente.

Waarvoor het hulle gebid? Ons kan aflei dat hulle teruggegryp het na die woorde van Jesus in Handelinge 1:8: “Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria tot aan die eindes van die aarde.” Hulle moet getuies wees, dit is hulle opdrag, maar hulle moet ook wag. Afwagtend bid die kerk daar in die bovertrek om die koms van die Heilige Gees, want die Gees is die gawe aan die kerk om haar opdrag uit te voer.

Hulle kon eendragtig bid, want hulle was gefokus op een ding en een ding alleen, die woorde van Jesus. Gehoorsaamheid aan God se Woord bring eensgesindheid. Hulle het ook volhard, aangehou, volgehou en uitgehou om te bid. Tien dae lank, totdat die belofte van God rakende die uitstorting van die Gees in vervulling gegaan het.

Ons taak as kerk is steeds om die evangelie uit te dra, om getuies van Jesus Christus se verlossing te wees. Hoe sukkel ons as kerke nie dikwels met hierdie opdrag nie? Is dit nie omdat ons op eie krag staatmaak nie? Is ons nog biddende gemeentes?

Kom ons volhard eendragtig en bid om vervulling met die Heilige Gees. Dit is nie ’n gebed vir die heruitstort van die Gees nie. Dit is ’n gebed om toerusting en vol wees van die Gees wat reeds ontvang is, om diensbaar te wees in gehoorsaamheid aan ons opdrag.

*Sing: Psalm 119-1:53*

*Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)*

**Woensdag 3 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:4**

## Die Heilige Gees laat ons die Woord sinvol verkondig

Daar is al baie gesê oor hoe ons mense moet en kan bereik met die Woord van die Here. En dikwels is al wat daardeur bereik word dat ons mense oortuig dat dit daarom moeilik en ingewikkeld moet wees.

Hier lees ons egter van eenvoudige mense, wat bekend was as eenvoudige mense, en tog praat hulle so dat ander hulle verstaan – en sommige glo.

Dit is wel so dat die apostels by Jesus geleer het, maar ons lees nie van hulle dat dit hulle diep filosofiese argumente en vindingryke metodes was wat die mense bereik het nie. Dit was dat die mense hulle gehoor het en verstaan het wat hulle gesê het.

Dit word egter op ’n besondere manier duidelik gemaak dat die mense nie hoor en verstaan vanweë die vindingrykheid van die dissipels nie. Ons lees dat die Heilige Gees hulle laat praat het in die tale van die mense wat daar was sodat hulle die dissipels in hulle eie tale gehoor het.

Tussen die vermoë van die dissipels en die verstaan van die mense was daar die wonderwerk van die Heilige Gees wat hulle laat hoor het.

Ons het die wonderlike opdrag van ons Here Jesus om ander te vertel van Hom en ons redding in Hom. Hoe wonderlik is dit dan nie dat om die Woord van die Here te verkondig, nie beteken dat ons besondere en moeilike kennis nodig het nie. Ons kan maar net vertel van Hom wat ons ken, ons Here Jesus Christus, in die rustige wete dat die Heilige Gees ons verstaanbaar sal maak by dié wat Hy laat glo.

*Sing Psalm 66-1:7*

*Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)*

**Donderdag 4 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:14-36**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:21, 22a**

## Die Heilige Gees laat ons Jesus Christus verkondig

Die skerppunt van ware Woordverkondiging is Jesus Christus. Elke keer wanneer ons die Woord van die Here verkondig, wanneer ons dit hoor, moet ons deur die Woord van die Here wys na en self Jesus Christus sien.

Die hele Bybel wys na Hom en maak eers regtig sin wanneer ons dit lees met die besef dat dit oor Hom gaan. En ware lewe kan alleen deur Hom wees. Daarom wys Petrus op die bediening en wonders van Jesus (vs 22), sy dood (vs 23) en sy opstanding (vs 24).

Maar veral wys Petrus op die lewe wat ons in Hom het. Hy doen dit egter op ’n besondere manier. Hy haal Joël aan om te wys dat hierdie dinge waaroor hulle gespot word, die werking van die Heilige Gees is en juis wys dat die tyd waarvoor hulle gewag het, die tyd dat die Verlosser sal kom, aangebreek het. En die woorde wat die mense hoor, in hulle eie tale, is die profetiese woorde, die Woorde van God af, deur die Gees gewerk en gelei om hulle te wys op die Verlosser, Jesus Christus.

Deur die Heilige Gees bring die Here die Woord ook vir ons sodat ons die ware Verlosser mag sien en ken.

En almal wat in Hom glo, sal gered word.

*Sing Skrifberyming 1-2:1, 2*

*Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)*

**Vrydag 5 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-47**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:47**

## Die Heilige Gees laat ons glo en lewe in die geloof

By die skare wat luister na wat Petrus en die ander sê, sien ons ’n diep begeerte om meer te leer en die regte antwoorde te kry. Dit is mense wat in die verkondiging van die evangelie die waarheid herken en nie net meer daaroor te wete wil kom nie, maar ook begin glo het.

Ons sien hulle geloof ook in die feit dat hulle volhard in die geloof (vs 42, 46), dat hulle met mekaar deel (vs 45) en God prys vs (47).

En so, ongetwyfeld, moet ons as gelowiges ook besluit nie net om te glo nie, maar om aan te hou glo. Om te volhard in die geloof en die keuses waarvoor dit ons bring.

Maar ons staan nie daarin alleen nie. In vers 47 hoor ons dat dit die Here is wat daagliks dié wat gered is, by die gemeente gevoeg het.

Daarom, alhoewel ons moet glo dat ons Jesus Christus ons enigste Verlosser is en kan wees en daarom moet volhard in ons geloof en vanuit hierdie geloof moet leef, het ons ook die besondere troos dat die Heilige Gees ons hierin voorgaan en meegaan.

Dit is Hy wat in ons werk om die evangelie vir ons oop te maak en ons daaraan te laat vasgryp. Dit is Hy wat ons geloof versterk en ons vashou wanneer ons swak is sodat ons nie heeltemal wegdwaal nie.

*Sing Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)*

**Saterdag 6 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 3:1-10**
**Fokusgedeelte: Handelinge 3:6**

## Die enigste genesing vir 'n verlamde wêreld!

Ons mense het dikwels nie die insig in ons diepste nood nie. Ons besef gewoon nie wat die oplossing (néé, verlossing) vir ons sukkelende, gebroke bestaan op aarde is nie. Soos hierdie man wat al sy hele lewe lank verlam is, en hier op 'n baie strategiese plek deur sy mense neergesit is om te bedel. Hy sit immers by die Mooipoort, 'n toegang na die tempel, in die hoop dat die tempelgangers (gelowiges) iets ('n geldjie) vir hom sal gee.

Opvallend dat Petrus en Johannes nie oogkontak met die verlamde vermy soos wat ons dikwels met bedelaars maak nie. Inteendeel, hulle kyk hom in die oë en versoek dat hy ook stip na hulle kyk. Dit is al die eerste tree na 'n verlamde (en verlore) mensdom … Die tweede tree is om te gee wat werklik nodig is … en wat waarlik blywende (en ewige) genesing bied: *"Geld het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop."*

Nee, dit is nie dat geld (en materiële versorging) nie belangrik is nie, maar dis tydelike uitkoms, en ook nie die eerste (en enigste) roeping van die kerk van Jesus Christus nie. Die feit is, ons wêreld ly aan die sonde en aan die effek (gevolge) van sonde (en dit kan baie ander gestaltes aanneem as dié van die verlamde man). En … die enigste genesing hiervoor is Jesus Christus wat, deur sy sterwe en opstanding, bevryding uit die mag en die gevolge van die sonde bewerk het.

Dit is die boodskap wat Jesus Christus aan sy kerk toevertrou het (Hand. 1:8). Dit (Hy) is ook die boodskap wat Petrus preek direk nadat die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2:14-36).

Mag ek en jy die wêreld in die oë kyk, en die beste nuus ooit – ewige genesing – verkondig en leef!

*Sing: Skrifberyming 11-1:1, 5*

*Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)*

**Sondag 7 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 3:11-26**
**Fokusgedeelte: Handelinge 3:15-16**

## Jesus Christus – die Leidsman na die lewe, deur dood heen!

Wie in die Naam van Jesus Christus optree, het altyd iets om te sê vir ’n ongelowige wêreld! Wie gehoorsaam aan Hom, op sy gesag en in sy krag praat en optree, bied die Leidsman na die lewe aan! Die vraag is: Wat bied ons aan – ons wat die genade en teenwoordigheid van die Here Jesus en sy Gees ontvang het, wat selfs dankbaar-bly vanuit sy redding leef?

Petrus gryp die geleentheid aan om vir die ongelowige skare van Jesus Christus te vertel – nadat nuus van die genesing van die verlamde man soos ’n veldbrand versprei het!

Nee, hulle getuig nie van hulle buitengewone krag of eie vroom godsdienstigheid nie. Dit is die werk van die genadige God van die verbond, wat dit deur Jesus gedoen het! *Ja, Jode, dié Jesus van Wie julle so min gedink het dat julle Hom as Messias verwerp en laat doodmaak het …* God het Hom uit die dood opgewek en só het Hy die Leidsman na die lewe geword. Hy het die greep wat die sonde (en die gevolge van die sonde) op ons en ons wêreld het, verbreek … en die pad geword na die nuwe lewe met God!

Natuurlik is die (nuwe) lewe wat ons Leidsman gebring het, nie afgehandel met die genesing van die verlamde man nie. Deur die geloof in sy Naam gaan die genesing van ons verlamde wêreld voort – al is Jesus in die hemel! Daarom moet die bekeringsroep steeds weerklink vanuit die mond van die kerk.

Selfs twee verskillende woorde (in Grieks) word hiervoor gebruik om die omvattendheid van die bekering te beskryf: ’n innerlike verandering (oor Wie Jesus werklik is) wat sigbaar word in verandering van lewenswandel.

Die gevolge hiervan is heerlik: God sal die sonde van ongeloof uitwis sodat daar nie straf aan die einde verwag word nie, maar ’n verkwikking – ’n troosvolle sekerheid dat Jesus in die hemel bly totdat God alles

nuutgemaak het. Is dit die boodskap wat ’n ongelowige wêreld uit jou mond hoor?

*Sing: Skrifberyming 7-2:1*

*Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)*

**Maandag 8 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-12**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:8, 11, 12**

### Vol van die Heilige Gees – standvastig in Christus se verlossing

Ons kom al hoe meer agter dat dit moeiliker raak om daarbuite oor Jesus Christus te praat. Ons kry dikwels een van twee reaksies. Iemand sal vir ons sê: *“Kom ons fokus eerder meer op die Heilige Gees.”* Of: *“Los my uit, ek wil niks hiermee te doen hê nie.”* Ons kom agter dat dit meestal by mense ’n oordrewe spiritualiteit of ’n verguising uitlok wanneer ons oor die evangelie praat.

Toe die apostels as instrumente in die Here se hand die kerk moes vestig, was die reaksie van buite vyandig. Dit was vir die wêreld daarbuite ongewild. Petrus en Johannes verrig ’n wonder by die tempel (Hand. 3:6-10). Hulle verkondig daarmee saam die evangelie. En wat sien ons in dié gedeelte? Die reaksie van die priesters, hoofman oor die tempel en die Sadduseërs – hulle is onthuts, baie ontevrede (vs 2). Baie ontevrede dat Jesus Christus en die krag van sy opstanding verkondig word.

Petrus en Johannes word vir ’n aand opgesluit en die volgende oggend voor ’n groot Raad gebring vir dit wat hulle gedoen het. En Petrus is vervul met die Heilige Gees in hierdie omstandighede. Hoe weet ons dit? Hy maak aan almal daar en dan bekend Wie Jesus Christus is. Jesus is die Hoeksteen, die belangrikste! Buiten Hom is daar geen saligheid of redding nie.

Petrus is vol van die Heilige Gees en daarom verkondig Hy Christus. Ons kan dit ook andersom sê: Hy verkondig die evangelie. Jesus Christus

is sy enigste Verlosser. Petrus staan hierin vas, want hy is vol van die Heilige Gees!

Daar is net Een wat ons red. En Hy het sy Gees aan ons belowe en Hom vir ons geskenk. Wanneer Jesus Christus en sy saligheid ons fondament is, kan ons verseker wees dat die Heilige Gees in ons woon. Ons is dan selfs ook in die moeilikste en ongewildste tye soos Petrus – vol, vervul met die Heilige Gees!

*Sing: Psalm 143-1:7, 8*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)*

**Dinsdag 9 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:13-22**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:13, 19, 20**

## Die Heilige Gees maak ons openhartig en gehoorsaam

Ons kan in sekere omstandighede iemand maklik herken of uitken. Kyk byvoorbeeld na iemand se kleredrag op pad na ’n sportwedstryd of politieke optog, en ons kan sien watter span of party die persoon ondersteun.

Die apostels is ook tydens die vestiging van ons Here Jesus Christus se kerk uitgeken of herken. Hulle het die evangelie van Jesus Christus en die saligheid wat Hy skenk, verkondig. Hulle het as instrumente in die Here se hand die fondamente gelê. Wanneer hulle wonders verrig het, is die evangelie hand aan hand daarmee saam bedien.

Selfs in ongunstige omstandighede het hulle die evangelie bly verkondig. Hier is Petrus en Johannes voor die Raad gebring. Saam met hulle staan die man wat hulle genees het (vs 14). Dié man was al oor die 40 jaar oud, ’n groot wonder van redding wat die evangelie bring. Hier is dit voor die Raad ’n lewende getuienis.

Die Raad het die apostels dadelik herken deur die evangelie wat hulle sonder vrees verkondig. Hulle is uitgeken as volgelinge, metgeselle van Jesus. Ons lees in vers 13 dat hulle veral uitgeken en herken is omdat

hulle vrymoedig was. Hulle was openhartig, openlik, vol moed. Ons het gesien dat die apostels gedreig word (vs 17, 21), maar hulle bly vrymoedig! Hoe is dit moontlik? Hoe is dit selfs in my eie lewe moontlik? Ons word immers ook gedreig deur ’n klomp dinge. Hoe bly ek vrymoedig?

Die Heilige Gees bring die vrymoedigheid! Hy doen die werk in ons. En saam met die vrymoedigheid is daar nog ’n kenmerk waardeur ons as gelowiges herken, uitgeken word: *gehoorsaamheid*. In vers 19 kom ons agter dat die apostels ná al die dreigemente bely: “Ons sal gehoorsaam bly aan God.” Die bloed van ons Here Jesus Christus en die wonder van sy redding is vir ons die belangrikste, dit het die hoogste waarde!

Daarom is dit vir ons onmoontlik om nie oor die Here te praat nie. Hy het vir ons die gehoorsaamheid en die vrymoedigheid reeds gegee. Die Heilige Gees werk in ons. Hy laat ons uitgeken word waar ons ook al beweeg, sodat God verheerlik word.

*Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)*

**Woensdag 10 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:29-31**

## Gebed en die werking van die Heilige Gees

Wanneer ons Handelinge lees, val ons baie keer in die versoeking: *“Ag, het ons maar in daardie tyd geleef. Was ek maar ’n gelowige in daardie tyd om dit alles te kon beleef.”* Net in hoofstuk 4 het ons al gelees: Die Heilige Gees vervul die Here se dissipels (vs 8). Daar is standvastigheid en sekerheid, ’n vreesloosheid by dié wat die evangelie verkondig (vs 12). Die Woord word met groot vrymoedigheid verkondig (vs 13). Daar is gehoorsaamheid in die harte van die gelowiges (vs 19). Al is daar dreigemente, het die werk voortgegaan, die Here is verheerlik by die vestiging van sy kerk (vs 21).

Nadat die apostels voor die Raad was, is hulle laat gaan. Die apostels bly die wonders van die Here verkondig (vs 23). Al kom baie in opstand teen die evangelie, word dit vreesloos uitgedra. Ja, ons is dalk in die versoeking om in daardie tyd te wou leef.

Maar dan kyk ons iets belangriks mis. Die volgelinge van Jesus in daardie tyd doen dieselfde as wat ons vandag doen. *Hulle bid* (vs 29-31). Hulle lê die dreigemente en vrese voor die Here en vra vir die vrymoedigheid wat die Heilige Gees gee, want hulle is afhanklik van die Here. Hulle bid dat die Here sy hand sal uitstrek, dat die Here sal skenk. Sonder die Here is ons niks en kan ons niks doen nie. Hulle bid: "Gee dat u dienaars met alle vrymoedigheid u woord sal spreek, verkondig." 'n Gebed wat nie gebonde is aan daardie tyd nie. 'n Gebed vir die hele kerk van die Here tot vandag toe, en in die tye wat nog kom.

Jesus se verlossingswerk is vir al sy kinders, reg deur die eeue. In vers 31 sien ons dat hierdie gebed verhoor is. Die dissipels kry almal weer nuwe krag, volle vrymoedigheid om die Woord uit te dra. Die vertrek waar hulle was, het geskud. 'n Teken dat die Here verhoor het en dat Hy teenwoordig is. Ons leef nou, in hierdie eeu. Ons is ook vol van die Heilige Gees, want ons gebed word verhoor en ons kry nuwe krag. Ons het vrymoedigheid om vir die Here te leef en sy Woord uit te dra, nou, elke dag!

*Sing: Skrifberyming 14-3 (53):3, 4*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)*

**Donderdag 11 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 5:1-16**
**Fokusgedeelte: Handelinge 5:14**

## Buitengewone kerklike tug en seën op aanslag van binne die gemeente

Waar God se werk geseënd groei, is Satan bedrywig. Dit sien ons uit die optrede en antwoorde van Ananias en Saffira in die eerste gemeente.

Hulle lieg gesamentlik en afsonderlik vir die Heilige Gees. Wat die sonde ernstiger maak, is dat hulle die indruk wek dat hulle onder leiding van die Heilige Gees hierdie daad in liefde doen, terwyl hulle in werklikheid die Gees deur hulle sonde bedrieg om daardeur vir hulleself eer te verkry. So dring Satan in die eerste gemeente in en word die werk van die Gees gediskrediteer. Beide sterf in sonde en word begrawe.

Die straf van die Here vir die huigelary van Ananias en Saffira veroorsaak skokgolwe binne sowel as buite die gemeente. Die gemeente besef dat die besit van die Gees ’n baie groot voorreg maar net so ’n groot verantwoordelikheid is. Hulle hou steeds gereelde byeenkomste in die ruim Pilaargang van Salomo in die tempelkompleks. Die apostels doen weer wonders en tekens, en sit sodoende die werk van Christus voort. Die eendrag bly voortbestaan – as vrug van die Gees. Die skeiding tussen die gemeente en omringende Joodse wêreld word algaande duideliker.

“Moenie streng optree nie, dan verstrooi jy mense! Moet tog niemand seermaak nie!” is ’n redenasie wat vandag dikwels gehoor word. Uit hierdie gedeelte leer ons egter dat die tug ’n liefdesmiddel is om mense tot berou en bekering te bring.

Die tug van die Here het ’n seënryke uitwerking.

*Sing: Psalm 86-1:6*

*Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)*

**Vrydag 12 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 5:17-32**
**Fokusgedeelte: Handelinge 5:29**

## Begenadigde, getuig vreesloos!

Die vooruitgang van die nuwe Christelike geloof maak die hoëpriester en sy ondersteuners so afgunstig dat hulle die apostels in die openbaar gevange neem.

Wonderbaarlik word hulle deur ’n engel van die Here uit die tronk gelei, nie om iewers te gaan wegkruip nie, maar om die boodskap van

die nuwe lewe in die openbaar in die tempel aan die Joodse volk te bring.

Intussen, krisisbestuur: die hoëpriester, as voorsitter, en sy ondersteuners kommandeer die Sanhedrin, die hele Raad van Familiehoofde van Israel op, en laat haal die apostels. Die krisis vererger. Die apostels het spoorloos verdwyn uit 'n geslote gevangenis. Nog erger, hulle onderrig die volk in die tempel. Mens wil amper tong in die kies vra: Hoe weg was hulle nou eintlik?

Uiteindelik moet die apostels aan die hoëpriester verduidelik waarom hulle nie die verbod om in die Naam van Christus onderrig te gee, gehoorsaam het nie. Petrus antwoord namens die apostels met 'n ewige waarheid: "Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense." Petrus is in die tempel onderbreek, nou gebruik hy – deur die inwerking van die Heilige Gees – die geleentheid om aan die Raad die hart van die evangelie te bring: God het Hom opgewek wat hulle aan 'n kruishout doodgemaak het, Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser.

Is u gereed en toegerus om, ongeag wat die omstandighede ook al mag wees, vreesloos getuienis te lewer van Hom wat u so uitnemend liefgehad het?

*Sing: Psalm 131-1:1-3*

*Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)*

**Saterdag 13 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 5:33-42**
**Fokusgedeelte: Handelinge 5:33-42**

**Verbly u in lyde ter wille van Christus, want die hoop beskaam nie!**

Gister het ons gesien hoe Petrus, onder leiding van die Heilige Gees, ondanks die verbod van die Raad, vreesloos getuig het van Jesus Christus.

Dit het die Joodse Raad só woedend gemaak dat hulle letterlik wou

moord pleeg. Gamaliël tree na vore en versoek dat die beskuldigdes die hofsaal sal verlaat. Hy word, alhoewel hy nie hulle leer ondersteun nie, ’n onverwagse bondgenoot van die apostels. Hy was ’n gerespekteerde leermeester en lid van die Joodse Raad en oortuig die Raad dat as Jesus nie van God sou kom nie, die lering van die apostels tot niks sou lei nie. Indien Hy wel van God afkomstig is, kan geen mens sy saak keer nie. Daardeur het Gamaliël nie alleen die lewens van die apostels gered nie, maar ook verdeeldheid in die Raad verhinder.

Daarna het die Sanhedrin die apostels ontbied, hulle laat gésel, hulle beveel om nie in die Naam van Jesus te praat nie, en hulle vrygelaat. Die apostels reageer wonderlik hierop. Hulle was baie bly dat God hulle waardig geag het om vir Jesus te ly en ook het hulle nie opgehou om elke dag te verkondig dat Jesus die Christus, die beloofde Messias is.

Het u al ooit daaraan gedink dat lyde en vervolging ter wille van Christus iets is om oor bly te wees?

In Parys, Frankryk, is ’n monument bestaande uit ’n aambeeld met ’n aantal gebreekte hamers. Die onderskrif lui: “Hamer maar voort, vyandige bendes. Julle hamers sal breek, maar God se aambeeld sal standhou.”

*Sing: Psalm 121-1:3, 4*

*Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)*

**Sondag 14 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 6:1-7**
**Fokusgedeelte: Handelinge 6:3**

## ’n Liefdeseenheid ondanks verskeidenheid

Deur die genade van die Here het die gemeente in Jerusalem in getal en kulturele verskeidenheid gegroei.

Hierdie groei het egter spoedig ook probleme opgelewer. Die eenheid van die gemeente het in gedrang gekom. Die *verskeidenheid* het gedreig om ’n liefdelose *geskeidenheid* te word. Die gevaar dat die apostels

hulle bedieningsfokus as gevolg hiervan sou verloor, was ook daar.

Duidelik word die sleepsel van die ou slang ook binne die gemeente sigbaar wanneer ’n onderlinge gebrom hoorbaar word. Die stryd om God se koninkryk is nie net ’n aanslag van buite nie, maar ook ’n aanslag van binne.

God gee die oplossing deur ander gawes in die gemeente te identifiseer. Die gemeente kies manne uit hulle midde wat vol van die Heilige Gees is. Hulle moes met liefdesdiens die eenheid van die gemeente dien deur binne die verskeidenheid die eenheid te bewaar. Hier vind ons die instelling van die diakendiens in die kerk van die Nuwe Testament. Die aanslag word afgeweer en die gemeente het steeds in getal gegroei.

Binne die gemeente van Jesus Christus mag niemand oor die hoof gesien word nie. Dit bring die eenheid van die gemeente in gedrang en mag daartoe lei dat die bedienaars van die Woord hulle eintlike taak verwaarloos. Die nood van ons tyd vra geesvervulde diakens wat ’n liefdeseenheid in die gemeente kan bewerk en dit, ten spyte van Satan se aanvalle, in stand kan hou.

*Sing: Psalm 122-1:2*

*Prof. IW Ferreira (Naas) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Maandag 15 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 6:8 – 7:53**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:51**

## Nog ’n laaste geleentheid

Dit is reeds die derde keer dat ’n kragtige getuienis deur wonders en tekens aanleiding daartoe gee dat die evangelieboodskap in die raadsaal van die Joodse volk aan hulle leiers verkondig word.

Dit sou egter ook die heel laaste keer wees. Niemand was opgewasse teen die wysheid wat Stefanus van die Heilige Gees ontvang het nie. Met valse aanklagte het hulle hom voor die Joodse Raad gebring. In ’n uitvoerige preek het hy met ’n oorsig oor die hele geskiedenis van die

Ou Testament die waarheid skerp en duidelik verkondig.

Hierdie Joodse leiers het op presies dieselfde wyse as hulle voorvaders gesondig, naamlik deur God se Woord nie te aanvaar nie. Hulle voorvaders het die profete van die ou bedeling doodgemaak. Só het hulle ook net 'n paar weke tevore die Regverdige verraai en vermoor. Hulle het Hom nie gekroon as hulle Koning nie, maar Hom gekruisig as 'n verworpene.

Die geskiedenis van die volk Israel is die bewys dat die mens nie regtig uit sy foute leer nie. Hoe kragtig het die profete, Johannes die Doper, Jesus Christus self, en nou ook Petrus, Johannes en Stefanus nie die waarheid aan hierdie Joodse volk en hulle leiers verkondig nie. En steeds is hulle siende blind en horende doof. Hulle staan veroordeel in hulle moedswilligheid.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is. Hy is genadig, maar diegene wat nie wil hoor nie, word uiteindelik verbygegaan.

*Sing: Psalm 81-1:9, 12*

*Prof. IW Ferreira (Naas) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Dinsdag 16 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 7:51-60**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:55**

## Sien Jesus Christus aan die regterhand van God

Hoe kry 'n mens dit reg om in 'n vyandige wêreld aan jou roeping getrou te bly en om heldhaftig teen die bedreigings op die geloofspad te stry? So dikwels gebeur dit dat 'n mens nie opgewasse voel vir jou taak of stryd nie en sommer wil boedel oorgee. Die oormag is net te groot, die bedreiging net te intimiderend.

Stefanus het 'n wrede dood in die oë gestaar, maar selfs dit het hom nie laat weifel nie. Terwyl die lede van die Joodse Raad gereedgemaak het om hom te stenig, het hy in die hemel opgekyk en die heerlikheid

van God gesien met Jesus Christus aan sy regterhand. En dit het hom in daardie benouende oomblikke sterk gemaak. Immers: as jy die heerlikheid van God sien, sien jy sy almag, sy majesteit, sy trou, sy regverdigheid, sy liefde …

En as jy Jesus Christus aan die regterhand van God sien, sien jy die Koning van die konings wat alle mag in die hemel en op die aarde ontvang het en wat alle dinge regeer. Niemand kan jou uit sy hand ruk nie. In Hom is daar geen sprake van ’n oormag of ’n bedreiging wat jou hoef bang te maak nie, want as God vir jou is, wie kan dan teen jou wees?

Dit is die antwoord op die vraag wat aan die begin gestel is. Jy moenie net jou roeping raaksien nie, maar ook die Een wat jou geroep het; nie net die bedreiging nie, maar ook die Een wat jou deur daardie bedreiging dra. En jy sien dit as jy, soos Stefanus, vol van die Heilige Gees, kinderlik gelowig in die hemel opkyk. Niks is dan onmoontlik nie.

*Sing: Psalm 46-1:4, 6*

*Ds. CJH Breed (Casper) (Emeritus)*

**Woensdag 17 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 8:1-8**
**Fokusgedeelte: Handelinge 8:4**

## Swaarkry versprei die evangelie wyd

Die gedeelte wat die doodmaak van Stefanus beskryf, laat grusame beelde by ons opkom. ’n Mens word in die naam van geloof met uiterste haat met klippe doodgegooi! Ons lees ook van die aandeel wat Saulus daarin gehad het. Saulus wat later Paulus geword het. Eers vervolger van die kerk en toe uitdraer van die evangelie wat self hewige vervolging gely het.

Die kerk in Jerusalem is sodanig vervolg dat die lidmate moes vlug. Hulle is uitmekaar gejaag en oor die gebiede van Judea en Samaria verstrooi. ’n Mens kan jou indink watter nood en lyde hulle moes deurgaan.

’n Hele lewensbestaan van gesinne is omvergewerp. Waarom? Sodat die evangelie versprei moet word. In Matteus 28:18-20 het Jesus sy bekende sendingopdrag gegee. Toe die eerste gelowiges in Jerusalem nie daaraan gehoor gegee het nie, het die Here die vervolging beskik sodat die evangelie versprei kan word. Die gelowiges wat uit Jerusalem moes vlug, het oor die hele Judea en Samaria versprei. Dit is opmerklik dat hulle nie oor hulle omstandighede gekla het nie. Hulle verleentheid het God se geleentheid geword om die evangelie (die Blye Boodskap van die Woord) te verkondig.

Hierdie verkondiging was nie uit eie krag nie, maar op grond van Jesus se belofte in Handelinge 1:8. Hulle is deur die Heilige Gees daartoe gelei. Die inhoud van hulle boodskap was die verlossing deur Jesus Christus alleen. Filippus (een van die sewe diakens) het Christus in ’n stad in Samaria verkondig. Die inhoud van sy verkondiging is bevestig met die wondergenesings wat daar plaasgevind het. Die gevolg was groot blydskap.

’n Paar gedagtes vir selfondersoek:

- Wanneer ek swaarkry, kla ek of verkondig ek die Woord?
- Die apostels het in Jerusalem agtergebly. Dit was dus gewone lidmate wat in hulle omstandighede die evangelie versprei het. Wat doen ek?
- Is ek bly wanneer die evangelie grense (Samaria) deurbreek?

Deur God se genade het vlugtelinge sendelinge geword.

*Sing: Psalm 119:25 (1936)*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*

**Donderdag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 8:26-40**
**Fokusgedeelte: Handelinge 8:29**

## Gaan waar die Heilige Gees jou stuur

En daar gaan hy ... “Verstaan u wat u lees?” Sou jy dit kon doen? So

wonder ons dikwels oor die werk van die apostels. Hulle praat met vrymoedigheid terwyl hulle vervolgers hulle aangluur, hulle maak gesond, wek op, spreek sonde aan en nog meer. Maar hier het ons met Filippus te doen. Hy is geen apostel nie, hy is “maar net” ’n gelowige. Hoe weet Filippus dat hy moet gaan, en hoe kan hy seker wees dis die Gees van God?

Dit kom uit die beloftes van Jesus tydens sy hemelvaart, dat sy volgelinge krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. En so kragtig werk die Gees dan dat ons eintlik van *die Handelinge van die Heilige Gees* moet praat. Petrus verstaan skielik die betekenis van die geskrifte en preek kragtig. Stefanus sien die heerlikheid van God en terwyl hulle hom doodgooi, het hy die krag om te vergewe.

Om op die Gees te vertrou vir leiding en krag, was vir die vroeë kerk niks vreemds nie, want dit is hoe Jesus belowe het dat Hy by hulle sou wees. Dit mag vandag ook nie anders wees nie. Wanneer ons waarlik dissipels (volgelinge) van Jesus is, moet ons Hom so intiem volg dat die mees natuurlike ding is om te gaan waar die Heilige Gees my stuur. Dan sal dit nie uitgesonder word as “tekens van die Gees nie”, maar wel gehoorsaamheid aan die Gees.

Die vraag is: Volg ons die Here Jesus Christus so volkome dat ons sal weet as die Gees ons stuur? Dat dit die mees natuurlike ding vir ’n kind van God sal wees?

Mag jy die opdrag duidelik hoor: GAAN!

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*

**Vrydag 19 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:1-19**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:15**

## Jesus se liefde vestig sy kerk, sy liefde maak jou ’n werktuig om sy Naam te dra

Hoe aktueel is die liefde van Christus in jou lewe? Glo jy dat sy liefde en sy Gees jou kan vernuwe? Jou diensbaar wil maak in sy Koninkryk?

Die gelese gedeelte vertel die bekende verhaal van Paulus wat oppad was na Damaskus, terwyl hy besig was om die Christene te vervolg. Paulus was ’n gebore Jood, bygesê, hy was ’n Fariseër en hy het net een opinie oor Jesus Christus gehad. Jesus was vir hom ’n bedrieër. Volgens sy verstaan kon Jesus nie die Christus wees nie. Jesus het dan nie die Jode van die Romeinse oorheersing verlos en weer die koninkryk van Dawid opgerig nie. Om nog verder te gaan: Jesus het vervloek aan die kruis gesterf. Daar was nog altyd mense soos Paulus wat teen die kerk van die Here opgestaan het en daar sal altyd sulke mense wees. Dan is mens geneig om mismoedig te raak oor jou geloof en die kerk wat altyd aangeval word. Selfs die Here se dissipel Ananias was besorg oor die besluit om Paulus te help.

Hoe gereeld bekommer jy jouself oor die groei van die gemeente? Hoeveel keer betrap jy jouself dat jy wonder oor die lidmate se deelname in die kerk? Hulle kerklike bydraes? Asof die kerk nie onderhou sal word nie?

Die liefde van Christus het Paulus se hele lewe verander. Die liefde van Christus het ’n hardkoppige, arrogante man bekeer en sodoende sy evangelie verkondig en sy kerk laat groei. Christus Self onderhou sy kerk, deur sy Woord en Gees sal Hy altyd sy kerk regeer. Deur sy liefde stel Hy ons in staat om instrumente in sy Koninkryk te wees.

Glo jy dat sy Gees steeds sy kerk vestig? Glo jy dat sy Gees jou verander tot opbouing van sy Koninkryk?

*Sing: Psalm 150-1:1*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*

**Saterdag 20 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:20-31 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:30 (1953-vertaling)**

## Leef jy waarlik as jou medegelowige se broer of suster?

Ons gebruik vandag veral die naam "Christen" om te verwys na iemand wat in Jesus glo. Mense wat in Christus glo, is egter nie altyd Christene genoem nie. Eers in Handelinge 11:26 lees ons dat gelowiges Christene genoem is. Vroeër is ander name gebruik om na volgelinge van Jesus te verwys. Beskrywende name. Name wat steeds geld en wat, wanneer ons dit uitleef, ook ons eie lewens moet beskryf. Vandag kyk ons na een van dié ander name en môre na nog twee. Ongelukkig is al drie hierdie name in die 1983-vertaling bloot met die woord "gelowige" vertaal. In die 1953-vertaling en ook die Direkte Vertaling kan die korrek vertaalde name gevind word. Die eerste naam vind ons in Handelinge 9:30. Die 1953-vertaling sê dat die *"broeders"* vir Saulus na Cesarea toe afgebring en na Tarsus toe weggestuur het. Hoekom word hulle broeders genoem? Die gelowiges in Jerusalem was, nadat Saulus van Damaskus af teruggekeer het, baie bang vir hom. Hulle het sy bekering gewantrou. Was dit nie net 'n set om hulle vertroue te wen sodat hy hulle dan makliker kon vervolg nie? Nadat hulle egter van Saulus se opregtheid en ware bekering oortuig geraak het, het hulle hul waarlik oor hom ontferm. Hulle het hom in hulle kring ingetrek. Hulle was geloofsfamilie – mekaar se broers en susters. Toe dit duidelik word dat die Jode hierdie broer van hulle wil vermoor, het hulle gedoen wat familie doen. Hulle het hom beskerm en na veiligheid weggestuur – al het dit waarskynlik vir hulleself groot koste en risiko ingehou. Sien 'n soortgelyke gebeurtenis in Handelinge 17:5-10.

Leef jy waarlik as broer of suster van jou medegelowiges? Word jou omgee vir jou broer en suster in Christus sigbaar in die moeite wat jy doen om ware hulp en/of beskerming te gee?

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*

**Sondag 21 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:32-43 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:32, 36, 38 (1953-vertaling)**

## Leef jy waarlik as heilige en dissipel?

Gister het ons gesien dat volgelinge van Jesus eers in Antiogië die naam Christene gekry het (vgl. Hand. 11:26). Vroeër is ander name gebruik om na hulle te verwys, name wat vandag nog geld. Vandag kyk ons na twee verdere name wat duidelik word wanneer ons ons teks in die 1953-vertaling bestudeer (ongelukkig vertaal die 1983-vertaling telkemale die name bloot met die woord “gelowiges”). In Handelinge 9:32 verskuif die fokus vanaf Saulus se bekering na die verdere groei en vestiging van die kerk, gedring deur die Heilige Gees. Daar staan dat Petrus op ’n keer by die “heiliges” gekom het wat in Lidda woon. Volgelinge van Jesus is dus ook heiliges. Heilig – nie omdat hulle uit hulleself heilig is nie, maar omdat hulle in Christus geheilig is.

Iemand wat heilig is, is spesiaal en afgesonder. In Christus is ons vir die Here afgesonder om vir Hom te leef. Hy het elkeen wat glo se sonde afgewas en hom/haar nuut gemaak. Die gesondmakingswonder van Eneas bevestig hierdie gesondmaking (heiligmaking) wat daar vir ons in die Here is. Streef jy daarna om daagliks heilig vir die Here te lewe?

In Handelinge 9:36 kom Petrus in Joppe. Daar was ’n sekere “dissipelin” met die naam Tabita. In vers 38 lees ons ook van die “dissipels” wat Petrus laat roep het. ’n Dissipel is iemand wat ’n leermeester volg om by hom te leer. Die dissipel volg die leermeester in woord en daad na. Die gelowiges in Joppe was dus mense wat die Here Jesus gevolg het. Tabita was ’n besondere voorbeeld hiervan. Haar dood was ’n groot verlies, haar opwekking ’n groot troos. Sy volg Jesus in dood en in opstanding.

Wys jou lewe dat jy Jesus navolg in woord en daad, in lewe en in sterwe?

*Sing: Psalm 118-1:1, 7*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*

**Maandag 22 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 10:1-18**
**Fokusgedeelte: Handelinge 10:13-15**

## Christus het die beperkinge tot God weggeneem

Ons is kortsigtig en vasgevang in eie sienings oor die koninkryk van God. ’n Draaipunt, ’n omkering word deur Hom bewerk sodat ons meer en meer sy ewige raadsplan kan raaksien. Petrus was nie bewus van die kragtige werking van die Heilige Gees in Kornelius se lewe nie. God het die beperkinge teenoor heidene van Kornelius weggeneem. Hy is rein verklaar toe Hy hom in Christus uitverkies, geheilig, het. Kornelius is deur die Heilige Gees wederbaar en word deur die engel beveel om Petrus te laat haal. Intussen het die Heilige Gees vir Petrus begin oortuig om sy beperkte siening ten opsigte van heidene te verander. Sy honger-wees was ’n middel in God se hand om Petrus vir die goddelike openbaring geskik te maak. In die visioen van rein en onrein diere waarmee hy gekonfronteer word, leer die Heilige Gees hom om van sy eng Joodse siening af te sien. Hy moes leer om vir die onreine wat God rein verklaar het, plek te maak. Sy gedagtes en lewenshouding moes verander om te doen soos aan hom opgedra is. Petrus het nie besef dat Christus die tradisionele beperkinge oorbrug het nie. Kornelius, in sy hart aangegryp, is in die Christelike kerk ingelyf. Wanneer die gesante by die huis opdaag, is Petrus reeds deur die Heilige Gees ontvanklik gemaak. Hy verbreek die Joodse gebruik deur die heidene te huisves en saam met hulle te eet. So het God vir Petrus gelei, beweeg om koninkryksgerig sy roeping te vervul. Net so bewerk die Heilige Gees omkering, verandering van denke sodat ons ook koninkryksgerig dissipels vir Christus maak. Ons moet meer en meer van ons sondige, eiewillige en selfsugtige sienings en houdings vrygemaak word. Genadiglik werk die Heilige Gees hierdie verandering deur die Woord. Ons moet hom toelaat om ons denke nuut te maak.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)*

**Dinsdag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 10:19-35**
**Fokusgedeelte: Handelinge 10:28-29, 34-35**

## God maak nie onderskeid nie

In sy ewige raadsplan het God die volk Israel van die heidense nasies afgesonder. Met Jesus Christus se koms het die rede vir afsondering verval. So laat Hy vir Petrus begryp dat Hy nie onderskeid maak nie. Uit enige volk neem Hy mense aan. Deur sy Gees bewerk Hy geloof sodat Hy geëer word waar gedoen word wat reg in sy oë is. Die Heilige Gees het vir Petrus ten volle oortuig dat hy, sonder om te twyfel of te aarsel, na Kornelius gegaan het. Toe die gesante by die huis kom, het die Heilige Gees vir Petrus daartoe beweeg om hulle sonder aarseling te ontvang. Hy gehoorsaam onmiddellik.

Deur die visioen het God hom voorberei om na die huis van 'n heiden te gaan. Hierdie insig was 'n belangrike stap in die voortgang van die evangelie. Die volgende dag vertrek hy, die gesante en ses broeders. Kornelius het alles gereed gemaak om vir Petrus te ontvang. Hy, sy familielede en vriende het na Petrus se koms uitgesien en om te hoor wat hy in opdrag van die engel sou verkondig.

Petrus verklaar dat hy nou eers begryp dat God nie onderskeid tussen Jood en heiden maak nie. Net soos by die Jode, wek en werk die Heilige Gees in uitgeroepe heidene se harte ware geloof. Daarvan is Kornelius en almal by hom getuies waar hulle God vereer en doen wat reg is.

Petrus sou hulle verder oor vergewing van sonde in die bloed van Christus onderrig. Wat 'n genade dat by God geen aanneming van die persoon is nie! Uit genade, sonder enige verdienste van ons kant af, word ons van die ewige verderf gered. Elkeen van ons is geroep en word deur die Heilige Gees bekwaam en gewillig gemaak om die kerk van Christus te vestig. Gehoorsaam onmiddellik!

*Sing: Skrifberyming 1-1:2, 5*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)*

**Woensdag 24 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 11:1-18**
**Fokusgedeelte: Handelinge 11:17, 18**

## Ons mag God nie probeer verhinder om heidene tot inkeer en die ewige lewe te bring nie

Sonder die nodige insig, reageer gelowiges in Jerusalem negatief op dit wat Petrus gedoen het. Van sy kant af het Petrus vermoed dat daar besware sou wees. Daarom het hy ses broeders as getuies saamgeneem. In die gemeentevergadering is hy heftig daarvan beskuldig dat hy ongeoorloofde dinge gedoen het. In die huis van onbesnede mans het hy saam met hulle geëet, homself besoedel. Die eintlike hoofsaak, naamlik dat die heidene tot geloof in Christus gekom het, die werking van die Heilige Gees ondervind het en gedoop is, het by hulle verbygegaan. Nadat die beskuldigers uitgepraat is, het Petrus oortuigend die hele verloop verduidelik. Hy was besig om te bid. In ’n geesvervoering het hy ’n gesig van rein en onrein diere gesien. Hy het eers negatief op die stem uit die hemel gereageer. Hy het God se bevel om te slag en te eet, verhinder. Wat God rein gemaak het, het hy onheilig geag. Terwyl Petrus hierdie gesig verwerk het, het drie mans van Sesarea dieselfde tyd by die huis se deur opgedaag. Die Gees het gesê hy moenie twyfel om saam met hulle te gaan nie. Dit is merkwaardig dat God van beide kante af werksaam was om die ontmoeting by Kornelius te laat plaasvind. Petrus getuig verder dat hy skaars met die mense by Kornelius begin praat het toe die Heilige Gees op almal neergedaal het. Die ses broeders kon saam hiervan getuig. Petrus het tereg gevra hoe hy kon probeer verhinder het dat God aan heidene dieselfde gawes gee. Toe die gemeentevergadering dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het tot nuwe insigte gekom. God is geprys dat Hy ook aan heidene die bekering tot die ewige lewe gee.

Sonder insig in die ewige raadsplan van God verhinder ons soms wat Hy van ons verwag.

*Sing: Psalm 22-1:11, 12*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)*

**Donderdag 25 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 11:19-30**
**Fokusgedeelte: Handelinge 11:19-30**

## Die Heilige Gees span *oortuigde (vaste) gelowiges* in by die vestiging en uitbreiding van Christus se kerk!

Die jong kerk in Antiogië kon hulle maklik laat afskrik deur hulle omstandighede, waarin een uit hulle geledere wreedaardig vermoor (gestenig) en die res van hulle uitmekaargejaag is, maar hulle het ’n *innerlike oortuiging* gehad van die waarheid. Selfs al het hulle op vreemde plekke geland (Fenisië, Siprus en Antiogië), was die *innerlike oortuiging* daar om aan Jode en aan heidene (Griekssprekendes) die evangelie te verkondig. Hierdie *vrymoedigheid* en *innerlike oortuiging* was natuurlik niks van hulleself nie … dit was die werk van die Heilige Gees sodat hulle nie anders kon as om die evangelie te verkondig en die Goeie Nuus nie vir hulleself te hou nie. Evangelisasie en “sending” is nog altyd God se werk. God is immers op sending *(Missio Dei)* deur hierdie wêreld en God die Heilige Gees skakel *gewone gelowiges* by sy werk en die vestiging en die uitbreiding van sy kerk – *en die Here help hulle.* Die Heilige Gees wederbaar mense, Hy wek hulle op tot die ware geloof, Hy lei hulle tot bekering, Hy vul hulle met sy krag en dan spoor Hy hulle aan om betrokke te raak in die verkondiging van die evangelie. In hierdie proses is God die Heilige Gees altyd die (V)oorloper, die (H)andelende, maar Hy gebruik mense om die verskil te maak. Al is dit ook net om barmhartigheid te bewys en ’n hand uit te reik en ’n medegelowige te help – om die evangelie sigbaar uit te leef! Sonder die Heilige Gees sou die kerk nie ontstaan en nie kan bestaan nie. In die lig van die Woord maak die Gees ons bereid en gewillig (HK So. 1) om vir Christus, die Koning van die Kerk, te lewe en te werk. Is jy ook as ’n oortuigde (vaste) gelowige ’n bruikbare instrument in die kerk van die Here, onder leiding van die Heilige Gees?

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)*

**Vrydag 26 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 12:1-25**
**Fokusgedeelte: Handelinge 12:1-25**

## Gewone mense wat bid, beleef dikwels buitengewone werke van God!

Heel dikwels in die kerk se geskiedenis (soos wat in ons teksgedeelte beskryf word) het dit gebeur dat die gelowiges vervolg en gemartel is vir hulle geloof. Tewens, hierdie booshede gebeur vandag nog in sommige lande. Gemeentelede is *gevang en mishandel* (12:1), Jakobus, die broer van Johannes is *met die swaard vermoor*, Petrus is *gevange geneem* en *in die tronk gegooi*, en ons kan aanvaar daar was sekerlik ook nog ander insidente en omstandighede wat nie vir ons opgeteken is nie. Tog sien ons nie dat die gelowiges die wapen opneem en terugslaan nie, ook nie dat hulle oppak en wegtrek (en spreekwoordelik "weghardloop" nie). Nee, ons lees die gemeente het gebid (12:5). Hulle het *aanhoudend* (vir Petrus) *tot God gebid*. Ook in vers 12 van die Skrifgedeelte lees ons weer dat *die gelowiges saam was om te bid.*

Die gebede van gewone mense, gelowige mense, vorm deel van hierdie gebeure. Nie alleen bly hulle staande in hulle geloof nie, maar Petrus wat in boeie in die tronk sit, word deur die engel van die Here, ja, *deur die Here self*, op wonderbaarlike Goddelike wyse uit die tronk bevry en uit die hande van Herodus gered. En was dit nie 'n antwoord op hulle gebede nie? God die Heilige Gees leef immers in ons (gelowige) harte en in ons gedagtes. Hy ken die versugtinge van ons siel en gees en Hy tree ook in om te help as dit sy wil is. So ervaar die kerk deur die eeue buitengewone Goddelike ingrype, ook wanneer gewone gelowiges bid.

Christus bewaar sy kerk en laat groei sy kerk waar gewone mense hulle afhanklikheid van Hom erken en bely. Kom ons bid ook vir God se genade vir ons, sy Goddelike werk en die verspreiding van sy Woord in die jare wat kom (jare wat dalk nie almal so maklik gaan wees nie)!

*Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3*

*Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)*

**Saterdag 27 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:13-41**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:17**

## Die Heilige Gees werk deur die Woord

Die Heilige Gees werk deur die Woord. God werk op sy manier en nie op die manier wat mense vermaak of interesseer nie. Met reg plaas die ware kerk die klem op Geesvervulde Woordbediening en nie op vermaak van mense nie. As ons effektiewe instrumente van die Heilige Gees wil wees, dan moet ons die Woord bring en laat spreek in die eerste plek in ons eie lewe en in die lewe van ander mense (bv. tydens huisgodsdiens). Die Heilige Gees oortuig deur die Woord en nie deur vaardige redenasie nie. Die apostel Paulus praat met hierdie mense nie oor die kerk nie. Volgens vers 17 praat hy hier in die sinagoge met die mense oor God. Die Heilige Gees wil deur die Bybel mense by God bring. En dit wil die Heilige Gees doen tot die verheerliking van God.

Paulus het gepreek met die oog op redding, en redding behoort tot die verheerliking van God te lei in die lewens van mense. Die einddoel van die Heilige Gees is nie die mens of die kerk nie. Die mens is daar om God te verheerlik. Die kerk is daar om God te verheerlik. Hoe verheerlik ek en jy Hom? As ons nie weet nie, dan doen ons dit na alle waarskynlikheid nie.

Verder is dit opvallend hoedat die apostel eers by die Ou Testament begin en dan beweeg na wat ons vandag ken as die gebeure van die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het beide geïnspireer en wil albei gebruik om geloof te bewerk en te laat groei. En beide die Ou en die Nuwe Testament is gerig op Christus en is daarom vir ons die evangelie (die goeie boodskap). Ons moet werklik probeer om nie een Testament bo die ander te verhef nie (gelyke aandag aan beide Testamente met bv. huisgodsdiens). Die Heilige Gees wil albei in ons lewe en deur ons ook in die lewe van ander mense gebruik.

*Sing: Psalm 18-1:14*

*Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)*

**Sondag 28 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:42-52**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:47, 48**

## Die uitverkorenes aanvaar die Woord van God, maar baie ander verwerp dit

Wat maak ek en jy met die Woord van God wat aan ons verkondig word? Die Woord van God ontlok altyd by ons een van twee reaksies, aanvaarding of verwerping.

Die Heilige Gees wil deur die Woord die uitverkorenes wederbaar tot die lewe. Dit is absoluut die enigste manier waarop iemand wedergebore kan word tot die lewe, daarom verkondig Paulus die Woord van God. Hy mors nie sy tyd met stories of opinies nie.

Die Heilige Gees bring deur die Woord die nuwe lewe, omdat ons Here Jesus die hart van die Bybelse boodskap is. Die Heilige Gees werk deur die Woord geloof in die mens se hart. En geloof is die twee geestelike hande van kennis en vertroue waarmee ons Jesus Christus as ons enigste Verlosser kan omhels.

Die Jode het nie gedink dat hulle die Woord van God verwerp nie. Hulle het gedink dat hulle Paulus verwerp, maar Paulus het ons Here Jesus Christus verkondig. Ons moenie dat mense vir ons 'n struikelblok word om die Woord van God te kan hoor nie.

Wanneer die Heilige Gees die Woord tot ons laat spreek (in die preek, huisgodsdiens, huisbesoek of katkisasie), dan moet ons gelowig reageer. Hier kan niemand neutraal bly nie. Uitverkorenes word gered deur die Heilige Gees met die Woord van God tot die lewe en tot verheerliking van ons Drie-enige God.

Wat maak ek en jy met die Woord wat die Heilige Gees nou net aan ons verkondig het?

*Sing: Psalm 119-1:14, 15*

*Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)*

**Maandag 29 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 14:8-18**
**Fokusgedeelte: Handelinge 14:15**

## God roep tot bekering

Paulus en Barnabas word tydens hulle bediening van die evangelie in Listra gekonfronteer met ’n toegewyde poging van ’n heidense skare om hulle tot gode te verklaar. Paulus doen ’n wonderwerk terwyl hy preek aan ’n man wat kreupel van sy geboorte af was en nooit kon loop nie. Paulus peil sy hart dat hy geloof het om gesond gemaak te word. Op Paulus se woord: “Staan regop, op jou voete” kom hy sonder meer orent en begin loop.

Die skare is só aangegryp deur die wonder dat hulle oortuig was dat die gode as mense na hulle toe gekom het. Die priester van die tempel van Zeus het reeds begin om offers aan die apostels voor te berei.

Die apostels was aanvanklik onbewus van wat aan die gang was. Die mense het immers Likaonies gepraat. Die oomblik toe dit tot hulle deurgedring het dat hulle in die plek van God vereer gaan word, het hulle op ondubbelsinnige wyse ’n einde daaraan gemaak. Nietige dinge in die plek van die lewende God! Dit mag tog nooit!

Paulus bring ’n goeie boodskap. Hy roep hierdie mense op om hulle te bekeer! Hulle moet hulle van die nietighede van die afgode losmaak, van hulle leë tradisie, en na die lewende God toe draai. God het Hom self bekend gemaak aan alle nasies wat hulle eie koers geloop het in tye wat verby is. Hy het gesorg met reën en goeie oeste, volop kos en vreugde. Nou roep Hy tot ’n nuwe lewe deur bekering. ’n Lewe waarin dit oor meer as net kos en klere gaan.

Hy is nog steeds dieselfde God wat sorg vir al wat lewe. Die gelowige behoort aan Hom deur Jesus Christus en leef uit sy hand. Hy roep ons om elke dag in selfondersoek terug te keer na Hom toe deur die evangelie van Jesus Christus. Is daar nie baie sinlose dinge in die lewe nie?

*Sing: Psalm 19-1:1, 2*

*Dagstukkie Almanak 2014*

**Dinsdag 30 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 14:21-28**
**Fokusgedeelte: Handelinge 14:23**

## Wanneer alle deure toegaan, maak God sy deure oop!

Dit lyk asof die evangelie se pad tot in Listra, Ikonium en Antiogië in ’n doodloopstraat beland het. Paulus is gestenig en as doodverklaarde uit die stad uitgesleep. Die jong gemeentes is tot in hulle fondamente geskud.

Ook jou lewe en geloof kan in ’n doodloopstraat beland. Waarheen dan? Gaan dan terug na waar alles begin het: God se Woord. Die Here verskuif die fokus van die jong gelowiges weg van hulle nood en hulle vrae. Hy bring by hulle nuwe perspektiewe tuis: Moenie jou blindstaar teen wat jy beleef en sien nie. Solank jy daarop konsentreer, kan jy maklik ontrou raak en alles laat staan. Gaan terug na God en sy beloftes, maar ook na sy opdragte! Hy is getrou. Sy werk gaan voort. Hy gaan voort met sy plan.

Die roete waarlangs sy pad loop, dien om jou te verdiep, te genees en te steriliseer van jou eie mensgemaakte ideale. Dit leer jou om jou weer toe te spits op God se plan vir die groei van sy koninkryk – ook in jou lewe. Hierdie plan loop deur ’n pad wat vol stryd en hindernisse is!

Daarom, moenie jou bedrywighede afskaal nie, maar begin organiseer. Hy roep jou om eienaarskap te aanvaar van sy kerk en koninkryk: om jou plek vol te staan waar Hy jou roep. Beweeg uit en bring hoop aan mense vanuit die gemeente waar jy nou is, en bou so aan God se kerk en sy koninkryk!

God is getrou en sal in sy genade ook vir jou deure oopmaak om die oorwinningsboodskap altyd verder uit te dra!

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*

# JULIE
# PSALMS

Die boek Psalms kan met reg beskryf word as God se liedboek in sy Woord. Hierin verskyn liedere wat deur sy volk in die Ou Testament gelees en gesing is, en aan hulle bekend was. In liedvorm word die volk se lewe, en hulle verhouding met God, baie duidelik uitgebeeld.

As ons na die struktuur van die Psalmbundel kyk, kan ons sien dat dit uit vyf hoofdele bestaan, elk met sy eie interne temas. Aangeleenthede soos persoonlike vyandskap, die koningskap van Israel, die toestand van die land, geestelike verval en opbloei, oorlogvoering, lofprysing en danksegging word aangeraak. Al hierdie temas, en vele meer, word skerp in die kollig van die digter en die volk se lewe voor God gestel.

Daar is ook 'n uiteenlopende hoeveelheid skrywers wat 'n aandeel gehad het in die skryf van die Psalms en wat genoem word: Dawid, Moses, Asaf en die Koragiete is hier die vernaamstes.

Hierdie skywers het ook 'n magdom verskillende soorte psalms voortgebring. Van hierdie soorte Psalms is die volgende:

- Wysheidspsalms. Hierin word wysgerige uitsprake oor die Skepping, die mensdom en God gemaak.
- Koningspsalms (veral Psalms oor die Messias). Die koningskap oor God se volk word besing, en daar word profeties vooruit gekyk na die Koningskap van Jesus Christus.
- Boetepsalms. HIerin word die skuld van enkelinge en die volk bely, en vergifnis word gevra.
- Lofpsalms. God word geloof vir sy grootheid en goedheid, en sy genadige optrede teenoor sy volk.
- Klaagpsalms. Enkelinge en die volk se nood word by God bekla.
- Pelgrimsliedere. Liedere wat gesing is wanneer die volk onderweg na die tempel in Jerusalem was.

*– Ds. SJB Lee (Hannes) (Messina)*

**Woensdag 1 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 4:1-9 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 4:4, 7**

## Die HERE seën sy gunsgenoot

Psalm 4 is ’n lied van onrus en tegelyk ’n lied van rus in God. Hierdie lied leer ons dat God alle lewensraaisels oplos deurdat Hy ons lewe in die lig van die ewigheid stel.

Nadat Dawid met Batseba owerspel gepleeg het, was daar nie meer vrede in sy huis nie; ook nie in die land nie. Oorlog en rebellie het uitgebreek. Met Absolom, sy eie seun, se opstand het hierdie swaarkry wat sy straf vir sy sonde was, ’n hoogtepunt bereik. Hy het baie vyande gehad. Tog het hy geglo dat die Here hom sal beskerm teen hierdie vyande. Hy het op God bly vertrou, want God het hom as gunsgenoot afgesonder. Die Here het hom in die verlede uit hulle hand gered, en hy glo vas dat dit in die toekoms ook so sal wees. Sy vyande het geen vrees en liefde vir God nie, en daarom vra hulle die twyfelvraag: *Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?*

Te midde van hierdie menslike onsekerheid het Dawid geweet waar om ewige sekerheid te vind. Teenoor die twyfelvraag van die wanhopiges bid Dawid tot die Here: *Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons! (Verhef oor ons die lig van u aangesig, o Here!)* In die nag van verwarring en vertwyfeling bid hy om God se goedgesindheid, God se genade en God se vrede. Hy weet dat die HERE sy gunsgenoot sal hoor. In hierdie gebed van Dawid hoor ons die priesterlike seën: *Die Here sal jou seën en jou behoed. Die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.* In Jesus Christus skyn die vriendelike lig van God se aangesig tot in ewigheid oor sy kerk – Hy het op Golgota die diepste donkerheid ingegaan sodat dit vir ons nooit donker sal word nie. Om Christus ontwil is ons nou God se gunsgenote. As gunsgenote het ons deel aan God se genade, aan sy goedheid.

*Sing: Psalm 4-1:2*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)*

**Donderdag 2 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 5 (1933/53-vertaling); 1 Korintiërs 6:9-11**
**Fokusgedeelte: Psalm 5:8**

## Vrygespreek deur God se verbondsliefde

Soms sê mens van 'n stout seuntjie: "Hy is darem 'n regte goddelose mannetjie!" Dan bedoel ons daarmee dat hy 'n kwajong is. Wanneer hierdie woord in die Psalms gebruik word, is dit veel meer intens – só intens dat Psalm 5 sê dat God die goddelose haat. Daar is 'n rede vir sy haat. Die goddelose word deur middel van baie verskillende terme in die Psalms beskryf, soos "dwaas", "redeloos", "trots", "spotters", "huigelaars", "leuenaars", "bedrieërs" en "geweldenaars". Daar is egter een kenmerk wat uitstaan, naamlik: die goddelose is in opstand teen die Gesalfde van die Here (vgl. Ps. 2). In die Nuwe Testament sê die Heilige Gees in die brief wat Judas (vs 4) geskryf het: "Hulle verwerp ons enigste Meester en Here, Jesus Christus." Teenoor die goddelose beskryf Psalm 5 die regverdige. Die regverdige is nie regverdig omdat hy in homself goed is nie. Nee, sê koning Dawid: "Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan" (vs 8). Hy mag die Here ontmoet. Koning Dawid het self dade van onreg gepleeg – dink aan sy sonde ten opsigte van Batseba en Uria. Dawid weet dat hy self nie kan aanspraak maak om God in sy tempel te ontmoet nie. Hy kan slegs op grond van God se goedertierenheid aanspraak maak. Wat 'n mooi woord is "goedertierenheid"! Dit is 'n woord wat God se verbondstrou, sy verbondsliefde beskryf. Dit is 'n liefde wat sonde wil vergewe, wat mense van hulle sonde wil skoonwas. Lees in 1 Korintiërs 6:9-11 hoe die goddelose dade van die kerk in Korinte beskryf word. Let op hoe dit met Psalm 5:5-11 se goddelose dade ooreenkom. Let dan ook op hoe die Heilige Gees die skoonwassing in 1 Korintiërs 6:11 beskryf. Dit is 'n skoonwassing in die Naam van die Here Jesus Christus – die hoogtepunt van God se verbondsliefde.

*Sing: Psalm 89-1:1*

*Ds. JL Aucamp (Louis) (Kemptonpark-Mooifontein)*

**Vrydag 3 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 6**
**Fokusgedeelte: Psalm 6**

## Ek is kragteloos … en gryp aan die Here vas!

Jy is kragteloos, vuisvoos. Iemand sê: Ruk jou reg! Regtig? Moet ék as mens mý situasie verander?

Dawid sing met basstem … worstel met die donker, swaar, seer in die lewe. Here, ek kwyn weg, ek is gedaan. Hoe lank nog, Here …? Ek voel asof ek wil sterf. Ek is moeg gesug. Ek huil tot diep in die nag. My oë is dof. Ek het geen krag meer nie, so anders as Moses, selfs toe hy óúd was (Deut. 34:7). En dit alles omdat my teëstanders vir my sê: Help jouself, sorg vir jouself, red jouself!

Juis daarom is Dawid se heel eerste woord in die Psalm: Here … Verbondshere, Vader van ons Here Jesus! Ja, selfs al dink hy dat die Here dalk kwaad mag wees, gryp hy vas aan die Here wat mens nie in die steek laat nie. Here, ontferm U oor my, wees sag en genadig met my. Herstel my, maak my weer heel. Keer terug na my, o Here. Red my uit die gevaar. Haal my uit die donker gat waarin ek is. Ja, Here, help U my tog. Ek kan nié. Maar U kán!

Hoekom U, Here? Want U is getrou, lojaal in u liefde. Het ons Here Jesus nie juis gewys hoe sterk U liefde brand nie? En u moet geloof en aanbid word – wat ek net kan doen as ek leef. U is tog die Here wat help. U is tog die Here wat u teëstanders oorwin. Het ons Here Jesus dan nie die dood oorwin nie?

Ja, Here, U is wat U is. Daarom is dit juis u Gees wat my altyd weer aan U herinner, aan U laat vasgryp. Ek wil, kan en gaan nie myself probeer help nie, Here. Ek is kragteloos. Maar aan U gryp ek vas!

*Sing: Psalm 91-1:1, 2, 8*

*Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg, Mpumalanga)*

**Saterdag 4 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 7**
**Fokusgedeelte: Psalm 7**

## Ek ly onregverdig ... en gryp aan Here vas!

Jy word vals beskuldig, onregverdig aangekla. Al was jy getrou, ook aan die Here, word gesê dat jý onregmatig opgetree het. Wat maak jy?

Dawid raak nie verbitterd nie. Hy neem nie die reg in eie hand nie. Néé, hy praat met die HERE, met Ek-is-wat-Ek-is. Hierdie HERE is sý God. En daarom, terwyl Dawid voel asof sy vyand, Kus die Benjaminiet, hom soos 'n leeu verskeur, draai hy na die HERE. Hy skuil by die HERE. Hy vertrou op die HERE. Die HERE moet hom verlos. Die HERE moet duidelik wys dat hy wat Dawid is, die reg aan sy kant het. En ja, as hy gedoen het waarvan hy beskuldig word, dan moet die HERE hom met die grond gelykmaak. Maar ... hy wat Dawid is, het dit nie gedoen nie. Hy is onskuldig, onbesproke.

Dawid is nie die eerste, enigste of laaste gelowige wat onregverdig beskuldig word nie. Daarom gaan staan Dawid langs elke gelowige wat onregverdig stukkend gemaak word. Hy beklemtoon dat die Here oor al die volkere regspreek. Hy bely dat die Here hom – en elkeen wat onregverdig ly – beskerm. Hy erken dat die Here altyd die skuldiges straf ... hulle by wie die sonde vrug gedra het. Maar – aangrypend – Dawid erken ook dat die Here genadig is as hy wat jou vals beskuldig het, tot bekering kom (7:13).

Kan jy en ek so 'n onreg dra, verwerk? Ja, ons kan, want ons leef uit die Bron van genade, uit die Een Onskuldige wat onregverdig aangekla, geoordeel, gevonnis en gekruisig is. Ons leef deur die Gees wat Paulus laat skryf het: *Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God* (Rom. 12:19).

Ons leef met aanbidding voor die Allerhoogste, Hy wat die reg laat geskied.

*Sing: Psalm 31-1:15-17*

*Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg, Mpumalanga)*

**Sondag 5 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 11**
**Fokusgedeelte: Psalm 11:1, 4 (1933/53-vertaling)**

## Skuil of vlug

Daar word aan die fondamente van ons samelewing gekap. Vir jare al slaan die hamerhoue van korrupsie en onbevoegdheid teen die fondamente van ’n rustige en stil lewe in ons land. Die hamerhoue van die “eie ek” en humanisme slaan teen die fondamente van ’n morele samelewing. Die hamerhoue van Skrifkritiese denke en kleingeloof slaan teen die fondamente van ons kerklike lewe. Maar wat staan die gelowige te doen in tye soos hierdie?

Wanneer mense in die midde van ’n traumatiese gebeurtenis staan, is daar verskillende reaksies wat ontlok word. Die bekendste is veg of vlug.

Dawid staan gekonfronteer met ’n aanslag op sy lewe. Daar word aan die fondamente van sy lewe gekap en sy posisie as koning en regverdige kom in die gedrang. Die vyand staan gereed om ’n dodelike pyl af te vuur wat op die hart gerig is.

Sy vriende en raadgewers se advies in hierdie tyd is duidelik. Hy moet op die vlug slaan. Nou weet ons dat Dawid bekend is met ’n vlugtelingbestaan. Saul se aanslag, die vyandige volke en eindelik sy eie seun Absolom wou hom graag om die lewe bring.

Dawid gaan egter nie nou weer vlug nie, want hy vind ’n vaste en besondere skuiling. Hy skuil by die Here. Sy veiligheid is nie in die verlatenheid van die woestyn of in ’n spelonk te vinde nie, maar by die Here.

Wat beteken dit om by die Here te skuil? Wanneer ons in die spervuur van aanslae op ons lewe te staan kom, kan ons in die eerste plek in gebed na Hom toe vlug. Jesus Christus het immers vir ons deur sy versoeningsbloed weer toegang tot ons Vader gebring. Ons kan Hom aanroep in geloof en met die vaste wete dat Hy ons nie bo ons kragte sal beproef nie en dat Hy ons sal bewaar.

Verder beteken dit ook dat ons luister wat Hy in sy Woord aan ons leer.

Deur Bybellees hoor ons sy troos en die versekering van sy beskerming. Sal ons vlug in die dag van ons beproewing? Nee, want ons skuiling is by die Here.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*

**Maandag 6 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 12**
**Fokusgedeelte: Psalm 12:2 (1933/53-vertaling)**

## Tel jou woorde

Omstandighede onder die uitverkore volk van die Here lyk nie goed nie. Dit lyk of daar niemand meer is wat die waarheid liefhet nie. Dit lyk of dié wat in alle regverdigheid en geregtigheid die regte dinge wil doen, onder die mense uit verdwyn het.

Hierdie omstandighede word duidelik wanneer die mense eerder besig is om hulle naaste met mooi woorde te probeer vlei, maar agteraf is hulle besig om sy onreg te soek. Mense is besig om dinge te sê wat so goed klink, maar hulle optrede en dade weerspreek alles. In hierdie omstandighede roep Dawid dit uit: "Red, o Here."

Die Here alleen kan sy volk van hierdie onreg wat in hulle midde posgevat het, red, want Hy is die waaragtige en in Hom is daar geen leuens en geen onreg nie. Sy woorde is waarheid van geslag tot geslag en Hy is getrou aan al sy beloftes. Die redding van die Here word die duidelikste sigbaar met die koms van Jesus Christus. Die Here belowe tog dat Hy die regverdiges van die goddelose sal red.

Hy is immers die weg en die waarheid en die lewe. Meer nog, Hy is die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Hy moes aan die een kant die vleitaal en die verskuilde motiewe van die Fariseërs en die Jode deurgaan om ons verlossing en redding te bring. Hy het die onreg van valse aanklagte en eindelik die valse veroordeling van Pilatus gedra sodat ons gered kon word van die regverdige oordeel van die

Here. Sy Woord het vir ons die redding gebring.

Hy het ons vernuwe sodat ons ook nou ons woorde sal tel. Nou het ons die opdrag om op onsself te let en ons tong in bedwang te hou. Veral in hierdie tye wat dit lyk of daar niemand meer is wat regverdig is nie, is dit elke gelowige se opdrag om altyd die waarheid te soek. So kan ons in dankbare gehoorsaamheid opreg in hierdie lewe leef.

*Sing: Psalm 145-1:1, 2, 3, 10*

*Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*

**Dinsdag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 14:1-7**
**Fokusgedeelte: Psalm 14:1, 7**

## Wees verstandig en bid, geloofsvertroue is jou troos

Dawid leer elke totaal verdorwe sondaar is ’n dwaas. Ons wêreld is vol mense met sulke verdroogde intellek wat God ontken. Die korrupte, natuurlike mens se hartewens is om God te vervang. Daagliks leef hulle asof God nie regeer nie, asof sonde weggesteek kan bly, terwyl God toekyk.

Die maatstaf van goeie of kwade optrede, is of iemand in opregte aanbidding voor hierdie Skepper buig of nie. Skokkend is dan die les vir my, geen mens is goed nie, niemand begeer vanself om God te dien nie, ook nie ek nie! Bekering is altyd nodig.

Psalm 14 leer, tot ons troos, dat die HERE persoonlike aandag gee aan alle mense, elkeen individueel, want Hy bly getrou aan Homself, sy beloftes bly ewig staan.

Die bose se selfsugtige harte bewerk vyandskap teen God se kinders. Hulle het geen ontsag vir die Almagtige se regering of sy eiendomsvolk nie, sny hulleself af van die verlossingsgenade, veroorsaak hulle eie ondergang en sal hulle verdiende loon ontvang wanneer Hy die werkers van ongeregtigheid vernietig.

Wanneer gelowiges hulle teëspoed egter geduldig verdra en nie soos

ongelowiges sonder hoop deur hulle vrees en angs gejaagd lewe nie, word hulle eenvoudige geloofsvertroue verag en verwerp deur hierdie bose mense. Psalm 14 bevestig: wysheid is om in swaar tye jou toevlug te soek by die God van die Verbond, want gebed is die beste troos in alle moeilikhede.

Wie buig in die geloof dat God regeer tot beswil van sy kinders, sal ook tot voorbidding vir die kerk van die Here Jesus gelei word. Gelowiges verwag hulle verlossing van God en jubel vooruit in die sekerheid dat die HERE sal doen wat Hy beloof het. Ons vind geloofsvreugde in die wete dat Hy die kerk vergader, om biddend te jubel oor die Verlosser wat Hy skenk!

*Sing: Psalm 14-1:1, 7*

*Ds. LJ Erasmus (Lou) (Naboomspruit)*

**Woensdag 8 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 15:1-5**
**Fokusgedeelte: Psalm 15:5**

## Deur Christus alleen!

Dawid se twee vrae roep elke leser van hierdie psalm tot biddende selfondersoek. Baie eiewillige mense neem die Naam van God op hulleself, wil sy kinders, sy uitverkore volk wees, maar is nie bereid om die verbondseis van totale heiligheid op te neem nie. Hebsug begeer altyd wins sonder enige insette.

Dawid bou hier voort op die lering van Psalm 14, dat elke dwaas uitkenbaar is in sy ontkenning van God. Net só, maar teenoorgesteld, leer Psalm 15, is die wyse identifiseerbaar in sy volkome toewyding aan die HERE.

Die hoogste voordeel denkbaar is om altyd onbeperkte toegang tot God te hê. Dawid rig sy retoriese vrae direk aan God, want God IS die norm wat in die hemelse heerlikheid geld, niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, kan deel in die ryk van die Heilige nie.

In verse 2-5a word 'n hele lys verduidelik, van hoe elkeen aan die eis van God se heilige Wet moet voldoen, om te kwalifiseer vir hemelse inwoning. Wie dit onder leiding van die Gees van die waarheid bestudeer, in diepe selfondersoek, besef beslis dat ek nooit in eie krag daarby kan kom nie. Ek kan myself nie red nie!

Dawid beloof dat die persoon wat in gehoorsaamheid aan hierdie hoogste eis slaag, in ewigheid nie sal wankel nie, omdat God se waarheid ewig en onveranderlik is.

Psalm 15 verkondig dus troosvol en profeties die volledige versoening in Jesus Christus, dat Hy alleen die weg en die waarheid en die lewe is, die Persoon wat my onbeperkte toegang tot God skenk, in sy volkome offer van volmaakte gehoorsaamheid.

Bekyk elke eis en die voldoening daarvan in verse 2-5 nou biddend, in selfstudie van die Woord en verwonder jou opnuut aan die heerlike genade wat jy ontvang het, om jou lewe biddend te kan verander!

*Sing: Psalm 15-1:2*

*Ds. LJ Erasmus (Lou) (Naboomspruit)*

**Donderdag 9 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 20**
**Fokusgedeelte: Psalm 20:7 (1933/53-vertaling)**

## In Christus kan ons elke dag in oorwinning leef

Psalm 20 was 'n gebed wat in die tempel vir die koning gebid is net voordat hy saam met sy soldate opgetrek het om te gaan oorlog maak. In afhanklikheid voor God het die volk dus eers na die tempel toe gegaan om te offer en te bid; daarna het hulle gaan veg.

In hierdie gebed was daar spesifiek by die Here gepleit dat Hy hulle koning se gebede sal verhoor en hom sal beskerm (vs 2); dat Hy hom sal help in sy oomblik van nood (vs 3); dat Hy sy offer aanneemlik sal vind (vs 4); dat Hy hulle koning se voornemens sal geluk en sal gee wat hy vra (vs 5-6); dat hulle nie hulle vertroue op die verkeerde goed sal stel

nie, maar op die Here (vs 8-9) en dat Hy aan hulle die oorwinning sal gee (vs 6-7). God het Hom immers aan sy volk verbind en Hy sal hulle beskerm (Ps. 46). Daarom is hulle ’n biddende volk wat hulle koning aan die Here opdra.

Wat hierdie Psalm so besonders maak, is dat dit eeue vooruit vertel het van die oorwinning wat Jesus deur sy hele lewe, maar veral op Golgota sou behaal. Daar het Hy die stryd teen die bose aangesê en oorwin. Daarna het Hy na die hemel opgevaar om as Koning oor alles en almal te regeer, veral sy kerk. Hiermee was Jesus werklik die Een van wie vers 7 praat: *“Nou weet ek dat die Here sy gesalfde sal verlos; Hy sal Hom verhoor uit sy heilige hemel met magtige dade van verlossing van sy regterhand.”*

In die opsig is Psalm 20 ’n groot troos, want al leef ons in ’n wêreld waarin dit lyk of die bose regeer en of alles buite beheer is ... Jesus bly altyd in beheer. Hy regeer! Verder voer ons nie ’n verlore stryd teen die sonde, probleme, krisisse of verslawings in ons lewe nie. In Christus *kan* ons dit oorwin (Rom. 8:37). Laastens is ons nie alleen nie: God het vir ons sy Gees gegee. Hy help ons deurdat Hy ons optel wanneer ons nie meer kan nie. Hy lei ons wanneer ons nie meer weet waarheen nie. Hy voorsien wanneer ons nie weet van waar nie. Hy help wanneer ons nie mooi weet hoe nie. Mag ons daarom elke dag ’n oorwinningslewe tot eer van die Here leef.

*Sing: Psalm 20-1:1-4*

*Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)*

**Vrydag 10 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 21 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 20:8; Psalm 21:8**

## Vertrou net op die Here

As die nood dreig of krisisse jou tref, as terugslae op jou pad kom of ernstige probleme opduik, as ons na ons land kyk en alles wat rondom

ons gebeur: waarop of op wie plaas jy jou vertroue? *Na wie of wat kyk jy vir hulp?*

Dikwels struikel en val mense of word hulle ontnugter en teleurgestel omdat hulle hul vertroue op die verkeerde goed gestel het. Hierteenoor is dit in Psalm 21 geen geheim op Wie die Psalmdigter sy vertroue gestel het toe 'n geweldige krisis sy lewe bedreig het nie: *"Die koning vertrou op die Here ..."* (vs 8). Iets hiervan het ons ook in gister se Psalm raakgelees: *"Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar ons, ons vertrou op die Naam van die Here ons God ..."* (Ps. 20:8).

Volgens verklaarders bestaan daar 'n noue band tussen Psalm 20 en Psalm 21. Altwee hou verband met oorlogstyd. Psalm 20 is 'n gebed vir die koning wat met sy soldate uitgetrek het om te gaan oorlog maak: dat die Here aan hom die oorwinning sal gee. Psalm 21 is 'n danklied na afloop van die veldslag waarin die Here gedank word vir die oorwinning wat Hy aan die koning gegee het (vs 2-8) en dat Hy die Een was wat die koning se vyande vernietig het (vs 9-13). Wat dus van hierdie Psalm uitstaan, is die feit dat die fokus nie val op die koning wat met eie vernuf, mag, krag of goeie wapentuig die oorwinning behaal het nie. Hy't sy vertroue in die Here gestel en die Here het aan hom die oorwinning gegee. Hierin sien ons dat die Here getrou is aan die wat met hulle hele hart op Hom vertrou. Deur die hele Bybel, maar veral in Christus, sien ons hoe God die waarmaker van sy beloftes is.

Hiermee bring Psalm 21 'n mens tot diep nadenke, want die kind van die Here is nie krisisse gevrywaar nie: hy/sy word ook siek, hy/sy word soms swaar versoek en beproef, hy/sy moet soms moeilike keuses en besluite maak sonder om die afloop daarvan te weet, hy/sy se sommetjies wil ook nie altyd klop nie. Die vraag is net in tye soos die: *Op wie plaas jy jou vertroue? Na wie kyk jy om vir jou die uitkoms te bring?*

Mag die Here, deur sy Gees, ons daartoe help om altyd ons vertroue in die Here te stel. En wanneer Hy die uitkoms gee, mag ons sy hand daarin raaksien en Hom elke keer daarvoor dank.

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)*

**Saterdag 11 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:1**

## Versorg in die woestyn

Toe Dawid, die digter, hierdie woorde gesing en neergeskryf het, was hy die skaapwagter in die Juda-woestyn. Ons moet hierdie psalm dus lees soos 'n woestyn-psalm. Die groen weivelde waarvan Dawid sing, is dus nie die groen grasvelde of lusernlande van Suid-Afrika nie.

Jou gedagtes word teruggeroep na die dorre landskap van die woestyne van Israel. Meestal is dit klipagtige en bergagtige woestyne. 'n Harde wêreld. Hier kom niks vanself nie. Hier kan 'n skaap nie eintlik oorleef nie. Hier vergaan jy maklik van die honger en die dors.

En dit is presies die bedoeling van die lied: Alleen kan ek en jy nie. Ons is soos die skaap wat sonder 'n herder in die woestyn sal verdwaal en in die hitte en onherbergsaamheid sal omkom. Die wêreld waarin ons woon, het geen rus en geen vrede nie. Die wêreld is hard en ongenaakbaar, en dit nog des te meer teenoor die kinders van God, omdat ons anders is, vreemdelinge in die wêreld. Die lewe van God se kinders is 'n moeilike en moeisame pad waar veiligheid ontbreek en vrees ons metgesel geword het. Alleen en op jou eie gaan jy dit nie maak nie!

Nou kom Dawid en troos ons met die stok en staf (vs 4) van die herder, die waarheid van die woord van God: Jy kan nie alleen nie, maar jy hoef ook nie alleen nie. Die Here is jou Herder. Hy ken die pad waarop ons moet gaan. Hy sal ter wille van Christus, wat aan die kruis deur God verlaat is, ons nooit alleen laat nie. Hy sal ons lei op die regte spore, en Hy sal vir ons rus gee by die waters van die lewe. Selfs in die donker skadu's van die lewe sal ons sy teenwoordigheid as Herder beleef, sal ons Jesus Christus ervaar as ons goeie Herder (Joh. 10).

Omdat Hy vir ons sorg, sal ek en jy niks ontbreek of kortkom nie.

*Sing: Psalm 23-1:1*

*Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)*

**Sondag 12 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 26**
**Fokusgedeelte: Psalm 26:6**

## As die Here jou onskuldig verklaar, dan is jy onskuldig

Dawid is dikwels vals beskuldig. Ons weet hoe Saul altyd agterdogtig was op die jongman wat God as sy opvolger aangewys het. Ook ons beleef dikwels die pyn van beskuldigings sonder dat dit op die waarheid gegrond is. In sulke tye wil mens graag opspring en die saak regstel en luidkeels die waarheid uitroep. Tog weet ons dat dit dikwels juis die verkeerde uitwerking sal hê as ons onsself te veel begin verdedig. Daar is tye wanneer mens mos net moet stilbly en glo dat die waarheid uiteindelik self sal seëvier. Dawid neem nie wraak of probeer homself verdedig of verantwoord teenoor sy vyande nie. Hy weet wat die waarheid is. Hy weet dat God weet wat die waarheid is. En by die Here is daar genade. Daarom, net vir ingeval hy wel êrens onbewustelik iemand te na gekom of leed aangedoen het, en so teenoor God gesondig het, gaan hy liewer na die altaar toe (vs 6). By die altaar is daar vergewing en versoening met God en mense. Christus het op die altaar van die kruis betaal as die Lam van God wat vir mense se sondes geslag en geoffer is. Hy het ons sondes op Hom geneem. Deur die bloed van Christus word ons sondes bedek en mag ons voor God kom staan asof ons geen sonde gedoen of gehad het nie! Dawid is dus nie arrogant as hy beweer dat hy onskuldig is nie. Hy weet dat hy 'n sondaar is (Ps. 51), maar hy weet dat die Here haastig is om sy kind se sondes te vergewe en heeltemal te bedek. Hy doen dit elke dag, omdat Jesus Christus daarvoor duur betaal het. So kry Dawid en ook ons dit reg om nie heeldag met skuldgevoelens rond te loop nie. Iemand met skuldgevoelens word maklik geboelie en gemanipuleer. Nee, ons is lankal deur God vergewe en dus kan ons vyande en ook die duiwel nie laste van skuld op ons lê nie. So kom my gewete vry en so leef ek in vrede met God en my naaste.

*Sing: Psalm 51-1:4*

*Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)*

**Maandag 13 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 34:1-11**
**Fokusgedeelte: Psalm 34:2**

## Ek sal die Here altyd prys

Psalm 34 is ’n persoonlike lied. Dit vertel van dinge wat die digter self ervaar het. Dit vertel hoe die Here hom in sy diepste nood gehelp het. Dit vertel hoe die Here sy gebed verhoor en hom verlos het.

Dit gaan waarskynlik oor die gebeure wat in 1 Samuel 21:10-15 beskrywe word, toe Dawid hom kranksinnig gehou het voor die Filistyne. Op grond van wat hy persoonlik ervaar het, sing hy nou ’n loflied tot eer van die Here.

Jy het waarskynlik persoonlike ervarings in jou lewe waar die Here jou in die donkerste tye van jou lewe bygestaan en uitgehelp het. As jy self ervaar het hoe die Here jou in jou swaarste swaar gehelp het, kan jy nie anders nie as om te sing: “Ek sal die Here altyd prys.” Dan prys jy Hom in alle omstandighede – “in weelde en ongeluk” en “in voorspoed en in druk”.

Ons glo dat Jesus Christus ons uit ons heel diepste nood, naamlik die nood weens ons sonde, uitgered en sy Gees aan ons gegee het om ons te troos en ewig by ons te bly. As jy dít met hart en siel glo, kan jy ook nie anders nie as om te sing: “Ek sal die Here altyd prys.”

As ons hierdie lied sing, is dit goed vir ander. Die “ootmoediges” (dié wat klein is voor die Here) sal dit hoor en daaroor bly wees. Dit gee moed aan dié wat swaarkry.

Kom ons sing almal hierdie lied. So leer ons mekaar Wie God is en wat Hy doen. So leer ons mekaar dat die Here ons beskerm. So leer ons mekaar om God se goedheid te ervaar. So leer ons mekaar dat die Here sorg vir dié wat selfs in die diepste nood Hom dien.

*Sing: Psalm 34-1:1, 2*

*Ds. JL van der Schyff (Jannie) (Welkom)*

**Dinsdag 14 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 34:12-23**
**Fokusgedeelte: Psalm 34:12-15**

## Leer om God reg te dien

Psalm 34:12-15 bevat ’n stuk lewenswysheid. Op grond van sy eie persoonlike ervaring leer die digter ons hoe om die Here te dien en watter wonderlike seëninge die dien van die Here teweegbring.

Alles begin met die vrees van die Here. Dit is om eerbied en ontsag vir die Here te hê en Hom alleen te dien. Dit omvat jou woorde en jou dade. Dit gaan oor wat jy in die gewone daaglikse lewe sê en doen. Dit behels om nie kwaad te praat nie en nie leuens te versprei nie (jou woorde). Dit behels verder om nie kwaad te doen nie (jou dade). Dit behels om goed te doen en vrede na te jaag.

Die weg tot die lewe en om die goeie te geniet, word gevind in die vrees van die Here. Die Here sorg vir die regverdiges en Hy luister na hulle hulpgeroep. Hy tree op teen dié wat kwaaddoen. Die Here is naby dié wat gebroke is en Hy help die moedeloses.

Uit eie ervaring kan ek (en waarskynlik jy ook) getuig dat dit wat die digter hier leer, inderdaad die pad na ’n geseënde lewe saam met God is. Goeddoen is ’n parfuum wat jy nie op ander kan uitstort sonder dat daar ’n paar druppels op jouself ook val nie. As jy kwaadpraat of leuens versprei of kwaaddoen, lei dit tot teenspoed in jou verhouding met ander mense. Dit is nie die pad na ’n geseënde lewe nie.

Goeddoen is deel van die nuwe lewe wat Jesus Christus deur sy opstanding aan ons geskenk het. Hy het vir ons die voorbeeld gestel in goeddoen. Hy het ons kwaaddoen in sy liggaam aan die kruis gedra. Nou kan ons nuut lewe in gehoorsaamheid aan God. Ons kan God reg dien deur ’n lewe van goeddoen.

*Sing: Psalm 34-1:6*

*Ds. JL van der Schyff (Jannie) (Welkom)*

**Woensdag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 40**
**Fokusgedeelte: Psalm 40:18**

## God versorg ons en red ons

In Psalm 40 gaan dit oor die gelowige mens wat as gevolg van die sonde en gebrokenheid van die wêreld smag na verlossing, na iemand wat wil en kan red.

Hoewel ons reeds in hierdie lewe in en deur Jesus Christus God se kinders is, lewe ons nog tot by sy wederkoms in 'n sondige en onvolmaakte toestand en omgewing. Dit maak ons lewe en lewensomstandighede vir ons soms uiters moeilik en pynlik.

Die digter van Psalm 40 vergelyk ons toestand byvoorbeeld met iemand wat diep in 'n modderige en slymerige put geval het, en wat roep na die hulp van die Here. Ander kere – volgens die psalm – raak ons bewus van die stryd wat ons het teen vreemde geestelike magte, teen gedagtes en idees wat ons geloof aanveg. Verder noem die psalm dit dat werklike fisiese rampe ons herhaaldelik kan tref, en nog 'n voorbeeld van iets wat dit vir ons onaangenaam maak, is dat ons of ons kinders oor hulle geloof, hulle beginsels of lewenstyl gespot word.

Beteken dit dat God ons nie meer ken nie, en nie na ons gebede en smekinge luister nie? Wat moet ons doen om al hierdie slegte dinge wat met ons of met ons medegelowiges gebeur en kan gebeur, te verander of te verhinder? Die psalmdigter sê: Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue op die Here stel (vs 5). Dit is woorde wat ons laaf en vertroos. Kyk op na God, die lewende God en Vader. Hy is ons hulp. Hy het dit oor en oor bewys, en die hoogtepunt van Psalm 40 is waar dit duidelik word dat ons in Jesus Christus die finale bewys het van God se genade en liefde vir ons elkeen, want Hy het met sy selfoffer aan die kruis vir al ons sondes ten volle betaal – in ons plek (vs 7-10; Heb. 10:5-10).

Wat Hy van ons vra, is nie allerlei offers of pogings om Hom te behaag of sy guns te wen nie. Ons het dit reeds in Christus. Bly maar net aan Hom gehoorsaam. God het aan ons ore gegee om na Hom te luister! Maar soms beproef Hy ons, soms moet ons ly en swaarkry, juis sodat

ons ons geloof in Hom kan versterk en ons afhanklikheid kan bely. Daarom, hou aan om saam met al God se kinders te weet en te glo:

“Al is ek arm, ellendig,
Hy dink aan my bestendig.
Hy is die Here (aan wie ek behoort), by wie
Daar redding is vir my.
U’s tot my hulp naby.
My God vertoef tog nie!” (Ps. 40:8 berymd)

*Sing: Psalm 40-1:3, 8*

*Prof. A le R du Plooy (Dries) (Emeritus)*

**Donderdag 16 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 48**
**Fokusgedeelte: Psalm 48:2-4**

## Die onaantasbaarheid en heerlikheid van die stad/woonplek van God

Psalm 48 is, soos Psalms 121-134, ’n bedevaartslied. Die pelgrims/reisigers was dikwels vanuit hulle tuisdorpe na Jerusalem op pad om een van die feeste daar by te woon. Op pad daarheen, soos wat hulle die stad Jerusalem nader, word hulle getref deur die grootsheid en skoonheid van die stad en van die tempel op die berg Sion. Die pelgrims besing dan die grootheid en lofwaardigheid van God, en so ook die heerlikheid van die stad Jerusalem. Eerstens besing Psalm 48 die werklike stad, maar dit skemer duidelik deur – soos ook by die profete – dat daar ook ’n nuwe Jerusalem sal wees, groots en skoon, waar God vir ewig sal woon.

God het in die Ou Testament sy teenwoordigheid op aarde versinnebeeld in die ark van die verbond in die tempel in Jerusalem, en in die Nuwe-Testamentiese tyd het God onder ons kom woon in en deur die Heilige Gees, wat Hy in ons harte uitgestort het. Ons, sy volk of kerk, het die woonplek van God geword waarin Hy deur sy Woord en Gees kom woon en werk.

Psalm 48 herinner ons daaraan dat soos wat die tempel en stad van God as sy woonplek ’n onvergelykbare heerlikheid uitstraal, en onoorwinlik en onaantasbaar is teenoor enige vyand (vs 4-9), so is ook die Nuwe-Testamentiese kerk waarin God deur sy Gees kom woon het nadat Christus ons deur sy bloed kom reinig het van sondes en ongeregtighede.

Soos wat dit van die Godstad hier gesê word, naamlik dat dit ’n rotsvesting is, ’n veilige toevlugsoord en skuiling, so is ook sy kerk wat gebou is op Christus as die enigste Rots (Matt. 16). Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Daar kan baie onvleiende opmerkings oor die kerk van die Here gemaak word, en dikwels moet ons inderdaad hoor en sien hoe die kerk deur ons menslike doen en late besoedel en beskadig word, maar ons mag nooit vergeet dat ten spyte van die gebreke van die kerk, dit God se werk is wat Hy in stand hou en wat vir ons gegee is tot ons troos en versterking, want daar hoor ons die evangelie van Jesus Christus en in die kerk troos en bemoedig die Gees van God ons.

*Sing: Psalm 48-2:1*

*Prof. A le R du Plooy (Dries) (Emeritus)*

**Vrydag 17 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 53:1-7 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 53:5**

## Terwyl die dwaas dink daar is geen God … kom die verlossing steeds uit Sion

Wie onthou nog 6 Januarie 2009? Dit was die datum toe Richard Dawkins en kie die ateïstiese busveldtog met die frase “There’s probably no god. Now stop worrying and enjoy your life” geloods het. Dit was die begin van die Agressiewe Ateïstiese-beweging.

Maar nou, meer as tien jaar later, is daar maar min stoom oor. Die dwaas moes die aftog blaas, want sy bene lê verstrooid op die slagveld,

verstrooi onder die sterk apologetiese ontwaking van die kerk. Tog weet ons dat mense steeds nie in geloof in-geredeneer kan word nie, want uiteindelik is die mens tog maar in sy wese net sleg. Daar is waarlik niemand wat goed doen nie, soos vers 4 ons leer.

Die verlossing uit Sion is steeds die enigste manier om gered te word. Ons Here Jesus Christus wat sy lewe aflê in Jerusalem, sodat ons op grond van sy volmaakte offer gered kan word.

Tog sien ons met hartseer steeds 'n samelewing rondom ons wat hulle naaste opeet soos brood en weier om God te dien, selfs al beskou meeste van hulle hulself as Christengelowiges. Weet hulle dan nie van die vreeslike ding wat sal gebeur aan die voleinding van die wêreld nie? Maar meer as dit nog, ken hulle nie die Verlosser uit Sion nie?

Kom ons gaan leef vandag aktief die alternatief tot jou naaste soos brood opeet, uit. Kom ons gaan dien God in die genade van die Verlosser uit Sion.

*Sing: Psalm 53-1: 1, 4*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*

**Saterdag 18 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 61:1-9 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 61:7**

## Ook in ons moeilike tye sit die Koning deur die geslagte steeds op die troon

Psalm 61 fokus op die gemoed van Dawid terwyl hy voortvlugtend is. Voorwaar 'n moeilike omstandigheid in sy lewe. Maar wat hierdie psalm dan juis so duidelik openbaar, is die fokus van Dawid hier in sy swaarkry-omstandighede. Hier waar hy ver van die stad met die altaar en teenwoordigheid van die Here is.

Hier het hy steeds 'n hunkering na die veilige beskutting onder die vleuels van die Here. Selfs al weet Hy dat dit vir hom onbereikbaar is. Dat dit die rots is wat net vir Hom te hoog is, hier vanuit die einde van

die aarde. Tog weet selfs Dawid al hier in die Ou Testament dat daar hoop is, dat daar lig is. Daarom verwys hy na die Koning in die derde persoon in vers 7 en 8. Want duidelik is sy fokus deur die leiding van die Heilige Gees alreeds hier op ons Here Jesus Christus. Hy sit op die troon van geslag tot geslag vir ewig.

Daarom het ons vandag die voorreg om selfs in ons swaar tye te weet dat ons nie aan die einde van die aarde sonder God is nie. Deur die verlossing in ons Here Jesus Christus en die kragtige werking van die Heilige Gees leef ons daagliks in die teenwoordigheid van die Here. Daarom weet ons dat selfs in ons moeilike tye die Koning deur die geslagte steeds op die troon sit, en dit is niemand anders as ons Here Jesus Christus nie.

*Sing: Psalm 61-1:1, 5*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*

**Sondag 19 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 64**
**Fokusgedeelte: Psalm 64:11**

## God gee oorwinning

Om jouself te bluf, is seker een van die mens se gunsteling tydverdrywe. Dit is daardie deel van die sondige mens wat so hardnekkig in ons bly vaskleef, die mens in sy natuurlike toestand.

Soos dit in Psalm 64 beskryf word, is dit ’n vyand. ’n Vyand wat aanval, wat probeer skade maak, seermaak, wat alles probeer wegsteek, want dink hy gaan met alles wegkom. Ons wil baie maklik net vingerwys na die ongelowiges en godsdienstig lou mense rondom ons, maar is ons nie baie keer self deel van die probleem nie? Ons dink ons kan enigiets wegsteek, enigiets verbloem met mooipraatjies.

In Psalm 64 roep God ons tot verantwoording. Ons moet stry, veral teen onsself. Daardie sonde wortel en tak uitroei. Soos Paulus ook sê (Rom. 7:19): “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte

wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.” So word Dawid ook deur hierdie hele proses geneem. Hy kyk eers vas teen sy omstandighede, teen sy eie swak natuur, en kom dan tot die besef dat hy in elk geval op sy eie niks beteken nie. Dit is in God se hande, God bring die ongeregtigheid tot ’n val. Deur God se krag kan ons selfs ons eie sondige natuur afsterf.

Dan juig ons saam met Dawid: Laat die regverdige hom in die Here verbly en sy toevlug by Hom soek, laat al die opregtes Hom prys.

Ons kan staande bly, want God gee vir ons die genade, die verlossing, die regverdigheid in sy Seun en ons Here Jesus Christus. Deur die krag van die Heilige Gees word ons tot nuwe mense opgeroep en is nie meer slawe van ons sondige natuur nie, maar herskep in Christus.

*Sing: Psalm 64-1:1, 7*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)*

**Maandag 20 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 65**
**Fokusgedeelte: Psalm 65:5**

## Die Here gee uitkoms

Dit reën nie baie in Messina nie. Reën is ’n ongewone verskynsel in so ’n droë klimaat. Tog, as daar bietjie reën val, sien mens die absolute dankbaarheid van die boere raak. Psalm 65 sal my altyd daaraan herinner, hierdie Psalm soos Totius in vers 1 berym het, “na bange tyd van somerdroogte, is daar die uitkoms weer”, en hoe die boere en gemeentelede dit saamsing in opregte dankbaarheid.

Psalm 65 beskryf die magtige wonderdade van God. “U sorg vir die land, U maak dit baie vrugbaar.” Voor dit kan gebeur, sorg die Here God vir iets so eenvoudig en alledaags soos reën. ’n Mens verwag baie keer dat God moet ingryp in die groot dinge, dat ons baie keer die klein wonderwerke miskyk.

Hier fokus Dawid weer die mens se gedagtes op die volle glorie van die God wat ons aanbid. Groot en klein, selfs in die vanselfsprekende,

soos reën. Droogte kan ons herinner aan hoe nodig ons God se direkte ingryping in ons eie lewe en in die land se lewe het. God wat die hemele kan oop- en toesluit. En dan, wanneer die hemele oopgaan, hoe wonderlik is dit nie!

Net so dankbaar soos 'n boer ná goeie reënval, so dankbaar moet ons ook wees oor die magtige ingryping van die Here in elkeen van ons se lewe. Ons was dor, dood in ons sonde, en die seën van die hemel af het soos reën op ons geval, om ons uit die kloue van die dood te ruk en ons lewende, vrugbare dele van die ware Wingerdstok te maak, ingeënt in die EEN wat lewe gee.

*Sing: Psalm 65-1:1, 2*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)*

**Dinsdag 21 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 67:1-8**
**Fokusgedeelte: Psalm 67:2, 3**

## Afwagtende hoop en sekerheid in die Here

Plaas jouself in die situasie van 'n boer wat oor die lande kyk wat gereed is om geoes te word. Weke, selfs maande se harde werk, wag, hoop, bid en vertroue ... nou staan die land gereed om sy opbrengs te gee. Met 'n verligte hart en blymoedige gees staan die boer in dankbaarheid voor die Here dat die land sy oes lewer; uitkoms, seën, die voorsienigheid van die Almagtige. Maar die Psalm sing asof daar nog iets kort, asof die oes wat daar voor jou oë staan, nie kompleet is nie ...

Dan besef ons: die oes gaan nie alleen oor versorging nie, dit gaan nie alleen oor behoeftes wat aangespreek moet word nie, maar elke genadegawe uit die hand van God kom tot die mens om die eer van God te besing. Die Here se seën moet altyd vir die gelowige 'n missionêre motivering wees. Ons word nie alleen gevoed en versorg vir ons eie behoud nie, maar tot die eer van die Here.

Die welwese van die mens openbaar die genade van God. Of dit dan

die besonderse genade of die algemene genade is, dit kom tot ons sodat ons die genadige God se lof daarvoor mag besing. Die majesteit van God staan in die sentrum van alle gawes, daarom moet die majesteit van God vir elke gawe en met elke gawe verkondig word. Dit is waartoe die verlossing in Jesus Christus ons roep en vestig.

Leef vanuit die verlossing tot eer van jou Verlosser. Met elke gawe wat jy reeds ontvang het, kan jy met verdere hoop en sekerheid wag op die Here, en Hom deurgaans daarvoor loof.

*Sing: Psalm 67-1:1-3 (Ps. 33 as alternatiewe melodie)*

*Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)*

**Woensdag 22 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 75:1-11**
**Fokusgedeelte: Psalm 75:3, 4 (1933/53-vertaling)**

## Die Here vestig die fondasie

Telkens hoor ons in die Skrif hoe die Here se lof besing word omdat Hy ’n vesting is, ’n rots wat altyd vas bly staan, onbeweeglik, onveranderlik ... alles menslike voorbeelde en persepsies van betroubaarheid en ’n onwankelbare sekerheid.

In Psalm 75 hoor ons hoe God die mens in ’n sekere sin wys op sy kortsigtige en gebroke persepsie van standvastigheid. Die Here is nie maar alleen die standvastige onbeweeglike rots nie, die Here is die Skepper van daardie onbeweeglike rots, nog meer Hy “het die pilare (van die aarde) vasgestel”. Al sou die hele aarde en elke mens wankel ... onthou: die Here jou God het die fondasie van die aarde gevestig.

Dit mag dalk soms voel dat ons “wêreld”, ons lewe geruk word, asof dinge rondom ons wankelrig is. Ja, selfs geregtigheid, die “waarheid” wat daar in hierdie wêreld te vind is, is wankelrig en onseker. Die verwaandheid en arrogansie waarmee goddelose mense standpunt inneem asof hulle misdade geregverdig is, laat mens soms wonder ...

Maar die Here spreek en sê op sy tyd sal Hy regverdig oordeel. Jy,

gelowige, onthou net, al wankel die aarde, selfs al bewe die fondasie onder jou, die Here het daardie fondasie gelê, dit sal nie onder jou ineenstort nie. So het die Here die fondasie onder jou gelê, jou verkwik en kom vestig in sy regverdige oordeel, ons fondasie kom vestig in die vryspraak van ons Here Jesus Christus.

Ons sekerheid is nie gefundeer in die regverdigheid van die wêreld of die sekerheid wat ons of enige mens kan vestig nie, maar alleen die sekerheid wat ons vind in die Naam van ons Verlosser en Here.

*Sing: Psalm 75-1:1, 2, 4*

*Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)*

**Donderdag 23 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 76:1-13**
**Fokusgedeelte: Psalm 76:12**

## Beoefen jou dankbaarheid teenoor God

Die Psalms praat direk met die lesers, omdat dit juis handel oor die emosies van mense wat die Here vrees. Dikwels is die Psalms toepaslik op ons eie omstandighede en leer dit ons hoe om in hierdie omstandighede op te tree en te volhard in die geloof.

In ons teks word die gelowiges vermaan in die uitoefening van hulle dankbaarheid. En dit is ’n baie persoonlike boodskap vir elkeen van ons. Die Jode onder die wet het die gewoonte gehad om offers vir die Here te bring om hulle dankbaarheid vir God se seëninge te wys. Deur die offers het hulle erken dat hulle veiligheid alleen in God rus en dat Hy alleen in hulle behoeftes voorsien en hulle onderhou.

In dié Psalm word hulle opgeroep om te volhard in hierdie godsdiens-oefening. In vers 12 sê die skrywer die gelowiges moet die Here betaal, hulle moet geskenke aan die Vreeslike bring.

Ons moet verstaan wat hierdie “betaal” beteken, want ons weet ons kan geensins bydra tot ons saligheid nie. Nee, die gebruik van offers was juis om dankbaarheid en eer aan God te toon vir dit wat Hy reeds

vir sy volk gedoen het. God se genade en verlossing staan altyd eerste.

Wat beteken hierdie “betaal” dan? Die woord word gebruik om standvastigheid te betoon, hulle word vermaan om altyd te getuig van hulle verlossing wat diep in hulle harte vasgestel is.

Die skrywer verwys na die Here as die Vreeslike, omdat Hy verdien om gevrees te word. In sy regverdigheid weet ons dat Hy die sonde sal straf, maar omdat Hy regverdig is, kan ons ook sy genade leer ken. In sy genade is ons verlossing volbring, en daarom moet ons Hom betaal in dankbaarheid.

Volhard in jou dankbaarheid, want die Vreeslike het volhard in jou verlossing!

*Sing: Psalm 76-1:5, 6*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*

**Vrydag 24 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 81**
**Fokusgedeelte: Psalm 81:2, 11**

## Getuig van die grootste Goddelike ingryping!

Asaf, die Psalmdigter, lewe in die tyd van koning Dawid. Hy het aan die hoof gestaan van die Levitiese sangers en het self verskeie Psalms gedig wat in die Bybel opgeneem is. Hy het in ’n onstuimige tyd geleef. Polities was Israel kort-kort in gevegte met vyandige volke betrokke, en sosiaal en godsdienstig gesproke was dit maar ’n droewige tyd … ’n tyd waarmee ons ook vandag in Suid-Afrika kan assosieer.

Wanneer Asaf die volk oor hulle lou godsdienstige lewe aanspreek, draai hy geen doekies om nie. Dit is asof ons hoor sê: “Julle gee voor dat julle die Here dien en dat julle Hom vertrou (vs 16), maar intussen volg julle julle eie wil na” (vs 13).

Om die volk tot inkeer te bring, neem Asaf hulle terug in die geskiedenis, terug na die wonder van Israel se verlossing uit Egipte (vs 6-8). Een waarheid staan onteenseglik vas: dit was slegs deur kragtige

Goddelike ingryping dat daar in die verlede vir Israel verlossing gekom het. Luister daarom, Israel, elke mond moet bely: "Die Here alleen is God en Verlosser (vs 11a), Hy is ons Sterkte (vs 2), en Hy is ons Versorger (vs 11b). Vertrou Hom en dien Hom alleen" (vs 2-4).

In Suid-Afrika staan ons vandag in 'n soortgelyke realiteit. Ons redding is slegs in die Here te vind. Anders as Israel, kyk ons nie terug na 'n redding van slawe-arbeid in Egipte om onsself aan God se genade en krag te herinner nie. Ons kyk terug na 'n kruis op Golgota waarvandaan daar ewige verlossing gekom het vir elkeen wat in Christus glo. Dit is die kragtigste Goddelike ingryping denkbaar, en op hierdie verlossingsdaad moet ons met dankbare gehoorsaamheid antwoord.

"Jubel tot eer van God ons sterkte …" (vs 2a).

*Sing: Skrifberyming 2-5:1, 3*

*Dr. SP van der Schyff (Fanie) (Pretoria-Brooklyn)*

**Saterdag 25 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 82**
**Fokusgedeelte: Psalm 82:1; Romeine 8:31-39**

## God lewer uitspraak!

Hierdie is ook 'n Psalm van Asaf en word deur talle teoloë beskou as een van die moeilikste Psalms om te verstaan. Die gedagte van 'n hemelse vergadering tussen hemelwesens (vs 1) en God wat maghebbers "gode" noem (vs 6) is nie deel van ons aardbewoners se normale woordeskat nie. Tog is dit duidelik dat hierdie Psalm oor 'n regsgeding tussen die Hemelse God en maghebbers handel.

Asaf wys op die sondige realiteit van magsvergryp. Waar weeskinders en hulpelose mense deur die reg beskerm moet word, verdraai maghebbers die waarheid van die reg deur onregverdige beslissings ten koste van uitgelewerde mense: "… julle gaan eenvoudig in duisternis voort …" (vs 4). God, die Hemelregter, gryp egter in (vs 1, 2). Die sonde van magsvergryp sal nie ongestraf gelaat word nie!

Ons leef in ’n Suid-Afrika waarin magsvergryp in ons geskiedenis ’n realiteit was, tans is, en menslik gesproke in die toekoms nog sal wees. Ons het ook leiers wat “verafgod” (vs 6) was en word en sal word, en wat “eenvoudig in die duisternis” (vs 4) voortleef sonder ontsag vir ons Here. Om beskuldigend vinger te wys en modder rond te gooi, is maklik en menslik. Voordat jy egter verder aan die magsvergrypers dink, dink eers aan jouself. Is “hulle” korrupte leefwyse in die duister erger as rassisme, skinder, formalisme …? As die Hemelregter regverdig oor jou/my moes oordeel, wie sou ooit vrygespreek kon word?

In Romeine 8:31 ev. word ’n hemelse hofsaak uitgelig wat ons as Christene se lewens onherroeplik verander het … die Hemelregter het reg gespreek in ons guns! God is vir ons, wie kan dan ooit teen ons wees? Christus het vir al ons sondeskuld betaal, wie kan ons daarom ooit aankla? Ons is ewig aan ons Here verbind, wie kan ons ooit van sy liefde skei?

Dit is die groter realiteit as magsvergryp en onreg in ons eie pragtige land en regoor die hele wêreld. Vir ons as Christene gee dit perspektief in hierdie lewe. Dit is asof ons ’n Asaf van ouds opnuut hoor sê: “Selfs al is daar onregverdige magsvergryp wat jou lewe lamlê, onthou altyd, God is vir jou, niemand kan ooit teen jou wees nie en niemand kan jou ooit van sy liefde skei nie.” Hou daaraan vas as troos en getuig vrymoedig daarvan.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6*

*Dr. SP van der Schyff (Fanie) (Pretoria-Brooklyn)*

**Sondag 26 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 84**
**Fokusgedeelte: Psalm 84:6-8**

## Nuwe krag keer op keer

Die digter, wat in die ou bedeling lewe, druk sy verlange na die lewende God uit in sy liefde vir die tempel. Vandag gaan dit vir ons oor

die samekoms van die gemeente waar ons die Here ontmoet en sy guns ons omring.

Ons is almal op pad na die nuwe Jerusarem. Daar sal nie ’n tempel wees nie. Die Here God en die Lam is die tempel (Op. 21:22). Hierdie pad wat ons loop, is die pelgrimspad van die geloof.

Dit is nie ’n maklike pad nie. Ons moet teenstand en aanvegting verduur. Dit is ’n pad wat enduit geloop moet word en baie volharding vra. Maar die Here gee ons ook die krag om vol te hou op hierdie pelgrimspad.

Psalm 84 praat van ’n “dorre laagte” waardeur die pelgrims moet trek. Dit wys op die feit dat geloof soms baie inspanning verg en baie teenslae moet verduur. Maar gelowiges wat deur ’n dorre laagte trek, ontvang keer op keer nuwe krag van die Here om die pelgrimspad te voltooi.

Soms kom die hulp en verkwikking op ’n onverwagte manier. Die hulp kom daar in die dorre laagte deur fonteine wat oopgaan en ook deur vroeë reëns. Soms is die pelgrims se oë gerig op die wolke vir uitkoms, en dan gaan daar ’n fontein voor hulle oop! Ander kere soek hulle ’n fontein en dan gee die Here reën.

So help en verkwik die Here ons totdat ons voete eendag in Sion sal staan!

*Sing: Psalm 84-1:1, 3*

*Dr. F van der Walt (Frans) (Emeritus)*

**Maandag 27 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 100:1-5**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:1-5**

## Lofprysing

In hierdie psalm sien ons veral die gelowiges wat die Here se aangesig opsoek in die erediens. Ons kry die indruk van sy teenwoordigheid tussen mense wat in sy Naam vergader. Dit laat die geloofsrykdom bruis uit die siele van hulle wat almal oproep om God te prys: *“Juig, al wat leef, juig*

*voor die HEER! Dien God met blydskap, gee Hom eer ...”*

God het ons met Hom versoen deur Jesus se offer, nou kan ons met blydskap ons offers bring. Ons word opgeroep om nader te kom voor sy aangesig en Hom te prys met ‘n lofgedig! Ons word opgeroep om te erken: *“Die HEER is God ...”* Hy het ons gemaak, en ons is syne. Ons bestaan en wat ons is, is vrug van sy goddelike vermoë. In sy genade het Hy ons verkies en sal Hy ons nooit loslaat nie. Hy het ons vir Hom bymekaargebring, *“’n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees”*.

Daarom kan ons die aangesig van die Here opsoek deur erediens toe te gaan. Ons mag saam daar wees as uitverkore verbondskinders en gehoor gee aan die oproep, “verhef sy lof en prys sy Naam”.

Ons het as gelowiges die plig en voorreg om die Here te dank en sy Naam te prys, want soos in sy huis, het ons nog net liefde en die goeie van Hom ontvang en sy trou ondervind. Alle geslagte, ook die wat nog kom, sal van sy goedheid, goedertierenheid en trou getuies wees.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Dagstukkie Almanak 2007*

**Dinsdag 28 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 110 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 110:1, 4**

## Jesus Christus is ons ewige Priesterkoning!

Net die blote feit dat Psalm 110 veertien keer in die Nuwe Testament aangehaal word, moet vir ons sê dat ons hier met ’n baie besonderse lied te doen het. Die priesterkoning van Psalm 110 word in die Nuwe Testament die Messias, waarin die beloftes verbind aan die huis van Dawid (2 Sam. 7) op ’n besondere wyse vervul word.

Psalm 110 kom uit die koningstyd van Israel. Dawid het hierdie lied geskryf vir die dag wanneer sy seun Salomo koning sal word. Maar in Israel was dit onmoontlik vir selfs iemand soos Salomo met al sy

wysheid om tegelyk koning en priester te wees. Wat nog te sê van "ewige koning" en "Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek" (vs 4).

Die woorde van die Psalm styg dus uit bo 'n finale vervulling in die tyd van die Ou Testament self. Alleen Jesus kan volkome Priesterkoning wees! Want Hy alleen het die mag en gesag van God ontvang om te triomfeer (vs 1-2). As Priester het Hy nie bloot offerandes gebring nie, maar Homself vir ons as offer gegee (vs 3). Sy vyande, selfs die dood, die Bose en die hel het Hy verpletterend verslaan (vs 1). En nou, aan die regterhand van God ons Vader, tree Hy voortdurend biddend vir ons in en bring Hy sy versoeningswerk voor God, sodat ons heeltemal vry en rein voor God kan staan.

Alles is reg. God is ons Vader, en ons is sy kinders. Die skepping, wat skeefgetrek is as gevolg van die sonde, is in Jesus Christus herstel. Jesus Christus is waarlik ons Ewige Priesterkoning! Het jy Jesus Christus as Ewige Priesterkoning in jou hart gekroon?

*Sing: Psalm 118-1:8*

*Dr. De Wet Saaiman (Krugersdorp)*

**Woensdag 29 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 136**
**Fokusgedeelte: Psalm 136:1**

## Loof die Here!

Loof, dank, erken die Here is goed. Aan sy liefde en goedheid is daar geen einde nie. Maar waar is sy goedheid en troue liefde wanneer ons bekommerd, hartseer, eensaam, of siek is?

Met beurtsang word ons gedagtes weg van ons geneem en op die Here gerig. Hy is immers magtiger en groter as al die gode en heersers van die wêreld. Kyk net wat het Hy reeds gedoen:

Eerstens (vs 4-9): Hy het die aarde en alles daarop en daarin en daarrondom geskep. Hy het lig geskep wat die donkerte verdryf.

Tweedens (vs 10-16): Ten spyte daarvan dat die mens Hom teleurgestel

het en aan Hom ongehoorsaam is, het Hy hulle nie summier vernietig nie. Inteendeel, Hy het Hom aan hulle verbind en verlossing beloof. Daarom het Hy hulle uit die Egiptiese slawehuis bevry. Daarna het Hy hulle vir 40 jaar lank in die woestyn versorg toe hulle oppad was na Kanaän.

Die verlossing uit Egipte was ’n skaduwee van die verlossing wat God se Lam gebring het toe Hy ons van die slawerny van sonde en die duiwel verlos het. Ons is nog nie in die hemelse Kanaän nie, maar as’t ware nog onderweg in die woestyn. God versorg ons tydens die reis deur hierdie onherbergsame wêreld.

Derdens (vs 17-25): Israel het nie vir ewig in die woestyn rondgeswerf nie. Ná 40 jaar het God hulle Kanaän ingelei. Hy het die vyandige konings wat daar gebly het, in hulle hand oorgegee.

God se trou in die verlede bemoedig ons in die hede. Die huidige woestynreis met sy ontberinge sal verbygaan. God versorg ons op ons reis na die hemelse Kanaän.

As ons raaksien wat God reeds gedoen het en waarmee Hy tans besig is, kan ons sing: *Aan sy liefde, sy goedheid en trou, is daar geen einde nie.*

*Sing: Psalm 136-1: 1, 2, 3, 19*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*

**Donderdag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 142**
**Fokusgedeelte: Psalm 142:6**

## Roep na God in jou nood

Dawid was ’n opregte gelowige. God het hom reeds as die volgende koning van Israel laat salf en sy Gees het kragtig in hom gewerk. Dawid het Goliat verslaan en hy het respek onder sy volksgenote afgedwing. Israel en Juda was lief vir hom en hy is met koning Saul se dogter getroud.

Tog moes Dawid by geleentheid vir koning Saul vlug en in ’n grot bly, want Saul wou hom doodmaak! Dawid was moedeloos en alleen. Niemand het hom gehelp nie. Dawid het Psalms 57 en 142 geskryf na aanleiding van die tyd wat hy in ’n grot weggekruip het, moontlik ná sy verblyf in die Adullamgrot (1 Sam. 22) of in die grotte by En-Gedi (1 Sam. 24).

Waar was God? Dawid het gebid, geroep, gesmeek, maar die toekoms waarvan God hom vroeër verseker het, het so onmoontlik gelyk. Dawid het sy totale weerloosheid erken.

Hy het sy toevlug tot God geneem en bely dat God sy deel in die land van die lewendes is. Soos die Levi-stam geen deel van Kanaän gekry het nie, het Dawid gevoel hy het ook geen plek nie. Die Leviete het van die offers wat die ander stamme vir God gegee het, geleef. God was hulle deel. God was Dawid se deel. Hy was heeltemal van Hom afhanklik.

God verlaat nooit sy kinders nie, al voel dit vir hulle so. Hy verlaat hulle nie, omdat Hy ons Here Jesus, Dawid se nasaat, aan die kruis verlaat het.

God het Dawid se smeekgebede gehoor en op sy tyd vir Dawid uitkoms gegee. Sy familie en ’n klomp ander mense het by hom aangesluit. So het ’n nuwe tyd aangebreek wat hom voorberei het om koning te wees. God het nie net sy gebede verhoor nie, maar ook uit die slegte goeie dinge laat voortkom.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*

**Vrydag 31 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 149**
**Fokusgedeelte: Psalm 149:4**

## Die Here kroon die hulpeloses

Israel sing ’n nuwe lied. Hulle het die Here met die lied geëer, want Hy het hulle gered. Hulle was swak en hulpeloos, maar God het hulle

daarvan verlos. Die digter sê nie wat hulle hulpeloos gelaat het nie. Miskien was dit ’n oorlog of ballingskap.

Hulle bring eer aan hulle Maker en Koning, want Hy is ’n goeie Koning wat hulle red van hulle vyande en sorg dat hulle in vrede kan leef.

Hulle is gemotiveer om die stryd verder aan te sê. Hulle is gewapen met tweesnydende swaarde. Hulle besef dat dit nie hulle stryd is nie. God het reeds die uitkoms daarvan vasgestel en Hy gebruik hulle om die stryd te voer. Hulle prys Hom daarvoor.

Hierdie Psalm wys vooruit na die grootste verlossing van alle tye. Jesus Christus het mens geword om hulpeloses, afhanklikes, treurendes, sagmoediges, hongeriges en dorstiges te red (vgl. Matt. 5: 1-12). Hy het die hoogste prys betaal om ons te red. Hy is aan ’n kruis vasgepyker en deur God verlaat om elke hulpelose wat na Hom toe vlug, te red.

Ons Here het oorwin en die duiwel se grootste wapen, die dood, van hom weggevat. Hy het die dood oorwin, opgevaar na die hemel en heers nou as Koning. Die duiwel is besig met sy laaste stuiptrekkings voordat die stryd finaal afgehandel.

God rus ons toe vir die stryd. Hy gee vir ons die swaard van die Gees, die woord van God (Ef. 6:17) om onsself te verdedig, maar ook om die duiwel aan te val. Ons val aan deur die goeie boodskap aan hongeriges en dorstiges te bring. So breek God se koninkryk al meer deur.

Ons kan nou reeds ’n nuwe lied sing en God prys, want ons weet reeds wat die afloop gaan wees.

*Sing: Skrifberyming 14-3: 1, 3, 4*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*

## AUGUSTUS
## Spreuke

Die kanoniek van die boek Spreuke is nie só bepalend vir die verstaan van die boek soos wat die geval is met byvoorbeeld die Klein Profete nie. Die rede hiervoor is dat baie van die Spreuke losstaande spreuke is en om hierdie rede nie aan die omstandighede en gebruike rondom die betrokke gedeelte gekoppel kan word nie. Spreuke begin egter deur wysheid as 'n persoon te beskryf (hoofstukke 1 tot 9). Wat hierna volg, is hoe hierdie wysheid in verskillende omstandighede uitgeleef kan word binne die koninkryk van God.

*– Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*

**Saterdag 1 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-7 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:7**

## Kennis begin met die dien van die Here!

Spreuke gee vir ons 'n skatkis van onskatbare waarde. Die wyshede word deur Salomo, seun van Dawid, koning van Israel opgeteken. Hiermee verkry elke vers gesag. Salomo se wysheid is bekend. Sy verhouding met God maak hom geskik om lewenswaarhede te deel. Naas die *praktiese raad* vir elke situasie waarvan ons in Spreuke leer, word *verhoudinge* beklemtoon. Daar was destyds baie ander wysheidsliteratuur beskikbaar. Spreuke beklemtoon dat ons optrede nooit los van God kan plaasvind nie. Ons kry wyse raad vir ons huwelik, werksituasie, opvoeding, humeur, skinder, eerlikheid en ander. Dit is verbasend hoe reguit en eerlik die Skrif oor elke aspek van ons lewe praat. Elke boek, tydskrif, TV-program, berader en wie of wat ook al, is gereed om vir ons oplossings te gee:

- Tien dinge om te doen as jy depressief is
- Vyf maniere om op te hou rook of drink
- Drie stappe om die vlam in jou huwelik terug te kry
- Sewe beginsels vir geestelike groei.

In wese is elke mens SOEKEND. Daar is 'n HONGER na WYSHEID.

- Spreuke sal jou leer om te kan onderskei wat reg en verkeerd is.
- Spreuke sal jou help om die raaisels en dubbelsinnighede van die lewe op te los.

Dit is die kern van vers 7. Om die *Here te dien*, beteken dat ek:

- God ernstig opneem
- 'n lewende verhouding met God beleef
- my instruksies van die Here af kry.

In die volgende weke gaan ons meer hiervan lees.

*Sing: Psalm 19-1:4*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*

**Sondag 2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:8-9 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:8, 9**

## Slim en mooi

Omdat dit in Spreuke gaan oor verhoudinge en die regte belewing en uitleef daarbinne, tref die persoonlike aanslag ons dadelik. Spreuke gaan oor meer as inligting, reëls en voorskrifte. Dit gaan oor 'n leefwyse wat op verhoudinge gebou is. Een van die nouste samelewingsverbande bestaan tussen ouers en kinders. Van vroeg af moet die wysheid waaroor Salomo skryf, by kinders inslag vind. Die vennootskap tussen ouers en kinders bly die kern vir 'n gesonde samelewing. Iets van die verbondsverantwoordelikheid wat ouers by die doop opneem, word hier beklemtoon. Vader en moeder word hierby ingespan. Met twee werkwoorde verduidelik Salomo hoe die kennis oorgedra word:

- *Luister* – Dit vra 'n bepaalde gesindheid. Dit beskryf 'n soort houding. Dit vra hoopvolle afwagting. Dit openbaar onderdanigheid. Dit eis al my aandag op.
- *Leer* – Hier word beklemtoon dat daar inspanning en opoffering sal wees. Die opdrag herinner aan 'n oefenprogram. Daagliks moet ek die voorskrifte nakom. Dit word 'n leefwyse.

Dit word 'n saak van lewe en dood. Dit stel hoë ise. Dit gaan oor God se eer. Moenie dit verontagsaam nie. Want daar volg 'n beloning. In 2 Kronieke 1:11-12 het Salomo wysheid gekies en daarby rykdom ontvang.

'n *Krans* en 'n *kettinkie* was simbole van rykdom en het aangedui dat die draer tot 'n adelstand hoort. Die dra van juwele het waarde toegevoeg en skoonheid beklemtoon.

Christus het aan die *kruis* gesterf sodat ons die grootste beloning ooit kon ontvang. Op grond hiervan gaan ons verder luister en leer wat Spreuke verkondig.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*

**Maandag 3 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 2 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 2:1-5**

## Laat jou boeke klop

Moenie Spreuke ignoreer nie. Die verskil tussen wysheid en dwaasheid is die verskil tussen lewe en dood, die hemel en die hel. Die opeenstapeling van vyf werkwoorde in vers 1-4 maak ’n dringende oproep: Maak dit jou eie, hou jou ore oop, vra na gesonde begrip, soek intens en spoor op.

Spreuke beklemtoon met kort bevele die dringendheid om die regte keuses te maak. Dit geld vir elke aspek van ons lewe. Nadat die skrywer in die eerste aantal verse verduidelik het waarom wysheid so belangrik is, gebruik hy nou voorbeelde. Teorie word PRAKTYK.

Spreuke is nie ’n handboek nie, maar ’n padkaart of ’n inkomste/uitgawe-staat. Daar is voortdurend veranderlikes. Partykeer beland ek in ’n doodloopstraat. Ek beplan my finansies, maar siekte, gesondheid of verlies van inkomste verander die prentjie. Dan het ek wysheid nodig.

Kom ons probeer Spreuke 2 verduidelik aan die hand van ’n inkomste/uitgawe-staat. Ons kan die hoofstuk so verdeel: God se wil vir my lewe (vs 1-5), opsomming van dit wat God vir my gee (vs 6-12), ons leer die Bose ken wat ons op afdraaipaaie wil neem (vs 13-19), en laastens ’n beloning vir hulle wat reg doen (vs 20-22). Dit is die dinge wat God gee – noem dit krediete. Daar ontstaan omstandighede wat dit wegneem – noem dit debiete. Ek kan dit voorkom deur op die pad van die goeie mense te loop en die weë te bewandel wat God gee.

Hiervoor moet jy jou sintuie inspan. HOOR, SIEN en DOEN (Spr. 2:1-5).

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*

**Dinsdag 4 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-12**
**Fokusgedeelte: Spreuke 3:5-6**

## Vertrou God met jou lewe

Ons wil maar altyd in beheer bly … netnou behels gehoorsaamheid aan God iets wat nie so gemaklik inval by my plan nie en dan wil ek darem nog die laaste sê hê … Nee, Spreuke 3 praat van die teendeel: dat jy God sal vertrou met jou lewe. Met die rigting van jou lewe, met die eindpunt, met die roete daarheen, met die medereisigers wat deel is van die pad, dat jy God sal vertrou dat sy wil die beste vir jou is.

Spreuke 3 beteken ek plaas my lewe in God se hand. Hy beheer die GPS, die stuurwiel, en ook die doel van die reis. Al voel dit soms nie so nie, is dit egter die veiligste plek. God sien die groter prentjie, Hy weet waarvandaan Hy my gebring het, Hy is reeds daar waar ek nog moet gaan.

"Moet dan nie op eie insigte staatmaak nie": Jy is nie bedoel om God by jou agenda te laat inval nie, maar jy eerder by syne.

"Ken Hom in alles wat jy doen": Leef met jou HELE lewe in 'n kenverhouding met Hom deur geloof in Jesus Christus.

Die belofte in vers 6 is: Hy sal jou die regte pad laat loop. Nie altyd die maklikste pad nie, nie altyd die kortste pad nie, maar die regte pad. Hy lei jou nie altyd na waar jy dink jy wil gaan nie, maar na waar jy moet wees.

Die vraag is dus nie watter pad moet ek loop nie … die vraag is: Hoe naby is ek aan die Here, want as ek naby aan Hom is en maar net volg waar Hy my lei, is ek op die regte pad.

*Sing: Psalm 25-1:2, 6*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*

**Woensdag 5 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 4:10-19**
**Fokusgedeelte: Spreuke 4:13, 18**

## Stap God se pad

Dis maklik om die regte pad te loop, as dit maklik gaan. Dis maklik om Bybelse raad te volg wat eintlik net bevestig wat jy dink en wil hê. Maar wat as dit moeilik is om die regte pad te loop, as dit gaan geld kos, as dit jou dalk gaan uitskuif uit die "cool" groep, as dit nie is waarheen jou natuurlike begeertes/denke jou heen lei nie?

Ons moet vashou aan wat die Here ons leer (onderrig om die regte pad te stap/tug/dissiplineer), juis wanneer dit moeilik is om dit te doen. Daar is eintlik 'n driedubbele aanmoediging om nie af te wyk van wat die Here jou leer nie: hou vas, moenie laat los nie, bly daarby (vs 13).

Ander die ander kant is daar ses keer in vers 14-15 'n waarskuwing om weg te bly van die verkeerde pad.

Jesus is die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14). Vanuit ons verhouding met Hom leef ons in lyn met sy wil … nee, baie meer, baie sterker: ons klou vas aan wat Hy leer, en ons verwerp die verkeerde pad. Die pad van heiligmaking vanuit ons verhouding met Jesus as ons Verlosser is 'n intense proses, deur die krag van die Heilige Gees.

- Kan mense die helder oggendlig, wat sterkter word en groei, in ons lewens sien?
- Hoe intens is ek besig om, vanuit my verhouding met God, te stry om die regte pad te loop?

*Sing: Psalm 119-1:7, 39*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*

**Donderdag 6 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 5:15-23**
**Fokusgedeelte: Spreuke 5:18-19**

## Geniet die lewe met jou huweliksmaat!

Onderliggend in hierdie gedeelte is dat ons moet aangryp en geniet wat God ons gee en nie heeltyd hunker na iets anders wat ons nie het nie. Enkeles wil hierdie gedeelte figuurlik verklaar dat ons nie agter afgode moet aanloop en ware lewe op ander plekke as God soek nie.

Daar is eerstens ’n direkte toepassing op die huwelik. Die Here het jou ’n fontein gegee (vs 15), daar was ’n rede hoekom jy met iemand getrou het, jy het in die Here en voor die Here beloftes teenoor mekaar gemaak. Julle is eksklusief vir mekaar gegee. Dit is ’n gawe van God. As kinders van die Here in die huwelik bely ons dit oor die huwelik.

Daarom: Erken dit as gawe van God, besing die lof van jou huweliksmaat, fokus op die mooie, verheug jou oor die persoon met wie jy in die huwelik is (vs 18), geniet die persoon en verhouding wat jy het (vs 19). Dit is vanuit die genade in Christus en die werking van die Heilige Gees ’n keuse om jou maat lief te hê. Dit is juis wanneer jy die persoon raaksien wat God jou in die huwelik gee (as jy as’t ware deur God se oë na jou huweliksmaat kyk) dat liefde groei, jy mekaar nadertrek na God toe, dat jy vervulling en vreugde in jou huwelik beleef.

Moenie vergelyk, of onvergenoegd raak, ondankbaar raak, rondsoek, agterdeure op skrefies ooplaat nie … dit lei tot oortreding wat jou gaan inhaal (vs 22), dit is dwaasheid wat sleg eindig (vs 23). Die duiwel werp alles in die stryd in aanvalle op Christenhuwelike, hy wil breek in die verbond van die huwelik wat God gee.

Voor God wat ons lewens ken (vs 21), en in Wie ons die lewe het … laat ons die volheid leef wat God vir ons bedoel in die huwelik wat Hy ons gegee het.

*Sing: Psalm 128-1:1, 2, 3*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*

**Vrydag 7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 6:1-11**
**Fokusgedeelte: Spreuke 6:1-11 (1933/53-vertaling)**

## Kyk na die miere – hulle is fluks

Spreuke hanteer doelbewus bepaalde terreine van ons lewe waar jou besluite en gedrag deurslaggewende gevolge kan hê. Die wysheid in hoofstuk 6 beklemtoon finansiële omsigtigheid en ’n bepaalde werksetiek met ook morele voorskrifte wat nodig is om met jou gemeenskap om te gaan. Dit is egter nie losstaande sake nie. Elk van die sake in ons gelese gedeelte hak ook weer die een by die ander in. As daar nie versigtig genoeg met borgskap omgegaan word nie, sal dit finansiële implikasies het. So een moet sy oë nie slaap gun nie.

Tog bou Salomo in hierdie besondere wysheid voort, want waar verkeerde borgskap besondere implikasies kan hê wat harde werk insluit, moet ons harde werk ’n bepaalde werksetiek in ons lewe teweegbring. As daar nie hard gewerk word nie, is armoede die rondloper wat jou gaan vang. Armoede is swaar om in die gemeenskap mee om te gaan.

Die luiaard moet egter nie eerste sy oë op die gemeenskap rig nie, maar moet ondertoe kyk, grond toe, waar die miere aan die werk is. Spreuke laat ons twee maal na die miere kyk. In hoofstuk 30:25 is die miere ’n “volk”, maar hulle is nie sterk nie. Hulle krag lê in hulle beplanning. Hulle berei hulle voedsel in die somer terwyl die kos daar is en die tyd reg is. Dit gaan nie net om die wysheid in hulle fyn beplanning nie, maar die miere se wysheid begin met die regte daad op die regte tyd. Dit is die wysheid waarna ons vandag in God se koninkryk moet soek en uitleef.

Wees fluks in die tyd wat reg is. Doen die regte daad op die regte tyd. In Christus verwag God dit van ons. Wanneer ons ondertoe na die miere kan kyk, kyk ook fluks boontoe na Hom wat die regte daad op die regte tyd by die regte dag sal uitbring.

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)*

**Saterdag 8 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 8:1-21**
**Fokusgedeelte: Spreuke 8:1-11 (1933/53-vertaling)**

## Wysheid praat vir haarself – wat het "sy" te sê?

Veral word in Spreuke 1 tot 9 wysheid as baie waardevol voorgestel en moet die jongmense wat die toekomstige leiers sal wees, tot hierdie wysheid aangetrokke wees. Wysheid word hier as 'n aantreklike vrou voorgestel. Sy praat soos 'n mens. Hoofstuk 8 wil vir alle mense, maar dan veral ook die jongmense, 'n hele paar kerntemas saamvoeg in wat sleutelterme vir ons lewe moet wees. Hierdie wysheid roep soos 'n mens na iemand anders roep. Wysheid het altyd 'n stem waarmee sy jou na haar wil roep. Dis 'n roepe in sekerheid, dis ook 'n openbare roepstem. Sy wil nie dinge vir jou wegsteek nie. Sy roep vanaf die hoogtes en sy staan ook by die kruispunt van die paaie. Daar waar baie mense, reisigers, boere, soldate daardie pad kruis, moet hulle haar hoor. Dit is hierdie wysheid in die openbare domein wat 'n hele gemeenskap en gemeente kan hervorm. Hierdie roepe in die openbaar wil tegelyk elkeen in sy eie persoon nader roep. Sy roep na manne, maar sy wil haar stem tot elke mensekind rig. Daar is inderdaad soveel skatte wat sy kan aanbied. Daarom dat sy in vennootskap met die mense wil tree. Sy waarsku ons dat ons so maklik dwaas kan handel. Daarom roep sy haar kinders, die jongmense, met woorde wat betroubaar is. Tegelyk wys sy daarop dat ons lewe in 'n wêreld waar onbetroubare woorde en leuens, slinksheid en valsheid so dikwels ons kan mislei. Haar waarheid is ver bo die waarde van die kosbaarste edelmetaal. Silwer en uitgesoekte goud kan nie hiermee vergelyk word nie. In hierdie wysheid het Christus gespreek. Soos wysheid hier in Spreuke 'n persoon word wat tot ons spreek, so besef ons Christus het méér as hierdie Persoon geword. Hy wat mens geword het, het wysheid gespreek. Hy wat ook vir ons geword het die Wysheid uit God (1 Kor. 1:30).

*Sing: Psalm 34-1:6*

*Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)*

**Sondag 9 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 8:22-36**
**Fokusgedeelte: Spreuke 8:22-31 (1933/53-vertaling)**

## God het wysheid eerste gemaak

Toe God die hemel en die aarde geskape het, was wysheid al deel van God se skepping. Wysheid is in werklikheid ouer as wat die hele skepping kan wees. By elke skeppingsgebeurtenis was die wysheid teenwoordig. Die wysheid vorm dan die belangrikste bousteen van God se skepping. Dit is die fondament waarop die hele skepping en alles wat lewe, gebou moes word. Wysheid praat uit eie reg om haar volle plek in die hele skepping van God aan te dui. Wysheid het self "gesien" hoe God die aarde georden het in 'n hemel daarbo en 'n aarde hieronder en waters rondom dit alles. Tog kan sy deur niks van hierdie geskape dinge ingeperk word nie. Wysheid vorm inderdaad deel van die verbinding tussen God en sy skepping. Dit gee alreeds aan haar 'n "middelaarsrol" omdat sy in verhouding tot God maar ook in verhouding tot die skepping en in besonder in verhouding tot die mens geplaas is. In hierdie rol bring sy vreugde, want God het Homself kon verbly om te sien dat alles wat Hy gemaak het, baie goed was. Dit is wysheid wat hierdie goedheid baie goed gemaak het. Dit gee nie alleen vreugde aan God nie, maar wanneer die mens sy arms om haar as wysheid kan slaan, dan gebeur daar iets so wonderlik en vreugdevol. Dan begin die mens die skepping in die lig van God se wysheid te stel. Die mens is dan in staat om die hele kosmos met God se wysheid te verbind. Die vreugde wat God ervaar in wat Hy as goed geskape het, wil Hy in Christus, ons volmaakte Wysheid, vir ons dieselfde tipe vreugde verskaf deur ons by hierdie wysheid uit te bring. Dit maak God se skepping nie alleen goed nie, maar dit word "baie goed". Dit laat dinge reg verloop omdat alles op sy plek gestel is en kan werk en saamwerk soos die Here dit bedoel het toe Hy alles geskape het.

*Sing: Psalm 33-1:5, 7*

*Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)*

**Maandag 10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 10:1 – 11:13**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:20-21**

## God se wysheid vir die mens op straat

Mense sien wysheid as die resultaat van jarelange studie uit dik akademiese boeke. In die Bybel ontmoet jy Wysheid langs die straat, op die sypaadjie, by die groenteverkoper, by die bushalte. ’n Mens is verras as Spreuke jou aan die slimste Wysheid voorstel op ’n bankie onder ’n boom, tussen die rumoer in die supermark, die geklets en aanpas in die klerewinkel, die gesteun en gekreun op die sportveld, in die lang ry motors op die oop pad.

In Spreuke 1:20-21 is God verrassend nuut en vars oor wysheid. Wysheid is ’n gawe van God (1 Kon. 3:28; Ef. 3:10). Hy is volmaak wys (Ef. 3:10; Luk. 7:35). Die Heilige Gees gee dit aan ons (1 Kor. 12:8). In Christus “is al die verborge skatte en wysheid en kennis te vind” (Kol. 2:3). Alle wysheid is Goddelike wysheid. Dit is wysheid in die praktyk van die lewe. Dit is wysheid om daagliks te gebruik terwyl jy lewe as God se kind.

God se wysheid in Christus word deur die Heilige Gees in die Bybel aan ons gegee. Daarin wil die Here ons onderrig oor ons daaglikse lewenswandel as sy uitverkore kinders (Spr. 1:2). God se Woord van wysheid kan dus nie afgegrens en ingeperk word net vir jou binnekamer of net vir jou huis of studeerkamer of net vir die kerkgebou nie. Dit is nie net bedoel vir jou godsdiens nie, maar dit is van betekenis so wyd soos die lewe self is. God se wysheid is bedoel vir jou volle praktiese lewe.

*Sing: Psalm 119-1:21*

*Dagstukkie Almanak 2001*

**Dinsdag 11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 11:14 – 12:28**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:22a**

## Die sondige optrede van 'n dom aap

Iemand is ’n “dom aap!” as hy onnosel, onnadenkend en dwaas optree. Spreuke 1:22a praat van so ’n mens. Dit is iemand wat maklik verlei word, wat naïef is, wat maklik beïnvloed word, wat maklik onder verkeerde invloed kom (Spr. 1:32; 7:7; 14:15; Job 5:2; Ps. 19:8; 116:6).

Só is baie mense, sê Spreuke. Hulle wil God in sy Woord nie ken nie en na sy raad nie luister nie. Hulle klou vas aan hulle onkunde, en onkunde bevorder sonde (Luk 23:34). Die onkundiges is verslaaf aan hulle oningeligte begrip van wat goed en kwaad is. Die eenvoudiges is verknog aan hulle vooroordele teen die weë van God. Die dwase is in hulle element as hulle iets dom-astrants doen. Die onverstandiges vlei hulleself in hulle goddeloosheid.

Wie na God luister, word verlos van onkunde. God gee ware, diepgaande, allesomvattende kennis. God se kennis gee koers en rigting en laat jou die dwaalweë raaksien, bring jou tot die besef dat jy dom-astrant is in jou eie bepaling van wat reg en verkeerd is. God se wysheid wys die pad aan uit die donker oerwoud van sonde en ongeregtigheid.

Volhard jy in sonde sonder om jou te bekeer? Hou jy aan met sonde, al weet jy van beter? Doen wat Spreuke 1:23 sê: “As julle luister na my teregwysing, gee ek julle my wysheid in oorvloed en leer ek julle my woorde begryp.”

*Sing: Psalm 73-1:9*

*Dagstukkie Almanak 2001*

**Woensdag 12 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 13:1 – 14:21**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:22b**

## Ou grootmond met sy spogpraatjies

Iemand wat spog, word ’n grootmond genoem. Skoolkinders koggel ’n grootprater baie gou: “Meer bek as binnegoed!”

Grootpraat is sonde (Jak. 4:17), want ’n grootprater roem sonder rede in homself (Jak. 4:16). Hy lieg, want dit wat hy van homself sê, is onwaar, dit is aangedik, daar is bygelieg. Hy vergeet dat God alle dinge bestuur en beskik.

In die Bybel vind ons voorbeelde hiervan. Simson het God buite rekening gelaat, daarom het hy grootgepraat oor sy eie krag (Rigt. 16:20). Dit het hom suur bekom (Rigt. 16:20-21). Petrus praat groot en sê hy sal Jesus nooit verloën nie (Matt. 26:33-35). Hoe diep het hy nie geval nie (Mark. 14:66-72)! Die Fariseër praat in sy gebed groot oor homself en die wyse waarop hy lewe (Luk. 18:9-14). Al sy woorde was leuens. Goliat hou hom ewe grootmond voor Israel se magte (1 Sam. 17), maar word beskaam in sy nederlaag.

Satan is die kampioengrootprater (Matt. 4:8-9). Hy is die vader van die leuen (Joh. 8:44). Hy praat groot van sy eie mag (Luk. 4:5-7), hoewel hy weet dat God almagtig is (Mark. 1:24). Eenmaal sal hy in die poel van ewige vuur brand en sy grootpraatjies saam met hom. Tereg verklaar Spreuke 1:22 dat die grootpraters hulle grootpratery nie lank sal geniet nie. Die waarheid haal die leuen altyd in.

Die gelowige moet nederig wees en sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen” (Jak. 4:15). Alles is in die hande van God. Hy gee vernuf en sukses.

*Sing: Psalm 138-1:3*

*Dagstukkie Almanak 2001*

**Donderdag 13 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 15:1-4**
**Fokusgedeelte: Spreuke: 15:1**

## Gevleuelde of getemperde woorde?

"Sit 'n wag voor jou mond." "Woorde wek, maar voorbeelde trek." "Jou voet in jou mond sit." Só kan ons voortgaan om idiome op te noem wat gaan oor die rol en plek van woorde in 'n mens se lewe. Elkeen van ons het al beleef hoe 'n ondeurdagte woord iemand seermaak óf hoe woorde in woede gesê, verhoudings breek.

Geen wonder dan dat die Here se Woord ons rigting en leiding gee oor hóé om met ons woorde om te gaan nie. Elke woord wat jy sê, raak die beeld van God; dit raak jou óf iemand anders wat na die beeld van God gemaak is.

Hoe kan ons dan werk maak daarvan dat ons gevleuelde (ondeurdagte of ligsinnige) woorde getemperde woorde word? Dit kan slegs gebeur wanneer God jou mond aanraak met die spreekwoordelike kool vuur (vgl. Jes. 6:7), en dit vind plaas deur die werking van die Heilige Gees wat jou heilig maak. Dit is die Heilige Gees wat jou verander deur jou denke nuut te maak en aan jou die gesindheid van Jesus Christus te gee, deurdat jy diensbaar wil wees deur gehoorsaamheid – diensbaarheid binne die koninkryk van God.

Dit is deur die Heilige Gees wat ons dood is vir die sonde en lewend vir God is. Dit is deur die Heilige Gees wat ons die ou natuur doodmaak, die ou natuur wat tog só dikwels duidelik word deur vuil taal en deur liegstories (Kol. 3:8).

Daarom, in plaas van gevleuelde woorde, begin jou woorde temper deur gebed; gebed wat vra dat die Heilige Gees jou mond sal aanraak om te sê wat goed en opbouend is volgens die eise van omstandighede, sodat dit jou hoorders ten goede kan wees.

*Sing: Psalm 19-1:7*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredendal)*

**Vrydag 14 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 16:16-33 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 16:31**

## Dien die HERE, daarin lê die eer van die ouderdom

Hulle is onder ons. Mense wat hulle lewe lank glo en God dien. Ons dank Hom vir hulle. Van hulle staan hier: Grysheid is ’n sierlike kroon. Dit is ’n teken van eer.

Die kroon word gevind, dit word op die weg van geregtigheid verwerf of verkry. Respek volg op ’n lewe in die spore wat die Here in sy wet aangee. Eer vir die gryse gaan hand aan hand met sy/haar toewyding aan die Here. Dit word verwerf deur gehoorsaamheid wat oor die lewe strek.

Grys hare moet ’n eerbare verlede weerspieël. Dit moet getuig van ’n lewe wat goed geleef is en geleef word. Dit is ’n sierlike kroon as dit van volharding in die geloof getuig; van ’n lewe wat heilig geleef word. Die gryse wat in sy lewenswandel goddeloos is, is nie eerwaardig nie. Sy lewe is ’n skande.

Daar is gryses wat hulle in die Here verbly. Hulle leef in sy genade. Hulle vind hulle lewe in Christus. Hy is hulle geregtigheid en heiligmaking. Hulle is bly om in die goeie stryd te kan volhard. Hulle bly lewensverbetering najaag. Hulle begeer die heiligmakende werk van die Gees. Hulle is getroos in die lewe van Christus wat tot hulle saligheid dien. Hulle dra steeds nuwe bloeisels en meer vrugte. Hulle lewe is elke dag teken van die volle oes wat aanstons gelewer word. Hulle leef hulle in die nuwe lewe in. So leef hulle die toekomsverwagting in Christus uit.

Vir hulle dank ons God. Vir hulle staan ons met respek op. Hulle is ’n voorbeeld om te volg.

*Sing: Psalm 92-1:6, 7*

*Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Petrus) (Marble Hall)*

**Saterdag 15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 18:1-11**
**Fokusgedeelte: Spreuke 18:10**

## Die Here is ons ware beskermer

Elke dag is daar gevare wat ons gewone fisiese lewens en ons geestelike lewens bedreig. Misdadigers en moordenaars is volop en maak soveel mense dood. Geestelik is daar die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondloop om te kyk wie hy kan verslind en tot ongeloof en afvalligheid kan verlei. Ons stel ons alarms en sluit huise en motors. Ons diefwerings en palissadeheinings is opgerig.

As burgers van die koninkryk van God moet ons egter ook wysheid hê wanneer dit kom by ons beskerming. Ons fokusgedeelte maak dit vir ons elkeen vandag weer duidelik dat die Here ons ware beskermer is, fisies en geestelik. Vir ons as gelowiges is die Naam van die Here soos 'n sterk vesting, letterlik vertaal soos 'n sterk toring.

Dit is net hier in die Spreukeboek waar ons die uitdrukking "die Naam van die Here" vind. Hierdie Naam is sy Verbondsnaam wat veral gebruik word ten opsigte van die beloftes en die eise van die verbond. In ons Skrifgedeelte dui sy Naam hoofsaaklik op Homself en sy heerlike verbondsbeloftes van genade, trou, liefde, barmhartigheid en beskerming teenoor sy kinders. Hy gee dit aan almal wat deur die geloof in sy geliefde Seun, Jesus Christus, deel van sy volk en burgers van sy koninkryk geword het.

Dit is egter ook ons verantwoordelikheid om die Here as ons beskermer op te soek. Die tweede deel van ons fokusvers wys ons hierop wanneer ons oor die Here as ons vesting hoor – "die regverdige vind daar skuiling". Deur geloof en gebed moet ons elke dag na die Here toe hardloop. Hy is soos 'n hoë toring waar ons beskerming vind teen die fisiese en geestelike aanslae op ons lewens.

*Sing: Psalm 121-1:2, 4*

*Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)*

**Sondag 16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 23:15-25**
**Fokusgedeelte: Spreuke 23:22, 23**

## Gehoorsaamheid en eerbied aan ons ouers

In die boek Spreuke word groot erns gemaak met die verhouding van ouers tot hulle kinders en die verhouding van kinders tot hulle ouers. In ons fokusgedeelte val die klem veral op kinders se verantwoordelikheid teenoor hulle ouers. Gewoonlik dink ons aan kinders as klein kindertjies, maar in hierdie gedeelte handel dit ook oor kinders wanneer hulle self al ver gevorder in jare kan wees en wie se ouers gevolglik al baie oud is.

Die belangrike beginsel wat hier vir kinders uitgelig word, is gehoorsaamheid en eerbied teenoor hulle ouers. Hierdie gehoorsaamheid is nie iets wetties of uitwendig nie, maar behoort juis voort te kom uit harte vol liefde vir ouers. Selfs as ouers al baie oud is, mag kinders hulle nie verag nie. Al is hulle siek, swak, bedlêend, verstandelik nie meer helder en iewers in ’n siekeboeg, verwag die Here van kinders om steeds vol liefde en respek met hulle ouers om te gaan en hulle nooit te verwerp nie.

Dit is deel van die ware wysheid wat die Here van ons as burgers in sy koninkryk verwag. Dit word aan ons deurgegee in die groot waarheidsbron, die Woord van die Here. Deur ons omgang met hierdie Woord groei ons steeds in ons insig in wat die Here van ons vra. Deur selfdissipline en selfbeheersing kan ons onder leiding van die Heilige Gees steeds meer hierdie kosbare waarhede met groot wysheid prakties uitleef – ook in verhouding tot ons ouers.

So leef ons ook in die klein dingetjies van elke dag tot eer van ons ewige en onveranderlike hemelse Vader. Hy wat ons Vader is deur ons geloof in sy geliefde Seun, Jesus Christus. Dalk is vandag net die geleentheid wat ons hemelse Vader vir jou gee om jou ouers weer in liefde op te soek.

*Sing: Skrifberyming 9-1:7, 10, 11*

*Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)*

**Maandag 17 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 24:13-14**
**Fokusgedeelte: Spreuke 24:13-14**

## Ontdek hoe lekker dit is om die Here elke dag te dien

Omtrent alle mense geniet ’n lekker soet eetdingetjie. Daardie lekker koeksister, stukkie sjokolade of brood met konfyt wat jou laat met ’n heerlike gevoel van tevredenheid. Net so lekker, sê die Spreukedigter, is dit om die Here elke dag te dien. Hy vergelyk die heerlike voordele van ware lewenswysheid met die soetste heuning en moedig ons aan om dit elke dag te “eet” sodat ons kan ontdek hoeveel vreugde daarin lê om die Here te dien. Dis so lekker soos die soetste heuning.

In die Ou-Testamentiese tyd kon heuning slegs met groot moeite bekom word. Die Israeliete moes daarna soek en dit met groot moeite uit die bynes uithaal om die lekker te kan geniet. Net so moet ons in die Woord van God soek na die lewenswysheid wat daar in Christus vir ons gegee word. In die Woord ontdek ons dat Christus ons lewensvreugde is omdat Hy ons gered het en ons deel gemaak het van sy Koninkryk waar ons nou met vreugde en vrede kan lewe!

Hy skenk aan ons die Heilige Gees (1 Kor. 1 en 2) wat vir ons die geheime van die Skrif oopmaak sodat ons die heerlikhede daarvan kan geniet en dit ook elke dag kan uitleef. Psalm 19:11 stel dit so: “Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit ’n heuningkoek.”

Mense soek die lekker van die lewe in verkeerde dinge! Hulle dink rykdom, status, geleerdheid en voorspoed sal die lewe lekker maak, net om uit te vind dat niks hiervan waar is nie. Om Christus te ken en Hom te dien, dit maak die lewe lekker en bring ewige vreugde. Daarom staan daar in vers 14 “dan het jy hoop en ’n toekoms” wat nooit van jou weggeneem kan word nie!

*Sing: Psalm 119-1:6, 38*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*

**Dinsdag 18 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 27:23-27**
**Fokusgedeelte: Spreuke 27:23-27 (1983-vertaling)**

## Wees ’n goeie bestuurder van die lewensmiddele en gawes wat God aan jou gee

Ons leef in ’n tyd waarin mense soek na kitsrykdom en leef met ’n verbruikersmentaliteit. Waar niemand meer iets met moeite wil produseer nie, maar net wil ontvang, verbruik en weggooi. Hierteenoor leer die Here ons in vandag se fokusgedeelte dat Hy vir ons sorg deur vir ons lewensmiddele en gawes te gee wat ons met harde werk en goeie oordeelkundigheid moet bestuur tot ons versorging en vooruitgang. Spreuke 27:18 stel dit so: “Wie sy vyeboom versorg, sal vye hê om te eet; wie omsien na sy werkgewer se belange, sal daarvoor eer ontvang.” Ons moet die werk wat ons gekry het om te doen, noukeurig en goed doen. Ons moet met deeglike beplanning sorg vir verskillende seisoene en voorsiening maak vir tye waarin dit nie goed sal gaan nie. Selfs as ons tye van finansiële voorspoed beleef, moet ons weet dat dit nie vir altyd sal aanhou nie, en dat ons spaarsamig te werk moet gaan. Hiermee waarsku die Here ons terselfdertyd teen luiheid en onverantwoordelikheid wat Hy op ander plekke in Spreuke dikwels aan die orde stel. Wie fluks en getrou omgaan met die lewensmiddele en gawes wat God tot jou beskikking stel, sal verseker die seën en sorg van die Here beleef soos dit in Psalm 37 beloof word. Net so ook verseker die Here Jesus ons van ons Vader se daaglikse versorging in Matteus 6:25-29. Maar Jesus waarsku ons en roep ons op tot goeie en getroue rentmeesterskap op grond van sy genadewerk. In Matteus 24:45-51 waarsku Hy dat Hy ons met sy wederkoms getrou aan die werk wil vind met die gawes en verantwoordelikhede waarmee Hy ons begenadig het. Kom ons leef dan ook vandag dankbaar uit die hand van ons Vader en ons tree op grond van sy genade soos goeie bestuurders op oor wat ons nou gekry het om te doen.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*

**Woensdag 19 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 28:12-13**
**Fokusgedeelte: Spreuke 28:12**

## God gee seën, lewensvreugde en -ruimte waar jy jou invloed laat geld

Een van die grootste foute wat gelowiges kan maak, is om onsself uit die openbare lewe te onttrek wanneer dit sleg gaan of wanneer ons teenstand ervaar. Dit het ongelukkig tot 'n groot mate ná 1994 gebeur. Tot vandag toe is gelowiges bang om hulle stem te laat hoor of om in die openbare lewe standpunt in te neem of betrokke te raak. Die Here leer ons hier dat ons met sulke optrede die samelewing van sy (die Here se) seën, lewensvreugde en lewensruimte beroof. Waar gelowiges die lig van Jesus Christus laat skyn en die wêreld soos sout teen die bederf van Satan beskerm, daar kom vreugde en seënryke lewensruimte vir almal. Ook vir die ongelowiges. Dis immers om hierdie rede dat Jesus ons die opdrag gegee het om lig en sout vir die wêreld te wees deur die boodskap van redding en genade in Hom te verkondig en sy liefde te leef. Waar dit nie gebeur nie, verdwyn mense se lewensvreugde en kwyn hulle weg in 'n wêreld van onreg en onheil, soos Psalm 11:10 dit stel: "As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?" En Spreuke 29:2: "'n Volk juig as regverdige mense mag kry, 'n volk sug as goddelose mense regeer." Daarom roep die Here jou vandag op om oral waar jy invloed kan uitoefen, die lig van die evangelie te wees. In jou buurt, in jou skool, by jou werk, in jou dorp of stad, of op watter forum of terrein jy ook al die geleentheid kry om sout en lig te wees. Moenie onttrek nie, moenie bang wees nie, want Jesus het ons immers belowe dat Hy elke dag by ons sal wees as ons Koning, en dat die Heilige Gees ons die woorde sal gee om te praat wanneer ons moet praat. So skep jy 'n ruimte waar die Here sy seën kan gebied en waar alle mense lewensvreugde en lewensruimte kan geniet.

*Sing: Skrifberyming 11-3:1, 4, 7, 8*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*

**Donderdag 20 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 30:7-9**
**Fokusgedeelte: Spreuke 30:8, 9**

## Versorg deur my Here

Agur noem die Here my Here. Hierdie benaming wys daarop dat daar 'n persoonlike verhouding tussen hom en die Here is. Omdat hy die Here liefhet, is die sake wat hy in die gebed aan die Here opdrag, vir hom baie belangrik. Daarom vra hy dat die Here tog sy gebed sal verhoor voordat hy sterf.

Agur wys in hierdie kort gebed op die gevaar wat rykdom en armoede onderskeidelik inhou. Rykdom kan lei tot arrogansie, waar die ryke kan voel dat hy/sy selfversorgend is en daarom nie die Here nodig het nie. Armoede daarenteen kan lei tot afguns en jaloesie sodat jy reg in eie hande neem en steel wat jy wil hê. Daarom vra Agur dat die Here hom nie arm of ryk moet maak nie, maar hom net moet gee wat hom toekom. Die Here sal self besluit wat hy nodig het en dié vir hom gee.

Hier gaan dit oor 'n volkome vertroue in die Here as die Een wat sorg en versorg. Ek sal elke dag genoeg hê, want die Here is die Een wat sorg. Hy weet wat ek werklik nodig het en Hy weet wat goed is vir my.

*Sing: Psalm 84-1:1, 6*

*Ds. GC Coetzee (Gideon) (Standerton)*

**Vrydag 21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 30:24-28**
**Fokusgedeelte: Spreuke 30:24**

## Wysheid is om die Here se gawes te gebruik

Die Spreukedigter gebruik 'n getallespreuk om daarop te wys dat wysheid te vind is in wat die Here gegee het eerder as die dinge wat vir

die wêreld belangrik is. Hierdie vyf verse verwys moontlik na die derde persoonstipe beskryf in verse 11-14, naamlik mense wat vol hoogmoed en eiewaan is. Vir so 'n mens sou die klein skepseltjies wat in ons teksgedeelte genoem word, van min belang gewees het, hulle bydrae tot enigiets weglaatbaar klein.

Tog prys die Spreukedigter hulle vir hulle buitengewone wysheid. Hulle is inderdaad klein en het min krag in vergelyking met ander diere en insekte, maar daar is by hulle geen tekort aan wysheid nie! Hulle skiet tekort in dié dinge wat vir die wêreld belangrik mag wees, maar het 'n onaantasbare voordeel in dit wat vir die Spreukedigter voorop staan: wysheid is om die Here se gawes te gebruik.

Die mier is nie sterk nie en tog weet hy dat hy kos vir die winter bymekaar moet maak. Dassies is nie sterk nie, en tog weet hulle dat hulle net kan oorleef as hulle hoog teen die kranse woon. So kan hulle hul liggaamstemperatuur beheer, en hulle vyande op 'n afstand hou. Sprinkane het nie 'n koning nie, en tog weet hulle dat hulle oorlewing in getalle lê. Daarom vlieg hulle in groot swerms, en weet elkeen waar sy plek is. 'n Geitjie is 'n diertjie wat mens maklik met jou hand vang, en tog kry mens hom orals. Die suigskyfies aan sy pote maak van hom 'n uitnemende klimmer wat orals indring. Selfs die koning se paleis word nie gespaar nie. So verseker die geitjie sy voortbestaan.

Waarin lê hierdie skepsels se wysheid? In die feit dat hulle dit gebruik wat die Here vir hulle gegee het eerder as dit wat vir die wêreld buitengewoon en belangrik is. Die Here het vir jou gawe(s) van sy Gees gegee (1 Kor. 12). Beskou jy dit as wysheid en gebruik jy dit, of streef jy na wat vir die wêreld belangrik is?

*Sing: Psalm 111-2:1, 4*

*Prof. H Goede (Hennie) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Saterdag 22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 31:10-31**
**Fokusgedeelte: Spreuke 31:30**

## Die deugsame vrou – As sy die Here dien ... dán verdien ’n vrou om geprys te word

Vir die vroue wil ek vra: Hoe het jy gevoel toe jy hierdie gedeelte deurlees? Was jy dalk oorweldig deur alles wat sy doen? Het jy dalk skuldig gevoel of moedeloos oor jy dalk ver tekortskiet?

En die mans? Laat hierdie gedeelte jou voel jy wil God prys vir die vrou wat Hy jou gegee het, of sien jy die gedeelte as ’n maatstaf waaraan jou vrou glad nie voldoen nie? Hoe het jy jou vrou ondersteun om ’n deugsame vrou te word? Het jy vir haar gebid of het jy haar slegs gekritiseer?

Vrou, as hierdie gedeelte jou terneergedruk laat voel, dan het ek goeie nuus vir jou. Die vrou wat hier geskilder word, is die voorbeeld van die ideale vrou. Sy is nie die maatstaf waaraan alle vroue gemeet moet word nie, maar die doelwit waarheen alle vroue moet streef. Nou mag jy dalk vra: Hoe sal ek dit ooit regkry? Weet jy God kan jou verander? Hy kan jou nuut maak! Daarom is die belangrikste van al haar mooi eienskappe die feit dat sy die Here dien (vs 30). Geen vrou sal ooit verander en word soos die vrou van Spreuke 31 as sy nie die Here dien nie, want dit is alleen Hý wat mense verander. Romeine 12:2 sê: “Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”

Die belangrikste manier hoe God jou verander, is deur sy Woord en Gees. Deur sy Woord en Gees maak God jou al hoe meer soos die vrou wat Hy wil hê jy moet wees. Wat moet ek dus prakties gaan doen? Ek moet mooi gaan kyk na my dagboek. Maak tyd vir persoonlike Bybelstudie. Maak tyd vir stil-wees saam met die Here.

Die bekende evangelis DL Moody het gesê: “Die enigste manier om ’n gebarste kruik vol te hou, is om die kraan oopgedraai te hou.”

*Sing: Psalm 128-1:1-3*

*Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)*

**Sondag 23 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 1:1-11**
**Fokusgedeelte: Prediker 1:1-11**

## Alles tevergeefs?

Die prediker, Salomo, se uitkyk op die lewe is maar swart. Soos sommige mense van vandag ook. Alles is hopeloos. Hoekom sê die Prediker dat alles tot niks kom? Hy sien dat mense werk. Geslagte kom en gaan en wat vroeër gebeur het, gebeur vandag en môre weer. Dit is dieselfde in die natuur. Die son kom op, gaan onder, kom weer op. Al die strome loop in die see – en die see word nie vol nie.

Maar nie almal sal met die Prediker saamstem nie. Jongmense vol ideale wil die toekoms gryp en ’n suksesvolle loopbaan nastreef. Miskien is dit net die ouer geslag wat al beleef het van wat die Prediker sê. Wat wéét dat daar eindelose herhaling in alles is ... en dat daar niks nuut onder die son is nie.

Daar kan gesê word dat die Prediker die lewe eensydig sien. Maar hy wil ons duidelik wys op ’n stuk waarheid: die nietigheid van die mens en sy werke!

Baie later in die Bybel sê Paulus dat die Prediker reg is. Die skepping is aan die nietigheid onderworpe. Hy weet dat die skepping, wat die mens insluit, aan die vergaan is. Paulus en die Prediker stem saam.

Paulus sien wel ’n ander kant. Op grond van Jesus Christus se dood, opstanding en oorwinning aan die kruis praat hy van ”pyne van verwagting” (Rom. 8:20-24). Alles is tog nie tevergeefs nie! Die hopeloosheid sal deurbreek word. Hy wat op die troon sit, maak alles nuut (Op. 21:5).

Daarom bid ons: “Hou tog die werk van ons hande in stand, o Here!” (Ps. 90:17). Dan is alles tog nie tevergeefs nie!

*Sing: Psalm 128-1:1, 2*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)*

**Maandag 24 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 3:1-12**
**Fokusgedeelte: Prediker 3:9**

## Alles het ’n tyd

“Alles op sy tyd”, het die ouer geslag gesê. Dit sê ons veral aan mense wat iets wil doen op ’n verkeerde tydstip. Jy saai nie in die oestyd nie.

Die Prediker noem ’n lang reeks sake wat hulle bepaalde tyd en uur het en vra dan: “Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom bemoei?” God het ’n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou.

Die Prediker sê vir ons dat ons menslike bestaan nietig is. Verlossing hieruit kom alleen deur die werk van Jesus Christus. Verder: God lei mense van geslag tot geslag. En alles staan onder God se beherende gesag: om te huil of om te lag, om oorlog te maak of vrede te sluit.

Ons leef van God se genade elke dag, elke jaar. Onder God se hand is daar versorging, liefde, vrede, vreugde. Dit is dan nie die mens se “goedheid” dat hy kan eet, drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Dit is ’n gawe uit God se hand.

Die Prediker wil sê: Vir die mens lyk al jou werk na ’n gejaag na wind. Maar wat God deur jou handewerk doen, bly staan. Teenoor die werk van mense wat vergaan, bly die werk van God vir ewig.

Toe Christus aan die kruis uitgeroep het: *“Dit is volbring”* (Joh. 19:30), het Hy die werk wat die Vader Hom gegee het, klaar gemaak. Sodat jou en my werk(e) nie nietig en nutteloos sal wees nie. Kyk hoe groot is God se werke. Daar kan nie daarvan weggeneem of daaraan toegevoeg word nie.

Sou ons dan nie so ’n Almagtige God dien nie? Hy wat ons in ons tyd op aarde sinvol laat werk tot sy eer.

*Sing: Psalm 128-1:3, 4*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)*

**Dinsdag 25 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 4:7-12**
**Fokusgedeelte: Prediker 4:9-12**

## Twee is beter as een

Die Prediker sien nog iets wat vergeefse moeite onder die son is. 'n Man werk, maar daar is niemand om hom te help – nie eens 'n broer of 'n seun nie. Daar is verder geen einde aan sy inspanning nie en sy oë kry nie genoeg van nog meer besittings versamel nie. Sy handewerk is dus nutteloos. Dan vra so 'n persoon: "Nou maar vir wie maak ek my so moeg? Ek kry nie eens kans om te rus nie. En wie gaan al my goed erf as ek nie meer daar is nie?"

So 'n mens kan sy sukses met niemand deel nie. Die Prediker wil daarmee sê dat volle lewensgeluk ten diepste daarin lê dat daar deelgenootskap kan wees met ander mense.

Hierop brei die Prediker verder uit. Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom dan tot iets. In teëspoed kan hulle mekaar help. En as dit koud is? In antieke tye moes reisigers dikwels in die veld oornag ... sonder komberse. Dan lê hulle bymekaar om warm te kry. By 'n roofaanval kan twee 'n rower beter teenstaan. Daar is 'n spreekwoord – 'n driedubbele tou breek nie maklik nie.

Ons bely die gemeenskap van die heiliges (gelowiges) in die Twaalf Artikels. Die gelowige soek die ander gelowiges op in 'n kerkgemeenskap. Ek bely en beoefen nie alleen my geloof nie, maar saam met medebroers en -susters.

Jesus Christus self het dissipels gekies om saam met Hom te wees tydens sy bediening op aarde. En Hy het hulle opdrag gegee om dit wat Hy hulle geleer het, verder te gaan verkondig.

Verlang jy na die gemeenskap van die gelowiges?

*Sing: Skrifberyming 12-2:1, 5*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)*

**Woensdag 26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 5:17-19**
**Fokusgedeelte: Prediker 5:18**

## Werk as gawe uit God se hand

Die werk wat die Here aan die mens gee, is nie ’n straf nie. Die Here gee die opdrag om die aarde te bewerk. Met die sondeval van die mens kom daar egter die straf dat die man met swaarkry ’n bestaan sal maak. Net deur harde werk sal hy kan eet totdat hy terugkeer na die aarde.

Hoewel dit baie droewig is, hoor ons die wonderlike woorde in Prediker dat die Here steeds baie genade aan die mens betoon. Hoewel daar nou met baie moeite gewerk moet word, is daar steeds oorvloedige vreugde.

Die Prediker noem dan dat dit aangenaam is om eenvoudige dinge tussendeur die geswoeg te geniet. So tussendeur werk is daar hierdie gereelde stukkies genot, soos teetyd, middagete en rus. Ook deur middel van werk is daar groter dinge waarmee die Here ’n mens seën: die besittings en rykdom wat jy verkry. Selfs harde werk bring vir die mens vreugde vanweë die gawes, omdat ’n mens dan skaars nadink oor jou lewensdae.

Die wonderlike van werk is dat God die mens laat besig wees met die vreugde van sy hart. Elke mens is uniek geskape en vind in sy uniekheid vreugde in die verskillende soorte werk wat spesifiek goed is vir hom.

Juis daarom waarsku die Here om nie rykdom na te jaag nie. Ons moet oppas vir gierigheid, maar moet ons vreugde vind in dit wat die Here gee. Erken dat dit God is wat die gawes gee. Deur ons Here Jesus Christus is Hy ons hemelse Vader wat weet wat ons nodig het (Matt. 6:32).

Wat die Prediker dus sê, is dat alle goeie dinge gawes uit die Here se hand is. Nie net rykdom nie, maar ook werk en om te eet en te drink en die lewe te geniet.

Dit is ook die samevatting waartoe die Prediker kom – om nie rykdom na te jaag nie, maar die aanmoediging om God se daaglikse geskenke te geniet.

Jou lewe bestaan nie uit die oorvloed besittings wat jy het nie, maar in die vreugde in dit wat God elke dag aan jou gee.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*

**Donderdag 27 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 6:10-12**
**Fokusgedeelte: Prediker 6:12**

### God is goed en sy goedheid duur tot in ewigheid

Dit gaan nie altyd goed met ’n mens nie. Selfs ten spyte van die beste beplanning, kan ons nooit weet wat volgende in die lewe gaan gebeur nie. Dikwels is daar slegte dinge wat oor ons pad kom: ’n groot ongeluk, siekte of finansiële druk.

Hierdie beperking van die mens word in sy naam aangedui wat God aan hom gegee het. Die Prediker verwys na Genesis 2:7 waar die naam van die mens (*adam*) met grond (*adamah*) verbind word. Hy is net ’n skepsel. ’n Mens kan dus vir die toekoms beplan, maar dit nooit bepaal nie.

Aangesien ’n mens se kennis so beperk is, volg die logiese vraag hoe ’n skepsel dan met sy Maker kan stry? Tipies sal jy wil stry oor ’n slegte situasie in jou lewe wat nie uitgedraai het soos jy wou gehad het nie. Dit wat oor jou pad kom, is nie vir jou lekker nie. Jou dwaasheid sal egter baie vinnig duidelik word as jy met God stry wat alles weet. Dit sal baie vinnig duidelik word dat jou beste argument van jou totale onkunde getuig.

Want God weet nie net wat vir jou lekker is nie, maar ook wat vir jou goed is. Hy gee wonderlike dinge om te geniet in die lewe, maar Hy beskik ook dat slegte dinge in jou lewe gebeur. Dan hoor ons in Romeine 8:28 dat Hy alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Juis omdat God alles weet, en ook alles ten goede laat meewerk vir

gelowiges, kan ons in alle voorspoed dankbaar wees, en in alle teëspoed geduldig wees. Ons weet ons omstandighede bepaal nie ons waardigheid nie. Ons weet dat die Here selfs dinge wat nie vir ons lekker is nie, vir ons ten goede sal laat meewerk. Ons vertrou nie op ons omstandighede nie, maar op God wat alles weet en alles kan doen.

*Sing: Psalm 90-1:1, 2, 7*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*

**Vrydag 28 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 7:13-18**
**Fokusgedeelte: Prediker 7:16-17**

### Christus se regverdigheid gee aan jou 'n verstandige lewe

Die Prediker gee advies oor die verhouding tussen sonde en genade van die Here in 'n mens se lewe. Aan die een kant kom die opdrag om nie te regverdig te probeer wees nie, en aan die ander kant om ook nie aan te hou om verkeerd te doen nie. Dit blyk of dit teenstrydig is: moenie sondig nie, maar moet ook nie te regverdig probeer wees nie.

Die Fariseërs het in Jesus se dae probeer om absoluut regverdig te wees deur God se wet op te deel in reëls en dit streng na te kom (Matt. 15:3-8). Die sonde hierin was dat hulle gedink het dat dit binne hulle bereik is dat hulle self in die regte verhouding met God kan kom. Juis daarom waarsku Jesus dat jou regverdigheid meer moet inhou as dié van die Fariseër (Matt. 5:20). Hulle het eenvoudig net nie hulle eie sonde raakgesien en daarmee saam die behoefte aan 'n Verlosser nie.

Aan die ander kant van dieselfde muntstuk kom die advies om ook nie aan te hou om verkeerd te doen nie. As jy nie te regverdig moet wees nie, moet dan ook nie opsetlik sonde doen nie. Moenie dink dat as jy meer sonde doen, die genade sal toeneem nie. Ons is dood vir die sonde. Ons sondige mens is saam met Christus gekruisig sodat ons sondige bestaan beëindig kan word. Ons is saam met Christus deur die magsdaad van God uit die dood opgewek.

Lewe daarom in erkenning van jou sonde: dat jy nie deur jou eie prestasie in volmaakte regverdigheid voor God kan leef nie. Leef so dat jy jou geregtigheid buite jouself, in die volkome verlossingswerk van Christus soek en ook met ’n opregte strewe om in dankbaarheid te lewe volgens God se wil.

*Sing: Psalm 40-1:5*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*

**Saterdag 29 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 9:13 – 10:3**
**Fokusgedeelte: Prediker 10:1**

## Ware wysheid is die wysheid wat God gee

Die gevaar bestaan dat selfs ’n bietjie dwaasheid die wysheid kan ontspoor. Die voorbeeld van die salfmengsel illustreer hierdie punt baie mooi – kyk hoe ’n paar dooie vlieë die chemie van ’n salfmengsel versteur en dit laat gis en stink.

Dit is wonderlik wanneer God iemand begenadig met hemelse wysheid. Dan word die oënskynlik onmoontlike, moontlik. Die Here doen dit alles.

Kyk na die kontraste in hierdie gedeelte. ’n Klein stadjie met min mense teenoor ’n magtige koning wat ’n stad met mag en krag wil inneem. Die arm, maar wyse, teenoor die oormag in dwaasheid. Die Prediker gaan verder deur vir ons te wys dat die rustige woorde van wysheid beter gehoor word as die geskreeu van een wat heers oor dwase (vgl. Pred. 9:17). Dit sê vir ons dat die Here selfs die onaansienlike, soos hierdie arm man, kan gebruik om ’n stad te red van die aanslag van ’n magtige koning.

Die minagting van die arm man se wyse optrede lyk vir ons oënskynlik sinloos, maar hy hoef nie die eer vir sy wysheid te kry nie, solank die mense uiteindelik net die ware wysheid van God in sy optrede raaksien. In ’n lewende verhouding met die Here word die oënskynlik sinlose

wysheid in die oë van die wêreld, vir jou sinvol.

Daar lê ’n stuk lewenswysheid in hierdie gedeelte opgesluit: As ’n mens wysheid verafgod, en net as ’n bloot menslike vaardigheid sien en nie as ’n gawe van God wat Hy deur sy Woord en sy Gees aan ons gee nie, dan beteken dit ook niks nie.

As jy ware wysheid, hemelse wysheid, wil hê, dan moet jy dit van God bid (vgl. Jak. 1:5).

*Sing: Psalm 19-1:4*

*Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)*

**Sondag 30 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 11:1-6**
**Fokusgedeelte: Prediker 11:1, 2**

## Geloof ondanks die onsekerheid van die lewe

Selfs vir jou as gelowige is die lewe nie elke dag so seker nie. Ons leef in ’n tyd met baie onsekerhede – ons beleef politieke onsekerheid in ons land, miskien beleef jy nou onsekerheid oor jou werk, gesondheid, oor verhoudings waarin jy staan.

Tog is daar vir die gelowige één sekerheid wat vasstaan: God is in beheer van alles – ook van jou lewe.

Die Here roep jou om ondanks die onsekerhede partykeer waagmoedig te wees, en ander kere weer berekend en versigtig. Soos die handelaar van ouds gewaag het om sy handelsware op ’n paar skepe te laai en oor die see te stuur met die verwagting dat dit hulle bestemming sou bereik, so moet die gelowige ook waag. Of soos die boer wat in geloof saad saai met die hoop dat daar ’n oes sal wees, so moet jy ook doen.

Die Prediker gebruik die beelde van wolke en ’n boom wat deur die stormwind ontwortel word om vir ons te wys dat as jy na die wolke kyk, daar die moontlikheid van reën is. Op hierdie manier sien die boer daar is ’n moontlikheid dat dit gaan reën – kom ons noem dit ’n sekere mate van sekerheid. Aan die ander kant is daar die totale onmag van die boom

om staande te bly teen die stormwind – dit gebeur het.

Dit beskryf vir ons die absolute onvoorspelbaarheid van die lewe, maar in geloof kan jy op die één sekerheid staatmaak: dat God deur Christus jou Vader is te midde van die onsekerhede van jou lewe.

Hebreërs 11:1 onderstreep die sekerheid wat geloof in God vir jou gee – maak nie saak wat jou omstandighede is nie: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."

*Sing: Psalm 107-1:1, 11*

*Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)*

**Maandag 31 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:8**
**Fokusgedeelte: Prediker 12:1**

## Dink aan jou Skepper in jou jong dae

Die lewe is 'n gawe van God. Hy het jou al in die skoot van jou ma gevorm en ken jou deur en deur (Ps. 139). Hy weet wanneer jy gebore sou word en wanneer jy sal sterf. Daarom moet jy rekening hou met God dwarsdeur jou lewe.

As jy jonk is, dink jy nie aan die dood nie; jy is sterk, vol lewenslus. Dis reg so: die Prediker sê hier dat 'n jongmens sy lewe moet geniet. Die Here plaas nie 'n beperking op voluit lewe nie, dit is immers die Here wat die lewe aan jou gegee het, en jy moet die beste daarvan maak … en dit geniet! … maar binne die raamwerk van die beginsels wat die Here vir ons in sy Woord gee.

Die Prediker stel die jeug en die ouderdom in hierdie gedig as lewenswerklikhede. Jongmense word oud; oumense beleef die aftakelingsproses van die liggaam, maar die geleentheid wat elke gelowige moet aangryp, is 'n opregte verhouding met die Here wat in jou jeugjare reeds begin het.

Die beelde van lig en duisternis onderstreep dat ek van jongs af

sonskyndae en ook donker dae sal hê. Of daar nou sonskyn- of bewolkte dae kom, vir my as gelowige sal elke dag ’n gawe uit God se hand wees. Die sonskyndae aanvaar ek met dankbaarheid en die donker dae loop ek met waardigheid in die teenwoordigheid van die Here.

Selfs die dood hou geen verskrikking in vir die kind van God nie, omdat Jesus Christus die dood oorwin het. Hy het die pad na die ewige lewe oopgemaak en daarom hoef geen gelowige – jonk of oud – bang te wees vir die dood nie, want as jy doodgaan, sterf jy in die Here as ’n mens wat in Jesus Christus deel het aan die ewige lewe.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2*

*Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)*

## SEPTEMBER

### RUT

Die spesifieke datering van die boek is effens moeilik, alhoewel daar 'n breë aanduiding gegee word dat die gebeure afspeel in die tyd van die Rigters (Rut 1:1). Die oorhoofse tema wat deur die boek loop, is dat God in beheer is en dat Hy deur sy heerskappy die weg baan vir die koms van die Messias (vgl. die laaste deel van Rut 4). Op 'n besonderse wyse is Rut dan diensbaar in die koms van God se koninkryk.

### ESTER

Soos so dikwels word gebeure ingespan om 'n boodskap oor te dra, en dít is waarom dit hier in die eerste plek gaan. Die boek Ester moet dus as 'n geheel gelees word, met 'n sentrale boodskap wat eintlik net in die eenheid van die boek tot uiting kom. Daar is 'n tweeledige doel en boodskap in die boek Ester:

- Om die oorsprong van die Purimfees aan te dui en hoe dit ontstaan het (9:24-28). Die Purimfees was 'n fees vir weeklaag en feestelikheid. Die emosionele element van die fees word deur die boek in perspektief geplaas. Die Purimfees herdenk die verlossing van Israel uit die sameswering van Haman wat die volk laat uitroei.
- Die agtergrond van die Purimfees op sigself het maar net interessantheidswaarde en daarom is die hoofdoel van die boek om God se voorsienigheid ten opsigte van sy volk (ook vir dié buite die beloofde land) te midde van groot gevaar aan te dui.

*– Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*

**Dinsdag 1 September**

**Skrifgedeelte: Rut 1:1-5**
**Fokusgedeelte: Rut 1:2**

## God regeer in alle omstandighede!

Naomi se man se naam was Elimelek. Dit beteken: *My God is Koning*. Hierdie naam het egter ’n toets geword vir hom. Ons teks sê dit was in die tyd van die leiers. Daar was geen koning in Israel nie, elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë. In dié omstandighede lyk dit asof God nie die koning is wat aan alle dinge sin gee en sy beplanning uitvoer nie.

Daar kom hongersnood in die beloofde land. Hierdie man, Elimelek, met die naam *My God is Koning*, moet wegtrek na ’n heidense land toe, Moab. Daar moet hy as vreemdeling, sonder burgerskap en sonder eie koning, ’n heenkome gaan soek. Sekerlik het dit die mense daar se wenkbroue laat lig. Sy God is Koning, maar dit is tog ’n koning se taak om vir sy mense te sorg. Kyk dan nou na Elimelek se omstandighede. Uiteindelik sterf Elimelek daar in die vreemde. Waar is sy Koning nou?

Die getuienis van Naomi en Rut wys dat God Hom juis in en deur hierdie skynbaar hopelose situasie as Koning betoon. Naomi se omstandighede was ook op die oog af leeg en hopeloos. Tog kies Rut hierdie situasie. Waarom? Omdat haar verbondenheid aan Naomi opmaak vir die leegheid.

Jesus was ook in ’n skynbaar leë situasie, een waarin God nie optree en regeer nie. Die sonde, die bose en dood het skynbaar die oorhand. Tog is God se groot koninklike plan hier aan die gang en oefen Hy sy koninklike heerskappy uit. Wat daar gebeur, is beplan tot ons verlossing.

Deur die geskiedenis van Naomi en Rut kan ons ook weet: God is Koning! Hy werk sinvol, selfs wanneer ons lewe op die oog af deurmekaar lyk.

*Sing Psalm 48-1:1, 2*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*

**Woensdag 2 September**

**Skrifgedeelte: Rut 1:6-18**
**Fokusgedeelte: Rut 1:16**

## In God se getrouheid kan ons volhard!

In die dae van die Rigters gebeur daar iets wat wys op God se groot genade. Rut, ’n Moabiet, ’n heiden van geboorte, kom tot geloof in die Here. Sy word ingelyf in die kerk. Sy ontvang selfs die voorreg om een van ons Here, Jesus se voorouers te word.

Naomi moes op ’n besondere manier vir Rut en Orpa, haar skoondogters, liefgehad en vir hulle omgegee het. Sy het getrou teenoor hulle van die bestaan van Israel se wyse en liefdevolle God getuig. Sy het geweet dat sy niks gehad het om hulle te bied nie, maar sy vertrou dat die Here sal voorsien. Sy seën hulle, en haar raad aan hulle is om liewer terug te gaan na hulle ouerhuise toe.

Naomi is bekommerd oor Rut en Orpa se welstand en geluk. Op hulle beurt is haar skoondogters weer bekommerd oor haar, en beide begin huil toe hulle moet afskeid neem. Alhoewel Orpa uiteindelik tog besluit om terug te gaan, besluit Rut om by Naomi te bly. Haar woorde getuig van haar liefde, toewyding en getrouheid aan Naomi.

Getrouheid is een van God se kosbaarste eienskappe en is lewensbelangrik in sy verhouding met ons. Sy getrouheid laat ons besef dat Hy ons vir ewig sal liefhê, en dat Hy nooit sy besluit sal verander nie. Ons kan Hom vertrou, want Hy is onveranderlik (Num. 23:19, Heb. 13:8) en Hy sal in ons lewens werk net soos Hy in Rut s’n gewerk het.

Wanneer Hy ons verseker dat Hy ons nooit sal verlaat nie, en dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie, hoef ons nooit daaroor te twyfel nie.

*Psalm 89-1:1, 2, 3*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*

**Donderdag 3 September**

**Skrifgedeelte: Rut 1:19-22**
**Fokusgedeelte: Rut 1:21**

## God werk binne jou omstandighede!

Binne Naomi se omstandighede was dit vir haar baie moeilik om die hand van die Here raak te sien. Nadat haar man en albei seuns in Moab dood is, waar hulle tydens die hongersnood in Israel ’n heenkome gaan soek het, het sy en Rut teruggekeer huis toe.

Sy het haar dorp se vroue se groet: “Is dit Naomi?” beantwoord met: “Noem my nie Naomi (lieflik) nie. Noem my Mara (bitter), want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.” Die werklikheid was dat God besig was om vir haar ’n wonderlike toekoms uit te werk. Sy was die grootmoeder van koning Dawid, uit wie die Verlosser, Christus, gebore sou word.

Binne ons omstandighede voel dit soms soos wanneer mens teenaan ’n skildery staan. Daar is dan net blertse verf wat geensins sin maak nie. Dit is eers wanneer mens terugstaan dat die skildery verander in ’n kunswerk. Eendag sal ons alles aanskou soos dit moet wees. Intussen moet ons geduldig wees.

Ons kan nie altyd God sien werk in ons lewens nie. Vir ons lyk dit of dinge verkeerd verloop, maar God weet beter. “Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting. Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra” (Jer. 29:11-13).

God is persoonlik met jou besig binne jou omstandighede, watter groot genade!

*Sing: Psalm 90-1:1, 3*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*

**Vrydag 4 September**

**Skrifgedeelte: Rut 2:1-23**
**Fokusgedeelte: Rut 2:3, 12, 20**

## Die Here se genadige voorsiening in die bereiking van sý doel

Staan "toevalligheid" in beheer daarvan waar Naomi en Rut aan die begin van die garsoes in Betlehem aangekom het? Die aanleiding tot hierdie vraag skuil in 'n direkte vertaling van vers 3: *"En gelukkig kom sy op 'n stuk land af wat behoort aan Boas."* Is hierdie ontmoeting aan pure *"**geluk**-kigheid"* toe te skryf?

Oënskynlik mag dit alledaags lyk met Rut wat agter die graansnyers aan are opgetel het. Blote geluk het nié die laaste woord nie. Die Here se genadige voorsiening in die bereiking van sý doel is in die ontmoeting van Rut 2 ineengevleg. Die Here se sorg volgens sy bepaling lê ten grondslag aan Boas se hulp aan Rut wat as 'n armoedige weduwee, en as 'n vreemdeling, die pad van are optel in die geloof betree het (vgl. Lev. 19:9; Deut. 24:19).

Ook Boas se verskyning op die juiste moment is nie louter toevallig nie. Die Here se hand is in hierdie woorde van Boas te onderken: *"... onder wie se vleuels Rut kom skuil het"* (vs 12). Langs die weg van doodgewone gebeurtenisse ontvou die wonder van die Here se beskikking met Naomi se ter sprake bring van Boas as *"familie en as een van ons lossers"* (vs 20). Hiermee kom 'n moontlike uitkoms vir die twee weduwees in die gesigsveld (vgl. Lev. 25).

Hierdie verloop van sake openbaar die Here se inskakeling van alledaagse dinge, en van medewerkers, in sy koninkryksplan waar Hy deur sy heerskappy die weg vir die koms van Christus baan (Rut 4:18-22).

Hoe besien jy – burger van God se koninkryk – die verloop van sake in jou lewe? Alledaagse dingetjies bloot 'n "gelukkige" sameloop van omstandighede? Klein dingetjies as onbenullig om aan God diensbaar te wees?

God se voorsiening strek oor elke dag van die hele lewe. Hy wil sy seëninge gebied oor wie Hom na sy wil skik. Dit is dan nie as gering te reken nie om in sy diens vir ander tot hulp te wees. Die Here – in beheer

van die bereiking van sý doel – vra deur sy Woord om toegewy in alles tot beskikking van Hom te wees wat oor alles beskik.

*Sing: Psalm 33-1:6*

*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)*

**Saterdag 5 September**

**Skrifgedeelte: Rut 3:1-9**
**Fokusgedeelte: Rut 3:1, 9**

## Die Here se koninkryksplan en verantwoordelike beplanning

Is Naomi se raad aan Rut om by die voete van Boas in te kruip terwyl hy in die nag op die dorsvloer geslaap het, nie ’n bedenklike plan nie? Huiwer dit nie op die grens van onverantwoordelikheid en moontlik selfs van onwelvoeglikheid nie?

Ons moet versigtig wees om nie verkeerde afleidings uit hierdie plan te maak nie. Naomi se plan was nie nét haar eie plan nie. Sy het twee bepalings in die Here se wette aan Israel geken. Die *lossingswet* het gereël dat as erfgrond weens armoede verlore kon gaan, moes die naaste vermoënde familielid hierdie grond as *losser* terugkoop sodat dit nie vervreem raak nie (Lev. 25). Die wet van die *swaershuwelik* het bepaal dat as ’n weduwee kinderloos agterbly, moes ’n broer (of naaste familielid) van die oorledene haar as vrou neem. Die eersgebore seun word as die nageslag van die eerste man gereken (Deut. 25).

Met haar plan om te keer dat Elimelek se naam, nageslag en erfdeel verlore gaan, het Naomi in diens van die Here gestaan. In Rut se *bereidwilligheid* om aan die plan gevolg te gee, het sy in *verantwoordelikheid* teenoor die Here opgetree. Dit spreek uit haar fyngekose antwoord – in werklikheid ’n huweliksaansoek – aan Boas se voetenent: *“... brei dan u vleuels oor u dienares uit, want u is die losser ...”* (3:9; vgl. 2:12 in aansluiting by Boas se antwoord aan Rut op die graanland). Die Here het deur Naomi en Rut, as instrumente in sy hand, die weg vir die koms van die Messias gebaan.

Hoe raak die ontmoeting van Rut 3 ons? Die Here se (genadige) beskikking en (menslike) verantwoordelikheid is ten nouste aan mekaar verbind. Ons name en erfdeel verkry ter wille van Jesus Christus ’n ereplek in die koninkryk van God. Ons is geroepenes om in *verantwoordelikheid* teenoor die Here te handel en te wandel. En om, “skuilend onder sy vleuels”, *bereidwillig* in diens van Hom te staan.

Kinders van die Here beplan in verantwoordelikheid hiervolgens: *“Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop”* (Spr. 3:6).

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)*

**Sondag 6 September**

**Skrifgedeelte: Rut 3:10-18**
**Fokusgedeelte: Rut 3:13, 18**

### Die Here se beskikking van seëninge deur ’n aanstaande losser

Psalm 134-1:4 is onder ons bekend. Die sing van hierdie seënbede tref meestal in die hart wanneer en waar dit in die kring van gelowiges gesing word:

*“Laat, HEER, u seën op hul (hom/haar) daal,*
*u guns uit Sion hul (hom/haar) bestraal!*
*U wat beveel en – dit geskied,*
*wil, HEER, u seën oor hul (hom/haar) gebied!”*

Die afloop van die tweede (beplande) ontmoeting tussen Boas en Rut staan onder die ontroering van die Here se (genadige) beskikking van seëninge. Versluierde bedoelinge – as bedenklik en onverantwoordelik – was nie eie aan Rut se inkruip by Boas se voete nie. Haar handelinge, soos ’n bruid met die oog op ’n swaershuwelik, staan gesluier in Boas se reaksie daarop. Rut het nie slegter gedoen deur agter ander jongmanne aan te loop nie. Sy was haar reputasie as deugsame vrou waardig (vs 10, 11).

Verder kom die *"rus"* waarna Naomi en Rut op soek was – waarmee hoofstuk 3 begin en in vers 18 afsluit – in die Here se beskikking van Boas as aanstaande *losser* tot ontsluiering met die neem van Rut onder sy vleuels (beskerming). Eers moes die moontlikheid van 'n ander *losser* as naaste familielid uitgeklaar word, maar waar Rut nie met leë hande by Naomi aangekom het nie (vs 15, 17), was hiermee reeds die weg vir 'n *losser* in 'n opofferende en in 'n seënende gestalte gebaan.

Die seëninge van die Here in sy beskikking van 'n aanstaande *losser* is nie tot Rut 3 beperk nie. Dit was in aanloop tot dié opofferende en seëndende gestalte wat in Jesus Christus vervul is. In Hom is ons werklik geseëndes *"met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is"* (Ef. 1:3). Ons erfdeel is deur dié Losser nié en nooit verlore nie. Onder sy vleuels is altyd by God *rus* te vind. Daarom is dit ook 'n bede vir elke dag: *"U wat beveel en – dit geskied, wil, HEER, u seën oor ons gebied!"*

*Sing: Psalm 115-1:8*

*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)*

**Maandag 7 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:1-10**
**Fokusgedeelte: Rut 4:9, 10 (1983-vertaling)**

## God is in beheer, deur sy heerskappy baan Hy die weg vir die koms van die Messias

Ons het selde volle perspektief op ons omstandighede, wat dit ook al mag wees. Ja, ons is bewus van ons onmiddellike omstandighede, maar sien nie altyd die "groter prentjie" raak nie. Net so het Boas en Rut ook nie geweet wat die doel van hulle omstandighede was terwyl dit afgespeel het nie. Rut het geveg vir oorlewing, en Boas het hom ontferm oor haar. So het hulle met hulle lewens voortgegaan, sonder volle begrip van God se "groter plan".

God het hulle lewens egter so bestuur dat dit in sy "Groot Plan" 'n

belangrike plek gehad het. Die wonderlike resultaat van Boas en Rut se huwelik was dat die seun wat vir hulle gebore was, die oupa van koning Dawid was. So doen God deur die lewens van mense wat ’n beperkte perspektief op die “groter prentjie” gehad het, uiteindelik iets wonderliks. Uit die nageslag van Dawid is die Messias gebore: Jesus Christus wat bestem was en gekom het tot redding van almal wat in Hom glo.

So dikwels gaan ons ook maar net met ons dagtake aan en doen wat ons moet, en gaan so deur ons lewens sonder om stil te gaan staan en die “groter prentjie” in ag te neem. Ons het egter die voordeel om te weet wat die “groter prentjie” is. Ons weet Christus het vir ons sondes gesterf, en ook opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel. Sy Heilige Gees getuig dit in ons harte.

Vandag roep God ons weereens op om sy getuies te wees. Getuig van jou redding in Christus. Getuig daarvan dat God altyd in beheer is.

*Sing: Psalm 9-1:1, 7*

*Teologiese Student HC Andersen (Riaan)*

**Dinsdag 8 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:7-12**
**Fokusgedeelte: Rut 4:11**

## Getuies van loskoping in Betlehem, die Stad van Dawid

’n Getuie is iemand wat bevestig wat gebeur het. In die Ou Testament was dit ’n amptelike bevestiging van dit wat plaasgevind het – byvoorbeeld ’n huweliksbevestiging, die terugkoop en/of oordrag van eiendom. Veral wanneer iemand as ’n losser moes optree, wat onder andere (teen ’n prys) verlore eiendom kon terugkoop, slawe kon vrykoop, of in die leviraatshuwelik (swaershuwelik), waar ’n man sy oorlede broer se vrou as sy eie neem.

Die eersgeborene uit hierdie huwelik is as die oorledene se kind én erfgenaam beskou.

In God se voorsienigheid was Boas ’n naasbestaande van Elimeleg. Sodoende staan hy ook in die ry om met Maglon se weduwee te trou. Al kry die eerste familielid geleentheid om nog eiendom te bekom, sien hy nie kans om met Rut te trou nie. So roep Boas tien stadsleiers, en almal in die stadspoort, tot getuies (vs 9). Hulle moet bevestig dat hy nie net Maglon se familie-eiendom terugkoop nie, maar ook Rut as vrou neem. Hulle is nie net getuies van ’n eiendomstransaksie en ’n swaershuwelik nie, maar spreek ook die seën uit op hierdie voorgenome huwelik. Mag die huwelik geseënd wees soos wat die Here vir Jakob en Peres geseën het.

Dit is nie net in hierdie boek van die Bybel wat ons van Rut lees nie. Ook in Matteus 1 lees ons van Rut en haar “losserman” Boas wat in Jesus Christus se geslagsregister opgeneem is. In die Stad van Dawid is ons Redder en Verlosser gebore. Later, aan die kruis by Golgota, was Jesus se dissipels *getuies* en het deur die werking van die Heilige Gees dit alles vir ons neergeskryf.

So het ons Here Jesus met sy lewe en bloed betaal en is ons nou sy eiendom, vrygekoop van die slawerny van die sonde. Ons het sy “bloed-familie” geword.

*Sing: Psalm 116-1:3, 4*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*

**Woensdag 9 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:11-17**
**Fokusgedeelte: Rut 4:16, 17**

## God voorsien …

Die kindjie wat uit die lossingshuwelik tussen Boas en Rut gebore is, word deur Naomi as haar eie kind aangeneem. Vreemd genoeg is dit die enigste keer waar ons in die Ou Testament lees dat ’n kind nie deur sy familie ’n naam gegee word nie, maar deur ander sy naam kry.

Naomi se buurvroue noem hom Obed, wat *“dienaar”* of *“om te*

*dien"* beteken. Soos ons gister gelees het, word hierdie kind wat uit die leviraatshuwelik van Maglon gebore is, dan ook die nageslag, kind en erfgenaam van Elimeleg. Elimeleg beteken *God is Koning*. So voorsien God 'n dienaar vir die nageslag van "God is Koning" waaruit koning Dawid later gebore sou word. (Obed was Dawid se oupa.)

In hierdie geskiedenis beskik God dit dan so dat Dawid ook afstammeling van 'n Moabitiese vrou, Rut, is. Hierdeur wys God vir ons dat afkoms nie die bepalende faktor is om gered te wees nie. Later het Dawid ook erkenning aan die Moabiete gegee deur die koning van Moab te vra om skuilplek vir sy ouers teen Saul se woede te bied (1 Sam. 22:3). Ons weet ook dat Jesus Christus, ons Here en Redder, later uit die nageslag van Dawid gebore is.

Ons Koning, wat God is, word in Betlehem as Kind van Maria en Josef, as Dienaar vir ons gebore. In God se voorsienigheid as Koning en Dienaar is ek en jy, ongeag ons agtergrond of afkoms, kinders van God. Alles deur die genade van die werking van die Heilige Gees wat geloof in ons harte werk.

*Sing: Psalm 33-1:1, 6*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*

**Donderdag 10 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:13-22; Matteus 1:1-16**
**Fokusgedeelte: Rut 4:18-22**

## Vervelige geslagsregisters bring verligting en verlossing

Om deur geslagsregisters te werk, kan lang en vervelige lees- en studeerwerk wees. Dit kan selfs intimiderend wees. Reeds in vers 12 het ons gelees dat die seën op Boas en Rut se huwelik uitgespreek is. Dat dit geseënd sal wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is. Deur God se voorsienigheid en Tamar se "kreatiewe" toepassing van die leviraatshuwelik, is daar verseker dat die geslagslyn van Juda en Dawid nie uitgesterf het nie. Ook in die geval van Boas

en Rut het die geslagslyn van Elimeleg voortbestaan. In beide gevalle gebruik God heidense vroue om die koninklike geslagslyn van Dawid in plek te hou.

Kyk mens mooi na ons fokusgedeente, sien mens dat daar spesifiek tien geslagte genoem word. Hoekom? Die antwoord kry ons in Deuteronomium 23:2. "Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so 'n persoon se tiende nageslag nie" (1983-vertaling).

Die geskiedenis van Rut gaan oor die Here se verbondsgetrouheid teenoor sy kinders. Hierdie geslagsregister wys ons hoe God getrou bly om ons Verlosser aan ons te voorsien. Deur Boas en Rut se kind word verseker dat Dawid, die tiende geslag, se geslagslyn tot die voorgeslagte van Jesus behoort.

So voorsien God in en deur (vervelige?) geslagsregisters aan jou en my verlossing in Christus Jesus ons Here.

*Sing: Lied 190:1, 3*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*

**Vrydag 11 September**

**Skrifgedeelte: Ester 1:1-8 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Ester 1:8**

## Die wêreld se bevel tot vryheid

Dit is die vyfde eeu voor Christus. Ahasvéros regeer (486-465 vC) oor die Persiese ryk met sy 127 provinsies van Indië in die Ooste tot Etiopië in die Weste. Toe hy omtrent 40 jaar oud was, in die derde jaar (± 483 vC) van sy regering, reël hy groot feeste.

Vir 180 dae lank vier hy fees saam met sy hooggeplaaste amptenare vanoor die hele ryk. Hy wys vir almal hoe 'n magtige koning hy is en hoe ryk hy is. Hierdie fees gaan oor hom – hy moet geëer word.

Daarna vier hy verder fees. Vir sewe dae word daar in die stad Susan 'n fees gereël vir almal wat in die stad is. Daar is baie van alles – 'n

uitspattige brassery van voedsel en drank.

Tydens die feeste beveel Ahasvéros dat almal kan drink wat hulle wil, wanneer hulle wil en hoeveel hulle wil. Hulle is beveel om vry te wees in wat hulle drink – ’n bevel om vry te wees.

Dit is die beheer wat die wêreldheersers graag wil hê. Hulle wil in beheer wees, maar die mense moet tog voel asof hulle vry is. Hulle word gegee wat hulle wil hê, soveel as wat hulle wil en wanneer hulle dit wil hê – vrylik beskikbaar. Daarmee word die mensdom besig gehou. Daarin voel hulle vry. Hulle kry wat hulle wil hê. Wat dit ook al in ons tyd mag wees: die vryheid om te kies, om te praat, om te hê. Wat die mens ook al gelukkig hou.

Maar dis geen ware vryheid nie. Hoe kan ’n mens wat beveel is om vry te wees, waarlik vry wees? Dit is net sogenaamde vryheid totdat die heersers weer van bevel verander!

So, lê kinders van God se vryheid in wat die wêreld sê ons vry kan wees? Nee, ons vryheid begin eers wanneer ons, vrygekoop van die heerskappy van ons sonde, ons HERE waarlik, los van ons vleeslike begeertes, begin dien.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)*

**Saterdag 12 September**

**Skrifgedeelte: Ester 1:9-15 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Ester 1:15**

## Wie regeer nou eintlik?

Dis die laaste dag van die losbandige fees van koning Ahasvéros in die stad Susan. Vir sewe dae is daar na wellus gedrink. Die manne is goed gekuier. Ahasvéros is besig om homself te vereer.

In sy bedwelmde toestand wil hy sy koningin ook aan die manne wys. As hulle sien hoe beeldskoon sy is, sal hulle nog meer dink dat hy ’n gelukkige man is. Hy het ’n trofee vir ’n vrou.

Hy stuur sewe van sy hofdienaars om vir koningin Vasti te laat roep. Sy moet kom, met haar kroon op om voor die manne te poseer dat hulle haar kan bewonder. Dan kan hulle sien dat Ahasvéros die man van die oomblik is. So sit die regeerders van Susan gereed om nie net met drank nie, maar ook met skoonheid verder bedwelm te word.

Maar koningin Vasti kom nie. Die sewe hofdienaars kom met rooi gesigte terug om die koning in kennis te stel dat die koningin weier om te kom. Ahasvéros is woedend! Hy kry sewe van sy ander wyse manne, vorste, om hom te help. Hoe sal daar teen Vasti opgetree word, teen hierdie vrou wat nee sê?

So sien ons hoedat die heidene aanmekaarspring – koning en koningin. Die magtige wêreldheerser Ahasvéros word beskaam deur sy vrou wat nee sê.

Dit vat sewe vorste om ’n besluit te neem. Die koninkryk is geskud deur ’n vrou wat nee sê. So wie regeer nou eintlik? Nie Ahasvéros nie, ook nie Vasti nie. Ons sien verder in die boek dat die HERE self besig is om sy raad te vervul. Die heidene is besig met hulle luste. Maar die HERE gaan die kwaad tot sy volk se beswil beskik.

Dit was nog nooit die koning of die party wat die verkiesing gewen het wat regeer nie. Dit was nog altyd die HERE gewees en dit sal ook altyd Hy wees.

*Sing: Psalm 99-1:1, 3*

*Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)*

**Sondag 13 September**

**Skrifgedeelte: Ester 1:16-22**
**Fokusgedeelte: Ester 1:16-22**

## God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar

Wat ’n vreemde stuk geskiedenis! ’n Mens kom maar net meer en meer onder die indruk van hoe ver ons as mense geval het. Die eerste hoofstuk van Ester skets vir ons die agtergrond van die boek. Dit vertel

van die karakters in hierdie groot verhaal. Dit sit die legkaartstukke op die tafel …

Die stukke op die tafel is: Israel is in ballingskap, hulle word regeer deur koning Ahasveros, ’n man wat graag partytjies hou, wat maklik kwaad word, wat maklik voorgesê word deur sy amptenare, wat eintlik maar vir homself geleef het. Sy eie eer en posisie is vir hom só belangrik dat hy nie eers skroom om in sy woede en dronkenskap sy vrou as koningin af te sê nie! Die bevel wat die koning uitvaardig om Vasti van haar amp te onthef, is in wese ’n beslissing oor wie die mag in die hand het en wat daar gebeur met enigeen wat hierdie mag uitdaag.

Wat gaan van Israel word onder so ’n mens? Onthou dat ons hier wonder oor die geroepe verbondsvolk van God, die volk wat die draer is van die belofte van die Messias!

Dis egter nie net Israel wat hier in ’n doodloopstraat is nie, die hele mensdom is (was)! Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie! Hoe gaan die mensdom uit die gemors (sondeval) waarin hy homself gedompel het, kan uitkom? Ons weet die antwoord, God kan lewe uit dood gebied. Hy stuur sy Seun, Hy kom red, Hy soek ons weer op!

Maar terug by die boek Ester … Koningin Vasti is uit haar amp ontslaan, oneervolle ontslag. Wat gebeur volgende? Wat gaan koning Ahasveros nou doen? ’n Groter vraag: Waarmee is die Here besig, agter die skerms?

*Sing: Psalm 93-2:1, 5*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*

**Maandag 14 September**

**Skrifgedeelte: Ester 2:1-8**
**Fokusgedeelte: Ester 2:1-8**

## God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar (2)

Gister het ons gelees van die agtergrond waarom die koningintroon nou vakant is. Die koning is duidelik spyt oor wat gedoen is, sy

amptenare het moontlik geweet dat hy gaan wees, en daarom sê hulle dat die besluit onherroeplik moet wees (1:19).

Die raad wat die koning se amptenare vir hom gee, spreek glad nie van versoening en vergifnis nie. “Kry iemand anders!” sê hulle. Weereens aanvaar die koning hulle raad. Hulle hou ’n skoonheidskompetisie. Die mooiste meisie word koningin. Hier begin die verhaal dan vir ons ’n kykie gee op wat besig is om te gebeur. Indien die Joodse meisie Ester wen, gaan sy die koningin word van hierdie wispelturige koning! Wat ’n krisis!

Die vraag is steeds: Waarmee is die Here besig? Indien dit waar is dat God alles en almal in sy hande hou, indien dit waar is dat Hy in beheer is en regeer (Ps. 93), waarom laat Hy toe dat arme Ester aan hierdie kompetisie deelneem? Waarskynlik ken jy die geskiedenis van Ester verder, maar dikwels sukkel ons so om die Here te verstaan omdat ons nie die volle prentjie het nie. Die Here weet wat kom, en daarom is Hy nou al besig om in Ester se tyd die legkaartstukke bymekaar te sit. Hy wil nie die sonde nie, maar in sy almag kan Hy dit wel gebruik om sy volk te red.

So ook in ons eie lewe, daar is dikwels dinge wat ons nie verstaan nie, maar ons vertroue is dat ons liefdevolle Vader alles ten goede laat meewerk. Dat Hy die helder en donkerkleurige stukke van my lewe bymekaar kan sit om sodoende ’n volle, pragtige prent te laat voorkom.

Maar kom ons hardloop Ester nie vooruit nie … môre lees ons wat gebeur verder met Ester, die mooi Joodse meisie …

*Sing: Psalm 66-1:1, 2*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*

**Dinsdag 15 September**

**Skrifgedeelte: Ester 2:9-14**
**Fokusgedeelte: Ester 2:9-14**

## God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar (3)

Hegai, die bewaker van die koning se vrou, hou dadelik van Ester. Sy kry goeie behandeling vir ’n jaar en daarna moes die meisie na die koning toe gaan vir ’n nag, en op grond daarvan sal sy gekies word.

Een van vier dinge kon dan gebeur: die koning is ontevrede en die meisie is dan by die res van die byvrouens geplaas, sy mag nooit met iemand anders trou nie. Dit kon gebeur dat die koning van haar hou, en dan is sy ’n byvrou met ’n bietjie hoër status, of as hy baie van haar gehou het, het sy een van die koning se vrouens geword. As die koning egter baie beïndruk was, het sy koningin geword. Wat is die kans dan dat ’n Joodse weeskind wat deur haar oom grootgemaak is, koningin sou word? Seker nie veel nie. Hiermee saam het ons ’n klomp morele probleme. En tog, God is stil-stil aan die werk. Die volk Israel se voortbestaan is op die spel en daarmee saam God se belofte van ’n Verlosser wat uit die volk gebore sal word.

Soms verlos die Here met tien plae en met ’n wolk- en vuurkolom. Soms verlos God deur ’n see oop te skeur, maar hier is God steeds besig om te verlos. Sy stilswye beteken nie afwesigheid of verlating nie. God werk. Sy beloftes staan vas, selfs al lyk dit vir ons asof Hy nêrens te sien is nie.

Kyk terug op jou lewe, hoeveel “toevallighede” is daar, maar as mens terugkyk, sien ons die Here se werke soos ’n goue draad. Iemand wat “toevallig” gebel het, of iets wat “toevallig” gebeur het? Die Here regeer. Sy beloftes is legio! Hy belowe onder andere dat niks en niemand jou van sy liefde sal kan skei nie (Rom. 8). So staan al sy ander beloftes ook vas. Daarvan kan jy verseker wees, selfs al voel of lyk dit nie nou op die oomblik vir jou so nie!

*Sing: Skrifberyming 1-6:1, 2, 3*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*

**Woensdag 16 September**

**Skrifgedeelte: Ester 2:15-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 17:16-18**

## Nie *van* die wêreld nie, maar *in* die wêreld

Selfs wanneer mens in ’n vreemde land leef, is dit waar: God is ook hier en Hy bestuur wat gebeur, al word Hy nie eksplisiet erken nie.

Ongemaklike verse hierdie, dit daag ons morele waardes op soveel vlakke uit: Die skoonheidskompetisie wat koning Ahasveros se amptenare reël, bereik die finale fase. Die laaste rondte behels ’n nag by die koning. Die wenner word die koningin. Toe dit Ester se beurt is, gaan sy na die koning net soos sy is – sonder voorgee, sonder geskenke. Koning Ahasveros hou, van al die meisies, die meeste van haar. Sy wen. Ester word gekroon as die nuwe koningin. Vir ons amper ondenkbaar, gebruik die Here hierdie vreemde gebeure om Ester in plek te kry sodat sy op die ou end in die perfekte posisie is om vir die Jode voorspraak te doen (kyk Ester 5). Onder ’n geloofsvyandige bewind, leef sy *in* die gebroke werklikheid. Hier wil die Here haar gebruik om middelaar – tipe van Christus – te wees. Al weet sy dit nog nie.

Jesus het selfs nog verder gegaan: Hy het doelgerig ons gebreekte wêreld betree. *In* die wêreld, sonder om *van* die wêreld te word. Sodat Hy ons Middelaar kan wees.

En oor hierdie *in* die wêreld wees, is Hy erg verwyt (Matt. 11:19): Kyk! Hy is ’n vraat en ’n wynsuiper! ’n Vriend van tollenaars en sondaars!

Ons is Jesus se volgelinge. Soos Jesus is ons gestuur, *in* ons gesekulariseerde wêreld *in*. Ons trek ons nie eenkant terug in ’n klooster nie. Ons leef *in* die gebreekte wêreld. Want hier – tussen die skerwe van sonde en haat en stukkend; sonder om self daarvan deel te word – *hier* is ons in plek om getuies van die Middelaar te wees (Fil. 2:15).

Ons doen dit omdat Jesus dit gedoen het. Ons doen dit omdat God ook in ’n vreemde wêreld werk.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 4*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*

**Donderdag 17 September**

**Skrifgedeelte: Ester 2:19-23**
**Fokusgedeelte: Jeremia 29:7**

**God se integriteit maak staanplek, selfs in die vreemde**

Mense wat in die vreemde leef, kan weet: *God is ook hier en Hy bestuur wat gebeur, al word Hy nie eksplisiet erken nie.* Mordegai hoor van 'n sameswering om koning Ahasveros te vermoor. Wat sal hy doen? Bykans 100 jaar voor Mordegai moet besluit wat om te doen, het die Babiloniërs die Jode in ballingskap weggevoer. Mordegai het die trauma om in ballingskap weggevoer te word, sekerlik nie beleef nie. 55 jaar voor Mordegai moet besluit wat om te doen, val die Babiloniese ryk voor die Perse en is die Jode toegelaat om terug te keer na Juda. Om verskillende redes het sommige Jode in die vreemde agtergebly en daar 'n lewe gemaak. Soos Mordegai se familie ook. Wat sal hy doen oor die sameswering? Dit lyk nie of Mordegai uit trauma van ballingskap kies nie; eerder uit die waardestelsel van sy geloof: *"Jy mag nie moord pleeg nie"* (Eks. 20:13). Hy bevorder die belange en welwese van die stad waarin hy bly (Jer. 29:7). En so versterk die Here die netwerk in en om die paleis – getuies wat met integriteit lewe. Mordegai vertel vir Ester, Ester vertel die koning. En ná ondersoek word daar met die samesweerders afgereken. Mordegai se integriteit-in-daad word opgeteken. Integriteit-in-daad wat die Gees bring, bou geloofwaardigheid. Ook onder vreemde oorheersing. Gelowiges sonder strukturele mag kry staanplek deurdat hulle vir hulle (nee, eintlik God se!) integriteit geag word. Aan hoe hulle konsekwent goddelike liefde leef – beide in die binnekring (Joh. 13:34-35) én teenoor ander (Luk. 10:25-37) – word hulle (nee, eintlik God se!) geloofwaardigheid sigbaar. Hoe lyk die staanplek wat jy vir jou in die samelewing oopleef? Ag ander mense jou vir jou (nee, God se!) integriteit? Sal iemand iewers na jou luister omdat hulle jou integriteit ken? Wie weet wanneer God sy integriteit in jou wil gebruik?

*Sing: Psalm 65-1:3, 4*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*

**Vrydag 18 September**

**Skrifgedeelte: Ester 3:1-7**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 25:17-19**

## Hoe kies ek wanneer lojaliteite bots?

In hierdie vreemde wêreld maak mens heeltyd keuses. Soms moeilike keuses. Koning Ahasveros beveel almal moet voor die nuwe eerste minister Haman buig, seker om Haman se gesag te bevestig. Maar Mordegai weier volstrek, al het hy bewys hy is lojaal aan die koning (Ester 2:19-23; Rom. 13:1-7). Daar is ’n ander lojaliteit wat vir hom swaarder weeg. Wat kan vir hom so swaar weeg dat hy sy eie en ander Jode se veiligheid op die spel plaas?

Die konflik tussen Mordegai en Haman het ook ’n persoonlike element. Haman was familie van Agag (Ester 3:1); Mordegai van Saul (Ester 2:5). En die stryd tussen Agag en Saul het sy eie lang aanloop.

800 jaar voor Mordegai en Haman, toe Israel weerloos en moeg deur die woestyn getrek het, het die Amalekiete die Israeliete van agter aangeval – so asof die God van Israel nie iemand is om mee rekening te hou nie. Hiervoor, belowe die Here, sal Amalek uitgewis word (Deut. 25:17-19). 500 jaar voor Mordegai moes Saul die Here se wil uitvoer en Amalek uitwis. Maar Saul spaar Agag, Amalek se koning, se lewe en vergryp hom aan die buit. Hy maak, soos Amalek, of hy nie met God rekening hoef te hou nie. Daarom verwerp die Here Saul as koning. Ook Samuel draai sy rug op Saul. Samuel kap toe self vir Agag in stukke (1 Sam. 15).

Hoekom weier Mordegai om die koning te gehoorsaam en buig hy nie voor Haman nie? Kies hy so omdat hy opgeslurp is in ’n eeue-oue etniese konflik? Of kies hy so omdat hy nie dieselfde fout as Saul wil maak nie? Wil hy God na volle waarde reken, wil hy buig voor *Ek is wat Ek is*? Ongeag die gevolge?

Toe Haman uitvind Mordegai is ’n Jood, sien hy ’n geleentheid om sommer die dood van sy oor-oer-oupagrootjie Agag en Amalek se vernietiging te wreek. Die lot word gewerp om ’n dag vas te stel wat al die Jode in al die koninkryke van Ahasveros uitgeroei sal word.

Maar God wat werk, agter die sluier van die lot, het reeds sy geloofwaardige getuies in posisie om sy wil te laat seëvier.

*Sing: Psalm 16-3:1-3*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*

**Saterdag 19 September**

**Skrifgedeelte: Ester 3:8-15**
**Fokusgedeelte: Ester 3:8, 9**

## Die stryd woed voort!

Satan is hier besig om ’n aanval op die kerk te loods. Wat ons hier lees, is nog ’n episode in die stryd tussen die slang en die saad-van-die-vrou (Gen. 3:5). Die aanslag is fel, maar God bly aan die stuur van die gebeurtenisse en bly onder alle omstandighede getrou.

Ahasveros het Haman tot ’n baie hoë posisie bevorder. Op bevel van die koning moet almal nou voor hom buig. Mordegai weier omdat hy ’n Jood is. Hieroor was Haman woedend en besluit om nie net vir Mordegai uit te wis nie, maar ook die hele Joodse volk in al die provinsies. Hy sweep daarom vir koning Ahasveros teen Mordegai en die volk op (3:8). Hy bied selfs hiervoor ’n omkoopgeskenk aan. Die koning gee vir Haman sy koninklike seëlring sodat die uitwissing van die Jode ’n wet van Mede en Perse word.

Haman word voorgestel as ’n Agagiet (3:1) en Mordegai as ’n afstammeling van Kis uit Benjamin (2:5). Dit roep die ou stryd tussen God en Satan op soos Genesis 3:5 dit beskryf.

Keer op keer wou Satan die volk van die Here (saad-van-die-vrou) al uitwis. Hy wou die geboorte van Jesus Christus voorkom. Dink maar aan die farao wat die seuntjies van die Israeliete doodgemaak het. Baie jare later, toe Jesus gebore is, het hy weer al die babaseuntjies probeer doodmaak, maar Maria en Josef vlug na Egipte. Op Golgota het die slang gedink hy het oorwin, maar dan staan Jesus Christus as oorwinnaar uit die dood op!

Omdat die duiwel Jesus Christus nie kon oorwin nie, is die kerk nou in sy visier. Die kerk, ek en jy, staan in ’n stryd (vgl. Op. 12). Tot vandag toe nog!

Uit Ester 3 en 4 kan ons egter sien dat God vertrou kan word wanneer Satan aanval. *Soek daarom jou krag in die Here en in sy groot mag* (Ef. 6:10).

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)*

**Sondag 20 September**

**Skrifgedeelte: Ester 4**
**Fokusgedeelte: Ester 4:14**

## God regeer!

’n Hele klomp toevallighede? ’n Wonderlike sameloop van omstandighede? Is dit wat ’n mens in Ester lees? Alles pas darem net te maklik in mekaar – amper soos ’n legkaart!

Nee, dit is nie blote toevallighede nie! Dit is in werklikheid God se leiding en voorsienigheid by ’n keerpunt in sy volk se geskiedenis. Hy bestuur tot die kleinste besonderhede.

Dit is God wat gesorg het dat Ester op hierdie stadium koningin in die koninklike paleis van Ahasveros is. In die krisisuur kon sy vir die Jode ’n voorspraak by die koning wees. God het voorsien *met die oog op ’n tyd soos hierdie …* (4:14)

Ester wou die waarheid hiervan eers nie raaksien nie. Sy wou maar net koningin wees en klaar. God het egter haar oë oopgemaak deur Mordegai se woorde aan haar. Sy het besef dat die Here haar as koningin wil gebruik *met die oog op ’n tyd soos hierdie*. Mordegai het ook duidelik vir haar gesê: God is nie van jou afhanklik nie. As jy ongehoorsaam is, sou Hy in sy almag op ’n ander wyse redding vir sy volk bewerk.

Ons bevind ons in die lewe nie net voor ’n sameloop van omstandighede nie, maar voor die Beplanner daarvan. Ook Golgota wys hoe God optree

in ’n sameloop van omstandighede waarby Hy skynbaar afwesig is en wat skynbaar deur aardse konings en bose magte bepaal word. God het daar volmaak voorsien om ons te verlos – in Jesus Christus! Sy opstanding uit die dood het bewys dat God aan die stuur van sake is.

Mag jy met nuwe oë na jou lewe en na gebeure in jou lewe kyk! Weet dit: God is aan die stuur en wil jou ook op ’n besonderse manier gebruik in sy koninkryk. Ook binne die omstandighede waarin jy geplaas is. Jou lewe is nie doelloos nie!

*Sing: Psalm 145-2:1, 2, 3*

*Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)*

**Maandag 21 September**

**Skrifgedeelte: Ester 4**
**Fokusgedeelte: Ester 4:16**

**God wil ons ook gebruik binne ons omstandighede!**

God regeer! Hy voer sy koninkryksplan deur in die alledaagse lewe en in die geskiedenis. Ons sien dit duidelik in die Bybelboek Ester. God is hierin van niemand afhanklik nie, en tog skakel Hy gelowiges daarby in. Hy gebruik ons in sy diens binne ons omstandighede.

Kyk net hoe wonderlik gebruik die Here vir Mordegai om vir Ester haar roeping as koningin aan die paleis te laat insien!

En kyk na Ester! Sy is bereid om te sterf vir die redding van haar volk: *Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.* Sy is bereid om die gerief van die koninklike paleis prys te gee ter wille van ’n roeping wat tot haar gekom het.

Dit is hoe die Heilige Gees kinders van die Here opnuut inspireer en mobiliseer tot bruikbare werktuie in die hande van die Here. Die Gees maak van gebarste erdekruike kragtige instrumente in die koninkryk van God. Dink maar net aan Petrus! Hoe kragtig het die Here hom nie gebruik wat eens sy Here verloën het nie?

Wanneer ons glo dat God regeer en dat Hy ons roep tot sy medewerkers, dan gryp ons die geleenthede wat op ons pad kom, met albei hande aan. Dan begin ons werk, juis omdat ons weet dat dit die Here is wat werk. Omdat ons weet dat Hy sy koninkryk laat kom, werk ons hart en siel aan die koms van hierdie koninkryk binne ons leefwêreld. Omdat Jesus Christus die offer vir ons verlossing gebring het, is ons bereid om ook groot offers te bring vir God se koninkryk. Dankbaarheidsoffers!

Wanneer ons waarlik op die Here vertrou wat regeer, word ons nie beskaam nie – so leer ons uit Ester.

Hoe en waar gaan die Here jou vandag gebruik in sy koninkryk?

*Sing: Psalm 116-1:7, 9, 10*

*Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)*

**Dinsdag 22 September**

**Skrifgedeelte: Ester 5:1-8**
**Fokusgedeelte: Ester 5:1**

## Waagmoed in die koninkryk (van God)

Koningin Ester lê hier waagmoed aan die dag. Reeds in Ester 4:11 het ons gehoor dat indien iemand voor die koning verskyn sonder dat die koning hom/haar ontbied het, is daar net een gevolg: doodstraf.

Tog neem Ester hier ’n berekende risiko. Dit is reeds meer as 30 dae vandat die koning haar ontbied het en daar is dus geen sekerheid of hy haar sal wil sien nie. Tog, ter wille van die volk van God in die Ou Testament, lê sy waagmoed aan die dag. Sy maak haar gereed en stap na wat in haar oë na ’n gewisse dood sou gelyk het. Genade is al waarop sy kan hoop.

Hoeveel te meer kan ons dan waagmoed aan die dag lê ter wille van die koninkryk van God? Ons ken immers die Koning en Regter wat op die troon sit. Ons het die sekerheid dat ons met vrymoedigheid deur Christus tot die Vader kan nader (Heb. 10:19-22) en dat ons ’n koninklike priesterdom en die eiendomsvolk van God is wat Hy vir Hom

afgesonder het (1 Pet. 2:9). Ons weet dat Hy gunstig oor ons sal oordeel en dat niks ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar vir ons is in Christus Jesus, ons Here (Rom. 8:39).

Christus het jou oorgebring van die dood na die lewe. Hy het jou ingelei in die koninkryk van God wat nou reeds ’n realiteit in jou lewe is deurdat Christus jou Koning is wat oor jou regeer. Om in God se koninkryk met waagmoed te lewe, is dus in werklikheid om in God se koninkryk met sekerheid te lewe!

*Sing: Lied 464:3, 4*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg)*

**Woensdag 23 September**

**Skrifgedeelte: Ester 5:9-14**
**Fokusgedeelte: Ester 5:12**

**Hoogmoed bring jou tot ’n val**

Haman was hoogmoedig. Soveel so dat hy selfs teenoor die mense wat hom die beste ken, spog oor dit wat hy het en van ander ontvang het.

Hoogmoed lei egter daartoe dat jy nooit tevrede is met dit wat jy het nie. Daar is altyd nog iets wat jy wil hê. Haman het reeds alles gehad wat hy sou kon kry in die Persiese Ryk. Tog beteken dit vir hom maar min solank as wat Mordegai nog lewe. Dit is hierdie hoogmoed wat veroorsaak dat hy na sy vrou en vriende luister en wat hom, só sal ons in hoofstuk 7 hoor, tot ’n val bring.

Hierdie hoogmoed van Haman laat ons dink aan die uitspraak van ons Here Jesus Christus in Markus 10:31: “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”

Hoogmoed het tot gevolg dat jy dink dat alles in jou mag is – ook die ewige lewe en ook jou verhouding met God! Dit is wat hierdie ryk jongman in Markus 10:17-31 ook gedink het en juis dit is die rede waarom hy bedruk weggegaan het. Ja, hy het baie besittings gehad en dit

was daarin wat sy identiteit en verlossing vir hom gelê het. Tog is niks vir God onmoontlik nie. Mordegai se benoude situasie het Hy omgekeer en jou en my hoogmoed kan Hy verander in nederigheid, diensbaarheid en gehoorsaamheid op grond van die verlossing wat ons in Christus ontvang het. Deur die Heilige Gees gee God aan ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; Hy haal die hart van klip uit en gee aan ons 'n nuwe hart, diensbaar in die koninkryk. Dankbaar vir alles wat ons uit sy Vaderhand ontvang.

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg)*

**Donderdag 24 September**

**Skrifgedeelte: Ester 6:1-13**
**Fokusgedeelte: Ester 6:1-13**

## Toeval vir die ongelowige oog; God se ingrype vir die gelowige oog

Mense skryf gebeure so maklik toe aan toeval. Mens hoor selfs gelowiges dikwels sê dat hy of sy toevallig daar was waar dit of dat gebeur het. Tog kan ons as gelowiges nie van toeval praat nie, want toeval beskryf 'n toestand waar dinge lukraak saamkom om iets te laat gebeur of ontstaan. As kinders van God kan ons nie anders as om sy hand aan stuur van sake te sien wanneer dinge wat oënskynlik nie by mekaar pas nie, tog saamkom om iets wonderliks tot stand te laat kom.

Mens sou hierdie gebeure met Haman en Mordegai juis binne hierdie raamwerk kon plaas. Dit is 'n slapelose aand vir die koning. Om weer aan die slaap te raak, lees hy uit die annale van die konings. 'n Aksie met die doel om hom weer aan die slaap te maak, bring hom op daardie tydstip op die gebeurtenis van Mordegai se heldedaad af. 'n Daad wat bewys dat hy getrou is aan die koning. 'n Onmisbare deel van die koning se personeel.

Die koning besluit om hom nou daarvoor te vereer, op 'n tydstip waar Haman 'n galg gebou het om vir Mordegai om die lewe te bring.

Mordegai word vereer op die tydstip wat baie meer voordelig vir hom is as wat dit sou wees as hy destyds daarvoor vereer is. Die koning vra die een persoon wat alles in sy vermoë doen om Mordegai uit die weg te ruim hoe iemand aan wie die koning eer wil bewys, vereer moet word. Haman se gedagtes is nie toevallig op daardie tydstip met sy eie eer besig nie.

Daar is niks lukraak aan hierdie gebeurtenisse nie. Waar Haman en die res van die wêreld slegs toeval sien, weet Mordegai dat hy deur die almag en voorsienigheid van God bewaar word.

Kyk vandag na die oomblikke waar ander toeval sien met die oë van ’n gelowige en sien ’n oomblik van God se ingrype, ’n oomblik van sy voorsienigheid!

*Sing: Skrifberyming 1-1:1-3*

*Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*

**Vrydag 25 September**

**Skrifgedeelte: Ester 6:14 – 7:6a**
**Fokusgedeelte: Ester 7:1-4 (1983-vertaling)**

## God voorsien ook waar ons bereid is om te dien

Dikwels sal gelowiges vassteek by die gedagte dat God se voorsienigheid ’n passiewe ding is. God voorsien en ons ontvang. Hy beweeg en ons staan stil met hande opgehef, sodat ons in ontvangs kan neem wat God aan ons gee. Tog sou mens met hierdie beredenering mis hoedat God ons juis deur sy voorsienigheid oproep tot aksie.

Ester het haar plig as koningin nie versuim nie. Sy het nie net in die weelde van die paleis verdwaal en van haar mense vergeet nie. Deur die bekende woorde van Mordegai – dat sy dalk juis met die oog op ’n tyd soos dié koningin geword het – het sy moed bymekaargeskraap om in die tempelhof in te gaan. Daar het die Here dit bewerk dat die koning só deur haar bekoor is dat hy haar lewe spaar.

Ester vra dan vir nog ’n ete en dan (met die vorige gebeure tussen

Haman en Mordegai in gedagte) breek hierdie oomblik aan. Die oomblik deur God voorsien. Dit is 'n *kairos*-oomblik, 'n Godgegewe oomblik. Die oomblik waar Ester, Haman en die koning weer saam eet en die koning weer vir Ester vra wat haar wens is. 'n Oomblik waar die tyd só perfek reg is om die vyand van God se volk uit te wys dat die koning nie anders kan as om Haman se slinksheid in te sien nie. Alles het hierin meegewerk. Ester se bereidwilligheid om haar Here te dien, haar deel te doen en te vertrou dat die Here sal voorsien.

Moet dan nie nalaat om te doen wat jou hand vind om te doen in die koninkryk van God nie. Vertrou dat die Here ook hierin nie sy voorsienende hand sal onttrek nie. Gryp elke Godgegewe oomblik in diens van Hom aan!

*Sing: Skrifberyming 2-2:2*

*Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*

**Saterdag 26 September**

**Skrifgedeelte: Ester 7:6b – 8:2**
**Fokusgedeelte: Ester 7:10**

## Haman word aan sy eie galg gehang

Haman het 'n meesterplan gehad om Mordegai en al die Jode om die lewe te bring. Skielik, in een aand by 'n feesmaal, verander alles en is hy die een wat vir sy lewe smeek. Hy het alles gereed en in plek gehad, tot 'n galg van 23 meter gebou om Mordegai op te hang (met die Babiloniese galg word 'n persoon nie met 'n tou gehang nie, maar deur 'n galgpaal gesteek).

Hierdie gedeelte wys vir ons duidelik die Here se byna onverwagse trou en raadsplan. In een aand, letterlik 'n oogwink, het die omstandighede heeltemal verander en is daar uitkoms vir Mordegai en die Joodse volk.

Ester het bloot haar saak gestel voor koning Ahasveros, en so het hy toe opgetree teen Haman. Hy het 'n bevel gegee en Haman word die-

selfde aand nog opgehang aan die galgpaal wat hyself gebou het. Jy moet versigtig wees om nie gate te grawe (of galgpale te bou) vir ander nie, jy sélf kan maklik daarin val (of aan jou eie galg gehang word). Die wraak kom die Here toe!

Niks kan God se plan omverwerp nie – Hy het sy trou aan die Joodse volk beloof – selfs al het Hy hulle in ballingskap weggestuur, wou Hy nie dat hulle uitgewis word nie.

Hierdie feesmaal van koning Ahasveros laat ons dink aan 'n ander feesmaal waar die Here se plan ook nie gekeer kon word nie – die laaste Pasga van Jesus saam met sy dissipels. Hier was dit andersom, die onskuldige Lam is weggelei om gekruisig te word aan die kruishout. Sy dood en offer is vir ons die oorwinning oor al ons vyande en die weg tot die ewige lewe!

God voer altyd sy raadsplan uit!

*Sing: Psalm 1-1:2, 4*

*Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)*

**Sondag 27 September**

**Skrifgedeelte: Ester 8:3-17**
**Fokusgedeelte: Ester 8:10**

## God verander die onmoontlike na die moontlike

Gister het ons gekyk hoe Haman, die skurk, ontbloot is en aan die pen gery het. Sy bose plan bly egter nog staan, dit kan nie herroep word nie. 'n Koninklike proklamasie kan nie herroep word nie. Is daar dan nou geen uitkoms nie? Ester moet weer haar lewe waag om die koning te spreek. Die koning luister; anders as met Haman, tree Ahasveros nie op nie, maar gee vir Ester en Mordegai die volmag om namens hom op te tree.

Blitsig moet daar 'n plan gemaak word en briewe geskryf word. Baie wysheid is nodig om te verhoed dat die volk uitgeroei word. Hulle kan nie die bevel van die koning omkeer nie. Dit lyk onmoontlik om die

Jode te red, maar dan maak die Here dit moontlik: hulle kan briewe uitstuur dat die Jode hulleself mag verdedig – hulle mag selfs hulle aanvallers se eiendom oorneem.

Een oomblik sou die Jode uitgeroei gewees het – nou staan hulle gereed om hulle vyande te kan wreek en selfs hulle vyande se vroue en kinders doodmaak. Maar, gaan hulle nou te ver? Is dit nie genoeg om hulleself net te verdedig nie? Hier gee God nie net die uitkoms nie, maar word die vyande van God se volk ook gewreek. Die Here tree op teen sy vyande: *"Hy sal sy haters ver en wyd laat wegvlug voor sy oë."*

En dan is daar 'n onverwagse wending: baie mense uit ander volksgroepe het Jode geword, die Jode wat vernietig word, word nou vermeerder! So kan ons donkerste omstandighede deur die Here verander word en self vir ons tot seën wees. Die Here se Naam word verheerlik, sy volk word vergroot – en dit uit wat aanvanklik 'n tragedie sou wees!

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)*

**Maandag 28 September**

**Skrifgedeelte: Ester 9:1-19**
**Fokusgedeelte: Ester 9:1**

## God bewerk in sy voorsienigheid 'n groot omkering!

Die dag wat deur die lot bepaal is om die Jode dood te maak, het op presies die teenoorgestelde uitgeloop. Die omgekeerde het gebeur! Die Jode word nie deur hulle vyande oorweldig nie, die Jode het hulle vyande oorweldig. Die Jode wat benoud en bang was vir hulle vyande, is nou die mense vir wie die volke skrikbevange is.

Ester moes haar lewe waag om vir die koning te vra om haar volk se lewe te spaar. Wanneer hy hoor hoeveel mense deur die Jode doodgemaak is, is hy vol vrees en sê hy aan Ester dat sy enigiets kan vra of versoek, dit sal aan haar gegee word. Waar die Jode gevas en gehuil en gekerm het (4:3), het hulle vol vreugde feesgevier. So word die dag

waarop die besluit en proklamasie van die koning uitgevoer moet word, ’n ommekeer waarin al die rolle omgeruil word. Die dag wat die Jode se einde moes beteken, word die twee dae van hulle grootste oorwinning.

Dit is God wat in sy voorsienigheid die omkering bewerk! Hy sorg dat Ester koningin is en dat Mordegai ’n hoë posisie beklee. Hulle kan inspraak maak vir die Jode. So sorg die Here. Hy sal nie toelaat dat sy volk uit wie die Verlosser moet kom, vernietig word nie.

Eindelik stuur God dan ook die Verlosser na die wêreld en Hy bring die groot omkering, ook in ons lewens. Jesus Christus sterf in ons plek aan die kruis en so ontvang ons wat die ewige dood verdien, die ewige lewe.

*Sing: Psalm 68-1:1*

*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*

**Dinsdag 29 September**

**Skrifgedeelte: Ester 9:20-32**
**Fokusgedeelte: Ester 9:26, 27**

**Ons mag nooit vergeet dat God in sy voorsienigheid vir ons sorg nie.**

Mens kan tog so gou vergeet as alles voorspoedig gaan. Daarom skryf Mordegai en Ester briewe aan al die Jode. Hulle word gelas om elke jaar op ’n spesifieke tyd die pasafgelope gebeure te herdenk en te vier. Die fees moet volgens die voorgeskrewe wyse plaasvind. Hulle moet altyd herinner word hoe groot die nood was, hoe hulle gevas het en hoe God op ’n wonderlike manier uitkoms gegee het. Hulle moes dit nie doen om te voorkom dat hulle die verlede vergeet nie. Hulle moes in die hede, terwyl die “normale” lewe voortgaan, bewus bly van God se regering en voorsienigheid.

Die fees is die Purimfees genoem, na aanleiding van die “Pur” of die lot wat Haman gewerp het om te bepaal op watter dag die Jode uitgeroei moet word. Ons vier nie die Purimfees nie. Dit is ’n Joodse nasionale

fees. Maar eintlik is elke dag vir ons Purimfees. Ons moet elke dag onthou dat God in beheer is. Hy beskik en bestier ons lot. Ons getroue God het Jesus Christus gestuur om ons lot te verander, sodat ons nie die ewige dood ingegaan het nie, maar die ewige lewe ontvang het. Die Jode het op die Purimfees gedink aan hulle oorwinning oor hulle vyand. Ons dink aan Jesus Christus se oorwinning oor die dood, die sonde en oor die bose magte.

Ons word opgeroep om elke dag vanuit die oorwinning te lewe. En daarom is ons lewe 'n lewe van feesviering en blydskap. Ons lewe 'n ware dankbaarheidslewe, waarin ons ook in liefde uitreik na ander mense, veral mense in nood. Op die Purimfees was dit immers die gebruik om geskenke aan mekaar te stuur, ook aan die armes.

*Sing: Psalm 103-1:1*

*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*

**Woensdag 30 September**

**Skrifgedeelte: Ester 10:1-3**
**Fokusgedeelte: Ester 10:3**

## Vervul jou roeping met die wete dat God voorsien

Ons sien aan die einde van die boek Ester hoe alles weer na normaal terugkeer. Na die wonderlike uitkoms wat Ester, Mordegai en die res van die Jode ervaar het, keer alles weer terug na die gewone gang van die lewe. Koning Ahasveros vaardig wette uit soos dit hom behaag. Hy verdruk sy onderdane en laat hulle dwangarbeid doen.

Soos die boek Ester begin het, so eindig dit. Die Jode daar in Persië moet ná al die wonderlike dinge wat gebeur het, weer verder leef in 'n wêreld waar dit lyk of die mens se lot in die hande van mense is.

Ná sulke wonderlike hoogtepunte is die aanpassing in die gebroke werklikheid van die lewe maar moeilik en die frustrasies groot. So maklik vergeet mens van God se regering en versorging en gou-gou is ons weer in die sleurgang van die lewe.

Met die wete dat God voorsien, moet ons elke dag ons roeping vervul. Ons moet doen wat ons moet doen. Ons sien dit in Mordegai se optrede. Hy was nou ’n belangrike man, tweede in bevel onder koning Ahasveros. Maar hy het nie vergeet van God en sy voorsienigheid nie. Dit is duidelik uit sy optrede. Hy het hom vir die welvaart van sy mense beywer en die veiligheid van al hulle nakomelinge verseker. Daarom was hy ook hoog in aansien by die Jode en gewild onder sy volksgenote.

Ons moet elke dag ons roeping vervul met die wete dat God voorsien. Dit is ons dankbaarheidslewe teenoor God wat in en deur Christus ons lot onherroeplik verander het tot ons redding.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*

## OKTOBER

**Habakuk**

Habakuk leef in die tyd rondom die opkoms van die Babiloniese Ryk, waarskynlik tydens die regering van die goddelose koning Jojakim en daarna. In sy finale vorm is die boek 'n troosboodskap vir die mense wat in die skok van die verwoesting van Jerusalem beleef. God is egter nie onbetrokke by die pyn en lyding wat deur goddeloosheid veroorsaak word nie, maar dikwels kan sy betrokkenheid net deur die oë van geloof gesien en ervaar word. Hy sorg vir sy kinders, Hy is by hulle – Hy laat sy koningsheerskappy duidelik word!

**Sefanja**

Sefanja profeteer in die tyd van koning Josia, seun van Hiskia. Reeds in Hiskia se tyd het die volk begin terugdraai na God toe. Hiskia het egter nie die afgodstempels op die hoogtes vernietig nie. Josia doen dit wel en hy begin al hoe meer om die godsdiens van Israel weer op God te rig. Die oordeel oor Juda wat aangekondig word, moet gesien word in die groter geheel van die totale oordeel wat gaan aanbreek met die koms van die dag van die Here. Die dag van die Here moet gesien word as enige dag waarop daar radikale ingrype was. Hierdie ingrype of verandering word dan gesien as die dag van die Here en dit is die dag waarop God oordeel bring oor mense. Die val van die Babiloniese Ryk en Josia se reformasie kan beide regtelik gesien word as die dag van die Here. Juda en Israel het egter die idee gehad dat dit net voorspoedig met hulle sal gaan op die dag van die Here en dat God se oordeel nie oor hulle sal kom nie. Beide in Sefanja en Amos word hierdie prentjie verander, sodat Juda en Israel kan besef dat ook hulle onder die oordeel van God gebring sal word.

**Maleagi**

Die boek Maleagi dateer uit die tyd nadat die Israeliete uit die ballingskap teruggekeer het (vgl. Haggai, Sagaria, Esra en Nehemia). Hierdie gevolgtrekking word gemaak op grond van die feit dat daar 'n Persiese goewerneur in Palestina die bewind gevoer het (vgl. 1:8 met Haggai 1:1 en Nehemia 8:10) en dat die tempeldiens reeds weer ingestel was (Mal. 1:7; 2:13). Die feit dat die sondes wat bestry word, in hoofsaak ooreenkom met dié waarmee Esra en Nehemia te kampe gehad het, dui op tydgenootskap. In 'n aantal gesprekke met die volk lê Maleagi sy vinger op die kwaad: die verontagsaming van die erediens en die losse huweliksverhoudinge. Wat dus dringend nodig is, is dat die volk hom sal bekeer. Dit is wel moontlik, omdat God steeds getrou bly in sy liefde; in die eindoordeel, wat ongetwyfeld sal kom, sal ook die volk dit duidelik verstaan. Die boodskap van die profeet hou ook in die hede sy krag. Nooit mag die gelowige die bewys van Gods liefde in uiterlike welvaart probeer soek nie: slegs daar waar God dit gegee het, sal hy dit vind, naamlik in Jesus Christus.

**Donderdag 1 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 1:1-4**
**Fokusgedeelte: Habakuk 1:1-4**

## Hoe lank moet ek om hulp roep?

Hoekom laat God dan al hierdie onreg om ons toe? Het jy ook al gewonder? Wel, jy bevind jou in goeie geselskap. So wil Habakuk duisende jare gelede ook van God weet. Juda staan op die vooraand van hulle eie ballingskap. Daar is bykans geen sprake meer van ’n koning en ’n volk wat gehoorsaam is aan die voorskrifte van hulle God nie. Hulle aanbid ander gode en daar is nie meer reg en geregtigheid nie. Dié wat in mag is, misbruik dit en die godsdienstige leiers het met hulle ongehoorsame leiding die krag van die wet gesteel.

Tog roep Habakuk hier baie opreg en emosioneel moeg tot die Verbondsgod, die Een wat nog altyd getrou was. Hy wil weet waarom hy hierdie aaklige dinge moet sien, maar erger nog, hoekom God net toekyk.

Voel jy ook asof jou oë nou genoeg onreg, moord en verdrukking gesien het? Wil jy hiervan vlug, of dalk net jou oë toemaak vir hierdie dinge? Wil jy dit ook uitskreeu: “Ek kan nie meer nie Here! Ek wil nie meer nie! Hoe lank moet ek nog om hulp roep voordat U hoor, Here.”

Ons kry op soveel ander plekke in die Bybel hierop antwoord: Sonder ophou, sonder moeg word, dag en nag (Neh. 1:6; Ps. 77). Moenie ophou roep en bid nie, want soos ons vervolgens gaan sien, is die prentjie baie groter as ons aardse voorspoed. Ja, die wet het sy krag verloor omdat mense nie meer verstaan het dat die wet se doel was om die oë weer op God te rig nie.

Iets, Iemand groter as die wet was nodig om weer sin van die lewe te maak. Die Christus is op pad! Bly roep!

*Sing: Psalm 90-1:1, 9*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*

**Vrydag 2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 1:5-11**
**Fokusgedeelte: Habakuk 1:5-11**

## Die groter prentjie bevestig dat God regeer

Habakuk bly roep, en ’n mens verwag eintlik dat die Here se antwoord vrede en rustigheid gaan bring, want Hy is mos aan ons kant. En tog is die teendeel waar. Dit gaan erger word. God gaan die Galdeërs, beter bekend as die Babiloniërs, oproep om Juda aan te val. “As die wet van die Here magteloos word, dan moet die wetteloosheid magtig word (CFC Coetzee).”

So wat gebeur hier? Is dit God se manier om mense te karnuffel totdat hulle Hom aanbid? O nee. Wat hier gebeur, is dat die jaloerse God wat ook die tweede gebod gegee het, sy woord hou. Hy het sy kinders van die begin gewaarsku dat as hulle nie sy gebooie hou nie, en Hom alleen nie aanbid nie, Hy hulle sal verstrooi oor die aarde.

Wat hier gebeur, is dat God hulle ’n kykie in die groter prentjie van sy heerskappy gee. Hierdie volk wat hulle kom aanval, is “voorspoedig” in alles, maar hulle eie mag het hulle god geword. Dit kon Israel se voorland gewees het. Tog kan Babel nie maar maak wat hulle wil nie, want God gebruik hulle om sy wil uit te voer. Hy plaas sy volk weer in ’n situasie waar hulle besef dat die Koninkryk nie oor hulle voorspoed gaan nie, maar oor die eer van Koning!

Kyk bietjie om jou. Hoe lyk die omstandighede? Erken jy dat God soewerein in beheer is en is jou oë heeltyd op Hom as Koning gerig? Want hiervoor is Jesus Christus deur die Vader gestuur sodat ons kan onthou dat God as Koning regeer. Maar Hy stuur ons ook om juis in tye soos hierdie van sy Koningskap te getuig (Joh. 17).

*Sing: Psalm 73-1:1, 9, 10*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*

**Saterdag 3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 1:12-17**
**Fokusgedeelte: Habakuk 1:12-17**

### Kla maar, die Heilige is in beheer en luister

Hoe gaan dit? Nee, ek kan nie kla nie. So antwoord ons dikwels, al is dit nie waar nie. Die Woord van God is vol klagtes. So gaan Habakuk dan voort met sy klagtes voor die Here.

Tog is hier ook groei in sy gesprek met God, en dit begin by 'n geloofsbelydenis oor Wie hierdie God is met wie hy in gesprek is. *"Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige"* (1933/53-vertaling). Hierdie is geen handgemaakte god nie, maar die God wat self alles met sy hand gemaak het. Voor die magtige Galdeërs op die toneel verskyn het, het God reeds in sy almag opgetree. Dit is die God van die verbond wat nie vra om in jou hartjie in te kom nie, maar wat harte vir Homself vat.

Habakuk maak onderskeid tussen dit wat 'n mens oor sy omstandighede dink, en hierdie heilige God. God is die rots wat die fondament van sy lewe vorm, en daarom dan hierdie innige gesprek van vertroue tussen 'n onderdaan en sy Koning. Habakuk twyfel nie in God se antwoord nie, maar het vrymoedigheid om sy hart uit te stort. Hoe kan God mense hanteer asof hulle visse en insekte is? Hy kan, want Hy het alles gemaak.

En tog het die mens iets wat visse nooit kan hê nie, en dit is 'n lewende verhouding met die lewende God. In vers 17 vra Habakuk of die vyand se verwoesting nooit gaan stop nie. Gaan hulle maar net voortgaan om hulle nette uit te skud? Ken jy die antwoord? O nee, die Visser van mense gaan kom, en Hy gaan ook sy kinders vissers van mense maak. As Hy nette volmaak, is dit so vol dat dit wil skeur. Voor Hom mag jy kla, mits jy ook kan bely Wie Hy werklik is.

*Sing: Psalm 91-1:1, 2*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*

**Sondag 4 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 2:1-4 (1933/53 vertaling)**
**Fokusgedeelte: Habakuk 2:4**

## Daar is uitkoms!

Pla die onreg, geweld en korrupsie jou baie? Die profeet Habakuk was ontsteld oor soortgelyke dinge in Israel (1:2-4). Hy draai na God toe vir hulp (1:2). God se antwoord stel hom egter teleur. Die Here bevestig dat die dinge Hom net so pla en dat Hy die Galdeërs gaan gebruik om sy volk te straf (1:5-11). Habakuk reageer hierop met ontsteltenis: Hoe kan die Here goddelose mense gebruik om sy kinders te straf (1:14-17)? Hy vra dit vir die Here en wag weer op sy uitkyktoring vir ’n antwoord (1:12 – 2:1). In die res van hoofstuk 2 (vs 5-20) waaroor ons môre begin saamdink, ontvou die hoopvolle gesig wat God vir Habakuk laat sien. Dit is so: die Galdeërs se siel is opgeblase (hulle is trots) en nie reg nie (vol onreg), maar hulle sal nie daarmee wegkom nie (vs 4a). Niemand sal wegkom met enige onreg of sonde nie, ook nie die Galdeërs nie. Habakuk en ons moet net geduldig wag (2:2-3). Dis die troos. Die uitdaging: Nie Israel of ek en jy sal met onreg wegkom nie.

Raak jy so besig met die uitwys van en kla oor mense rondom jou se sonde dat jy jou eie onreg en sonde miskyk? Is daar uitkoms uit hierdie dilemma? Ja! Die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe (2:4). Hierdie woorde word net so opgeneem deur Paulus en die Hebreërsskrywer (Rom. 1:17; Gal. 3:11; Heb. 10:38) en Jesus staan in die middelpunt hiervan. Habakuk sien dit nog net in die verte, maar die uitkoms, die hoop is dat God self ’n plan maak (3:13-15) vir die wat nederig, eerlik oor hulle sonde, na Hom toe kom! esus kom vat die volle gevolge van al die onreg op Homself sodat die wat in Hom glo, volkome vergewe en nuutgemaak kan word. Ons kan in hierdie geloof lewe en juig oor sy genade vir ons en veg teen onreg deur hierdie goeie nuus te verkondig binne ons onregverdige wêreld (3:17-18)!

*Sing: Psalm 33-1:1, 11*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*

**Maandag 5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 2:5-17**
**Fokusgedeelte: Habakuk 2:5-17**

## Troos vir elke gelowige

In die res van hoofstuk 2, ná die kernopenbaring in vers 4, kom wys die Here wat die gevolge is vir die Galdeërs en vir enigiemand wat nie nederig, afhanklik van God, deur die geloof lewe nie. Vir die wat vol trots, in ander dinge eerder as in God, hulle verlossing soek, wag daar erge gevolge.

Vyf keer hoor ons die woorde: "Wee ..." (1933/53-vertaling) of: "Ellende wag vir ..." (1983-vertaling). Kom ons kyk na die eerste vier:

- *Ellende* wag vir hom wat homself verryk met goed wat nie syne is nie, dit wil sê wat steel (vs 6).
- *Ellende* wag vir hom wat hom ten koste van ander verryk, dit wil sê wat ander mense indoen en misbruik om bo uit te kom (vs 9).
- *Ellende* wag vir hom wat 'n stad bou met moord, wat 'n dorp aanlê met onreg, dit wil sê diegene wat hulle mag misbruik (vs 12).
- *Ellende* wag vir hom wat ander mense fisies en seksueel mishandel (vs 15).

Gierigheid, magsug, wellus en alles wat daarmee gepaardgaan, kenmerk hierdie nasie en hulle koning. Hulle sal met niks hiervan wegkom nie. Die Here, die Almagtige breek in 'n oogwink hulle mag en vernietig hulle rykdom (vs 13). Hulle sal uiteindelik self kaal voor die Here staan en sy volle oordeel in die gesig staar (vs 16).

Dit gee diep troos vir elke gelowige wat huil oor die onreg rondom hulle. Dis ook ernstige motivering om aan die Here vas te gryp vir verlossing van ons eie gierigheid, magsug en skeefgetrekte seksuele begeertes. Hy wil ons verlos en vry maak van ons eie en van ander mense se sonde!

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 3*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*

**Dinsdag 6 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 2:18-20**
**Fokusgedeelte: Habakuk 2:18-20**

## Gemeenskap van gelowiges

Die laaste "wee hom ..." word gespaar vir die afgodsdienaars (vs 19). Anders as by die vorige uitsprake, begin Habakuk met 'n inleiding in vers 18. Hierdeur wil hy klem plaas op hierdie laaste oordeelsuitspraak en die sonde van afgodery aandui as die hart van al die ander sondes. As God nie jou enigste Here en Koning is nie, bly jy vasgevang in jou selfsug en word dit moeilik om vir enige van jou ander begeertes nee te sê. Waarom sou jy? Wat sou die motivering wees? 'n Afgod is verder magteloos om enige verandering in jou teweeg te bring omdat jy homself skep! Calvyn het gesê ons is van nature afgodsfabrieke (Boek 1, Hoofstuk 11, Deel 8). Sien jy dit in jou eie hart? Is dit wat jou vasgevang hou in die mag van daardie gewoonte-sonde?

Teenoor dooie afgode staan die lewende Here in sy heilige tempel (vs 20)! Habakuk het sy boek begin deur te vra: Waar is die Here te midde van onreg? Ons God kyk nie anderpad nie. Hy was al die tyd in sy tempel in Habakuk se tyd. Hy kom woon egter uiteindelik onder ons in Jesus. As Jesus sterf in ons plek om ons te reinig van alle ongeregtigheid, en opstaan om die mag van onreg oor ons te breek, en opvaar in die hemel vanwaar Hy finaal sal kom om alles nuut te maak, word ons sy kerk, sy tempel. Dis hier, in gemeenskap met medegelowiges, dat ons vir die wêreld 'n alternatief kan wys vir afgodery en die magsmisbruik en geldgierigheid en seksuele losbandigheid wat daaruit voortvloei. Ons doen dit as ons as sy kerk gekenmerk word deur selfopofferende liefdesdiens, vrygewigheid en gesonde, intieme, diep, vriendskappe.

Kenmerk hierdie dinge jou en jou gemeente se lewe? Dank en loof en prys God as dit so is! Wat het jy (julle) nodig om te doen as dit nie so is nie? Watter afgode staan in die pad van hierdie vrug van geloof?

*Sing: Psalm 84-1:1, 6*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*

**Woensdag 7 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-15**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:11**

## Die Here God is ons krag

Nadat Habakuk die profesie van die Here aangaande Juda en Babilonië aan die volk verkondig het, reageer die profeet met 'n gebed wat bedoel is om getoonset te word. Habakuk doen 'n beroep op die Here om vinnig in genade op te tree (Hab. 3:2). Daarna herinner hy die volk aan God se optrede in die verlede. God se optrede is deur sy krag gekenmerk. Dwarsdeur Israel se geskiedenis – tydens die uittog uit Egipte, in die woestyn, by die Jordaan en in die tyd van Josua – het God hulle verlos deur sy almag, en sy krag was oorweldigend. Die krag van God was duidelik toe Josua Hom om hulp gevra het en die son in Gibeon en die maan in die Ajalon-laagte stil gaan staan het (Jos. 10:12).

Onder die volke aan die oostekant van die Beloofde Land het die son goddelike krag gehad, en dit was vir baie die sigbare simbool van die krag waaroor hulle gode beskik. Baie van hulle het die son aanbid. Die Fenisiërs en die Kanaäniete het byvoorbeeld die son aanbid onder die naam van Baäl, die Moabiete onder die naam van Kemos, en die Ammoniete onder die naam van Molog. Hulle het nie altyd 'n onderskeid gemaak tussen hulle aanbidding van die son en die maan nie. Van die volk het die maan onder die naam van Astarte aanbid.

Daarom moes dit 'n fisiese sowel as geestelike slag vir die volke gewees het toe die son stil gaan staan het in Gibeon en die maan in die Ajalon-laagte. God is in beheer en sy krag oor die magtigste gode van die Kanaänitiese konings was finaal en oorweldigend bevestig.

In Psalm 84:12 staan daar: *"Want die Here God is 'n son en skild"* (1953-vertaling), of: *"Die Here God is ons krag ..."* (1983-vertaling). Loof saam met die digter van hierdie gebed uit Habakuk die krag en die almag van God oor alles op die aarde!

*Sing: Psalm 84-1:5*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*

**Donderdag 8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19**

## Wees altyd bly in die Here!

Wat is Habakuk se slotsom? Wat is die sin en geheim van die geskiedenis? Wat leer ons uit Israel se verlede en die geskiedenis van die heelal?

Sy nadenke stem hom eers droewig? Dit laat hom ’n klaaglied dig (vs 1). Inderdaad: Hoe dikwels het die Here nie sy almag, grootheid en goedheid aan die mensdom geopenbaar nie? “Die hemelruim is elke dag vol van sy majesteit” (vs 3). Tog buig die mens nie voor God en sy Woord nie. Hulle doen wat hulle wil. Hulle word selfs só blind en doof dat hulle nie God se hand in die natuur en geskiedenis sien nie.

Habakuk bid in sy klaaglied dat God Hom steeds as die Almagtige sal betoon. Hy vra dat God in sy regshandhawing en genade sal bly handel soos in die verlede. Dan sal daar vir die kerk en die wêreld ’n toekoms wees.

Wanneer hy dan so luister na sy eie klaaglied, wat eintlik ’n lied van die Heilige Gees is, breek ’n nuwe verwagting deur. Al gaan vreeslike dinge gebeur, word ons in God gered en lewe ons. Só eindig Habakuk se profesie in ’n pragtige loflied (vs 17-19).

Ons ken almal hierdie wonderlike lied: Al sal die ergste gebeur, *“nogtans sal ek in die Here jubel. Ek sal juig in God, my Redder. Die Here laat my soos ’n ribbok op hoë en gevaarlike plekke loop sonder dat ek val”*.

Wees altyd bly in die Here!

*Sing: Psalm 18-1:4*

*Dr. NP Heystek (Klasie) (Emeritus)*

**Vrydag 9 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:16**

## Deur jou geloof verander God jou wanhoop in vertroue

Die lewe is soms moeilik. Daar kom dae waar die pad vorentoe donker lyk. Dae wanneer die versugting by jou opkom: "Here ek kry swaar!" Dae wanneer dit so moeilik is om aan God vas te hou as alles om jou verkeerd loop. Dae waar jou wanhoop die oorhand kry.

Wanneer alles om jou donker lyk, verskuif jou perspektief van jou nood af na God toe. Dit is dan wanneer God jou wanhoop in vertroue verander.

In hierdie gebed van Habakuk leer die Here ons hoe om jou vertroue in Hom te stel. Habakuk onthou God se groot verlossingsdade in die verlede. Hy onthou hoe God as krygsman verskyn het om sy volk uit Egipte te red en ook God se hand in die gebeure by Sinai. Wat God reeds gedoen het, word die grondslag waarop hy sy hoop vir die toekoms bou. Selfs die magte van chaos kan God nie oorwin nie, want God veg daarteen met sy perde en strydwaens. Die hele skepping moet voor die almag van God buig. God trek uit om sy volk te red en Hy is self die waarborg dat sy volk nie vernietig word nie.

Wanneer Habakuk God se almag in herinnering roep, sidder hy en sy hele liggaam word lam, want hy besef God is in beheer.

Wanneer jou vyande, die chaos in jou lewe, dreig om jou te oorweldig, onthou wat God vir jou gedoen het. Onthou dat Jesus vir jou aan 'n vervloekte kruishout gesterf het om jou te red. Onthou: God is in beheer. Hy word nie onkant betrap nie.

Vertrou Hom en weet Hy is getrou. Hy het gister vir jou gesorg, Hy doen dit vandag en Hy sal dit beslis môre ook doen. Vertrou God en beleef hoe Hy jou wanhoop in vertroue verander.

*Sing: Psalm 34-1:5*

*Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)*

**Saterdag 10 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3:16-19**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19**

## Die geheim van nogtans-geloof

Nogtans-geloof. Wanhoop word vertroue wanneer jy die geheim van nogtans-geloof ontdek. Deur 'n nogtans-geloof verskuif jou perspektief van jou nood af na God toe.

Daar kom dae in jou lewe wanneer dit lyk of God nie meer in beheer is nie. Dit lyk asof die goddelose die oorhand gekry het en dat die lewe sy rug op jou gedraai het. Jy weet nie of jy nog staande kan bly nie.

Dit is in sulke tye wanneer jy nie met jou gewone oë na die wêreld moet kyk nie, want God se heerskappy is dikwels net sigbaar wanneer jy met jou geloofsoë kyk. Wanneer jy glo en vertrou dat God wat gister vir jou gesorg het, dit ook vandag en môre sal doen.

Habakuk se omstandighede was haglik. Alles het verkeerd geloop. Die vyeboom bot nie, die olyfoes misluk, daar is geen oeste op die lande nie, geen kleinvee of beeste in die kampe nie. Alles om hom was donker. Maar dan hoor ons hoe hy in die Here vertrou: "Nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag."

Die geheim van 'n nogtans-geloof is in Jesus Christus jou Redder geanker. Hoor wat sê Hy in Matteus 11:28: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." Hou jou geloofsoë gerig op Jesus en jy sal vind dat jy jou nie meer teen die steiltes blindstaar nie, want God is langs jou.

Ontdek die geheim van 'n nogtans geloof en beleef hoe dit jou lei van wanhoop na vertroue. God het reeds die oorwinning behaal! Hy is jou kragbron. Hy gee vir jou krag. Hy maak jou voete soos die van 'n ribbok. Op hoë plekke laat Hy jou veilig loop.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)*

**Sondag 11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:1-6; Heidelbergse Kategismus 34:94**
**Fokusgedeelte: Sefanja 1:4-6**

## "Jy mag naas My geen ander gode hê nie"

Sefanja tree op tydens die regering van Josia – die laaste koning wat 'n poging aangewend het om die volk Juda weer op die regte spoor te bring voor die ballingskap. Wanneer ons 2 Konings 22:3 – 23:27 lees, kry ons 'n prentjie van hoe ver die volk van God die pad byster geraak het. In ons fokusgedeelte kry ons drie kategorieë van oortredings waaraan die volk hulleself skuldig gemaak het en waarom die toorn van God teen hulle ontvlam het: 1) blatante afgodery (vs 4-5a) – waar Baäl en die hemelliggame aangeroep is vir voorspoed en sukses en dit op allerlei maniere wat gefokus het op die mens en sy plesier; 2) sinkretisme (vs 5b) – waar die volk hulle brood aan beide kante wou botter deur God te aanbid, maar ook vir Baäl; en 3) 'n afdwaal en wegdraai van God (vs 6) – waar die warboel van idees en godsdienstige gebruike op die ou end tot gevolg het dat die aanbidder sy rug op alles draai. Van hierdie sonde moes God die volk suiwer deur hulle te laat swaarkry in ballingskap, afgesny van sy aangesig. Wanneer ons die volk weer ontmoet in die Nuwe Testament, is hulle streng monoteïsties en aanbid net een God. Maar van hierdie selfde sondes moes die Here weer later sy kerk suiwer in die tyd van die Reformasie. Weer het die aanbidding van alles behalwe God en die aanroep van heiliges sowel as die Here asook die totale verwerping van alles wat waar was, hoogty gevier. Daar het die Here dit so beskik dat ons vandag 'n belydenis het wat ons op die kernwaarhede van die Woord wys en wat vir ons 'n padkaart is waarmee ons koers kan hou. Kyk net hoe duidelik word die oortredings van ouds bekamp in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34:94. Laat ons as kerk die skat wat ons het, benut om ons pad reg en suiwer te hou en te sorg dat ons net die enige, ware God aanbid.

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*

**Maandag 12 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:7-13**
**Fokusgedeelte: Sefanja 1:7**

## Die Here sien die sonde; en Hy eis ’n offer daarvoor

In Sefanja 1: 4-6 is daar gefokus op die godsdienstige wanpraktyke van die volk. In vers 7-13 sien ons hoe Juda se ongehoorsaamheid ook in die alledaagse lewe uitspeel.

Die Here gaan almal straf wat uitheemse klere dra; almal wat hulle skuldig gemaak het aan die heidense gebruike van naburige volke, elkeen wat aangepas het by die wêreld om hulle en in die proses aan God ongehoorsaam was (vs 8). Hy gaan elkeen straf wat skuldig is aan bygeloof en allerlei gebruike het om die lot in hulle guns te draai (lees 1 Sam. 4:3; 5:5) en selfs bereid is om ander in te doen ter wille van eie gewin (vs 9). Die Here gaan elkeen uitsnuffel wat dink God het nie ’n saak met hoe hulle lewe nie; diegene wat selftevrede in hulle sonde volhard en dink God sal daaraan niks doen nie (vs 12).

Lank het die volk tyd gehad om reg te maak, maar nou moet die volk liewer stilbly, want die tyd het uitgeloop en God gaan rekenskap eis. Hy is besig om ’n offer voor te berei as betaling vir die skuld en Hy is besig om die gaste te heilig om daarin te deel – en die ergste van alles is dat die volk self die offer is! Wanneer die dag van die Here aanbreek, gaan Hy Juda in die hande van hulle vyande (die gaste) oorgee en dié gaan hulle verslind as straf op hulle sonde. “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Heb. 10:31).

Watter genade is dit dan nie dat ons Here Jesus Homself as offer in ons plek gegee het nie, want aan hierdie selfde oortredings is ons baie maal skuldig! Watter liefde is dit nie dat Hy namens ons toorn van God teen ons sonde gedra het nie? En watter verskriklike uiteinde wag daar nie vir elkeen wat hierdie genade van die hand sou wys nie?

*Sing: Psalm 51-1:1, 3*

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*

**Dinsdag 13 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:14-16**
**Fokusgedeelte: Sefanja 1:14-16 (1933/53-vertaling)**

## Die Dag van die HERE is naby, baie naby!

Die oordeel van die HERE word aangekondig vanaf vers 7 tot en met vers 18. Die profeet Sefanja noem die gebeurtenis wat voor die deur is "die Dag van die HERE", soos dit bekendstaan en genoem word in talle Ou-Testamentiese gedeeltes, veral in die boek Joël.

Daar moet egter daarop gelet word dat hierdie aankondig 'n dubbele bedoeling kan weergee. In die konteks van die tyd en plek van die geskrif, kondig dit die oordeel oor Israel en Juda aan. In die konteks van die profesie van die toekoms kondig dit die finale oordeel van God oor die aarde en mensdom aan. Vir ons! God het die volke van Israel en Juda wel geoordeel en gestraf oor hulle sonde en verval deur die ballingskappe van beide ryke.

Maar hoe oordeel en kyk ons vandag na die aankondiging as die finale oordeel van God oor die aarde en die ganse mensdom? In verse 15 en 16 word daar nie minder as 11 byvoeglike naamwoorde gebruik om hierdie oordeelsdag te beskryf nie. Hierdie oordeel en afrekening van God op hierdie laaste oordeelsdag sal ondraaglik en verwoestend wees. Met die finale oordeelsdag van God sal geen lewende wese op aarde sy oordeel ontkom nie (Op. 16-19).

Slaan ag op die profesie en aankondiging van die profeet Sefanja, dit is nie net vir die volke van die tyd bedoel nie, maar vir jou en my vandag. Die oordeel van God staar ons elkeen in die oë tot en met die wederkoms van ons Here. Leef vandag en elke dag 'n godsvresende lewe in heilige eerbied tot die HERE van die mensdom. Die dag van die HERE is naby en haastig!

*Sing: Skrifberyming 34-1:1-3*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*

**Woensdag 14 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:17 – 2:3**
**Fokusgedeelte: Sefanja 2:1 (1933/53-vertaling)**

## Kom tot inkeer, kinders van die HERE

Die aankondiging van oordeel oor die volke van God, Israel en Juda word aangekondig deur die profeet Sefanja. Geïnspireer deur die Heilige Gees, bring die profeet die woorde van God aan sy kinders. Oordeel is op hande en niemand sal dit ontkom nie, nie die kinders van God nie en ook nie enige heidense nasies rondom die volke nie. In hierdie paar verse word die volke van Israel en Juda direk aangespreek deur God in die mond van Sefanja. Hulle verval en sonde het hulle gebring tot hier waar die Dag van die HERE in aantog is. Nie rykes of armes sal hulle kan verontskuldig voor God se oordeel nie. Goud en silwer sal nie as losprys aangebied kan word om die oordeel te ontkom nie. In sy regverdigheid bring God die oordeel oor alle sondaars. In hoofstuk 2 kom die profeet dan met die smeking tot die mense om bekering. Hulle moet hulleself ondersoek en tot inkeer kom voor God en hulleself van hulle verkeerde weë. God se oordeel is finaal en seker, maar ook net so regverdig. Wie in homself kan keer en met berou in verootmoediging voor God kan staan, mag dalk die toorn ontkom, skryf die profeet.

Maar wat beteken hierdie gedeelte vir ons as Nuwe-Testamentiese Christene? Hoewel die volke van Israel en Juda nie die toorn en straf van God ontsien is nie, is die wat tot inkeer en berou gekom het, gered vanuit die ballingskap. Ons leef steeds in die sondige wêreld en die aanslae wat ons dag na dag teister. Christus het ons volle sondeprys aan die kruishout betaal en ons vrygespreek van ons sondelas. Maar die oproep tot bekering en inkeer is net so dringend en duidelik vir ons vandag. Die tyd is min en die Dag van die HERE is haastig en naby. Luister gehoorsaam na die Woord van God, ondersoek jou hart en kom tot inkeer en bekering.

*Sing Psalm 38-1:1, 8, 17*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*

**Donderdag 15 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 2:4-7**
**Fokusgedeelte: Sefanja 2:7**

## Bly volhard, want die Here hou by sy verbond

In die voorafgaande deel van Sefanja het die Here sy oordeel en redes vir sy oordeel teenoor Juda aangekondig. In die volgende deel (2:4-15) rig die Here Hom nou tot die nasies omliggend van Juda. In vers 4-7 gee die Here nie direkte redes vir sy oordeel teen die volke aan die kusgebiede van die Middellandse See (wes en suidwes van Jerusalem) nie. Die rede kan ons aflei uit vers 5: die gebied van die Filistyne word Kanaän genoem. Hierdie gebied is 'n deel van Kanaän wat Israel oënskynlik nog nooit finaal kon oorwin nie. Die Filistyne wat sedert die Rigterstydperk vir Israel groot probleme besorg het, woon steeds daar!

Die belofte dat die Here nou hierdie stede en gebiede gaan ontvolk en verlate maak, moes vir Juda soos 'n groot aansporing wees om te reageer op die Here se oproep in vers 1-3 om tot inkeer te kom. Dit word veral beklemtoon in vers 7 as die Here wys dat daar 'n oorblyfsel uit Juda sal wees. 'n Belofte dat God die volk nie totaal sal vernietig nie. Daar sal nog oorbly, al is dit min.

Hulle wat tot inkeer gekom het en in nederigheid die wil van die Here gehoorsaam het, sal sonder vrees of verhindering die Kanaän-kusgebiede bewoon wat voorheen deur van hulle vyande beset is. Daar sal die Here deur sy Gees na hulle omsien, sal Hy hulle neerlê in groen weivelde. So hou Hy by sy verbond met hulle uit louter genade.

Uit hierdie oorblyfsel van Juda hou God ook by sy verbond om in Christus volkome versoening te bring vir elke gelowige! Deur sy Gees lei Hy ons om te midde van moeilike tye te bly volhard, al voel ons soms min, totdat Hy ons ooreenkomstig sy verbond sal laat rus in die groen weivelde van die ewige heerlikheid.

*Sing: Psalm 23-1:1, 3*

*Ds. J Dunn (Johan) (Mariental-Keetmanshoop)*

**Vrydag 16 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 2:8-10**
**Fokusgedeelte: Sefanja 2:8 ,9 (1933/53-vertaling)**

## God verander smaad in eer vir hulle wat volhard

Nadat Sefanja die oordeel oor Israel se westelike en suidwestelike bure in die vorige verse beskryf het, gaan hy oor na die oostelike bure: Moab en Ammon. Hulle was die nageslag van Lot (Gen. 19:36-38) en dus familie van die Israeliete. Sedert die begin sien ons egter dat veral Moab, maar ook die Ammoniete ’n tipe jaloesie en vyandskap teenoor Israel openbaar. Ons lees gereeld in die Ou Testament van oorloë en onderdrukking tussen hulle en Israel.

In vers 8-10 lees ons nou hoe Moab en die Ammoniete hulle verlekker het in die Here se tugtiging van Juda. Hoogmoedig het hulle minagtend op Juda neergesien en hulle gesmaad (beledig en verkleineer). Hierdie oortreding is egter nie net ’n sonde teen Juda nie, maar hulle het God self beledig en verkleineer. Vanweë hulle familiebande sou hulle geweet het dat God vir Juda uitverkies het om deur hulle sy verlossing aan die wêreld te bring. Boonop het die nasies in daardie tyd ook geglo dat as jy ’n ander volk verkleineer, jy ook daardie volk se god verkleineer. Juis daarom is die Here se uitspraak teen Moab en Ammon so absoluut en onveranderbaar. Lot en sy gesin wat destyds uit Sodom en Gomorra gered is, se nageslag sal nou soos Sodom en Gomorra vernietig word!

Vir ’n tweede maal in hierdie hoofstuk bevestig die Here dat daar ’n oorblyfsel in Juda sal wees. Hulle wat volhard het, sal nou ook die vrug en grondgebied van Moab en Ammon verkry.

Uit die nageslag van hierdie oorblyfsel het Christus gekom om God se vyande wat sy Naam smaad, te vernietig. Elkeen wat Hy uitgekies het, wat in Hom glo en bly volhard, verlos Hy van alle smaad van hierdie wêreld en gee Hy uiteindelik die grondgebied van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

*Sing: Psalm 79-1:3, 5, 9*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)*

**Saterdag 17 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 2:11-15**
**Fokusgedeelte: Sefanja 2:11 (1933/53-vertaling)**

## God vernietig alle afgode sodat ons voor Hom alleen sal buig

In Sefanja 1 lees ons van God se oordeel teen Juda. Sefanja 2:4-7 beskryf God se oordeel teen die volke oos van Juda en vers 8-10 die oordeel teen die volke wes van Juda. Nou lees ons in vers 12 die oordeel teen die volk suid van Juda (die Kussiete se gebied was moontlik waar Soedan of Etiopië nou is), en in vers 13-15 lees ons van die vernietiging van Assirië en sy hoofstad noord van Juda.

Die gemeenskaplike doel vir God se oordeel teen al hierdie volke vind ons in vers 11: om hulle te suiwer van alle vorme van afgodediens sodat almal God alleen sal aanbid.

Saam met die Heidelbergse Kategismus antwoord 95 bely ons dat afgodery beteken om enigiets in die plek van God óf naas (saam met) God te hê waarop jy jou vertroue stel. Hoe maklik is ons nie skuldig hieraan nie! Ons wil graag sê dat ons op God alleen vertrou, maar is ons vertroue in God só volkome dat ons in niks anders óók ons vertroue plaas nie? Byvoorbeeld: Hoe maklik sal ons ’n opoffering maak (offers bring) vir mense of middele vir eie voordeel of genot, selfs al beteken dit dat ek dalk ongehoorsaam is aan God se opdragte? Dan is dit mos vir my belangriker as God; dan plaas ek my vertroue daarin in die plek van of naas God; dan is ek besig met afgodery!

Filippense 2:6-11 beskryf die geweldige offer wat Jesus Christus gebring het om die duiwel se kop te vermorsel en so al die gode van die aarde te laat wegkwyn, sodat almal God alleen sal aanbid. (vgl. Jes. 45:23). Mag God deur sy Gees ons wys wanneer ons ons vertroue in iets anders naas Hom stel en ons dring om van afgodediens weg te vlug (1 Kor. 10:14).

*Sing: Psalm 71-1:1*

*Ds. J Dunn (Johan) (Mariental-Keetmanshoop)*

**Sondag 18 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 3:1-5**
**Fokusgedeelte: Sefanja 3:5**

## God is getrou; ook in sy oordeel

God se wet het onder andere sy volk geleer hoe om in liefde vir Hom en in liefde teenoor mekaar te lewe. Verder het dit hulle ook geleer Wie God is. Die grootste deel van die volk het nie hulle gesteur aan of God of sy wet nie.

Hulle wou nie na die wet luister nie. Hulle wou nie na God se profete luister nie. Hulle het geweier om hulle te bekeer. Eerder as om op God te vertrou, het die priesters afgode in die tempel geplaas om die Assiriërs gelukkig te hou. Hoe verskriklik is dit nie? Die priesters behoort juis die volk se oë op die Skepper van hemel en aarde te plaas.

Juda het al gesien wat gebeur as God se volk volhard om mekaar in liefdeloosheid verslind. Die noordelike tien stamme is reeds weggevoer, presies soos God gesê het dit sou gebeur indien hulle hul nie bekeer het nie. Steeds buit die magtiges van Juda die weerloses uit, die mense wat die reg moet bewaar, onderdruk die onskuldiges. Hulle doen dit onbeskaamd asof God nie sal agterkom nie.

God maak 'n duidelike kontras tussen die onregverdigheid van Juda en sy absolute regverdigheid. Ons moet weet dat God nie ongeregtigheid en ongehoorsaamheid miskyk nie, en ook nie oorsien nie. Elke sonde is 'n ernstige saak. As ons op grond van ons eie geregtigheid voor God moes staan, was ons in groot moeilikheid.

Romeine 5:1 troos ons met die volgende woorde: *"Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus."* Gelowiges se sondeskuld is uit genade alleen deur Christus betaal. Nie net dit nie, maar Hy het sy geregtigheid vir ons gegee.

God is getrou. Hy sal jou deur sy Woord en Gees lei om in sy weg te leef.

*Sing: Psalm 25-1:2, 5*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*

**Maandag 19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 3:6-13**
**Fokusgedeelte: Sefanja 3:9**

## God berei vir hom 'n volk

Hoe meer ek groei in my geloof, hoe meer staan ek verstom oor die eer wat God toekom. Ek verstaan meer en meer hoe heilig God is, en wat 'n aanstootlike ding elke enkele sonde is. Dit bring 'n berou wat trane laat loop.

God is liefde, tog ook regverdig. God is lankmoedig, tog is daar 'n tyd wat Hy bepaal om te snoei aan sy wingerd.

Juda wou hulle nie bekeer nie. Juda het die wet gehad, en tog nie na God geluister nie. God stuur profete, maar dit verander nie hulle optrede nie. Dit is asof Juda vir God en hulle eie planne teen mekaar opweeg en vir God heeltemal te lig bevind. Dit is 'n afskuwelike ding om te doen. Hulle vertrou eerder op mense en ander skepsels as op die Skepper van hemel en aarde. Steeds roep God deur Sefanja vir Juda op tot bekering, en wys hulle op hulle onbekeerlikheid.

God mag sy wingerd snoei. Hy is lankmoedig, tog word die snoeiskêr op 'n dag uitgehaal. Dan word die dooie lote en die lote wat nie vrug dra nie, afgeknip. God sal 'n einde maak aan die gruwelike ontkenning van sy heerlikheid en koningskap. Ook die snoeiproses sal sy Naam verheerlik.

Die salige belofte is dat God sou sorg dat mense wêreldwyd, ook die noordelike stamme wat verstrooi is, sy heerlikheid raaksien en Hom die eer gee wat Hom toekom. God maak vir Hom 'n volk. Hy gee vir hulle nuwe harte. Ons sien die vervulling hiervan in Christus en die werking van die Heilige Gees. Voor Christus sal elke knie buig, nou of eendag.

Vir gelowiges is dit 'n kosbare voorreg dat ons God nou reg kan ken, en Hom met oorgawe mag dien. Mag ons op God alleen vertrou en Hom alleen eer.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1-2*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*

**Dinsdag 20 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 3:14-20**
**Fokusgedeelte: Sefanja 3:17**

## God verheug Homself in sy volk

Dit is onmoontlik om die grootte van God se genade te probeer beskryf. Hy het ons uit genade alleen deelgemaak van sy volk. Ons verlossing is op sigself genoeg rede om met opregte blydskap God te loof en prys.

Die boek Sefanja eindig met nog ’n rede vir blydskap, naamlik God se gesindheid teenoor sy volk. Hy is vol vreugde en blydskap oor sy volk. Soos ’n bruidegom vol vreugde kan wees oor sy bruid, so verheug God Hom oor sy volk.

God belowe hier om ’n einde te maak aan sy volk se vernedering en smart. Hy sal ook die noordelike stamme wat in ballingskap verstrooi is, bymekaar maak. Hy sal hulle weer laat deel in die feestelikhede in Jerusalem.

God se verhouding met sy volk is as’t ware reeds herstel. Hulle hardloop nie meer agter afgode aan nie. Die Here wat met hulle ’n ewige verhouding aangegaan het, word weer as hulle God bely. Soos ’n bruidegom in stilte sy bruid kan geniet, en op ander tye uit volle bors in vreugde kan sing oor haar, so is die Here se vreugde oor sy volk.

Ons sien in Openbaring 21 dat God se finale vervulling van hierdie belofte in die ewige lewe sal wees. Vers 2 vertel van die nuwe Jerusalem wat neerdaal. Die stad is versier soos ’n bruid vir haar man. Hierdie beloftes staan vas. Daar sal geen meer leed, smart en pyn wees nie. Daar sal niks meer wees wat skeiding maak tussen God en sy volk nie. Hy sal self by ons woon. Sy teenwoordigheid sal ons bly maak en lofliedere laat sing.

Laat ons dan sing van blydskap! Laat ons hele lewe sing van die heerlikheid van ons Bruidegom, Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-2*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*

**Woensdag 21 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 1:1-5**
**Fokusgedeelte: Maleagi 1:2**

## Ewigdurende liefde …

In hierdie gedeelte kom die Godspraak deur die profeet Maleagi tot Israel om hulle te herinner aan God se ewigdurende liefde vir hulle. Tog kom dit in ’n tyd waarin Israel niks daarvan konkreet en prakties in hulle eie lewens kon beleef nie. Hulle staan skepties teenoor God se liefde, omdat hulle swaarkry en omdat die tempel wat herbou word, nie kan vergelyk met die glorie en prag van Salomo se tempel nie. Niks is meer soos dit was nie … Dan kom die verkeerde gevolgtrekking: God het ons nie meer lief nie (vs 2) – *Waarin het U ons liefgehad?*

God antwoord hierdie vraag deur juis te wys hoe ewigdurend sy liefde werklik is (vs 3) – *Tog het Ek Jakob liefgehad*. Vanweë God se ewigdurende verbondsliefde bewerk Hy dit so dat die Messias uit Jakob gebore sou word.

Dit is die genade wat ons nooit in God se ewigdurende liefde mag laat twyfel as siekte, armoede, eensaamheid of moedeloosheid ons oorval nie. Juis daarom herinner die Heilige Gees ons deur Paulus steeds aan hierdie ewigdurende liefde van God die Vader ten spyte van ons omstandighede (Rom. 8:35). *Wie sal ons skei van die liefde van Christus?* Dié vraag word troosvol beantwoord in Romeine 8:39: *“... niks sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.”*

Al is ons deur die sonde ontrou en van nature geneig om te haat en selfs God se liefde te betwyfel … Tog het Hy Jakob liefgehad, ten spyte van wie hy was. Tog het Hy Israel liefgehad, ten spyte van wie hulle was … En tog het Hy elkeen van sy uitverkore kinders vandag lief, ten spyte van wie ons is.

Dit is verbondsliefde, dit is ewigdurende liefde.

*Sing: Psalm 31-1:17*

*Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)*

**Donderdag 22 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 1:6-8**
**Fokusgedeelte: Maleagi 1:6-8**

## Die reaksie op God se ewigdurende liefde

God se ewigdurende liefde roep elkeen van ons op om met ’n dankbaarheidsoffer te reageer. Tog leef die volk in Maleagi se tyd in totale ontkenning. Hulle probeer met uitwendige pligpleging God tevrede hou terwyl hulle krummels en oorskiet op die altaar gooi, sonder enige dankbare reaksie op sy ewigdurende liefde.

Maleagi gebruik die voorbeeld van die verhouding tussen vader en seun, heer en kneg. Tog aanvaar hulle nie sy gesagsposisie in hulle lewens nie, deur heeltyd teë te praat (vs 6). *Waardeur het ons u Naam verag? Waardeur het ons U verontreinig?* (vs 7).

Baie keer kan ’n mens uiterlike vertoon hê van diens aan God, maar jou gesindheid sal jou altyd ontmasker, soos Israel se gesindheid hulle ontmasker het toe dit kom by die dankbaarheidsoffers. In Levitikus 27 staan dat die diere rein moet wees, dit moet sonder gebrek wees, maar dan kom Israel en gooi ’n klomp blinde, lam en siek diere op die altaar. Diere wat in elk geval binnekort sou doodgaan, word by die tempel ingesleep en dan word daar tevrede gesê: Kyk my dankoffer aan God! O, wat se guns doen ek Hom nie!

Liefdelose pligpleging in reaksie op ewigdurende liefde. Dit kan tog nie …

Selfs die priesters wat hierdie diere moes ondersoek en wegjaar, keur dit goed. Hulle het ter wille daarvan om mense se gevoelens te “spaar”, dit laat deurgaan, maar gerieflik vergeet wat God met Nadab en Abihu gedoen het toe hulle sulke gemors op sy altaar gegooi het (Lev. 10:1-3).

Nou is die vraag: Hoe lyk my dankbaarheidsoffer in reaksie op God se ewigdurende liefde (1:2)? Offer ek in dankbaarheid soos die Heilige Gees van my vra in Romeine 12:1 – *“... dat julle jul liggame stel as ’n lewende en heilige en aan God welgevallig offer …”*? Want toe die tyd aanbreek dat God in sy ewigdurende liefde sy offer moes stuur, was dit

’n volkome offer: Jesus Christus self (Heb. 10:14). *Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak dié wat geheilig word.*

Hoe lyk my offer in antwoord op sy offer?

*Sing: Psalm 66-1:6*

*Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)*

**Vrydag 23 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 1:9-14**
**Fokusgedeelte: Maleagi 1:10**

### Eerder ’n geslote kerkdeur as eiewillige en halwe godsdiens

Binne God se ewigdurende liefde in Jesus Christus is daar nog tyd vir ware berou en bekering. Israel word daartoe opgeroep (vs 9).

In plaas van smeking en ware berou, is hulle woorde: *Kyk, wat ’n moeite!* (vs 13). God se ewigdurende liefde wat in vervulling gaan in Jesus Christus, is vir Israel so min werd dat alles in verband met die geloof vir hulle moeite geword het.

En dan spreek God deur Maleagi hierdie angswekkende woorde (vs 10): *Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie!* God stel eiewillige en halwe godsdiens gelyk aan die bose koning Agas se werk wat voor die ballingskap die tempeldeure gesluit het en op die straathoeke vir die afgode begin offer het. Dit is hoe afgryslik dit in sy oë is en Maleagi moet die gelowiges in kennis stel en oproep tot bekering.

Die volk het nie meer vrees en eerbied vir God gehad nie. Hulle het die “eer” uit die erediens gehaal, en daarom sê God: Sluit eerder jou deure as wat jy met geopende deure my eer steel. So waarsku Christus self ook die gemeente in Efese (Op. 2:5)!

Hoe kan ons dan in dankbaarheid reageer op God se ewigdurende liefde vir ons as sy uitverkorenes sonder dat ons ons hele lewe aan Hom toewy? Daarom, laat ons diens aan God nooit vir ons moeite raak nie, want dan kan Hy netsowel vir ons sê: *Ag, was daar maar iemand by*

*julle wat die durf gehad het om eerder die deure te sluit*. Maar ons dank God vir sy genade, want deur die volmaakte offer van Jesus Christus skeur Hy die voorhangsel en maak Hy die deure in die hemel wawyd oop (Op. 3).

*Sing: Psalm 94-1:11, 12*

*Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)*

**Saterdag 24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:1-4 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:2**

## Hoor … en luister!

In Maleagi 2 lees ons van die priesters wat in besonder geseën is met die gawes om voor te gaan in die aanbidding, die onderrig van God se woord en offers te bring.

’n Seëning is ’n geskenk van God, dit word vrylik gegee. Maar wanneer hierdie seën weggeneem word, is dit ’n vloek. Ons sien ook hoe dit hier gebeur, die priesters se seën word van hulle weggeneem – hulle word vervloek – omdat hulle nie meer luister nie en nie meer God se eer ter harte neem nie. Die gevolg hiervan is dat God die priester se seën om sy diens te verrig, wegneem. Die priesters word onbevoeg en onrein soos een wat met mis besmeer is.

Die priesters het God se Woord gehoor, maar nie geluister nie. In Markus 4 lees ons hoe Jesus die stelling maak: “Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.” Dit is die reaksie wat die gelowige juis moet hê wanneer hy of sy die Woord van God hoor ... hulle moet luister en dit ter harte neem.

Dikwels val ons vas in kerklike gebruike en roetines. Ons lees Bybel, bid, gaan kerk toe en doen ons dienswerk, maar ons doen dit sonder ware ywer vir die Here. Soms is onsself en die bevordering van ons eie belange die hooffokus van ons geloof en dienswerk. So sien ons hoe ons selfs in ons geloof en dienswerk ongehoorsaam kan wees en nie waarlik

God se eer ter harte neem nie. Die gevolg van hierdie ongehoorsaamheid is dat die seën om te dien, weggevat sal word en so in ’n vloek verander word.

Ons het die opdrag om weer te hoor ... en te luister! Dan neem ons God se eer ter harte. Ons lewens moet ’n getuienis wees van wat ons gehoor het sodat ander ook daardeur kan hoor!

*Sing: Psalm 103-1:1, 9*

*Teologiese Student P Hattingh (Philip)*

**Sondag 25 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:5-9 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:6-7**

## Lewe en vrede

In hierdie verse herinner Maleagi die priesters aan die roeping wat hulle ontvang het en hoe hulle dienswerk veronderstel is om te wees. Dit doen hy deur te verwys na die verbond met Levi – lewe en vrede. As priesters getrou hulle dienswerk verrig, sal hulle wat bedien word, ware lewe en vrede hê deur geloof.

Hierdie lewe en vrede lei dan ook tot die vrees van die Here. Hierdie vrees is ’n eerbied en ontsag vir God en is die gelowige se dryfveer om te wil volhard en verdiep in sy of haar geloof. Daarom is die betroubare regsleer of die leer van waarheid van uiterste belang. Dit is die leer wat gelowiges ontvang deur onderrig uit die Skrif en ook deur die voorbeeld van ander gelowiges.

Daarom weet ons dat die lippe – en dade – van die verkondiger van God se Woord juis die lewe en vrede moet bewaar, want dit is die boodskap van God. Ons woorde en dade mag nooit mekaar weerspreek nie, ons dade getuig immers van die evangelie wat in ons harte is.

Ons as gelowiges dien ook as priesters in ons daaglikse lewe – ons het die taak om tot die Here te bid, sy Woord te verkondig en as lewende getuies te dien. Daarom het elke gelowige die taak om die lewe en vrede

te bewaar. Ons moet hou by dit wat ons geleer het en die evangelie van Christus verkondig terwyl ons in die vrees van die Here bly leef en Hom dien.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Teologiese Student P Hattingh (Philip)*

**Maandag 26 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:9-12**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:11b**

## Dien God met onverdeelde trou!

In Maleagi 1:6 en 2:5 het Maleagi die volk aangekla dat hulle die Here se Naam verag. Hulle is ontrou aan die verbond met God. In 2:9-12 kry ons die een manier waarop hulle die Here verag: hulle *trou met heidense vroue*.

Die probleem is nie soseer dat die vroue van ander nasies kom nie, maar dat hulle ander gode dien. Die Israelitiese mans het goed geweet dat die Here dit verbied (1 Kon. 11:1-8; Esra 9:1-2; Neh. 13:23-24). Desnieteenstaande verdedig die manne hulleself (vs 10). God is mos almal se God, ook van hierdie vroue! Wat se ontrouheid kan daar wees as ons weet dat alle mense een Vader het?

Die gevolg van hierdie ondertrouery is 'n afgewaterde en halfhartige diens aan die Here, dit breek die verbond met God dat Hy alléén sy kinders se God sal wees. Hulle dien die uitheemse gode saam met hulle vroue én hulle gaan in God se heiligdom in (vs 12). Daar is 'n verdeelde trou by God se kinders! Sinkretisme ontstaan. Die gevolg is dat harte eers halfhartig aan die Here behoort en later glad nie meer nie. Geen mens kan twee gode dien nie, sê Jesus in Lukas 16:13. God is jaloers – Hy alleen wil aanbid word (Eks. 20:7).

Dit is belangrik om die lyn na vandag te trek. Iemand het gesê: Dit is nie die water wat buite 'n skip is wat dit laat sink nie, maar die water bínne die skip! Kompromieë met die wêreld bring die "water" in die

kerk in, en dan is daar verdeelde trou, verbondsbreuk wat plaasvind.

Word dissipels van Jesus (ons) nie ook al te maklik ingetrek deur die kultuur van ons tyd, en ons lyk maar net soos die wêreld nie? Jesus is die "Verbondsengel" (3:1) wat ons harte in beslag neem en volkome toewy aan ons Verbondsgod! Sonder sy genade word ons uitgesny uit die gemeente (Jakob) (vs 12b).

*Sing: Psalm 45-1:1, 9*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*

**Dinsdag 27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:13-16**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:15**

## Leef in eenheid met jou huweliksmaat

Die volk kla dat God nie hulle gebede verhoor nie (2:13). Hy neem nie hulle offers aan nie. Hoekom nie? Daar is iets wat skeiding bring tussen julle en God, sê die profeet. Julle huwelike!

Dit gaan nie net oor *egskeiding* in hierdie gedeelte nie, maar ook oor die voorspel tot egskeiding. Die manier waarop die mans hulle vroue behandel … sy metgesel is nie meer 'n metgesel nie. Die huwelik is tog 'n verbond van kameraadskap. Die eenheid wat daar tussen man en vrou moes wees, is verbreek deur die manier waarop die mans nie vir hulle (eie) vroue lief was nie (vgl. Ef. 5:25). Dit lyk inderdaad of dit vir die mans in hierdie tyd mode geword het om buitelandse vroue te vat, met die gevolg dat hulle eers hulle eie vroue verwaarloos en dan van hulle skei.

Huweliksontrou is egter tekenend van 'n dieper onbegrip, 'n onbegrip van God se visie op die huwelik: 'n verbondsverhouding wat 'n afskaduwing is van die verbond wat God met sy volk het. Iemand wat sy verbond met sy vrou "van sy jeug" verbreek, is tekenend van iemand wat sy verbond met God verbreek.

In vers 15 word gesê dat die Here huweliksmaats één maak na liggaam

en gees. Die huwelik is inderdaad nie net 'n "liggaamlike" (aardse of selfs seksuele) saak nie, maar 'n geestelike saak. Daar is 'n geestelike eenwording in die huwelik (vgl. 1 Kor. 6:16). Ons sê ook in die huweliksformulier dat God man en vrou asof met sy eie hand na mekaar toe lei! Geen wonder dan dat die Here sê dat Hy egskeiding haat nie: die mens verbreek dit wat Hy één gemaak het! Dit is geweldpleging! En nog meer: dit bring ook 'n nageslag voort wat verdeelde trou teenoor Hom het (vs 15).

Dit is hartseer dat daar statisties nie 'n verskil is tussen die egskeidingsyfers van Christene en nie-Christene nie! Prediker 4:12 sê: 'n driedubbele tou breek nie maklik nie. Christus is noodsaaklik in die huwelik. Die volk het die Messias dringend nodig gehad!

*Sing: Psalm 128-1:3, 4*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*

**Woensdag 28 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:17 – 3:5**
**Fokusgedeelte: Maleagi 2:17b**

## God is 'n regverdige God!

In hierdie gedeelte spreek Maleagi 'n volgende dwaling van die volk aan. Hulle beweer God is 'n *onregverdige God*! Hy laat nie reg geskied nie. Hy maak nie onderskeid tussen die wat kwaad doen en die wat goed doen nie! Hulle wat goed doen, kry nie beloning nie. En dan selfs 'n lasterlike beskuldiging: Die Here hou van hulle wat verkeerd doen. Dit gaan goed met hulle wat nie vroom lewe volgens die Here se instellings nie. Hiermee ontken hulle eintlik die Here se regering, *ontken dat Hy in beheer* is. Hulle godsdiens is eintlik 'n mors van tyd!

Maar, sê die profeet, hier is drie dinge waarvan julle seker kan wees:

- Die Here gaan eers sy *boodskapper* stuur (3:1). Die een wat die pad van die Here self reguit maak. Natuurlik word hiermee verwys na Johannes die Doper (vgl. o.a. Luk. 1:17). In ooreenstemming met Jesaja

40 verkondig die boodskapper oordeel én beloning. En hy kondig oordeel aan oor die goddelose, en die evangelie (goeie tyding) aan hulle wat wag op die Messias (Jes. 40:9).

- En dan kom die *Here self* (3:1) na sy tempel toe! "Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here." En hierdie is inderdaad 'n profesie oor die komende Jesus, die Messias self. Hy sal die tempel vul met heerlikheid (Hag. 2:9; Es. 43:1-5), die beloning vir die regverdiges. Immanuel. Máár, Hy is ook soos die smede wat met vuur louter en soos hulle wat met seep dit wat vuil is, skoonwas (vs 2, 3). Dit is deur sy werk dat daar weer offers sal kom "wat bestaan uit regdoen".
- Die Here Jesus gaan egter nie net oordeel nie, Hy gaan ook *straf* (vs 5)! Ja, die oordeel is aan die kom vir hulle wat God se regering ontken. Jesus is Regter en inderdaad die steen waaroor die goddeloses struikel (Matt. 21:42). En kyk wie kom onder sy straf – hulle wat onreg pleeg in die samelewing (teen weduwees, wese, dagloners, ens.) – mense wat op dié manier wys dat hulle nie "vir My eerbied het nie".

Maleagi leer ons: *Moet nie dink die Here is nie in beheer nie! Al lyk soms vanuit 'n menslike oog so! Nee, met 'n vaste hoop mag ons weet: Die Messias het gekom, en Hy kom terug op die wolke – wanneer ons dit die minste verwag. Volhard dan!*

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*

**Donderdag 29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:6-12**
**Fokusgedeelte: Maleagi 3:7**

**Keer terug na die Here, en Hy sal na jou terugkeer!**

Dit gebeur soms dat gelowiges van die Here af wegdwaal. Besige skedules, voorspoed, skewe prioriteite, beproewing en swaarkry kan maak

dat ons geleidelik verslap in die geloof, en later heeltemal wegdwaal.

Dit is ’n eeue-oue probleem wat die Here dwarsdeur die Bybel aanspreek. In Maleagi 3:6-12 kla die Here sy volk daarvan aan dat hulle nie meer soos sy volk lewe nie. Hulle was nie meer aan Hom gehoorsaam met hulle hele hart nie, soos hulle gebrek om hulle volle tiendes aan Hom te bring, gewys het.

Daarom beveel die Here hulle: *Keer terug na My! Draai terug! Bekeer!* Hierby voeg Hy die belofte: *dan sal Ek terugkeer na julle* (Mal. 3:7). Hierdie woorde is nie “Kies My, dan sal Ek julle kies” nie. Die Here wat hier praat, het eeue gelede reeds vir Israel as sy volk gekies. Maar die verhouding het van die volk se kant verbrokkel. Hulle het die verbond verbreek. Daarom bring die Here hulle voor die keuse: Gaan julle My dien of nie? (Sien ook Deut. 30:19; Jos. 24:15.)

Het jy miskien van die Here af weggedwaal? Het jy van Hom af weggedwaal wat jou geskep het, wat daagliks vir jou sorg, wat sy Seun vir jou gegee het, wie se Gees in jou werk, wat met jou op pad is na die voleinding van alle dinge by Christus se wederkoms? Ondersoek jou lewe. Indien dit die geval is, hoor die opdrag van die Here: Keer terug! Draai terug! Bekeer tot die Here! Dan sal die Here na jou terugkeer.

Hiervan kan ons seker wees, want die Here verander nie (Mal. 3:6). Hy is ons genadig en barmhartig deur sy Seun. Mag ons Hom met ons hele lewe eer.

*Sing: Skrifberyming 15-2 (38):1-3*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Vrydag 30 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3**
**Fokusgedeelte: Maleagi 3:14**

## Is dit tevergeefs om God te dien?

Die wêreld is soms ’n baie onregverdige plek. Slegte dinge gebeur met goeie mense, terwyl slegte mense voorspoed geniet. Ons sien dit

raak, en kan nie anders as om te vra nie: "Hoekom is dit so?"

Die vraag word nog ernstiger as ons in die Ou Testament lees dat die Here gehoorsaamheid seën en ongehoorsaamheid straf (sien Deut. 28). Gevolglik word dit vir ons 'n teologiese probleem. "Hoekom tree die Here nie in nie? Help dit ooit om die Here te dien en aan Hom gehoorsaam te wees?"

Dit is wat die volk gevra het in Maleagi 3:13 – 4:3. Hulle het gereken dat dit nutteloos is om God te dien, want op die oog af lyk dit vir hulle of goddelose mense die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, voorspoedig is (Mal. 3:15; sien ook Mal. 2:17).

Die oomblik wat ons so begin redeneer, vergeet ons dat God se weë nie ons weë is nie. Dan besef ons nie dat God wat in beheer is van alle dinge, sekere dinge toelaat omdat Hy 'n doel daarmee het nie. Dan neig ons om Hom te wil voorsê oor wat Hy mag doen, en hoe Hy sake moet bestuur. Dan is ons, in die Here se woorde aan sy volk, "vermetel" (Mal. 3:13).

Geloof is om die Here met jou hele hart te dien, al verstaan jy nie altyd hoekom sekere dinge gebeur nie. Dit is om volkome eerbied vir die Here te hê, omdat jy weet dat Hy op een of ander manier hierdie dinge vir jou ten goede laat meewerk (Rom. 8:28).

Hierby het ons die perspektief: Wanneer Christus weer kom, sál Hy regverdig oordeel. Dán sal die onderskeid tussen die uiteinde van gelowiges en ongelowiges duidelik wees. Wat 'n troos om as gelowige daardie dag vreesloos af te wag!

*Sing: Psalm 73-1:5 ,6, 7*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Saterdag 31 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 4:4-6**
**Fokusgedeelte: Maleagi 4:4-6**

## Wees gereed vir die dag van die Here!

Om gereed te wees vir die dag van die Here, is ’n deurlopende opdrag in die Bybel. Die Here kom – nie ons of sy volk in die Ou Testament weet wanneer nie – en daarom moet ons waaksaam wees. Paraat. Voorbereid. Gereed.

Die Ou Testament praat op verskeie plekke van “die dag van die Here”. Dit verwys na ’n dag wat die Here sal ingryp en oordeel. Die boek Maleagi bevat verskeie verwysings na hierdie dag (Mal. 3:2, 17; 4:1, 3), en die boek eindig ook hiermee.

In die slotwoorde van die boek Maleagi troos die Here sy volk met die belofte dat Hy, voordat hierdie dag aanbreek, vir hulle die profeet Elia sal stuur. Hy sal iemand stuur wat optree in dieselfde gees en krag as Elia van ouds om die volk voor te berei op hierdie dag (Luk. 1:16-17). Hierdie Elia sal die volk met mekaar versoen, en hulle oproep en lei tot gehoorsaamheid aan die Here.

In die Nuwe Testament lees ons dat Johannes die Doper die Elia is wat sou kom (Matt. 11:14; 17:13). Hy het die volk voorberei vir die Here Jesus se koms. Die Elia waarvan Maleagi 4:5-6 praat, het dus reeds gekom. Die dag van die Here waarna Maleagi 4:5-6 verwys, het dus reeds aangebreek. Maar daar lê nog ’n dag van die Here voor. Christus kom weer. Wanneer dit sal wees, weet ons nie. Maar ons weet wat ons opdrag is: ons moet gereed wees vir sy koms. Ons moet so lewe dat ons die Here enige oomblik op die wolke verwag. Dit doen ons deur gehoorsaam aan sy Woord te lewe (Mal. 4:4).

En wanneer ons dit doen, kry ons vir onsself geloofsekerheid. Dan sien ons uit na daardie dag. Dan bid ons saam met die kerk van alle eeue: Kom, Here, en kom tog gou (Op. 22:20).

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5 (43)*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)*

## NOVEMBER

**Daniël – Getel en geweeg op God se skaal!**

Alhoewel die boek die naam Daniël dra, is dit nie noodwendig te sê dat hy dit geskryf het nie. Die naam van die boek wys eerder op die persoon Daniël in die boek. Uit die boek self is daar geen duidelike bewyse dat Daniël dit geskryf het nie. In baie gevalle word na hom in die derde persoon (hom, hy) verwys (vgl. 1:8 ens.). Hoofstuk 7:1 praat van sake wat Daniël self opgeskryf het. In 10:2 word in die eerste persoon (ek) gepraat. Die algemene opvatting onder geleerdes is dat iemand anders van Daniël se geskrifte gebruik gemaak het om die boek saam te stel.

Wat die datum van die boek betref, word onder andere vertel van die Babiloniese ballingskap in ongeveer 605-537 vC (vgl. 1:1; 10:1). Ons kan aanneem dat die boek kort na die ballingskap saamgestel is, maar oor die presiese tyd gee die Bybel self geen getuienis nie. Die boek is geskryf in Hebreeus en Aramees ('n Semitiese taal wat nou verwant is aan Hebreeus en die wêreldtaal van die Ooste van daardie tyd was). Die bedoeling van die skrywe was om die Judese ballinge sowel teruggekeerde ballinge te versterk en te vertroos.

Die boek beskryf aan ons hoe Daniël en sy vriende getrou bly en die geloof behou ten spyte van sware beproewings. Die boek bevat verder profesieë rakende die bewarende en seënende hand van God oor sy volk te midde van die heerskappy van die onderskeie wêreldmoondhede. Hoofstukke 1-6 (hoofsaaklik geskiedkundig, alhoewel profesieë daarin voorkom) vertel van verskillende gebeure met Daniël en sy vriende. Hoofstukke 7-12 (apokalipties van aard) teken die wêreldmagte, met veral die plek van die Antichris, maar dat God steeds in beheer is – die oorwinnaar in die stryd is nie Satan en sy magte nie, maar God in en deur Jesus Christus.

Ons sien in die boek hoe God sy raadsplan vervul en tot uitvoering bring in die wêreldgebeure en geskiedenis. Met ewige beloftes van verlossing kan ons vooruitkyk na die dag wanneer ons ewige Verlosser, Jesus Christus, finaal kom en ons bevry van die bose magte van die duiwel en wêreld. God tel en weeg alles en almal op sy hemelse skaal ...

**Amos – Die tyd om te bekeer, is nou!**

Die boek dra die naam van die profeet Amos deur wie die Here tot sy volk hierdie profesieë gespreek het. Die profeet se naam beteken *lasdraer*. Anders as by van die ander profete word Amos se vader se naam nie genoem nie.

Amos distansieer homself ook van die bekende profetegroepe (vgl. 7:10-17) en meld dat hy maar net 'n boer is wat deur die Here in diens geneem is om as profeet op te tree. Hy het met skape en wildevye geboer. Hy is afkomstig van

Tekoa wat sowat sestien kilometer suid van Jerusalem in Juda geleë is.

Amos het opgetree in die dae toe Ussia koning in Juda was (792-740 vC) en Jerobeam II, die seun van Joas, koning in Israel was (793-753 vC). 'n Nadere aanduiding van wanneer Amos as profeet opgetree het, was twee jaar voor die aardbewing (vgl. 1:1). Na berekening het hierdie aardbewing iewers tussen 763 en 760 vC plaasgevind. Amos was dus 'n tydgenoot van die profete Hosea, Jesaja, Miga en Jona wat ook almal in die agtste eeu voor Christus opgetree het.

Die buitelandse omstandighede was in dié tyd baie rooskleurig vir Israel. Sirië kon die Assiriese imperialisme bedwing. Dus was die noorde vir Israel in hierdie stadium veilig. Jerobeam II (Israel) en Ussia (Juda) was bekwame en effektiewe konings. Hulle het die volk tot hoogtes gebring wat baie naby was aan die tyd toe Salomo geregeer het – dit was 'n tydperk van politieke stabiliteit, materiële voorspoed en veiligheid. Dit was veral die ryker klas van die samelewing wat uit hierdie welvaart voordeel getrek het. Hulle het oorgenoeg gehad om te eet en fees te vier.

Sulke welvaart het egter ook sy nadele. Die inflasiespiraal het kleinboere laat sug en bedrog en korrupsie het toegeneem. Die armes is veral uitgebuit.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die profeet Amos God se boodskap aan 'n oorgeruste en afvallige volk moet verkondig – 'n boodskap van onmiddellike bekering, want die dag van die Here is op pad!

**Sondag 1 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 1:1-21**
**Fokusgedeelte: Daniël 1:6-8**

## Kompromieë maak jou ’n liggewig

Waarskynlik die heel gevaarlikste wapen wat Satan en sy bose magte teen die Here se koninkryksburgers gebruik, is kompromie. In die HAT word die woord “kompromie” onder andere verklaar as: *’n Handeling waarby ’n mens ’n deel van jou beginsels opoffer.*

Toe Daniël en sy vriende uit hulle geboorteland na die heidense stad Babel weggevoer is, beland hulle in die koning se paleis. Om tussen al hulle volksgenote uitgekies te word vir verdere opleiding en toerusting, was uiteraard ’n eer en voorreg. Daarmee saam kom boonop oordadige kos en ’n swierige leefstyl in die paleis. Wat meer kan ’n mens se hart begeer?

Hierin lê egter juis die vangplek: die slinkse aanslag van die Bose behels toe ook ’n naamsverandering as basis vir ’n nuwe identiteit en gepaardgaande nuwe kultuur, met ander woorde ’n wegbeweeg van hulle beginsels. Hier moes hulle belangrike keuses maak, keuses wat hulle toekoms ingrypend sou verander. Sou hulle ter wille van ’n moontlike “goeie toekoms” kompromieë moet aangaan?

Die probleem met ’n kompromie is dat dit jou dwing om afstand te doen van die vaste grond waarop jy staan. Jy beland uiteindelik in die dryfsand van onsekerheid. Daniël en sy vriende gebruik egter fyn diplomasie om by hulle beginsels te staan. Hulle vergryp hulle nie aan die verleiding tot ’n uitspattige en selfgesentreerde leefstyl nie, maar bly getrou aan die Here hulle God.

Ek en jy kan in die hedendaagse wêreld net getrou bly as ons wegbly van kompromieë af. Ons staan immers op die Rots Jesus Christus. As ons aan Hom, die lewende Woord, getrou bly, sal ons geanker bly en nie gewigloos wegdryf nie. Waar is jou en my swaartepunt?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)*

**Maandag 2 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 2:1-23**
**Fokusgedeelte: Daniël 2:18**

## Jy word ’n swaargewig as jou wysheid van Bo kom

Die heidense koning Nebukadnesar se droom is ’n openbaring van God. God se openbaringe kom selfs na ongelowiges, maar Nebukadnesar kan dit nie verklaar nie. Hy verwag van sy towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers om sowel die inhoud van die droom as die betekenis daarvan te gee.

Geeneen is daartoe in staat nie en die koning wil almal doodmaak. Daniël en sy vriende, ook deel van die koning se raadgewers, verkeer in lewensgevaar.

Daniël kies die regte strategie en hy vra sy vriende om saam met hom te bid om wysheid – die wysheid wat van Bo kom.

Die Here verhoor hulle gebede en maak die droom en sy uitleg aan Daniël bekend. Daniël sing ’n loflied tot eer van die Here vir die wysheid en insig wat hy ontvang het, en dan vertel en verklaar hy die koning se droom.

Die ou spreekwoord “*Soveel hoofde soveel sinne*” word deesdae al hoe meer waar. Mense kom met die vreemdste idees en die kromste gedagtes tevoorskyn. Dit word met wêreldse wysheid en bravade voorgehou en as waarheid opgedis. Mense hardloop toenemend agter die gees van die tyd aan.

Die apostel Paulus het skryf: “*... in die eindtyd sal sommige afvallig word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang. Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is”* (1 Tim. 4:1, 2).

Jakobus beskryf die wysheid waarmee ek en jy moet optree: “*Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam en vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God en jy moet dit gebruik om vrede te maak”* (Jak. 3:17, 18).

Hierdie ware wysheid maak van jou en my swaargewigte omdat ons

deur die Heilige Gees met ’n ware geloof in Christus ingelyf is. Hy is immers die Weg, die Waarheid en die Lewe.

*Sing: Psalm 19-1:4, 5*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)*

**Dinsdag 3 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 2:24-49**
**Fokusgedeelte: Daniël 2:44, 45**

**Die gewig van God se Rots vernietig alle menslike heerskappy**

Koning Nebukadnesar, die magtige koning, se koninkryk het oor die bekende wêreld van destyds gestrek. Hy was onoorwinlik. Maar die ware God het hy nie geken nie en was nie eers van sy bestaan bewus nie. Tot ... God Homself aan Nebukadnesar openbaar in ’n droom.

Die droom het hierdie magtige man hewig ontstel, want hy kon dit nie verstaan nie. Dan stuur die Here sy dienaar Daniël om die droom vir die koning uit te lê. So maak die Here dit vir Nebukadnesar duidelik dat Hy alleen die ware God is en dat Hy alle mag in die hemel en op aarde het. Hy beskik selfs oor koninkryke en hulle voortbestaan. Hy bepaal wie sal regeer, oor watter gebied en vir hoe lank. Uiteindelik moet Nebukadnesar erken: “*Werklik, julle God is die grootste van alle gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekendmaak”* (vs 47).

Die groot troos vir ons as gelowiges is juis die feit alle mag en gesag in God gesetel is. Hy het sy Seun, die Rots (1 Pet. 2:6-8), na hierdie aarde gestuur om sy ewige koninkryk te kom vestig (vs 35): “*Die klip waardeur die beeld getref is, het ’n groot rots geword en het die hele aarde bedek.*” In Nebukadnesar se droom het die rots die beeld verpletter en fyngemaal tot stof, weggewaai deur die wind.

Ons raak so maklik ontsteld oor die doen en late van wêreldheersers en voel uitgelewer aan ons omstandighede. Die Here verseker ons dat Hy in volle beheer is en dat ons wat deur die kragtige werk van die

Heilige Gees in Christus ingelyf is, saam met Hom regeer. Hierdie finale heerskappy word in Openbaring 18 en 19 deur God aan die apostel Johannes geopenbaar. Ons is méér as oorwinnaars ... saam met ons Koning en Verlosser, Jesus Christus!

*Sing: Skrifberyming 7-1:1, 2, 3*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)*

**Woensdag 4 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 3:1-18**
**Fokusgedeelte: Daniël 3:17, 18**

## As ek swak is, dan is ek sterk

As ek swak is, is ek sterk – as ek sterk is, is ek swak. Nebukadnesar, die magtige koning, staan hier teenoor drie swakke jongmanne en hulle geloof.

Die wyse waarop Nebukadnesar sy godsdiens beoefen, maak hom swak. Sy godsdiens is een geweldige vertoon. Al die vernaamstes van sy koninkryk moet daar by sy goue beeld teenwoordig wees. Nie omdat hulle daar wil wees nie – hulle is gedwing en gedreig om daar in die Dura-dal te wees. Niemand is daar uit ’n behoefte van die hart om hierdie god te kom vereer nie. Daar gebeur niks uit liefde vir God (of ’n god) nie. Dit is ’n godsdiens wat jou met niks laat nie. Nebukadnesar se godsdiens is ’n kragtelose godsdiens.

Daarteenoor staan drie swakke mense uiters sterk deur hulle geloof – Sadrag, Mesag en Abednego. Hulle onverskrokke standvastigheid in hulle God maak hulle sterker as enige mens of afgod of koning. Vreesloos klou hierdie manne vas aan hulle God. Niks sal hulle van stryk bring nie. In standvastigheid is hulle krag geleë. Nie omdat hulle vasstaan op hulle regte daar in Babel nie – hulle staan vas en klou vas aan Iemand sterker as hulleself.

Geloof is altyd om vas te hou aan iemand sterker as jyself. “Ons het ons God vir Wie ons dien.” Hy sal ons red. Hulle is swak, maar hulle

God is sterk. Dit is juis die evangelie: dat ons saligheid, ons krag nooit in onsself te vinde is nie.

Jou krag kom van buite jouself – wanneer jy DIE HERE VERTROU. Vertroue beteken ook oorgawe aan die Here. Selfs as dit die Here se wil is dat hulle moet sterf in die vuuroond, sal hulle Hom bly dien. Dit is oorgawe!

Dit is wat Christus ook gedoen het. Na sy gebed in Getsemane, toe Hy die lydensbeker moes drink, het Hy sy Vader vertrou en gesê: In u hande gee ek my gees oor. Swak aan die kruis – maar ewiglik sterk.

*Sing: Psalm 31-1: 4, 5*

*Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)*

**Donderdag 5 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 3:19-30**
**Fokusgedeelte: Daniël 3:28**

## Lof aan God begin by vertrouensvolle oorgawe

Wat is jou doel hier op aarde? Jy leef omdat die Here aan jou 'n ontsaglike taak opgedra het: Hy moet DEUR JOU al die lof en eer ontvang. Gebeur dit in jou lewe? Gee iets 'n ander doel as dit waarvoor jy dit gemaak het, en dit misluk. Lof en eer aan God, jou lewensroeping, BEGIN BY JOU VERTROUENSVOLLE OORGAWE AAN DIE HERE.

Net drie manne verontagsaam Nebukadnesar se bevel en weier beslis om sy beeld te aanbid. Hiervoor is hulle bereid om te sterf. Nebukadnesar word wit van woede. Hoe durf drie Joodjies in ballingskap hom teëgaan! Maak die oond nog sewe maal warmer!

Sadrag, Mesag en Abednego se onverskrokke, standvastige, vertrouensvolle oorgawe aan die Here laat Nebukadnesar misluk in wat hy doen. Nebukadnesar en sy oond misluk. Die vuur doen hierdie manne niks. Die doel van sy hele seremonie misluk. Die bordjies is verhang!! Niemand anders nie as Nebukadnesar bring nou lof en eer aan die Here. Hy erken dat die lof en eer aan die ware God behoort. Nou is hy die een

wat nie sy eie beeld aanbid nie. En dit alles gebeur deur drie eenvoudige manne wat vas bly staan het. Drie manne wat hulle lot, hulle lewe vertrouensvol oorgegee het aan die Here. Daar begin die sukses van jou lewensroeping, en van jou lewe.

’n Onnatuurlike gebeurtenis: die drie manne verbrand nie. Sal so iets vandag nog gebeur? Elke tree wat jy as gelowige gee, is onnatuurlik. Jy moes ook in die vuuroond van God se toorn verbrand het, omdat die mens nie aan Hom al die eer gegee het nie, maar sy eie god wou wees. Christus tree egter tussenbeide en dra die vuurgloed van God se toorn. Ons het nuutgemaak, as’t ware ongeskonde uit die vuuroond gekom.

Nou kan ons ons lewensdoel uitleef: om aan Hom al die eer te gee. Mag jy die doel dien waarvoor Christus jou uit die vuur van God se oordeel gered het.

*Sing: Psalm 9-1 1, 7, 15*

*Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)*

**Vrydag 6 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 4:1-18**
**Fokusgedeelte: Daniël 4:17**

## Eers eie nederigheid, dan God se grootheid

Hoogmoed is ’n groot probleem in die tyd waarin ons leef. Dit gee aanleiding tot baie ander sondes, soos arrogansie, gespog, dwaasheid, hardkoppigheid, jaloesie, ondankbaarheid en verhardheid. Hoogmoed is ’n baie algemene gesindheid onder mense en baie het dit in ’n mindere of meerdere mate.

In Daniël 4 hoor ons van Nebukadnesar wat die stadium in sy lewe bereik het waar hy oor sy lewe kan terugdink en die vrugte daarvan geniet. Hy het inderdaad baie dinge in sy lewe bereik, soos om ’n magtige ryk tot stand te bring en die groot stad Babilon met sy hangende tuine op te bou!

Maar God gryp in en maak sy wil in ’n droom aan Nebukadnesar

bekend. Die droom ontstel vir Nebukadnesar, want in die droom word die groot boom afgekap sodat daar net ’n stomp in die grond oorbly, en ’n mens se verstand word verander in dié van ’n dier!

Die doel van dit alles is dat alle mense sal weet dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke van die aarde en selfs die onbelangrikste mens daaroor kan aanstel. Daar is niks om oor trots te wees of om oor hoogmoedig te word nie. Nebukadnesar se pa, Nebopolassar, was van nederige afkoms voordat hy ’n koning geword het! Hy was nie van koninklike afkoms nie, en het baie keer na homself verwys as ’n “seun van niemand”, as “die onbelangrike wat tussen mense nie gesien is nie”, en as “die swakke, die magtelose”.

Die profeet Jesaja profeteer van ’n ander onbelangrike Mens, deur “mense verag”, “verstoot” en “nie gereken nie”, maar wat “óns lyding op hom geneem het, óns siektes gedra het” (Jes. 53:3, 4). Ons moet sy Naam groot maak en Hom eer, nie onsself en dit wat ons bereik het nie.

*Sing: Psalm 84-1:6*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*

**Saterdag 7 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 4:19-37**
**Fokusgedeelte: Daniël 4:37**

## Kyk op na die Here en nie af na die aarde toe nie

In die tweede gedeelte van hoofstuk 4 lees ons dat die hoogmoed van koning Nebukadnesar tot ’n val kom as sy droom in vervulling gaan en hy die verstand van ’n dier kry. Ons lees ook dat hy ná die vasgestelde tyd na die hemel opgekyk het om hulp, en toe sy verstand teruggekry het.

Toe Nebukadnesar van die dak van die paleis afgekyk het oor die groot stad Babel, is sy koningskap van hom af weggeneem in ’n oomblik (vgl. Dan. 4:30, 31), maar toe hy ná die vasgestelde tyd weer opkyk na

die hemel en die Allerhoogste prys, loof en eer, kry hy sy koninklike waardigheid, eer en majesteit terug (vgl. Dan. 4:36). God was geduldig met Nebukadnesar. Selfs die sewe tydperke van oordeel oor hom was ontwerp as ’n manier om hom nederig te maak sodat hy die waarheid van God sou erken.

As mense is ons geneig om eerder af as op te kyk. Ons voel gemaklik om eerder bevele te gee as om dit te ontvang. Wanneer jy in afhanklikheid aan die Here opkyk na Hom, sien jy sy regverdige optrede raak! Jy sien Jesus Christus raak wat aan die kruis vir jou sonde gesterwe het. Wat jy ook al het, insluitende jou gesondheid, rykdom, krag of posisie, is ’n gawe van God. Die rykdom van God se goedheid, verdraagsaamheid en geduld moet jou tot bekering van jou sonde lei (Rom. 2:4).

Plaas jou vertroue in die Here eerder as om op jou eie insigte staat te maak of om op jou eie krag te vertrou. Deur die krag van die Heilige Gees laat Hy jou op die regte pad loop (Spr. 3:5, 6). Kyk op na die Here en bid in afhanklikheid van jou Skepper-God!

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*

**Sondag 8 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 5:1-30**
**Fokusgedeelte: Daniël 5:26-28**

## Verwaandheid – swaargewig in jou eie oë, te lig op God se skaal

Dit was omtrent ’n koninklike partytjie! Belsasar het uitgehang. Baie gaste, baie drank en kos. Maar ook baie belangrik in sy eie oë. Dit raak al hoe meer uitspattig. In die gewyde bekers uit die tempel van Jerusalem word heildronke vir die afgode gedrink.

Dan sien hy ’n hand skryf teen die paleismuur. Sy selfvoldaanheid verdwyn. “Toe het die koning bleek geword, hy was baie bang, sy bene het gebewe en hy was lam van die skrik” (Dan. 5:6, 1933/53-vertaling). Niemand kon dit vir hom verklaar nie. Dit was ’n uitspraak

van God, wat net Hy kon bekendmaak. Vernederend wanneer ’n vrou, die koningin, moet paai: Moenie so bang en bleek wees nie! Daar is iemand wat hierdie handskrif kan verklaar. As Belsasar en die koningin maar geweet het wat om te verwag!

Daniël gee die boodskap uit God se koninklike raadsaal. Getel. Geweeg. Verdeel. Onthou u nie hoedat u voorganger Nebukadnesar gestraf en verneder is oor sy verwaandheid nie? Maar u het nie geleer nie! Sy sondes word uitgespel. “U het verwaand opgetree teenoor die Here in die hemel” (Dan. 5:23).

Die oordeel word bekendgemaak. U jare as koning is verby. U magtige ryk sal verdeel word tussen die Mediërs en Perse. Daardie selfde nag sterf die verwaande koning.

Niemand is bo God se oordeel verhewe nie. Elke magtige heerser, koning, president, geldmagnaat, en ook ek en jy, kry hulle lewensasem van God (Dan. 5:23). Hy moet met eerbied gedien word.

Verwaandheid is ’n gruwel in God se oë. Telkens waarsku Hy dat hulle verneder sal word. Onthou dat jy jou lewensasem van Hom ontvang het. In sy Koninkryk is daar slegs een Koning, Jesus Christus. Wie hulleself voor Hom verneder, sal verhoog word. Uit genade word burgerskap gegee. Maar meer nog, hulle sal saam regeer in sy Koninkryk.

*Sing: Psalm 75-1:1, 3*

*Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)*

**Maandag 9 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 6:1-15**
**Fokusgedeelte: Daniël 6:11**

## Aanbidding van die ware God, desondanks!

Het iemand jou al verbied om die Here te aanbid? Dalk nie persoonlik in jou huis nie. Maar dit word al meer verkondig dat ons ander godsdienste in ag moet neem. Open nie meer by die staatskool met Skriflesing en gebed nie. Of spreek net ’n algemene goddelike wese aan, sodat ander nie

geaffronteer word nie. Godsdiensgelykheid word geprys. En wee jou as jy jou oortuiging dat die Vader slegs in Jesus Christus geken en aanbid kan word, te sterk stel.

Daniël se kollegas was nie tevrede met sy senior aanstelling en gesag nie. Al wat hulle teen hom kon vind, wat hom sy posisie en selfs sy lewe kon kos, was sy volhardende geloof. Selfs in die vreemde as balling het hy steeds die God van sy vaders bly eer en aanbid.

Wanneer die onherroeplike dekreet uitgevaardig word, was daar ’n keuse. Val in by die meerderheid, of volhard in wat jy glo. Konformeer of loop die reguit pad. Daniël gaan reguit na sy daaglikse gebedsplek. Vreesloos. Gelowig. Oortuig van wat reg is. Standvastig daarby dat die God van Israel die enigste en die getroue Here was.

Die Here Jesus beklemtoon dat daar slegs een smal pad na die lewe is. Die poort na die lewe is nou. Ons kan nie God en Mammon dien nie. Die apostels antwoord die Joodse Raad dat God bo mense gehoorsaam moet word. Paulus moedig Timoteus aan om te bly by wat Hy geleer het. Hy moes die geïnspireerde Skrif as gesagvol en opbouend vir die lewenspad bly gebruik.

Daniël is deur die doodskuil met leeus bewaar, so sal God die getroues bewaar. Vrees nie hulle wat slegs die liggaam kan doodmaak nie. “Nee, vrees (aanbid) Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan” (Matt. 10:28).

*Sing: Psalm 71-1:1, 4*

*Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)*

**Dinsdag 10 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 6:16-29**
**Fokusgedeelte: Daniël 6:23**

## Dien God wat mag het oor lewe en dood

Ons loop nie daagliks die gevaar om in ’n leeukuil gegooi te word nie. Tog raak Daniël se ervaring ons ten nouste. Is daar hoop vir hulle

wat aanhou om God te aanbid, al span die ongelowiges saam teen die kerk van Christus? Die agteraf jaloesie teenoor ’n getroue werker wat God en sy werkgewer respekteer, vind ons ook vandag. Daar is geheime agendas, omkopery, bevoordeling van familie en vriende. Maar daar is ook die eise dat jy moet saamgaan met onheilige sake, anders verloor jy jou werk of kry nie aandeel in die “winste” nie. Aanbid die afgod Mammon!

Koning Darius vaardig ’n onveranderbare wet uit. Daniël ignoreer die bevel en volhard in gebede. Hy word in die leeukuil gegooi, selfs die koning kon hom nie help nie. Sy vertroue bly op die ware God. So ook die koning wat sê: “Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red” (Dan. 6:17). So was dit. Daniël oorleef en bely: “My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit …” (vs 23).

Ook ons kan hoop behou. Al voel dit of die vyand oorneem, God regeer steeds. Met Jesus se kruisdood sou die vyand wou feesvier. Uit die weg geruim, soos Daniël in die leeukuil. Maar Jesus verrys as oorwinnaar uit die graf en word verhoog tot die regterhand van sy Vader. Daarna word nie ’n koningsopdrag uitgestuur om die God van Daniël te vrees en te eer nie, maar wel die blye boodskap van verlossing. Jesus Christus regeer oor alles. In sy Naam is daar redding. Hy bewaar jou, want die magtigste is onder sy gesag. Hy kom weer om sy heerskappy oor alles en almal te bekragtig. Sy vyande sal dan finaal uit die weg geruim word.

*Sing: Psalm 99-1:1, 4*

*Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)*

**Woensdag 11 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 7**
**Fokusgedeelte: Daniël 7:13, 14**

**Getel en geweeg op God se skaal – die ondergang van wêreldmagte**

Die profeet Daniël ontvang ’n droom en visioene wat ontstellend is. Wat Daniël in sy droom gesien het, en wat ons in die wêreldgeskiedenis

beleef, is inderdaad iets wat jou ontstel. Jy raak beangs en skrik (vs 15, 28). Die arrogansie en harde trots van mense in regeringsposisies ("konings" – vs 17, 1953-vertaling) met hulle geweldige vernietigingsdrang maak mense bang.

Ons wil wéét: "Wie is hierdie wêreldmagte in hulle onbeskryflike monsteragtigheid?" Daarom sit ons met die geskiedenisboeke langs die geopende Bybel: geskiedenisboeke moet vir ons die Bybel verklaar. Ons wil 'n naam en 'n gesig aan hierdie monsters, wat ons lewensbestaan en vrede bedreig, koppel.

Maar dan hoor ons Daniël in vers 13 sê: "Ek het gesien in die naggesigte, *en kyk* ... En kyk! "Met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens …" Met 'n uitroep wat bedoel is om jou aandag te trek, trek die Heilige Gees wat die profeet geïnspireer het, ons aandag wég van die konings met hulle arrogansie en harde trots en hulle vraagsug na mag en vernietigingsdrang … en Hy wys aan ons die Koning van die konings (vs 14)!

Sien Hóm met jou geloofsoog raak wanneer jy weer jou koerant oopmaak of jou televisiestel aanskakel en die moord, doodslag en brutaliteit van die vier diere uit die ontstuimige volkeresee jou volvuis konfonteer. Aanbid Hom en dien Hom in Gees en waarheid, want sy koninskap is ewig. Vertrou jouself deur die kragvolle werking van die Heilige Gees gelowig aan Hom toe: die Regter het reeds in sy regverdige en heilige oordeel hulle lot beslis (vs 9-12). En die Oorwinnaar-Koning het reeds die monstermagte beslissend verslaan aan die kruis van Golgota en wanneer Hy weer kom, sal Hy hulle finaal verslaan.

Jy wat deel in sy lyding, sal dan ook deel in sy heerlikheid (vs 18)!

*Sing: Psalm 110-3:1, 2, 3*

*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)*

**Donderdag 12 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 8**
**Fokusgedeelte: Daniël 8:13-14**

## Getel en geweeg op God se skaal – die tyd van herstel is God-bepaald voor die deur!

Onder die aanvoering van die magte van die duisternis in sy tyd (Babel, Medië, Persië, Griekeland en die Romeinse Ryk) het die kerk van die Here geweldig gely. Die uitverkorenes van die Here moes lig wees terwyl hulle omring is van donkerte, en hulle het die walms van sonde ingeasem terwyl daar 'n sondige erediens ingevoer is, die offers ontheilig is en die ware godsdiens vertrap is (vs 12).

Vra ons nie ook in alle eerlikheid nie: "Hoe lank sal die dinge … aanhou?" Dit is 'n sug van moedeloosheid en desperaatheid. As Nuwe-Testamentiese gelowige word jy saam met jou medegelowiges ook daagliks gekonfronteer met skrikwekkende sonde. Die verleiding tot 'n valse erediens is die druk van 'n knoppie ver op jou televisiestel waar die mens en sy sug na materiële welvaart homself aanbid.

Skep moed uit die moedeloosheid en desperaatheid! Hierdie onheilsmagte en die gevolge van hulle heerskappy is instrumente in God se hand – dinge wat die heilige God in sy diens gebruik om sy kerk op te bou en haar gereed te maak vir die heerlikheid waarvoor Hy haar bestem het!

Hyself het die tyd bepaal waarin hierdie boosheid, wetteloosheid en skrikwekkende sondige dinge sal gebeur. Die tyd van die kerk se finale afronding te midde van verstikkende omstandighede is God-bepaald en daarná sal die heiligdom herstel word: die kerk sal in haar volle heerlikheid tot haar Bruidegom wat haar met sy kosbare bloed losgekoop het, geneem word! Deur die werking van die Heilige Gees is sy beklee met reinheid en heiligheid en regverdige dade.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 7, 8, 11, 12*

*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)*

**Vrydag 13 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19**
**Fokusgedeelte: Daniël 9:19**

## In gebed maak ons God se saak ons saak!

Gereeld hoor ons die oproep dat ons moet bid!

- Die droogte en waterskaarste laat mense uitroep – ons moet bid!
- Die onrus en betogings met die gepaardgaande geweld laat mense uitroep – ons moet bid!
- Die misdaad en plaasmoorde laat mense uitroep – ons moet bid!

Met elke oproep tot gebed het ons elkeen geweet waarvoor ons moet bid! Wat is die diepste rede van die gebede? Dat ons weer rustig en kalm kan wees en die lewe vir ons in die sonnige Suid-Afrika weer lekker kan wees!

Kom ons kyk na Daniël se gebed. Uit vorige hoofstukke weet ons dat Daniël self ’n ywerige bidder was. Hy het elke dag drie maal tot God gebid. In sy intieme verhouding met die Here het hy die Woord van God voortdurend gelees. In die profeet Jeremia het hy gelees dat die ballingskap 70 jaar sou duur. Hy het geweet dat verlossing voor die deur is.

Sommige sou hulle tasse gaan pak, maar Daniël word gedring om te bid. Hy bid ’n hartroerende gebed om vergifnis. Hy pleit vir sy volk: hulle is skuldig, hy is skuldig ... die Here is reg en regverdig, daarom vra hy om vergifnis. Namens almal!

Uit die Woord weet hy God gaan verlos. Maar hy weet dit gaan nie oor hulle nie. Dit gaan oor God en sy heilige Naam en sy regverdigheid, asook sy verhouding met sy volk. Hartgrondige belydenis van sonde is gepas wanneer dit oor God se saak gaan. En dan die gebed dat Hy sal doen wat Hy belowe. Daarom smeek hy dringend: Here, dink aan u belofte en doen dit gou, nie ter wille van Israel nie, maar om u ontwil.

So het Christus ook God se saak sy saak gemaak toe hy gebid het: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie ...” en ons sondes op Hom geneem en aan die kruis daarvoor betaal en ons vrygemaak. As Middelaar het Hy ons sondaars se saak syne gemaak

en versoening bewerk. Mag die Heilige Gees ons nou dring om God se saak ons saak te maak wanneer ons bid: “Kom Here Jesus, ja kom gou!”

*Sing: Psalm 31-2:1, 2, 7*

*Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg-Suid)*

**Saterdag 14 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 9:20-27**
**Fokusgedeelte: Daniël 9:23**

## God antwoord smeekgebede

Die engel Gabriël is afgevaardig om Daniël in te lig dat God sy gebed gehoor het en daarop handel. Wanneer daar binne die wil van God gebid word, is die moontlikheid van “hemelspoed” altyd daar. Die afstand tussen die nietige mensie en die groot, almagtige God is geen probleem nie.

Maar Daniël word gehelp om die profesie van Jeremia (29:10) reg te verstaan, want God het Daniël lief.

Dit gaan nie net oor 70 jaar nie, maar 70 eenhede van sewe. Letterlik staan daar 70 (keer) sewe. Dit beteken 70 tydperke van sewe jaar. Hierdie tydperke word in drie verdeel: eerstens die sewe tydperke van die herstel van Jerusalem, dan die 42 tydperke waar Jerusalem opgebou bly en dan volg daar een tydperk waar die offers afgeskaf word en ’n gruwel vir God verwoesting sal saai totdat alles verby is.

Met hierdie verduideliking van Gabriël word nie net Daniël en die Jode van die ballingskap vertroos dat daar ’n einde aan die ballingskap gaan kom nie, maar word daar ’n troos gegee oor die lewe van die Jode vir baie jare vorentoe dat daar altyd ’n beperking aan verdrukking sal wees, selfs onder Antiogos IV.

Met ander woorde: ’n nuwe betekenis word aan die profesie gegee wat in vervulling kom baie jare vorentoe.

God is in beheer en Hy is getrou en Hy staan by sy volgelinge. Ons

kan ook weet en met daardie sekerheid bid dat God ons gebede hoor en aksie neem. Hy hou ons lewe in sy hande en Hy is met ons. Niks kan ons van Hom skei nie.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-4*

*Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg-Suid)*

**Sondag 15 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 10:1 – 11:1**
**Fokusgedeelte: Daniël 10:12**

## Insig ... om gelowig God se antwoorde te hoor

Moet op prinse nie vertrou nie ... op die mens jou hoop nie bou nie ... Weet ons nog om ons in te span om insig (by God) te kry en ons in gebed voor God te verootmoedig wanneer ons kommer en probleme ons platdruk?

Daniël was in rou, drie weke lank ontsê hy homself luukses sodat hy met inspanning kan bid – nie vir eie gewin nie, maar vir insig en God se raad. Dit is Kores se derde jaar: Die ballingskap is reeds beëindig (vgl. Esra 1:1ev.), maar Daniël is (weens sy posisie in die ryk, want hy wou bitter graag – hfst. 9) nie saam met Serubbabel en die eerste teruggekeerdes terug Jerusalem toe om die stad en tempel te herbou nie. Die berigte wat hy kry (lees Esra), vertel van traagheid, vyandskap teen die bouwerk en moedeloosheid. Sy bede was juis dat die diens aan God herstel word (9:16-17).

God verhoor sy gebede: ’n Hemelse wese met groot mag verskyn om hom te vertel wat sal gebeur, om God se raad mee te deel. Hy kry insig. So geweldig is die engel se verskyning dat hy geheel en al kragteloos word. Die engel self moes vir Daniël eers weer laat herleef. Ons, die mens wat so maklik kan antwoorde gee en antwoorde eis, kan nie staande bly as ons die werklikheid van God se werk en die mag van sy hemelse dienaars sien nie. Daardie dag sal ons besef dat ons te gou praat, te veel in ons eie insig glo, te maklik antwoorde het en soek.

Wat antwoord God? Hy het jou wat jou inspan met verootmoediging, baie lief. Die maatstaf vir sy liefde is dat nie ’n engel nie, maar sy eie Seun vir ons verskyn en volle versoening bewerk het, die Almagtige wat menslik swak geword het soos ons, vir ons. Sal Hy dan nie al die ander dinge gee nie, of hou ons aan om voor te skryf?

Wees dan tevrede en dankbaar om te weet: hoe jou lewe, die politiek, die geskiedenis ook al verloop, Hy is die outonome regeerder wat alles bestuur en beskik, soos Hy vir Kores beskik het. In die geesteswêreld stuur Hy sy knegte soos Gabriël en Migael om die kneggeeste van die bose te beveg en sy raad te vestig – hulle is die vorste van ryke in hierdie hoofstuk. Nou die Perse, daarna die Griek, Alexander die Grote. In ons tyd baie ander.

Ná sy Seun se verskyning hoef ons nie meer ’n hemelse verskyning van ’n kneg te beleef om krag te kry nie: Hy is by jou, in jou, deur sy Woord en Heilige Gees wat kragtig werk om ons te vertroos, én selfs sy hemelse knegte gebruik! Dinge gebeur soos God dit besluit het en uitvoer.

*Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3, 8 / Psalm 146-2:1, 2, 3, 6*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*

**Maandag 16 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 11:2-35**
**Fokusgedeelte: Daniël 11:32-33, 35**

## Die einde is klaar bepaal – volhard ondanks gruwelike verwoesting

Mense ly onder magsbehepte politici, ook die kerk van die Here. Hoofstuk 11 profeteer hoedat daar nog Persiese konings sal kom tot by Xerxes (Ahasveros) wat baie magtig sal wees.

Die profeet slaan ’n paar konings ná hom oor en verwys na Alexander die Grote, die Griek. Soos bepaal in die geveg van die hemelse vorste (hfst.10), sterf hy op 33-jarige ouderdom – die magtigstes kan nie

standhou voor die Almagtige God en sy besluite nie. Sy ryk word uiteindelik verdeel in vier. Twee van hulle, die Seleucide in Sirië (konings van die noorde) en die Ptolomeërs in Egipte (konings van die suide) speel hiervandaan die hoofrol wat die heilige volk betref. Dit is ’n uiters verweefde geskiedenis wat maar in die geskiedenisboeke (ook in die Makkabeërboeke) nagelees moet word.

Die stryd tussen noord en suid loop uiteindelik uit op Antiochus IV (Epifanes – deurlugtige), koning in Sirië in wie se ryk Palestina was. Hy het die Hellenistiese kultuur in sy ryk afgedwing deur die Joodse godsdiens te onderdruk. Besnydenis, offers, godsdiensfeeste is verbied, hulle is doodstraf opgelê as die Tora (Wet) by hulle gevind is. Die tempel is ontheilig en ’n altaar vir Zeus in die heilige gebou, waarop varke vir Zeus geoffer is – die gruwel vir God. Baie is doodgemaak.

Maar die verleiding was ook groot: die Griekse wetenskap, filosofie, kuns, letterkunde sport, gimnastiek, ensovoorts, was vir baie Jode aantreklik, daar was selfs ’n pro-Siriese party onder die Jode. Die gewone invloede van ons tegnokratiese en materialistiese lewensomgewing. So gee baie ten koste van die godsdiens die stryd om die gees van die mens gewonne. Die duiwel se twee wapens was nog altyd vervolging en verleiding met dwaling, waarvan laasgenoemde die suksesvolste is.

Om in die geloof staande te bly, moet die gelowiges mense wees wat hulle God ken (vs 32) – die wat lewe deur te hoop en glo en nie deur te sien nie. Vir die gelowige is hierdie lewe ’n loutering wat suiwer (vs 35). Ons krag is die offer wat gebring is: die ware God se eie Seun, en ons Trooster wat ons die ware kennis van God leer. En ons weet: Die einde is klaar bepaal. Daar gebeur nie wat sal gebeur nie – daar sal gebeur wat God besluit!

*Sing: Skrifberyming 15-7; Psalm 40-1:1, 4, 8; 46-2:1, 2, 3; 68-2:1, 6; 69-2:1, 2, 4; 73-1:1, 10, 11*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*

**Dinsdag 17 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 11:36-45**
**Fokusgedeelte: Daniël 11:36**

## Wat besluit is, sal gebeur

Hierdie Antiochus IV Epifanes het geleef in selfvergoddeliking. Epifanes wil sê: hý is geopenbaarde god. Hy doen net wat hy wil. Hy belaster en bespot God met varkoffers vir Zeus in die tempel, met die verbod op God se volk se offers, God se wet. Dit gaan goed met hom, hy gaan van krag tot krag.

Hoe moedeloos kan ons nie ook word wanneer die misdaad hand oor hand toeneem, die korrupsie, die magtiges wegkom met enige kwaad. Maar God sal dit met hierdie voorloper van die antichris laat goed gaan totdat die loutering oor sy volk voltrek is. Korruptes en bose heersers floreer nie omdat die bose oorwin nie. In die laaste dae sal die duiwel vir 'n kort tydjie losgemaak word – WORD, nie in eie krag nie. Die loutering deur strafgerig moet eers deur God se besluit deur middel van hierdie boosaard voltrek word.

Ons moenie onsself bolangs troos met die gesegde "niks is toevallig" nie. Ook hierdie dinge kan net gebeur omdat dit deur God besluit is. Dit moet ons eerder aanspoor om ootmoedig voor God te lewe wanneer Hy dit met die bose laat goed gaan totdat die loutering oor sy volk voltrek is.

Dan moet ons nie ongelowig soos die fataliste sê "Wat moet gebeur, sal gebeur" nie. Die Here sê: Wat besluit is (in die hemele, deur God) sal gebeur. Die geestesvorste van die bose is gebind: Die engele van God voer stryd teen hulle, God Self bind hulle (Hfst. 10). Hy laat hulle toe in hulle optrede, maar net tot 'n punt – nooit bó ons kragte nie (1 Kor.10:13).

In Antiochus se onrustige lewe, die lot van elke magsbehepte, voer hy weer 'n veldtog teen die Suide (Egipte), maar kry berigte van opstande in die oostelike deel van sy ryk. Inderhaas is hy soontoe, maar sterf daar: "Daar was niemand om hom te help nie." Eerloos, volgens 2 Makkabeërs 9:28 'n jammerlike dood ... in groot smarte – soos hy aan ander

mense gedoen het. God se wraak vir die sonde teen sy volk kom op sý tyd. Ook almal wat vir Jesus deurboor het, sal Hom in selfverwyt sien kom (Op.1:7). Deur sy dood kan ons vashou aan die ware offer. Sy Gees versterk ons om weerstand te bied en getrou te volhard tot dan, selfs onder die moeilikste omstandighede.

Daniël eindig met die eerste direkte aankondiging in die Ou Testament van die opstanding uit die dood (12:2). Op daardie dag word ons oorwinning in Christus geopenbaar.

*Sing: Psalm 27-1:1, 4, 6; Skrifberyming 14-3:1, 3, 4; Lied 562:2, 4; Skrifberyming 15-7; Psalm 40-1:1, 4, 8*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*

**Woensdag 18 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 12:1-13**
**Fokusgedeelte: Daniël 12:2-3**

## Getel en geweeg op God se skaal!

Dit is vir ons as mense moeiliker om regverdigheid reg te verstaan teenoor onreg en goddeloosheid. Die rede hiervoor is eenvoudig. Ons leef elke dag saam met onreg en goddeloosheid. Dit is vir ons baie keer ’n norm van die samelewing en die wêreld waarin ons leef. Dit voel baie keer of die goddelose leef, maar die regverdige probeer net oorleef. Die goddelose gaan elke dag aan asof niks hulle kan keer nie.

As Daniël hierdie visoen kry, dan tref die waarheid hom: Die goddelose sal aanhou goddeloos handel en hulle sal nie verstaan nie (vs 10). Miskien het u dit self al so beleef en gesien waar u elke dag besig is? Tog sal die verstandiges verstaan (vs 10), want daar kom ’n dag waar goddeloosheid sy einde sal vind. Hierdie dag is vir baie vreesaanjaand en ’n onderwerp wat baie wil vermy.

Vir gelowiges is dit egter bemoedigend. Gelowige en ongelowige sal in die grond van die aarde neergelê word en beide sal uit die dood opgewek word. Die verskil is dat die gelowiges opstaan om nooit weer te

sterf nie. Inteendeel, hulle sal “glinster soos die glans van die uitspansel ... soos die sterre vir ewig en altoos” (vs 3).

Gelowiges word vir ewig vasgehou en bewaar. Ons is as’t ware getel deur God. Ons name is opgeskryf in die boek van die lewe om nooit weer uitgevee te word nie. Geskryf in die bloed van Jesus Christus Self. Soos die boodskapper dit aan Daniël stel: die woorde van wat dit alles beteken, bly verborge (vs 9). Dit wat wel geopenbaar word, is dat ek en jy gaan skitter soos sterre teen die uitspansel, helder en deursigtig.

*Sing: Psalm 102-1: 1, 6, 9*

*Teologiese Student JA Coetsee (Jandré)*

**Donderdag 19 November**

**Skrifgedeelte: Amos 1:1 – 2:3**
**Fokusgedeelte: Amos 1:1 (binne konteks van die hele gedeelte)**

## Jou verhouding met die Here word weerspieël in jou optrede teenoor mense

Amos het opgetree rondom die jaar 760 vC tydens die regering van koning Jerobeam II van Israel. Dit was ’n tyd van politieke vrede en materiële welvaart.

Ongelukkig het die materiële oorvloed ’n tragiese meeloper gehad in die gestalte van godsdienstige leegheid. Aan die buitekant was alles blink. Mense het selfs na die heiligdomme toe gestroom om te offer en hulle voorspoed op formalistiese wyse te vier. Maar aan die binnekant het die stank van ’n ontspoorde verhouding met God en die naaste dik in die lug gehang. Die stamme van Israel het slagoffers geword van ’n monster met die naam Materialisme. Mammon het die septer geswaai, en daarom het daar in die mooi huise van gekapte klip aaklige tonele van geweld afgespeel. Die valsheid van Israel se godsdiens het duidelik gespreek uit die liefdelose manier waarop armes en weerloses deur die arrogante rykes behandel is.

Dit is die omgewing waarheen Amos, ’n veeboer van Tekoa in Juda,

as profeet gestuur is om die Here se boodskap van straf en sy oproep tot bekering aan die noordelike Tienstammeryk te bedien. Vooraf, in die gedeelte wat ons vandag gelees het, maak die Here dit duidelik dat Hy God is van álle mense. Daarom eis Hy rekenskap ... nie net van Israel nie, maar ook van die omringende nasies ... oor die liefdelose dinge wat hulle aan weerlose mense gedoen het (vgl. 1:3 – 2:3).

Onthou dat God nie beïndruk word deur leë godsdienstige pligpleging nie. Jesus Christus het jou vrygemaak om met woord en daad lief te hê. Daarom kon Paulus in Galasiërs 5:14 vir ons skryf: "Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'"

Dink daaraan: die manier waarop jy ander mense behandel, sê duidelik wat die kwaliteit is van jou verhouding met God!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5, 6*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*

**Vrydag 20 November**

**Skrifgedeelte: Amos 2:4-16**
**Fokusgedeelte: Amos 2:9-13**

## Dink jy genoeg aan die weldade wat die Here aan jou bedien?

Die tien stamme van Israel kon lekker luister terwyl Amos in die eerste deel van sy preek (1:3 – 2:3) die Here se oordeel oor hulle heidense bure uitgespreek het. Net jammer dat die vuur van God se oordeel in die tweede deel van die preek ook na húlle toe deurgebreek het:

- Eers word Juda tot verantwoording geroep omdat hulle die Here se Wet verwerp het.
- En dan word Israel se straf aangekondig omdat hulle (soos die heidene) teen weerlose mense én (soos Juda) teen God oortree het!

Die mense van Israel moes besef: hoe meer 'n mens van die Here ontvang het, hoe groter was jou verantwoordelikheid teenoor Hom. Anders as die heidene, het Israel die Wet van die Here gehad. Hulle het in 'n

verbondsverhouding tot Hom gestaan. Daarby word ook ’n hele lys van weldade opgenoem wat die Here aan hulle bedien het ... soos dat Hy hulle uit Egipte bevry het en hulle 40 jaar lank in die woestyn versorg het voordat Hy hulle in Kanaän gevestig het. Daarom kon Hy met reg van hulle verwag om in ’n ander styl as hulle ongelowige bure op te tree!

Dink meer gereeld met dankbaarheid aan die weldade wat God aan jou bewys. Dink veral daaraan dat Jesus Christus jou deur die gebeure van Goeie Vrydag en Paassondag met sy bloed uit die verloregaande wêreld losgekoop het. Na jou bruiklose, ou Adamsnatuur het jy saam met Christus aan die kruis gesterf. Nou is dit nie meer jy (die ou jy) wat lewe nie, maar dit is Christus wat (deur sy Gees) in jou lewe (Gal. 2:20).

Daarom is dit belangrik dat jy radikaal anders sal optree as die ongelowige massas. Mense moet Christus in jou kan raak-sien en raak-hoor. Dit is hoe die heiligheid lyk wat God van elkeen van ons as sy duurgekoopte kinders vra!

*Sing: Psalm 103-1:1, 2, 3*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*

**Saterdag 21 November**

**Skrifgedeelte: Amos 3:1-15**
**Fokusgedeelte: Amos 3:3**

## Omring deur die Here se Vaderliefde – dit bring soms teëspoed

Amos was ’n skaapboer wat op ’n besondere manier deur die Here gebruik is. Hy het in Juda gebly en teen Israel geprofeteer. Wat Israel se finansies betref, het dit met die volk goed gegaan, maar op ’n morele vlak was hulle op een van die laagste punte in die geskiedenis. Die rykes het die armes uitgebuit en onderdruk. Daarom stuur die Here sy profeet om hulle te waarsku. Hulle moet hulleself bekeer of die gevolge dra.

In vers 3-8 is die boodskap duidelik: Indien hulle aanhou met sonde,

sal die Here hulle tot bekering ruk deur hulle te straf. Omdat die Here hulle uitverkies het, wil Hy die pad enduit met hulle stap. Al beteken dit Hy moet hulle as volk vernietig tot redding vir hulleself. Die vyand sal die eiendom wat onwederregtelik afgeneem is, wegstroop. Hierdie hooggeagte mense wat die duurste goed besit, gaan slegs hulle eie lewens kan red, en dit met groot moeite. In vers 12 word die metafoor gebruik om te wys dat hulle net-net hulle eie lewens gaan red.

Al hierdie dinge laat die Here toe om hulle tot bekering te ruk. Selfs deur teëspoed kan ons die sorg en bemoeienis van die Here sien.

Onthou, in alle tye die Here het jou gekies tot ’n besondere verhouding. Dit beteken Hy sal die pad enduit met jou stap sodat jy deur Christus heilig voor Hom gestel kan word.

Indien jy in jou sonde bly leef, is vandag se teks ’n oproep tot bekering. Die laaste brul van die leeu. Maar jy wat leef in ’n verhouding met die lewende God, kan weet Hy is altyd by jou. Hy vorm jou deur alles in jou lewe tot eer van sy Naam.

*Sing: Psalm 52-1:2, 4*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*

**Sondag 22 November**

**Skrifgedeelte: Amos 4:1-13**
**Fokusgedeelte: Amos 4:13**

## Besef Wie die Here is!

Besef jy werklik Wie die Here is? Dink bietjie aan jou lewe die afgelope week, het jy geleef soos iemand wat bewus is van die Here se heiligheid?

Die heiligheid van die Here wat in hierdie gedeelte beskryf word, laat ons keel sommer toetrek. Die oordeel wat Hy oor hierdie mense uitspreek, is verskriklik. In verse 1-5 en 12 word die oordeel wat hulle gaan ontvang, uitgespreek. Kyk net wat sê die Here in vers 12. Nadat Hy reeds al die verskriklike dinge in vers 6-11 toegelaat het, sal Hy alles

weer aan hulle doen.

Wat was die sonde wat Israel dan gedoen het? Hulle lyk vanuit ’n menslike oogpunt baie toegewyd. Soos vers 5 sê, het hulle nie net die voorgeskrewe offers gebring nie. Hulle het tot dankoffers en vrywillige offers gebring. Dit is offers wat nie van hulle verwag is nie, maar wat hulle uit vrye wil gebring het.

Israel het nie meer die offers vir die Here gebring nie. Hulle het dit gedoen om deur ander mense raakgesien te word. Hulle het vergeet Wie die Here is.

Dink vir ’n oomblik uit ’n menslike perspektief oor die straf van die Here. Ouers kry tog nie lekker wanneer hulle hul kinders straf nie. Tog weet hulle dit is noodsaaklik om daardeur hulle kinders te red. Die Here is ons almagtige Vader. Sy hart breek met elke seer wat sy kinders beleef. Tog sal Hy dit toelaat indien dit hulle kan red. Hy sal tot toelaat dat sy eie Seun sterf vir sy uitverkore kinders.

Hierdie straf wat die Here sê Hy sal dit alles weer doen? Dit het Hy weer gedoen aan Christus. Nou kan ek en jy besef Wie die Here is. Hy is die HERE die ALMAGTIGE. Hy is heilig. Hy is my Vader.

*Sing: Psalm 14-1:1, 3, 5*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*

**Maandag 23 November**

**Skrifgedeelte: Amos 5:1-17**
**Fokusgedeelte: Amos 5:6**

## Soek die Here!

In haar rebellie teen God het Israel soos ’n hulpelose vrou geword. Israel word eintlik vir ons beskryf as ’n jong maagd wat haar hele lewe voor haar gehad het. Tog het sy haarself, weens haar rebellie, nou baie weerloos gemaak. Bet-el, Gilgal en Berséba sal elkeen in *ballingskap* gaan of *vernietig* word.

Hoe verskriklik! Bet-el, die plek waar God met Jakob gepraat het

(Gen. 28). Gilgal, die plek waar die Here weer sy verbond met die volk bekragtig het toe hulle pas in die Beloofde Land ingegaan het (Jos. 5). En Berséba, 'n gebied met groot waarde vir die Israeliete omdat al drie die aartsvaders eens op 'n tyd daar was (Gen. 21, 26, 46). Israel se weermag sal hulle nie kan beskerm teen dit wat kom nie ...

Hoe het Israel teen God gerebelleer? Wat is haar *oortreding*? Amos sê dit keer op keer in hoofstuk 5 en 6: Israel handhaaf nie geregtigheid in hulle alledaagse lewe nie. Hulle vertrap die armes. Met winste en uitbuitery word hulle ryk. Hulle neem omkoopgeld aan en hulle stoot die behoeftiges weg. Hulle is veral skuldig daaraan dat geregtigheid nie in hulle regsisteem geskied nie (vs 7)!

Hieroor kondig die Here sy *oordeel* oor die volk aan: die Here sal "in hulle midde deurtrek!" (vs 17). Wanneer die Here so deur die midde van 'n volk trek, sal die mense op die pleine en in die wingerde bitterlik huil oor die onheil wat die Here oor hulle bring.

Hoe sal die volk kan oorleef? *"Soek die Here, dan sal julle lewe"* (vs 6). Hy wat die Sewe-ster en die Orion gemaak het, is by magte om 'n groot onheil oor die volk te bring, maar Hy kan ook die "duisternis in môrelig verander" (vs 8).

Die Christelike lewe is *om die Here te soek in die alledaagse praktyk van my lewe*. Die Here wil dat sy koninkryk deurbreek in die manier waarop jy besigheid doen. Die Here se wil moet geskied in die manier hoe ons reg en geregtigheid in die samelewing handhaaf. Die Christelike lewe beteken dat ek in alles die eer van ons Here Jesus Christus soek. Ons moet al hoe meer *word* soos Hy *is*.

*Sing: Psalm 9-1:5-7*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*

**Dinsdag 24 November**

**Skrifgedeelte: Amos 5:18-27; Matteus 5:23, 24**
**Fokusgedeelte: Amos 5:24**

## Soek reg en geregtigheid!

Amos het in die vorige verse die oortreding van Israel uitgelig. Hy het ook die oordeel van die Here aangekondig en die volk daarop gewys dat hulle tot bekering moet kom: Soek die Here! Die volgende verse maak die oortreding meer spesifiek en die volk se bekering meer prakties.

Die Here beskuldig die volk van *ritualisme.* Ritualisme is godsdiens sonder ware diens aan God. Dit is hoekom die Here met baie skerp woorde in vers 21 sê Hy haat hulle feeste!

Die volk se godsdiens het vervlak tot seremonies sonder ’n Godvresende leefstyl. So word Israel se oortreding meer spesifiek vir ons uitgespel. Die Here haat ritualisme.

Amos maak ook die oproep tot bekering meer prakties. Soek die Here – dit is die groot oproep, maar hoe moet dit gebeur? As hulle die Here soek, moet hulle *die "reg laat aanrol ... en geregtigheid (laat) stroom"* (vs 24).

’n Enkele "goeie daad" van tyd tot tyd is nie wat die Here hier in gedagte het nie. Reg en geregtigheid moet so deel wees van die sosiale struktuur, van die volk se lewe, soos ’n waterstroom! Nee, eintlik soos watergolwe, wat aanhou en aanhou vloei en spoel! In ander woorde: die volk moet reg en geregtigheid in die samelewing "inbou", sodat hulle dit *onophoudelik* sal handhaaf!

Dit is baie maklik om te verval in ritualisme. Wanneer ons allerhande godsdienstige en vroom dinge doen, maar dit is nie hartgrondige diens aan God nie. Dit is leeg. Om Sondag kerk toe te gaan en Maandag weer ryk te word uit onregverdige winste of omkoopgeld, is ’n totale weerspreking. Om vandag geld te gee vir die armes, maar onreg te handhaaf op ’n ander terrein van jou lewe, klop eenvoudig nie. God haat dit.

Om rituele en feeste vir die Here te vier, is goed en reg as dit ook gepaardgaan met diens aan die Here op die ander dae van my week. Ons soek die Here wanneer ons soek na reg en geregtigheid! Jesus gee ’n

praktiese voorbeeld: As jou broer iets teen jou het, maak eers die saak reg voordat jy deelneem aan die seremonie.

Laat reg en geregtigheid in jou lewe stroom!

*Sing: Psalm 11-1:4, 5*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*

**Woensdag 25 November**

**Skrifgedeelte: Amos 6:1-14**
**Fokusgedeelte: Amos 6:1, 8**

## Soek die Koninkryk van God!

Wat dryf ’n mens om die reg te vertrap en onreg die oorhand te gee, soos Israel? Niks anders nie as die eie-ek. Anders gesê: selfvoldaanheid en trots. Amos is dus nog steeds besig om die wortel van Israel se rebellie oop te krap en sonder enige verskoning hulle op te roep om nou te bekeer!

Die volk is tevrede met hulleself. *Selfvoldaan*. Gerus en sorgeloos (vs 1). “Ons het Sion en ons het Samaria – wie kan ons iets aandoen?” So dink hulle. “Die groot dag wanneer die Here gaan kom om te oordeel, is nog ver in die toekoms. Daar is nog baie tyd!” So stel hulle hulself gerus. Rustig lê hulle in hulle weelde en rykdom (vs 5, 6) – vir hulle is hulle rykdom die bewys dat alles goed gaan en niks fout is nie. Die selfvoldanes sal van die eerstes wees wat weggevoer word in ballingskap, belowe die Here.

Wanneer ons lank genoeg die eie-ek vooropstel en doen wat ons wil, raak ons verhard. Ons raak blind vir ons sonde. Ons raak heeltemal tevrede met onsself. Bekering is nou nodig, voordat die Here ons uit ons selfvoldaanheid wakkerskud!

Die Here hou ook die *trotsheid* van Israel teen haar. Toe Israel voorspoed beleef het, het sy aangevoer dat dit deur haar eie krag gebeur het. Die voorspoed het haar hart hoogmoedig gemaak. Israel se optrede is so onverstaanbaar ... so ongehoord. Hulle is soos mense wat ’n perd op ’n

rotsbank wil laat galop of ’n rotsbank met ’n span osse probeer ploeg.

Twee vreemde beelde wat tog ook vir ons sin maak. Vandag sou ons dit kon vervang met die gewilde gesegde: *’n mens kan nie iets op dieselfde manier oor en oor doen, maar ’n ander resultaat verwag nie*. Dít is die definisie van waansin. Die volk se selfvoldane trotsheid maak hulle waansinnig. Die Here sal as straf ’n ander volk opwek wat trotse Israel sal verdruk en verneder.

Ons moet dit goed besef dat die Here vyandskap verklaar teen die hoogmoedige (Jak. 4:6). Laat ons trap in die spore van Christus, wat Homself verneder het deur mens te word en te dien. Elke knie moet buig voor Christus – soek sy koninkryk, nie jou eie nie!

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*

**Donderdag 26 November**

**Skrifgedeelte: Amos 7:1-9**
**Fokusgedeelte: Amos 7:7-8**

## Vergifnis dring tot bekering en dankbaarheid

Leef jy anders nadat jy die Here om vergifnis gevra het? As Israel hulle nie van hulle sondes bekeer nie, laat Hy sy profeet ’n gesig sien van ’n swerm sprinkane wat in die lentetyd gaan kom net nadat die koring afgesny is vir die koning. Dis ’n slegte tyd, want hulle het nog nie vir hulleself geoes nie. Die klein vegters sal die lande stroop en hongersnood bring vir die volk.

Toe Amos dit besef, pleit hy by die Here om dit tog nie te doen nie. In sy groot lankmoedigheid gee die Here die volk nog ’n kans. Die vraag is net: Het Israel hierdie kans benut of nie? ’n Vraag wat ons onsself ook kan afvra as ons bid om vergifnis.

Tog val God se genade op dowe ore. Daarom sien Amos ’n tweede gesig. Die Here roep ’n vuur op om die waterbronne te laat opdroog en die lande te verteer. Moontlik ’n droogte met versengende hittegolwe.

Weereens pleit Amos, weereens vergewe die Here, weereens vertrap die volk sy genade. Daarom kom die derde gesig.

Die Here staan by ’n loodregte muur met ’n skietlood. Dis ’n gewiggie aan ’n lyntjie om te kyk of die mure waterpas is of nie. God kom toets Israel se bouwerk, maar dis brouwerk. Die reg is verdraai, die armes is verdruk. Twee maal het Hy in sy genade sy oordeel teruggehou, maar nou kan Hy nie meer nie. Hy gee nie eers vir Amos kans om weer te pleit nie, maar kondig die oordeel oor sy volk aan. Die skewe bouwerk moet afgebreek word, net murasies en puinhope moet oorbly. Omdat sy kerk nie aan die diensvoorwaardes getrou was nie, beëindig Hy nou hulle dienskontrak. Hulle vertrap God se genade!

Wat dink jy sal met my en jou gebeur as ons die genade wat ons in Jesus Christus ontvang het, vertrap? Die Here toets vandag steeds ons bouplanne, ons leefwyses, of dit beantwoord in diep dankbaarheid aan sy genade.

*Sing: Psalm 86-1:6, 8*

*Ds. TJ Potgieter (Theuns) (Port Elizabeth)*

**Vrydag 27 November**

**Skrifgedeelte: Amos 7:10-17**
**Fokusgedeelte: Amos 7:15**

## Ongehoorsaamheid word gestraf

Ons sien dit nie net by Israel nie, maar ook by Amasia van Bet-El, een van die priesters. Hy verteenwoordig die volk en dra as’t ware hulle hart en gevoel oor as hy met Amos in ’n woordestryd tree. Profeet teen priester – kerk teen staat – die ware en valse kerk kom nou teen mekaar te staan.

Amasia tree op as woordvoerder vir sy tyd en meen Amos het hoogverraad teen die staat van Israel gepleeg. Amos moet sy goedjies pak en teruggaan na Juda waar hy vandaan kom. Só belet Amasia as’t ware die kansel van Bet-El vir Amos. Bet-El is mos die sentrum van aanbidding

van Israel en van die "staatskerk". Die staat skryf nou vir die kerk en die Woord van God voor wat om te doen. Dit klink amper soos in ons tyd wat die heidense staat vir die kerk wil voorskryf hoe die Woord verstaan moet word volgens 'n stel mensgemaakte menseregte, terwyl die regte van God ontken word.

Amasia het vir God se stem doof geword, daarom het Amos se stem hom geïrriteer. Maar dis nie Amos wat op sy senuwees werk nie, Amos wys vir Amasia dat hy nie sy brood en botter verdien om 'n profeet te wees soos ander profete nie. God het hom geroep en dis die Here Self wat met hulle praat. Dis met God wat Amasia en die volk in die verleentheid is. Hulle moet hulle saak met God regmaak.

Vir Amasia het Amos se prediking die goed gevestigde strukture van die kerk in gevaar gestel en die mooi verhouding tussen kerk en staat vertroebel. Amasia was tevrede met die kerk soos dit was. Offers het gebrand, liedere is gesing, feeste is goed bygewoon en boonop was die koning ook in sy skik met die kerk. Vir die ware verkondiging van die Woord hou Amasia hom stokdoof. Hy wou nie luister wat God sê nie. Hy verwerp die eise van die Here. Hy buig nie daarvoor nie. Dan kondig die Here 'n verskriklike oordeel oor Amasia en sy huisgesin en Israel aan (vs 17).

Dit is wat gebeur met 'n kerkleier wat sy kerk in die afgrond inlei. So reken God af met 'n man wat sy woord en sy eer en sy gemak bo God se Woord stel. Mag ons as gelowiges die onvervalsde Woord van God liefhê en dit navolg.

Mag ons elke keer weer in diepe berou vasgryp aan God se lankmoedigheid en liefde in Jesus Christus. Mag ek en jy tog luister na God se Woord vir elke dag en in elke omstandigheid, dan sal ons lewe!

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*

*Ds. TJ Potgieter (Theuns) (Port Elizabeth)*

**Saterdag 28 November**

**Skrifgedeelte: Amos 8:1-14**
**Fokusgedeelte: Amos 8:11, 12**

## Die Woord in oorvloed vir gelowiges ... ’n ewige hongersnood vir ongelowiges

’n Mandjie somervrugte is ryp om te eet, maar die profeet Amos sien ’n heeltemal ander prentjie – die mandjie met somervrugte wys dat die volk vir die Here se oordeel ryp is. In hierdie profesie lees ons dat die volk weg van die Here gedraai het. Hulle ongeloof word in hulle werke sigbaar. Ons sien dit in hulle houding teenoor hulle naaste. Hulle vertrap die armes vir hulle eie gewin. Ons sien hulle ongeloof in hulle houding teenoor die Here. Wins is belangriker en daarom onderhou hulle nie meer die Sabbat en godsdienstige feeste nie. Hulle verwerp die ware aanbidding van God deur beloftes by ander gode af te lê en deur praktyke van bygeloof in te voer. Amos verkondig die oordeel van die Here aan die volk. Hulle het die Woord verwerp en daarom sal die Here sy Woord finaal van hulle onttrek. Die Here is genadig, maar Hy sal nie sy Woord na mense stuur wat dit verwerp en nie wil hoor nie. Hulle sal nie sy teenwoordigheid ervaar nie.

Dit is die implikasie wanneer jy jou rug op die Here en sy Woord draai – Hy onttrek sy Woord. Niks kan erger wees nie, want wanneer die Here sy Woord onttrek, is daar nie die hoop van verlossing nie. Die belofte vir gelowiges lê in die verlossingswerk van Christus: daar sal nie ’n geestelike hongersnood wees nie, want Jesus is die Woord (vgl. Joh. 1) wat deur sy Gees teenwoordig is. “Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie ...” (Joh. 6:35). Diegene wat die Woord van die Here liefhet, leef vir ewig en gevoed in sy teenwoordigheid. Diegene wat die Woord verwerp, “sal val en nie weer opstaan nie”.

Mag jy besef dat jy ook daagliks na die Here moet draai en vreugde in sy Woord vind. Die tyd om te bekeer, is nou!

*Sing: Psalm 25-1:2; Psalm 119-1:1, 7*

*Prop. R Steyn (Ruan)*

**Sondag 29 November**

**Skrifgedeelte: Amos 9:1-10 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Amos 9:7**

## Soos die kinders van Kus

Die fokusgedeelte bestaan uit vrae, maar nie vrae om iets te wete wil kom nie. Die antwoorde lê in die vrae opgesluit: Julle is voor My soos die kinders van Kus. Deur die vraag word die bewering nog sterker op hulle harte gedruk, want hulle moet nou self op die vraag antwoord: Ons is vir die Here soos die kinders van Kus. Ons is niks meer nie! Ons is maar net soos hulle!

Hierdie woorde is ’n bitter pil om te sluk vir Israel, want hulle het gedink dat hulle wel meer was, baie meer, maar nou sê die Here dat hulle nie meer as die Kussiete is nie.

As die uitverkore volk van God het die HERE gesê: "*Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde, daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede*" (Amos 3:2). Juis daarom het Israel as die uitverkore volk van God ook besondere verpligtings gehad, maar hulle het dit nie nagekom nie! Hulle het die wet van die Here verwerp en sy insettinge nie onderhou nie. Hulle was baie vernaam in hulle eie oë (vgl. Amos 6:1) en het aan hulleself gedink as God se witbroodjie. As gevolg daarvan kom Amos se harde oordeelswoorde soos ’n sweepslag: "*Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel?*" ’n Erger voorbeeld kon Amos nie kies nie, want Kus was die nakomelinge van Gam (vgl. Gen. 10:6). Hulle land word later Etiopië genoem, en so is die Kussiete die Etiopiërs van Afrika.

Die Israeliete het verder geprotesteer deur te sê: Die Here het ons uit Egipteland laat optrek! Dit is die groot feit van die ontstaan van Israel as volk. Dit het God aan hulle gedoen. Dit is tog die bewys dat hulle vir God iets besonders is. Nou kom Amos en sê dis niks besonders nie, want die Here het dit selfs met hulle aartsvyande, die Arameërs en die Filistyne gedoen deurdat Hy die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir laat trek het. So is daar in die geskiedenis baie volksverhuisings en almal staan onder die leiding van God. Elke rede om homself op die

voorgrond te plaas word, uit Israel se hand geslaan.

As Israel onder die nasies geskud word, sal daar geen korrel op die grond val nie, want God sal die huis van Jakob nie heeltemal verdelg nie. Christus sal oor die huis van Jakob nog ewig Koning wees. So het Gabriël vir Maria gesê. Die Here sal die vervalle hut van Dawid weer oprig en Christus het Koning geword. Israel is die ou stam waarop ons as Christene ingeënt is.  Daarom mag ons op niks roem nie, want as ons iets is, dan is ons dit uit enade, sodat niemand mag roem nie. Net soos Israel het ons ’n roeping in die wêreld. Solank ons streef om die roeping te vervul, bly ons vanself nederig, want hoogmoed gaan altyd gepaard met pligsversuim en as ons ons daaraan skuldig maak, sal die Here ook vir ons sê: Jy is vir My niks meer as enigiemand anders nie.

*Sing: Psalm 87-1:3, 5*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*

**Maandag 30 November**

**Skrifgedeelte: Amos 9:11-15 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Amos 9:11**

## Die vervalle hut van Dawid

Die Here vertoorn Hom oor die sondes van sy volk en straf hulle. Dié straftyd gaan egter verby en dan dink Hy weer in genade aan hulle omdat Hy hulle liefhet met ’n ewige liefde. Hy dink aan sy verbond en stuur die Messias om sy volk te verlos. Hy sal kom uit die nageslag van Dawid.

Dit is wat Amos bedoel wanneer hy sê: *“In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd”* (Amos 9:11). In ander woorde sê die engel Gabriël dieselfde dinge aan Maria, toe hy die geboorte van Jesus aankondig: *“En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van*

*sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie"* (Luk. 1:31-33). Ja, ook by Amos het dit nie alleen gegaan om die herstel of verlossing van Israel nie, maar hy voeg daaraan toe: *"... sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is"* (Amos 9:12).

Behalwe dat Jesus Christus die Koning oor die huis van Jakob sal wees (vgl. Luk. 1:33), beteken die "huis van Jakob" dat die heidene ook ingesluit word. Paulus sluit daarby aan as hy sê: *"En hy (Abraham) het die teken van die besnydenis ontvang as 'n teken van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook 'n vader van die besnydenis vir dié wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was"* (Rom. 4:11-12).

Wie is volgens Paulus die nageslag van Abraham, die vader van die gelowiges? Dit is die heidene, wat onbesnede is, wat glo soos Abraham geglo het en die Jode, wat besny is, wat ook glo soos Abraham geglo het, voordat hy besny is. Dit gaan nie om besny te wees of die vleeslike nageslag van Abraham te wees nie, maar almal wat glo, soos Abraham geglo het, is sy ware nageslag.

God se verbond is nie gegrond op die vleeslike afkoms en gebind aan die besnydenis nie, maar gebind aan die ware geloof en dit geld vir alle mense. Ook naam-Christene kan nie op hulle afkoms van Christelike voorouers vertrou nie. Hulle moet leef uit die geloof in Christus.

*Sing: Psalm 87-1:1, 2*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*

## DESEMBER

## Openbaring (dagstukkies vervolg op die dagstukkies in Almanak 2019)

Die boek Openbaring maak natuurlik God se raadsplan vir ons oop! Die Here openbaar in verskillende lyne van openbaring hoe sy Raad deur die geskiedenis heen uitgevoer en afgerond word totdat ons gereddes in die hiernamaals voor sy troon staan.

Daarmee saam bevestig die Here die troos aan ons dat ons veilig in sy Hand is. Niks gebeur in die geskiedenis wat nie presies volgens sy wil gebeur nie.

Maar terselfdertyd is daar die appèl op ons dat ons opreg moet glo en hierdie geloof met leer en lewe moet bely en daarvan getuig.

**Dinsdag 1 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

## Is dit net ons wat swaar kry as gevolg van ons geloof?

*Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

In die vroegste jare het die gemeentetjie van Filadelfía ’n bittere stryd en vervolging deurgemaak. Polukarpus, wat in die vroeë jare predikant van Smirna was, skryf in sy boeke dat daar op een stadium 11 van Filadelfía se gemeentelede as martelare doodgemaak is. Al hierdie smarte in die klein gemeentetjie is deur die Jode bewerk.

Dit is van hulle wat daar gepraat word in vers 9: *Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg ...*

Die gemeentelede was almal ook maar onbelangrike mense. Maar al was hulle min en ongeag, God het vir hulle ’n deur oopgesluit. Daarom brei die Here nou uit oor die kwessie van oopsluit. Hy ken die gemeente. Hy ken ook hulle werke. Hy weet dat hulle min krag het: hulle is nie mense met baie mag en uitsonderlike vermoëns nie.

Maar al is hierdie gemeente hoe waardeloos in die oë van die wêreld, dan beteken dit nie dat hierdie gemeente deur God ook verwaarloos is nie. In hierdie gemeente se swakheid het God dit vir hulle moontlik gemaak dat hulle sy Woord kon bewaar, en sy Naam nie verloën nie.

Die Here is so trots op hierdie prestasie van die gemeente dat die Here aan hulle skryf dat hulle moet vashou wat hulle het. En die Here beloof ook om die oorwinnaars pilare te maak in die tempel van God. Verder ook nog dat Hy die Naam van God op hulle gaan skrywe!

*Sing: Psalm 22-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Woensdag 2 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

## Getuig ons werklik met ons hele lewe vir die Here?

*... sal ek jou ook bewaar in die uur van beproewing*

Wie is die Skrywer van hierdie woorde en waar kry Hy die mag/gesag vandaan vir sy opdragte en uitsprake?

Baie betekenisvol stel die Here Homself in die aanhef van sy brief bekend. Die Skrywer van die brief is die Heilige en Waaragtige. In hierdie hoedanigheid het Hy ook 'n sleutel waarmee Hy kan oopmaak en toesluit op so 'n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie, en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie.

Met sy onbeperkte beskikkingsmag dwing Hy seën af oor sy gelowiges. God laat ons weet dat ons veilig is. Niks kan ons skade berokken nie, want God het self vir ons die goeie oopgesluit.

Dit is eintlik 'n baie besondere prestasie wat hierdie gemeente van Filadelfia behaal as mens daaraan dink dat die Here oor vyf van die sewe gemeentes klagtes het, maar met hierdie gemeentetjie is die Here tevrede. Groot en sterk gemeentes soos Efese het hulle eerste liefde verlaat, terwyl hierdie gemeente die Woord van Christus se lydsaamheid kon bewaar.

Die roem kom nie aan hulle toe asof dit hulle prestasie sou wees nie. God het met die sleutel van sy raad dit oopgesluit dat hierdie klein gemeentetjie dit kon regkry om God se Woord en sy Naam heilig te hou.

Die Here gee vir hulle 'n oop deur. Dit verwys na 'n bepaalde geleentheid om iets te kan doen. Dit gaan oor die moontlikheid om te kan preek. Dan is dit eintlik logies dat dit ook die deur moet wees wat vir die gemeente van Filadelfia oopgemaak is. Daarom staan daar in die teksgedeelte dat die Here 'n deur vir hulle oopgesluit het, en dat hulle toe getrou bevind is in die bewaring van sy Woord en dat hulle sy Naam nie verloën het nie.

God maak die deur vir ons ook oop sodat ons kan glo en getuig. Al wat

Hy vra, is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen. Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

*Sing: Psalm 119-1:13*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Donderdag 3 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

## Is geloofsuitlewing maklik?

Dit is duidelik dat dit nie so maklik gegaan het in Filadelfia om die Woord te bewaar nie. Die gemeente moes die Woord verkondig en suiwer hou onder swaar vervolging.

Die Here het ’n aantal mense uit die sinagoge van Satan onder hulle ingestuur – valse lidmate in hulle kerk. Sekeres wat hulle uitgegee het vir Jode, maar al die tyd gelieg het. Hulle wou net in die kerk inkom om die Christene te kom vervolg.

Waar staan ek en jy? Is jy deel van die kerk omdat jy ’n ware gelowige is? Of is jy soos die mense wat in Filadelfia voorgegee het dat hulle Jode was, maar net die ander mense se geloof verswaar het?

Wat moet ’n gelowige nou doen as hy in die noute beland? Hoor die genade! God vertel van oorwinning. ’n Gelowige moet net voortgaan om reg te lewe en hy moet sorg dat hy in die kollig van God se genade bly wat oor hom skyn. Ons moet nie ter wille van ander mense ons beginsels prysgee nie. Die Bybel sê ons moenie die Here verloën nie. Die slegte mense in die kerk sal self nog voor die ware gelowiges neerval en erken dat die Here hulle liefgehad het (vs 9).

Veral ons wat in die eindtyd lewe, het ’n groot verantwoordelikheid. Ons beleef nog nie werklik vervolging nie, maar volgens die profesieë in die Bybel is dit moontlik dat ons in ernstige gevaar kan beland en moontlik selfs doodgemaak kan word vir ons geloof. Ons beleef al die voorlopers daarvan, want daar is al hoe meer terreine in ons lewe

waar ons die Naam van die Here baie versigtig moet gebruik as ons nie konflik wil veroorsaak nie.

Dit is verkeerd om ter wille van aansien of selfbeskerming weg te skram van die "Woord van my lydsaamheid" soos die Here sy evangelie hier noem. Die oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God, en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Vrydag 4 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

## Die eindtyd is beproewingstyd, maar ook beskermingstyd

Die oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

Ons is moontlik al naby aan die oomblikke waarvan in vers 10 geskryf word: die eindoordeel. Die eindoordeel word ook nog eers voorafgegaan deur tye van beproewing. Die laaste tyd sal mense uit Satan se sinagoge ook in ons kerke rondloop soos in die gemeente van Filadelfia. Hulle sal ook beheers word deur die leuen. En hulle sal in die kerk baie skade doen. Ons lees in Openbaring 2:9 ook van die mense in die gemeente wat voorgee dat hulle gelowiges is, en dan is hulle dit nie. Daar word ook gesê dat hulle uit die sinagoge van Satan is.

In die laaste dae sal hierdie mense die werktuie in Satan se hand wees, wat met duiwelse beplanning die dae vir die gelowiges ondraaglik sal maak. Dink aan die Here Jesus se woorde in Markus 13:22: *Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*

Hulle kan ons maklik vang, want ons sal aan hulle gewoond wees en

onder die indruk verkeer dat hulle "ons soort mense" is. Die Here Jesus beskryf die dae ook in Matteus 24:22: *En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

Dan kom die Here in Openbaring 3:10 na ons toe met die belofte dat Hy self ons in daardie dae sal bewaar. Wat meer kan ons vra? God maak die deure vir ons oop sodat ons kan glo en getuig, en al wat Hy vra, is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen. Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

*Sing: Psalm 16-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Saterdag 5 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

## God is besorg oor ons veiligheid en welvaart

Kyk net na die Here se genade! In God se besorgdheid oor ons welvaart gebruik Hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help. Dink aan die werk van die engele! Maar bo alles stuur Hy sy Seun Jesus Christus om te kom sterf sodat God se woede oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word. So word die bewaring van Openbaring 3 waar.

Die feit is dat God ons nou klaar gestraf het vir ons oortredinge. Dit is nie meer nodig om ons te verdelg nie. Nou vou Hy ons in sy liefde toe. Ons moet dit altyd onthou! Alles wat vir die gemeente van Filadelfia moontlik was, is ook vir ons moontlik! Daarom moet ons ook daarna streef om soos die gemeente van Filadelfia God se guns te behaag.

Dit is juis hierdie Jesus wat vir ons gesterf het wat vir die gemeente van Filadelfia – en ons – die brief skryf. Dis Hy wat skryf dat Hy ons bewaar en dat Hy die deur vir ons oopgesluit het. Niemand het nodig om sy vermoë om dit te doen, te betwyfel nie. Hy het reeds die dood

oorwin en beheers die lewe. Wees daarom ook gewaarsku dat Hy kan toesluit – vir ewig! Hy sluit inderdaad die deure van die hel oor die ongelowiges toe tot in ewigheid.

Ons moet 'n saak uitmaak of 'n gelowige wat halfhartig glo en wat ook sy geloof in allerhande halfhartighede uitleef, werklik die Woord van God bewaar. Ons moet selfs 'n saak uitmaak of ons mag Nagmaal gebruik as u net in naam deel is van die kerk, maar nie werklik met God self saamleef nie! Kan ek my kind laat doop as ekself nie die suiwer geloofspad ken nie? Hoe sal ek dit dan vir hom kan leer?

Om die Woord van Christus se lydsaamheid te bewaar, is om te glo, om lief te hê, om te volhard tot die einde toe, om te weet dat in die swaarste aanvegtinge wat oor die aarde kom, ons nog altyd veilig deur die Here bewaar word.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Sondag 6 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Wat is gevolge as mens gewoond raak aan die Here?

*Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spoeg.*

Mense met 'n lou Godsdiensbeoefening walg die Here. As u nie onverskillig staan in u aanbidding nie, maar u is ook nie werklik besield nie, dan is hierdie brief aan u gerig!

Wanneer 'n mens of 'n kerk God verwerp, onttrek die Here ook sy seën aan daardie mens of gemeente, en dan begin hulle om verder van God af te verdwaal – selfs terwyl hulle onder die waan verkeer dat hulle die Here aanbid.

Presies dit het Laodicea getref. Hulle het 'n soort lewe begin leef

waarin hulle alles beplan en beheer het, maar só dat hulle niemand wou aanstoot gee nie. Hulle was almal besigheidsmanne en hulle het ’n besigheidstyl aangeleer: jy moenie aanstoot gee of sterk standpunte inneem teenoor mense wat by jou koop nie, want dan jaag jy kliënte weg.

Die fout was dat hulle toe in hulle geloofslewe ook so geword het. Dit is hoe dit gebeur het dat die gemeente van Laodicea lou geword het. Hulle het nie hulle hele lewe vir God afgesonder nie. Hulle het ’n deel vir God gegee, maar die res vir die wêreld uitgemeet.

Die Here verag so ’n toestand. Daarom sê Hy in die brief dat die gemeente Hom walg: Ek sal jou uitspoeg. ’n Koue mens is vir die Here meer aanvaarbaar as ’n lou een. Ons sou dink dat daardie persoon ten minste tog probeer! Die Here dink anders. Hy verklaar hier baie duidelik dat Hy eerder verkies dat iemand koud is as lou, want iemand wat koud is omdat hy heeltemal onverskillig staan, kan nog tot bekering kom.

Daar is hoop vir ’n sondaarmens wat nog nooit ernstig was met die evangelie nie. Maar daar is nie hoop vir ’n afgewaterde Christen wat nie oortuig wil word dat hy moet verbeter nie!

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Maandag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Gaan die Here my ook uitspoeg?

God is beslis nie ongenadig nie – al het Hy rede om te wees! Hy sê vir die trotse Laodiceërs: Kry by My oogsalf wat jou oë kan oopmaak om te sien, want die salf wat jy gebruik, hou jou blind. Dit sorg net vir jou liggaamlike oë. Die oogsalf van God maak jou oë oop om ook jou eie ellendes te sien, en daarmee saam die genade van sy verlossing in Jesus Christus.

Verder moet hulle ook goud by Hom koop vir ware rykdom – die ewige lewe. Hy beveel hulle ook om by Hom wit klere te koop. Wit is die kleur van oorwinning. Verder is wit natuurlik die kleur van God se heiligheid.

Die wit kleur het hier die betekenis dat dit staan teenoor swart, wat die kleur van die dood is. Dit staan teenoor die swart bokhaarklere wat die tipiese rykmansdrag van die Laodiceërs van daardie tyd was. Die simboliek van die saak is dat die Laodiceërs in hulle beste vertoon van lewe nog steeds in die kleur van die dood vasgevang is. Daarteenoor bied die Here vir hulle die ewige lewe aan.

Vir Adam en Eva het die Here klere van vel gemaak, maar hulle moes op die aarde teen die sonde voortveg. As ons die hiernamaals intree, kry ons wit klere – klere wat wit gewas is in die bloed van die Lam (Op. 7:14). Adam en Eva is as sondaars in die geskiedenis ingestuur. Ons word as oorwinnaars en verlostes in God se koninkryk ontvang.

*Sing: Psalm 36-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Dinsdag 8 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Gewoontegodsdiens is uiters gevaarlik!

Kyk weer na die gevaarpunt: Die gemeentelede van Laodicea was nie so sondig dat hulle hul teen God verset het nie. Hulle was net neutraal in hulle godsdiens. Hulle het gewoond geraak aan hulle godsdiens. Om God te aanbid, het vir hulle die varsheid en nuutheid wat dit behoort te hê, verloor. Hulle het maar so-so geglo. Dit is waarom die Here hulle uitgespoeg het. Die groot probleem van daardie gemeente was dat hulle die toestand waarin hulle was, nie kon raaksien nie.

Is al die dinge nie dalk ook grootliks waar van ons nie? Ons moet hieroor besin, want ons moet almal die een of ander tyd voor God verskyn

en hiervan rekenskap gee. Die Here stel ons in hierdie brief voor die eis dat ons ons dadelik met volle erns moet bekeer (vs 19).

Ons kan op twee maniere op die Here se eis reageer. Eerstens kan ons op die Here se aanspraak tot verbetering dadelik op ons knieë gaan en berou toon en vergifnis vra – wat dadelik aan ons geskenk word as ons dit opreg vra. Of ons kan soos Kaïn teen God in verset kom. U moet nie dink dat hy ongelowig geword het nie: hy het nog saam met sy broer gaan offer. Sy offer was egter onregverdig, want hy was lou of verkeerd in sy aanbidding. God het met hom gaan praat, en hy het net sy kop laat hang.

Ons moet net besef dat ons voortdurend aan ons geloof moet werk as ons dit vars en gesond moet hou. Daarvoor is God die Heilige Gees oor die kerk uitgestort op Pinksterdag. Ons het die volle leiding en inwerking van God self wat ons deur die werk van sy Gees in ons vernuut in die gawes wat ons van die Here Jesus ontvang.

Laat ons ook met oorgawe glo – net soos wat ons Here Jesus Homself met volle oorgawe aan die kruis oorgegee het, sodat ons met ywer kan glo en getuig in ons aanbidding van die Drie-enige God.

*Sing: Psalm 61-1:6*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Woensdag 9 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Ons Here is Almagtig

Met hierdie brief sluit die Here sy genadeboodskappe, vermanings en oordeel oor sy kerk af. Elke brief het iets van wat in die heilige, algemene kerk van die Here gebeur, toegelig. Daarom is dit baie belangrik om daaraan aandag te gee hoe die Here Jesus Homself in hierdie laaste brief bekendstel.

Hy is die Amen. Amen beteken: waar, beslis, verseker, definitief.

Daarmee kwalifiseer die Here dat Hy alle waarheid is. In sy Wese bestaan net absolute reg. Hy maak geen foute nie. Hy is die Getuie.

Dit weet Johannes goed, want hy het die getuienis van Jesus tydens sy aardse lewe al gesien en gehoor. Hy was een van die twee wat in die leë graf ingegaan en gesien het dat Jesus opgestaan het uit die dood. Daarom het die bekendstelling as getuie twee kwalifikasies wat bygevoeg word, naamlik getrou en waaragtig. Die Here is in sy getuienis getrou en waaragtig, omdat Hy in sy wese getrou en waaragtig is.

Saam met die openbaring dat die Here 'n getroue Getuie is, verwys die Here daarna dat Hy die begin van die skepping van God is. Dit is deel van die getuienis: Jesus Christus het die skepping tot stand gebring op bevel van die Vader. Lees Johannes 1:1-4.

Jesus is dieselfde God wat die skepping begin het, en wat nou in die openbaring op Patmos vir Johannes wys hoe die aarde se geskiedenis tot 'n einde kom, en hoe die nuwe skepping tot stand kom.

Die diep saak wat in hierdie openbaring raakgesien moet word, is dat dit my en jou verlossingsgeskiedenis is wat hier oopgevou word. Ek en jy staan deur hierdie verlossing van ons Here Jesus in die volmaaktheid voor God se troon.

*Sing: Skrifberyming 18-3:7*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Donderdag 10 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Kom met erns tot bekering!

Elke brief het iets te sê gehad wat vir die hele kerk van die Here geld. Hierdie brief doen dieselfde: dit handel oor 'n neiging wat voorkom in die eindtyd en hoe die Here daaroor voel. Die Here stuur 'n boodskap aan 'n gemeente (wat sy hele kerk verteenwoordig) dat die nuwe begin aanstons hier is: Kom met erns tot bekering.

Ons eerste kennismaking met die gemeente Laodisea, deur hierdie brief van ons Here, is maar ’n troostelose een. Die Here is kwaad vir die dominee van die gemeente omdat hy nie koud of warm is nie. Hy is ’n louerige tipe mens wat nêrens standpunt inneem nie. Ons Here het ook geen woord van lof of goedkeuring vir lidmate van daardie gemeente nie, omdat hulle geestelik is soos wat hulle predikant is.

Tog is dit ’n gemeente waar dit uiterlik goed gaan, want ons lees nie van enige verdrukking wat daar plaasgevind het nie. Ons weet ook nie van stryd wat hulle deurgemaak het nie. Daar was ook nie ketters wat die gemeente verwar het nie. Verder was daar rus in die gemeente, omdat hulle kon beweeg waar hulle wou.

Maar die geestelike toestand van die broeders en susters daar was baie beklaenswaardig, veral omdat hulle nie begrip gehad het vir hulle eie toestand nie. Hulle het nie besef wat hulle doen, en op watter lae kerf hulle geloofslewe lê nie.

Hierdie ellendige toestand het ontstaan omdat die gemeente daar glad nie onverskillig en ook nie besield gestaan het teenoor geloofsake nie. Dalk die belangrikste – hulle het nie besef wat dit is om nederig te wees nie.

*Sing: Psalm 16-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Vrydag 11 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

## Leef soos wat die Here Jesus van jou verwag

Die Drie-enige God konfronteer mense wat sê hulle glo, met hulle geestelike ingesteldheid. Hy stel nie belang in ons vertolking van waarom ons is soos ons is en doen soos ons doen nie – Hy stel net in die waarheid belang.

Hy hoor dat die gemeente van Laodisea met die mond bely dat hulle

Hom liefhet, en dat hulle van Hom afhanklik is. Maar Hy weet ook dat dit nie waar was nie. Daar was by die gemeente ’n mate van emosieloosheid as gevolg van hulle selfvoldaanheid. Hulle rykdom het gelei tot hulle agteruitgang op geestelike gebied – veral omdat dit ’n streep getrek het deur hulle nederigheid. Hulle het ’n onafhanklike gees ontwikkel wat hulle al hoe verder van die Here af weggelei het. Sonder dat hulle dit agtergekom het, het hulle aardse rykdom hulle sielelewe verstik.

Ons moet elke oomblik voortlewe met ons oë op God gerig, met die geloof en verwagting dat Hy ons met die genade sal bedien om Satan te kan hanteer en sy aanslae te kan bemeester.

Die Christusprediking val in twee dele uiteen: Die Here openbaar dat Hy voor die deur staan en klop. Hy appèlleer dus op ons aanbidding en geloof om warm te wees. Die bedoeling van die klop van die Here is glad nie dat ons die keuse het om oop of toe te maak nie. Hy behoort binne te wees om saam fees te vier, want dis waarvoor Hy gesterf het.

Die tweede deel van die Christusprediking is dat Hy belowe dat Hy alle mense wat met volle verantwoordelikheid sy genade oor ons benut, met koningsheerlikheid sal beklee. Ons moet leef en bid in die Naam van die Here Jesus Christus. Ons moet ons lewe altyddeur rig op die komende heerlikheid van die feeslewe saam met Hom. Hy roep ons tot bekering om ons te herinner aan sy werk.

*Sing: Psalm 42-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Saterdag 12 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## God regeer oor die kerk en oor die geskiedenis

*Ná hierdie dinge het ek gesien, kyk, ’n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos ’n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.*

God se wil is die basis waarop alle dinge berus: ook al die dinge wat in die loop van die eeue gebeur en wat met die koms van die ewigheid afgerond gaan word. Ons moet lewe met insig en onderskeidingsvermoë wat letterlik *gewrigte en murg van mekaar kan skei*, want ons kan nie net sommer lewe soos ons wil nie. Ons moet beoordelaars wees van *die oorlegginge en gedagtes van die hart*.

God regeer oor die kerk en die wêreld. Johannes skryf dat hy in die hemel ’n deur gesien het wat oopgestaan het. Wat die visioen van die deur belangrik maak, is die feit dat die hele hemel nie voor Johannes oopgelê het nie. Daar is ’n afgeseëldheid rondom die hemel en ’n vaste orde van hoe daar in die hemel ingegaan word.

Die feit dat die deur oop is, simboliseer magtiging of toestemming om in te gaan. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Johannes nie sien dat die deur oopgemaak word of oopgaan nie. Die deur was klaar oop. Die deur kan natuurlik weer toegesluit word – en ons weet dat die Here Jesus op ’n punt kom waar Hy die deur inderdaad toesluit.

Die betekenis van die oop deur wat Johannes sien, is dat God jou nie sal roep om iets vir sy koninkryk te doen en jy jou dan teen ’n toe deur vasloop nie. Alles waartoe enige mens geroep word in die geloof, is reeds deur God voorsien dat dit kan gebeur. Die mense wat alewig beswaard is en so opsien daarteen om dinge vir die Here te doen, moet veral hiervan kennis neem.

*Sing: Psalm 47:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Sondag 13 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

### Is dit net ons wat swaarkry as gevolg van ons geloof?

Johannes het nie net die oop deur voor hom gesien nie, hy het ook ’n stem gehoor wat uit die hemel met hom gepraat het en hom beveel het

om deur die oop deur in die hemel in die hemel in te stap, sodat God aan hom kan openbaar wat alles nog moet gebeur.

Dit was die stem van die Here Jesus Christus wat op die strand aan Johannes verskyn het, en wat nog die hele tyd met Hom besig is. By sy verskyning het die Here Jesus al sy almag openbaar en dat Hy sleutels het waarmee Hy die lewe oopsluit of toesluit.

In hierdie vriendelike en genadevolle verskyning was die heerlikheid van die Here nog steeds meer as wat 'n mens kan hanteer. Johannes het dit so ervaar:

"Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk" (Op. 1:17, 18).

*Sing: Psalm 136-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Maandag 14 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Die Here Jesus openbaar sy majesteit

Daar is 'n raadsplan van God wat in 'n boek in die hemel opgeskryf is. Hierdie boek is verseël en die seël moet afgebreek word. Jesus Christus die Middelaar is die Een wat hierdie seël moet breek. Maar voordat die raadsplan van God geopenbaar word, sien Johannes eers 'n hele prosessie wat in die hemel aan die gang is. God die Almagtige verskyn in die hemel op sy troon. Sy verskyning is in hemelse majesteit. Hy betoon Homself met hierdie verskyning as die hoogste Koning en die soewereine Beskikker oor alles wat bestaan. Sy wil bepaal die beweging van elke ding in die hemel en op die aarde. Met sy onweerstaanbare oppermag eis Hy die volle aanbidding van alle mense en engele en wesens

wat daar mag wees. In die openbaring wat Johannes van die oop deur het, is dit duidelik dat Jesus hierdie deur oopgesluit het sodat hy toegang het om sy goddelike opdrag te kan uitvoer.

Johannes het toe gehoorsaam deur die deur beweeg en in die troonsaal van die ewige God ingestap. Dit is duidelik dat die oomblik vir Johannes te groot is, want hy kan nie werklik beskryf wat hy sien nie: hy het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.

Daniël het ook hierdie troon gesien, maar hy het blykbaar nie die reënboog gesien nie. Dit was in 'n visioen (Dan. 7:9, 10). Esegiël het weer nie die troon gesien nie, maar hy het die reënboog en die heerlikheid rondom die Here gesien (Eseg. 1:27, 28).

Dit wat die Here aan hierdie drie manne geopenbaar het, getuig van die geweldige omvang van God se heerlikheid. Dit getuig ook van sy koninklike heerskappy. Dit getuig van sy allesoorheersende mag, maar ook van sy reg en sy oordeel.

*Sing: Skrifberyming 18-1:3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Dinsdag 15 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Alle gesag en alle mag setel in die troon van God

God regeer oor sy kerk volgens die reëls van sy verbond. Die vraag kom by mens op: Waarom begin die Here sy openbaring oor die dinge in die hemel met hierdie gesig van die troon en die heerlikheid van God?

Omdat die Here van die begin af duidelik maak dat alle mag en alle gesag in die hele skepping deur Hom van hierdie troon af beoefen word.

Daarom sien Johannes God sit op sy troon. Sit is juis die simbool van rustige magsuitoefening. Die Here veg nie vir oorlewing nie. Hy

beheer alles sonder spanning en inspanning – so groot is sy krag en sy majesteit. Niks in die wêreld kan roer of beweeg sonder sy wil nie.

Die besondere band tussen die Here en sy kerk kom ook uit in dit wat Johannes sien. Dit lê in die woorde: “Om die troon was daar ’n reënboog met die glans van smarag” (Op. 4:3). Hierdie reënboog simboliseer die verbond wat God met sy kerk gesluit het. Dit verwys na Genesis 9:12-17.

Die liefde en trou van die Here oor ons wat opreg in Hom glo, sal dus onveranderlik bly bestaan tot in ewigheid. Sy heerskappy oor ons is dus nie in die teken van oordeel nie, maar in die teken van sy vergewende en reddende liefde.

*Sing: Psalm 145-1:1, 4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Woensdag 16 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Die kerk het ’n verantwoordelikheid teenoor God

Mens mag dalk daardeur mislei word dat die reënboog net nog ’n teken van die verbond tydens die ou bedeling is, en dan die gedagte kry dat hierdie genade verbygegaan het saam met die ou verbond.

Daar is twee dinge wat ons moet onthou: die eerste is dat Johannes nie in die ou verbond in die hemel was nie – hy was daar in die tydperk van die nuwe verbond.

Die tweede is dat daar verteenwoordigers van die ou en die nuwe verbond voor die troon van die Here is: die lewende wesens wat daar is, is die simbool van die hele skepping. Daarom is daar vier van hulle. Die getal vier simboliseer die vier windrigtings, met ander woorde die volheid van alles wat God gemaak het.

Dan is die hele kerk uit die ou en nuwe verbond ook daar: *En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier*

*en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad* (Op. 4:4).

Die getal vier en twintig is juis twee maal die getal twaalf. Die Skrifverklaarders verklaar die eerste twaalf as die getal vir die twaalf stamme van Israel – dit is die ou verbond se gelowiges. Die tweede twaalf is die twaalf dissipels, en hulle is daar vir die kerk uit die nuwe verbond – dit is ons.

Wat beteken die verbond vir ons? Die band tussen ons en die Heilige Gees word gelê in dit wat Johannes verder sien: *Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe geeste van God* (Op. 4:5). Die sewe geeste van God is die volheid van God self waarmee Hy sy kerke onderhou en vermeerder.

Onstuitbaar en onblusbaar werk God met sy Gees in sy kerk en laat die gelowiges lewe. So gaan ons die wederkoms en die einde van die tyd tegemoet. Dan trek die Here ons in in sy teenwoordigheid en volle heerlikheid.

*Sing: Psalm 68-1:12*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Donderdag 17 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor God

Vir ons is hierdie inwag van die wederkoms egter nie sonder verantwoordelikheid nie. Johannes sien juis wat die plig van die kerk is: saam met die hele skepping moet die gelowiges God elke oomblik dien en verheerlik. Die vier lewende wesens wat daar voor die troon was, het sonder ophou dag en nag gesê: *Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom* (Op. 4:8).

Lofprysing vir lofprysing en buig vir buig is die kerk van die Here saam met hulle: *Elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en*

*danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep"* (Op. 4:9-11).

Johannes het toe nie agter die oop deur gebly nie. Hy is teruggestuur aarde toe om alles neer te skryf wat God aan hom geopenbaar het. Omdat God wil hê dat ons moet weet Hy verwag van ons die volle prys en dank wat aan Hom toekom, anders gaan Hy ons saam met die wêreld veroordeel.

Ons moet nie hierdie openbaring te lig opneem nie, want ons leef in 'n tyd waarin baie mense al hulle respek vir God heeltemal verloor het. Baie van ons wat lidmate van kerke is, het nie meer 'n idee van Wie God werklik is en hoe magtig Hy is nie.

Hierdie gedeelte openbaar nuut dat ons God en Verlosser Almagtig is.

*Sing: Psalm 74-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Vrydag 18 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor God

Daar is 'n baie groot groep mense wat glo die Here is 'n baie sagte Wese wat deur ons gebuig kan word soos ons Hom wil hê. Dink maar net aan die volgende paar voorbeelde:

Baie sogenaamde gelowiges ontken dit wat in die wese van hierdie openbaring lê, naamlik die soewereine en totale beskikking van God oor die hele skepping – wat alle mense en hulle lewens insluit.

Die feministiese teologie verklaar God as 'n vriend van die vrou, maar

nie as God wat ewige gesag oor hulle het nie, want die moderne vrou onderwerp haar nie meer aan die gesag van ’n man nie. Sy verwerp enige gesagstruktuur oor haar, want sy wil deel wees van alle (hoogste) gesag.

Moderne Christelike jeugbewegings oor die algemeen vestig die idee dat Jesus ’n liewe, sagte Wese is wat net bereid is om te vergewe, en ontken daarteenoor die oordeel van God. Selfs as dit by die dag van die Here kom, het die moderne mens baie voorwaardes en eise wat hy aan God stel voordat hy sy aanbidding sal nakom.

Sondag – die dag van aanbidding – is vir baie ’n gesins/ontspanningsdag. Dit is die “enigste dag” wat ek het om iets vir myself te doen! Besef u dat iemand wat altwee eredienste bywoon, maar net 2% aanbidding per week het? Wie gaan dit as ’n slaagsyfer in ons lewe beskou? Tog wil baie mense hê God moet dink dit is ’n goed genoeg antwoord op sy verlossende genade in Christus.

Is so ’n powere geloof – wat ten diepste net ’n lisensiëring van sonde is – ware aanbidding aan God wat ewig lewe?

*Sing: Psalm 63-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Saterdag 19 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**
**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

## Ons moet ernstig kan onderskei tussen reg en verkeerd

Waar staan ons? Diegene onder ons wat werklik in die Here Jesus glo, het deur die Heilige Gees die vermoë om God lewend en kragtig te kan dien. Deur die kruis het ons die insig om te kan dink soos ’n tweesnydende swaard wat die sonde duidelik kan uitken en alle kante toe wegkerf uit my lewe.

Die Here Jesus het ons met sy versoening verander sodat ons met ons lewe kan deurdring tot die diepste dinge in ons siel en gees wat ons

van God afskei. Daarom moet en kan ons in hierdie ware aanbidding lewe wat nie allerhande valse menslike waardes het waarmee sondes verskans word nie.

U moet een ding helder besef: Ons moet lewe met insig en onderskeidingsvermoë wat letterlik "gewrigte en murg van mekaar kan skei", want ons kan nie net sommer lewe soos ons wil nie. Ons moet beoordelaars wees van "die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb. 4:12).

Die meeste van ons sal met ons geloof moet teruggaan tekentafel toe en van nuuts af gaan besin oor ons verhouding met God, soos baie van ons se deurleefde geloofslapheid (soos om nie die tweede erediens op God se dag by te woon nie; om te min te bid; om te lui te wees om huisgodsdiens te hou; nalaat om ons kinders in die verbond op te voed); ons valse waardesisteme wat ons vir onsself aanlê om ons sondes ("ons eie behoeftes") te regverdig.

Ons hoef nie verloorders te wees nie. Ons kan wen. Maar dan moet ons God ken en aanbid vir Wie Hy werklik is. Luister na die bevel van u persoonlike Verlosser wat vir u sê: *Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly … En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe* (Op. 3:11).

*Sing: Psalm 86-1:5*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Sondag 20 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:6**

## Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam

Die betekenis van dié gedeelte is onder andere dat as die Seun van God nie in die vlees gekom het nie, het Hy nie die versoeningswerk

tot stand gebring nie, en dan kon die wêreldgeskiedenis ook nie verder ontwikkel het nie. Die bestaan van die hele wêreld, en die ontwikkeling van die ganse menslike geslag, en ook die geskiedenis van die wêreld en die mensheid rus op die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.

Die Seun is die Leeu en die Lam. Hy alleen is in staat om die seëls van die boek oop te maak. Die boek bevat al die raadsbesluite van God wat bepaal wat alles in die volgende eeue gaan gebeur. Wanneer Hy dit oopgemaak het, lees Hy nie voor wat daar staan nie – Hy laat dit wat daar geskryf staan, gebeur.

Vers 1 beskryf God in sy regerende majesteit met die boek in sy regterhand. Die regterhand dui daarop dat God in totale beheer van die geskiedenis is. Die boek is van binne en buite vol beskryf: dit vertel dat daar ontsaglik baie dinge is wat in God se raadsbesluit staan oor wat in die wêreld moet gebeur.

Die boek is egter deur verskillende seëls vasgemaak. Nie enige een kan die boek se seëls losmaak om die inhoud te bekom nie.

Daar is niemand in die hemel wat die boek kon oopmaak nie, en dit het Johannes so baie ontstel dat hy begin huil het. ’n Ouderling wys Johannes daarop dat daar ’n Leeu uit die stam van Juda is wat reeds oorwin het om die seëls van die boek oop te maak.

Kyk ook na presies wat die ouderling sê: Die Leeu HET die oorwinning behaal. Jesus se dood en opstanding was reeds verby. Johannes was self daar toe dit gebeur het. Nou staan hy in die hemel en die Here wys vir hom wat nou verder daarvan word.

*Sing: Skrifberyming 2-3:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Maandag 21 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:6**

## Die totale beheer oor die wêreld berus op die koningskap van die Lam

Toe Johannes na die "Leeu" toe kyk, sien hy Jesus daar staan met die merke en tekens van die kruisiging aan Hom. Dit was waar Hy as Lam geslag is, maar as Leeu oorwin het.

Daarom maak die Here dit baie duidelik dat die Lam wat daar staan, die almagtige God is. Hy het sewe horings. Horings is die simbool van mag. Dit beskryf Jesus as regeerder.

Sewe is die getal van volheid en volmaaktheid. Hy is dus God wat in sy ewige mag regeer. Daarby het Hy sewe oë. Die oë vertel dat Hy alles sien, en daarom alwetend is. Die sewe oë is terselfdertyd die sewe Geeste van God wat uitgestuur is oor die aarde.

Dit is die Heilige Gees wat met die getal sewe en ook nog in die meervoud beskryf word om die majesteit van God aan te dui. Dit sê God is in die Gees alomteenwoordig. Dit sê dat die Here Jesus en die Heilige Gees Een is, en dat Hy as sulks alomteenwoordig is.

*Sing: Psalm 24-1:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Dinsdag 22 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:6**

## Die skepsele in die hemel is ook almal onderdanig aan die Lam

Kyk wat gebeur in die hemel. Jesus is nie net waardig en magtig genoeg om nou die boekrol van God se raadsplan oop te maak nie, Hy

ontvang ook alle aanbidding in die hemel.

Eerste kniel die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge met hulle siters en goue bakke vol wierook voor Hom neer en sing ’n nuwe lied. Daarna is daar miljoene der miljoene engele wat meteens in ’n magtige praatkoor die mag, rykdom, wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof aan Hom gee.

Toe word die koor van stemme nog groter, want die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja alles en almal saam sê: Aan Hom wat sit op die troon, behoort die lof en eer en heerlikheid en krag tot in alle ewigheid. Daarna sê net die vier lewende wesens: Amen! Dis waaragtig! Intussen het die ouderlinge al weer opgestaan toe hulle saam met alles God geloof het. Nou kniel die ouderlinge weer en aanbid God.

Johannes het dus die grootste en magtigste eerbetoon aan Jesus Christus gesien wat ooit deur ’n mens gesien is terwyl hy nog op die aarde gelewe het. Hierdie Jesus, wat as Lam geslag is en as Leeu oorwin het, is die Here van hierdie erediens. Hy wil hê dat ons Hom moet aanbid as Lam van God wat vir ons geslag is – soos dit hier staan. Toe het Hy al die straf wat ons toekom oor ons sondes voor God gedra.

Nou is alles wat ons van God geskei het, weggeneem. In sy Goddelike almag verseker Hy ons dat Hy by ons bly tot in ewigheid.

*Sing: Skrifberyming 4-4:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Woensdag 23 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:13**

## Aan die Here Jesus kom alle lof in die hemel en op die aarde toe

*En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die*

*heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!* (1983-vertaling)

Op Patmos is Johannes in die gees in die hemel. Hy sien die Here Jesus Christus wat weggevaar het van die aarde af in sy Goddelike heerlikheid. Hy sien hoe die werk van Jesus Christus in vervulling gaan.

Die dinge in die hemel is meer as wat die mense kon sien tydens Jesus se hemelvaart, want Hy het voor die oë van sy dissipels opgevaar. 'n Wolk het tussen Hom en hulle ingeskuif. Ons weet dat daar dinge was wat die mense nie gesien het nie, wat verskriklik was, naamlik dat die duiwel en sy magte Jesus probeer aanval en vernietig het nadat die wolk Hom van die dissipels geskei het, en dat Migael en sy engele teen die duiwel uitgetrek en hulle verslaan het.

Die oorlog was tussen Migael die aartsengel en die duiwel, terwyl die engele en die geestesmagte gejuig en gejubel het oor sy oorwinning.

Die Bybel openbaar daarmee hoe die lyde van Jesus oorgegaan het in sy oorwinning. Hy berei in sy koninkryk plek voor vir dié waarvoor Hy aan die kruis die ewige lewe verwerf het. Die seën van die Here Jesus Christus is dat ons soos Hy uit die dood opgewek sal word sodat ons met ons liggaam en siel in sy koninkryk sal ingaan met sy wederkoms.

*Sing: Psalm 34-1:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Donderdag 24 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:13**

## Die Here Jesus is steeds by ons, al het Hy hemel toe gevaar

Ons leef in 'n tyd waar mense alles met die wetenskap wil verklaar. Dinge wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie, word normaalweg verwerp.

Die opstanding uit die dood word nie aanvaar nie. Met die hemelvaart en Jesus se bestemming het die wetenskap geen raad nie. Daarom is daar groeiende ongeloof hieroor onder die mensdom in die algemeen.

Dit is natuurlik so dat mens die liggaamlike opstanding en hemelvaart van Christus net in die geloof kan aanvaar en verstaan. Daarom het dit ook net vir die gelowiges betekenis. Dit is net vir die gelowiges wat dit belangrik is om te weet wat met hulle gaan gebeur ná hulle dood: hulle liggame gaan net soos Jesus s'n uit die dood opgewek word. Hulle gaan met liggaam en siel – soos Jesus – in die koninkryk in.

Die hemelvaart is 'n bewys van God se almag. Voor die oë van mense het Hy met sy liggaam van die aarde af na die hemel toe gegaan. Dit is die bewys dat Hy alle liggame – ook ons s'n – so van die aarde af na die hemel toe kan laat gaan.

Die feit dat Jesus met sy liggaam hier weg is, beteken nie dat Hy daarmee van ons afgesny geraak het nie. Ons moet altyd onthou dat Jesus en die Vader en die Heilige Gees een Wese is – een God. Omdat Hy en die Heilige Gees Eenswesens is, is Jesus deur die Heilige Gees nog steeds by ons.

Dit is waarom daar in ons belydenis staan: … dat Hy ons sy Gees as teëpand stuur, deur Wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie (HK 18:49).

*Sing: Skrifberyming 9-2:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Vrydag 25 September (Kersfees)**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:13**

## Ons ewige Koning regeer uit die hemel

Johannes sien dat daar in God se regterhand 'n merkwaardige boekrol lê. Gewone boekrolle is net aan die binnekant vol geskryf. Maar hierdie boekrol is aan die binne- en buitekant vol geskryf.

Op die boekrol is God se beplanning van die wêreld en sy geskiedenis neergeskryf. Die betekenis daarvan dat die boekrol aan albei kante vol geskryf is, is om simbolies aan te toon dat die Here elke ding só deeglik

uitgewerk het dat daar geen tyd of ruimte vermors is nie.

Die boekrol veroorsaak spanning in die hemel. Enigeen in die hemel of op die aarde word gedaag om die seëls van hierdie boek oop te breek. Daar was niemand wat dit kon doen nie. Nie eers een van die magtigste engele het dit gewaag nie.

Johannes het verstaan wat dit beteken. As hierdie boek se seëls nie gebreek word nie, kan die wêreldgeskiedenis nie ontwikkel nie. Dit beteken dat die heerlikheid van God nie aan ons geopenbaar kan word nie, en dat die ewigheid ná die dood, saam met die nuwe hemel en die nuwe aarde, nie sal kom nie.

Een van die ouderlinge het Johannes se aandag daarop gevestig dat die seëls tog gebreek gaan word. Daar was ’n Leeu wat dit gaan doen (vs 5). Toe Johannes opkyk, sien Hy dat dit nie ’n leeu is nie, maar ’n Lam wat daar in die middel staan asof Hy geslag is. Dit beteken dat hierdie Lam aan tekens aan Hom gehad het omdat Hy gewelddadig doodgemaak is. Daarby het Hy nog ’n aantal ander merkwaardige eienskappe: Hy het sewe horings. Dit simboliseer volmaakte en Goddelike krag.

*Sing: Psalm 33-1:7*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Saterdag 26 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:13**

## Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam

Die toepassing van die ontvang en oopmaak van die boek uit God se hand is dat Jesus Christus die Goddelikheid en krag het om regering uit te oefen oor alles wat in tyd en ewigheid gebeur. Daarom val almal in die hemel op hulle gesigte neer toe Hy die boek neem om dit oop te maak.

Al hierdie dinge wat daar in die hemel gebeur, vat die oorwinning van Jesus Christus saam: die feit dat Jesus sy lewe afgelê het, opgestaan

het uit die dood en dat Hy daarna hemel toe gevaar het. Die Lam is op die aarde geslag, maar het toe na die hemel toe gegaan en daar is Hy ’n Leeu wat met krag en mag regeer.

Uit die hemel bepaal Hy die wêreldgeskiedenis en regeer Hy nou daaroor. Sy almag word ondubbelsinnig en duidelik gestel deur die feit dat almal in die hemel Hom aanbid, en aan Hom as die God van die geskiedenis die eer gee.

Jesus is Leeu en Lam. Die Leeu kom om te verskeur, want die tyd van genade gaan verby. As die Here Jesus Christus op die wolke terugkom, gaan Hy beslis geen weerstand teen Hom duld nie. Dan voltrek Hy die eindoordeel en maak Hy die finale skeiding tussen alle magte in die hemele en op die aarde.

Die Lam het die versoeningswerk gedoen. Hy het genade gegee aan almal wat glo. Hy bid elke dag vir ons en Hy maak plek gereed waar Hy ons in die hiernamaals gaan ontvang.

Ons verwag nie meer die Lam nie. Sy werk is gedoen. Ons wag nou vir die Leeu wat die ewige lewe oor ons gaan laat aanbreek.

*Sing: Skrifberyming 18-3:7*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Sondag 27 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**
**Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2**

## Die Lam het klaar oorwin

Die Here het opgestaan! Ja, Hy het waarlik opgestaan! Johannes sien Hom lewend in sy almag waar Hy die boek van God se Raadsplan uit sy hand ontvang en die geskiedenis volgens hierdie Raadsplan ontplooi. Seël na seël word die Boek oopgemaak en verwerklik.

Die *eerste vier* seëls vorm ’n groep wat saamhang. Hulle openbaar wat alles op die aarde aan die gang was in die verkondiging van die evangelie. Hulle word oopgemaak en ons sien vier perde se hoefslae

wat begin dreun oor die aarde. Die kleur van elke perd en die werk van sy ruiter kondig ’n ander faset van die eindgeskiedenis aan.

Met elke perd wat in sy vaart wegspring om deur die tyd te hardloop, openbaar die Here sy triomf oor die magte van die hel soos wat hulle gevestig geraak het in die wêreld en sy geskiedenis. Die Here doen dit deur oorwinning en oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word.

Om die verskyning en betekenis van die verskillende perderuiters te verstaan, moet ons ook die gesigte van Sagaria hiermee saam verklaar – want dis dieselfde openbaring van dieselfde God (Sag. 1:8-17; 6:1-8)!

Daar is egter ’n verskil tussen die gesigte wat Sagaria van die perde sien, en dit wat die Here hier aan Johannes openbaar. Sagaria profeteer eers oor die stryd wat plaasvind, waarop die oorwinning behaal word – want die Here Jesus moes toe nog kom! Openbaring wys eers op die oorwinning en dan oor die stryd wat volg – want die Here Jesus het klaar die oorwinning behaal!

*Sing: Skrifberyming 7-2:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Maandag 28 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**
**Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2**

## Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam

Met verstomming sien Johannes ’n wit perd wat verskyn. In die boek Openbaring – soos in die hele Bybel – is ’n perd meestal ’n oorlogsdier. Vergelyk hiervoor die volgende in die Ou Testament: *Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie* (Ps. 33:17, 1953-vertaling); en: *Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur die HERE* (Spr. 21:31, 1953-vertaling).

Hierdie perd wat tevoorskyn kom toe die eerste seël oopgemaak word, is ’n wit perd. Die eerste perd is wit – wit is die kleur van

oorwinning (19:11). Let op na die wapentuig van hierdie ruiter: hy het nie ’n *swaard* gehad nie. Hy het ’n *boog*. ’n Swaard is ’n wapen wat die onafwendbaarheid van die dood simboliseer. ’n Boog is ’n wapen wat kan doodmaak, maar wat die simbool weergee dat dit oor ’n lang afstand kan tref. Dit kan oor ’n lang afstand die teiken bereik en sy letsel laat.

Die ruiter se wapen is die evangelie van verlossing in Jesus Christus, wat oor die aarde gaan om in mense in te dring en hulle te oorwin vir die Here Jesus Christus. Al is die oorwinning behaal deur ’n oorlogswapen, word die behoud van die gelowige juis hierin geopenbaar. Die evangelie is soos ’n pyl en boog wat die hart van die mens tref wat vir die Lam gewen word. In dié geval is die pyl deur die hart nie tot die ewige dood nie, maar tot die ewige lewe.

Die ruiter het dus, behalwe die boog, ook nog ’n oorwinnaarskroon (*stefanos*). Dit is klaar die teken/openbaring/seël van sy oorwinning.

*Sing: Skrifberyming 6-2:3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Dinsdag 29 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**
**Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2**

## Die Here Jesus is van ewigheid af die Oorwinnaar

*Uit die teks is dit duidelik dat daar nie een oomblik was wat die Lam nie oorwin het nie, en ook nie besig was om te oorwin nie – totdat Hy uiteindelik finaal oorwin het. Daar was geen (noemenswaardige) teenstand wat Hy iewers raakgeloop het in sy oorwinningsveldtog nie.*

Let wel! Die feit dat die oorwinnaarskrans reeds by voorbaat aan Hom gegee word, openbaar ook die Goddelike beskikking ten opsigte van hierdie oorwinning! God beskik en besluit reeds vooraf op die oorwinning en daarom gebeur dit inderdaad ook so!

Waar is ons in hierdie openbaring? Die Here openbaar dat hierdie wit

perd en sy Ruiter deur die eeue 'n leër bymekaarmaak. Die effek van die Here Jesus se verlossing wat Hy vir ons aan die kruis volbring, word hier uitgebeeld in dié groep ruiters wat almal agter die Ruiter en sy perd aanry. Aan hierdie Ruiter is 'n krans gegee: 'n oorwinningskrnas.

Al die ander perde se ruiters maak net dood en saai verwoesting – niemand oorwin saam met hulle nie, want hulle staan vir dood en verdelging. Hulle volgelinge word buitendien doodgemaak!

Die openbaring van God lê dus in hierdie openbaring so sterk as moontlik *die klem op die Lam se oorwinning! God se bepaling is die oorwinning – waarvan ons deel is!* Daarom wys die Here weer vir ons hierdie wit perd en sy Ruiter voordat Hy sy openbaring afsluit. Hy laat ons onsself sien waar ons hierdie wit perd en sy Ruiter volg!

Die Here laat ons ons Koning – die Here van die here – sien, met ons almal as oorwinnaars terwyl ons Hom volg met ons eie oorwinnaarsklere aan!

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Woensdag 30 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 6:2**

## Die eindtyd is vol oorlog en geweld

Die tweede seël word oopgemaak. Daar verskyn 'n ruiter op 'n rooi perd. Dit is die eerste agterryer van die oorwinningsruiter en sy perd. Wat sou mens verwag ná die oorwinning van die Here Jesus?

Die ruiter gaan om dood te maak en om alle vrede te versteur. Die perd en sy ruiter is bestem vir oorlog en bloedvergieting. Hy moet alle vrede op die aarde wegneem. Die Here gee dus op hierdie aarde nie vrede ná Jesus Christus se oorwinning oor die dood nie. Hierdie ruiter dra 'n swaard. Daar moet geweld losbreek. Mense moet mekaar doodmaak.

Hierdie gesig teken iets van die kerkgeskiedenis, veral soos wat dit

aan ons deur die Bybel self geopenbaar word. In die Ou- en Nuwe-Testamentiese tye was die mense en volke altyd in onderlinge twis. Die kerk en die wêreld het dus nog altyd vanweë die sonde van sy lede die element van haat met hom saamgedra.

Die saak is dat die oorlog en die uitmoordery onder mekaar hier by die rooi perd nie net betrekking het op wat in die kerk gebeur nie, want die hele wêreld en elke mens daarop is hier betrokke. Al die oorloë en bloedvergieting is voorlopers wat saam opbou na die groot geveg van die einde – die slag van Armageddon. Daarom kan ons die hoefslae van hierdie woeste perd vandag oor ons aarde sien. Daar is bitter min plekke waar daar nie terroriste is wat oraloor mense doodmaak nie.

Die Here Jesus sê self dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar verdeeldheid – vyandskap. *Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid* (Luk 12:51, 1953-vertaling). Die onvrede en die oorlog wat deur die rooi perd en sy ruiter aangestig word, is dus die gevolg van die oorwinning van Jesus Christus.

*Sing: Psalm 3-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

**Donderdag 31 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 6:2**

## Die Here beskik hongersnood en bekommernis voor die einde kom

Die oorwinning van Jesus Christus oor al die magte van die hel en die wêreld kom in nog ’n ander faset van die wêreldgeskiedenis na vore.

Nadat die derde seël oopgemaak is, kom daar ’n swart perd met sy ruiter na vore. Hy is die tweede agterryer. Swart is die kleur van honger en kommer. Dis die kleur van dood en van rou.

Hierdie perd en sy ruiter sit die ellendes wat deur die rooi perd bewerk word, voort. Hierdie perd se ruiter dra ’n skaal wat benoudheid en angs

oor die mense uitweeg. Hy weeg rampe uit. En die duidelikste van al die rampe is dat hy prysbeheer toepas wat geweldige en skrikwekkende gevolg het.

Kos word skaars. Nie omdat daar nie kos is nie, maar omdat dit te duur is vir sommiges om te betaal. Die prys is een skeppie koring vir ’n penning. Dis een dag se salaris – net genoeg koring vir een brood. Daar is nie geld vir klere nie, en ook nie vir losies nie, en ook nie eens kos vir meer as een mens nie.

Daarom gaan baie van honger sterf. Jy sal ook drie skeppies gars kan koop vir jou dag se geld. Gars was dierevoer. Die heel armste mense het wel van gars brood gebak – en dan het jy drie skeppies gars nodig vir een so ’n brood. Die nood en hongersnood gaan onberekenbaar wees.

Die skaal van die ruiter op die swart perd meet baie onregverdig, want almal ly nie honger nie. Daar is rykes wat die geldmag van die wêreld sal hanteer. Daarom staan daar geskryf dat die olie en die wyn nie beskadig mag word nie. Die rykes sal in hulle oorvloed lewe. Hierdie skaal weeg twee uiterstes uit – oorvloed en hongersnood. Ons hoor hierdie perd se pote klap deur ons geskiedenis.

Ons maak almal die gevolg van sy ruiter se werk aan ons lywe deur. Ons bekommer niks! Ons volg die Ruiter op die wit perd in sy oorwinning!

*Sing: Psalm 27-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*

# DAGSTUKKIES IN ANDER TALE

**PALO YA LENTSWE: PESALEME YA 122:5**

## "RAPELLANG MMUSO O BUSANG"

Pesaleme ene e ngolwa ke Mopesaleme Davida. E amohelwa ka pelo entle ke bayang Jerusalema ka nako ya mekete. Ho ne hona le mekete e meraro e meholo eo bana ba Modimo baneng ba etela Jerusalem aka yona. Mokete wa pele o moholo ene ele wa Paseka(Passover) moo bana ba Modimo baneng ba hopola ketsahalo ekgolo ya mohla Modimo o bantsha Egepeta. Mokete wa bobedi ke wa pentekosta moo bana ba Modimo baneng ba keteka mokgwa oo Modimo a bafileng ka teng. Mokete wa boraro ke moo ho ketekwang tabarnakele ya Modimo (feast of tabernacles). Boemo ba morao moo batswang teng bane sa ba bolebale, ke moo ho hlahang sehlooho sa rona RAPELLANG MMUSO O BUSANG. Temana ena ya bohlano ere "HOBANE DITERONE DI BEILWE TENG, E BE DITULO TSA KAHLOLO, DITERENO TSA NTLO YA DAVIDA! Ke kgwedi tse pedi jwale rese retswa dikgethong ho kgetha mmuso. Maikarabelo a rona ke eng mabapa le mmuso? Jwalo ka Kereke le bana ba Modimo re tshwanetse ho rapella mmuso o busang. Re tshwanetse ho rapella ba etapele ba rona hore ba buse ka mokgwa oo Modimo ao batlang. Retshwanetse ho rapella pholoso ya bona hore ha ba se ba tsebile Modimo. Modimo aba hlonolofatse ka dineo tseo ka tsona baka tlisang mmuso wa Modimo lefatsheng.

Hobane diterone di beilwe teng hore ebe ditulo tsa kahlolo. Rapellang mmuso o busang hore otle o tsebe ho busa ka toka, ho ahlola ka tsela eo Modimo ae batlang. Ho ahlola ka tsela eka tlisang bo morena ba Jesu lefatsheng. Mantswe ana areng hobane diterone di beilwe teng a bolela hore Modimo ke ena ka sebele sa hae ya kgethang le ho hlomamisa mmuso. Ka tshebetso e matla ya Moya o Halalelang, Modimo o nea batho matla a ho ahlola batlisang bobe, bolotsana, ho se utlwe, ho se phedise babang ha monate lefatsheng. Jwale bana ba Israele bane basa lebale ho rapella mmuso wa bona. Le rona feel aka mokgwa o jwalo phutheho, baena le dikgaetsedi a re keng re rapelle mmuso ona oo re qetang hoo kgetha hore Modimo atle ao thuse ka Mohau wa hae ho bus aka puso e batlwang ke yena sebele sa ona. Mohau wa Morena Jesu o be le lona. Amen

SEFELA 108

Moruti: Chaka Mathundela (Kerekeng ya Ntjhafatso Daveyton)

**PALO YA LENTSWE: PESALEME YA 122:8**

## "RAPELLANG KGOTSO KA MALAPENG"

Pesaleme ena e ngolwa ke Mopesaleme Davida. E amohelwa ka pelo entle ke bayang Jerusalema ka nako ya mekete. Mme ba e amohela ka hore "KA THABA HA BA ITSE HO NNA, HA RE YENG KA TLUNG YA JEHOVA". Ho ne hona le mekete e meraro e meholo eo bana ba Modimo baneng ba etela Jerusalema ka yona. Mokete wa pele o moholo ene ele wa Paseka (Passover) moo bana ba Modimo baneng ba hopola ketsahalo e kgolo ya mohla Modimo o bantsha Egepeta. Mokete wa bobedi ke wa pentekosta moo bana ba Modimo baneng ba keteka mokgwa oo Modimo a bafileng ka teng. Mokete wa boraro ke moo ho ketekwang tabarnakele ya Modimo (feast of tabernacles). Boemo ba morao moo batswang teng bane sa ba bolebale, ke moo ho hlahang sehlooho sa rona RAPELLANG KGOTSO KA MALAPENG. Temana ena ya borobedi ere "BAKENG SA BANABESO LE SA METSWALLE YA KA, KE TLA RE: KGOTSO E BE HO WENA!" Matsatsing ana ao re phelang ho ona ke mathata feela ka malapeng. Kgotso ha eyo. Matsatsing ana ao rephelang ho ona ke mathata feela setswalleng, kgotso ha esa leyo. Ke thapelo e kgolo ho batho ba ke neng Jerusalema ka nako ya mekete. Bakeng sa bana beso le sa metswalle ya ka ketla re kgotso ebe ho wena. Ka mantswe a mang motho ena ore otla thola seo o se jetseng, temana ya botshelela ere rapellang kgotso ya Jeresalema. Ka mantswe a mang kgotso e ate moo baphelang teng. Kgotso e buse moo dulang teng. Dintwa difele, meferefere e fele, diphaphang difele. Morena Jesu o kile are ha kele siye feela empa ke le siyela kgotso ya ka, ha ke lefe kgotso yaka jwalo ka ha lefatshe le lefa. Kgotso ke morero o moholo wa Modimo bophelong ba motho. Motho ya senang kgotso ha ana bophelo. Rapellang kgotso ya malapa, ke makgetlo a makae o dula fatshe le ba lelapa la hao kapa la heno le rapela na? Bana beso le metswalle ke ditho tse kgolo tsa seo lelapa le leng sona. Lelapeng ke moo motho a tholang boikgatholoso ba nnete, ke moo motho tholang matshidiso a sebele, ke moo motho a tshollelang dillo tsa hae teng, ke moo Modimo atlisang motho lefatsheng hore batho ba mohlokomele. Ana kgotso eme jwang ka ha re ho malapa a rona? Moya o Halalelang o re thuse hore kgotso ebe teng malapeng a rona. Mohau wa Morena Jesu o be le mona!

SEFELA 108

Moruti: Chaka Mathundela (Kerekeng ya Ntjhafatso Daveyton)

**PALO YA LENTSWE: PESALEME YA 122: 9**

**"BATLELANANG MOLEMO KA KEREKENG"**

Pesaleme ene e ngolwa ke Mopesaleme Davida. E amohelwa ka pelo entle ke bayang Jerusalema ka nako ya mekete. Ho ne hona le mekete e meraro e meholo eo bana ba Modimo baneng ba etela Jerusalema ka yona. Mokete wa pele o moholo ene ele wa Paseka (Passover) moo bana ba Modimo baneng ba hopola ketsahalo e kgolo ya mohla Modimo o bantshang Egepeta. Mokete wa bobedi ke wa pentekosta moo bana ba Modimo baneng ba keteka mokgwa oo Modimo a bafileng ka teng. Mokete wa boraro ke moo ho ketekwang tabarnakele ya Modimo (feast of tabernacles). Boemo ba morao moo batswang teng bane sa bolebale, ke moo ho hlahang sehlooho sa rona BATLELANANG MOLEMO KA KEREKENG. Temana ena ya borobong ere "BAKENG SA NTLO YA JEHOVA, MODIMO WA RONA, KE TLA O BATLELA MOLEMO!" Ho molemo ho utlwisisa seo ntlo ya Jehova Modimo wa rona eleng sona. kerekeng ke moo feela ho amohelehileng batho ba mefuta yohle, morui le mofutsana, ba maemo ohle, ba dipuo tsohle, ba merabe yohle. Sepheo le morero o mong feela, ho rorisa lebitso le leholo la Modimo (SOLI DEO GLORIA). Temana ya pele ere ka thaba ha ba itse ho nna, "A RE YENG KA YA JEHOVA", ke ntho e monate ha ka kang ho iphumana ole ka tlung ya Jehova Modimo wa rona. Le wena o kene o batlela batho molemo. Motho o mo batlela molemo ka mokgwa o jwang ka tlung ya Jehova? Ka ho aba dimpho tsa ba fumanehi, bahlanka ba diabele tseo ba dihlokang. Ka ho kena ditshebeletso tse fapaneng, tshebeletso ya bomme, tshebeletso ya batjha, tshebeletso ya bana, tshebeletso ya bontate, tshebeletso ya bahlanka, tshebeletso ya baholo, tshebeletso ya baruti, tshebeletso ya mmino ka kerekeng, tshebeletso ya ho hlwekisa kereke, tshebeletso ya merapelo, tshebeletso ya dithuto tsa Baibele, le tshebeletso ya ho matsamaela ba kgathetseng tumelong. Motho ya nkileng karolo ditabeng tsena o batlela ba bang molemo. Batlelanang molemo ka kerekeng. Mosebetsi wa kereke o moholo haholo lefatsheng, ke ho batlela batho molemo o tswang ho Modimo ka sebele sa ona. Morena Jesu o nile bophelo ba hae kaofela lefatsheng a ntse a batlela batho melemo. A fodisa babangata, a utlwela ba bohlokong bohloko. Arata basa morateng, a batla basa mobatleng, atlangwa hore a tle a tlamolle rona. Ana o tlile kerekeng moo, hotlo batlela batho molemo? Moya o Halalelang o re thuse re batlelane molemo ka hare ho kereke. Mohau wa morena Jesu o be le lona!

SEFELA 89

Moruti: Chaka Mathundela (Kerekeng ya Ntjhafatso Daveyton)

**PALO YA LENTSWE: MATTHEU 6**
**TEMANA-HLOOHO: VERSE 6**

## HO TLE MMUSO WA HAO

Thapelo ena keya Morena wa rona Jesu Kreste ale hodima thaba. Ke engwe ya tse bitswang thuto ya thabeng. Morena wa rona o shebile lefatshe lohle, mme, o kenya kopo lehodimong. Mokgwa oo Morena wa rona a re rutileng ho rapela Ntata rona ya mahodimong ke hore "Mmuso wa hao otle thato ya hao e etswe lefatsheng jwalo ka ha e etswa lehodimong." Bongata ba rona re rapetse thapelo ena dilemo tse ngatangata. Empa ke ba ba kae ba rona, ba tsebang hore Morena Jesu o ne a bolela eng ka mantswe ana? "HO TLE MMUSO WA HAO" Hore re tle re utlwisise se bolelwang ke thapelo ena, re tlamehile ho utlwisisa pele seo lentswe la Modimo (Bibele) e se hlalosang ka mmuso wa Modimo. Bahalaledi ba bajuda ka nako ya Kreste ba ne ba emetse ho tla ha Mmuso wa Modimo (Mareka 15:43), empa ke eng se tokisitseng tshepo ena? Dikgaolo tse qalang tsa Genese di hlalositse hore morero wa Modimo ho tloha qalehong ke ho etsa mmuso wa hae lefatsheng. Nakong eo Monna le Mosadi ba fosetsang Modimo ak kena sebeng, satane oile a tlisa mmuso wa hae lefatsheng (John 12:31; 14:30; 2 Cor.4:4). Le ha hole jwalo Modimo ha a ka ke a lahla morero wa hae wa pele. Bibele kaofela ke nalane ya mesebetsi e meholo ya Modimo ya ho lokisa seileng sa senywa ke sebe. Ke nalane ya pholoso.

Meloko e mengata ka mora Adama, Modimo o tshepisa Abrahama hore meloko kaofela etla hlonolofatswa ka yena, le hore ho tswa ho yena marena atla tswalwa (Genesi 12:1-3; 17:6), Sena se hlalosa hore sepheo sa hae sa ho pholosa motho se ntse se tswela pele le hore tiisa mmusom wa hae. Ka mora dilemo tse makgolo a mane ha Modimo a ntsha bana ba Israele Egepeta o ba beile Mmuso ka Maprista (Ex. 19:6). Israele o ne a tlamehile ho tlisa Mmuso wa Modimo karolong e itseng ya lefatshe. Setjhaba sena se ne se tshwanetse ho busa lefatshe lohle. Pele bana ba Israele ba kena Kanana, Moshe o itse ho bona, ha ba qeta ho kena Kanana batla bea Morena eo Modimo a tla mokgetha (Dueteronoma 17:14-20). Ho latela tlholo ka Joshua, le dilemo tse telele tseo baahlodi ba hlolehileng ka tsona, Bana ba Israele ba ile ba kgetha Saule hore ebe morena wa bona. Saule o one a sa mamele Modimo. Modimo a motlasa a bea Davida. Mora hoba Davida a tlotsetswe borena Israeleng. Oile a nka naha ya Jerusalema, a tlisa areka ya selekane ka hare ho naha ya Jerusalema. Ha Modimo a se a nehile Davida phomolo ho dira tsa hae,Davida ile a tsebisa takatso ya hae, ya hore o batla ho ahela Modimo tempele. Modimo o araba David aka hore o tla tiisa Mmuso wa hae ka Davida le moloko wa hae. Mmuso wa Modimo o thola mohato o motjha ka selekane sena sa Davida le Modimo. Ha mmusa wa Israele o qala howa. Selekane sa Davida le Moodimo ke moo baporofeta ba ileng ba theha molaetsa wa tshepo le bokamoso teng.

Baporofeta ba phetse nako yohle ya bona lefatsheng ba le be letse ho tla ha

Morena e motjha wa ntlo ya Davida, e leng Messiah, Ya tlang ho etsa mmuso o phethehileng (Isaiah 9:6-7; 11:1-10; Daniel 7:13-14). Ba ne ba lebeletse ho tla ha Modimo ho tlo busa setjhaba sa hae. Karolong ya 52:7 Moporofeta Isaiah oitse "a matle ha ka kang, maoto a ba theohang dithabeng, a tlisitseng ditaba tse molemo, ho bolela kgotso, ba tlisang ditaba tse molemo tsa lethabo, a bolelang pholoso, a reng ho Sione, "Modimo wa hao wa busa."

Ha Johanne mokolobetsi le Morena wa rona Jesu Kreste barera thero ereng "Sokolohang hobane mmuso wa mahodimo o atametse" bane barera ka seo Bajuda esale ba se emetse. Ha morena wa rona Jesu Kreste a rera ka hare ho dinaha thero ereng "evangedi ya mmuso wa Moodimo" o ne a bolela ditaba tse molemo tseo Isaia esale a diporofeta.

Jwale, Jesu ha a ruta batutuwa bah ae thutong ya thabeng ho rapela, HO TLE MMUSO WA HAO, THATO YA HAO E ETSWE LEFATSHENG , JWALO KAHA E ETSWA LEHODIMONG," Molaetsa ona ene ele molaetsa o moholo ho Bajuda nakong ya ho phela ha morena Jesu lefatsheng. Bajuda ha ba kene sinagogeng ba ne ba kwala thapelo ya bona ka mantswe a reng (Kaddish) "Modimo a halaletswe, lebitso la hae le kgethehe lefatsheng leo ale entseng ka thato ya lona. Modimo etsa hore mmuso wa hao o re buse lefatsheng nakong yohle ya ho phela ha rona, o buse ntlo yohle ya Israele, kapelepele le ho na jwale, lebitso la hao le leholo leroriswe ho isa bosafeleng."

Morena Jesu o ruta barutuwa ba hae hore ba rapele hore Modimo aba thuse hore Mmuso wa Modimo o tle ka mokgwa oo osokang otla ka ona. Mantswe ana areng Mmuso wa hao otle, a tsamaya le mantswe a reng, thato ya hao e etswe. Mantswe ana ke a matla ka ho fetisisa, hobane thato ya Modimo e etswa Mmusong wa hae hore lebitso la hae letle le roriswe. Lentswe la Segerike "basileia" le bolela puso ya Modimo ka botlalo hohle, eseng feela sebakeng se itseng. BaTestamente ena entjha ba tlwisisa thapelo ena hore "Modimo nka taolo, hohle moo batho ba hao baleng teng. Modimo nka taolo dikerekeng, Modimo nka taolo mesebetsing, Modimo nka taolo malapeng, Modimo nka taolo ditseleng. Ho tle mmuso wa hao, Ho bolela hore Modimo a laole hohle.

Tsena re dithuswa feela ka moya o halalelang, hore re fihlele thato ya Modimo. Morena Jesu ha are mmuso wa Modimo o tlile o bolela hore, seporofeto sa testamente ya kgale se phethahetse, ha a re mmuso wa Modimo o ntse otla, o bolela hore Modimo o ntse a tswela pele ho etsa mosebetsi wa hae maphelong a batho le lefatsheng.

Mmuso o phethahetseng wa Modimo o tlile le Morena Jesu. Nakong eo Jesu a neng a hlola satane le mebuso ya hae sefapanong. Morena Jesu o neilwe borena bohle lehodimong le lefatsheng. Empa le ha ho le jwalo re sa tshwanetse ho rapela, "Mmuso wa hao otle", hobaneng? Hobane mona lefatsheng, ho sa ntsane ho na le ba sa ikobeleng thato ya Modimo. Ha re rapela "ho tle Mmuso wa hao, rerapela hore Modimo a buse lefatshe lohle. Re rapela hore dintle tsa Modimo direaparele bohle. Re rapela hore Modimo a fetole dipelo tsa dira tsa hae, mme ba thole pholoso, mme ba bolele morena Jesu feela. Re rapella nako

e phethehileng, eo ka yona, bobe, sebe, le bokgahlano bohle bo teng kgahlano le Modimo bo fele.

Re tshwanetse o utlwisisa hore hare rapela hore mmuso wa Modimo o tle, le hore thato ya hae e etsuwe lefatsheng le lehodimong, ho o ho qala ka rona. Re tshwanetse hore re ipotse hore re halaletsa lebitso la Modimo na? Re tshwanetse hore re ipotse hore re etsa thato ya Modimo na? Jwalo ka Bakreste, ke rona baahi le basebeletsi ba Mmuso ona. Mmuso wa Modimo hao tle, hohle moo motho aleng teng. Modimo a re hlonolofatse bohle.

Sefela: Emmanuele monga rona, reo lakatsa ka dipelo, re llela Mmuso wa hao Morena

Moruti Chaka Mathundela

**PALO YA FOFOKO: DOITERONOMIO 30:1-20**
**TEMANA-THERO: DOITERONOMIO 30: 19**

## TLHOPA BOTSHELO

Mo bukeng e ya Diternomio Modimo o boeletsa molao wa gagwe mo baneng ba gagwe ba Iseraele. O ba netefaletsa gore ba tshwanetse go dira tlhopo gore batle ba tshele. Modimo o ba tlhalosetsa gore ke eng se a se batlang mo go bone, mo temaneneng ya borataro (6). Fa ba utlwa go tla diragala eng , mme fa ba sa utlwe go tla diragala eng. "Ke dira legodimo le lefatshe basupi, gore ke beile dilo dile nne fa pele ga lona, 1. Tshegofatso, 2 Botshelo, 3. Khutso, 4. Loso. "Fa lo utlwa, ke baya tshegofatso mo botshelong jwa lona jwa gone jaanong, botshelo jo bo sakhutleng kwa bokhutlong jwa botshelo jwa lona. Mme fa lo gana go utlwa ke baya, khutso mo botshelong jwa lona mo lefatsheng le, loso kwa bokhutlong jwa botshelo jwa lona". Nna ke le Modimo ke ne ke re "itlhopheleng botshelo gore lo tshele lona le bana ba lona"

Le gompieno jaana ke sone selo seo Modimo o se batlang mo go rona. O re laela gore re mo rate, re tsamaye mo ditseleng tsa gagwe, le go tlhokemela ditaolo le di tshiamelo tsa gagwe.

O re neetse ka Botshelo ebong Morena Jesu, ke lone lebaka le a reng "Itlhopheleng botshelo" gonne botshelo ke Jesu. Morena Jesu o re netefaleditse jalo mo go ( Johane 14.6) " Ke nna tsela le boammaruri le botshelo ga go ope yo ka fitlhang ko go Rara fa ese ka nna". Ke ene tsela e Rara areng re tsamaye mo go yone.

Morena Jesu o dirile tiro yotlhe, o re swetse mo koteng ya sefapaano, are duelela dibe tsa rona ka madi a gagwe a botlhokwa, ka go swa boemong jwa rona. Gore re mo tlhophe, ke gore o dirile pele. Ga a bue fela ka molomo jaaka bo rra dipolotiki ba bua, ba re solofetsa dilo tse ba palelwang ke go di diragatsa. Borra dipolotiki bone bua pele gore re ba tlhophe, ba be ba palelwa ke go dira. Jesu ene o dira pele a be a bua ko morago.

Jaannong potso ke gore motho o dira jang gore o tlhophe botshelo? O dira jalo ka tumelo. O dumela fela ka pelo gore Modimo o tsositse Jesu mo baswing, o be o pholosiwa. Gonne go dumela ka pelo go isa motho tshiamong, go ipolela ka molomo go isa pholosong. (Baroma 10:9-10)

Re nale lebaka le le tletseng la gore, ke eng re tshwanetse go tlhopha botshelo (Jesu). A re tseyeng kgakololo ya Modimo ya gore "Itlhopeleng botselo" mme re tla tshela rona le bana ba rona. Amen.

Rev. OI Rooibaadjie (Isaac) (Maruping)

**PALO YA FOFOKO : BAKOLOSE 3:1-25**
**TEMANA-THERO: BAKOLOSE 3: 17**

## GALALETSANG MODIMO KA TSOTLHE

Paul o kwalela Baitshepi ba kwa Kolose ebong bakaulengwe ba ba dumelang mo go Kreste Jesu. O ba itsese kgotsa go ba gopotsa gore, jaanong jaaka e le bana ba Modimo ke eng se ba tshwanetseng go se dira. Ka mantswe a mangwe tiro ya bone jaaka bakreste ke eng. Tiro ya bone ke go leboga Modimo Rara ka Morena Jesu. Paul o re tebogo ya bone e nne ka sengwe le sengwe.

"Mme le fa ele eng se lo se dirang, puo kgotsa tiro, dirang tsotlhe mo leineng la Morena Jesu,lo ntse lo leboga Modimo Rara ka ene". Ka mantswe a mangwe puo ya bone e galaletse Modimo, " a go se tswe lefoko lepe le le maswe mo melomong ya lona, a e nne fela le le agang" (Baefeso 4:29). Tiro ya bone e nne e e galaletsang Modimo, mefuta yotlhe ya ditiro, e leboge le go galaletsa Modimo. "Jaanong le fa lo ja gongwe lo nwa, kampo lo dira se sele, dirang tsotlhe go tlotla Modimo ka tsone."( 1 Bak 10:31) Botshelo jotlhe ka kakaretso e nne jwa go leboga, go galaletsa le go tlotla Modimo.

Fela jaaka Baitshepi ba kwa Kolose , le rona baitshepi ba gompieno gone jaanong, bana ba Modimo ba ba amogetseng Morena Jesu, botshelo jwa rona bo tshwanetse e nne jwa go leboga, go galaletsa le go tlotla Modimo. Paul are ka puo, ka tiro, ka go ja go nwa, kampo go dira se sele, dirang **tsotlhe** go tlotla Modimo ka tsone.

Ngwana wa Modimo, botshelo jwa gago bontse jang? Ditiro tsa gago, dipuo tsa gago, go ja ga gago, go nwa ga gago, moaparo wa gago, di ntse jang? A dilo tsotlhe tse ke di umakilweng fa godimo fa, o leboga, galaletsa le go tlotla Modimo ka tsone. Itshekatsheke, lebelela botshelo jotlhe jwa gago ka kakaretso. A bo tlotla Modimo kgotsa bo tlontlolola Modimo. Nna mo sephiring le Modimo Mowa o o galalelang, mo kope gore a go sekaseke, ke ene a go itseng. Ke motlhatlhobi mogolo.

Fa Modimo Mowa o o galalelang a go sekaseka, a go lemosa diphoso kgotsa sengwe mo botshelong jwa gago se o sa tlotleng Modimo ka sone, ikokobetse, se ganetsane le one, kopa boitshwaerelo. Modimo wa mautlwelobotlhoko a magolo o tla go itshwarela. A re "Tlayang he a re sekisanyeng go bua Morena: le fa dibe tsa lona di hubetse jaaka madi di tla sweufala jaaka semathana….. (Jesaya 1:18)

Botshelo jwa ngwana wa Modimo jotlhe go fitlhela Jesu a boa a tla gape, ke jwa tebogo. Re leboga Modimo ka Jesu Kreste, ka kgololo e a re diretseng yone ko sefapaanong. A re tshwareleleng mo ditirong tse di molemo, ka re nale kutlwelobotlhoko ya Modimo, re neele Modimo mebele ya rona go nna setlhabelo se se tshelang, se se boitshepo, se se o kgatlhang ke yona tirelo Modimo ya rona e e lebanyeng.

Mme re ka kgona go dira fela jalo fa re amogetse Modimo mo dipelong tsa

rona. Gonne ke ka thuso ya Modimo mowa o o boitshepo fela reka kgonang go leboga le go galaletsa Modimo ka tsotlhe. Amen.

– Rev. OI Rooibaadjie (Isaac) (Maruping)

**PALO YA LEFOKO: DIPESALOME 40:1-18**
**TEMANA-THERO: DIPESALOME 40:18**

## O BOTLHOKWA MO MODIMONG

Go nale dinako dingwe mo botshelong jwa Motho, tseo ka tsone o itemogelang mathata. O ikutlwang o ka re ga go na ope yo o go ratang, ebile o kare le Modimo ga a yo. Gongwe ke bua jaana o le mo seemong se se ntseng jalo.

Jaanong ke yone nako e o ka buang jaaka Dafita " Morena ke motlamedi wa me, ke wena thuso ya me le mogolodi wa me." Gakologelwa gore ke motlhodi wa gago. Ke ene a go neetseng mpho e ya botshelo. O go e neetse ka lebaka, ebile o tla tlhokomela gore o tshele go ya ka fa kgatlhegelong ya gagwe. Ga a diege, ka mo o seka wa ineela mo maikutlong a go inyatsa, kgotsa go itseela tlase.

Ka di nako tsotlhe fa o ikutlwa o le mo seemong se se ntseng jalo, gopola ditshepiso tsa gagwe. Lefoko la gagwe le na ditsholofetso tse dikgolo. O re solofeditse gore ga a kitla a re tlogela le eseng go re nyemisa moko, a re o tla nna le rona ka malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe. ( Matt. 28:19) Tshepiso e ya Morena Jesu ke e kgolo ka go fetisisa. " Malatsi otlhe go fitlha bokhutlong. "

Se se golo ke gore re dumele le go tshepa gore se a se buang ke boammaruri, gonne Modimo ke boammaruri, ga se motho mo a ka buang maaka. Ke Modimo wa lefoko la gagwe, ka dinako tsotlhe o netefatsa gore se se duleng ka molomo wa gagwe o a se diragatsa. O a tshepagala, ke Modimo mothataotlhe.

O botlhokwa mo go ene, ka gonne o setshwano sa gagwe, o go bopile ka lebaka gore o nne moemedi wa gagwe mo lefatsheng. Netefatsa gore o tsweletsa morero wa gagwe, o a go bopetseng one. Gore o tle o kgone go tsweletsa morero wa gagwe, lwa ntlha o tshwanetse go itse gore neo kgotsa talente ya gago e Modimo a go neetseng yone ke eng. Fa o sa itse gore ke eng se o tshwanetseng go se dira, ga go kgonagale gore o se dire. Ka jalo kopa Modimo mowa o o boitshepo gore a go senolele neo ya gago. Gape le gore a go rute gore o e dirise jaang.

Morena ke mogolodi wa rona, a re mo ikanyeng , re mo rate. Ke ena thuso ya rona. Ba ba mo ikanyang gaba kitla ba tlhajwa ke ditlhong, le ene ga a kitla a ba tlhabelwa ke ditlhong. Amen.

Rev. OI Rooibaadjie (Isaac) (Maruping)

**Puiso : Jesaya 33:1-1**
**: Jesaya 33:2**

**Morena re tlhomogele pelo**

Juta e tlase ga tlhaselo le matshosetsi a Asiria. Ngwaga 701 pele ga Keresete. Modimo o itse o tla golola morafe, fa o ka beya tumelo le tshepo go Ona. Bothata ke gore ga ba dire seo Ba itshepela maatla a bona, le kopano le merafe e mengwe, Asiria ya tlhasela Juta. Jesaya 33 ke tsiboso go Asiria. Gonne Asiria ke '**mosinyi'.**

**Fa go itshepa go pala**

Asiria a direla Juta bolotsana. Tiragalo eno e mo **2Dikgosi 18:13-17.** Kgosi Saneheribe wa Asiria o ile a tlhasela Juta ka nako ya kgosi Hesekia. Kgosi Saneheribe o ile a lopa kgosi Hesekia gore a duele/lefe Asiria gore e se ke ya tlhasela Juta. Kgosi Hesekia a duela/lefa ditalente di le 300 tsa selefera le ditalente di le 30 tsa gauta tseo di neng di manegilwe mo ntlong ya Morena le mo mahumong a ntlo ya bogosi. **Morago ga tefo**, Asiria ya se tlogele go tlhasela Juta.

Se ya nna **bolotsana** jo Asiria a bo dirileng. Mme fa ba feditse go direla ba bangwe bolotsana le bona ba tla direlwa bolotsana. Juta e ile ya nagana gore ka ba lefile Asiria, e tla ba tlogela. Se no ga se a diragala. **Go itshepa ka nako tsotlhe go a pala(**Self-reliance always fails)

Go palelweng ba gopola Modimo. Temana 2 **"Morena, re tlhomogele pelo"**. Jesaya o etelela batho pele ka thapelo. Modimo yo o bopelotlhomogi a ba tlhomogele pelo, go nna pholoso le thuso nakong ya go palelwa. Maano a bona a padile, ba feletswe. Kgosi Hesekia le morafe ba lelela Modimong gore a ba tswe thuso.

Re dira phoso eno gangwe le gape. Re rata go itshepa go na le go tshepa Modimo. Re dira Modimo our last resort. Fa maatla le go leka gwa rona go pala, ke teng mo re gopolang Modimo ka thapelo. Modimo ga o rate sena gonne se, se supa tlhoko ya tumelo le tshepo ya rona go Ona.

**Rev OL Moncho (Ikageng)**

**Puiso ya lefoko : Bakolose 2:1-10**
**Temana : 6 & 7 Nna yo o namileng medi mo go**

**Keresete Matseno**

Botshelo jwa sekeresete bo tswelela ka moo bo simolotseng ka teng, ka tumelo mo go Morena Jesu. Matshelo a rona a ka tswelela fela fa re le kopanong le Morena Jesu. Paulo fa a kwala lekwalo leno, o ne a le mo kgolegelong kwa Roma, e le ka ntlha ya go rera efangedi e e phedisang. Kgaolong ya bobedi temana 9 le 10 o re, **"Gonne botlalo jotlhe jwa Bodimo bo agile mo go ene ka sebele. Mme lona le dirilwe ba ba botlalo mo go ene yo e leng tlhogo ya balaodi botlhe le mebuso yotlhe"**

Paulo o tlhalosa dintlha tse tharo ka moo re kgonang se ka teng, ka moo re ka tswelelang go tshela kopanong le Keresete ka gona.

1. **Nama medi le go agiwa mo go Keresete** (Rooted & Built Up in Christ)

Akanya fela setlhare se se goletseng kwa godimo, seo se emelanang le phefo tse di maatla, dipula, serame le komelelo; se kgona go emellana le tse tsotlhe ka ntlha ya medi e namileng ya sona. Medi e fa setlhare tlhomamo go tswa mo mmung. Seo o se bonang fela ke thito ya setlhare le Makala a sona kwa godimo. Karolo e e botlhokwa bogolo segolo ya sethare ke e mo mmung, eleng medi ya sona.

Dafita o re mo Pesalema 1:3 motho yoo, "O tshwana le setlhare se se tlhomilweng fa dinokaneng tsa metsi, se se ungwang leugo la sona mo motlheng wa sona, se matlhare a sona a sa swabeng, mme tsotlhe tse o di dirang o di swetsa ka lesego", Go botlhokwa gore o agiwe mo go Morena Jesu, gonne ke motheo wa kgolo mo botshelong.

Paulo o re mo Baefeso 2:19-20 "Jaanong he, ga lo tlhole lo le baeng le bajaki, mme lo ba morafe mmogo le baitshepi, lo ba ntlo ya Modimo, ka lo agilwe mo motheong wa baapostolo le baporofeti o Keresete Jesu ka esi e leng lentswe la sekhutlo la ona"

**2. Tiisiwa mo tumelong (Established in Faith)**

Go nama medi mo go Jesu (Being rooted in Jesus)ke kgato ya pele mo go tsheleleng mo go Keresete ka tsela eo re simolotseng ka yona. Kgato ya bobedi ke go tiisiwa mo tumelong.

Re simololа loeto la rona jaaka Bakereste le Keresete ka tumelo. Ka tsela e ntseng jalo ke ka moo re tswelelang botshelo jotlhe ka go tshela, re ntse re netefadiwa le go tiisiwa ka tumelo (Bakolose 2:7b).

Nagana tumelo jaaka mesifa e tlhokang go ka katisiwa ka metlha gore e nne maatla, e agege mme e kgone go ka emelana le sengwe le sengwe.

Fela jaaka setlhare fa re ka dira sekai ka sona, tumelo e tshwana le thito ya setlhare e golang, e be e golela kwa godimo mme se tswelele go nna maatla dingwaga di le dintsi.

Ke karolo ya setlhare e lebaganang le le mefuta yotlhe ya dikgwetlo, ka jalo e

tlhoka go nna maatla gore e emelane le dilo tsotlhe. Gape ke karolo ya setlhare e sa khutleng go gola, se se kaya gore thito e a bonagala ka ntlha ya boteng jwa medi , fa e namile tota ke teng moo thito e golelang go ya pele. Mme setlhare se bone kgolo.

**3. Penologa ka tebogo (Overflowing with Thankfulness)**

Labofelo re tshwanelwa ke go penologa ka tebogo, le go leboga. Go ka tshwantsha le setlhare, tebogo ke tlhago e bonalang e supa ka Makala a sona a matalana.

Kwa ntle ga Makala setlhare se supa se shwele, le fa se shwele se ka tlokotlwa, Makala a tlokotlilweng a fa na ka bophelo. Ka mokgwa o o botshelo jwa sekeresete kwa ntle ga tebogo, bo bolaya tumelo ya mokeresete. Botshelo jo bo penologang tebogo bo supa kgolo tumelong.

Fela jaaka sekai sa setlhare, seo se supang tebogo ka tlhago, dintlha tse pedi go rona ke tse; fa re tlhomiwa/tiisiwa/ nama medi mo go Keresete, o bolokwa go ena/ tshireletso go ena/tlamelo go ena, o gola le mo tumelong; o bona le ka moo Modimo a go tsamaisang maemong otlhe, mme o penologe ka tebogo. Se ke setshwantsho sa botshelo jwa kgololo; go nama medi/tlhomama, go bolokega, go nna maatla, go kgona, go gola, go nna botlalo le go tswelela go tlisa kgalalelo mo Modimong ka botshelo jwa tebogo.

**Rev OL Moncho (Ikageng)**

## INDEKS VAN DAGSTUKKIES


**Skrifgedeelte ............ Datum**
1 Konings ............ 14 Februarie
1 Konings 10:1-29; Psalm 99:1-3; Matteus 2:1-11 ............ 8 Februarie
1 Konings 11:26-36; 1 Konings 12:1-17 ............ 9 Februarie
1 Konings 12:1-33 ............ 10 Februarie
1 Konings 14:1-31 ............ 11 Februarie
1 Konings 15:1-16, 28; 2 Kronieke 13 – 16 ............ 12 Februarie
1 Konings 16:29 – 18:46 ............ 13 Februarie
1 Konings 19:1-21 ............ 14 Februarie
1 Konings 3:3-13 ............ 5 Februarie
1 Konings 6 – 8:27; 1 Korintiërs 6:12-20 ............ 6 Februarie
1 Konings 8:55 – 9:9 ............ 7 Februarie
1 Kronieke 1:1-4, 24-28; Handelinge 17:22-34 ............ 16 Januarie
1 Kronieke 13:1-14 ............ 22 Januarie
1 Kronieke 14 ............ 25 Januarie
1 Kronieke 15:1-16, 25 ............ 23 Januarie
1 Kronieke 2:1-16, 48-50 ............ 17 Januarie
1 Kronieke 28:1-7; 29:20-25 ............ 3 Februarie
1 Samuel 1:1 – 2:11; Filippense 4:6, 7 ............ 2 Januarie
1 Samuel 1:1-28 ............ 1 Januarie
1 Samuel 1:1-28 ............ 3 Januarie
1 Samuel 10 ............ 8 Januarie
1 Samuel 13 ............ 9 Januarie
1 Samuel 15 ............ 10 Januarie
1 Samuel 16 ............ 11 Januarie
1 Samuel 17 ............ 12 Januarie
1 Samuel 18 en 19 ............ 13 Januarie
1 Samuel 24:1-23 ............ 14 Januarie
1 Samuel 28 – 31 ............ 15 Januarie
1 Samuel 3:1 – 4:1 ............ 4 Januarie
1 Samuel 4:2-22 ............ 5 Januarie
1 Samuel 8:1-22 ............ 6 Januarie
1 Samuel 9:1-17 ............ 7 Januarie
2 Konings 18:1-37 ............ 22 Februarie
2 Konings 19:1-37 ............ 23 Februarie
2 Konings 2:1-12; Handelinge 1:9 ............ 15 Februarie
2 Konings 20:1-11 ............ 24 Februarie
2 Konings 4:1-44; Matteus 14:14-21 ............ 16 Februarie
2 Konings 5:1-19a ............ 17 Februarie
2 Konings 6:1 – 7:20 ............ 18 Februarie
2 Kronieke 22 ............ 1 Februarie
2 Kronieke 22:1 – 23:21 ............ 19 Februarie
2 Kronieke 22:1 – 24:27 ............ 20 Februarie
2 Kronieke 26:1 – 27:9 ............ 21 Februarie
2 Kronieke 29:1-36 ............ 25 Februarie
2 Kronieke 31:1-21 ............ 26 Februarie
2 Kronieke 34:1-33 ............ 27 Februarie
2 Kronieke 35:1-27 ............ 28 Februarie
2 Kronieke 36:1-23; 2 Konings 24:3, 4 ............ 29 Februarie
2 Samuel 1:1-27 ............ 18 Januarie
2 Samuel 12:1-25 ............ 28 Januarie
2 Samuel 13 ............ 29 Januarie

2 Samuel 15:7-14, 25-29; 16:5-12 ... 30 Januarie
2 Samuel 2 ... 19 Januarie
2 Samuel 23:1-7 ... 2 Februarie
2 Samuel 24 ... 31 Januarie
2 Samuel 3:1-4; 1 Kronieke 11:1-19 ... 20 Januarie
2 Samuel 5:1-25; 1 Kronieke 12:1-40 ... 21 Januarie
2 Samuel 7:1-16 ... 24 Januarie
2 Samuel 8:1-18 ... 27 Januarie
2 Samuel 9:1-13; 16:1-4; 19:24-30 ... 26 Januarie
Amos 1:1 – 2:3 ... 19 November
Amos 2:4-16 ... 20 November
Amos 3:1-15 ... 21 November
Amos 4:1-13 ... 22 November
Amos 5:1-17 ... 23 November
Amos 5:18-27; Matteus 5:23, 24 ... 24 November
Amos 6:1-14 ... 25 November
Amos 7:10-17 ... 27 November
Amos 7:1-9 ... 26 November
Amos 8:1-14 ... 28 November
Amos 9:1-10 ... 29 November
Amos 9:11-15 ... 30 November
Daniël 1:1-21 ... 1 November
Daniël 10:1 – 11:1 ... 15 November
Daniël 11:2-35 ... 16 November
Daniël 11:36-45 ... 17 November
Daniël 12:1-13 ... 18 November
Daniël 2:1-23 ... 2 November
Daniël 2:24-49 ... 3 November
Daniël 3:1-18 ... 4 November
Daniël 3:19-30 ... 5 November
Daniël 4:1-18 ... 6 November
Daniël 4:19-37 ... 7 November
Daniël 5:1-30 ... 8 November
Daniël 6:1-15 ... 9 November
Daniël 6:16-29 ... 10 November
Daniël 7 ... 11 November
Daniël 8 ... 12 November
Daniël 9:1-19 ... 13 November
Daniël 9:20-27 ... 14 November
Ester 1:16-22 ... 13 September
Ester 1:1-8 ... 11 September
Ester 1:9-15 ... 12 September
Ester 10:1-3 ... 30 September
Ester 2:15-18 ... 16 September
Ester 2:1-8 ... 14 September
Ester 2:19-23 ... 17 September
Ester 2:9-14 ... 15 September
Ester 3:1-7 ... 18 September
Ester 3:8-15 ... 19 September
Ester 4 ... 20 September
Ester 4 ... 21 September
Ester 5:1-8 ... 22 September
Ester 5:9-14 ... 23 September
Ester 6:1-13 ... 24 September

Ester 6:14 – 7:6a ........ 25 September
Ester 7:6b – 8:2 ........ 26 September
Ester 8:3-17 ........ 27 September
Ester 9:1-19 ........ 28 September
Ester 9:20-32 ........ 29 September
Habakuk 1:12-17 ........ 3 Oktober
Habakuk 1:1-4 ........ 1 Oktober
Habakuk 1:5-11 ........ 2 Oktober
Habakuk 2:1-4 ........ 4 Oktober
Habakuk 2:18-20 ........ 6 Oktober
Habakuk 2:5-17 ........ 5 Oktober
Habakuk 3 ........ 9 Oktober
Habakuk 3:1-15 ........ 7 Oktober
Habakuk 3:1-19 ........ 8 Oktober
Habakuk 3:16-19 ........ 10 Oktober
Handelinge 1:1-11 ........ 1 Junie
Handelinge 1:12-16 ........ 2 Junie
Handelinge 10:1-18 ........ 22 Junie
Handelinge 10:19-35 ........ 23 Junie
Handelinge 11:1-18 ........ 24 Junie
Handelinge 11:19-30 ........ 25 Junie
Handelinge 12:1-25 ........ 26 Junie
Handelinge 13:13-41 ........ 27 Junie
Handelinge 13:42-52 ........ 28 Junie
Handelinge 14:21-28 ........ 30 Junie
Handelinge 14:8-18 ........ 29 Junie
Handelinge 2:1-13 ........ 3 Junie
Handelinge 2:14-36 ........ 4 Junie
Handelinge 2:37-47 ........ 5 Junie
Handelinge 3:1-10 ........ 6 Junie
Handelinge 3:11-26 ........ 7 Junie
Handelinge 4:1-12 ........ 8 Junie
Handelinge 4:13-22 ........ 9 Junie
Handelinge 4:23-31 ........ 10 Junie
Handelinge 5:1-16 ........ 11 Junie
Handelinge 5:17-32 ........ 12 Junie
Handelinge 5:33-42 ........ 13 Junie
Handelinge 6:1-7 ........ 14 Junie
Handelinge 6:8 – 7:53 ........ 15 Junie
Handelinge 7:51-60 ........ 16 Junie
Handelinge 8:1-8 ........ 17 Junie
Handelinge 8:26-40 ........ 18 Junie
Handelinge 9:1-19 ........ 19 Junie
Handelinge 9:20-31 ........ 20 Junie
Handelinge 9:32-43 ........ 21 Junie
Lukas 1:21-25 ........ 3 Maart
Lukas 1:26-33 ........ 4 Maart
Lukas 1:34-38 ........ 5 Maart
Lukas 1:39-56 ........ 6 Maart
Lukas 1:5-20 ........ 2 Maart
Lukas 1:57-66 ........ 8 Maart
Lukas 1:57-80 ........ 7 Maart
Lukas 1:67-80 ........ 9 Maart
Lukas 10:1-16 ........ 19 April

Lukas 11:14-53 ........ 23 April
Lukas 2:1-12 ........ 12 Maart
Lukas 2:13-16 ........ 13 Maart
Lukas 2:1-7 ........ 11 Maart
Lukas 2:17-20 ........ 14 Maart
Lukas 2:21-24 ........ 15 Maart
Lukas 2:25-33 ........ 21 Maart
Lukas 2:34-35 ........ 22 Maart
Lukas 2:36-38 ........ 23 Maart
Lukas 2:39-40 ........ 24 Maart
Lukas 2:41-52 ........ 25 Maart
Lukas 2:41-52 ........ 26 Maart
Lukas 22:1-6, 21-23 ........ 5 Mei
Lukas 22:31-46 ........ 18 Mei
Lukas 22:39-53 ........ 11 Mei
Lukas 22:63-71 ........ 14 Mei
Lukas 22:7-20 ........ 8 Mei
Lukas 23:1-25 ........ 21 Mei
Lukas 23:26-43 ........ 24 Mei
Lukas 23:44-56 ........ 27 Mei
Lukas 24:1-12 ........ 30 Mei
Lukas 24:13-35 ........ 31 Mei
Lukas 3:10-17 ........ 30 Maart
Lukas 3:10-22 ........ 31 Maart
Lukas 3:1-14 ........ 29 Maart
Lukas 3:1-6 ........ 27 Maart
Lukas 3:7-9 ........ 28 Maart
Lukas 4:33-37 ........ 4 April
Lukas 5:1-11 ........ 5 April
Lukas 7:11-17 ........ 7 April
Lukas 8:26-39 ........ 10 April
Lukas 8:40-56 ........ 13 April
Lukas 9:37-56 ........ 28 April
Maleagi 1:1-5 ........ 21 Oktober
Maleagi 1:6-8 ........ 22 Oktober
Maleagi 1:9-14 ........ 23 Oktober
Maleagi 2:13-16 ........ 27 Oktober
Maleagi 2:1-4 ........ 24 Oktober
Maleagi 2:17 – 3:5 ........ 28 Oktober
Maleagi 2:5-9 ........ 25 Oktober
Maleagi 2:9-12 ........ 26 Oktober
Maleagi 3:13 – 4:3 ........ 30 Oktober
Maleagi 3:6-12 ........ 29 Oktober
Maleagi 4:4-6 ........ 31 Oktober
Markus 1:16-20 ........ 3 April
Markus 10:46-52 ........ 14 April
Markus 14:1-2, 10-11, 17-21 ........ 4 Mei
Markus 14:12-16, 22-25 ........ 7 Mei
Markus 14:26-31, 66-72; Johannes 21:15-17 ........ 17 Mei
Markus 14:32-52 ........ 10 Mei
Markus 14:3-9 ........ 2 Mei
Markus 14:3-9 ........ 22 April
Markus 14:53-65 ........ 13 Mei
Markus 15:21-32 ........ 23 Mei

Markus 15:33-39 ........ 26 Mei
Markus 15:6-20 ........ 20 Mei
Markus 16:1-18 ........ 29 Mei
Markus 2:18-22 ........ 12 April
Markus 2:23-28 ........ 20 April
Markus 4:13-20 ........ 26 April
Markus 4:1-9 ........ 25 April
Markus 4:35-41 ........ 9 April
Markus 5:21-43 ........ 2 April
Matteus 1:1-17 ........ 1 Maart
Matteus 1:18-25 ........ 10 Maart
Matteus 10:1-16 ........ 16 April
Matteus 10:17-25 ........ 17 April
Matteus 10:26-33 ........ 18 April
Matteus 12:15-21 ........ 21 April
Matteus 12:22-24, 31-37 ........ 24 April
Matteus 13:24-52 ........ 27 April
Matteus 15:11-20 ........ 30 April
Matteus 15:1-9 ........ 29 April
Matteus 2:1-15 ........ 18 Maart
Matteus 2:1-18 ........ 19 Maart
Matteus 2:1-6 ........ 16 Maart
Matteus 2:19-23 ........ 20 Maart
Matteus 2:7-12 ........ 17 Maart
Matteus 26:1-5, 14-16, 20-25 ........ 3 Mei
Matteus 26:17-19, 26-30 ........ 6 Mei
Matteus 26:31-35, 69-75 ........ 16 Mei
Matteus 26:36-56 ........ 9 Mei
Matteus 26:57-68 ........ 12 Mei
Matteus 26:6-13 ........ 1 Mei
Matteus 27:1-2; 11-31 ........ 19 Mei
Matteus 27:3-10 ........ 15 Mei
Matteus 28:1-10 ........ 28 Mei
Matteus 4:12-17 ........ 1 April
Matteus 8:18-22 ........ 8 April
Matteus 9:1-8 ........ 6 April
Matteus 9:35-38 ........ 15 April
Matteus 9:9-13 ........ 11 April
Openbaring 3:14-22 ........ 10 Desember
Openbaring 3:14-22 ........ 11 Desember
Openbaring 3:14-22 ........ 6 Desember
Openbaring 3:14-22 ........ 7 Desember
Openbaring 3:14-22 ........ 8 Desember
Openbaring 3:14-22 ........ 9 Desember
Openbaring 3:7-13 ........ 1 Desember
Openbaring 3:7-13 ........ 2 Desember
Openbaring 3:7-13 ........ 3 Desember
Openbaring 3:7-13 ........ 4 Desember
Openbaring 3:7-13 ........ 5 Desember
Openbaring 4 ........ 12 Desember
Openbaring 4 ........ 13 Desember
Openbaring 4 ........ 14 Desember
Openbaring 4 ........ 15 Desember
Openbaring 4 ........ 16 Desember

Openbaring 4 ........ 17 Desember
Openbaring 4 ........ 18 Desember
Openbaring 4 ........ 19 Desember
Openbaring 5 ........ 20 Desember
Openbaring 5 ........ 21 Desember
Openbaring 5 ........ 22 Desember
Openbaring 5 ........ 23 Desember
Openbaring 5 ........ 24 Desember
Openbaring 5 ........ 25 Desember
Openbaring 5 ........ 26 Desember
Openbaring 6 ........ 27 Desember
Openbaring 6 ........ 28 Desember
Openbaring 6 ........ 29 Desember
Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8 ........ 30 Desember
Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8 ........ 31 Desember
Prediker 1:1-11 ........ 23 Augustus
Prediker 11:1-6 ........ 30 Augustus
Prediker 11:7 – 12:8 ........ 31 Augustus
Prediker 3:1-12 ........ 24 Augustus
Prediker 4:7-12 ........ 25 Augustus
Prediker 5:17-19 ........ 26 Augustus
Prediker 6:10-12 ........ 27 Augustus
Prediker 7:13-18 ........ 28 Augustus
Prediker 9:13 – 10:3 ........ 29 Augustus
Psalm 100:1-5 ........ 27 Julie
Psalm 11 ........ 5 Julie
Psalm 110 ........ 28 Julie
Psalm 12 ........ 6 Julie
Psalm 136 ........ 29 Julie
Psalm 14:1-7 ........ 7 Julie
Psalm 142 ........ 30 Julie
Psalm 149 ........ 31 Julie
Psalm 15:1-5 ........ 8 Julie
Psalm 20 ........ 9 Julie
Psalm 21 ........ 10 Julie
Psalm 22:1-19; Matteus 27:32-44 ........ 22 Mei
Psalm 22:1-4; 22-25; Matteus 27:45-56 ........ 25 Mei
Psalm 23:1-6 ........ 11 Julie
Psalm 26 ........ 12 Julie
Psalm 34:1-11 ........ 13 Julie
Psalm 34:12-23 ........ 14 Julie
Psalm 4:1-9 ........ 1 Julie
Psalm 40 ........ 15 Julie
Psalm 48 ........ 16 Julie
Psalm 5; 1 Korintiërs 6:9-11 ........ 2 Julie
Psalm 53:1-7 ........ 17 Julie
Psalm 6 ........ 3 Julie
Psalm 61:1-9 ........ 18 Julie
Psalm 64 ........ 19 Julie
Psalm 65 ........ 20 Julie
Psalm 67:1-8 ........ 21 Julie
Psalm 7 ........ 4 Julie
Psalm 75:1-11 ........ 22 Julie
Psalm 76:1-13 ........ 23 Julie

Psalm 81 .......... 24 Julie
Psalm 82 .......... 25 Julie
Psalm 84 .......... 26 Julie
Rut 1:1-5 .......... 1 September
Rut 1:19-22 .......... 3 September
Rut 1:6-18 .......... 2 September
Rut 2:1-23 .......... 4 September
Rut 3:10-18 .......... 6 September
Rut 3:1-9 .......... 5 September
Rut 4:1-10 .......... 7 September
Rut 4:11-17 .......... 9 September
Rut 4:13-22; Matteus 1:1-16 .......... 10 September
Rut 4:7-12 .......... 8 September
Sefanja 1:14-16 .......... 13 Oktober
Sefanja 1:1-6 .......... 11 Oktober
Sefanja 1:17 – 2:3 .......... 14 Oktober
Sefanja 1:7-13 .......... 12 Oktober
Sefanja 2:11-15 .......... 17 Oktober
Sefanja 2:4-7 .......... 15 Oktober
Sefanja 2:8-10 .......... 16 Oktober
Sefanja 3:14-20 .......... 20 Oktober
Sefanja 3:1-5 .......... 18 Oktober
Sefanja 3:6-13 .......... 19 Oktober
Spreuke 1:1-7 .......... 1 Augustus
Spreuke 1:8-9 .......... 2 Augustus
Spreuke 10:1 – 11:13 .......... 10 Augustus
Spreuke 11:14 – 12:28 .......... 11 Augustus
Spreuke 13:1 – 14:21 .......... 12 Augustus
Spreuke 15:1-4 .......... 13 Augustus
Spreuke 16:16-33 .......... 14 Augustus
Spreuke 18:1-11 .......... 15 Augustus
Spreuke 2 .......... 3 Augustus
Spreuke 23:15-25 .......... 16 Augustus
Spreuke 24:13-14 .......... 17 Augustus
Spreuke 27:23-27 .......... 18 Augustus
Spreuke 28:12-13 .......... 19 Augustus
Spreuke 3:1-12 .......... 4 Augustus
Spreuke 30:24-28 .......... 21 Augustus
Spreuke 30:7-9 .......... 20 Augustus
Spreuke 31:10-31 .......... 22 Augustus
Spreuke 4:10-19 .......... 5 Augustus
Spreuke 5:15-23 .......... 6 Augustus
Spreuke 6:1-11 .......... 7 Augustus
Spreuke 8:1-21 .......... 8 Augustus
Spreuke 8:22-36 .......... 9 Augustus